FORMALITEIT IN BEDRYFSTEKSTE
MET VERWYSING NA BEPAALDE GRAMMATIKALE VERANDERLIKES

Wanda Smith

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit Stellenbosch

Promotor: Professor Leon de Stadler

Maart 2009

VERKLARING

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, persoonlike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Handtekening:…… Datum:……

Kopiereg © 2009 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

OPSOMMING

Hierdie studie oor formaliteit in bedryfstekste is as gebruikskundige navorsing binne die studieveld van dokumentontwerp gesitueer. Op grond hiervan word die omskrywing van formaliteit en die operasionalisering daarvan in bedryfstekste vanuit ’n funksionele raamwerk benader, sodat daar op basis van die gevolgtrekkings waartoe die navorsing gelei het, funksionele riglyne vir teksontwerpers gegee kan word om ingeligte besluite oor formaliteit in ’n teks te maak.

In hierdie studie word formaliteit gedefinieer en geoperasionaliseer rondom die twee begrippe *konteks(on)afhanklikheid* en *deiksis*. Beide formaliteit en deiksis het met afstand te make. Groter afstandelikheid tussen die teks/skrywer en die leser of tussen gespreksgenote onderling gaan gepaard met ’n hoër formaliteitsgraad. So weer, impliseer ’n hoë frekwensie deiktiesverwysende woorde soos persoonlike voornaamwoorde (*jy*, *u*, *hy*, *ons*, *hulle*), bywoorde van plek (*hier*, *daar*), rigting (*vorentoe*, *buitetoe*) en tyd (*nou-nou*, *pas*, *tans*) ’n korter sosiale en tydruimtelike afstand, en dus ’n hoër graad van informaliteit. Die rede hiervoor is dat die betekenis van deiktiesverwysende woorde (*jy*, *hier*, *buitetoe*, *nou*) en die referente waarna sulke woorde verwys onmiddellik van die konteks afleibaar moet wees sodat die boodskap ondubbelsinnig verstaan kan word. Daarom is deiktiesverwysende woorde in hierdie studie konteksafhanklik en omdat die konteks onmiddellik beskikbaar en die afstand dus korter is, is dié woorde merkers van informaliteit. Aan die ander kant, impliseer niedeiktiesverwysende woorde weer ’n groter afstand en dus ’n hoër formaliteit.

Grammatikale veranderlikes wat moontlik te make het met formaliteit in jaarverslae en brosjuretekste, soos selfstandige naamwoorde, objektiewe en subjektiewe adjektiewe, werkwoorde en voornaamwoorde, word in hierdie studie op grond van hulle konteksafhanklikheid of konteksonafhanklikheid in een van twee kategorieë geplaas, naamlik ’n niedeiktiese kategorie wat met konteksonafhanklikheid en formaliteit

geassosieer word, of ’n deiktiese kategorie wat met konteksafhanklikheid en informaliteit geassosieer word.

Gegrond op die gebruiksfrekwensies van die onderskeie grammatikale veranderlikes in die twee kategorieë (konteksonafhanklike, niedeiktiese kategorie en konteks-afhanklike, deiktiese kategorie) word ’n empiriese meetinstrument waarmee formaliteit (F-indeks) in Afrikaanse bedryfstekste gemeet kan word, in die studie voorgestel. Hoewel die voorgestelde meetinstrument verder verfyn behoort te word, illustreer die ondersoek onder meer dat die meetinstrument die onderskeidings-vermoë besit om variasie uit te wys wat as gevolg van formaliteitsverskille tussen tekstipes bestaan.

Die studie het verder getoon dat daar versigtig omgegaan moet word met advies oor formaliteit wat op intuïsie berus. ’n Lesergerigte ondersoek het getoon dat ander veranderlikes soos onderwerp, toon, trant, woordkeuse en taalgebruik ’n groter rol in die beoordeling van die formaliteitsgraad van ’n teks speel as grammatikale veranderlikes soos passiefgebruikfrekwensie.

Ten slotte gee die ondersoek duidelike riglyne aan teksontwerpers oor hoe daar met die taalveranderlikes wat deel uitgemaak het van hierdie studie omgegaan en hoe hulle as’t ware gemanipuleer kan word om ’n gepaste graad van formaliteit vir ’n bepaalde teks – en dus die effektiewe oordrag van kommunikasie – te verseker.

ABSTRACT

This study about formality in business texts is situated within the field of document design. For this reason, the definition of formality and the operasionalisation thereof in business texts are approached from a functional framework, which can lead to the realisation of useful guidelines to text producers based on the conclusions drawn from the research. With these guidelines, informed decisions can be made about formality in texts.

In this study formality is defined and operasionalised in terms of the two notions *context (in)dependency* and deixis. Formality and deixis both involve distance. Greater distance between die text/writer and the reader or interlocutors mutually is associated with a higher degree of formality. On the other hand, a higher frequency deictic referential words such as personal pronouns (*you*, *he*, *we*, *they*), adverbs of place (*here*, *there*), direction (*forwards, outside*) and time (*just now*, *only just*, *at present*) implies a shorter social and spatio-temporal distance, and therefore a higher degree of informality. The reason for this is that deictic referential words (*you*, *here*, *outside*, *now*) and the reference to which such words refer should be deduced from the context immediately in order for the message to be understood unambiguously. For this reason, deictic referential words are context dependent in this study and because the context is immediately available and the distance thus shorter, these words are markers of informality. On the other hand, nondeictic referential words imply a greater distance and therefore a higher degree of formality.

Grammatical variables that possibly have an effect on the degree of formality in annual reports and brochures, such as nouns, objective and subjective adjectives, verbs and pronouns, are divided in terms of their context dependence or context independence into one of two categories, namely a nondeictic category that is associated with context independence and formality, or a deictic category that is associated with context dependence and informality.

Based on the frequencies of the various language variables in the two categories (context independent, nondeictic category and context dependent, deictic category) an empirical measure of formality is proposed with which formality (F-index) can be measured in Afrikaans business texts. Although the proposed measure should be refined, the study illustrates, among others, that the measure exhibits the capacity to point out variation based on differences in formality between the text types.

The study further indicates that advice based on intuition should be regarded with caution. A survey aimed at readers showed that variables such as subject, tone, style, word choice and language usage play a greater role in the evaluation of the degree of formality of texts than grammatical variables such as the passive voice.

In conclusion, the study gives clear guidelines as to how the language variables that were part of this study should be dealt with and in a sense be manipulated to ensure a suitable degree of formality of a text and thus the effective transfer of communication.

DANKBETUIGINGS

My dank aan:

- my promotor, professor Leon de Stadler, vir sy leiding en advies
- die Departement van Kultuursake en Sport vir ’n beurs wat my in staat gestel het om die Universiteit van Radboud in Nijmegen, Nederland te besoek
- my ouers, familie en vriende vir hulle volgehoue ondersteuning en
- veral my huisgenote vir hulle gedweë aanvaarding van my sporadiese afwesigheid wanneer die proefskrifdrukte allesoorheersend was

Baie dankie.

LYS VAN FIGURE

Figuur 3.1 Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en selfstandige-naamwoordfrekwensie 78
Figuur 3.2 Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en frekwensie objektiewe adjektiewe 82
Figuur 3.3 Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en werkwoord-frekwensie 85
Figuur 3.4 Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en voornaamwoord-frekwensie 90
Figuur 3.5 Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en eerstepersoons-verwysing 91
Figuur 3.6 Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en bywoord-frekwensie 95
Figuur 3.7 Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en F-indeks 105
Figuur 4.1 Intraklaskorrelasie vir die ekspertsteekproef 110
Figuur 4.2 Korrelasie: F-indeks van die meetinstrument en gemiddelde F-indeks van die eksperte 111
Figuur 4.3 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen passiefgebruik-frekwensie en formaliteit 112
Figuur 4.4 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen selfstandige-naamwoordfrekwensie en formaliteit 116
Figuur 4.5 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen frekwensie objektiewe adjektiewe en formaliteit 118
Figuur 4.6 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen frekwensie subjektiewe adjektiewe en formaliteit 119
Figuur 4.7 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen werkwoord-frekwensie en formaliteit 121
Figuur 4.8 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen bywoord-frekwensie en formaliteit 121
Figuur 4.9 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen voornaam-woordfrekwensie en formaliteit 122

Figuur 4.10 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen eerstepersoons-verwysing en formaliteit 123
Figuur 4.11 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen tweedepersoons-verwysing en formaliteit 124
Figuur 4.12 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen derdepersoons-verwysing en formaliteit 124
Figuur 4.13 Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen tekslengte en formaliteit 125
Figuur 4.14 Lesergerigte ondersoek: resultate van herhaalde metings-analise vir variansie 130

LYS VAN TABELLE

Tabel 1.1	Alfabetiese lys van die korpus jaarverslae wat by die ondersoek betrek is	10
Tabel 2.1	Heylighen en Dewaele (1999) se konteks(on)afhanklike woordsoortkategorieë vir die meting van formaliteit	26
Tabel 2.2	Relevante konteks(on)afhanklike woordsoortkategorieë vir die meting van formaliteit in Afrikaanse bedryfstekste (jaarverslae en brosjures)	40
Tabel 3.1	Tekste in die korpus jaarverslae	50
Tabel 3.2	Relevante konteks(on)afhanklike woordsoortkategorieë vir die meting van formaliteit in Afrikaanse bedryfstekste (jaarverslae en brosjures)	53
Tabel 3.3	Rou data en impressionistiese verdeling van jaarverslae volgens ’n drievoudige formaliteitskaal	56
Tabel 3.4	Formaliteitsindekse van die korpus jaarverslae in dalende orde (formeel → informeel)	57
Tabel 3.5	Data van tekste met die hoogste F-indeks en hoogste passiefgebruikfrekwensie	60
Tabel 3.6	Data van tekste met die laagste F-indeks en hoogste passiefgebruikfrekwensie	63
Tabel 3.7	Data van tekste met die hoogste F-indeks en laagste passiefgebruikfrekwensie	65
Tabel 3.8	Data van tekste met die laagste F-indeks en laagste passiefgebruikfrekwensie	67
Tabel 3.9	Data van tekste met die hoogste F-indeks en laagste F-indeks	69
Tabel 3.10	Data van tekste met die hoogste passiefgebruikfrekwensie en laagste passiefgebruikfrekwensie	73
Tabel 3.11	Passiefgebruikfrekwensie en totale tellings van niedeiktiese en deiktiese kategorieë van Teks *Prok*, *AHI, Mettle* en *Derebus*	73

Tabel 3.12	Data: frekwensie selfstandige naamwoorde	77
Tabel 3.13	Data: frekwensie objektiewe adjektiewe	81
Tabel 3.14	Data: werkwoordfrekwensie	83
Tabel 3.15	Data: frekwensie subjektiewe adjektiewe	86
Tabel 3.16	Data: voornaamwoordfrekwensie	89
Tabel 3.17	Data: bywoordfrekwensie	96
Tabel 3.18	Opsomming van die resultate van korrelasie-ondersoeke tussen die verskillende woordsoortkategorieë en passief-gebruikfrekwensie	100
Tabel 3.19	Opsomming van die resultate van korrelasie-ondersoeke tussen woordsoortekategorieë onderling	101
Tabel 4.1	Ekspertgerigte ondersoek: passiefgebruikfrekwensie en formaliteit (motiverings vir F-indekse)	113
Tabel 4.2	Ekspertgerigte ondersoek: selfstandige naamwoordfre-kwensie en formaliteit (motiverings vir F-indekse)	117
Tabel 4.3	Ekspertgerigte ondersoek: opsomming van korrelasie-onder-soeke	126
Tabel 4.4	Lesergerigte ondersoek: F-indeks van teksfragmente in dalen-de orde	128
Tabel 4.5	Lesergerigte ondersoek: resultate van die post hoc-analise	131
Tabel 4.6	Lesergerigte ondersoek: teksfragmente	135
Tabel 4.7	Lesergerigte ondersoek: motiverings vir F-indekse	136
Tabel 5.1	Data en F-indeks van bo- en ondergrensteks	142
Tabel 5.2	Data van korpus bemarkingstekste (brosjuretekste) in dalende orde van formaliteit (formeel → informeel)	144
Tabel 5.3	Data: ABSA-bemarkingsteks en ABSA-jaarverslag	144
Tabel 5.4	Verfyning van die meetinstrument ten opsigte van die kategorie voornaamwoorde en die invloed daarvan op die F-indeks van die ABSA-bemarkingsteks	147
Tabel 5.5	Data: BKB-bemarkingstekste (BKB1-BKB4) en BKB-jaarver-Slag	148
Tabel 5.6	Data: US-bemarkingstekste (US1 en US2) en US-jaarverslag	150

INHOUDSOPGAWE

Opsomming		**iii**
Abstract		**v**
Dankbetuigings		**vii**
Lys van figure		**viii**
Lys van tabelle		**x**
1.	**Inleiding**	**1**
1.1	Plasing van die studie	4
1.2	Navorsingsvrae	6
1.3	Metodologie	7
1.4	Metode van verwysing na tekste	9
1.5	’n Oorsig van die studie	12
2.	**Teoretiese raamwerk**	**14**
2.1	Inleiding	14
2.2	Funksionele denkraamwerk	15
2.3	Formaliteit: ’n definisie	16
2.3.1	Konteksafhanklikheid	19
2.3.2	Onduidelikheid	22
2.3.3	Situasie	23
2.4	Operasionalisering van formaliteit	25
2.4.1	Kritiek teen en verfyning van die F-indeks	27
2.5	Formaliteit in bedryfstekste	40
2.5.1	Formaliteit in jaarverslae	41
2.5.2	Formaliteit in brosjures	44
2.6	’n Spesiale geval: die passiefkonstruksie as formaliteitsmerker	46
3.	**Kwantitatiewe ondersoek: Jaarverslae**	**48**
3.1	Inleiding	48
3.2	Beskrywing van die korpus	48
3.2.1	Teksindeling op grond van ’n tentatiewe analise	51

3.3	Toepassing van die meetinstrument (F-indeks)	52
3.4	Metodologie	54
3.5	Bespreking van die resultate	55
3.5.1	Vergelyking: Teks Remgro en Teks Prok	60
3.5.2	Vergelyking: Teks Derebus en Teks Prok	63
3.5.3	Vergelyking: Teks Remgro en Teks AHI en Teks Mettle	65
3.5.4	Vergelyking: Teks Derebus en Teks US, Pepkor en Affies	67
3.5.5	Vergelyking: Teks Remgro en Teks Derebus	69
3.5.6	Vergelyking: Teks Prok en Teks AHI, Mettle en Derebus	73
3.5.7	Vergelyking: frekwensie selfstandige naamwoorde (Teks Distell en Teks Cape Joint)	77
3.5.8	Vergelyking: frekwensie objektiewe adjektiewe (Teks Venfin en Teks Prok)	80
3.5.9	Vergelyking: werkwoordfrekwensie (Teks KNB en Teks Clover)	83
3.5.10	Vergelyking: frekwensie subjektiewe adjektiewe (Teks Pepkor en Teks Senwes)	85
3.5.11	Vergelyking: voornaamwoordfrekwensie (Teks Distell en Teks AHI)	88
3.5.12	Vergelyking: bywoordfrekwensie (Teks Absa en Teks Naspers)	95
3.6	Gevolgtrekking	97
4.	**Lesergerigte ondersoeke**	**107**
4.1	Inleiding	107
4.2	Ekspertgerigte ondersoek	107
4.2.1	Profiel	108
4.2.2	Metodologie	108
4.2.3	Ekspertgerigte ondersoek: resultate van die intraklas-korrelasie	109
4.2.4	Ekspertgerigte ondersoek: resultate van korrelasie-ondersoeke	110

4.2.4.1	Passiefgebruikfrekwensie en formaliteit	112
4.2.4.2	Selfstandige naamwoorde en formaliteit	115
4.2.4.3	Objektiewe en subjektiewe adjektiewe en formaliteit	118
4.2.4.4	Werkwoorde, bywoorde en formaliteit	120
4.2.4.5	Voornaamwoorde en formaliteit	122
4.2.4.6	Tekslengte en formaliteit	124
4.3	Samevatting: resultate van ekspertgerigte ondersoek	125
4.4	Tweede lesergerigte ondersoek	127
4.4.1	Profiel	127
4.4.2	Metodologie	128
4.4.3	Kwalitatiewe evaluering van kwantitatiewe resultate	131
4.5	Samevatting: resultate van lesergerigte ondersoek	135
5.	**Gevallestudie**	**139**
5.1	Inleiding	139
5.2	Beskrywing van die korpus	139
5.3	Metodologie	140
5.4	Vergelyking van resultate: jaarverslae teenoor bemarkingstekste	143
5.4.1	Vergelyking: jaarverslag teenoor bemarkingsteks: Teks ABSA	144
5.4.2	Vergelyking: jaarverslag teenoor bemarkingsteks: Teks BKB	148
5.4.3	Vergelyking: jaarverslag teenoor bemarkingsteks: Teks US	149
5.5	Gevolgtrekking	151

Slot **153**
6.1 Navorsingsvrae: antwoorde en gevolgtrekkings 153
6.1.1 Vraag 1: Hoe word formaliteit gedefinieer? 154
6.1.2 Vraag 2: Hoe word formaliteit geoperasionaliseer? 154
6.1.3 Vraag 3: In welke mate beïnvloed sommige grammatikale veranderlikes die formaliteitsindeks (F-indeks) van die kategorie bedryfstekste wat ondersoek is? 155
6.1.3.1 Selfstandige naamwoorde en formaliteit 156
6.1.3.2 Objektiewe adjektiewe en formaliteit 157
6.1.3.3 Werkwoorde en formaliteit 158
6.1.3.4 Subjektiewe adjektiewe en formaliteit 159
6.1.3.5 Voornaamwoorde en formaliteit 160
6.1.3.6 Bywoorde en formaliteit 161
6.1.3.7 Algemene gevolgtrekking 161
6.1.4 Vraag 4: Is daar ’n positiewe korrelasie tussen die passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n teks? 162
6.1.5 Die meting van variasie in bedryfstekste 165
6.2 Voorstelle ter verfyning van die studie 165
6.3 Verdere moontlike navorsingsonderwerpe 167
6.4 Slotopmerkings 168

Bronnelys **171**

Bylae A: Korpus jaarverslae **175**
Bylae B: Geannoteerde korpus jaarverslae **226**
Bylae C: Korpus brosjuretekste **276**
Bylae D: Geannoteerde korpus brosjuretekste **287**
Bylae E: Vraelys: Ekspertgerigte ondersoek **298**
Bylae F: Vraelys: Lesergerigte ondersoek **311**
Bylae G: Bogrens- en ondergrensteks **316**

HOOFSTUK 1

INLEIDING

In die adviesliteratuur rakende effektiewe dokumentontwerp word voortdurend uitsprake gemaak oor die formaliteit van tekste en die grammatikale veranderlikes wat formaliteit kan beïnvloed. So byvoorbeeld word gereeld gewaarsku teen die uitwerking wat die oormatige gebruik van die passiefkonstruksie op die formaliteit en die moeilikheidsgraad van ’n teks kan hê. In hierdie studie word hierdie aspek van dokumentontwerp onder die vergrootglas geplaas en word die begrip formaliteit geoperasionaliseer ten einde te bepaal presies watter ontwerpkenmerke die formaliteit van ’n teks beïnvloed. Die studie fokus verder heel spesifiek op die rol wat verskillende grammatikale veranderlikes, soos die teenwoordigheid van bepaalde woordsoortkategorieë in ’n teks, die vermyding van eerstepersoonsverwysing en passiefgebruikfrekwensie, in hierdie verband speel.

Die studie word dus gesitueer binne die studieveld van dokumentontwerp, ’n interdissiplinêre vakgebied wat veral fokus op die vraag oor hoe effektief ’n teks as kommunikatiewe middel funksioneer. Soos Schriver aandui, gaan dokumentontwerp juis oor daardie ontwerphandeling wat teks, grafika en tipografie saambring vir die doeleindes van effektiewe inligting, oorreding en instruksie. Goeie dokumentontwerp, sê sy, help mense om dokumente in te span op wyses wat hulle belange en behoeftes moet bevredig. En in dit alles, volgens Schriver, moet die leser se behoeftes altyd voorop staan in die ontwerpproses (Schriver 1997:10).

In ondersoeke soos hierdie, wat die effektiwiteit en funksionaliteit van tekste binne sy bestek het, gaan dit daarom uiteindelik ook daaroor om kundige advies wat op kwalitatiewe en empiriese gronde berus aan dokumentontwerpers te verskaf. Advies wat op algemene gevolgtrekkings berus, word dikwels al te maklik in die literatuur gegee en die blindelingse toepassing daarvan hou kwade gevolge vir dokumentkwaliteit en die effektiewe oordrag van kommunikasie in.

So byvoorbeeld word daar dikwels algemene advies oor die gebruik van die passiefkonstruksie gegee en word dié grammatikale veranderlike soms as die

sondebok uitgesonder wat die styl van ’n teks negatief beïnvloed. Volgens Cornelis (1997) “[represents] the passive construction in Dutch a long-standing problem both in linguistics and in written communication.” Die probleem waarna Cornelis hier verwys, het juis te make met die feit dat dié konstruksie dikwels in die adviesliteratuur uitgesonder word as die een wat ’n teks saai, onpersoonlik, staties, styf en moeilik maak en dat dit ’n merker van formaliteit is vanweë die afstandskeppende effek daarvan (Müller 1998:46). Dus: afstand word met formaliteit geassosieer.

Dit beteken dat passiefgebruikfrekwensie ’n variasie in die styl- of formaliteitsvlak van ’n teks kan teweegbring en dit is juis waarom die passiefkonstruksie nie by ’n ondersoek soos hierdie – wat onder meer handel oor variasie en die meting daarvan – weggelaat kan word nie. Granger-Legrand (in Müller 1998:2) ekspliseer die rol van die passiefkonstruksie en waarom dit in hierdie ondersoek belangrik is, soos volg: “Although most linguists acknowledge that there is some relationship between ‘style’, i.e. the variety of language, and the use of the passive, *the question has never been thoroughly investigated*” [my eie kursivering – WS].

In hierdie studie word daar onder meer aangetoon dat die passiefkonstruksie nie die enigste grammatikale veranderlike is wat ’n afstandskeppende effek en dus ’n hoër graad van formaliteit in ’n teks kan skep nie, maar dat dit eerder die samespel en kombinasie van ’n verskeidenheid grammatikale veranderlikes is wat die styl van ’n teks beïnvloed, met formaliteit maar een aspek daarvan.

Hierdie ondersoek wil daarom nie alleen fokus op die operasionalisering van formaliteit nie, maar wil juis ander grammatikale veranderlikes, waarvan die passief-konstruksie maar een is, ondersoek ten einde te bepaal in welke mate hulle met afstandelikheid en dus met formaliteit geassosieer kan word.

Hoewel die passiefkonstruksie aanvanklik die aanleiding tot die studie was (die studie volg naamlik op Müller [1998] en vorm saam met laasgenoemde ’n stel rakende die ondersoek na formaliteit), is die hooffokus die begrip formaliteit, ’n begrip wat dikwels vaag of selfs glad nie behoorlik gedefinieer word nie. Volgens Müller (1998:10) word formaliteit “dikwels nie omskryf nie, moontlik omdat daar (verkeerdelik) aanvaar word

dat taalgebruikers ’n goeie idee behoort te hê van wat die term behels.” Die antropoloog, Irvine (2001:189) bevestig hierdie uitspraak van Müller: “Many ... have used terms such as formality without defining them or thinking about their definitions, simply assuming that the meanings are clear...”

Heylighen en Dewaele (1999) verwys ook na “[t]he ambiguity that surrounds the definition of formality.” Vir Heylighen (1999:25) is formaliteit “not an absolute property”, maar afhanklik van die konteks. Dit beteken dat formaliteit wissel na gelang van onder meer die situasie en deelnemers aan die gesprek. Sy skets dit so: “[D]ifferent people will apply different amounts of formality in different situations or for different purposes.” Dit beteken dat sprekers die graad van formaliteit in hulle kommunikasie varieer, gewoonlik veral na gelang van die afstand tussen die skrywer en die leser of die spreker en die aangesprokene(s) (Du Toit & Smith-Müller 2003:75).

Dit is juis hierdie variasie in stylvlakke of register en veral die meting daarvan waaroor taalkundiges lank reeds wonder: “A classical issue in the study of language is the measurement of variation between different genres and registers” (Heylighen & Dewaele, 1999: par. 1). Ten einde hierdie vraagstuk aan te spreek, stel Heylighen en Dewaele (1999: par.1) voor dat daar op net een aspek van die dimensie van styl, naamlik formaliteit gefokus word.

Hierdie studie is dan juis ’n poging om eerste, voorlopige aanwysers te gee oor hoe variasie in Afrikaanse bedryfstekste, wat as gevolg van formaliteitsverskille in die tekste ontstaan, geoperasionaliseer en gemeet kan word. Heylighen en Dewaele (1999) se voorstel – om op formaliteit as stylveranderlike te fokus in die soeke na ’n antwoord op dié besondere vraagstuk – is as vertrekpunt gebruik. Om juis hierdie rede is formaliteit as stylveranderlike dus die primêre fokus van die studie.

Bostaande inleidende opmerkings het reeds in ’n groot mate verduidelik waarom formaliteit as stylveranderlike en ander grammatikale veranderlikes as merkers van (in)formaliteit, die twee temas is waarom hierdie studie draai. In die paragraaf wat

volg oor die plasing van die studie sal die regverdiging van die ondersoek as geheel ter sprake kom.

Verder sal die navorsingsvrae wat in hierdie ondersoek geïdentifiseer is, ook in die hoofstuk duidelik omskryf word ten einde die leser te oriënteer ten opsigte van dít wat uit die resultate van die ondersoek te wagte kan wees. Die metodologie van die ondersoek sal in breë trekke verduidelik word en daar sal ook aangetoon word hoe die verwysing na tekste uit die korpus in die studie hanteer sal word. Die hoofstuk sluit af met ’n oorsig van die studie, waarin die belangrikste aspekte van elke hoofstuk uitgelig word.

1.1 Plasing van die studie

Die regverdiging van die studie as geheel is daarin geleë dat die huidige ondersoek ’n voortsetting is van Müller (1998) se loodsondersoek na die passiefkonstruksie as stylveranderlike.

Vir die ondersoek is in Müller (1998) een tekstipe, naamlik jaarverslae, by die ondersoek betrek. Die MA-verhandeling, getiteld *Die passiefkonstruksie as stylveranderlike in jaarverslae* wat hieruit voortgevloei het en die artikelweergawe (Müller 2000), wat ’n opsomming van die vernaamste argumente en resultate van die verhandeling verteenwoordig, maak deel uit van die oorhoofse raamwerk waarbinne die huidige ondersoek geskied.

Müller (1998) se ondersoek het ’n konteksgerigte korpusondersoek verteenwoordig, wat beteken dat die passiefkonstruksie evalueer is binne die konteks van die jaarverslag waarin dit voorgekom het. So ’n konteksgerigte ondersoek noop dikwels die ondersoeker om ook ander grammatikale veranderlikes by die ondersoek te betrek wat in die onmiddellike konteks teenwoordig is en wat moontlik ’n invloed op die formaliteitsgraad van die teks kan hê. Daarom het Müller (1998:iii) onder meer die vermyding van eerste- (*ek*, *ons*) en tweedepersoonsverwysing (*u*, *jy*, *julle*), formele woorde en voorsetsels en ’n aantal werkwoorde by die ondersoek ingesluit.

Hierbenewens het Müller (1998) ook drie stylaspekte by haar ondersoek betrek, naamlik afstandelikheid, moeilikheidsgraad en lewendigheid. In haar ondersoek het

sy veral op daardie grammatikale veranderlikes gekonsentreer wat te make het met afstandelikheid in ’n teks, “een van die gedaantes,” soos Müller (1998:111) dit stel, “waarin formaliteit sy verskyning maak.”

Müller (1998:iv, 111 e.v.) het bevind dat die erkenning van sosiale afstand ’n konvensie is wat ook in taalgebruik neerslag vind (vgl. ook Du Toit & Smith-Müller 2003:75). Hierdie sosiale afstand word deur verskeie grammatikale veranderlikes in ’n teks bewerkstellig. Volgens Müller (1998) bevestig die doelbewuste vermyding van die eerste- (*ek*, *ons*), en/of tweedepersoon (*u*, *jy*, *julle*), die gebruik van ingewikkelde woorde en formele voorsetsels en sekere werkwoorde hierdie afstandelikheid. Daarom, volgens Müller (1998:113), is dit nie die passiefkonstruksie *per se* wat die formaliteitsgraad van ’n jaarverslag bepaal nie maar wel die samespel van grammatikale veranderlikes wat in die teks teenwoordig is.

’n Ooreenkoms tussen die huidige studie en dié van Müller (1998), is die insluiting van ander grammatikale veranderlikes – naas die insluiting van die passiefkonstruksie – wat ook moontlik ’n invloed kan uitoefen op die formaliteitsgraad van ’n jaarverslag. Hoewel die huidige ondersoek, soos in Müller (1998) se geval, voornaamwoorde van die eerste- en tweedepersoon en werkwoorde by die ondersoek betrek, is die een verskil tussen die twee ondersoeke daarin geleë dat ingewikkelde woorde en formele voorsetsels nie in die huidige studie figureer nie[1]. Nog ’n verskil ten opsigte van die grammatikale veranderlikes wat by die huidige studie betrek word en dié wat deel uitgemaak het van Müller (1998) se ondersoek, is dat daar in die huidige studie met gebruiksfrekwensies van die grammatikale veranderlikes omgegaan word en dat die ondersoek dus, anders as by Müller (1998), merendeels die karakter van ’n kwantitatiewe korpusanalise aanneem.

Müller (1998, 2000) betrek slegs jaarverslae by haar ondersoek. Sy (2000) beveel aan dat ’n tweede tekskategorie, “naamlik *bemarkingstekste* bygewerk [moet] word sodat ’n vergelykende studie gedoen kan word ten opsigte van die gebruiksfrekwensie van die passiefkonstruksie en die formaliteitsgraad in die verskillende

[1] Die redes waarom sommige grammatikale veranderlikes by die huidige ondersoek betrek word, word breedvoerig in hoofstuk 2 verduidelik en in hoofstuk 3 toegepas.

tekstipes." Hoewel 'n tweede tekstipe, naamlik brosjures wel by die huidige studie ingesluit is, val die fokus steeds op jaarverslae as bedryfstekstipe en word formaliteit, tesame met die grammatikale veranderlikes wat in dié tekstipe verwag word, indringend nagevors. Die insluiting van brosjures in hierdie studie verteenwoordig 'n demonstratiewe loodsstudie om die toepassing van die meetinstrument te illustreer wat in hierdie ondersoek ontwikkel word en waarmee variasie gemeet kan word wat op grond van formaliteitsverskille in tekste ontstaan. 'n Demonstratiewe vergelykende studie word in hierdie ondersoek tussen die jaarverslag en brosjureteks van drie instansies uitgevoer om veral die toepassing van die meetinstrument op die twee tekstipes te illustreer. So word daar dan aangetoon hoe die resultate wat met so 'n ondersoek verkry word, gebruik kan word om variasie in formaliteit tussen die twee tekstipes – jaarverslae en brosjuretekste – onderling te identifiseer en hoe die formaliteitsgraad van die tekstipes dan empiries gemeet kan word.

'n Verdere verskil tussen die huidige ondersoek en dié van Müller (1998) is die ekspertgerigte ondersoek en die twee lesergerigte ondersoeke wat deel uitgemaak het van die huidige navorsing om die graad van subjektiwiteit te beperk en sodoende meer betroubare resultate te verseker. Hierdie toevoeging tot die huidige studie word deur Müller (1998:114) aanbeveel. As voorstel ter verfyning van haar studie tóé, sê sy die volgende: "Ten einde die element van subjektiwiteit in 'n omvattende studie te beperk, kan daar by die beoordeling van die formaliteitsgraad van die onderskeie tekste van respondente gebruik gemaak word. [...] Hierdeur kan die betroubaarheid van so 'n ondersoek bevorder word."

1.2 Navorsingsvrae

Hierdie ondersoek fokus op twee temas. Dit fokus eerstens op 'n definisie van formaliteit as stylveranderlike, en tweedens op daardie grammatikale veranderlikes wat moontlik 'n invloed op die formaliteitsgraad van 'n bedryfsteks, soos 'n jaarverslag of brosjureteks, kan uitoefen.

Ten einde ontwerpadvies te kan gee oor formaliteit en die invloed wat grammatikale veranderlikes daarop uitoefen of nie is dit nodig om beide analities beskoulik én probleemondersoekend met die twee temas – formaliteit en die grammatikale veran-

derlikes wat formaliteit beïnvloed – om te gaan. Om hierdie rede is die volgende vier navorsingsvrae geïdentifiseer waarop antwoorde gevind behoort te word sodat funksionele riglyne aan dokumentontwerpers verskaf kan word:

1. Hoe word formaliteit gedefinieer?
2. Hoe word formaliteit geoperasionaliseer?
3. In welke mate beïnvloed sommige grammatikale veranderlikes die formaliteitsindeks (F-indeks) van die kategorie bedryfstekste wat ondersoek is?
4. Is daar ’n positiewe korrelasie tussen die passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n teks?

Vraag 1 en 2 hierbo word in hoofstuk 2 aangespreek, waar formaliteit dan binne die breë teoretiese raamwerk van die studie gedefinieer en die operasionalisering daarvan teoreties verduidelik word. In hoofstuk 3 word die toepassing van die meetinstrument en die wyse waarop formaliteit in jaarverslae gemeet kan word (vraag 2) bespreek. Vraag 3 en 4 hierbo word ook in hoofstuk 3 aangespreek en in hierdie deel van die bespreking word die kwalitatiewe analises ook kwantitatief ondersteun. In hoofstuk 4 word die resultate van twee lesergerigte ondersoeke bespreek wat uitgevoer is om verdere antwoorde op vraag 3 en 4 hierbo te verskaf deur die empiriese bepaling van leseroordele. In hoofstuk 5 word die operasionalisering van formaliteit (vraag 2) in die twee tekstipes wat by die studie betrek is, naamlik jaarverslae en brosjuretekste, geïllustreer om onder meer ook die onderskeidingsvermoë van die meetinstrument te demonstreer.

1.3 Metodologie

Die studie is, net soos in die geval van Müller (1998) se loodsondersoek, primêr ’n konteksgerigte korpusondersoek. Die ondersoek word binne ’n makrolinguistiese omgewing uitgevoer, wat beteken dat die grammatikale veranderlikes wat by die ondersoek betrek word binne konteks, en dus nie in ’n vakuum nie, geanaliseer en beoordeel word.

Besonderhede van die samestelling van die korpus jaarverslae en brosjures wat by die huidige studie betrek word en die metodologie rondom die kwantitatiewe en

vergelykende ondersoeke binne en tussen die twee tekstipes word breedvoerig in hoofstuk 3 en 5 onderskeidelik uiteengesit en word dus nie hier herhaal nie.

Ook die metodologie rondom die twee lesergerigte ondersoeke wat uitgevoer is, soos deur Müller (1998:114) voorgestel ter verfyning van haar loodsondersoek, word in besonderhede in hoofstuk 4 uiteengesit.

In hierdie afdeling word daar dus slegs ’n kort oorsig gegee van die oorhoofse stappe wat in die ondersoek gevolg is om antwoorde te vind op die navorsingsvrae wat ter aanvang van die studie gestel is.

Soos reeds aangetoon, fokus die studie op formaliteit en die operasionalisering daarvan in Afrikaanse bedryfstekste. Ten einde formaliteit empiries in tekste te kan bepaal, was dit eerstens nodig om formaliteit te definieer en dan op grond daarvan ’n model te ontwerp wat as meetinstrument kan dien om formaliteit in Afrikaanse bedryfstekste te meet.

Die meetinstrument wat in hierdie studie voorgestel word, is gebaseer op die meetinstrument wat Heylighen en Dewaele (1999) vir Engels, Frans, Italiaans en Nederlands voorstel. Die meetinstrument is vir Afrikaans aangepas en verfyn, veral op grond van die tekstipes wat in die studie ondersoek word.

In die studie word die graad van formaliteit, in navolging van Heylighen en Dewaele (1998), geassosieer met die graad van konteksonafhanklikheid al dan nie van die leksikale items waaruit die teks bestaan. Dit kan ook anders gestel word: hoe meer konteksafhanklike of deiktiesverwysende woorde (soos voornaamwoorde byvoorbeeld) in ’n teks voorkom, hoe informeler behoort die teks te wees. Of dan: hoe meer konteksonafhanklike of niedeiktiesverwysende woorde in ’n teks voorkom, hoe formeler behoort die teks te wees.

Die meetinstrument is dan juis op bostaande aannames gebaseer en om hierdie rede word die gebruiksfrekwensies van spesifieke woordsoortkategorieë, wat met bedryfstekstipes geassosieer word en as grammatikale veranderlikes ’n invloed op formaliteit

kan uitoefen, in een van twee kategorieë, naamlik ’n konteksonafhanklike niedeiktiese kategorie of ’n konteksafhanklike deiktiese kategorie ingedeel. Die data van hierdie teksanalise word dan gebruik om die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n teks te bepaal.

Na ’n teoretiese verduideliking van die model waarop die meetinstrument gebaseer is, word verslag gedoen van hoe die meetinstrument op die korpus jaarverslae in die ondersoek toegepas is.

Twee lesergerigte ondersoeke, waarvan een ’n ekspertgerigte ondersoek verteenwoordig het en waar eksperte dus as ’n spesiale leserkategorie beskou word, is daarna uitgevoer om onder meer die betroubaarheid van die resultate te bepaal wat met die meetinstrument verkry is. Ten einde te illustreer dat die meetinstrument ook ingespan kan word om variasie in verskillende tekstipes te meet, word drie gevallestudies daarna bespreek. In elke gevallestudie word die meetinstrument op drie instansies se jaarverslae én brosjuretekste toegepas en word die resultate van die toepassing op die twee tekstipes met mekaar vergelyk.

Verder word die kwalitatiewe teksanalises deur kwantitatiewe ontledings van die data gerugsteun sodat gevolgtrekkings wat gemaak is, gegrond is op statisties bewese resultate. Korrelasie-ondersoeke, ’n herhaalde metingsanalise vir variasie en ’n post hoc-analise is onder meer op die data uitgevoer. Die statistiese bewerkings is in samewerking met prof. Martin Kidd van die Sentrum vir Statistiese Konsultasie by die Universiteit van Stellenbosch uitgevoer.

1.4 Metode van verwysing na tekste

Twee-en-twintig jaarverslae en sewe brosjuretekste is by die studie betrek. Ten einde verwysing na die onderskeie bedryfstekste en voorbeeldmateriaal uit die tekste te vergemaklik, is daar ’n teksverwysingskode aan elke teks toegeken. In kolom 1 van tabel 1.1 hieronder word die korpus jaarverslae alfabeties gelys. Kolom 2 van die tabel bevat die teksverwysingskode wat vir elke instansie toegeken is. Die asterisk wat aangebring is naas ABSA, die Boere Korporasie Beperk en die Universiteit van

Stellenbosch beteken dat hierdie drie instansies se brosjuretekste ook by die ondersoek betrek is.

Tabel 1.1: Alfabetiese lys van die korpus jaarverslae wat by die ondersoek betrek is

Instansie	**Teksverwysingskode**
ABSA*	*Absa*
Afrikaanse Handelsinstituut	*AHI*
Afrikaanse Hoërseunskool	*Affies*
Alacrity	*Alacrity*
Astgroup	*Astgroup*
BoE	*BoE*
Boere Korporasie Beperk*	*BKB*
Cape Joint	*Cape Joint*
Clover	*Clover*
Derebus	*Derebus*
Distell	*Distell*
Koöporatiewe Wynmakersvereniging	*KWV*
Mettle	*Mettle*
Naspers	*Naspers*
Pepkor	*Pepkor*
Remgro	*Remgro*
Senwes	*Senwes*
Transvaalse Prokureursorde	*Prok*
Universiteit van Pretoria	*UP*
Universiteit van Stellenbosch*	*US*
Venfin	*Venfin*
Wes-Kaapse Natuurbewaring	*KNB*

Wanneer daar byvoorbeeld in die ondersoek verwys word na die jaarverslag van die Afrikaanse Handelsinstituut word daar na *Teks AHI* verwys; die Transvaalse Prokureursorde se jaarverslag sal as *Teks Prok* in die studie bekend staan en die jaarverslag van die Wes-Kaapse Natuurbewaring byvoorbeeld heet *Teks KNB*.

Wanneer daar binne dieselfde bespreking met voorbeeldmateriaal na byvoorbeeld die jaarverslag van een instansie en die brosjureteks van ’n volgende instansie verwys word, word die afkorting *JV* vir “jaarverslag” en *BR* vir “brosjureteks” gebruik. Die kodes JV: Teks *ABSA* en BR: Teks *BKB* beteken dus dat daar na voorbeeldmateriaal uit die jaarverslag van die finansiële instelling ABSA en na voorbeeldmateriaal uit die brosjureteks van die Boere Korporasie Beperk verwys word. Die verwysing word aan die einde van die voorbeeld tussen blokhakies aangegee. So ’n verwysing lyk tipies soos volg:

> In die volgende fase sal dit na ongeregistreerde gebruikers uitgebrei word. [JV: Teks *ABSA*]
>
> BKB kan beskou word as die mees verteenwoordigende handelsorganisasie wat die veeboer in Suid-Afrika bedien – daar is 51 handelstakke landswyd. [BR: Teks *BKB*]

Passiefkonstruksies is in die kantlyn van die betrokke teks naas die passiefkonstruksie gemerk met *PK1, PK2, PK3*, ens. Wanneer daar in ’n voorbeeldsin na ’n spesifieke passiefkonstruksie binne ’n sekere jaarverslag of brosjureteks verwys word, word die nommer van die besondere passiefkonstruksie tesame met die teksverwysing waarin die passiefkonstruksie voorkom, tussen blokhakies aan die einde van die voorbeeldsin aangedui. ’n Tipiese verwysing na ’n spesifieke passiefkonstruksie in ’n bepaalde teks lyk soos volg:

> ’n Beginselbesluit is ook geneem om die Fakulteit Geneeskunde en Tandheelkunde in ’n nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe saam te groepeer. [Teks *UP*, PK 12]

1.5 ’n Oorsig van die studie

Die ondersoek, die resultate van die ondersoek en die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek gemaak kan word, is in ses hoofstukke opgeteken.

In die huidige hoofstuk is inleidende opmerkings oor die onderwerp gemaak en daar word ’n breë oorsig verskaf van die omvang van die studie. Navorsingsvrae word duidelik omskryf om die leser te oriënteer ten opsigte van die vrae waarop die resultate moontlik antwoorde kan lewer.

Hoofstuk 2 handel oor die teoretiese raamwerk waarbinne die korpusgerigte teksanalises gedoen is. In hierdie hoofstuk word formaliteit gedefinieer en daar word verduidelik hoe formaliteit deur middel van ’n meetinstrument in Afrikaanse bedryfs-tekste geoperasionaliseer kan word.

In hoofstuk 3 word die meetinstrument op die korpus jaarverslae toegepas en die resultate van die toepassing word kwantitatief ondersoek. Intraklasvergelykings is in hoofstuk 3 op ’n kombinasie van tekste binne die korpus jaarverslae uitgevoer wat op grond van hulle formaliteitsgraad en passiefgebruikfrekwensie vir die vergelykings gekies is[2]. Die vergelykings is gedoen om vas te stel waarom die formaliteitsgraad van die tekste van mekaar verskil.

Daarna is daar ook vergelykings getref tussen die tekste in die korpus jaarverslae wat die hoogste en laagste gebruiksfrekwensies weerspieël het ten opsigte van die woordsoortkategorieë wat as grammatikale veranderlikes by die studie betrek is[3]. Hierdie vergelykings is uitgevoer om vas te stel of die formaliteitsgraad van die tekste in die parevergelyking verskil of nie, en indien wel, moontlike redes vir die verskil te identifiseer.

[2] Die teks met die hoogste formaliteitsgraad in die korpus is byvoorbeeld vergelyk met die teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie; die teks met die laagste formaliteitsgraad is byvoorbeeld vergelyk met die teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie; die teks met die hoogste formaliteitsgraad met die teks met die laagste formaliteitsgraad, om maar ’n paar voorbeelde te noem.

[3] Die teks met die hoogste selfstandigenaamwoordfrekwensie is byvoorbeeld vergelyk met die teks met die laagste selfstandigenaamwoordfrekwensie, terwyl die teks met die hoogste werkwoord-frekwensie weer vergelyk is met die teks met die laagste werkwoordfrekwensie.

Hoofstuk 4 bespreek die twee lesergerigte toetse wat deel van die ondersoek uitgemaak het, die redes daarvoor, die metodologie, die statistiese bewerkings wat met die data van die lesergerigte toetse uitgevoer is en die resultate daarvan.

In hoofstuk 5 word ’n vergelyking getref tussen die resultate wat verkry is toe die meetinstrument op drie instansies – ABSA, BKB en US – se jaarverslae en dieselfde drie instansies se brosjuretekste toegepas is. Hierdie gedeelte van die studie verteenwoordig ’n loodsstudie wat die toepassing van die meetinstrument demonstreer en aantoon hoe die instrument ingespan kan word om variasie in tekstipes te meet.

Die slothoofstuk bied ’n samevatting van die gevolgtrekkings waartoe die korpusgerigte teksanalises gelei het. Punte ter verfyning van die ondersoek word in die hoofstuk uitgelig en moontlike navorsingsonderwerpe wat buite die bestek van die huidige ondersoek val, word geïdentifiseer.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE RAAMWERK

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die linguistiese veranderlike wat primêr in die studie betrek word, naamlik formaliteit as stylveranderlike binne ’n breë teoretiese stilistiese denkraamwerk gekontekstualiseer.

Die navorsingsvrae wat ter aanvang van die studie gestel is, fokus veral op die definiëring en operasionalisering van formaliteit én die rol wat bepaalde grammatikale verskynsels, soos die passiefkonstruksie, dalk op die formaliteitsgraad van ’n teks kan uitoefen. Hierdie navorsingsvrae het dus die fokus verskaf waarbinne die bestaande literatuur bestudeer is en waarbinne die ondersoek teoreties gesitueer kon word.

Die ondersoek word gesitueer binne die interdissiplinêre vakgebied dokumentontwerp, ’n vakgebied wat sigself besig hou met die vraag na die effektiwiteit van dokumente. Dokumentontwerpkundiges, wanneer hulle hulle besig hou met die vraag na die effektiwiteit van dokumente, moet dan onder andere rekening hou met die funksionele analise van tekste. Funksionele analise in hierdie geval hou in dat daar vrae gevra word na die doelwitte, die doelgroep en die konteks van die betrokke tekste op basis waarvan daar weer uitsprake gemaak kan word oor die effektiwiteit van die kommunikasie in die algemeen en tekskwaliteit van die teks in die besonder. Dit hou onder andere in dat die dokumentontwerpkundige sou kon bepaal of die ontwerpkeuses rakende die styl van die teks, waaronder die formaliteit daarvan, gepas is vir die doelwit en die doelgroep van die betrokke teks. Die korpusanalises – van byvoorbeeld die jaarverslae – wat in hierdie studie uitgevoer is, wil juis die relatiewe formaliteitsverskille tussen bepaalde dokumente kan in verband bring met die kwaliteitsoordele wat lesers daarop mag nahou, veral as die konteks waarin die dokumente funksioneer, in ag geneem word.

In hoofstuk 1 is daar reeds daarop gewys dat daar min in die literatuur oor formaliteit gesê is. Formaliteit word dikwels in die literatuur in terme van nielinguistiese determinante gedefinieer. Selfs *A Dictionary of Linguistics and Phonetics* (1989:125) definieer formaliteit in terme van die situasie, wat ’n nielinguistiese determinant is, waarbinne formele taalgebruik voorkom: “... formality of expression refers to a level of language APPROPRIATE to *socially formal situations*” [my eie kursivering – WS]. In hierdie studie gaan dit juis oor linguistiese determinante wat formaliteit beïnvloed.

Heylighen en Dewaele (1999) het ook hierdie vaagheid geïdentifiseer wat die definisie van formaliteit omring en het juis daarom formaliteit probeer omskryf en geoperasionaliseer. Dit is veral hierdie studie van Heylighen en Dewaele (1999) wat as basis gedien het vir die teoretiese raamwerk wat in die studie ontwikkel is waarteen formaliteit uiteindelik gedefinieer kon word en in Afrikaanse bedryfstekste geoperasionaliseer kon word.

In hierdie ondersoek gaan dit uiteindelik daaroor om teksanalises te doen wat tot kundige advies kan lei oor die linguistiese veranderlikes wat formaliteit beïnvloed. Daar word nie ’n volwaardige funksionele teksanalise in die ondersoek uitgevoer nie, maar die kwalitatiewe en empiriese ondersoeke geskied tog teen die agtergrond van ’n funksionele denkraamwerk, dit wil sê ’n raamwerk waarbinne die doelwit, die doelgroep en die konteks van die betrokke tekste ’n rol moet speel.

2.2 Funksionele denkraamwerk

Soos reeds aangetoon, is hierdie studie gesitueer binne die vakgebied van dokumentontwerp waar dit veral gaan oor teksanalises wat tot funksionele advies aanleiding kan gee. Volgens Lentz en Pander Maat (2004) is ’n funksionele teksanalise die eerste stap wat tot effektiewe dokumentontwerp kan lei. Binne ’n volwaardige funksionele teksanalise word daar op vier kenmerke van ’n teks gefokus, naamlik:

- kommunikatiewe effekte
- doelgroep of ontvangers
- beleidsdoel en

- inligtingbehoeftes binne die teks.

Die vraag natuurlik nou, is wat presies het funksionele teksanalise met ontwerpkeuses rakende formaliteit te make? Tekste word ontwerp om ’n bepaalde kommunikatiewe effek te hê: ’n sender wil ’n boodskap aan ’n ontvanger stuur. Hierdie boodskap het ’n bepaalde inhoud wat oorgedra word met ’n bepaalde kommunikatiewe doelwit (om te informeer, te oorreed, te motiveer, ens.), wat gerig is aan ’n bepaalde doelgroep wat die boodskap moet verstaan binne ’n bepaalde konteks. Die effektiwiteit van die boodskap (dit wil sê die bereiking van die doelwit) is egter nie alleen afhanklik van die inhoud nie maar ook van die *wyse* waarop die inhoud oorgedra word. Dit sluit onder andere die formaliteitsgraad van die betrokke teks in: gegee die konteks, die doelwit en die aard van die doelgroep, moet die sender die mees gepaste graad van formaliteit probeer bereik wat uiteindelik die leser sal bevredig en wat nie sal lei tot die vervreemding van die leser of die versteuring van die boodskap nie.

Juis deur die sorgvuldige analise van die korpus in hierdie studie, wil ek aantoon hoe die formaliteitsverskille tussen tekste gemeet kan word sodat op basis van hierdie verskille ’n mens dan weer kan bepaal watter keuses vir lesers in ’n bepaalde konteks (hier die konteks van jaarverslae) meer of minder aanvaarbaar sou wees.

In die bespreking wat oor formaliteit volg, word daar veral gesteun op die standpunte van Heylighen en Dewaele (1999). Cornelis (1997) se perspektiewe oor die passiefkonstruksie en Müller (1998) se perspektiewe oor formaliteit, jaarverslae as genre en die gebruik van die passiefkonstruksie binne hierdie tekstipe vind ook neerslag in die ondersoek.

2.3 Formaliteit: ’n definisie

’n Formele styl word volgens Heylighen en Dewaele (1999) gekenmerk deur afsydigheid, akkuraatheid, styfheid en swaarheid. Hierteenoor beskryf hulle ’n informele styl as meer buigbaar, direk, vanselfsprekend (*implicit*) en betrokke (*involved*), maar minder informatief as ’n formele styl.

Irvine (2001:189) wys daarop dat hoewel formaliteit en sy teenhanger, informaliteit, konsepte is wat dikwels gebruik word om sosiale geleenthede en die gedrag wat daarmee geassosieer word onder meer binne die beskrywende antropologie en sosiolinguistiek te beskryf, dit gedoen word sonder dat die terme duidelik gedefinieer word: “Many anthropologists (and I include myself) have used terms such as formality without defining them or thinking about their definitions, simply assuming that the meanings are clear, when in fact the usages are vague and quite variable.”

Heylighen en Dewaele (1999: par. 1) verwys self ook na die vaagheid wat die definisie van formaliteit omring en bevestig Irvine (2001:204) se siening dat “formality is a cover term so general that it is not very useful as an analytic tool.”

Irvine (2001:189) vra byvoorbeeld of dit ’n verhouding van digotomie is wat bestaan tussen formaliteit aan die een kant en informaliteit aan die ander kant en of die kontras tussen die twee konsepte een is wat liewer geformuleer kan word op grond van ’n verhouding wat op ’n kontinuum tussen twee pole beskryf kan word? Hierdie en ander vrae in die literatuur bevestig die onduidelikheid, vaagheid en bowenal gebrekkige teoretiese raamwerk wat rondom die term *formaliteit* bestaan en bevestig ook hoe moeilik dit is om *formaliteit* duidelik te omskryf.

Stilistiese variasie – register- en formaliteitsverskille – ontstaan wanneer taal-gebruikers dieselfde inhoud op verskillende maniere aan verskillende gehore in verskillende kontekste aanbied. Fillmore (in Levinson 1983:89) som dit so op: “ ... difference in context (purpose/audience) affect a writer’s presentation of a subject.”

In ’n bepaalde kommunikatiewe situasie kies taalgebruikers doelbewus een woord of uitdrukking bo ’n ander op grond van die gespreksituasie, konteks, onderwerp en deelnemers aan die gesprek. So byvoorbeeld sal ’n taalgebruiker doelbewus kies om die meer formele tweedepersoonsvoornaamwoord *u* in plaas van *jy* te gebruik wanneer daar afstand tussen die gespreksgenote bestaan en die situasie dus formeel is. Op hierdie manier grammatikaliseer taalgebruikers inligting oor die sosiale identiteit of verhouding van die deelnemers aan die kommunikatiewe situasie. Dit is wat Levinson (1983:89) sosiale deiksis noem. Hierdie onderskeid wat byvoorbeeld

gemaak word tussen deiktiesverwysende familiêre (*jy*) en beleefde (*u)* tweedepersoonsverwysing is ’n merker van die sosiale verhouding en dus die afstand wat tussen die deelnemers bestaan; om hierdie rede is aanspreekvorme soos hierdie dus ook merkers van (in)formaliteit in ’n teks. En juis hier lê dan die kiemsaad van ’n oplossing vir die probleem, naamlik hoe om formaliteit te verstaan en veral hoe om dit te operasionaliseer. Dit gaan naamlik om die begrip deiksis wat aan die basis van ’n definisie van formaliteit lê, juis daardie pragmatiese begrip wat so direk met afstand (= formaliteit) tussen gespreksgenote te make het.

Deiktiesverwysende woorde soos *u*, *jy*, *gister* en *hier* in ’n teks lê dus die verband tussen die uiting en die konkrete deel van die tydruimtelike konteks waarbinne die uiting plaasgevind het. Ponelis (1979:55) definieer deiksis as die “regstreekse verwysing na die een of ander aspek van ’n gespreksituasie.” Deiksis is dus die verwysing deur middel van ’n uiting na ’n persoon (*ek*, *jy*, *u*, ens.), na tyd *(vandag*, *gister*, *môre*) of ruimte (*daar*, *hier*, *soontoe*) wat slegs relatief tot die buitetekstuele of nielinguistiese konteks van die uiting geïnterpreteer kan word (kyk hiervoor ook De Stadler 1989, waar ’n volledige beskouing van die begrip deiksis aangebied word).

Sulke deiktiesverwysende woorde kan slegs ondubbelsinnig verstaan word as hulle gekoppel of geanker word aan die tydruimtelike konteks waarbinne hulle gebruik is. *Ek* (persoonsdeiksis) kan byvoorbeeld op geen ander manier verstaan word as dat dit na die spreker binne ’n bepaalde situasie verwys nie; *gister* (tydsdeiksis) is noodwendig gekoppel aan ’n spesifieke tyd binne ’n bepaalde situasie, en *daar oorkant* (plekdeiksis) kan ook net deur ’n sender en ontvanger verstaan word as hulle ’n tydruimtelike konteks deel.

Hierdie tydruimtelike konteks verskaf die buitetekstuele of nielinguistiese konteks waarbinne die verwysing na persoon, tyd of ruimte verstaan moet word. Deiktiesverwysende woorde is dus ook konteksafhanklike woorde, aangesien hulle slegs verstaan kan word as die konteks waarbinne hulle gebruik word aan alle gespreksgenote bekend is.

Op grond hiervan het die idee by my ontstaan dat formaliteit moontlik aan die hand van die deikties geankerde uitings in ’n teks verklaar kan word. Die siening sluit aan by wat Heylighen en Dewaele (1999) sê, naamlik dat die graad van konteksafhanklikheid van ’n uitdrukking verband hou met die graad van formaliteit van ’n uitdrukking. Dus: hoe meer konteksafhanklike woorde in ’n teks voorkom, hoe laer behoort die formaliteitsgraad van die teks te wees, en omgekeerd.

2.3.1 Konteksafhanklikheid

In hierdie studie word die standpunt van Heylighen en Dewaele (1999) dus aanvaar, naamlik dat konteksafhanklikheid verband hou met die graad van formaliteit in ’n teks: die mate waarin gespreksgenote afhanklik is van die konteks om ’n gesprek te verstaan, het direk te make met die sosiale en tydruimtelike afstand tussen die sender en ontvanger. Indien ’n sender en ontvanger ’n tydruimtelike konteks deel, sal ’n uiting soos “Kyk hoe lank is daardie man wat daar loop” volkome sin maak, want die gespreksgenote kan die deiktiesverwysende woorde (*kyk*, *daardie*, *daar*) onmiddellik vanuit die konteks aflei en verstaan. Iemand wat nie die bepaalde tydruimtelike konteks waarbinne die uiting plaasgevind het met die gespreksgenote deel nie, sal nie die deiktiesverwysende woorde kan interpreteer nie en die uiting sal dus geen sin maak nie.

Hierdie sosiale en tydruimtelike afstandelikheid word in ’n teks nie net gegrammatikaliseer nie, maar ook deur die gespreksgenote gemanipuleer deur gebruik te maak van deiktiesverwysende, konteksafhanklike woorde (om die afstand te verkort en informaliteit te verhoog) of niedeiktiesverwysende, konteksonafhanklike woorde (om die afstand te vergroot en formaliteit te verhoog).

In die volgende vier voorbeelde word daar telkens na dieselfde persoon met verskillende uitdrukkings verwys. Die voorbeelde illustreer hoe die graad van formaliteit van die verwysing verhoog, soos wat die verwysing minder konteksafhanklik raak.

1. “hy”
2. “Martin Roux”

3. “Adv. Martin Roux”
4. “Adv. Martin Jacques Roux, senior vennoot in die firma Smith & Roux”

Uit die verwysings na *Martin Roux* hierbo, is verwysing 4 die minste afhanklik van die konteks, maar terselfdertyd langer, meer spesifiek, presies en formeler. Ten opsigte van die eerste verwysing moet die sender en die ontvanger die tydruimtelike konteks deel waarbinne die uiting plaasgevind het ten einde te verstaan na wie die voornaamwoord *hy* verwys. In die laaste voorbeeld is dit hoegenaamd nie nodig dat sender en ontvanger dieselfde tydruimtelike konteks hoef te deel om die uitdrukking ondubbelsinnig te verstaan nie.

Die keuse oor die formulering van dieselfde inhoud, sal bepaal word deur die hoeveelheid inligting wat die gespreksgenote oor die konteks deel. Hoe minder inligting hulle deel, hoe belangriker is dit om konteksafhanklike uitdrukkings te vermy. Dit beteken noodwendig dat konteksafhanklike uitdrukkings in geskrewe taal minder behoort te wees as in gesproke taal, omdat geskrewe tekste dikwels geproduseer word vir lesers wat nie dieselfde tydruimtelike konteks as die skrywer (teksontwerper) deel nie. Die tydsverloop vandat die teks geproduseer is totdat dit gelees word, skep ’n eiesoortige afstand tussen die teks en die leser wat noodwendig ook in die taalgebruik van die teks neerslag vind. Jaarverslae is byvoorbeeld ’n tekstipe wat aan hierdie tipe afstandelikheid onderworpe is. Die verwagting is dus dat daar min konteksafhanklike woorde in ’n jaarverslag behoort te wees.

Indien voorbeeld 1 hierbo weer met voorbeeld 4 vergelyk word, is die eerste verwysing waarin die persoonlike voornaamwoord *hy* gebruik word konteksafhanklik, en is dié verwysing ook heelwat informeler as voorbeeld 4. Laasgenoemde voorbeeld bevat geen persoonlike voornaamwoorde nie, is dus minder konteksafhanklik, maar ook heelwat formeler as voorbeeld 1.

Wat in formele, geskrewe taalgebruik dus eksplisiet gesê moet word om semantiese ondubbelsinnigheid te verseker (vgl. voorbeeld 4 hierbo), kan in informele gespreksituasies deur implisiete verwysing (*implicature)* geskied (vgl. voorbeeld 1 hierbo). In ’n gespreksituasie deel ’n sender en ontvanger ’n bepaalde tydruimtelike konteks en

het hulle dus toegang tot meer gedeelde inligting, soos liggaamstaal byvoorbeeld, wat hulle kan help om ’n boodskap ondubbelsinnig te verstaan (Heylighen & Dewaele, 1999: par. 2).

Op grond van wat hierbo gesê is, kan formaliteit moontlik gedefinieer word in terme van die graad van konteks(on)afhanklikheid van die woorde wat ’n spreker of teksontwerper doelbewus kies. As vertrekpunt om formaliteit dan te probeer definieer, kan gesê word dat formaliteit in ’n teks te make het met die graad van konteksonafhanklikheid van die woorde in die teks.

Konteksonafhanklikheid impliseer minder deiktiesverwysende woorde (of meer nie-deiktiesverwysende woorde) in ’n teks want die dekodering van deiktiesverwysende woorde veronderstel ’n gedeelde tydruimtelike konteks tussen gespreksgenote, wat juis gewoonlik nie die geval in formele tekste is nie[4]. Op grond hiervan kan die werksdefinisie wat hierbo vir formaliteit gegee is, ietwat verfyn word deur te sê dat formaliteit in ’n teks te make het met die graad van konteksonafhanklikheid én die frekwensie van die niedeiktiesverwysende woorde in ’n teks.

Dit is egter van belang om ook hier te onthou dat effektiewe kommunikasie die fundamentele doel van taalgebruik is. Hoewel Müller (1998: 14 e.v.) daarop wys dat ’n teks ook ander direkte doelstellinge kan hê – dit kan byvoorbeeld informatief, motiverend en/of oorredend gebruik word – wil taalgebruikers in die eerste plek hê dat hulle boodskap verstaan moet word, sodat hulle die kennis en mening van die ontvanger kan beïnvloed. Dit beteken dat die boodskap nie vaag of onduidelik moet wees nie.

Dit sluit aan by Heylighen en Dewaele (1999: par. 2) se verdere omskrywing van formaliteit. Hiervolgens is formaliteit onder meer ook “an attempt to avoid ambiguity.”

[4] Formele tekste het dikwels ’n lang lewensduur, wat beteken dat die teks heelwat later gelees word as wat dit geproduseer is. Dit impliseer dat teksprodusent en leser waarskynlik nie dieselfde tydruimtelike konteks deel nie.

Hulle identifiseer dan *fuzziness* (onduidelikheid) as een van die linguistiese determinante[5] wat die gepaste graad van formaliteit in ’n teks bepaal.

2.3.2 Onduidelikheid

Formaliteit word in hierdie studie nie aan die hand van onduidelikheid geoperasionaliseer nie, maar uitsluitlik op grond van die graad van konteks(on)afhanklikheid van bepaalde grammatikale veranderlikes in die teks. Die rede hiervoor is dat daar in die term *onduidelikheid* ’n dubbelsinnigheid opgesluit lê.

Vir Heylighen en Dewaele (1999) sluit onduidelikheid en konteksafhanklikheid nou by mekaar aan. Met hulle oorhoofse argument word daar saamgestem. Hulle verduidelik dat ’n vae of dubbelsinnige uitdrukking gebruik kan word in situasies waar die konteks aan beide ontvanger(s) en sender(s) beskikbaar is want die vaagheid in die uitdrukking kan onmiddellik deur die beskikbare konteks ondubbelsinnig gemaak word. Vae uitdrukkings is byvoorbeeld volop in ’n gespreksituasie waar die konteks onmiddellik aan al die gespreksgenote beskikbaar is. Waar die konteks egter nie beskikbaar is nie, behoort die uitdrukking(s) so duidelik en ondubbelsinnig as moontlik te wees.

Volgens Heylighen en Dewaele (1999) sal formele taalgebruik nie net konteksafhanklike uitdrukkings vermy nie, maar ook uitdrukkings wat vaag is. Dit is met hierdie uitspraak van Heylighen en Dewaele (1999) waarmee daar nie saamgestem word nie. In die literatuur word formele tekste juis as onduidelik en vaag beskryf as gevolg van grammatikale veranderlikes soos die passiefkonstruksie of moeilike woorde en sinskonstruksies wat daarin voorkom. So byvoorbeeld word amptelike dokumente en hofstukke as formeel, onduidelik en vaag beskou op grond van die tegniese en vaktaal wat daarin voorkom.

Heylighen en Dewaele (1999) suggereer dat taalgebruikers in situasies waar effektiewe kommunikasie om een of ander rede moeiliker of belangriker is, soos in geskrewe taalgebruik byvoorbeeld, veral daaraan aandag gee om alle verwysings,

[5] Die ander linguistiese determinant wat volgens Heylighen en Dewaele (1999) die gepaste graad van formaliteit van ’n teks bepaal, is konteks(on)afhanklikheid wat in par. 2.3.1 bespreek is.

aannames en agtergrondinligting te ekspliseer sodat hulle boodskap nie misverstaan word nie. Dit is nie sonder meer so nie en om hierdie rede word formaliteit nie op grond van onduidelikheid as linguistiese determinant gedefinieer nie.

Formaliteit kan dus aan die hand van Heylighen en Dewaele (1999) se teoretiese uiteensetting soos volg gedefinieer word: ’n teks is formeel wanneer die woorde waaruit dit bestaan merendeels konteksonafhanklik is en niedeiktiesverwysende woorde bevat (vgl. Heylighen en Dewaele, 1999; vgl. weer voorbeeld 4 hierbo waar die woorde in die verwysing konteksonafhanklik en niedeikties is).

Dit is egter nie net linguistiese faktore wat die formaliteitsgraad van ’n uiting bepaal nie. Heylighen en Dewaele (1999) identifiseer ook nielinguistiese faktore wat die formaliteitsgraad van ’n teks kan beïnvloed. Laasgenoemde faktore sluit onder meer die eienskappe van die situasie in waarbinne die linguistiese konteks geskep word, asook die psigologiese karaktereienskappe van senders, soos hulle geslag, persoonlikheid en vlak van opvoeding. Hierby kan gevoeg word dat die toon, trant, onderwerp en woordkeuse ook die formaliteitsgraad van ’n teks vir lesers beïnvloed.

Hierdie ondersoek fokus veral op konteks(on)afhanklikheid as linguistiese faktor, omdat die operasionalisering van formaliteit in hierdie ondersoek berus op waardes wat aan taalinterne determinante, veral woordsoorte, toegeken word.

Die rol wat die situasie as nielinguistiese (of taaleksterne) determinant in die bepaling van die formaliteitsgraad van ’n teks speel, word ook kortliks in hierdie hoofstuk bespreek. Hoewel die situasionele aspekte nie in die empiriese ondersoek van hierdie studie neerslag vind nie, is dit wel van belang vir die kwalitatiewe deel van die ondersoek om kennis te neem van wat in die literatuur hieroor gesê word.

2.3.3 Situasie

Een van die aspekte binne die situasie wat nou aansluit by die argument oor gedeelde konteks het te make met die tydruimtelikheid tussen die sender en ontvanger. Hoe verder senders en ontvangers van mekaar is en hoe meer tyd tussen teksproduksie deur die sender en teksanalise deur die ontvanger verloop, hoe

formeler sal die teks wees. Hoe verder senders en ontvangers ruimtelik van mekaar is en hoe langer dit vir ’n teks neem om by die ontvanger uit te kom, hoe minder sprake is daar van die oorspronklike konteks waarin die teks geproduseer is en hoe minder sprake is daar van ’n gedeelde konteks tussen sender en ontvanger. Hieroor sê Heylighen en Dewaele (1999): ”... reports written for archiving purposes will be more formal than notes taken to remember tomorrow’s agenda.” Vir hulle is “[t]he most important determinant of the probability of misinterpretation, ... *the context shared by sender and receiver of a message*. [...] any characteristic of the physical, social and mental situation can influence the interpretation of an expression” [my eie kursivering – WS] (Heylighen & Dewaele 1999: par.4.1).

Hulle gaan verder deur die rol wat konteks(on)afhanklikheid speel in die oordrag van inligting met die volgende formule te verduidelik:

$$E + C \rightarrow I$$

waar

E (***e**xpression*)	= uitdrukking wat deur die sender geproduseer word
C (***c**ontext*)	= gedeelde konteks tussen sender en ontvanger en
I (***i**nterpretation*)	= interpretasie deur die ontvanger
→	= “bepaal”

Dus: hoe kleiner die gedeelde konteks (C), hoe duideliker moet die uitdrukking (E) wees sodat al die inligting wat nodig is om die uitdrukking (E) korrek te verstaan, eksplisiet in die uitdrukking (E) self opgeneem is. In terme van die definisie wat hierbo vir formaliteit gegee is, sal dit beteken dat die graad van formaliteit van die uitdrukking (E) in dié geval ook hoër sal wees want die inligting in die uitdrukking (E) behoort konteksonafhanklik te wees en oorwegend niedeiktiesverwysende woorde te bevat sodat die uitdrukking (E) ondubbelsinnig verstaan kan word.

As dit wat hierbo gesê word van toepassing gemaak word op die twee tipes bedryfstekste (jaarverslae en bemarkingstekste) wat by die studie betrek word, kan ’n mens ten minste die vermoede uitspreek dat jaarverslae formeler sal wees as die kategorie bemarkingstekste, soos byvoorbeeld pamflette en brosjures. Jaarverslae

word per oorsigjaar opgestel en het dus ’n lewensduur van ten minste 12 maande. Bemarkingstekste het weer ’n korter lewensduur as jaarverslae, maar verskil ook ten opsigte van hulle lewensduur onderling van mekaar.

Volgens Lourens (2006) het pamflette ’n “short life span,” terwyl brosjures weer ’n langer lewensduur as pamflette het (sien ook par. 2.5.2). Op grond hiervan ontstaan die verwagting dat jaarverslae formeler sal wees as pamflette en brosjures, maar dat brosjures moontlik weer formeler sal wees as pamflette (vgl. hoofstuk 5 waar verskillende tipes brosjuretekste in die gevallestudie gebruik is).

2.4 Operasionalisering van formaliteit

Na aanleiding van hulle kwalitatiewe uiteensetting van formaliteit stel Heylighen en Dewaele (1999) ’n empiriese meetinstrument voor waarmee formaliteit in tekste geoperasionaliseer kan word. Hulle noem hierdie meetinstrument die F-telling[6] en het dit op Engels en drie ander Europese tale (Frans, Italiaans en Nederlands) toegepas om onder meer te kon aantoon dat die instrument geskik is om minder formele teksgenres van meer formele tekstipes te onderskei.

Die grondliggende idee van die operasionalisering van die meetinstrument is om die gemiddelde graad van konteksafhanklikheid of deiksis te bepaal vir die hoofwoord-soortkategorieë van ’n taal. Heylighen en Dewaele (1999: par. 3) verdeel die woord-soortkategorieë in twee groepe op grond van hulle gebruik om konteksafhanklike (deiktiese) of konteksonafhanklike (niedeiktiese) konsepte oor te dra. Die onder-staande tabel som die twee kategorieë op waarin Heylighen en Dewaele (1999) die hoofwoordsoortkategorieë ingedeel het.

[6] In my ondersoek op Afrikaanse tekste verwys ek na die meetinstrument as die F-indeks.

Tabel 2.1: Heylighen en Dewaele (1999) se konteks(on)afhanklike woordsoortkategorieë vir die meting van formaliteit

Konteksonafhanklike kategorie (Niedeikties)	**Konteksafhanklike kategorie (Deikties)**
Selfstandige naamwoorde (*s.nw.*)	Voornaamwoorde (*vnw.*)
Adjektiewe (*adj.*)	Werkwoorde (*ww.*)
Artikels (*art.*)	Bywoorde (*bw.*)
Voorsetsels (*prep./ vs.)*	Tussenwerpsels (*tw.*)

Volgens Heylighen en Dewaele (1999) sal die frekwensie van woordsoorte in die deiktiese kategorie (soos voornaamwoorde byvoorbeeld) hoër wees in informele tekste omdat die konteks waarin die diskoers of teks gegenereer word onmiddellik beskikbaar is. Dus: hoe hoër die frekwensie van hierdie deiktiese woordsoorte in ’n teks, hoe hoër behoort die gedeelde konteks tussen sender en ontvanger te wees en hoe informeler behoort die teks te wees. Die woordsoorte in die deiktiese of konteksafhanklike kategorie is dus merkers van informaliteit.

Die teenoorgestelde is waar vir die konteksonafhanklike of niedeiktiese kategorie: die frekwensie van hierdie kategorie woordsoorte behoort positief te korreleer met die formaliteitsgraad van ’n teks sodat daar meer van hierdie woordsoorte as dié in die konteksafhanklike kategorie in ’n formele teks behoort te wees. Die woordsoorte in hierdie niedeiktiese of konteksonafhanklike kategorie is dus merkers van formaliteit.

Die frekwensies van die verskillende woordsoorte word uitgedruk as ’n persentasie wat die aantal woorde in ’n bepaalde woordsoortkategorie verteenwoordig in verhouding tot die totale aantal woorde in die teks. Hierdie frekwensie word dan as ’n persentasiepunt uitgedruk.

Om die F-indeks te bereken, stel Heylighen en Dewaele (1999:18) voor dat die som van die frekwensies van die woordsoorte in die deiktiese (konteksafhanklike) kategorie afgetrek word van die som van die frekwensies van die woordsoorte in die niedeiktiese (konteksonafhanklike) kategorie. Op hierdie wyse word ’n telling verkry wat behoort te vermeerder soos wat die formaliteitsgraad van ’n teks verhoog.

Die formule wat Heylighen en Dewaele (1999) voorstel, lyk soos volg:

F-indeks = (frekwensies van s.nw. + adj. + prep./vs. + art.) – (frekwensies van v.nw. + ww. + bw. + tw.) + 100／2

2.4.1 Kritiek teen en verfyning van die F-indeks

Hoewel Heylighen en Dewaele (1999) spesifieke woordsoortkategorieë by hulle ondersoek betrek het, suggereer hulle wel die volgende: "Ideally, a measure of formality would start from a classification in which an average degree of deixis would be attributed to *every word of the language*" [my kursivering – WS]. Hulle gaan verder deur te sê: "The development of such a classification, however, would be a very long and intricate task, which would have to be started from scratch for every new language."

Ek kan egter nie saamstem met bostaande siening dat 'n mens vooraf en buite konteks, gemiddelde deiktiese waardes aan woorde kan koppel en dan op grond daarvan die formaliteit van 'n teks kan bepaal nie. Sommige woordsoorte (soos tussenwerpsels byvoorbeeld) kom in bepaalde tekstipes (soos jaarverslae byvoorbeeld) net nie voor nie, sodat hulle insluiting in 'n kwantitatiewe studie soos hierdie nie sinvol sal wees nie omdat die effek wat hulle in 'n teks bewerkstellig nie belangrik vir die meting van formaliteit is nie. Selfs Heylighen en Dewaele (1999), wat tussenwerpsels ingesluit het in hulle studie van Italiaanse tekste, laat hulleself soos volg daaroor uit: "The overall frequency of interjections is very small, though, *so that their effect is not very important*" [my kursivering – WS].

Ander woordsoorte (soos voegwoorde byvoorbeeld) staan neutraal ten opsigte van formaliteit, hoewel hulle gebruiksfrekwensie in tekste soms hoog kan wees. Indien sulke woordsoortkategorieë deel uitmaak van die ondersoek na formaliteit en die operasionalisering daarvan, kan dit die kwantitatiewe data van die teks skeeftrek en gevolglik onbetroubare resultate tot gevolg hê.

In Afrikaans ondergaan funksiewoorde[7] geen verbuiging nie, bevat dit geen geslagtelike waardes nie en staan hulle neutraal ten opsigte van formaliteit. Op grond hiervan is lidwoorde buite rekening gelaat in dié empiriese ondersoek. Dit is dus nodig om vooraf te besluit watter woordsoortkategorieë wel ’n invloed behoort uit te oefen op die formaliteitsgraad van ’n bepaalde teksgenre en dan net daardie kategorieë by die ondersoek te betrek.

Heylighen en Dewaele (1999) verwys self na hulle F-telling as “coarse-grained” en gaan verder deur te sê: “... the formula can be made more general by just adding whichever words seem the more formal and subtracting whichever words seem the more deictic.”

Hierdeur reduseer Heylighen en Dewaele (1999) hulle operasionalisering van die begrip formaliteit tot ’n mikrolinguistiese formule en laat hulle dit klink asof woorde nie in samewerking met ander woorde optree nie maar eerder in ’n vakuum optree waar hulle altyd dieselfde woordsoortelike funksie vervul. Dit is egter nie waar nie. Wanneer woorde langs mekaar in konteks gebruik word en saam funksioneer, word ’n meerwaarde in die individuele woorde geaktiveer sodat hulle as’t ware sintagmatiese betekenisse bykry. Dit kom daarop neer dat die som van die geheel meer is as die som van die dele.

Hoewel Heylighen en Dewaele (1999) se formule inderdaad op die graad van konteks(on)afhanklikheid van woorde gegrond is, onderspeel hulle die makrolinguistiese aard van woorde in die toepassing van hulle F-indeks. So byvoorbeeld sal die woord *vinnig* in ’n mikrolinguistiese omgewing as ’n adjektief geklassifiseer word. Volgens Heylighen en Dewaele (1999) se kategorisering van woordsoorte hierbo, maak adjektiewe deel uit van die konteksonafhanklike of niedeiktiese kategorie. In ’n makrolinguistiese omgewing, waar die adjektief *vinnig* in samewerking met ander woorde binne ’n bepaalde konteks optree, kan dié adjektief egter ’n ander woord-

[7] Funksiewoorde verwys na lidwoorde soos *die* en *’n*, en voegwoorde soos *maar* en *as* wat wel ’n bepaalde grammatikale rol vervul (dit ekspliseer verhoudings tussen woorde in ’n sin), maar in isolasie geen betekenis besit nie.

soortelike funksie vervul. In die volgende sin funksioneer *vinnig* nie meer adjektiwies nie, maar wel bywoordelik.

5. Die naelloper hardloop *vinnig*.

Heylighen en Dewaele (1999) sal op grond van die mikrolinguistiese indeling van woordsoortkategorieë wat hulle volg, *vinnig* in bostaande voorbeeld as adjektief beskou en dit om hierdie rede as deel van die konteksonafhanklike of niedeiktiese kategorie hanteer, wat met formaliteit geassosieer word (vgl. tabel 2.1). Binne die korpusanalitiese studie wat in hierdie ondersoek uitgevoer word, kan die makro-linguistiese optrede van woorde nie misken word nie en sal ’n adjektief soos *vinnig* wat soms as bywoord kan funksioneer, soos in voorbeeldsin 5 hierbo, in hierdie studie as bywoord en dus as deel van die konteksafhanklike, deiktiese kategorie gereken word wat met informaliteit geassosieer word. In hierdie studie word die meerfunksionaliteit van woorde dus deeglik in ag geneem met die oog op die bepaling van die konteksafhanklikheid van daardie woorde.

Net so kan voorsetsels soms deikties en soms niedeikties optree. Vergelyk die volgende voorsetselgroepe:

6. *voor* die motor
7. *voor* die boom

By gebrek aan meer inligting en buitetekstuele verbande, kan *voor* in voorbeeld 6 niedeikties optree, want *voor* beteken waarskynlik “die voorkant van die motor.” Dan is daar sprake van inherente oriëntasie en geen buitetekstuele verband tussen die taaluiting en die gespreksituasie is nodig om die uiting te verstaan nie. In dieselfde voorbeeld, kan *voor* egter ook deikties optree: Persoon X kan byvoorbeeld teen die sykant van ’n motor aanleun, terwyl Persoon Y ’n foto van dieselfde motor wil neem. Persoon Y wil die foto van die sykant van die motor neem, maar wil nie Persoon X op die foto hê nie. Persoon Y sou kon vra: “Staan asb. opsy; jy staan *voor* die motor wat ek wil afneem.” In hierdie geval is *voor* deikties, want die gedeelde tydruimtelike konteks tussen Persoon X en Y impliseer die ruimtelike oriëntasie.

In voorbeeld 7 tree *voor* deikties op want daar is geen sprake van inherente oriëntasie nie en gedeelde tydruimtelike konteks van sender en ontvanger sal die ruimtelike oriëntasie impliseer. Dit is dus nie korrek om die kategorie voorsetsels onomwonde as ’n konteksonafhanklike kategorie te verklaar nie. Voorsetsels besit inherent geen deiktiese betekenis nie, maar besit die potensiaal om in bepaalde kontekste wel deikties op te tree, soos die voorbeelde hierbo aantoon. As formaliteit geoperasionaliseer gaan word deur deiktiese waardes te tel, moet hierdie eienskap van voorsetsels in ag geneem word om betroubare resultate te verseker.

Nog ’n aspek wat hom tot verfyning leen in Heylighen en Dewaele (1999) se formule gaan daaroor dat die kategorieë nie almal dieselfde deiktiese gewig dra nie. Deiktiese waardes kan nie sintakties gedefinieer word nie. Dit beteken dat dit nie sintaktiese kategorieë is wat getel moet word om formaliteit te operasionaliseer nie, maar wel deiktiese waardes.

Woorde en frases dra gewoonlik een deiktiese moment; sommige het egter twee of meer van hierdie momente. Laasgenoemde woorde moet uiteraard dan ’n hoër deiktiese gewig dra as dié wat net een deiktiese gewig dra. Sommige werkwoorde is hiervan ’n sprekende voorbeeld. Werkwoorde is almal inherent deikties, omdat hulle tyd binne die gespreksituasie anker. Deiktiese werkwoorde soos *kom, gaan*, *stuur*, *bring*, *neem* en *laat kom* enkodeer die perspektief van die skrywer/spreker, sodat hierdie werkwoorde, buiten hulle tydsdeiktiese waarde, ook ’n ruimtelike betekeniswaarde kan aktiveer (‘n volledige bespreking van hierdie werkwoorde word aangebied in Combrink [1981], De Stadler [1990a] en De Stadler [1990b]). Dit gebeur by werkwoorde wat beweging na of weg van die skrywer/spreker impliseer. Brown (g.d: par. *Deixis and point of view:* depart *[and* leave*]*) noem sulke werkwoorde “verbs of motion” en sê dat “... any verb of motion, implies a path between two points.” Dit is hierdie beweging tussen punt A en punt B wat die ruimtelike betekeniswaarde aktiveer. Vergelyk die volgende voorbeeld:

8. Ek *stuur* die brief met die pos.

In voorbeeld 8 hierbo anker die werkwoord *stuur* die gespreksituasie tydsdeikties aan die hede. Die werkwoord *stuur* is egter ook wat Brown ’n “verb of motion” noem, sodat die gebruik van hierdie werkwoord ook ’n ruimtelike betekeniswaarde aktiveer. Die ruimtelike deiktiese moment word verder deur die gebruik van die eerstepersoonsverwysing (*Ek)* in die voorbeeld versterk. Die spreker in die voorbeeld is die protagonis van die aksie en die beweging weg van die skrywer word deur die werkwoord *stuur* geëkspliseer. Hierdie werkwoord het dus ’n dubbele deiktiese waarde: ’n tydsdeiktiese waarde wat die uiting binne die hede anker en ’n ruimtelike deiktiese waarde omdat die werkwoord beweging weg van die spreker impliseer.

Dieselfde argument geld vir die werkwoord *gaan* in Afrikaans. Die argument ten opsigte van die gebruik van *gaan* in Afrikaans verskil egter van wat Brown (g.d.: par. *Deixis in English*) oor die Engelse werkwoord *go* sê. Hy gebruik die volgende voorbeeld:

9. My husband’s *going* to Paris on Thursday.

Volgens Brown (g.d.) is die werkwoord *going* nie deikties in bostaande voorbeeld nie as die uiting impliseer dat “the speaker’s husband, who is temporarily in Berlin, is proceeding to Paris from Berlin on the following Thursday.” Vir Brown is die werkwoord slegs deikties as die sin impliseer dat die man die Donderdag sal vertrek vanwaar die spreker praat of bly. Dit is nie korrek nie. In hierdie voorbeeld besit die werkwoord ’n dubbele deiktiese waarde: dit is tydsdeikties en anker die uiting aan die toekomende tyd én dit is ruimtelik deikties omdat daar beweging van punt A na punt B geïmpliseer word. Of punt A ’n egosentriese verwysingspunt is en dus verwys na die plek waar die spreker is of ’n ongespesifiseerde punt is, beïnvloed nie die ruimtelike deiktiese betekeniswaarde wat inherent aan die werkwoord *going* is nie.

Die verwysingspunt relatief waartoe die deiktiese waarde verstaan moet word, verander of raak minder gespesifiseerd. Dus: in voorbeeld 10 en 11 hieronder het die werkwoord *gaan* telkens ’n dubbele deiktiese waarde. In voorbeeld 10 is die ruimtelike deiktiese verwysingspunt ongespesifiseer en in voorbeeld 11 het die ruimtelike deiktiese verwysingspunt ’n naam gekry (*van die huis af*).

10. Ek *gaan* stad toe.
11. Ek *gaan van die huis af* stad toe.

Hierdie dubbele deiktiese waardes wat sommige werkwoorde, soos *stuur* in voorbeeld 8 en *gaan* in voorbeeld 10 en 11 besit, sal in die empiriese ontleding van hierdie studie se data neerslag vind. Dit beteken dat elke deiktiese waarde van ’n werkwoord getel sal word: sommige werkwoorde sal slegs een deiktiese telling hê (tydsdeiksis), terwyl ander twee sal hê (tydsdeiksis en ruimtelike deiksis).

Heylighen en Dewaele (1999) groepeer die kategorie adjektiewe as konteksonafhanklik en niedeikties. Vir hulle is adjektiewe dus merkers van formaliteit. Hulle redeneer dat adjektiewe “... [do] not normally vary under change of context.” Hiermee bedoel hulle dat die adjektief *rooi* in enige konteks “die kleur rooi” beteken.

Die vraag is egter of dieselfde argument geld ten opsigte van adjektiewe soos *mooi, fantasties, hoog* en *goed*. Besit hierdie adjektiewe in alle kontekste dieselfde betekenis- en veral gevoelswaarde, of kan hierdie waardes binne verskillende kontekste varieer?

Afstand tussen gespreksgenote realiseer onder meer in die tipe taal wat hulle teenoor mekaar in ’n gespreksituasie gebruik. Om hierdie rede is die graad van menslikheid wat ’n teks bevat en wat hier die menslikheidsindeks genoem sal word, in ’n studie soos hierdie belangrik. ’n Mens verwag byvoorbeeld dat woorde wat gevoelswaarde het meer frekwent gebruik sal word in tekste waarin die afstand tussen die gespreksgenote kleiner is. Daarom is dit belangrik dat die objektief-subjektief-digotomie wat in sommige woordsoortkategorieë voorkom, in ’n ondersoek soos hierdie moet neerslag vind.

Só ’n digotomie vind ’n mens byvoorbeeld in die kategorie adjektiewe. Adjektiewe verskil ten opsigte van hulle menslikheidsindekse omdat gebruikers adjektiewe bewustelik of onbewustelik selekteer om hulle eie, subjektiewe gevoelswaarde te weerspieël. Een spreker kan ’n verhoogproduksie byvoorbeeld as “fenominaal” beskryf, terwyl ’n ander dieselfde produksie as “nogal goed” kan beskou.

Op hierdie manier dra adjektiewe daartoe by om ’n bepaalde gevoelswaarde binne ’n teks te skep wat in ’n gespreksituasie die spreker se gevoel, houding of ervaring weerspieël en in die geval van ’n geskrewe teks dié van die teksontwerper of skrywer.

In hierdie studie is daar ’n onderskeid getref tussen objektiewe en subjektiewe adjektiewe. Hoe hoër die frekwensie subjektiewe adjektiewe in ’n teks, hoe groter is die verwagting dat die afstandelikheid tussen sender en ontvanger sal verklein en die teks dus informeler sal wees. ’n Hoë frekwensie objektiewe adjektiewe in ’n teks behoort weer die teenoorgestelde uitwerking te hê; dus, groter afstand tussen die gespreksgenote en ’n hoër graad van formaliteit. Subjektiewe adjektiewe kan dus as merkers van informaliteit beskou word en behoort dus tot die deiktiese kategorie. Objektiewe adjektiewe, daarenteen, bevat minder gevoelswaarde en is merkers van formaliteit en behoort tot die niedeiktiese kategorie.

Adjektiewe soos *mooi*, *fantasties*, *hoog* en *goed* is dus voorbeelde van subjektiewe adjektiewe, terwyl ’n adjektief soos *rooi* as ’n objektiewe adjektief beskou kan word.

Voorbeeld 12(a) hieronder kom voor in Teks *Mettle*, wat die hoogste frekwensie subjektiewe adjektiewe in die korpus het. Voorbeeld 13(a) kom uit Teks *Remgro*, wat die hoogste frekwensie objektiewe adjektiewe en die hoogste formaliteitsindeks in die korpus het. In die voorbeelde is die objektiewe adjektiewe vet kursief en die subjektiewe adjektiewe kursief gemerk.

12(a): Die ***afgelope*** jaar is gekenmerk deur *betekenisvolle* groei wat ons ***internasionale*** werksaamhede betref. Ons beskik tans oor ’n *aansienlike* Londense kantoor, met *professionele* personeel van 33 [...] [Teks *Mettle*]

13(a): Die ***afgelope finansiële*** jaar is gekenmerk deur die herstrukturering van die ***voormalige*** Rembrandt-groep. Dié herstrukturering is deur die ***betrokke*** aandeelhouers goedgekeur op ’n ***algemene*** jaarvergadering gehou op 21 September 2000. [Teks *Remgro*]

Bostaande twee fragmente is taamlik gelyksoortig: in albei word daar berig oor dit wat die jaar in oorsig gekenmerk het en albei teksfragmente begin met ’n passiefkonstruksie. Teenoor die drie subjektiewe adjektiewe (*betekenisvolle, aansienlike, professionele*) wat in voorbeeld 12(a) voorkom, bevat voorbeeld 13(a) geen subjektiewe adjektiewe nie. Die subjektiewe adjektiewe in voorbeeld 12(a) is affektief so gekleur dat dit daartoe bydra om ’n positiewe, lewendige toon[8] in die teks te skep. Hierdeur word die afstand in die teks tussen die sender en ontvanger(s) verklein, word daar ’n sterker emotiewe of subjektief beoordelende karakter aan die teks gegee en word die teks daarom aan die meer informele punt van die formaliteitskaal ervaar. Vergelyk die verskil wat die weglating van die subjektiewe adjektiewe in voorbeeld 12(a) ten opsigte van die toon teweegbring:

12(b): Die ***afgelope*** jaar is gekenmerk deur groei wat ons ***internasionale*** werksaamhede betref. Ons beskik tans oor ’n Londense kantoor, met personeel van 33 [...] [Teks *Mettle*]

In hierdie gemanipuleerde voorbeeld, waar daar geen subjektiewe adjektiewe voorkom nie, is die afstandelikheid groter en beweeg die teks weg van die informele punt van die formaliteitskaal, nader aan die neutrale of selfs formele(r) punt van die skaal. Sodra die affektiefgelaaide subjektiewe adjektiewe uit die teks weggelaat word, word die teks minder menslik en word die afstandelikheid daardeur vergroot. Hoe groter die afstandelikheid, hoe hoër is die formaliteitsgraad. Om dieselfde rede word voorbeeldsin 13(a) hierbo minder affektief as voorbeeldsin 12(a) ervaar, en dus ook formeler. Sodra subjektiewe adjektiewe wat affektief gekleur en dus meer menslik is tot voorbeeldsin 13(a) toegevoeg word, verklein dit die afstandelikheid in die teks en word die teks informeler. Vergelyk die volgende gemanipuleerde voorbeeld:

13(b): Die ***afgelope finansiële*** jaar is gekenmerk deur die *suksesvolle* herstrukturering van die ***voormalige*** Rembrandt-groep. Dié *geslaagde* herstruktu-

[8] Toon verwys volgens Du Toit en Smith-Müller (2003:61) na die “stilisties uitgedrukte *houding* van die skrywer.”

rering is *entoesiasties* deur die ***betrokke*** aandeelhouers goedgekeur op ’n ***algemene*** jaarvergaderings gehou op 21 September 2000. [Teks *Remgro*]

Die aanwesigheid van die subjektiewe adjektiewe in voorbeeld 13(b) skep ’n sekere mate van affektiwiteit in die teks wat nie in die oorspronklike voorbeeld (13[a]) teenwoordig is nie. Sodra daar sprake is van gevoelswaarde, verhoog dit die menslikheid in die teks, verklein die afstand tussen die sender en ontvanger(s) en verlaag die formaliteitsgraad van die teks. Wat interessant is ten opsigte van die inhoud van voorbeeld 12(a) en 13(a), is dat die inhoud in voorbeeld 20(a) oor iets positiefs gaan: daar was betekenisvolle groei en die maatskappy het internasionaal uitgebrei. In voorbeeld 13(a) word daar egter oor herstrukturering berig, ’n proses wat dikwels negatief binne ’n maatskappy ervaar word. In die lig hiervan is dit dus nie ongewoon dat daar in voorbeeld 13(a) doelbewus neutraal of meer formeel oor die herstrukureringsproses berig word nie en kleuroperateurs soos subjektiewe adjektiewe, wat affektief gelaai is, doelbewus vermy word.

Wiebe (2000: par. *Subjectivity*) het vasgestel dat daar ’n positiewe en statisties beduidende korrelasie is tussen die graad van subjektiwiteit van ’n teks en die aanwesigheid van adjektiewe in die teks. Hy het ook aangetoon dat adjektiewe “may or may not be subjective, depending on the context in which they appear.”

Subjektiwiteit is die metaforiese teenhanger van die afstandsdefinisie en formaliteit het met afstand te make. Dit beteken hoe informeler ’n gesprek is, hoe meer subjektief word die gesprek gekleur. Op grond hiervan is subjektiewe adjektiewe dan merkers van informaliteit en behoort hulle in die empiriese ontleding van die data as deel van die konteksafhanklike, deiktiese kategorie in berekening gebring te word. Hierteenoor moet die objektiewe adjektiewe dan deel wees van die konteksonafhanklike, niedeiktiese kategorie wat merkers van formaliteit is.

Dit is egter belangrik om in ’n wetenskaplike studie soos hierdie aspekte te identifiseer op grond waarvan ’n adjektief as subjektief of objektief geklassifiseer word. In hierdie studie sal daar van Wiebe (2000) se standpunt uitgegaan word en sal adjektiewe wat beide die eienskappe gradeerbaarheid en polariteit besit as

subjektiewe adjektiewe geklassifiseer word. Wiebe (2000) verduidelik die verband tussen gradeerbaarheid en subjektiwiteit soos volg: “Gradable adjectives express properties in varying degrees of strength, relative to a norm ... This relativism in the interpretation of gradable words also make them good predictors of subjectivity.” Volgens Wiebe (2000) is polariteit “inherently connected with evaluative judgements” en daarom is polariteit volgens Wiebe “a good feature for predicting subjectivity.” Op grond hiervan sal *mooi* ’n subjektiewe adjektief wees omdat dit gradeerbaar is: *mooi* > *mooier* > *mooiste*; dit het ’n polêre semantiese teenhanger: *mooi* > *lelik*. Daarenteen, sal *rooi* as ’n objektiewe adjektief beskou word. Hoewel *rooi* gradeerbaar is: *rooi* > *rooier* > *rooiste*, het *rooi* geen polêre semantiese teenhanger nie.

Hoewel die frekwensie van selfstandige naamwoorde en werkwoorde gewoonlik hoog is in tekste, behoort hulle nie in empiriese ondersoeke soos hierdie as gevolg van hulle hoë gebruiksfrekwensie buite rekening gelaat te word nie. Heylighen en Dewaele (1999) “assume that a speaker using a formal style will prefer using nouns, while a speaker using an informal style will prefer using verbs.” In ooreenstemming met Heylighen en Dewaele (1999) se model sal selfstandige naamwoorde as formaliteitsmerkers en werkwoorde as informaliteitsmerkers ook in hierdie studie betrek word. Heylighen en Dewaele (1999) verduidelik tereg dat beide hierdie woordsoortkategorieë nodig is om volledige sinne te konstrueer. Daarbenewens het Brown en Levinson (in Heylighen & Dewaele, 1999: par. 3.3) gevind dat “... degrees of negative politeness (or at least formality) run hand in hand with the degree of nouniness. [...] formality is associated with the noun end of the continuum.”

Omdat selfstandige naamwoorde en werkwoorde tot ’n mate uitruilbaar is (deur nominalisering en verbalisering) sal sprekers op grond van die situasie ’n keuse uitoefen of hulle ’n selfstandige naamwoord of werkwoord sal gebruik. Selfstandige naamwoorde val in die niedeiktiese kategorie en is merkers van formaliteit. Dit klop met wat Brown en Levinson (in Heylighen & Dewaele 1999) hierbo gesê het. As werkwoorde genominaliseer word, is die produk van die nominalisering meer formeel en verhoog dit dus die formaliteit van die uiting waarin dit gebruik word. Informele style behoort dan meer werkwoorde te gebruik en formele style meer nominalisering van die werkwoord, en dus selfstandige naamwoorde.

Eiename word in hierdie studie buite rekening gelaat. Hierdie kategorie woordsoort is betekenisleeg en inherent deikties. Hierbo is daar reeds daarop gewys dat self-standige naamwoorde inherent deikties is. Eiename kan dus nie onder die kategorie selfstandige naamwoorde vir die doel van hierdie ondersoek getel word nie. Daar-benewens het die eienaamkategorie verskillende subkategorieë. In verslagtekste byvoorbeeld, kom maatskappyname, plekname en persoonseiename voor. Binne laasgenoemde kategorie kan die subkategorieë voorname, agtername en byname weer onderskei word. Boonop dra die verskillende subkategorieë nie dieselfde formaliteitsgewig nie: plekname, byvoorbeeld, is neutraal ten opsigte van formaliteit, terwyl voorname meer frekwent in informele tekste behoort te wees. Eiename vorm dus so ’n unieke kategorie met ’n heel besondere grammatika sodat dit vir die doeleindes van die ondersoek buite rekening gelaat word.

Die kategorie bywoorde word, net soos deur Heylighen en Dewaele (1999), as ’n konteksafhanklike of deiktiese kategorie gereken. Die suiwer bywoorde van plek (*hier*, *plaaslik*, *binnelands*), rigting (*afwaarts*, *vorentoe*) en tyd (*nou*, *tans*, *binnekort*), modale bywoorde (*mos*, *darem*) en graadwoorde (*terdeë* geniet, *nogal* saamstem) word as deel van die deiktiese kategorie gereken. Die suiwer bywoorde van plek, rigting en tyd word in die algemeen as deiktiese of konteksafhanklike konsepte beskou, terwyl modale bywoorde en graadwoorde inherente emotiewe waardes dra, wat met subjektiwiteit, minder afstandelikheid en dus informaliteit geassosieer word. Informaliteit word in die ondersoek met konteksafhanklikheid geassosieer en daarom word modale bywoorde en graadwoorde ook as deel van die deiktiese kategorie gereken.

In die kategorie bywoorde word die sogenaamde suiwer (of deiktiese) bywoorde van plek (*agter*, *voor*, bo-op*, binne*, *buite*), rigting (*binnetoe*, *voorwaarts*, *vorentoe*) en tyd (*nou*, *vandag, gister*), modale bywoorde (*mos* soos in *ek het jou mos gesê*) en graadwoorde (*verskriklik*, *uiters*, *net-net*) getel.

Eerste-, tweede- en derdepersoonsvoornaamwoorde, enkelvoud en meervoud (*ek*, *jy*, *u*, *hy/sy*, *julle*, *hulle*) en hulle ooreenstemmende besitlike voornaamwoorde (*myne*, *joune*, *u s’n*, *julle/hulle s’n*) is by die ondersoek betrek. Voornaamwoorde – veral

persoonlike voornaamwoorde – maak op grond van hulle menslikheidsindekse deel uit van die deiktiese kategorie. Heylighen en Dewaele (1999) sê: “Pronouns are particularly clear examples of deictic words.” Die persoonlike voornaamwoord *dit* word nie vir menslike verwysing gebruik nie en staan neutraal ten opsigte van formaliteit. Om hierdie redes word die persoonlike voornaamwoord *dit* by die ondersoek weggelaat.

Betreklike voornaamwoorde word ook vir die ondersoek buite rekening gelaat, omdat hulle nie merkers van (in)formaliteit is nie en eintlik neutraal staan ten opsigte van die formaliteitsgraad van ’n teks.

Hoewel daar geredeneer kan word dat derdepersoonsvoornaamwoorde ook neutraal staan ten opsigte van formaliteit, word die subkategorie wel by die ondersoek betrek omdat derdepersoonsverwysings wat nie na mense verwys nie, wel soms in ’n teks voorkom. Vergelyk voorbeeld 14 en 15 waar die derdepersoonsverwysing *sy* nie na ’n mens verwys nie. Sulke derdepersoonsverwysings tree as menslikheidsmerkers in ’n teks op en verpersoonlik as‘t ware dit waarna die derde persoon verwys. Vergelyk die voorbeelde hieronder:

14. Hierdie proses is tans in *sy* finale fase.
15. Afgesien van die feit dat NCD die melk vir *sy* marknavorsing nodig gehad het, val dit ook in by die langtermynstrategie om verder nasionaal uit te brei.

Deur die gebruik van die derdepersoonsvoornaamwoord *sy* in voorbeeld 14 word die niemenslike onderwerp van die sin *Hierdie proses* verpersoonlik en kry dit as’t ware ’n tipe menslikheid. Waar eerste- en tweedepersoonsverwysings slegs gebruik word om na mense te verwys en die sintaktiese en semantiese kategorisering van hierdie subkategorie voornaamwoorde dus inmekaar vloei, is dit nie die geval by derdepersoonsverwysings nie. Laasgenoemde subkategorie kan na mense verwys, na niemenslike entiteite verwys of selfs na tussenkategorieë soos menslike versamelname, byvoorbeeld *sy/haar bestuur/personeel/komitee*. By derdepersoonsverwysing vloei die sintaktiese en semantiese kategorisering nie ineen nie. Die sintaktiese kategorisering lê by derdepersoonsverwysing op die vormlike en struktu-

rele vlak, terwyl die semantiese kategorisering op die inhoudelike of kontekstuele vlak lê.

Die kategorie tussenwerpsels, wat Heylighen en Dewaele (1999) as deiktiese kategorie by hulle ondersoek betrek, word nie in bedryfstekste gebruik nie en word daarom buite rekening gelaat. Die bepaalde en onbepaalde lidwoorde, *die* en ’*n*, is nie merkers van formaliteit nie, en word om hierdie rede nie in die studie betrek nie. Die kategorie voorsetsels word ook nie by die ondersoek betrek nie. Voorsetsels is relasionele woorde wat in ieder geval ’n hoë gebruiksfrekwensie in tekste het. Hulle is nie inherent deikties of niedeikties nie. Voorsetsels het die potensiaal om in kombinasie met ander woordelemente wel deikties op te tree.

Op grond van die kritiek teen en voorstelle ter verfyning van Heylighen en Dewaele (1999) se meetinstrument vir formaliteit, is daar besluit om die woordsoorte in die konteksonafhanklike (niedeiktiese, formele) en konteksafhanklike (deiktiese, informele) kategorieë aan te pas vir die operasionalisering van formaliteit in die twee tipes Afrikaanse bedryfstekste (jaarverslae en bemarkingstekste) wat in die studie ter sprake is.

In hierdie ondersoek sluit die niedeiktiese, konteksonafhanklike kategorie selfstandige naamwoorde[9] en objektiewe adjektiewe in. ’n Hoë frekwensie van hierdie woordsoorte, veral vanweë hulle hoë saaklikheidswaarde, dui op ’n hoër vlak van formaliteit. Die deiktiese, konteksafhanklike kategorie sluit in werkwoorde, subjektiewe adjektiewe, (persoonlike en besitlike) voornaamwoorde van die eerste, tweede en derde persoon en bywoorde. Tabel 2.2 gee ’n opsomming van die woordsoortkategorieë wat in hierdie studie relevant is.

[9] Hoewel eiename nie in die ondersoek gebruik is nie, is eiename wat nog die karakter van soortname het, wel as deel van die kategorie selfstandige naamwoorde gereken. Voorbeelde hiervan is woorde soos *Dagbestuur, Beheerraad* en *Getrouheidsfonds*.

Tabel 2.2: Relevante konteks(on)afhanklike woordsoortkategorieë vir die meting van formaliteit in Afrikaanse bedryfstekste (jaarverslae en brosjures)

Konteksonafhanklike kategorie (Niedeikties)	**Konteksafhanklike kategorie (Deikties)**
Selfstandige naamwoorde (*s.nw.*)	Werkwoorde (*ww.*)
Objektiewe adjektiewe (*obj. adj.*)	Subjektiewe adjektiewe (*subj. adj.*)
	Persoonlike voornaamwoorde van die eerste- en tweedepersoon (*pers. vnw.*)
	Besitlike voornaamwoorde (eerste- [*1P*], tweede- [*2P*] en derdepersoon [*3P*])
	Bywoorde (*bw.*)

’n Vergelyking met tabel 2.1 hierbo, wat Heylighen en Dewaele (1999) se indeling van woordsoortkategorieë weerspieël, toon in watter mate die kategorieë vir hierdie studie verfyn en aangepas is.

2.5 Formaliteit in bedryfstekste

Die graad van formaliteit van ’n taaluiting en ’n teks in geheel word bepaal deur onder meer die teikengroep, die doel van die teks, die teksonderwerp, die situasie waarbinne die teks moet funksioneer en die medium wat gebruik word om die inhoud mee oor te dra.

Gedurende die kommunikasieproses word senders met keuses gekonfronteer: verkies ’n sender akkuraatheid bo onmiddellikheid, afstandelikheid bo vertroulikheid of objektiwiteit bo subjektiwiteit? Dit is dikwels die doelstelling(e) van die kommunikasie wat antwoorde op hierdie vrae gee.

Ten einde vas te stel waar op die skaal van formaliteit bedryfstekste behoort te lê, is dit nodig om die doelstellinge van hierdie tekstipe te identifiseer. Tekste kan informatief, instruktief, motiverend, oorredend of affektief wees. Hierdie kommunikatiewe doelstellinge kom gewoonlik in kombinasie in ’n teks voor. ’n Teks kan byvoorbeeld informatief én oorredend probeer wees (vgl. voorbeeld 16 hieronder) of

selfs informatief én oorredend én motiverend (vgl. voorbeeld 17 hieronder). Een van die doelstellinge sal egter primêr wees en die ander doelstellinge sal daarop afgestem wees. In voorbeeld 16 is die oorredende doelstelling primêr en die informatiewe doelstelling sekondêr. In voorbeeld 17 is dit veral die motiverende doelstelling wat voorop staan.

16. Welkom in Matieland, waar die e-Kampusinisiatief die gebruik van tegnologie aanmoedig om onderrig, leer en navorsing te verbeter. [BR: Teks *US*]
17. Senwes neem deeglik kennis van die dinamika van die plaaslike en internasionale ekonomiese toestande wat sy besigheidsomgewing en dié van sy klantebasis beïnvloed. Dit kom egter saam met die besef dat ongeag dit, die besigheid steeds suksesvol bedryf moet word. [JV: Teks *Senwes*]

Binne hierdie studie word twee tipe bedryfstekste betrek, naamlik jaarverslae en tekste wat gewoonlik as bemarkingsdokumente gebruik word en waarna breedweg in hierdie studie as brosjures verwys word. Aangesien dié twee tipes bedryfstekste verskil ten opsigte van hulle teikengroep en die situasie waarbinne hulle gewoonlik funksioneer, en ’n mens dus kan verwag dat die graad van formaliteit van die twee tekstipes behoort te verskil, sal die kommunikatiewe doelstellinge van jaarverslae eers bespreek word en daarna ’n algemene oorsig gegee word oor brosjuretekste. Jaarverslae as tekstipe geniet egter die primêre fokus in hierdie studie.

2.5.1 Formaliteit in jaarverslae

Volgens Van den Akker (in Müller 1998:17) het die verbale deel van ’n jaarverslag, wat gewoonlik die direkteursverslag of bedryfsoorsig verteenwoordig, drie kommunikatiewe funksies. Jaarverslae moet:

- aandeelhouers inlig oor die stand van sake binne die maatskappy waarin hulle belê het
- beredeneerd wees en
- die leser help om ’n bepaalde voorspelling te maak oor die opregtheid en geloofwaardigheid van die maatskappy of organisasie.

Op grond hiervan sê Müller (1998:17) is die direkte kommunikatiewe doelstellinge van ’n jaarverslag om informatief, oorredend en motiverend te wees. Dit is informatief omdat dit in die eerste plek verslag doen oor die bedrywighede van ’n organisasie of maatskappy en dit lesers dus hieroor wil inlig. Bestaande beleggers moet gerus gestel word dat hulle hulle geld in ’n winsgewende maatskappy of organisasie belê het en potensiële beleggers moet oorreed word om in die maatskappy te belê.

Volgens Müller (1998:19) is dit egter die motiverende boodskap wat die hoofdoel van ’n jaarverslag is; die ander doelstellinge is hierop afgestem. ’n Jaarverslag moet as bruikbare kommunikatiewe instrument onder meer bestaande en potensiële beleggers se vrae beantwoord. Dit is hier waar die motiverende boodskap ’n rol speel.

Müller (1998:17) verskil van Van den Akker wat die affektiewe doelstelling van jaarverslae as kommunikatiewe instrument betref. Van den Akker (1996:38) beweer dat die inhoud van jaarverslae in der waarheid affektief gelaai moet word. Müller toon egter aan dat die affektiewe doelstelling in jaarverslae gradeerbaar is en dat dit selfs binne dieselfde jaarverslag plek-plek kan verskil. Vergelyk die volgende voorbeelde uit verskillende jaarverslae:

18. Die fonds het die afgelope jaar *sterk* groei getoon. [JV: Teks *Cape Joint*]
19. Die eerste was die Operette wat ’n *heel besondere* geleentheid en ’n *groot* sukses was [...] ’n *uiters geslaagde* musiekaand ... [JV: Teks *Affies*]
20. Dit is vir my ’n voorreg om weer eens *uitstekende* resultate aan te kondig. [JV: Teks *Astgroup*]

Die kursief gedrukte adjektiewe en bywoorde staan ook bekend as kleuroperateurs omdat hulle die gevoelswaarde in die sin versag of versterk. Affektief gesproke, is daar ’n graderingsverskil tussen die kleuroperateurs in bostaande voorbeeldsinne. In voorbeeldsin 20 is *uitstekende* affektief meer gekleur as *sterk* in voorbeeldsin 18. Daar is selfs ’n verskil in gradering tussen die drie kleuroperateurs in voorbeeldsin 19: *uiters geslaagde* is ietwat meer affektief gelaai as *heel besondere* en hierdie twee kleuroperateurs is weer meer affektief gelaai as die naamwoordgroep *groot sukses* in dieselfde voorbeeld.

Wat egter hier van belang is, is dat dié kleuroperateurs subjektief gelaai is, omdat dit die perspektief of houding van die skrywer/spreker verwoord. Subjektiwiteit korreleer positief met informaliteit, sodat ’n mens sou verwag dat ’n teks wat baie kleuroperateurs bevat aan die informele kant van die formaliteitskaal sal val.

Dit is veral in die informatiewe doelstelling van bedryfstekste in die algemeen waarin die noodsaaklikheid opgesluit lê om presies en ondubbelsinnig te kommunikeer. Hierdie doelstelling sluit nou aan by wat Heylighen en Dewaele (1999) *deep formality* noem, naamlik: “[...] attention to form for the sake of unequivocal understanding of the precise meaning of the expression.” Dit kom daarop neer dat uitdrukkings met ’n hoër formaliteitsgraad ’n kleiner kans het om verkeerd verstaan te word deur ontvangers wat nie dieselfde tydruimtelike kommunikatiewe konteks as die sender deel nie.

In die geval van bedryfstekste (jaarverslae sowel as brosjures) is daar geen direkte kontak tussen die sender en ontvanger nie en is daar dus weinig of geen sprake van gedeelde konteks nie. Volgens Heylighen en Dewaele (1999) sal die geldigheid en verstaanbaarheid van formele uitdrukkings meer blywend as dié van informele uitdrukkings wees: meer mense sal die formele uitdrukkings verstaan, vir langer tydperke en in meer diverse omstandighede omdat hierdie uitdrukkings minder konteksafhanklik en dus ondubbelsinnig aangebied word. In bedryfstekste, soos jaarverslae byvoorbeeld, is hierdie voordele van formaliteit uiters gepas omdat dit die effektiwiteit van die kommunikasie sal verhoog.

Heylighen en Dewaele (1999) identifiseer ook ’n paar nadele van formele taalgebruik. Hulle sê formele taalgebruik is rigied en staties en struktureel meer kompleks. In formele taalgebruik word dinge meer objektief en minder direk beskryf sodat daar ’n groter afstandelikheid in formele tekste bestaan.

Omdat formele uitdrukkings konteksonafhanklik is, word die ontvanger genoodsaak om die nodige voorveronderstellings in die boodskap self te kodeer. Teksprodusente van bedryfstekste, soos jaarverslae en brosjures, kan nie staatmaak op ’n konteks wat hulle met hulle lesers deel nie. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die

kommunikasie so ondubbelsinnig moontlik moet wees en die verstaanbaarheid daarvan optimaal. Volgens Heylighen en Dewaele (1999) het "[...] more formal messages *less chance to be misinterpreted* by others who do not share the same context as the sender."

2.5.2 Formaliteit in brosjures

Ommen en Van Kuppenveld (1995:58) en Lourens (2006) maak 'n onderskeid tussen pamflette (*folders)* en brosjures. Volgens hulle is 'n pamflet 'n gevoude inligtingstuk wat nie meer as 8 bladsye beslaan nie, wat 'n kort lewensduur het en wat beperkte inligting aan teikengebruikers oordra om hulle ten opsigte van 'n sekere diens of produk te oriënteer. Pamflette het dus 'n informatiewe doelstelling.

Daarenteen, beskou Lourens (2006) 'n brosjure as "a booklet, usually 12 to 40 pages [that] provides more detailed information than a folder." Brosjures is volgens Lourens (2006) "often the last (written) encounter *before action is taken*, especially in major decisions and transactions" [my eie kursivering – WS]. Op grond hiervan is die primêre doelstelling van tekste wat Lourens (2006) as brosjures identifiseer dus eerder oorredend van aard.

Ommen en Van Kuppenveld (1995:66) gaan verder deur hierdie tekste te verdeel op grond van die gerigtheid van die inhoud daarvan. Die inhoud kan óf gerig word op die organisasie of maatskappy óf dit kan gerig word op een spesifieke tema. Organisasie-gerigte pamflette of brosjures kan op grond van hulle inhoud en doelstelling in drie kategorieë verdeel word (Lourens 2006). Hulle kan óf gebruik word om die eksterne beeld van die maatskappy aan teikengebruikers uit te dra, óf hulle kan gebruik word om 'n oorsig oor die maatskappy aan personeellede intern te kommunikeer, óf hulle kan gebruik word as verwysingsdokumente wat gedetailleerde inligting verskaf aan mense wat noue betrekkinge met die maatskappy het, waaronder personeellede en kontrakwerkers.

Tema-gerigte pamflette of brosjures vervul gewoonlik 'n sosiale funksie deurdat die inhoud daarvan daarop afgestem is om lesers oor 'n spesifieke onderwerp op te

voed. Twee afleidings kan op grond van Lourens (2006) se argumente hierbo gemaak word:

- pamflette en brosjures se kommunikatiewe doelstelling is informatief en/of oorredend, en
- dat die moontlikheid bestaan dat die teikengebruikers van dié tipe bedryfstekste intrakategoriaal onderling van mekaar kan verskil. Dit mag dus dalk wees dat ’n pamflet geskryf word vir die algemene gebruiker wat slegs inligting oor ’n produk of diens wil hê, maar dat ’n brosjure spesifiek geskryf word vir daardie gebruiker wat ’n ingeligte keuse (oorredende doelstelling dus) oor ’n produk of diens wil maak.

Bostaande afleidings het belangrike implikasies vir die teoretiese raamwerk waarop hierdie studie gebaseer word. Heylighen en Dewaele (1999) sê die volgende oor informatiewe tekste en die graad van formaliteit: “[A]n informal style is more flexible, direct, implicit, and involved, *but less informative*” [my eie kursivering – WS]. As hierdie stelling in ag geneem word, behoort die graad van formaliteit van informatiewe tekste waarskynlik hoër te wees as die tekste wat ’n oorredende kommunikatiewe doelstelling het omdat die inhoud van informatiewe tekste meer konteksonafhanklik en ondubbelsinnig behoort te wees.

Dit wil dus voorkom asof die teikengebruikers van pamflette en brosjures nie so homogeen is soos wat Van den Akker dit in die geval van jaarverslae geïdentifiseer het nie (in Müller 1998:17). Die teikengroep is een van die veranderlikes wat ’n direkte invloed op die formaliteitsgraad van ’n teks het: “Stylistic variation results from the fact that [...] the same person may express the same idea quite differently when addressing different audiences...” (Heylighen & Dewaele 1999). Boonop verskil die primêre kommunikatiewe doelstellinge van tekste binne die kategorie bemarkings-dokumente: party is meer informatief, terwyl ander weer eerder oorredend is. Dit versterk die vermoede dat die formaliteitsgraad binne die kategorie pamflette en brosjures variasie op die formaliteitskaal mag openbaar. Hierdie vermoede sal deur die toepassing van die meetinstrument bevestig of weerlê word.

2.6 ’n Spesiale geval: die passiefkonstruksie as formaliteits-merker

Hoewel Müller (1998:108-109) in haar studie oor die gebruik van die passiefkonstruksie in jaarverslae bevind het dat die passiefkonstruksie wel met afstandelikheid en dus formaliteit geassosieer word, suggereer sy ook dat die passiefkonstruksie “nie ’n verskynsel is wat noodwendig die formaliteitsgraad van ’n teks verhoog nie”, maar dat dit veel eerder ’n verskynsel is wat “korreleer met die gebruik en/of vermyding van *ander veranderlikes* in ’n teks” [my eie kursivering – WS].

Tog word die passiefkonstruksie dikwels in die literatuur beskryf as *onpersoonlik*, *staties*, *saai*, *moeilik* en *formeel* (Van der Horst, 1996; Onrust, Verhage & Doeve, 1993). Dit is inderdaad so dat die passiefkonstruksie geassosieer word met afstandelikheid, formaliteit en onpersoonlikheid.

As gevolg van die tematiese bewerkings wat die passiefkonstruksie kenmerk, naamlik die demovering van die aktiewe onderwerp en die promovering van die aktiewe voorwerp, sal die passiefkonstruksie meer staties wees as sy aktiewe teenhanger.

Omdat hierdie ondersoek berus op die operasionalisering van formaliteit op grond van die deiktiese waardes of momente en konteksafhanklikheid van bepaalde woordsoortkategorieë in ’n uiting, is dit relevant om te bepaal hoe konteksafhanklik ’n passiefkonstruksie is. Ten einde die vraag gedeeltelik te beantwoord, is dit nodig om die passiefkonstruksie met sy aktiewe teenhanger te vergelyk. Onderstaande voorbeeld kom uit die jaarverslag van Teks *Distell*. In die oorspronklike teks word die passiefkonstruksie (21[b]) gebruik.

21(a): X het handelsmerke gekonsolideer en Y het bemarkingsbesteding aangepas...
21(b): Handelsmerke is gekonsolideer en bemarkingsbesteding is aangepas ...
21(c): Die konsolidering van handelsmerke en die aanpassing van bemarkingsbesteding ...

Voorbeeldsin 21(a), wat die aktiefkonstruksie verteenwoordig, bevat persoonsdeiksis (*X en Y*) en tydsdeiksis (*het gekonsolideer, het aangepas*). In voorbeeldsin 21(b) is persoonsdeiksis afwesig, maar tydsdeiksis kom steeds voor (*is gekonsolideer, is aangepas*). Voorbeeldsin 21(c) bevat nie persoonsdeiksis of tydsdeiksis nie deurdat beide werkwoorde genominaliseer word. Die teenwoordigheid van persoonsdeiksis in voorbeeldsin 21(a) verhoog die konteksafhanklikheid van die uiting en daar kan aangeneem word dat X en Y óf aan al die gespreksgenote bekend is, óf dat hulle identiteit hoogstens vanuit die konteks afgelei sal kan word. Voorbeeldsin 21(b) wat die passiewe teenhanger van voorbeeldsin 21(a) is, is heelwat minder konteksafhanklik as 21(a). Hier word die aktiewe voorwerp gepromoveer en in die temaposisie geplaas en die gedemoveerde aktiewe onderwerp raak irrelevant. In voorbeeldsin 21(c) is daar geen sprake van konteksafhanklikheid meer nie. Die uiting kry die status van ’n algemene stelling wat op enige stadium deur enigiemand verstaan sal kan word. Die voorbeelde illustreer ook dat ’n lae frekwensie deiktiesverwysende woorde, tesame met ’n hoër graad konteksonafhanklikheid, die afstandelikheid in ’n teks vergroot en die formaliteit daarvan verhoog (vgl. veral voorbeeldsin 21[c]). Die voorbeelde illustreer egter ook dat ’n passiefkonstruksie met konteksonafhanklikheid geassosieer word.

Op grond van Müller (1998) se studie oor die gebruik van die passiefkonstruksie in jaarverslae kan daar verwag word dat die formaliteitsgraad van ’n teks nie net afhang van die graad van konteksonafhanklikheid van die passiefkonstruksie nie, maar dat die konteksonafhanklikheid van ander grammatikale veranderlikes en die samespel van hierdie veranderlikes aan die formaliteitsgraad van ’n bepaalde teks meedoen.

In die volgende hoofstuk word die resultate van die toepassing van die F-indeks op tekste in die kategorie jaarverslae bespreek en sal die resultate van hierdie ondersoek gebruik word om die bostaande verwagting wat op grond van Müller (1998) se studie ontstaan het, te bevestig of te weerlê.

HOOFSTUK 3

KWANTITATIEWE ONDERSOEK: JAARVERSLAE

3.1 Inleiding

Die navorsingsvrae wat in hoofstuk 1 gestel is, lui soos volg:

1. Hoe word formaliteit gedefinieer?
2. Hoe word formaliteit geoperasionaliseer?
3. In welke mate beïnvloed sommige grammatikale veranderlikes die formaliteitsindeks (F-indeks) van die kategorie bedryfstekste wat ondersoek is?
4. Is daar ’n positiewe korrelasie tussen die passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n teks?

Hierdie hoofstuk fokus veral op vraag 2, 3 en 4 hierbo. Ten einde antwoorde op hierdie vrae te kry, val die ondersoek in dié hoofstuk op die resultate wat die kwantitatiewe ontleding van die data in die kategorie jaarverslae[10] opgelewer het. Daar sal eerstens verduidelik en aangetoon word hoe die meetinstrument binne die kategorie jaarverslae toegepas is ten einde die begrip formaliteit te operasionaliseer (vraag 2). Ten einde vraag 3 hierbo te beantwoord, sal die resultate van tekste binne hierdie tekstipe met mekaar vergelyk word om te bepaal in watter mate die grammatikale veranderlikes wat by dié studie betrek is ’n invloed het op die formaliteitsindeks van die onderskeie tekste. Daarna sal daar statisties bepaal word of die passiefgebruikfrekwensie positief korreleer of nie met die formaliteitsindeks van die korpus jaarverslae in die ondersoek (vraag 4).

3.2 Beskrywing van die korpus

Die korpus waarop die meetinstrument vir dié deel van die ondersoek toegepas is en waarvan die resultate in hierdie hoofstuk bespreek word, bestaan uit 22 jaarverslae wat uit verskillende bedryfsomgewings afkomstig is.

Aanvanklik sou slegs Afrikaanse jaarverslae wat op die Internet beskikbaar was in die ondersoek gebruik word. Die formaat en taalgebruik van die Internet-weergawe

[10] Die korpus jaarverslae is as Bylae A bygevoeg.

van tekste verskil soms van die papiergedrukte weergawe van dieselfde teks. Indien daar slegs van die Internet-weergawe van jaarverslae by die ondersoek gebruik gemaak sou word, was die gedagte dat daar ’n latere vergelykende studie uitgevoer kon word tussen die Internet-weergawe van ’n jaarverslag en sy papiergedrukte weergawe. Só kon daar dan wetenskaplik vasgestel word of die twee weergawes inderdaad van mekaar verskil en, indien wel, hoe hulle van mekaar verskil en watter aspekte van die teks hierdeur geraak word.

Drie Internetsoekenjins, naamlik *Ananzi*, *Aardvark* en *Google* is gebruik om Afrikaanse jaarverslae wat vanaf 2000 verskyn het op die Internet op te spoor. Die soekwoorde wat gebruik is, was “jaarverslag”, “voorsittersverslag,” “banke”, “skole” en “universiteite.” Laasgenoemde algemene soekwoord is gebruik om ’n lys te bekom van Suid-Afrikaanse finansiële en opvoedkundige instellings met hulle webadresse. Op hierdie manier kon daar vasgestel word watter van hierdie instellings wel Afrikaanse jaarverslae op hulle webwerf beskikbaar het. Verder is daar ook gebruik gemaak van die name van die maatskappye en instansies wat Müller (1998) in haar ondersoek gebruik het om te probeer vasstel of hierdie instansies op grond van die beskikbaarheid van hulle jaarverslae op die Internet weer by die ondersoek betrek kon word.

Die Afrikaanse jaarverslae van 16 instansies is op die Internet verkry. Ten einde statisties beduidende resultate in die ondersoek te verseker, is daar besluit om papiergedrukte weergawes van jaarverslae, wat elektronies beskikbaar was, by die ondersoek te betrek. ’n Verdere ses jaarverslae is in elektroniese formaat verkry van die lettersetters wat die jaarverslae vir die onderskeie maatskappye en instansies (papier)drukgereed gekry het. Die ses jaarverslae is dié van Remgro, Venfin, Distell, KWV-groep, Pepkor en die Universiteit van Stellenbosch. Na sorgvuldige oorweging van die tekskorpus is ek van oordeel dat die verskillende publikasiemedia (papier- en elektroniese formaat) nie ’n beduidende uitwerking op die navorsingsresultate sou hê nie.

Breedweg kan die jaarverslae in die korpus op grond van die bedryfsomgewing waarbinne hulle funksioneer in vier kategorieë verdeel word. Die syfer tussen hakies

dui die aantal tekste in die korpus aan wat deel uitmaak van die spesifieke kategorie. Hierdie syfer word slegs interessantheidshalwe aangedui en is nie regstreeks by die ondersoek betrek nie. Die vier kategorieë is:

1. finansiële instellings (5)
2. verskaffers van produkte of dienste (12)
3. regsinstellings (2) en
4. onderwysinrigtings (3).

Kategorie 1 sluit finansiële instellings in soos banke, ouditeursfirmas, korttermyn-versekeringsmaatskappye en maatskappye wat aftreefondse bestuur. Kategorie 2 sluit produsente van produkte en verskaffers van niefinansiële dienste in. In hierdie ondersoek sluit kategorie 3 nie jaarverslae van regsfirmas in nie, maar van liggame wat ’n besturende rol binne die regsprofessie speel. Binne die kategorie onderwys-inrigtings val beide skole en universiteite.

Die onderstaande tabel gee ’n opsomming van die jaarverslae wat in elk van die vier kategorieë voorkom. In kursief tussen hakies word die verwysingskode aangegee waarmee daar in die kwantitatiewe en kwalitatiewe analise na die onderskeie tekste verwys word.

Tabel 3.1: Tekste in die korpus jaarverslae

Finansiële instellings	**Verskaffers van produkte of dienste**	**Regsinstellings**	**Onderwysinrigtings**
Absa *(Absa)*	Afrikaanse Handelsinstituut *(AHI)*	Derebus *(Derebus)*	Afrikaanse Hoërskool *(Affies)*
Alacrity *(Alacrity)*	Astgroup *(Astgroup)*	Transvaalse Prokureursorde *(Prok)*	Universiteit van Pretoria *(UP)*
BoE *(BoE)*	Boere Korporasie Beperk *(BKB)*		Universiteit van Stellenbosch *(US)*
Cape Joint *(Cape Joint)*	Clover *(Clover)*		
Mettle *(Mettle)*	Distell *(Distell)*		
	Koöperatiewe Wynmakersvereniging *(KWV)*		
	Naspers *(Naspers)*		
	Pepkor *(Pepkor)*		

Finansiële instellings	Verskaffers van produkte of dienste	Regsinstellings	Onderwysinrigtings
	Remgro *(Remgro)*		
	Senwes *(Senwes)*		
	Venfin *(Venfin)*		
	Wes-Kaapse Natuurbewaring *(KNB)*		

3.2.1 Teksindeling op grond van 'n tentatiewe analise

Müller (1998:50-56) het die korpus jaarverslae in haar studie in subkategorieë verdeel op grond van die instansie, instelling of maatskappy waarvandaan die jaarverslag verkry is. Die verdeling het dit vir haar moontlik gemaak om kwantitatief te bepaal of die tekste binne elke subkategorie op grond van hulle passiefgebruikfrekwensie 'n homogene of heterogene groep vorm.

Op grond hiervan het die gedagte ontstaan om die korpus jaarverslae in die huidige studie impressionisties in drie subkategorieë wat met formaliteit – die hooffokus van hierdie ondersoek – te make het, te verdeel. Hiervoor is 'n drieledige formaliteitskaal gebruik waarvolgens die tekste as formeel, middelformeel of informeel gekategoriseer is (sien tabel 3.2 in par. 3.3 hieronder).

Hierdie indeling is wel op grond van 'n persoonlike, maar tog vakkundig ingeligte, leeservaring van 'n teksfragment uit elke jaarverslag gedoen. Die indeling is dus nie bloot intuïtief gedoen nie: die voorkoms en gebruik van grammatikale veranderlikes, waaronder die passiefkonstruksie, wat volgens Müller (1998) die formaliteitsgraad van 'n teks beïnvloed, soos die vermyding van eerste- en tweedepersoonsverwysing, formele woorde en sommige werkwoorde, is wel in aanmerking geneem toe die voorlopige analise gedoen is. Die indeling was dus gegrond op waarnemings wat reeds in die literatuur opgeteken is.

Die doel van hierdie impressionistiese verdeling was tweërlei van aard: dit het as vertrekpunt gedien vir die operasionalisering van formaliteit en dus ook vir die huidige ondersoek in die geheel, maar dit het boonop daaroor gegaan om die wetenskaplike se intuïsie oor formaliteit te toets. Later in hierdie ondersoek sal ander metodologieë,

waaronder ’n lesergerigte ondersoek gebruik word om die impressionistiese vermoë van algemene lesers te toets en so vas te stel of daar inderdaad waarde geheg kan word aan die oordeel wat lesers in die algemeen op grond van hulle leeservaring oor die formaliteitsgraad van tekste uitspreek. (Kyk byvoorbeeld die bespreking op bl.55 e.v.)

3.3 Toepassing van die meetinstrument (F-indeks)

Ten einde vergelykbare teksdele by die ondersoek te betrek, is daar besluit om die eerste duisend woorde van dié deel van die jaarverslag te gebruik wat die *voorsittersverslag* genoem word.

Om die eenheid van paragrawe nie te versteur nie, is daar soms meer as duisend woorde van ’n jaarverslag gebruik. In gevalle waar die voorsittersverslag minder as duisend woorde is, is die volledige voorsittersverslag in aanmerking geneem. Om die afsnypunt van duisend woorde te bepaal, is die volgende riglyne gevolg.

Die dele van meerdelige vaste uitdrukkings wat as ’n leksikale eenheid funksioneer, is nie as individuele woorde getel nie. Daarom is groepvoorsetsels soos *met betrekking tot, met behulp van* of *ten opsigte van* as ’n enkel woord getel en dra die groep dus ’n gewig van een (woord)telling. Begrippe soos eiename, datums, bedrae en persentasies wat ’n eenheid vorm, se dele is ook nie afsonderlik getel nie. So ook, is werkwoordgroepe soos *is ... gekenmerk*, *het ... goedgekeur* of *sal ... verstaan* wat uit ’n hulp- en hoofwerkwoord bestaan, as ’n eenheid beskou en het dit dus ook ’n gewig van een (woord)telling gedra.[11] Die meerwoordige voorbeelde tussen hakies hieronder verteenwoordig telkens net een (woord)telling:

- eiename (byvoorbeeld *Andrew Stansfield, dr M N Hermann* [Teks *Clover*], *Universiteit van Stellenbosch* [Teks *US*] of *Nasionale Plan van Hoër Onderwys* [Teks *US*])
- datums (byvoorbeeld *1 Julie 2000* [Teks *Clover*], *11 September* [Teks *Naspers*], of *Maart 2000* [Teks *US*])

[11] Let wel: waar ’n werkwoordgroep uit ’n hulpwerkwoord + *kom*, *gaan*, *stuur, bring* of *neem* bestaan het, het die werkwoordgroep twee (woord)tellings verteenwoordig omdat die hoofwerkwoorde in dié gevalle, buiten hulle tydsdeiktiese waarde, ook ’n ruimtelike betekeniswaarde aktiveer (sien bl.30-32).

- bedrae (byvoorbeeld *R66, 53 miljoen* [Teks *Mettle*]) en
- persentasies (byvoorbeeld *22,4 persent* [Teks *KWV*] of *24%* [Teks *BoE*]).

Hierteenoor is die komponente in ’n setselgroep soos *gedurende 2000* wel as twee woorde gereken en het so ’n frase twee (woord)tellings verteenwoordig. Tesame met hierdie riglyne, moes daar ook besluit word watter woordsoortkategorieë by die ondersoek betrek sou word. Tabel 3.2 gee ’n opsomming van die woordsoortkategorieë wat in hierdie studie relevant is.

Tabel 3.2: Relevante konteks(on)afhanklike woordsoortkategorieë vir die meting van formaliteit in Afrikaanse bedryfstekste (jaarverslae en brosjures)

Konteksonafhanklike kategorie (Niedeikties)	**Konteksafhanklike kategorie (Deikties)**
Selfstandige naamwoorde (*s.nw.*)	Werkwoorde (*ww.*)
Objektiewe adjektiewe (*obj. adj.*)	Subjektiewe adjektiewe (*subj. adj.*)
	Persoonlike voornaamwoorde van die eerste- en tweedepersoon (*pers. vnw.*)
	Besitlike voornaamwoorde (eerste- [*1P*], tweede- [*2P*] en derdepersoon [*3P*])
	Bywoorde (*bw.*)

Die formaliteitsindeks van die tekste word bepaal deur die frekwensies van die woordsoorte in die deiktiese kategorie af te trek van die frekwensies van die woordsoorte in die niedeiktiese kategorie en die antwoord te normaliseer tot 100.

Dus:

F-indeks = (frekwensie van s.nwe + frekwensie van objektiewe adj.) – (frekwensie van wwe. + frekwensie van subjektiewe adjektiewe + frekwensie van voornaamwoorde + frekwensie van bywoorde) +100 / 2

Vervolgens sal daar verduidelik word hoe die frekwensies van die relevante woordsoortkategorieë bepaal is en in bostaande berekening gebruik is.

3.4 Metodologie

Nadat daar besluit is watter woordsoortkategorieë as grammatikale veranderlikes, buiten die passiefkonstruksie, ook by die ondersoek betrek sou word, is die voorkoms van elke woord wat behoort het tot een van die voorafbepaalde woordsoort-kategorieë geannoteer.

Dit het beteken dat elke woord uit die 20 568 woorde waaruit die korpus jaarverslae bestaan het en wat as ’n selfstandige naamwoord, objektiewe of subjektiewe adjektief, werkwoord, (persoonlike of besitlike) voornaamwoord of bywoord in die jaarverslag gefunksioneer het, handmatig geïdentifiseer en geannoteer is[12].

Daar is hoofsaaklik van kleure gebruik gemaak om ’n onderskeid tussen die verskillende woordsoortkategorieë te tref. So byvoorbeeld is werkwoorde met oranje in die teks onderstreep, voornaamwoorde met pienk of pers, bywoorde met groen en selfstandige naamwoorde is met potlood onderstreep. Adjektiewe is almal in die teks met potlood omkring, maar ten einde ’n onderskeid te tref tussen die objektiewe en subjektiewe adjektiewe, is objektiewe adjektiewe met die letter *o* gemerk, en subjektiewe adjektiewe met ’n asterisk (*). Passiefkonstruksies is slegs in die kantlyn met die kode *PK1, PK2, PK3, PK4, ens.* gemerk.

Daarna is die aantal woorde getel wat in elke kategorie geïdentifiseer is en as rou data in tabelvorm opgeneem (sien tabel 3.3). Die rou data is gebruik om die persentasie-frekwensie van elke kategorie in verhouding tot die totale aantal woorde van die teks te bereken (sien tabel 3.4)[13]. Hierdie frekwensies van die woord-soortkategorieë is dan gebruik om die formaliteitsindeks van die tekste te bepaal, soos in paragraaf 3.3 verduidelik is.

Vervolgens sal die resultate bespreek word wat die toepassing van bostaande formule opgelewer het ten opsigte van die data wat van die korpus jaarverslae verkry is.

[12] Die geannoteerde jaarverslae is as Bylae B bygevoeg.
[13] Let wel: Die persentasie-frekwensies van die woordsoortkategorieë in elke teks tel nie op tot 100% nie, omdat nie elke woord in die teks deel uitgemaak het van die woordsoortkategorieë wat by die ondersoek betrek is nie.

3.5 Bespreking van die resultate

Tabel 3.3 hieronder toon die rou data van die jaarverslae wat by die kwantitatiewe ondersoek betrek is. Die tabel toon ook die drie groepe (formeel, middelformeel, informeel) waarin die 22 tekste op grond van hulle formaliteitsgraad impressionisties[14] verdeel is. Die tentatiewe verdeling is gedoen voordat die woordsoortkategorieë binne jaarverslae as genre en dus binne konteks geanaliseer is. Die tentatiewe indeling het wel op ’n meer oorsigtelike wyse rekening gehou met verskillende veranderlikes wat formaliteit sou kon bepaal, sonder om noodwendig op een van die veranderlikes – soos byvoorbeeld die passiefkonstruksie – te fokus. Die vraag was dan, soos reeds vroeër gesuggereer is, in welke mate die presiese analise op basis van die F-indeks hierdie aanvanklike indeling sou bevestig of ontken.

’n Teks is op grond van die impressionistiese verdeling as synde informeel, middelformeel (’n gradering tussen informeel en formeel) of formeel gekategoriseer. Dit is interessant om daarop te let dat die twee tekste wat die hoogste passiefgebruikfrekwensie het – dié van Teks *Prok* (35 passiefkonstruksies, 1014 woorde) en dié van Teks *BKB* (30 passiefkonstruksies, 1014 woorde) – volgens die impressionistiese verdeling wel in die formele kategorie van die drievoudige skaal geval het en dat dit ook die geval was nadat die meetinstrument op die twee tekste toegepas is. Hier het die uitkoms van die impressionistiese verdeling die verwagting bevestig dat die formaliteitsgraad van ’n teks met ’n hoë passiefgebruikfrekwensie ook hoër sal wees. Hierdie verwagting word egter in dieselfde formele kategorie weerlê deurdat twee van die tekste wat van die laagste passiefgebruikfrekwensies in die korpus het – Teks *Alacrity* (8 passiefkonstruksies) en Teks *Derebus* (9 passiefkonstruksies) – impressionisties ook as deel van die formele kategorie geselekteer is. Trouens, Teks *Derebus* was op grond van die resultate van die meetinstrument uiteindelik die informeelste teks in die korpus jaarverslae.

Die impressionistiese verdeling is nie slegs gedoen op grond van die passiefgebruikfrekwensie wat met formaliteit in tekste geassosieer word nie, maar is, soos reeds in

[14] Die tekste is impressionisties verdeel nadat gelyke teksfragmente uit elke jaarverslag gelees is en die voorkoms en invloed van grammatikale veranderlikes soos moeilike woorde, formele voorsetselgroepe, en die vermyding van eerstepersoonsverwysing, wat volgens Müller (1998) die moeilikheidsgraad van ’n teks beïnvloed, in ag geneem is.

par. 3.2.1 hierbo verduidelik, op grond van die totale stilistiese en semantiese leeservaring van die eerste paragraaf van elke teks gedoen. Ander veranderlikes wat ook ’n invloed op die formaliteitsgraad van die teks kan hê, soos moeilike woorde en ingewikkelde sinskonstruksies of lang sinne, het dus ook ’n rol gespeel in die stilistiese en semantiese leeservaring van die tekste en die beoordeling van die formaliteitsgraad daarvan.

Tabel 3.3: Rou data en impressionistiese verdeling van jaarverslae volgens ’n drievoudige formaliteitskaal

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***						
F O R M E E L											
Naam	**Woorde**	**Aantal PK's**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***
Alacrity	415	8	88	28	39	15	5	4	0	1	11
BKB	1014	30	230	70	96	27	2	0	0	2	16
BoE	1004	17	237	69	101	27	6	0	0	6	23
Derebus	1024	9	206	44	140	51	43	35	0	8	35
KWV	1005	23	250	58	93	20	12	0	0	12	26
Naspers	1022	23	215	65	119	27	17	6	0	11	38
Pepkor	1028	10	216	69	108	20	20	2	2	16	33
Prok	1014	35	236	32	117	25	9	3	0	6	26
Senwes	1014	20	228	56	112	52	11	4	0	7	30
M I D D E L F O R M E E L											
Naam	**Woorde**	**Aantal PK's**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***
Absa	1154	24	267	78	131	39	7	*0*	*0*	*7*	9
Distell	1013	29	274	65	128	39	3	*0*	*0*	*3*	15
KNB	961	12	200	66	128	34	26	*13*	*0*	*13*	21
Remgro	1024	21	212	76	71	12	6	*0*	*0*	*6*	8
UP	1024	23	241	68	108	34	9	*0*	*0*	*9*	22
US	1018	10	224	72	81	40	4	*1*	*1*	*2*	17
Venfin	1014	27	220	72	116	20	18	*2*	*0*	*16*	18
I N F O R M E E L											
Naam	**Woorde**	**Aantal PK's**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***
Affies	1001	10	205	39	113	16	39	*22*	*6*	*11*	50
AHI	663	6	144	18	82	31	10	*7*	*0*	*3*	12
Astgroup	675	14	142	32	76	38	29	*28*	*0*	*1*	24
Cape Joint	1007	13	200	47	112	23	27	*7*	*8*	*12*	35
Clover	572	9	132	28	52	22	16	*10*	*0*	*6*	14
Mettle	902	8	184	50	109	55	66	*60*	*0*	*6*	17
	20568										

Tabel 3.4 toon die persentasie-frekwensies van die rou data wat in tabel 3.3 hierbo vervat is, asook die berekende formaliteitsindeks in dalende orde van die jaarverslae in die korpus.

Tabel 3.4: Formaliteitsindekse van die korpus jaarverslae in dalende orde (formeel → informeel)

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Remgro	1024	2,1	20,7	7,4	6,9	1,2	0,6	*0*	*0*	*0,6*	0,8	59,3
KWV	1005	2,3	24,9	5,8	9,3	2	1,2	*0*	*0*	*1,2*	2,6	57,8
BKB	1014	3	22,7	6,9	9,5	2,7	0,2	*0*	*0*	*0,2*	1,6	57,8
US	1018	1	22	7,1	8	3,9	0,4	*0,1*	*0,1*	*0,2*	1,7	57,6
Distell	1013	2,9	27	6,4	12,6	3,8	0,3	*0*	*0*	*0,3*	1,5	57,6
BoE	1004	1,7	23,6	6,9	10	2,7	0,6	*0*	*0*	*0,6*	2,3	57,5
Absa	1154	2,1	23,1	6,8	11,4	3,4	0,6	*0*	*0*	*0,6*	0,8	56,9
UP	1024	2,2	23,5	6,6	10,5	3,3	0,9	*0*	*0*	*0,9*	2,1	56,7
Venfin	1014	2,7	21,7	7,1	11,4	2	1,8	*0,2*	*0*	*1,6*	1,8	55,9
Alacrity	415	1,9	21,2	6,7	9,4	3,6	1,2	*1*	*0*	*0,2*	2,7	55,5
Pepkor	1028	1	21	6,7	10,5	1,9	1,9	*0,2*	*0,2*	*1,6*	3,2	55,1
Clover	572	1,6	23	4,9	9,1	3,8	2,8	*1,7*	*0*	*1,1*	2,4	54,9
Prok	1014	3,5	23,3	3,2	11,5	2,5	0,9	*0,3*	*0*	*0,6*	2,6	**54,5**[15]
Naspers	1022	2,3	21	6,6	11,6	2,6	1,7	*0,6*	*0*	*1,1*	3,7	54
Senwes	1014	2	22,5	5,5	11	5,1	1,1	*0,4*	*0*	*0,7*	3	53,9
KNB	961	1,2	20,8	6,7	13,3	3,5	2,7	*1,4*	*0*	*1,4*	2,2	52,9
Cape Joint	1007	1,3	19,9	4,7	11,1	2,3	2,7	*0,7*	*0,8*	*1,2*	3,5	52,5
AHI	663	0,9	21,7	2,7	12,4	4,7	1,5	*1,1*	*0*	*0,5*	1,8	52
Affies	1001	1	20,5	3,9	11,3	1,6	3,9	*2,2*	*0,6*	*1,1*	5	51,3
Astgroup	675	2,1	21	4,7	11,3	5,6	4,3	*4,1*	*0*	*0,1*	3,6	50,5
Mettle	902	0,9	20,4	5,5	12,1	6,1	7,3	*6,7*	*0*	*0,7*	1,9	49,3
Derebus	1024	0,9	20,1	4,3	13,7	5	4,2	*3,4*	*0*	*0,8*	3,4	49
	20568											

As die tellings binne die niedeiktiese kategorie individueel nagegaan word, is dit interessant dat die tekste met die laagste selfstandigenaamwoordfrekwensie (Teks *Cape Joint*) en die teks met die minste objektiewe adjektiewe (Teks *AHI*) deel uitmaak van die informeler tekste in die korpus. Dié twee tekste het op grond van die impressionistiese verdeling ook deel uitgemaak van die kategorie informele tekste (sien tabel 3.3). Dit klop met die teoretiese verwagting: die niedeiktiese kategorie is 'n

[15] Die gemiddelde F-indeks van die korpus jaarverslae is 54,7. Daarom is die F-indeks van 54,5 met 'n grys getinte blokkie gemerk om as relatiewe verwysingspunt vir die interpretasie van die F-indeks van die onderskeie jaarverslae te dien.

merker van formaliteit, daarom sal laer tellings in dié kategorie met informeler tekste geassosieer word.

Die teendeel is waar ten opsigte van die deiktiese kategorieë: die tekste met die laagste tellings in dié kategorie, wat bestaan uit werkwoorde, subjektiewe adjektiewe, voornaamwoorde en bywoorde, maak deel uit van die formeler tekste in die korpus. Die deiktiese kategorie is ’n merker van informaliteit. Hoe minder daar dus van dié kategorie woorde in ’n teks voorkom, hoe formeler behoort die teks te wees.

So byvoorbeeld het Teks *US* slegs 8 werkwoorde per 100 woorde en ’n F-indeks van 57,6, terwyl Teks *Derebus*, wat die informeelste teks in die korpus jaarverslae is, 13,7 werkwoorde per 100 woorde bevat en ’n F-indeks van 49 het. Dit klop met die verwagting dat ’n teks met ’n hoë werkwoordfrekwensie informeler behoort te wees as ’n teks waarin minder werkwoorde gebruik word.

Teks *Remgro* het die laagste frekwensie subjektiewe adjektiewe (1,2 per 100 woorde) en die hoogste F-indeks in die korpus, naamlik 59,3. Subjektiewe adjektiewe is merkers van informaliteit; Teks *Remgro* se lae frekwensie subjektiewe adjektiewe bevestig die verwagting dat die teks moontlik ’n hoër F-indeks sal hê. Teks *Mettle* wat 5 keer meer subjektiewe adjektiewe as Teks *Remgro* bevat, het ’n F-indeks van 49,3, wat die tweede laagste F-indeks in die korpus is.

Teks *Mettle* het ook die hoogste frekwensie voornaamwoorde in die korpus. Teks *BKB* wat die laagste frekwensie voornaamwoorde het, het die tweede hoogste F-indeks in die korpus. Hoe meer voornaamwoorde daar in ’n teks is, hoe mensliker behoort die teks te wees, en hoe informeler dus. Die laer frekwensie voornaamwoorde in Teks *BKB* bied ten minste een verklaring waarom dié teks se F-indeks hoër is as dié van Teks *Mettle*, wat die hoogste frekwensie voornaamwoorde in die korpus het.

As die tellings in elke kategorie individueel met die F-indeks vergelyk word, lyk dit met die eerste oogopslag of drie van die kategorieë met die F-indeks korreleer: die tellings van die afsonderlike jaarverslae in die kategorie objektiewe adjektiewe (nie-

deiktiese kategorie) verminder soos wat die tekste se F-indeks verminder; dié in die kategorie werkwoorde en voornaamwoorde (deiktiese kategorie) vermeerder soos wat die F-indeks van die tekste afneem.

Op die oog af lyk die tellings ten opsigte van selfstandige naamwoorde en bywoorde so onreëlmatig dat geen algemene gevolgtrekking(s) gemaak kan word nie. Heylighen en Dewaele (1999) suggereer wel dat die selfstandigenaamwoord-frekwensie verhoog soos wat die formaliteitsindeks van die tekste toeneem. Wat wel afgelei kan word van die tellings wat in tabel 3.3. ten opsigte van die kategorie selfstandige naamwoorde vervat is, is dat die teks met die hoogste frekwensie selfstandige naamwoorde (Teks *Distell*) die derde hoogste formaliteitsindeks (57,6) in die korpus het. Die teks met die laagste frekwensie selfstandige naamwoorde (Teks *Cape Joint*) is volgens die F-indekse weer deel van die informeler tekste in die korpus en het ’n F-indeks van 52,5.

Dit gaan in hierdie studie naas die operasionalisering van formaliteit veral ook oor die invloed wat ander grammatikale veranderlikes soos die passiefkonstruksie op die formaliteit van ’n teks het. Daarom sal ’n kombinasie van tekste vervolgens vergelyk word wat gekies is op grond van hulle F-indeks en passiefgebruikfrekwensie. Ses sulke teksvergelykings sal gedoen word en die volgende tekste sal op grond van hulle F-indeks en/of passiefgebruikfrekwensie met mekaar vergelyk word:

1. Teks *Remgro* (teks met die hoogste F-indeks) en Teks *Prok* (teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie).
2. Teks *Derebus* (teks met die laagste F-indeks) met Teks *Prok* (teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie).
3. Teks *Remgro* (teks met die hoogste F-indeks) met Teks *AHI* en *Mettle* (twee van die tekste met die laagste passiefgebruikfrekwensie).
4. Teks *Derebus* (teks met die laagste F-indeks en een van die tekste met die laagste passiefgebruikfrekwensie) met Teks *US, Pepkor* en *Affies* (tekste met die tweede laagste passiefgebruikfrekwensie).
5. Teks *Remgro* (teks met die hoogste F-indeks) met Teks *Derebus* (teks met die laagste F-indeks).

6. Teks *Prok* (teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie) met Teks *AHI, Mettle* en *Derebus* (tekste met die laagste passiefgebruikfrekwensie).

3.5.1 Vergelyking: Teks Remgro en Teks Prok

(↑ F-indeks en ↑ passiefgebruikfrekwensie)

Ter wille van maklike verwysing, word die data van Teks *Remgro* en Teks *Prok,* soos wat dit in tabel 3.4 voorkom, hier herhaal.

Tabel 3.5: Data van tekste met die hoogste F-indeks en hoogste passiefgebruikfrekwensie

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Remgro	1024	2,1	20,7	7,4	6,9	1,2	0,6	*0*	*0*	*0,6*	0,8	59,3
Prok	1014	3,5	23,3	3,2	11,5	2,5	0,9	*0,3*	*0*	*0,6*	2,6	54,5

Volgens die formaliteitsindeks in die tabel is die teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie (Teks *Prok*: 3,5 passiefkonstruksies per 100 woorde) nie die formeelste teks in die korpus nie. Op grond van die literatuur bestaan die verwagting dat die teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie die teks met die hoogste F-indeks behoort te wees. Teks *Prok* se formaliteitsindeks is 54,5 en die gemiddelde formaliteitsindeks van die korpus is 54,7, wat nie ’n beduidende verskil verteenwoordig nie.

Hoewel ’n mens dus verwag dat hierdie teks op grond van sy passiefgebruikfrekwensie die hoogste, of ten minste een van die hoogste formaliteitsindekse in die korpus sal hê, verteenwoordig dit op grond van die formaliteitsindeks ’n gemiddelde punt op die indeks. Hoewel Teks *Prok* se passiefgebruikfrekwensie 1,6 keer meer as dié van Teks *Remgro* is, is Teks *Prok* se F-indeks steeds 4,8 indekspunte laer as dié van Teks *Remgro*.

Daarom word Teks *Prok*, wat na verwagting op grond van sy passiefgebruikfrekwensie die formeelste teks behoort te wees, vergelyk met Teks *Remgro*, wat volgens die berekende formaliteitsindeks die formeelste teks in die korpus is. So ’n vergelyking bring die volgende aan die lig:

- Teks *Prok* bevat 1,6 keer meer werkwoorde as Teks *Remgro* (11,5 teenoor 6,9 per 100 woorde).
- Teks *Prok* bevat 2 keer meer subjektiewe adjektiewe as Teks *Remgro* (2,5 teenoor 1,2 per 100 woorde).
- Teks *Prok* bevat 3,3 keer meer bywoorde as Teks *Remgro* (2,6 teenoor 0,8 per 100 woorde).
- Teks *Prok* bevat eerstepersoonsverwysings (0,3 per 100 woorde); Teks *Remgro* het geen eerstepersoonsverwysings nie.
- Teks *Prok* bevat 2,3 keer minder objektiewe adjektiewe as Teks *Remgro* (3,2 teenoor 7,4 per 100 woorde).

Uit bostaande vergelykende statistiese gegewens kan die volgende afleidings gemaak word:

- Teks *Prok* behoort lewendiger en dus minder formeel as Teks *Remgro* te wees omdat werkwoorde lewendigheid aan ’n teks verleen en aktiewe handelinge uitbeeld (Du Toit & Smith-Müller, 2003:78).
- Teks *Prok* behoort ’n hoër graad van subjektiwiteit as Teks *Remgro* te hê, wat ’n kleiner afstandelikheid en ’n hoër graad van informaliteit impliseer.
- Volgens Heylighen en Dewaele (1999:12) klop die hoër frekwensie bywoorde met die hoër frekwensie werkwoorde. Hulle sê: “... the frequency of adverbs will increase with an increase in verb frequency ...”. Verder sê hulle ook: “... a speaker using an informal style would prefer using verbs” (1999: par. 3.1). ’n Hoër frekwensie werkwoorde in kombinasie met ’n hoër frekwensie bywoorde impliseer volgens Heylighen en Dewaele dus ’n hoër graad van informaliteit. Op grond hiervan behoort Teks *Prok* dus informeler as Teks *Remgro* te wees.
- Volgens Müller (1998:70) vergroot vermyding van eerstepersoonsverwysing die afstandelikheid in ’n teks en verhoog dit die formaliteitsgraad daarvan. Op grond hiervan ontstaan die verwagting dat Teks *Prok*, waarin daar wel eerste-persoonsverwysing voorkom, informeler as Teks *Remgro* sal wees.
- Objektiewe adjektiewe is deel van die niedeiktiese kategorie. Die grammatikale veranderlikes in die kategorie is merkers van formaliteit. Teks *Remgro* bevat

meer as twee keer soveel objektiewe adjektiewe as wat daar in Teks *Prok* voorkom. Hiervolgens behoort Teks *Remgro* formeler as Teks *Prok* te wees.

Die algemene verwagting wat op grond van bostaande afleidings gemaak kan word, is dat Teks *Prok* informeler as Teks *Remgro* behoort te wees, nieteenstaande die feit dat Teks *Prok* 1,6 keer meer passiefkonstruksies as Teks *Remgro* bevat (3,5 passiefkonstruksies in Teks *Prok* teenoor 2,1 in Teks *Remgro*).

Teks *Prok* het selfs ’n hoër frekwensie selfstandige naamwoorde as Teks *Remgro*, wat nie klop met wat Heylighen en Dewaele (1999) sê nie. Volgens hulle word ’n hoër frekwensie selfstandige naamwoorde met ’n hoër F-indeks geassosieer. Teks *Prok* het egter minder objektiewe adjektiewe, wat ook met formaliteit geassosieer word, as Teks *Remgro* en Teks *Prok* se gesamentlike telling in die niedeiktiese kategorie, met ander woorde die formaliteitskategorie, is 1,6 indekspunte laer as dié van Teks *Remgro*. Op grond hiervan kan die verwagting bestaan dat Teks *Prok* wel informeler as Teks *Remgro* behoort te wees.

Daarenteen, is die gesamentlike telling van Teks *Prok* se deiktiese (informele) kategorie 8 indekspunte meer as dié van Teks *Remgro*. Dit beteken dat die frekwensie van die woordsoorte in die deiktiese kategorie 1,8 keer hoër is in Teks *Prok* as die frekwensie deiktiese woordsoorte in Teks *Remgro*.

Die frekwensie voornaamwoorde in die twee tekste verskil nie baie nie: in Teks *Remgro* is die frekwensie voornaamwoorde 0,6 en in Teks *Prok* 0,9, maar daar kom wel eerstepersoonsverwysing in Teks *Prok* voor wat nie die geval in Teks *Remgro* is nie. Teks *Prok* het veral meer werkwoorde en bywoorde as Teks *Remgro*. Hierdie woordsoorte is deel van die deiktiese kategorie en hulle is merkers van informaliteit. Op grond hiervan behoort Teks *Prok* informeler as Teks *Remgro* te wees. Die verwagting word wel deur die formaliteitsindeks bevestig: Teks *Prok* se F-indeks is 54,5, terwyl Teks *Remgro* se F-indeks 59,3 is.

Die algemene afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die hoër graad van informaliteit in Teks *Prok* toegeskryf kan word aan die hoër frekwensie van die

woordsoorte in die deiktiese (informele) kategorie wat in hierdie teks voorkom en dat hierdie kombinasie van grammatikale veranderlikes die teks se graad van formaliteit verlaag, nieteenstaande die teks se hoë passiefgebruikfrekwensie.

3.5.2 Vergelyking: Teks Derebus en Teks Prok

(↓F-indeks en ↑passiefgebruikfrekwensie)

In die vorige paragraaf, is Teks *Remgro*, wat die hoogste F-indeks in die korpus het, vergelyk met Teks *Prok*, wat die hoogste passiefgebruikfrekwensie in die korpus het. Vervolgens word Teks *Derebus*, wat die laagste F-indeks in die korpus het, vergelyk met Teks *Prok*, wat die hoogste passiefgebruikfrekwensie in die korpus het. Die twee tekste se tellings word gerieflikheidshalwe weer hieronder gegee.

Tabel 3.6: Data van tekste met die laagste F-indeks en hoogste passiefgebruikfrekwensie

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Prok	1014	3,5	23,3	3,2	11,5	2,5	0,9	*0,3*	*0*	*0,6*	2,6	54,5
Derebus	1024	0,9	20,1	4,3	13,7	5	4,2	*3,4*	*0*	*0,8*	3,4	49

Teks *Derebus* wat die laagste F-indeks in die korpus het, is ook een van die tekste wat die laagste passiefgebruikfrekwensie het. Teks *Derebus* se passiefgebruik-frekwensie is 3,8 keer minder as dié van Teks *Prok* en Teks *Prok* se F-indeks is 5,5 indekspunte hoër as dié van Teks *Derebus*.

Hoewel die frekwensie van die objektiewe adjektiewe, wat met formaliteit geas-sosieer word, hoër in Teks *Derebus* as in Teks *Prok* is, is die som van die woord-soorte in die niedeiktiese (formele) kategorie 2,1 indekspunte laer in Teks *Derebus* as in Teks *Prok*. Daarenteen is die som van die woordsoorte in die deiktiese kate-gorie, wat met informaliteit geassosieer word, in die geval van Teks *Derebus* veel hoër (26,3) as in Teks *Prok* (17,5).

Die frekwensie van die selfstandige naamwoorde is ook 1,2 keer hoër in Teks *Prok* as in Teks *Derebus*. Op grond hiervan ontstaan die verwagting tereg dat Teks *Prok* formeler as *Teks Derebus* sal wees. Dit word ook deur die F-indeks van die twee

tekste weerspieël. Teks *Prok* se formaliteit is inderdaad 5,5 indekspunte hoër as dié van Teks *Derebus*.

Die grootste verskil tussen die twee tekste se tellings kom voor in hul voornaamwoordfrekwensie wat deel uitmaak van die deiktiese (informele) kategorie. Dié verskil is te verstane: omdat Teks *Prok* se passiefgebruikfrekwensie so hoog is, verwag ’n mens dat dié teks ’n laer voornaamwoordfrekwensie sal hê. Die rede hiervoor is dat persoonsdeiksis, wat in ’n teks met die gebruik van voornaamwoorde geëkspliseer word, in die passiefkonstruksie geëlimineer word[16]. Dit is dan ook interessant dat Teks *Prok* se passiefgebruikfrekwensie byna 4 keer dié van Teks *Derebus* is en dat die voornaamwoordfrekwensie in Teks *Derebus* weer meer as 4 keer dié van Teks *Prok* is. Dit is ook opvallend dat Teks *Derebus*, wat die informeelste van die twee tekste is, 3,4 eerstepersoonsverwysings per 100 woorde bevat teenoor die slegs 0,3 eerstepersoonsverwysings per 100 woorde in Teks *Prok*. Voornaamwoorde is ’n eg deiktiese kategorie en die aanwesigheid daarvan in tekste verhoog die informaliteit van die teks. Hoe meer voornaamwoorde daar in ’n teks aanwesig is, hoe minder passiefkonstruksies behoort daar dus te wees. Wat egter interessant is, is dat Teks *Derebus* se F-indeks steeds 2,2 indekspunte laer bly as dié van Teks *Prok*, selfs al sou die voornaamwoordtellings van die twee tekste omgeruil word. Dit beteken dat die hoër frekwensie werkwoorde, subjektiewe adjektiewe en bywoorde in Teks *Derebus* verder bydra tot die hoër graad van informaliteit in dié teks.

’n Algemene afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat ’n hoër passiefgebruikfrekwensie inderdaad ’n laer voornaamwoordfrekwensie tot gevolg het, maar dat dit steeds die samespel van die woordsoortfrekwensies in die deiktiese kategorie is wat die graad van informaliteit van ’n teks bepaal.

[16] Vergelyk byvoorbeeld die aktiefkonstruksie “Hulle het die nuwe logo en slagspreuk bekendgestel” teenoor die passiefkonstruksie waarin die doener verswyg word en persoonsdeiksis (voornaamwoordverwysing *hulle*) daardeur geëlimineer word: “Die nuwe logo en slagspreuk is bekendgestel.”

3.5.3 Vergelyking: Teks Remgro en Teks AHI en Teks Mettle

(↑F-indeks en ↓passiefgebruikfrekwensie)

In hierdie paragraaf word die teks met die hoogste F-indeks (Teks *Remgro*) vergelyk met twee van die tekste wat die laagste passiefgebruikfrekwensie in die korpus weerspieël (Teks *AHI* en Teks *Mettle*). Hoewel Teks *Derebus* een van die drie tekste met die laagste passiefgebruikfrekwensie in die korpus is, word dié teks nie by hierdie vergelyking ingesluit nie. Die rede hiervoor is dat Teks *Derebus* (laagste passiefgebruikfrekwensie) in paragraaf 3.5.5 hieronder vergelyk word met die teks met die hoogste F-indeks in die korpus, naamlik Teks *Remgro*.

Volgens die literatuur verwag ’n mens dat ’n lae passiefgebruikfrekwensie met ’n informeler teks geassosieer word. Teks *Remgro* het nie die hoogste passiefgebruik-frekwensie in die korpus nie, maar is wel die teks met die hoogste F-indeks en is dus die formeelste teks in die korpus. Volgens tabel 3.4 hierbo is die passiefgebruik-frekwensie van Teks *Remgro* (2,1 per 100 woorde) dieselfde as dié van Teks *Absa* en Teks *Astgroup*. Die F-indeks van laasgenoemde twee tekste is egter laer as dié van Teks *Remgro*, naamlik 56,9 en 50,5 onderskeidelik (Teks *Remgro* se F-indeks is 59,3). Trouens, Teks *Astgroup* se F-indeks is die derde laagste in die korpus en die teks is dus een van die drie informeelste tekste in die korpus.

Tabel 3.7: Data van tekste met die hoogste F-indeks en laagste passiefgebruikfrekwensie

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Remgro	1024	2,1	20,7	7,4	6,9	1,2	0,6	*0*	*0*	*0,6*	0,8	59,3
AHI	663	0,9	21,7	2,7	12,4	4,7	1,5	*1,1*	*0*	*0,5*	1,8	52
Mettle	902	0,9	20,4	5,5	12,1	6,1	7,3	*6,7*	*0*	*0,7*	1,9	49,3

Die statistiese gegewens in bostaande tabel toon die volgende:

- Hoewel die tekste grootliks verskil ten opsigte van hulle passiefgebruik-frekwensie (Teks *Remgro* het 2,3 keer meer passiefkonstruksies as Teks *AHI* en Teks *Mettle*), toon die frekwensies van die tekste se selfstandige naam-woorde nie dieselfde patroon nie. Heylighen en Dewaele (1999) sê dat ’n hoër frekwensie selfstandige naamwoorde met ’n hoër graad van formaliteit

geassosieer word. Op grond hiervan sou ’n mens dus verwag dat Teks *Remgro* se frekwensie selfstandige naamwoorde die hoogste van die drie tekste sou wees. Teks *AHI* het egter die meeste selfstandige naamwoorde, maar is informeler op grond van die F-indeks as Teks *Remgro*.

- In Teks *Remgro* is die totale som van die woordsoorte in die deiktiese (informele) kategorie veel laer (9,5) as in Teks *AHI* (20,4) en Teks *Mettle* (27,4). Op grond hiervan behoort Teks *Mettle* die informeelste teks van die drie te wees, wat deur die F-indeks bevestig word.
- Wat die som van werkwoord- en bywoordfrekwensie betref, is dié van Teks *AHI* die hoogste (14,2), gevolg deur Teks *Mettle* (14) en dan Teks *Remgro* (7,7). Hieruit kan ’n mens aflei dat Teks *Remgro* minder lewendig en dus formeler as die ander twee tekste behoort te wees.
- Teks *Remgro* het die hoogste frekwensie objektiewe adjektiewe van die drie tekste (7,4 per 100 woorde) wat daartoe bydra dat die som van die woordsoorte van dié teks se niedeiktiese kategorie die hoogste van die drie tekste is (28,1). Objektiewe adjektiewe word met formaliteit geassosieer. Teks *Mettle* het die tweede hoogste frekwensie objektiewe adjektiewe en die som van die teks se woordsoorte in die niedeiktiese kategorie is ook die tweede hoogste van die drie tekste (25,9). Tóg is die teks die informeelste van die drie tekste. Dit kan verklaar word aan die hand van Teks *Mettle* se veel hoër frekwensie subjektiewe adjektiewe en voornaamwoorde. Hierdie twee woordsoorte maak deel uit van die deiktiese kategorie en is merkers van informaliteit.
- Boonop bevat Teks *Mettle* 6 keer meer eerstepersoonsverwysings as Teks *AHI*. Teks *Remgro* bevat geen eerstepersoonsverwysings nie. ’n Hoë frekwensie voornaamwoorde, en veral eerstepersoonsverwysing, verhoog die menslikheidseffek in ’n teks, verklein daardeur die afstandelikheid en verlaag dus die formaliteitsgraad van die teks. Dit is dus te verstane dat die F-indeks van Teks *Mettle* laer is as dié van Teks *Remgro* en Teks *AHI*.
- As die tellings van die twee informeelste tekste hierbo, Teks *AHI* en Teks *Mettle*, vergelyk word, is dit duidelik dat die grootste verskil tussen die twee tekste in die voornaamwoordfrekwensie gesetel is. Teks *Mettle* het byna 5 keer meer voornaamwoorde as Teks *AHI*. Daar is nie ’n beduidende verskil tussen die tekste se werkwoord- en bywoordfrekwensie nie. Die hoër informaliteit van Teks

Mettle kan in hierdie geval dus veral toegeskryf word aan die teks se veel hoër voornaamwoordfrekwensie en ook aan die teks se hoë frekwensie subjektiewe adjektiewe.

3.5.4 Vergelyking: Teks Derebus en Teks US, Pepkor en Affies

(↓F-indeks en ↓passiefgebruikfrekwensie)

Vervolgens word Teks *Derebus*, wat die laagste F-indeks in die korpus verteenwoordig en ook een van die tekste is wat die laagste passiefgebruik-frekwensie het, vergelyk met Teks *US, Pepkor* en *Affies.* Laasgenoemde drie tekste het die tweede laagste passiefgebruikfrekwensie in die korpus, maar aangesien die ander twee tekste wat die laagste passiefgebruikfrekwensie in die korpus het, naamlik Teks *AHI* en *Mettle*, reeds by vergelykings[17] betrek is, is daar besluit om Teks *US, Pepkor* en *Affies* in hierdie vergelyking te gebruik.

Hierdie vergelyking tussen die tekste is deel van die ses vergelykings wat getref word om te bepaal wat die invloed van passiefgebruikfrekwensie op die formaliteitsgraad van ’n teks is en om te bepaal of die ander grammatikale veranderlikes wat by die ondersoek betrek word ook ’n invloed uitoefen op die formaliteitsgraad van ’n teks.

Die tellings van hierdie tekste word in die tabel hieronder vervat.

Tabel 3.8: Data van tekste met die laagste F-indeks en laagste passiefgebruikfrekwensie

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
US	1018	1	22	7,1	8	3,9	0,4	*0,1*	*0,1*	*0,2*	1,7	57,6
Pepkor	1028	1	21	6,7	10,5	1,9	1,9	*0,2*	*0,2*	*1,6*	3,2	55,1
Affies	1001	1	20,5	3,9	11,3	1,6	3,9	*2,2*	*0,6*	*1,1*	5	51,3
Derebus	1024	0,9	20,1	4,3	13,7	5	4,2	*3,4*	*0*	*0,8*	3,4	49

Bogenoemde data toon die volgende:

- Die som van die frekwensies van die woordsoorte in die niedeiktiese (formele) kategorie van Teks *Derebus* en Teks *Affies* is dieselfde, naamlik 24,4. Tog is

[17] Sien par. 3.5.3 en 3.5.6 vir vergelykings waarin Teks *AHI* en *Mettle* figureer, wat van die twee tekste met die laagste passiefgebruikfrekwensie (0,9 per 100 woorde) in die korpus is.

Teks *Derebus* se formaliteitsgraad 2,3 indekspunte laer op die F-indeks as dié van Teks *Affies*.

- Die werkwoordfrekwensie, frekwensie van die subjektiewe adjektiewe én voornaamwoorde, wat almal deel uitmaak van die deiktiese (informele) kategorie en met informaliteit geassosieer word, is hoër in Teks *Derebus* as in Teks *Affies*. Die som van die frekwensies van die woordsoorte in die deiktiese kategorie van Teks *Derebus* is 26,3 teenoor Teks *Affies* se telling van 21,8. Daar is ook meer eerstepersoonsverwysings in Teks *Derebus* as in Teks *Affies*. Op grond hiervan sou ’n mens dus verwag dat Teks *Derebus* informeler as Teks *Affies* behoort te wees.
- Teks *US* bevat die hoogste frekwensie selfstandige naamwoorde en objektiewe adjektiewe van die vier tekste. Hierdie teks se werkwoordfrekwensie is boonop die laagste van die vier tekste en die tweede laagste in die korpus. ’n Lae frekwensie werkwoorde beïnvloed die lewendigheid van die teks en verhoog dus die formaliteitsgraad daarvan.
- Hoewel Teks *US* die tweede hoogste frekwensie subjektiewe adjektiewe van die vier tekste het en subjektiewe adjektiewe met informaliteit geassosieer word, veroorsaak die lae frekwensie voornaamwoorde dat die menslikheidsaspek in die teks laer is as in Teks *Derebus* en Teks *Affies*. Hierdie kombinasie, lae werkwoordfrekwensie tesame met ’n lae voornaamwoordfrekwensie, verklaar die hoër F-indeks van Teks *US* in vergelyking met die laer tellings van Teks *Affies* en *Derebus.*
- Teks *Affies* het die vierde laagste F-indeks in die korpus, naamlik 51,3. Dit is 3,8 indekspunte laer as die van Teks *Pepkor* wat ’n F-indeks van 55,1 het en ’n bogemiddelde[18] formaliteitsgraad op die F-indeks van die korpus verteenwoordig. Teks *Affies* en Teks *Pepkor* verskil nie baie wat die frekwensies van hulle selfstandige naamwoorde (niedeiktiese, formele kategorie), werkwoorde en subjektiewe adjektiewe (deiktiese, informele kategorie) betref nie. Teks *Pepkor*, wat volgens die F-indeks formeler as Teks *Affies* is, het selfs ’n hoër frekwensie subjektiewe adjektiewe as Teks *Affies* en subjektiewe adjektiewe word geassosieer met informaliteit. Die verskil is egter klein. Daar is ’n veel hoër

[18] Die gemiddelde F-indeks van die korpus is 54,7.

verskil in die frekwensie objektiewe adjektiewe van die twee tekste. Teks *Pepkor* het 1,7 keer meer objektiewe adjektiewe as Teks *Affies* en dié (nie-deiktiese) kategorie woordsoort word geassosieer met formaliteit. As daar verder in ag geneem word dat Teks *Affies* 2 keer soveel voornaamwoorde (en 11 keer meer eerstepersoonsverwysings) as Teks *Pepkor* bevat, word die verwagting versterk dat Teks *Affies* informeler as Teks *Pepkor* sal wees. Voornaamwoorde word met menslikheid, minder afstandelikheid en dus informaliteit geassosieer. Die gesamentlike werkwoord- en bywoordfrekwensies van Teks *Affies* is ook hoër as die van Teks *Pepkor* (16,3 teenoor 13,7), wat beteken dat die lewendigheidseffek in Teks *Affies* hoër as in Teks *Pepkor* behoort te wees, en lewendigheid word ook met informaliteit geassosieer. Hoewel die passiefgebruikfrekwensie in die twee tekste dieselfde is, dra die hoër frekwensie werkwoorde en voornaamwoorde in Teks *Affies* daartoe by dat die menslikheidsaspek in Teks *Affies* hoër as in Teks *Pepkor* is, die afstandelikheid dus minder is en die formaliteitsgraad laer. Die F-indeks weerspieël hierdie verwagting.

3.5.5 Vergelyking: Teks Remgro en Teks Derebus

(↑F-indeks en ↓F-indeks)

Voorts word die teks wat op grond van die F-indeks die formeelste is (Teks *Remgro*: F-indeks = 59,3) vergelyk met die teks wat op grond van die F-indeks die informeelste is (Teks *Derebus*: F-indeks = 49). Hierdie vergelyking word veral uitgevoer om te probeer vasstel op grond waarvan Teks *Remgro* soveel formeler (10,3 indekspunte) as Teks *Derebus* is.

Ter wille van maklike verwysing word die twee tekste se tellings hier herhaal:

Tabel 3.9: Data van tekste met die hoogste F-indeks en laagste F-indeks

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Remgro	1024	2,1	20,7	7,4	6,9	1,2	0,6	*0*	*0*	*0,6*	0,8	59,3
Derebus	1024	0,9	20,1	4,3	13,7	5	4,2	*3,4*	*0*	*0,8*	3,4	49

- Teks *Remgro* se passiefgebruikfrekwensie is 2,3 keer dié van Teks *Derebus*.
- Daar is nie ’n beduidende verskil in die frekwensie selfstandige naamwoorde van die twee tekste nie, maar Teks *Derebus* het 1,7 keer meer objektiewe adjektiewe as Teks *Remgro* (7,4 teenoor 4,3 per 100 woorde). Selfstandige naamwoorde en objektiewe adjektiewe maak deel uit van die kategorie nie-deiktiese woordsoorte wat met formaliteit geassosieer word. Die feit dat Teks *Remgro* se frekwensie objektiewe adjektiewe hoër is as dié van Teks *Derebus* dra daartoe by dat die somtotaal van die woordsoorte in die niedeiktiese kategorie, wat met formaliteit geassosieer word, in teks *Remgro* se geval hoër is as dié van Teks *Derebus*.

As die tellings van die woordsoorte in die deiktiese kategorie van die twee tekste vergelyk word, vergroot dit die verwagting dat Teks *Derebus* informeler as Teks *Remgro* behoort te wees: die woordsoorte in die deiktiese kategorie word met informaliteit geassosieer en Teks *Derebus* toon telkens ’n hoër frekwensie van die woordsoorte wat deel van hierdie kategorie uitmaak as Teks *Remgro*.

- Teks *Derebus* het byna 2 keer meer werkwoorde as Teks *Remgro* (13,7 teenoor 6,9 per 100 woorde). Werkwoorde het ’n verlewendigingseffek in ’n teks en die teenwoordigheid daarvan in ’n teks word met informaliteit geassosieer.
- Teks *Derebus* het 4,2 keer meer subjektiewe adjektiewe as Teks *Remgro* (5 teenoor 1,2 per 100 woorde).
- Teks *Derebus* het 7 keer meer voornaamwoorde as Teks *Remgro* en 3,4 eerstepersoonsverwysings per 100 woorde teenoor Teks *Remgro* wat geen eerstepersoonsverwysing bevat nie.
- Teks *Derebus* het 4,3 keer meer bywoorde as Teks *Remgro* (3,4 teenoor 0,8 per 100 woorde). Bywoorde dra, soos werkwoorde, by tot die verlewendiging van ’n teks, en word dus met informaliteit geassosieer. Teks *Derebus* se werkwoord- en bywoordfrekwensie is meer as 2 keer dié van Teks *Remgro*. Die kombinasie van ’n hoër werkwoord- en bywoordfrekwensie in Teks *Derebus* dra by tot ’n groter verlewendigingseffek in dié teks, wat neerslag vind in die laer formaliteitsgraad van Teks *Derebus*.

Op grond van bostaande statistiese gegewens en op grond van die teoretiese raamwerk waarop hierdie ondersoek berus (sien hoofstuk 2), ontstaan die verwagting dat Teks *Derebus* lewendiger (meer werkwoorde en bywoorde) en minder afstandelik (meer subjektiewe adjektiewe en eerstepersoonsverwysing) as Teks *Remgro* sal wees. Hierdie verwagting word versterk as in ag geneem word dat die passief-gebruikfrekwensie in Teks *Remgro* meer as dubbel dié van Teks *Derebus* is. Müller (1998:70) toon dat daar ’n negatiewe korrelasie tussen passiefgebruikfrekwensie en vermyding van eerstepersoonsverwysing bestaan. Dit beteken dat “[h]oe minder ’n skrywer van eerstepersoonsverwysing gebruik maak, hoe meer passiefkonstruksies behoort daar in die besondere teks te wees.” Laasgenoemde strook met die statistiese data wat hierbo ten opsigte van die twee tekste gegee word: Teks *Remgro* bevat geen eerstepersoonsverwysing nie en bevat meer as dubbel soveel passief-konstruksies as Teks *Prok*. Dit beteken dat Teks *Derebus* informeler as Teks *Remgro* behoort te wees. Die F-indeks van die twee tekste bevestig hierdie verwagting: Teks *Derebus* se F-indeks is 49 teenoor Teks *Remgro* wat ’n F-indeks van 59,3 het.

Dit is verder interessant dat Teks *Remgro* die laagste frekwensie werkwoorde, subjektiewe adjektiewe én bywoorde in die hele korpus het. Hierdie woordsoorte maak almal deel uit van die deiktiese kategorie, wat merkers is van informaliteit. Hoe laer ’n teks se telling ten opsigte van hierdie kategorie is en dus hoe laer die frekwensie van die woordsoorte in hierdie kategorie, hoe hoër sal die teks se F-indeks wees en dus sy graad van formaliteit. Daarenteen het Teks *Derebus* wat die informeelste teks volgens die F-indeks is, die hoogste frekwensie werkwoorde in die korpus. Wanneer die werkwoordgebruik in Teks *Derebus* van nader beskou word, is die gebruik van modale hulpwerkwoorde opvallend. Vergelyk die volgende voorbeelde uit Teks *Derebus*, waarin die modale hulpwerkwoorde kursief gemerk is:

22(a): Die formaat van hierdie jaarverslag *gaan* wesenlik verskil van die tradisionele formaat. [Teks *Derebus*]

23(a): Die verslag *gaan* dus konsentreer op dit wat ek *glo* vir my kollegas van belang *behoort* te wees. [Teks *Derebus*]

Die gebruik van die modaliteitswerkwoorde *gaan, glo* en *behoort* in bostaande voorbeelde skep ’n gevoel van waarskynlikheid of moontlikheid, wat geassosieer word met informaliteit eerder as met formaliteit. Ponelis (1979:392) noem hierdie tipe modale hulpwerkwoorde kleuroperateurs wat die houding van die skrywer of spreker in die teks waarneembaar maak. Op hierdie manier verleen die gebruik van kleuroperateurs ’n graad van subjektiwiteit – van die kant van die skrywer of spreker – aan die teks. Hierdeur word die gespreksafstand in die teks verkort en word die graad van formaliteit in die teks verminder.

Indien die modale hulpwerkwoorde weggelaat word uit bostaande voorbeeldsinne, verhoog dit die stelligheid van die sinne en ook hulle graad van formaliteit. Vergelyk die volgende gemanipuleerde voorbeelde hieronder, waarin die modale hulpwerkwoorde weggelaat is, met die oorspronklike voorbeelde hierbo:

22(b): Die formaat van hierdie jaarverslag verskil wesenlik van die tradisionele formaat. [Teks *Derebus*]

23(b): Die verslag konsentreer dus op dit wat vir my kollegas van belang is. [Teks *Derebus*]

Voorbeeldsinne 22(b) en 23(b) verteenwoordig stelliger en meer neutrale/formeler weergawes van die oorspronklike voorbeeldsinne in 22(a) en 23(a).

Teks *Remgro* en Teks *Derebus* verskil wat hulle niedeiktiese (formele) kategorie woordsoorte betref met slegs 3,7 indekspunte. Daar is selfs nie ’n groot verskil in die twee tekste se selfstandigenaamwoordfrekwensie nie: Teks *Remgro* het 20,7 en Teks *Derebus* 20,1 selfstandige naamwoorde per 100 woorde. As daar in ag geneem word, dat die twee tekste ten opsigte van hulle niedeiktiese kategorie met slegs 3,7 indekspunte verskil, maar dat hulle F-indekse met 10,3 indekspunte verskil, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die oorwig in die verskil tussen die F-tellings in die deiktiese (informele) kategorie gesetel is. Die twee tekste verskil met 16,8 indekspunte in laasgenoemde kategorie. Dit bevestig dus hoe hoër die frekwensie van woordsoorte in die deiktiese kategorie, hoe informeler is die teks.

3.5.6 Vergelyking: Teks Prok en Teks AHI, Mettle en *Derebus* (↑passiefgebruikfrekwensie en ↓passiefgebruikfrekwensie)

Vervolgens word Teks *Prok*, wat die hoogste passiefgebruikfrekwensie in die korpus het maar nie die hoogste formaliteitstelling op die F-indeks behaal het nie, vergelyk met die drie tekste wat die laagste passiefgebruikfrekwensie in die korpus het, naamlik Tekste *AHI, Mettle* en *Derebus*. Hierdie vergelyking word getref om te bepaal hoe die tekste se tellings onderling ten opsigte van die ander grammatikale veranderlikes verskil of ooreenkom en of daar enige gevolgtrekkings hieruit gemaak kan word. Vir verwysingsdoeleindes word die vier tekste se tellings hieronder herhaal.

Tabel 3.10: Data van teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie en laagste passiefgebruik-frekwensie

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Prok	1014	3,5	23,3	3,2	11,5	2,5	0,9	*0,3*	*0*	*0,6*	2,6	54,5
AHI	663	0,9	21,7	2,7	12,4	4,7	1,5	*1,1*	*0*	*0,5*	1,8	52
Mettle	902	0,9	20,4	5,5	12,1	6,1	7,3	*6,7*	*0*	*0,7*	1,9	49,3
Derebus	1024	0,9	20,1	4,3	13,7	5	4,2	*3,4*	*0*	*0,8*	3,4	49

Die totale tellings van die tekste se niedeiktiese en deiktiese kategorieë, lyk soos volg:

Tabel 3.11: Passiefgebruikfrekwensie en totale tellings van niedeiktiese en deiktiese kategorieë van Teks *Prok, AHI, Mettle* en *Derebus*

Naam	**Pk's per 100 woorde**	**Totaal van niedeiktiese kategrorie**	**Totaal van deiktiese kategrorie**	**F-indeks**
Prok	3,5	26,5	17,5	54,5
AHI	0,9	24,4	20,4	52
Mettle	0,9	25,9	27,4	49,3
Derebus	0,9	24,4	26,3	49

Volgens tabel 3.11 is die gesamentlike waardes van die niedeiktiese (formele) kategorie die hoogste in Teks *Prok* en het dié teks ook die laagste telling in die deiktiese (informele) kategorie behaal. Hiervolgens behoort Teks *Prok* dus die formeelste van bogenoemde vier tekste te wees. Die F-indeks bevestig dan inderdaad hierdie verwagting: Teks *Prok* het die hoogste F-indeks van die vier tekste, naamlik 54,5. Teks *Prok* het ook die hoogste passiefgebruikfrekwensie en die hoogste frekwensie selfstandige naamwoorde (vgl. tabel 3.10) van die vier tekste.

Die kategorie selfstandige naamwoorde word juis met formaliteit geassosieer (Heylighen & Dewaele 1999).

Die gesamentlike waardes van die grammatikale veranderlikes in Teks *Mettle* se deiktiese kategorie is die hoogste van die vier tekste. Hierdie kategorie verteenwoordig merkers van informaliteit en daarom sou ’n mens verwag dat Teks *Mettle* die informeelste teks van bogenoemde vier behoort te wees. Teks *Mettle* se F-indeks is egter 0,3 indekspunte hoër as dié van Teks *Derebus*, nieteenstaande die feit dat Teks *Mettle* byna twee keer (1,97 keer) soveel eerstepersoonsverwysings as Teks *Derebus* het (vgl. tabel 3.10).

Van die vier tekste wat hier vergelyk word, het Teks *Mettle* die hoogste frekwensie objektiewe adjektiewe wat met formaliteit geassosieer word: 1,7 keer per 100 woorde meer as Teks *Prok*, wat die formeelste teks is van die vier wat hier vergelyk word en 1,3 keer per 100 woorde meer as dié in Teks *Derebus*, wat die informeelste teks in die korpus is. Trouens, die som van die woordsoorte in Teks *Mettle* se niedeiktiese kategorie (vgl. tabel 3.11), wat met formaliteit geassosieer word, is slegs 0,6 indekspunte minder as dié van Teks *Prok*, wat die formeelste teks is van die vier wat hier vergelyk word. Nogtans is Teks *Mettle* volgens die F-indeks heelwat informeler as Teks *Prok*. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat Teks *Mettle* se deiktiese (informele) kategorie 1,6 keer hoër as dié van Teks *Prok* is. Dit beteken dat die frekwensie van die woordsoorte in die deiktiese kategorie, wat met informaliteit geassosieer word, hoër is in Teks *Mettle* en dat die teks dus ’n laer F-indeks as Teks *Prok* behoort te hê.

Hoewel die frekwensie voornaamwoorde in Teks *Mettle* 1,7 keer meer as dié van Teks *Derebus* is en daar 2 keer meer eerstepersoonsverwysings in Teks *Mettle* voorkom, is Teks *Derebus* tog ietwat informeler as Teks *Mettle* (vgl. tabel 3.10).[19] Dit kan dalk toegeskryf word aan die hoër frekwensie werkwoorde in kombinasie met ’n hoë bywoordfrekwensie in Teks *Derebus*. Die teks het die hoogste frekwensie

[19] Formaliteit is ’n relatiewe begrip. Daarom is die verskil in die F-indeks van Teks *Mettle* en Teks *Derebus* onbeduidend as dit relatief tot die reikwydte van die skaal in hierdie analise, wat strek van 59,3 (formeel) tot 49 (informeel), geïnterpreteer word.

werkwoorde (13,7 per 100 woorde) en die vierde hoogste bywoordfrekwensie (3,4 per 100 woorde) in die korpus. Verder is dit interessant dat die som van die werkwoord- en bywoordfrekwensie in Teks *Derebus* die hoogste van die vier tekste is, naamlik 17,1. Die som van die werkwoord- en bywoordfrekwensies in Teks *Prok, AHI* en *Mettle* is min of meer dieselfde, naamlik 14,1 (Teks *Prok*), 14,2 (Teks *AHI*) en 14 (Teks *Mettle*). Indien die werkwoord- en bywoordfrekwensies in ’n verdere vergelyking van laasgenoemde drie tekste (Teks *Prok, AHI* en *Mettle*) buite rekening gelaat word, blyk dit dat dit die lae voornaamwoordfrekwensie in Teks *Prok* en Teks *AHI* is wat lei tot ’n hoër graad van formaliteit in hierdie tekste.

In die geval van Teks *Prok* dra die lae frekwensie subjektiewe adjektiewe verder by tot die hoër formaliteitsgraad in die teks.

Uit die vergelyking wat getref is tussen die werkwoord-, bywoord- en voornaamwoordfrekwensies in Teks *Mettle* en *Derebus* blyk dit dat die samespel van werkwoord- en bywoordfrekwensie ’n groter invloed uitoefen op informaliteit as voornaamwoordfrekwensie. Die som van die werkwoord- en bywoordfrekwensie in Teks *Derebus* en Teks *Mettle* is 17,1 en 14 onderskeidelik; ’n verskil van 3,1 dus. Die twee tekste se voornaamwoordfrekwensie verskil ook met 3,1, met Teks *Mettle* wat ’n hoër frekwensie voornaamwoorde as Teks *Derebus* het, naamlik 7,3 teenoor 4,2. Nogtans is dit Teks *Derebus* wat ’n ietwat informeler F-indeks as Teks *Mettle* behaal, nieteenstaande die feit dat Teks *Mettle* se frekwensie subjektiewe adjektiewe, wat merkers is van informaliteit, ook hoër as dié van Teks *Derebus* is.

Hieruit blyk dit dus dat die verlewendigingseffek wat deur die samespel van werkwoord- en bywoordfrekwensie bewerkstellig word, ’n groter invloed uitoefen op die informaliteit van ’n teks as die menslikheidseffek wat deur voornaamwoordfrekwensie – en in die geval van Teks *Mettle*, by uitstek eerstepersoonsverwysing – bewerkstellig word.

In paragraaf 3.5.1 tot 3.5.6 hierbo, is die data van tekste vergelyk wat die hoogste en laagste frekwensies bevat ten opsigte van die twee veranderlikes, formaliteit en passiefgebruikfrekwensie.

Müller (1998) toon dat daar ander grammatikale veranderlikes in ’n teks voorkom, soos die vermyding van eerstepersoonsverwysing byvoorbeeld, wat ’n groter invloed op die formaliteitsgraad van ’n teks het as wat passiefgebruikfrekwensie het. In die lig hiervan, sal tekste vervolgens vergelyk word wat die hoogste en laagste frekwensies weerspieël ten opsigte van die ander grammatikale veranderlikes wat as deel van die niedeiktiese en deiktiese kategorieë by die ondersoek betrek is sodat daar vasgestel kan word in welke mate hierdie grammatikale veranderlikes die formaliteitsgraad van ’n teks beïnvloed. Waar vergelykings van tekste in die bespreking wat volg, sou oorvleuel met vergelykings wat reeds in die vorige paragrawe gedoen is, is tekste vir die onderstaande vergelykings geselekteer wat die tweede of derde hoogste of laagste frekwensie ten opsigte van ’n bepaalde veranderlike weerspieël.

Ten opsigte van die tekste se werkwoordfrekwensie vertoon Teks *Derebus* byvoorbeeld die hoogste werkwoordfrekwensie en Teks *Remgro* die laagste werkwoordfrekwensie. Hierdie twee tekste is reeds in paragraaf 3.5.5 hierbo vergelyk op grond van die feit dat die tekste onderskeidelik die laagste en hoogste F-indeks in die korpus verteenwoordig. Gedurende die bespreking is daar reeds ook na die invloed van werkwoordfrekwensie op die formaliteitsgraad van die tekste verwys. As gevolg hiervan is daar besluit om Teks *KNB*, wat die tweede hoogste werkwoordfrekwensie het te vergelyk met Teks *Clover*, wat die derde laagste werkwoordfrekwensie het. Ten einde dus nie tekste met mekaar te vergelyk wat reeds op grond van hulle F-indeks of passiefgebruikfrekwensie met mekaar vergelyk is nie, is die volgende tekste gekies om vergelyk te word in die paragrawe wat volg:

7. Teks *Distell* (hoogste frekwensie selfstandige naamwoorde) met Teks *Cape Joint* (laagste frekwensie selfstandige naamwoorde).
8. Teks *Venfin* (tweede hoogste frekwensie objektiewe adjektiewe) met Teks *Prok* (tweede laagste frekwensie objektiewe adjektiewe).
9. Teks *KNB* (tweede hoogste werkwoordfrekwensie) met Teks *Clover* (derde laagste werkwoordfrekwensie).
10. Teks *Senwes* (derde hoogste frekwensie subjektiewe adjektiewe) met Teks *Pepkor* (tweede laagste frekwensie subjektiewe adjektiewe).

11. Teks *Mettle* (hoogste voornaamwoordfrekwensie) met Teks *BKB* (laagste voornaamwoordfrekwensie).
12. Teks *Naspers* (hoogste bywoordfrekwensie) met Teks *Absa* (een van twee tekste met die laagste bywoordfrekwensie).

3.5.7 Vergelyking: frekwensie selfstandige naamwoorde (Teks Distell en Teks Cape Joint)

Die frekwensietellings van hierdie twee tekste, soos in tabel 3.4 hierbo vervat, word gerieflikheidshalwe weer hieronder aangebied.

Tabel 3.12: Data: frekwensie selfstandige naamwoorde

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Distell	1013	2,9	27	6,4	12,6	3,8	0,3	*0*	*0*	*0,3*	1,5	57,6
Cape Joint	1007	1,3	19,9	4,7	11,1	2,3	2,7	*0,7*	*0,8*	*1,2*	3,5	52,5

Volgens die data in bostaande tabel, bevat Teks *Distell* 7,1 selfstandige naamwoorde per 100 woorde meer as Teks *Cape Joint*. Die teks het ook die hoogste F-indeks van die twee tekste en die derde hoogste in die korpus (vgl. tabel 3.4). Volgens Heylighen en Dewaele (1999) word ’n hoë frekwensie selfstandige naamwoorde met formaliteit geassosieer. In Teks *Distell* gaan die hoë frekwensie selfstandige naamwoorde ook met ’n hoër passiefgebruikfrekwensie gepaard. Trouens, Teks *Distell* het die tweede hoogste passiefgebruikfrekwensie in die korpus (vgl. tabel 3.4). Die feit dat die hoë frekwensie selfstandige naamwoorde in Teks *Distell* gepaardgaan met ’n hoë passiefgebruikfrekwensie word bevestig deur die korrelasietoets wat tussen hierdie twee veranderlikes – selfstandige naamwoordfrekwensie en passief-gebruikfrekwensie – gedoen is. Onderstaande figuur 3.1 toon ’n beduidende positiewe verwantskap ($p = 0,00$) tussen die frekwensie selfstandige naamwoorde en passiefgebruikfrekwensie van die tekste in die korpus. Volgens die Spearman-korrelasie is $r^2 = 0,3$. Dit beteken dat 30% van die selfstandige naamwoorde wat in die korpus voorkom, verband hou met die aanwesigheid van die passiefkonstruksie en dat 70% daarvan eerder ’n sterk verband vertoon met ander faktore, soos die kommunikatiewe doelstelling van die teks. As die teks byvoorbeeld as ’n sterk

informatiewe teks moet funksioneer, bestaan die verwagting dat die frekwensie selfstandige naamwoorde in die teks in elk geval relatief hoog sal wees (kyk ook Heylighen & Dewaele 1999).



Fig. 3.1: Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en selfstandigenaamwoordfrekwensie

Wat hier in gedagte gehou moet word, is dat dit nie net selfstandige naamwoorde is wat in passiefkonstruksies voorkom wat in die ondersoek betrek is nie. Alle selfstandige naamwoorde (eiename uitgesluit) is by die data ingereken wat voorgekom het binne die bestek van die teksdeel van elke jaarverslag wat by die ondersoek betrek is. Selfstandige naamwoorde is merkers van niemenslikheid. Dit is egter onvermydelik om selfstandige naamwoorde te gebruik wanneer daar gekommunikeer word, hetsy mondeling of skriftelik, en nog meer: selfstandige naamwoorde, wat die woordsoortkategorie met die hoogste frekwensie in enige taal se woordeskat is, sal dus noodwendig ’n hoë frekwensie vertoon in tekste wat normaal die formaliteitskant van die stylspektrum betrek.

Kommunikasie gaan dikwels oor niemenslike dinge wat deel uitmaak van ons lewenswêreld. Tekste se informaliteit kom tot stand wanneer teksontwerpers of gespreksgenote die menslikheidsaspek van ’n teks verhoog. Dit kan gedoen word deur byvoorbeeld die konteksafhanklikheid van ’n uiting te verhoog en meer

deiktiesverwysende woorde te gebruik. In sommige tekstipes, soos jaarverslae byvoorbeeld, is uitings met ’n hoë graad van konteksafhanklikheid egter nie gewens nie want die teks moet onafhanklik van gedeelde kontekste tussen die sender en ontvanger(s) ondubbelsinnig en verstaanbaar wees.

Jaarverslae handel in die eerste plek oor die doen en late van ’n maatskappy of organisasie. Daarom verwag ’n mens ’n hoë frekwensie selfstandige naamwoorde ook in dié tekstipe. Veral ook nominaliserings, wat die niemenslikheidsaspek in ’n meerdere mate as “gewone” selfstandige naamwoorde laat neerslag vind, sal in jaarverslae as tekstipe verwag kan word. Indien dit dus die bedoeling is om minder formeel te skryf, moet teksontwerpers oppas vir die gebruik van selfstandige naamwoorde en veral nominaliserings, en dan veral ook nog as hulle in kombinasie met die passiefkonstruksie gebruik word.

As die data van Teks *Distell* en Teks *Cape Joint* in die lig van wat hierbo gesê word, opnuut met mekaar vergelyk word, maak dit sin dat Teks *Cape Joint* informeler as Teks *Distell* voorkom. Teks *Cape Joint* het die laagste frekwensie selfstandige naamwoorde (merkers van formaliteit) en verteenwoordig een van die tekste met die laagste passiefgebruikfrekwensies in die korpus (vgl. tabel 3.4). Teks *Cape Joint* het ’n F-indeks van 52,5, wat ’n ondergemiddelde[20] telling op die F-indeks van hierdie korpus jaarverslae verteenwoordig.

Dit is egter interessant dat Teks *Distell* se werkwoordfrekwensie en frekwensie subjektiewe adjektiewe hoër is as dié van Teks *Cape Joint*. Albei hierdie woordsoorte is deel van die deiktiese kategorie en woordsoorte binne hierdie kategorie is merkers van informaliteit.

Teks *Cape Joint* het egter 9 keer meer voornaamwoorde en 2,3 keer meer bywoorde as Teks *Distell*. Dit klop met wat hierbo gesê word oor die verhoging van die informaliteitsgraad van ’n teks deur die menslikheidsaspek daarvan te vergroot. Voornaamwoorde is ’n tipiese deiktiese kategorie wat die menslikheidsindeks van ’n teks verhoog en daardeur die formaliteitsgraad van ’n teks verlaag. Voornaamwoorde

[20] Die gemiddelde F-indeks van die korpus is 54,7.

korreleer negatief met passiefgebruikfrekwensie in ’n teks. (Die resultate van die korrelasie-ondersoek ten opsigte van voornaamwoorde sal in par. 3.5.11 bespreek word.) Verder is dit interessant dat daar wel eerstepersoonsverwysing in die informeler Teks *Cape Joint* voorkom en geen eerstepersoonsverwysings in Teks *Distell* nie. Die frekwensie van derdepersoonsverwysing in die twee tekste is interessant. In albei tekste is die frekwensie van derdepersoonsverwysing hoër as die van eerstepersoonsverwysing. Eerstepersoonsverwysing verkort die afstand tussen gespreksgenote en hoe meer eerstepersoonsverwysings daar in ’n teks voorkom, hoe informeler is ’n teks. Derdepersoonsverwysing word nie net gebruik om na mense te verwys nie, maar dikwels ook om na sake te verwys. Vergelyk die volgende voorbeeldsin uit Teks *Cape Joint*:

24. ’n Faktor wat bygedra het tot hierdie uitstekende bonusverklaring waaruit alle lede voordeel getrek het, was die toekenning van Old Mutual en Sanlam aandele wat met ***hulle*** demutualisering plaasgevind het. [Teks *Cape Joint*]

Deur gebruik te maak van die derdepersoonsverwysing *hulle* (in plaas van ’n naamwoordgroepkonstruksie soos *... die maatskappye se demutualisering ...*) word daar ’n groter menslikheidsgevoel in die teks geskep. Dit dwing ’n verminderde formaliteitsgraad in die teks af. In die lig van wat hierbo uiteengesit is, sou ’n mens dus verwag dat Teks *Cape Joint* informeler as Teks *Distell* sal wees. Die verwagting word deur die F-indeks van die twee tekste bevestig.

3.5.8 Vergelyking: frekwensie objektiewe adjektiewe (Teks Venfin en Teks Prok)

Vervolgens word een van die tekste met die tweede hoogste frekwensie objektiewe adjektiewe (Teks *Venfin*) vergelyk met die teks met die tweede laagste frekwensie objektiewe adjektiewe. Objektiewe adjektiewe maak soos selfstandige naamwoorde deel uit van die niedeiktiese kategorie en word met formaliteit geassosieer. Ter wille van maklike verwysing word die data van die twee tekste hieronder gegee.

Tabel 3.13: Data: frekwensie objektiewe adjektiewe

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Venfin	1014	2,7	21,7	7,1	11,4	2	1,8	*0,2*	*0*	*1,6*	1,8	55,9
Prok	1014	3,5	23,3	3,2	11,5	2,5	0,9	*0,3*	*0*	*0,6*	2,6	54,5

Die frekwensie objektiewe adjektiewe in Teks *Venfin* is 2,2 keer dié van Teks *Prok.* Hoewel Teks *Prok* se frekwensie selfstandige naamwoorde hoër is as dié van Teks *Venfin*, is die som van die woordsoorte in die niedeiktiese, formele kategorie hoër in Teks *Venfin* (28,8) as in Teks *Prok* (26,5).

Teks *Prok* se passiefgebruikfrekwensie is egter 1,2 keer meer as dié van Teks *Venfin*. Die hoër frekwensie selfstandige naamwoorde en gepaardgaande hoër passiefgebruikfrekwensie klop met die uitkoms van die korrelasie-ondersoek wat na hierdie twee veranderlikes – passiefgebruikfrekwensie en selfstandigenaamwoordfrekwensie – gedoen is en waarvan die resultate hierbo in par. 3.5.7 bespreek is. Nieteenstaande die feit dat Teks *Prok* ’n hoër passiefgebruikfrekwensie en hoër frekwensie selfstandige naamwoorde bevat, wat albei merkers van formaliteit is, is die teks volgens die F-indeks informeler as Teks *Venfin*. Die som van die woordsoorte in die deiktiese kategorie van die twee tekste, wat met informaliteit geassosieer word, verskil nie veel nie: in Teks *Venfin* se geval is dit 17 en in Teks *Prok* se geval 17,5. In dié kategorie, waarin die woordsoorte merkers is van informaliteit, is dit opvallend dat die voornaamwoordfrekwensie van Teks *Venfin*, wat die formeler teks van die twee is, dubbel so hoog as die van Teks *Prok* is. Hoe hoër die frekwensie voornaamwoorde, hoe informeler behoort ’n teks te wees.

Terselfdertyd is Teks *Venfin* se passiefgebruikfrekwensie ook laer as dié van Teks *Prok*. Hoe laer die passiefgebruikfrekwensie, hoe informeler behoort die teks te wees. As die F-indekse van die twee tekste in ag geneem word, weerlê dit egter dié verwagtings. Omdat Teks *Prok* se F-indeks laer is as dié van Teks *Venfin* sou ’n mens verwag dat die voornaamwoordfrekwensie, wat ’n merker is van informaliteit, juis hoër sal wees in Teks *Prok*. Omdat die som van die twee tekste se deiktiese kategorie nie veel verskil nie, moet die antwoord vir die verskil in die F-indeks gesoek

word in die tellings van die woordsoorte in die niedeiktiese kategorie, wat merkers is van formaliteit.

As daar dan boonop in ag geneem word dat die frekwensie van die selfstandige naamwoorde, wat met formaliteit geassosieer word, in Teks *Prok* hoër is as die in Teks *Venfin* maar dat Teks *Prok* informeler volgens die F-indeks is, moet die antwoord vir Teks *Venfin* se hoër formaliteit geleë wees in die feit dat die teks 2,2 keer meer objektiewe adjektiewe as Teks *Prok* het.

Die korrelasie-ondersoek wat uitgevoer is tussen dié twee veranderlikes, naamlik objektiewe adjektiewe en passiefgebruikfrekwensie, het volgens die Spearman-telling nie statisties beduidende resultate gelewer nie (p = 0,23). Figuur 3.2 hieronder illustreer die statisties onbeduidende positiewe korrelasie tussen die twee veranderlikes.



Fig. 3.2: Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en frekwensie objektiewe adjektiewe

Hierdie korrelasie-ondersoek toon dus dat die voorkoms van die passiefkonstruksie nie die voorkoms van objektiewe adjektiewe in ’n teks bepaal of beïnvloed nie. Indien ’n teks dus ’n hoë frekwensie objektiewe adjektiewe het, sal dit die formaliteitsgraad van ’n teks verhoog, ongeag die passiefgebruikfrekwensie in die teks.

3.5.9 Vergelyking: werkwoordfrekwensie (Teks KNB en Teks Clover)

Die derde woordsoort wat in die deiktiese kategorie as merker van informaliteit by die ondersoek betrek is, is werkwoorde. In hierdie paragraaf word Teks *KNB* wat die tweede hoogste werkwoordfrekwensie in die korpus het, vergelyk met Teks *Clover* wat die derde laagste werkwoordfrekwensie het. Hierdie twee tekste is geselekteer omdat ’n vergelyking reeds tussen die data van Teks *Remgro*, wat die laagste werkwoordfrekwensie in die korpus het en Teks *Derebus* wat die hoogste werkwoordfrekwensie weerspieël, in par. 3.5.5 hierbo bespreek is. Die data van die teks wat die tweede laagste werkwoordfrekwensie in die korpus het, naamlik Teks *US*, is ook reeds in die vergelyking in par. 3.5.4 ingesluit.

Ter wille van maklike verwysing word die data van die twee tekste hieronder gegee.

Tabel 3.14: Data: werkwoordfrekwensie

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Clover	572	1,6	23	4,9	9,1	3,8	2,8	*1,7*	*0*	*1,1*	2,4	54,9
KNB	961	1,2	20,8	6,7	13,3	3,5	2,7	*1,4*	*0*	*1,4*	2,2	52,9

’n Hoë werkwoordfrekwensie word met informaliteit geassosieer omdat die gebruik van werkwoorde ’n teks verlewendig en die menslikheidsaspek daardeur in die teks verhoog word.

Teks *KNB*, wat 1,5 keer meer werkwoorde as Teks *Clover* bevat, se graad van formaliteit is volgens die F-indeks ook laer as dié van Teks *Clover*. Die tellings van die oorblywende woordsoorte (subjektiewe adjektiewe, voornaamwoorde en bywoorde) in die deiktiese (informele) kategorie van die twee tekste, toon – teen die verwagting in – dat Teks *Clover*, wat die formeelste teks van die twee is, hoër tellings as Teks *KNB* ten opsigte van al die ander woordsoorte in die deiktiese (informele) kategorie het.

Hoër frekwensies van woordsoorte in hierdie kategorie lei tot laer tellings in die formaliteitsindeks. ’n Mens sou dus verwag dat Teks *KNB* wat die informeelste teks

van die twee is, hoër frekwensies sal toon in die woordsoorte wat die deiktiese kategorie uitmaak en wat met informaliteit geassosieer word.

Die frekwensie van die subjektiewe adjektiewe, voornaamwoorde en bywoorde in die deiktiese kategorie verskil nie baie van mekaar in die twee tekste nie. Die som van die frekwensies van bogenoemde drie woordsoorte in Teks *Clover* is 9 en in Teks *KNB* 8,4. Indien ’n mens hierdie drie woordsoorte buite rekening laat in die soeke na ’n verduideliking waarom Teks *KNB* informeler as *Teks Clover* is, moet die antwoord geleë wees in die frekwensies van die oorblywende woordsoorte, naamlik werkwoorde in die deiktiese (informele) kategorie en selfstandige naamwoorde en objektiewe adjektiewe in die niedeiktiese (formele) kategorie. Selfs die passiefgebruikfrekwensie van die twee tekste verskil nie aansienlik nie.

Wat verder opvallend is, is dat die frekwensie van die objektiewe adjektiewe hoër in Teks *KNB* as in Teks *Clover* is. Dit is ook teen die verwagting: objektiewe adjektiewe is ’n merker van formaliteit en ’n hoër frekwensie hiervan in ’n teks word met ’n hoër graad van formaliteit geassosieer. Die som van die frekwensies van die woordsoorte in die niedeiktiese (formele) kategorie is egter ietwat hoër in Teks *Clover* as in Teks *KNB* (27,9 teenoor 27,5). Indien die frekwensies van die woordsoorte in die niedeiktiese kategorie ook buite rekening gelaat word omdat die som van die frekwensies daarvan nie veel in die twee tekste verskil nie, moet die laer graad van formaliteit in Teks *KNB* toegeskryf word aan die veel hoër werkwoordfrekwensie in hierdie teks.

Daar is ook ’n ondersoek uitgevoer na die korrelasie tussen werkwoordfrekwensie en passiefgebruikfrekwensie. Volgens die Spearman-telling ($p = 0,54$) is die negatiewe korrelasie tussen die twee veranderlikes statisties onbeduidend.

Die vorm van die grafiek hieronder toon duidelik die swak negatiewe korrelasie tussen werkwoord- en passiefgebruikfrekwensie.



Fig. 3.3: Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en werkwoordfrekwensie

Die afleiding wat uit bostaande bespreking gemaak kan word, bevestig wat in die literatuur oor die gebruik van werkwoorde gesê word, naamlik dat hulle merkers is van informaliteit. Die data van die twee tekste het aangedui dat hoe hoër die werkwoordfrekwensie in ’n teks, hoe informeler is die teks. Nieteenstaande die feit dat die frekwensie subjektiewe adjektiewe, wat ’n merker van informaliteit is, hoër was in die formeler teks (Teks *Clover*) en die voornaamwoordfrekwensie, wat geassosieer word met menslikheid én informaliteit, ook hoër was in dié teks as in Teks *KNB*, was Teks *KNB* as gevolg van sy hoë werkwoordfrekwensie tog informeler as Teks *Clover*.

3.5.10 Vergelyking: frekwensie subjektiewe adjektiewe (Teks Pepkor en Teks Senwes)

In hierdie paragraaf word die mate waarin subjektiewe adjektiewe bydra tot die formaliteitsgraad van ’n teks ondersoek deur Teks *Pepkor* en Teks *Senwes* met mekaar te vergelyk. Teks *Pepkor* het die derde laagste frekwensie subjektiewe adjektiewe en Teks *Senwes* die derde hoogste frekwensie subjektiewe adjektiewe in die korpus. Die data van die twee tekste word hieronder aangebied.

Tabel 3.15: Data: frekwensie subjektiewe adjektiewe

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Pepkor	1028	1	21	6,7	10,5	1,9	1,9	*0,2*	*0,2*	*1,6*	3,2	55,1
Senwes	1014	2	22,5	5,5	11	5,1	1,1	*0,4*	*0*	*0,7*	3	53,9

Die som van die frekwensies van die woordsoorte in die niedeiktiese kategorie is ietwat hoër in Teks *Senwes* as in Teks *Pepkor* (28 teenoor 27,7). Die niedeiktiese kategorie is ’n merker van formaliteit en ’n mens sou dus op grond van die tellings in hierdie kategorie, die teenoorgestelde verwag as wat die F-indekse tans toon: Teks *Senwes* se F-indeks is laer as dié van Teks *Pepkor* (53,9 teenoor 55,1) en Teks *Senwes* is op grond van die F-indeks dus informeler as Teks *Pepkor*. As daar verder in aanmerking geneem word dat Teks *Senwes* se passiefgebruikfrekwensie 2 keer dié van Teks *Pepkor* is, sou ’n mens soveel te meer verwag dat Teks *Senwes* formeler as *Teks* Pepkor behoort te wees. In die lig hiervan moet die rede waarom Teks *Senwes* dan informeler as Teks *Pepkor* is, in die frekwensies van die woordsoorte in die deiktiese kategorie gesoek word.

Daar is weinig verskil tussen die werkwoord- en bywoordfrekwensies van die twee tekste. Dit beteken dat daar weinig verskil tussen die twee tekste in terme van lewendigheid behoort te wees. Boonop is die voornaamwoordfrekwensie in Teks *Pepkor*, wat die formeelste teks van die twee is, teen die verwagting in, hoër as in die informeler Teks *Senwes*. Daar kom selfs tweedepersoonsverwysing in Teks *Pepkor* voor. Dit is nogal verrassend, wat in die genre jaarverslae, wat een van die formeler tekstipes verteenwoordig, kom tweedepersoonsverwysing as merker van informaliteit nie dikwels voor nie. Vergelyk die volgende voorbeeldsin uit die teks:

25. Om teen sterker mededinging te oorleef, moet Pepkor se bedryfsmaatskappye klaarblyklik ’n duidelike en eiesoortige posisie handhaaf afgesien daarvan om hulle belofte gestand te doen dat “***jy*** kan bekostig wat ***jy*** begeer.” [Teks *Pepkor*]

Volgens hulle jaarverslag, is Pepkor deel van ’n klerasiekleinhandelkettinggroep wat op die kontantafslagmark toegespits is. Die *jy* in bostaande voorbeeldsin is dus gemik op enige potensiële klant. Die feit dat die skrywer na die gedeelte tussen aanhalingstekens as ’n “belofte” verwys, verhoog die affektiwiteit en stelligheid van die uiting. Verhoogde affektiwiteit gaan gepaard met ’n hoër graad van informaliteit. Met die direkte aanspreking in voorbeeldsin 25 word die afstandelikheid in die teks verklein en dus die formaliteitsgraad verlaag. Van belang hier is om te onthou dat die potensiële klante van Pepkor nie die doelgroep is vir wie hierdie teks geskep is nie, maar eerder vir die aandeelhouers. Nogtans dra die klante in ’n groot mate by tot die finansiële welstand van die maatskappy en is dit om hierdie rede belangrik dat die maatskappy sy verbintenis (hierbo genoem sy “belofte”) ten opsigte van sy klante aan sy aandeelhouers duidelik maak. Dit is belangrik dat aandeelhouers oortuig moet word dat die maatskappy relevant en aantreklik vir sy potensiële klante is en bly.

Dit is dus strategies en funksioneel om die klant(e) op hierdie manier direk by die teks te betrek want dit verhoog die oortuigingskrag van die uiting. As die skrywer byvoorbeeld besluit het om te skryf dat “***almal*** kan bekostig wat ***hulle*** begeer” sou dit nie dieselfde oortuigingskrag gehad het nie: die onbepaaldheid wat in die voornaamwoord ***almal*** opgesluit lê en die gepaardgaande gebruik van derdepersoonsverwysing (***hulle***) vergroot weer die afstandelikheid in die teks en lesers voel nie direk aangespreek nie. Die effek (minder afstandelikheid, meer direktheid en stelligheid) wat geskep word met die herhaling van die tweedepersoonsverwysing ***jy*** *...* ***jy*** in die oorspronklike voorbeeld gaan verlore met die gebruik van ***almal*** *...* ***hulle***.

Die feit dat die frekwensies van Teks *Pepkor* se niedeiktiese, formele kategorie laer is as die van Teks *Senwes*, dat Teks *Pepkor* se passiefgebruikfrekwensie laer is as Teks *Senwes* en die feit dat die voornaamwoordfrekwensie, waaronder tweedepersoonsverwysing, hoër in Teks *Pepkor* as in Teks *Senwes* is, verhoog die verwagting dat dié teks ook informeler as Teks *Senwes* moet wees. Tog is dit nie die geval nie. Die enigste afleiding wat op grond van bostaande data gemaak kan word, is dat Teks *Senwes* se informaliteit gesetel is in die teks se veel hoër frekwensie subjektiewe adjektiewe. Teks *Senwes* het 2,7 keer meer subjektiewe adjektiewe as Teks *Pepkor*.

Die gevolgtrekking wat uit bostaande bespreking gemaak kan word, is dat ’n hoë frekwensie subjektiewe adjektiewe in ’n teks die effek van formaliteitsmerkers soos passiefkonstruksies en selfstandige naamwoorde neutraliseer en daartoe bydra dat ’n teks informeler raak hoe hoër die frekwensie subjektiewe adjektiewe in die teks is.

3.5.11 Vergelyking: voornaamwoordfrekwensie (Teks Distell en Teks AHI)

’n Vergelyking tussen die teks met die laagste voornaamwoordfrekwensie in die korpus (Teks *BKB*) en die teks met die hoogste voornaamwoordfrekwensie (Teks *Mettle*) sou soortgelyk wees aan die vergelyking wat in par. 3.5.5 bespreek is tussen Teks *Remgro* (met die hoogste F-indeks in die korpus) en Teks *Derebus* (met die laagste F-indeks). Die rede hiervoor is dat die F-indeks van Teks *BKB* en Teks *Mettle*, net soos in die geval van Teks *Remgro* en Teks *Derebus*, wat onderskeidelik die formeelste en informeelste tekste in die korpus jaarverslae is, ook twee uiterste punte op die formaliteitskaal verteenwoordig. Teks *BKB* is die tweede formeelste teks in die korpus en Teks *Mettle* die tweede informeelste teks in die korpus. Om hierdie rede word Teks *AHI,* wat volgens die F-indeks die vyfde informeelste teks in die korpus is, maar waarvan die voornaamwoordfrekwensie teen die verwagting in aansienlik laag is vir so ’n informele teks, geselekteer om te vergelyk met die teks wat die derde formeelste teks in die korpus is, naamlik Teks *Distell*, wat ook ’n lae voornaamwoordfrekwensie weerspieël. In die bespreking sal daar ook na die frekwensietellings van Teks *US* verwys word omdat Teks *US* dieselfde F-indeks as Teks *Distell* het. Om hierdie rede word die data van Teks *US* ook in die tabel hieronder gegee. Met die vergelyking sal daar probeer word om vas te stel in watter mate voornaamwoordfrekwensie die formaliteitsgraad van ’n teks beïnvloed. Vir maklike verwysing word die data van hierdie drie tekste, soos wat dit in tabel 3.4 hierbo voorkom, hieronder herhaal.

Tabel 3.16: Data: voornaamwoordfrekwensie

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
US	1018	1	22	7,1	8	3,9	0,4	*0,1*	*0,1*	*0,2*	1,7	57,6
Distell	1013	2,9	27	6,4	12,6	3,8	0,3	*0*	*0*	*0,3*	1,5	57,6
AHI	663	0,9	21,7	2,7	12,4	4,7	1,5	*1,1*	*0*	*0,5*	1,8	52

Die werkwoordfrekwensie van die formeler Teks *Distell* is ietwat hoër as die van Teks *AHI* (12,6 teenoor 12,4) en daar is ook nie ’n groot verskil in die bywoordfrekwensie van die twee tekste nie (1,5 teenoor 1,8). Trouens, daar is ’n verskil van 0,1 tussen die som van die werkwoord- en bywoordfrekwensies van die twee tekste (Teks *Distell*: 14,1 en Teks *AHI*: 14,2). Die bydrae van hierdie twee woordsoorte uit die deiktiese kategorie tot die graad van informaliteit kan ’n mens dus argumenteer, is in die twee tekste dieselfde. Die informaliteit van Teks *AHI* is gesetel in die veel laer frekwensietellings van die woordsoorte in die niedeiktiese, formele kategorie van die teks en die hoër frekwensies subjektiewe adjektiewe en voornaamwoorde in die deiktiese kategorie.

Voornaamwoorde is merkers van informaliteit. Daar kom ook eerstepersoons-verwysing in Teks *AHI* voor, terwyl Teks *Distell* geen eerstepersoonsverwysing bevat nie. Hoewel die voornaamwoordfrekwensie in Teks *AHI* besonder laag[21] is vir ’n teks wat een van die informeelste tekste in die korpus is, het dit steeds 5 keer meer voornaamwoorde per 100 woorde as Teks *Distell*. Teks *Distell* het ’n ooglopend hoë passiefgebruikfrekwensie, die tweede hoogste in die korpus. Die lae voornaam-woordfrekwensie, wat in Teks *Distell* gepaardgaan met ’n hoë passiefgebruik-frekwensie, sluit aan by die resultate van die korrelasie-ondersoek wat gedoen is tussen voornaamwoord- en passiefgebruikfrekwensie.

[21] Teks *Cape* Joint en Teks *Affies* byvoorbeeld se F-indekse is ná aan die van Teks *AHI*, maar Teks *AHI* se voornaamwoordfrekwensie is veel laer as dié van die ander twee tekste. Teks *Cape Joint* het ’n F-indeks van 52,5 en ’n voornaamwoordfrekwensie van 2,7; Teks *Affies* het ’n F-indeks van 51,3 en ’n voornaamwoordfrekwensie van 3,9; Teks *AHI* se F-indeks is 52 en voornaamwoordfrekwensie 1,5.

Die ondersoek het getoon dat daar ’n matige negatiewe korrelasie tussen die twee veranderlikes bestaan. Op grond van die waarde van die Spearman-korrelasie (p = 0,01) is daar ’n beduidende verwantskap tussen die twee veranderlikes: hoe hoër die passiefgebruikfrekwensie in ’n teks, hoe laer is die voornaamwoordfrekwensie van die teks. Dit is te verstane, want die passiefkonstruksie maak dit moontlik om die semantiese onderwerp van die sin (wat dikwels deur middel van ’n voornaamwoord geëkspliseer word), uit die sin weg te laat. Die negatiewe korrelasie kan ook van die vorm van die grafiek hieronder afgelei word.



Fig. 3.4: Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en voornaamwoordfrekwensie

Ondersoeke is ook uitgevoer om korrelasies te bepaal tussen eerstepersoons-verwysing en passiefgebruikfrekwensie en derdepersoonsverwysing en passiefge-bruikfrekwensie. Omdat tweedepersoonsverwysing in slegs vier van die tekste in die korpus voorgekom het, is daar nie ’n korrelasie-ondersoek ten opsigte van hierdie veranderlike en die passiefgebruikfrekwensie uitgevoer nie.

Die korrelasie-ondersoek wat gedoen is tussen die voorkoms van eerstepersoons-verwysing en passiefgebruikfrekwensie het getoon dat daar ’n statisties beduidende verwantskap tussen die twee veranderlikes is (p = 0,00). Die negatiewe korrelasie tussen eerstepersoonsverwysing en passiefgebruikfrekwensie word hieronder grafies aangebied.



Fig. 3.5: Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en eerstepersoonsverwysing

Hoe minder daar dus in ’n teks van eerstepersoonsverwysing gebruik gemaak word, hoe hoër behoort die passiefgebruikfrekwensie van die teks te wees. Die feit dat daar geen eerstepersoonsverwysings in Teks *Distell* voorkom nie, versterk op grond van bostaande resultate van die korrelasie-ondersoek die verwagting dat die passiefgebruikfrekwensie in die teks hoër behoort te wees.

Bogenoemde resultate klop ook met wat Müller (1998) in haar studie oor passiefgebruikfrekwensie en formaliteit in jaarverslae bevind het. Sy het ook bevind dat daar ’n beduidende negatiewe korrelasie tussen die twee veranderlikes, eerstepersoonsverwysing en passiefgebruikfrekwensie, is. In haar ondersoek het sy bevind dat 40% van die variansie tussen die twee veranderlikes gemeenskaplik is; 40% van die voorkoms van die een veranderlike kon dus verklaar word deur die voorkoms van die ander veranderlike in die teks.

In die korrelasie-ondersoek wat in hierdie studie tussen die twee veranderlikes uitgevoer is en waarvan die resultate hierbo grafies weergegee word, is 30% van die variansie gemeenskaplik en kan 30% van die voorkoms van die een veranderlike verklaar word deur die voorkoms van die ander veranderlike in die teks.

Indien die 29 passiefkonstruksies in Teks *Distell* van naderby bekyk word, is dit opvallend dat daar slegs een agenthebbende passiefkonstruksie in die teks voorkom. Die agent wat in die *deur*-voorsetselgroep voorkom (vergelyk voorbeeldsin 26 uit Teks *Distell* hieronder), is egter nie ’n tipiese agent wat voldoen aan die eg menslike voorwaarde wat karakteriserend is van tipiese agente[22] nie. Vir die doel van hierdie ondersoek word daar na hierdie tipe agente as kwasidoeners verwys (Müller 1998).

26. Hul aanbevelings is ***deur ’n reëlingskomitee*** oorweeg [...]
[Teks *Distell*, PK4]

Hoewel die woord *reëlingskomitee* wel ’n graad van menslikheid bevat, want ’n komitee kan net uit mense bestaan, dra die woord nie dieselfde mate van menslikheid as wat ’n tipiese agent tot die teks sou bydra nie. Volgens Müller (1998:85) wys Lakoff en Van Oosten (in Cornelis, 1997:46) daarop dat dit juis minder prototipiese agente is (soos *reëlingskomitee* in voorbeeldsin 24 hierbo) wat meer geskik is om as agente in *deur*-voorsetselgroepe in ’n passiefkonstruksie op te tree.

Van belang in voorbeeldsin 26 hierbo is dat die selfstandige naamwoord (*reëlings-komitee*) wat hier as agent gebruik word, in hierdie studie deel uitmaak van die niedeiktiese kategorie, wat met formaliteit geassosieer word en dus nie met menslikheid (informaliteit) nie. Dit beteken dat die gebruik van kwasidoeners soos *reëlingskomitee* in agenthebbende passiefkonstruksies weinig menslikheid of informaliteit tot ’n teks toevoeg.

In dieselfde teks kom voorbeeldsin 27(a) hieronder voor. Die sin is ’n aktiefsin: die selfstandige naamwoord *werksgroepe*, wat ’n graad van menslikheid bevat, staan in die tema- of onderwerpsposisie en in die tweede sin van die voorbeeld word daar met die voornaamwoord *hulle* terugverwys na die tema (*werksgroepe*) van die vorige sin. Hierdeur word die menslikheid in die teks verhoog.

Voorbeeld 27(b) en (c) verteenwoordig twee gemanipuleerde passiefweergawes van voorbeeldsin 27(a). Die tematiese verskuiwings wat deur die gebruik van die

[22] Volgens De Stadler (1997) is ’n tipiese agent gewoonlik menslik.

passiefkonstruksie bewerkstellig word, verlaag die menslikheidsaspek in die twee sinne. In voorbeeldsin 27(b) word die temaposisie in albei sinne ingeneem deur ’n onderwerp wat niemenslik is, naamlik *Bedryfstelsels* en *’n Tweeledige doelwit*. Die *daar*-passiefkonstruksie wat in die tweede sin van voorbeeld 27(c) gebruik word, verlaag die menslikheidsaspek in die voorbeeld nog meer. Die onbepaaldheid van die voornaamwoord *daar* het geen menslikheid in sy bestek nie, wat die afstandelikheid in die teks verhoog en daarmee ook die formaliteitsgraad.

27(a): ***Werksgroepe*** wat vir bedryfsaktiwiteite verantwoordelik is, het bedryfstelsels ontwerp om by markgeleenthede, die dryfkragte van winsgewendheid en prestasievereistes, aan te sluit. ***Hulle*** het ook ’n tweeledige doelwit gestel [...] [Teks *Distell*]

27(b): ***Bedryfstelsels*** is *(deur werksgroepe)* ontwerp wat vir bedryfsaktiwiteite verantwoordelik is, om by markgeleenthede, die dryfkragte van winsgewindheid en prestasievereistes aan te sluit. ***’n Tweeledige doelwit*** is ook *(deur hulle)* gestel [...]

27(c): ***Bedryfstelsels*** is *(deur werksgroepe)* ontwerp wat vir bedryfsaktiwiteite verantwoordelik is, om by markgeleenthede, die dryfkragte van winsgewindheid en prestasievereistes aan te sluit. ***Daar*** is ook ’n tweeledige doelwit gestel [...]

Die inhoud van jaarverslae fokus veral op die gebeure in die verslagjaar en dus op niemenslike aktiwiteite. Wie vir die gebeure verantwoordelik was, is van minder belang. Daarom sou ’n mens minder agenthebbende passiefkonstruksies in die tekstipe verwag. Selfs Teks *AHI*, wat informeler as Teks *Distell* is, bevat geen enkele agenthebbende passiefkonstruksie nie. Die verskil is egter dat Teks *AHI* vyf keer meer voornaamwoorde bevat as Teks *Distell*.

Teks *Distell* en Teks *US* weerspieël op grond van die F-indeks dieselfde graad van formaliteit, naamlik 57,6. Die passiefgebruikfrekwensie in Teks *Distell* is egter 2,9 keer hoër as die in Teks *US*. Van naderby beskou, is 4 van die 11 passiefkonstruksies wat in Teks *US* voorkom, agenthebbend. Drie van hierdie passief-

konstruksies bevat weliswaar kwasidoeners (vgl. voorbeeldsin 28 en 29), terwyl een ’n tipiese (menslike) agent bevat (vgl. voorbeeldsin 30).

28. In Januarie 2001 is ’n Finansiële Handleiding vir Hoër Onderwysinstellings ***deur die Departement van Onderwys*** uitgereik [...] [Teks *US*, PK 6]
29. Die netto toename van R120,506 miljoen in kapitaal en reserwes verteenwoordig ’n afname van R10,708 miljoen in onbeperkte fondse, wat diskresionêr ***deur die Raad*** aangewend kan word, en ’n toename van R131, 214 miljoen in beperkte fondse, wat nie diskresionêr ***deur die Raad*** aangewend kan word nie. [Teks *US*, PK 9 en 10]
30. Die viserektorsportefeulje wat ***deur prof. Walter Claassen*** behartig word, het terselfdertyd van Akademies na Navorsing verander. [Teks *US*, PK4]

Die formaliteitsgraad van Teks *US* en Teks *Distell* is dieselfde, en wat die frekwensie subjektiewe adjektiewe, voornaamwoorde en bywoorde betref, is daar nie groot verskille nie. Tog is daar ’n beduidende verskil in hulle werkwoordfrekwensie, met Teks *Distell* wat 1,6 keer meer werkwoorde as Teks *US* bevat. ’n Mens sou dus kon verwag dat die lewendigheid in Teks *Distell* hoër sal wees en die teks dus informeler as Teks *US* sal wees. Dit is egter nie die geval nie: die twee tekste weerspieël dieselfde graad van formaliteit. Hoewel die frekwensie voornaamwoorde van die twee tekste nie beduidend verskil nie, is dit opvallend dat Teks *US* eerste-, tweede- en derdepersoonsverwysing bevat. Teks *Distell* bevat net derdepersoonsverwysing. Eerste- en tweedepersoonsverwysing het ’n groter invloed op die afstandelikheid in ’n teks as derdepersoonsverwysing. Boonop kom daar meer agenthebbende passiefkonstruksies in Teks *US* voor, wat die menslikheidsaspek in hierdie teks behoort te verhoog.

Hoewel ’n hoë werkwoordfrekwensie geassosieer word met lewendigheid en informaliteit in ’n teks, verhoog die gebruik van voornaamwoorde die menslikheidsaspek van die teks wat ’n groter invloed het op die formaliteitsgraad van ’n teks. In tekstipes waarin die passiefgebruikfrekwensie noodwendig hoog sal wees en daarom dan ook die frekwensie selfstandige naamwoorde, moet skrywers doelbewus gebruik maak van agenthebbende passiefkonstruksies, selfs al maak hulle van

kwasidoeners gebruik, soos die voorbeelde hierbo aandui. Daarbenewens, moet skrywers ook gebruik maak van eerste-, tweede- en derdepersoonsverwysing. Dit verhoog die menslikheid in die teks en dra by tot ’n laer formaliteitsgraad.

3.5.12 Vergelyking: bywoordfrekwensie (Teks Absa en Teks Naspers)

Hoewel die korrelasie-ondersoek tussen die passiefgebruikfrekwensie en die bywoordfrekwensie getoon het dat daar ’n swak negatiewe en onbeduidende korrelasie tussen dié twee veranderlikes is (p = 0,33; sien figuur 3.6 hieronder), volg hier tog ’n vergelyking van die resultate van die twee tekste met die hoogste bywoordfrekwensie (Teks *Naspers*) en laagste bywoordfrekwensie (Teks *Absa*). Hierdeur kan daar bepaal word of daar algemene gevolgtrekkings gemaak kan word oor die optrede en samespel van sommige woordsoorte en die uitwerking daarvan op die formaliteitsindeks van die besondere teks (sien ook tabel 3.18 vir ’n opsomming van die resultate van die korrelasie-ondersoeke tussen die verskillende woordsoorte en passiefgebruikfrekwensie en tabel 3.19 vir ’n opsomming van die resultate van die korrelasie-ondersoek tussen sommige woordsoortkategorieë onderling).



Fig. 3.6: Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en bywoordfrekwensie

Ter wille van maklike verwysing word die resultate van Teks *Absa* en Teks *Naspers* soos dit in tabel 3.4 voorkom, hieronder herhaal.

Tabel 3.17: Data: bywoordfrekwensie

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Absa	1154	2,1	23,1	6,8	11,4	3,4	0,6	*0*	*0*	*0,6*	0,8	56,9
Naspers	1022	2,3	21	6,6	11,6	2,6	1,7	*0,6*	*0*	*1,1*	3,7	54

As die frekwensie van die woordsoorte in die deiktiese kategorie van die twee tekste vergelyk word, lê die grootste verskil in hulle bywoordfrekwensie. Teks *Naspers* se bywoordfrekwensie is meer as vier keer hoër as dié van Teks *Absa*, terwyl die werkwoordfrekwensie van die twee tekste nie beduidend verskil nie. Die frekwensie van die subjektiewe adjektiewe in Teks *Absa* is 1,3 keer meer as dié van Teks *Naspers*. Hoewel subjektiewe adjektiewe met informaliteit geassosieer word, is Teks *Naspers* steeds informeler as Teks *Absa*. Dit kan moontlik verduidelik word as die som van die werkwoord- en bywoordfrekwensies van die twee tekste vergelyk word. Tekste wat ’n hoër gebruiksfrekwensie van hierdie twee woordsoorte toon, behoort informeler te wees as tekste waarvan die gebruiksfrekwensie van dié woordsoorte laer is.

Die som van dié twee woordsoortkategorieë, naamlik werkwoorde en bywoorde, is in Teks *Naspers* 15,3 teenoor 12,2 in Teks *Absa*. Boonop het Teks *Naspers* ook 2,8 keer meer voornaamwoorde as Teks *Absa* en bevat Teks *Naspers* ook eerste-persoonsverwysing. In die vorige paragraaf is daar verduidelik dat ’n hoër frekwensie voornaamwoorde die menslikheidsaspek van ’n teks verhoog en dat dit veral eerste-persoonsverwysing is wat die afstandelikheid in ’n teks verlaag en dus aanleiding gee tot ’n informeler teks.

Sou die bywoordfrekwensie in die tekste buite rekening gelaat word, is die som van die oorblywende woordsoorte in die deiktiese kategorie van die twee tekste 15,4 (Teks *Absa*) en 15,9 (Teks *Naspers*) onderskeidelik; ’n verskil van slegs 0,5 indeks-punte. So beskou, is daar dus weinig verskil in die som van die woordsoorte in die deiktiese kategorie wat die informaliteit van die tekste bepaal. As die bywoordfrekwensie van die tekste buite rekening gelaat word, sou dit aanleiding gee tot ’n formaliteitsindeks van 57,3 in Teks *Absa* en 55,9 in Teks *Naspers*: ’n verskil van

1,4 indekspunte. Indien die bywoordfrekwensie in ag geneem word, daal albei tekste se F-indeks. Dit is te verstane want hoe hoër die bywoordfrekwensie hoe laer behoort die formaliteitsgraad van ’n teks te wees. Wat egter van belang is, is dat sodra die bywoordfrekwensie van die twee tekste in berekening gebring word, verskil die F-indeks van die tekste met 2,9 indekspunte en die som van die woordsoorte in die deiktiese kategorie met 3,4. Die hoër werkwoord- en bywoordfrekwensie (hoër lewendigheidsgraad) in kombinasie met ’n hoër voornaamwoordfrekwensie (hoër menslikheidsgraad) dra daartoe by dat Teks *Naspers* informeler as Teks *Absa* is.

3.6 Gevolgtrekking

Ter aanvang van die hoofstuk is daar aangetoon dat daar veral in die bespreking gefokus sal word om antwoorde op die volgende drie navorsingsvrae te vind:

1. Hoe word formaliteit geoperasionaliseer?
2. In welke mate beïnvloed sommige grammatikale veranderlikes die formaliteitsindeks (F-indeks) van die kategorie jaarverslae wat ondersoek is?
3. Is daar ’n positiewe korrelasie tussen die passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n teks?

Die antwoord op vraag 1 hierbo kan gevind word in paragraaf 3.3 waar die toepassing van die voorgestelde meetinstrument op die kategorie jaarverslae verduidelik is. Hierdie paragraaf handel egter net oor ’n beskrywing van en verduideliking waarom die bepaalde woordsoortkategorieë vir die ondersoek in aanmerking geneem is. Die metode waarvolgens die kategorieë handmatig in die berekening van die formaliteitsgraad van die tekste gebruik is, is in paragraaf 3.4 bespreek. Of die toepassing van die voorgestelde meetinstrument inderdaad betroubare resultate lewer, sal later deur middel van lesergerigte toetse getoets en geverifieer word. Laasgenoemde sal in hoofstuk 4 aan bod kom.

Die data wat in hierdie ondersoek gebruik is, bewys byvoorbeeld dat die teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie nie noodwendig die formeelste teks in die korpus is nie. Dit bevestig die stelling wat deur Müller (1998) gemaak word, naamlik dat daar

nie ’n algemene gevolgtrekking[23] oor die gebruik van die passiefkonstruksie gemaak kan word nie. Dit is om hierdie rede dat vraag 2 (In welke mate beïnvloed sommige grammatikale veranderlikes die formaliteitsindeks van die kategorie jaarverslae wat ondersoek is?) en vraag 3 (Is daar ’n positiewe korrelasie tussen die passief-gebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks van ’n teks?) hierbo, in ’n soeke op antwoorde as’t ware as twee kante van dieselfde munt hanteer moet word.

Ten einde dan antwoorde op vraag 2 en 3 hierbo te vind, is dit nodig om die kwalitatiewe gegewens wat deur middel van die korrelasie-ondersoeke tussen die verskillende kategorie woordsoorte en die passiefgebruikfrekwensie, sowel as die korrelasie-ondersoeke wat tussen sommige van die woordsoortkategorieë onderling gedoen is, in oënskou te neem. Tabel 3.18 en 3.19 hieronder gee onderskeidelik ’n opsomming van hierdie korrelasie-ondersoeke.

Let egter daarop dat die p-waardes wat deur middel van die korrelasie-ondersoeke in hierdie studie verkry is, geïnterpreteer word teen ’n 1%-, 5%- en 10%-betekenispeil. Volgens prof. Martin Kidd (persoonlike e-pos, 12 Januarie 2009) kan ’n tipe 1-fout begaan word as daar met ’n rigiede riglyn, met ander woorde slegs een betekenispeil (gewoonlik 5%) gewerk word. Wanneer ’n tipe 1-fout begaan word, word die nulhipotese verkeerdelik verwerp. Dit beteken dus dat hoe groter die p-waarde word, hoe groter word die kans om ’n tipe I-fout te maak. Wanneer ’n p-waarde dus “groot” is (neig na 1), is dit nie raadsaam om die nulhipotese te verwerp nie want die waarskynlikheid is te groot dat ’n tipe-I fout gemaak kan word. As die p-waarde egter baie klein word, dan is die risiko baie klein om ’n tipe I-fout te maak, en sou die hipotese verwerp kon word omdat die kans op ’n tipe I-fout in sò ’n geval baie klein is. Dit impliseer dus dat hoe kleiner die p-waarde, hoe sterker is die getuienis teen die nulhipotese.

Die probleem is egter dat ’n p-waarde op ’n kontinue skaal tussen 0 en 1 gemeet word en die dilemma is om te besluit wanneer die p-waarde “klein” genoeg is, sodat die nulhipotese verwerp kan word en die risiko om ’n tipe I-fout te maak klein genoeg

[23] Volgens die literatuur maak die gebruik van die passiefkonstruksie ’n teks saai, onpersoonlik, styf en formeel (vgl. Van der Horst, 1996; Onrust, Vehage & Doeve, 1993).

is. Dit word gedoen deur ’n betekenispeil daar te stel. Die betekenispeil stel ’n drempelwaarde (sê *a*) en dan word die reël gemaak dat indien $p < a$, word die hipotese verwerp. As die betekenispeil 5% is, dan is $a = 0{,}05$ en word die hipotese verwerp wanneer $p < 0{,}05$ is. In die praktyk is daar drie betekenispeile wat algemeen gebruik word, naamlik 1% ($p < 0{,}01$), 5% ($p < 0{,}05$) en 10% ($p < 0{,}1$). Die gebruik is om vooraf ’n betekenispeil te kies (gewoonlik 5%) en dit dan as riglyn te gebruik.

Met die gebruik van die betekenispeile moet dit egter nog steeds in gedagte gehou word dat hier eintlik met ’n kontinue skaal gewerk word. Twee p-waardes wat baie na aan mekaar is, maar weerskante van die betekenispeil lê, gaan dus verskillende besluite realiseer, wat nie sin maak nie. Daarom moet p-waardes “na” aan die betekenispeil met omsigtigheid hanteer word. Dit is nie ongewoon om vir ’n p-waarde van byvoorbeeld 0,07 te sê dat dit nie betekenisvol is op ’n 5%-peil nie, maar wel op ’n 10%-peil. In so ’n geval kan geen sterk uitsprake gemaak word nie, maar dit sou ook nie korrek wees om blindelings die nulhipotese te aanvaar en te ignoreer dat die p-waarde wel naby die afsnypunt was nie. Dieselfde argument geld natuurlik vir ’n p-waarde net kleiner as 0,05. Hier kan die nulhipotese ook nie blindelings verwerp word sonder om erkenning te gee dat dit naby die afsnypunt was nie.

Om op te som, wanneer p-waardes geïnterpreteer word, is daar gevalle waar daar duidelike statistiese getuienis is dat die hipotese verwerp kan word, gevalle waar daar duidelike getuienis is dat die hipotese aanvaar kan word, en dan tussen-in gevalle waar die statistiek nie duidelike getuienis wys nie. In die laaste geval kan daar dus op grond van die statistiek nie enige sterk uitsprake gemaak word nie, en moet bestaande getuienis aangevul word met ander domeingetuienis (niestatisties van aard) of verdere eksperimentering.

Op grond van bostaande uiteensetting sal die resultate van die korrelasie-ondersoeke in hierdie studie geïnterpreteer word teen ’n 1%-, 5%- en 10%-betekenispeil.

Tabel 3.18: Opsomming van die resultate van korrelasie-ondersoeke tussen die verskillende woordsoortkategorieë en passiefgebruikfrekwensie

Veranderlike 1	Veranderlike 2	r-waarde	p-waarde
Selfstandige nw.	Passiefkonstruksie	0,59***	0,00
Objektiewe adj.	Passiefkonstruksie	0,26	0,23
Werkwoord	Passiefkonstruksie	-0,14	0,54
Subjektiewe adj.	Passiefkonstruksie	-0,33^	0,13
Voornaamwoord	Passiefkonstruksie	-0,54**	0,01
1e persoon	Passiefkonstruksie	-0,59***	0,00
Bywoord	Passiefkonstruksie	-0,22	0,33
F-indeks	Passiefkonstruksie	0,57**	0,01

* = Statisties beduidend op 10%-betekenispeil

** = Statisties beduidend op 5%-betekenispeil

*** = Statisties beduidend op 1%-betekenispeil

^ = Sprake van ’n tendens

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat passiefgebruikfrekwensie nie as enigste maatstaf gebruik kan word om te bepaal of een teks (in)formeler as ’n ander is nie. Bostaande tabel toon ooglopende die volgende:

- dat daar ’n hoogs beduidende positiewe korrelasie tussen die frekwensie selfstandige naamwoorde en passiefgebruikfrekwensie is (p = 0,00)
- dat daar ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen voornaamwoordfrekwensie en passiefgebruikfrekwensie is (p = 0,01)
- dat daar ’n hoogs beduidende negatiewe korrelasie tussen eerstepersoonsverwysing en passiefgebruikfrekwensie in die korpusdata was (p = 0,00)
- dat daar ’n statisties beduidende positiewe korrelasie tussen die F-indeks van die tekste en passiefgebruikfrekwensie was (p = 0,01)
- dat daar op ’n 10%-betekenispeiling wel sprake kan wees van ’n tendens van ’n moontlike negatiewe korrelasie tussen die frekwensie subjektiewe adjektiewe en passiefgebruikfrekwensie (p = 0,13).

Tabel 3.19: Opsomming van die resultate van korrelasie-ondersoeke tussen woordsoortkategorieë onderling

Veranderlike 1	**Veranderlike 2**	**r-waarde**	**p-waarde**
Selfstandige nw.	Objektiewe adj.	0,18	0,41
Selfstandige nw.	Werkwoord	-0,24	0,27
Selfstandige nw.	Subjektiewe adj.	0,00	0,99
Selfstandige nw.	Bywoord	-0,41*	0,06
Werkwoord	Voornaamwoord	0,36*	0,10
Werkwoord	Bywoord	0,12	0,60
Objektiewe adj.	Bywoord	-0,56**	0,01
Subjektiewe adj.	Bywoord	-0,06	0,79

* = Statisties beduidend op 10%-betekenis

** = Statisties beduidend op 5%-betekenis

*** = Statisties beduidend op 1%-betekenis

Bostaande tabel toon die volgende:

- Op ’n 10%-betekenispeiling bestaan daar ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen die kategorie selfstandige naamwoorde en bywoorde (p = 0,06). Dit beteken dat ’n hoër selfstandigenaamwoordfrekwensie ’n laer bywoordfrekwensie impliseer.
- Op ’n 10%-betekenispeiling bestaan daar ’n statisties beduidende positiewe korrelasie tussen werkwoord- en voornaamwoordfrekwensie (p = 0,10). Dit impliseer dat ’n teks met ’n hoë werkwoordfrekwensie ook ’n hoë voornaamwoordfrekwensie behoort te hê.
- Op ’n 5%-betekenispeiling bestaan daar ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen die kategorie objektiewe adjektiewe en bywoorde (p = 0,01). Hoe meer objektiewe adjektiewe daar dus in teks is, hoe minder bywoorde behoort daar in die teks te wees.

Vervolgens sal daar opsommenderwys terugverwys word na die kwalitatiewe vergelykings wat tussen tekste getref is en aangedui word hoe die kwantitatiewe resultate in tabel 3.18 en 3.19 hierbo in die vergelykings neerslag vind.

Die vergelykings wat met die data van die tekste in die korpus gedoen is, het onder meer getoon dat voornaamwoordfrekwensie passiefgebruikfrekwensie negatief beïnvloed: hoe meer daar van eerste-, tweede en/of derdepersoonsvoornaamwoorde gebruik gemaak word, hoe laer sal die passiefgebruikfrekwensie in die bepaalde teks wees (vgl. tabel 3.18 wat laasgenoemde korrelasie tussen voornaamwoord- en passiefgebruikfrekwensie bevestig: p = 0,01). Die ontleding van die data in hierdie studie het egter ook getoon dat die gebruik van eerste- en tweedepersoonsverwysing ’n teks informeler maak as die gebruik van derdepersoonsverwysing. Dit maak sin want informaliteit gaan onder meer ook oor die afstand tussen gespreksgenote. As ’n skrywer dus *ek* of *jy* gebruik, is die afstand tussen die gespreksgenote kleiner as wat daar na *hy* of *sy* verwys word. In jaarverslae word derdepersoonsverwysing dikwels gebruik om na ’n maatskappy of instansie te verwys, dus na ’n nielewende entiteit. Dit vergroot die afstand nog meer en verlaag die lewendigheidseffek, wat dan die teks se graad van informaliteit negatief beïnvloed.

In die kwantitatiewe vergelyking van die data van Teks *Affies* en *Pepkor*, wat dieselfde passiefgebruikfrekwensie toon, is daar onder meer aangedui dat Teks *Affies* se hoër graad van informaliteit geleë is in dié teks se hoër werkwoord- en voornaamwoordfrekwensies (vgl. par. 3.5.4). Tabel 3.19 hierbo toon ook dat daar ’n statisties beduidende positiewe korrelasie tussen werkwoord- en voornaamwoordfrekwensie is (p = 0,10). Verder toon tabel 3.18 dat daar ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen voornaamwoord- en passiefgebruiksfrekwensie is (p = 0,01). Hierdie kwantitatiewe resultate ondersteun dus ook die uitkoms van die kwalitatiewe vergelyking, naamlik dat Teks *Affies* se hoër werkwoord- en voornaamwoordfrekwensies ’n informeler teks tot gevolg het.

Die formaliteitsgraad van ’n teks hou dus direk verband met die kombinasie van woordsoorte in die teks: hoe laer die frekwensie van die woordsoorte in die deiktiese (informele) kategorie, hoe hoër was die F-indeks van die betrokke teks. Dit beteken dat hoe minder werkwoorde, subjektiewe adjektiewe, voornaamwoorde en bywoorde daar in ’n teks is, hoe formeler sal die teks wees.

Teks *Remgro* wat die formeelste teks in die korpus is, het ook die laagste werkwoord- en bywoordfrekwensie, die laagste frekwensie subjektiewe adjektiewe en die vierde laagste voornaamwoordfrekwensie in die korpus. Wat die woordsoorte in die niedeiktiese kategorie betref, het Teks *Remgro* (formeelste teks in die korpus jaarverslae) ook die hoogste frekwensie objektiewe adjektiewe en laasgenoemde word met formaliteit geassosieer. Tabel 3.19 toon dat daar ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen die frekwensie objektiewe adjektiewe en bywoord-frekwensie is (p = 0,01). Dit bevestig dat Teks *Remgro* se lae bywoordfrekwensie gepaardgaan met ’n hoë frekwensie objektiewe adjektiewe. Dit is hierdie kombinasie wat juis aanleiding gee tot ’n formeler teks.

Net soos wat passiefgebruikfrekwensie nie as enigste maatstaf gebruik kan word om ’n algemene gevolgtrekking oor die formaliteitsgraad van ’n tekste te maak nie, kan ’n individuele woordsoortkategorie ook nie as sodanige maatstaf gebruik word nie. Heylighen en Dewaele (1999) beweer byvoorbeeld dat ’n hoë selfstandigenaam-woordfrekwensie met formaliteit gepaardgaan. Statistiese gegewens wat uit die vergelyking tussen Teks *Remgro*, *AHI* en *Mettle* verkry is, het egter getoon dat Teks *AHI* wat die meeste selfstandige naamwoorde van die drie tekste bevat het, nie die formeelste teks was nie (vgl. par. 3.5.3). In dieselfde vergelyking kan Teks *Mettle* se hoër informaliteit veral toegeskryf word aan die teks se veel hoër voornaamwoord-frekwensie.

Daar is ook aangetoon dat ’n hoë frekwensie objektiewe adjektiewe, wat deel uitmaak van die niedeiktiese (formele) kategorie in kombinasie met ’n lae frekwensie voornaamwoorde, wat deel uitmaak van die deiktiese (informele) kategorie, tot ’n formeler teks lei (vgl. par. 3.5.4).

Werkwoord- en bywoordfrekwensie het ’n verlewendigingseffek op ’n teks en ’n hoër frekwensie van hierdie woordsoorte in ’n teks sal aanleiding gee tot ’n informeler teks. ’n Vergelyking van die data van Teks *Mettle* en Teks *Derebus* het selfs aangedui dat die samespel van werkwoord- en bywoordfrekwensie ’n groter invloed uitoefen op informaliteit as voornaamwoordfrekwensie (vgl. par. 3.5.6). Dit was ook interessant dat Teks *Derebus* wat volgens die F-indeks die informeelste teks in die

korpus is, ’n opvallende hoë frekwensie modale hulpwerkwoorde vertoon. Dié teks het boonop die hoogste werkwoordfrekwensie in die korpus.

Voorts kan daar uit die datavergelykings van Teks *Clover* en Teks *KNB* afgelei word dat waar die passiefgebruikfrekwensie, subjektiewe adjektiewe, voornaamwoord- en bywoordfrekwensie in tekste nie juis verskil nie, die teks met die hoër werkwoordfrekwensie en laer selfstandigenaamwoordfrekwensie ’n hoër graad van informaliteit sal vertoon (vgl. par. 3.5.9).

Die onderskeid wat in hierdie studie tussen objektiewe adjektiewe as merkers van formaliteit en subjektiewe adjektiewe as merkers van informaliteit getref is, het ook interessante gevolgtrekkings gelewer. Hoewel daar aangetoon is dat objektiewe adjektiewe ’n teks formeler maak (vgl. par. 3.5.8), het die korrelasie-ondersoek wat uitgevoer is tussen die frekwensie objektiewe adjektiewe en passiefgebruikfrekwensie, egter statisties onbeduidende resultate gelewer ($p = 0,23$).

Subjektiewe adjektiewe daarenteen verhoog die informaliteit van ’n teks en data in hierdie studie het selfs getoon dat ’n hoë frekwensie subjektiewe adjektiewe die effek van formaliteitsmerkers soos die passiefkonstruksie en selfstandige naamwoorde neutraliseer en dus daartoe bydra om ’n teks informeler te maak (vgl. par. 3.5.10).

Ten einde vraag 3 hierbo empiries te beantwoord, is ’n korrelasie-ondersoek gedoen tussen die passiefgebruikfrekwensie en die F-indeks van die korpus jaarverslae. Hierdie korrelasie-ondersoek, waarvan die resultate in figuur 3.7 hieronder vervat is, het getoon dat daar ’n hoogs beduidende positiewe korrelasie tussen die passiefgebruikfrekwensie van ’n teks en sy F-indeks of formaliteitsgraad bestaan ($p = 0,01$). Dit beteken dat die verwagting bestaan dat hoe hoër die passiefgebruikfrekwensie van ’n teks is, hoe hoër behoort die teks se formaliteitsgraad te wees.



Fig. 3.7: Korrelasie: passiefgebruikfrekwensie en F-indeks

Volgens die Spearman-telling vir hierdie korrelasie, is 30% van die data ten opsigte van hierdie twee veranderlikes gemeenskaplik en 70% daarvan nie. Hierdie resultaat dui daarop dat daar ook ander redes vir ’n teks se formaliteitsgraad kan bestaan.

Daar bestaan tekstipes, soos jaarverslae byvoorbeeld, waarin die passiefkonstruksie funksioneel gebruik kan word. In hierdie tekstipe gaan dit dikwels nie oor die persoon wat iets gedoen het nie, maar wel oor dit wat gedoen is, met ander woorde oor die nielewende saak.

Die temaverskuiwing, naamlik die demovering van die onderwerp en die promovering van die voorwerp, wat kenmerkend is van die passiefkonstruksie, maak dit dus ’n funksionele sinstipe om juis dit wat gedoen is, die handeling dus, in die onderwerps-posisie – wat ook die fokusposisie van die sin is – te plaas.

Indien ’n mens dus ’n jaarverslag wil produseer wat nie hoogs formeel is as gevolg van sy hoë passiefgebruikfrekwensie nie, sal dit nie pragmaties wees om ’n riglyn neer te lê wat voorstel dat die voornaamwoordfrekwensie in die teks verhoog moet word nie, want ’n hoë voornaamwoordfrekwensie word juis met ’n lae(r) passief-

gebruikfrekwensie geassosieer en jaarverslae word juis gekenmerk deur ’n hoë passiefgebruikfrekwensie.

’n Riglyn wat wel gegee kan word by die gebruik van die passiefkonstruksie in hierdie tekstipe is om meer agenthebbende passiefkonstruksies te gebruik, veral dié wat tipies menslike agente bevat. Die gebruik van die *deur*-voorsetselgroep verhoog die menslikheidsaspek in die teks deurdat dit ’n agent in die teks bekendstel. So word die formaliteitsgraad van die teks verminder.

Indien dit die bedoeling is om minder formeel te skryf, moet ’n teksontwerper doelbewus die deiktiese uitdrukkings in die teks verhoog. Dit beteken dat die gebruik en kombinasie van woordsoorte wat deel uitmaak van die deiktiese kategorie voorkeur moet geniet. Indien ’n teks dus ’n hoë frekwensie werkwoorde, bywoorde, voornaamwoorde en subjektiewe adjektiewe het, sal die teks informeler wees. ’n Teks waarin baie selfstandige naamwoorde en nominaliserings, tesame met ’n hoë frekwensie agentlose passiefkonstruksies gekombineer word, sal ’n hoër formaliteits-graad weerspieël. Hierdie samespel van grammatikale veranderlikes sal noodwendig tot ’n formele(r) teks aanleiding gee.

In die volgende hoofstuk word twee lesergerigte ondersoeke bespreek wat onder meer uitgevoer is om die gevolgtrekkings waartoe daar in hierdie hoofstuk gekom is, te bevestig of te weerlê.

Gevolgtrekkings oor die resultate wat in hierdie hoofstuk voorkom, word in hoofstuk 6 aangebied saam met die gevolgtrekkings uit hoofstuk 4 en 5.

HOOFSTUK 4

LESERGERIGTE ONDERSOEKE

4.1 Inleiding

Twee lesergerigte ondersoeke is uitgevoer om die kwalitatiewe resultate te bevestig of te weerlê wat in die vorige hoofstuk verkry is.

Die eerste ondersoek is uitgevoer om vas te stel in watter mate die meting van die formaliteitsgraad deur middel van die F-indeks bevestig word deur die oordele van ekspert-lesers, dit wil sê of die F-indeks betroubaar is relatief tot hierdie oordele. Vir hierdie betroubaarheidsondersoek is tien eksperts gebruik. Die wyse waarop hierdie toetse uitgevoer is en die resultate wat hierdeur verkry is, word breedvoerig in paragraaf 4.2 hieronder bespreek.

Die doel van die tweede ondersoek, waarby 39 respondente betrek is, was om te bepaal of die teenwoordigheid van ’n passiefkonstruksie in ’n teks noodwendig daartoe lei dat lesers ’n hoër formaliteitswaarde aan die teks toeken, en of die aanvoeling van formaliteit nie eerder aan ander veranderlikes toegeskryf kan word nie. Die wyse waarop hierdie toets uitgevoer is en die resultate wat daarmee verkry is, word in paragraaf 4.4 van hierdie hoofstuk bespreek.

Die resultate van beide hierdie ondersoeke kan ook gebruik word om te bepaal in watter mate – indien enige – taalgebruikers intuïtief kan onderskei tussen ’n meer en minder formele teks. Op grond hiervan sou daar ’n uitspraak gemaak kon word in watter mate waarde geheg kan word aan die impressionistiese kategorisering van tekste ten opsigte van hulle formaliteitsgraad, maar ook in welke mate die F-indeks ’n basis skep vir advies oor formaliteit wat vir lesers relevant sal wees. Die resultate van die twee ondersoeke word vervolgens bespreek.

4.2 Ekspertgerigte ondersoek

Hierdie ondersoek is uitgevoer om vas te stel in watter mate die meetinstrument wat gebruik is om die formaliteitsgraad van die jaarverslae in die korpus te bepaal, betroubare resultate gelewer het, gemeet relatief tot die oordele van die betrokke

eksperts. Die statisties beduidende resultate wat met die ondersoek verkry is, gee dan ook ’n aanduiding van watter grammatikale veranderlikes wel ’n rol in die formaliteitsgraad van ’n teks speel. Om dit te kon vasstel, is korrelasie-ondersoeke uitgevoer tussen die gemiddelde F-indeks wat deur die eksperts aan elke teksfragment toegeken is en die grammatikale veranderlikes wat by die ondersoek betrek is.

4.2.1 Profiel

Die respondente vir hierdie ondersoek, wat uitgevoer is om die betroubaarheid van die meetinstrument te bepaal, het uit tien eksperts met ’n eenvormige profiel bestaan. Profielkenmerke van die tien eksperts sluit die volgende in:

- albei geslagte is by die ondersoek betrek: vier mans en ses vrouens
- hulle het almal meer as tien jaar doseerondervinding binne ’n taalpraktyk-omgewing
- al tien eksperts het nagraadse kwalifikasies binne die taalkunde (m.a.w. hulle het ten minste tot op ’n meesters- of doktorale vlak gekwalifiseer)
- hulle doseer tans, of het voorheen heeltyds of deeltyds aan ’n tersiêre instelling doseer
- hulle kan demografies as ’n homogene groep beskou word – op een na is almal van die Wes-Kaap afkomstig.

4.2.2 Metodologie

Twintig teksfragmente uit verskillende genres[24] en waarvan die inhoud ’n goeie verspreiding van informaliteit tot formaliteit verteenwoordig, het die teksfragment-korpus uitgemaak wat in die vraelys[25] gebruik is. Nadat die teksfragmente gekies is wat deel sou uitmaak van die vraelys, is die formaliteitsgraad van elke teks met behulp van die F-indeks bepaal.

Die 20 tekste is ewekansig geordeen sodat elke respondent ’n vraelys met ’n eiesoortige teksvolgorde ontvang het. Dit is gedoen om te verseker dat respondente

[24] Die teksfragmente verteenwoordig die volgende genres: fiksie, niefiksie, koerant- en tydskriftekste en verslagtekste.
[25] Die vraelys is as Bylae E bygevoeg.

se oordeel oor die graad van formaliteit van ’n teksfragment nie beïnvloed word deur hulle vorige ervaring van die graad van formaliteit van die teksfragment(e) wat hulle reeds gelees het nie. Deur aan elke respondent ’n vraelys met ’n eiesoortige teksvolgorde te verskaf word die invloed van ’n moontlike oordrageffek dus verklein.

Respondente moes elke teks deurlees en daarna met ’n regaf strepie die formaliteitsgraad van die teks op ’n skaal van 0 (informaliteit) tot 100 (formaliteit) aandui. Respondente is toegelaat om hulle keuses te wysig, indien hulle dit nodig geag het.

4.2.3 Ekspertgerigte ondersoek: resultate van die intraklaskorrelasie

Die intraklaskorrelasie (ICC) vir die hele steekproef was 0,7 wat ’n beduidende resultaat verteenwoordig. Hierdie telling dui aan in watter mate die respondente se beoordeling van die tekste en die formaliteitsgraad wat hulle aan die teksfragmente toegeken het, onderling ooreengestem het. Hoe nader die telling aan 1,0 is, hoe beduidender is die resultaat statisties gesproke en hoe groter is die ooreenstemming tussen die respondente se resultate onderling. In hierdie ondersoek bevestig die intraklaskorrelasie dus dat daar wel onderlinge ooreenstemming tussen die tellings van die respondente was.

Volgens die staafgrafiek (figuur 4.1) hieronder, het die respondente twee kategorieë gevorm. Indien die linkerkantste kolom in die grafiek, wat die intraklasooreenstemming tussen die respondente aandui, in aanmerking geneem word, het Ekspert 1, 2, 3, 5 en 6 een kategorie gevorm, terwyl Ekspert 4, 7, 8 en 9 ’n tweede kategorie gevorm het.



Fig. 4.1: Intraklaskorrelasie vir die ekspertsteekproef

Ekspert 10 val op grond van sy intraklasooreenstemming nie in een van die twee kategorieë nie. Die resultate van hierdie respondent sou om hierdie rede buite rekening gelaat kon word omdat die gevaar kan bestaan dat die resultate van die groep as geheel daardeur negatief beïnvloed kon word. Om vas te stel of hierdie respondent se resultate die groep se resultate inderdaad sou skeeftrek, is ’n gemiddelde formaliteitswaarde vir elke teks bereken wat gebaseer is op die individuele tellings van al tien eksperts. Daar is ook ’n gemiddelde formaliteitswaarde vir elke teks bereken wat gebaseer is op die individuele tellings van net vyf eksperts. Daarna is ’n korrelasie-ondersoek gedoen tussen hierdie twee gemiddelde tellings.

Hierdie ondersoek het ’n statisties beduidende positiewe korrelasie (p = 0,00) getoon. Dit beteken dat al tien eksperts se resultate wel by die ondersoek gebruik kan word en dat Ekspert 10 se resultate nie die resultate van die ondersoek as geheel negatief beïnvloed nie.

4.2.4 Ekspertgerigte ondersoek: resultate van korrelasie-ondersoeke

’n Korrelasie-ondersoek is daarna gedoen tussen die gemiddelde F-tellings van die tekste gebaseer op al tien eksperts se individuele tellings en die F-tellings van die tekste wat op grond van die meetinstrument bereken is. Hierdie korrelasie-ondersoek

is gedoen om die betroubaarheid van die resultate te toets wat met die meetinstrument verkry is.

Hierdie korrelasie-ondersoek het nie op ’n 5%-betekenispeil ’n statisties beduidende resultaat gelewer nie (p = 0,06), maar was wel op ’n 10%-betekenispeil statisties beduidend (sien figuur 4.2 hieronder). Om hierdie rede kan daar wel geargumenteer word dat daar sprake van ’n tendens tussen hierdie twee tellings is. Dit beteken dat die grammatikale veranderlikes wat in die meetinstrument gebruik is, wel ’n aanduiding gee van formaliteit, maar dat daar ruimte vir verbetering is. As die Spearman-telling in aanmerking geneem word, beteken dit dat 40% van die resultate gemeenskaplik was, dit wil sê dat 40% van die resultate wat deur die meetinstrument verkry is, deur die ekspert-tellings bevestig is. Die resultate toon dus dat hoewel daar ooreenstemming tussen die meetinstrument se F-indeks vir elke teksfragment en dié van die eksperts was en dat die ooreenstemming op ’n 10%-betekenispeil statisties beduidend was, die meetinstrument verfyn kan word. Voorstelle ter verbetering van die meetinstrument kom in die slothoofstuk aan bod. Figuur 4.2 hieronder toon die resultate van die korrelasie-ondersoek.



Fig. 4.2: Korrelasie: F-indeks van die meetinstrument en gemiddelde F-indeks van die eksperts

Korrelasietoetse is ook uitgevoer tussen die gemiddelde tellings van die eksperts en die ander grammatikale veranderlikes (selfstandige naamwoorde, objektiewe

adjektiewe, werkwoorde, subjektiewe adjektiewe, voornaamwoorde en bywoorde) wat by die ondersoek betrek word. Daar is ook ’n ondersoek uitgevoer om te bepaal of die lengte van ’n teks enigsins korreleer met die graad van formaliteit wat aan die teksfragment toegeken is. Die resultate van hierdie ondersoeke word vervolgens bespreek.

4.2.4.1 Passiefgebruikfrekwensie en formaliteit

’n Toets is ook uitgevoer om die korrelasie te bepaal tussen die passiefgebruik-frekwensie en die gemiddelde formaliteitstelling wat eksperts aan die teksfragmente toegeken het.

Hierdie korrelasietoets het ’n statisties beduidende positiewe korrelasie getoon (p = 0,00): hoe hoër die gebruiksfrekwensie van die passiefkonstruksie, hoe hoër was die formaliteitstelling wat die eksperts aan die teksfragmente toegeken het. Figuur 4.3 hieronder toon egter ook dat die passiefgebruikfrekwensie van die teksfragmente laag was sodat die resultate van hierdie ondersoek nie werklik as beduidend beskou kan word nie[26].



Fig. 4.3: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen passiefgebruikfrekwensie en formaliteit

[26] Aparte lesersgerigte toetse word uitgevoer om die korrelasie te toets tussen passiefgebruik-frekwensie en die formaliteitsgraad van ’n teks.

Nieteenstaande die feit dat die resultate van hierdie ondersoek as gevolg van die lae passiefgebruikfrekwensie van die teksfragmente nie as beduidend beskou kan word nie, suggereer die kommentaar wat sommige eksperts as motivering verskaf het vir hulle formaliteitsgradering van ’n teksfragment tóg hierdie tendens, naamlik dat die formaliteitsgraad van ’n teks verhoog as die passiefgebruikfrekwensie daarvan styg. Sien tabel 4.1 hieronder waaruit dit duidelik blyk dat eksperts wat by hierdie ondersoek betrek is, passiefgebruikfrekwensie as een van die redes aanvoer vir die hoë formaliteitstellings wat hulle aan sommige teksfragmente toegeken het.

Tabel 4.1: Ekspertgerigte ondersoek: passiefgebruikfrekwensie en formaliteit (motiverings vir F-indekse)

Teksfragment		
Die afgelope finansiële jaar is gekenmerk deur die herstrukturering van die voormalige Rembrandt-groep. Dié herstrukturering is deur die betrokke aandeelhouers goedgekeur op ’n algemene jaarvergadering gehou op 21 September 2000.		
Respondent	**F-telling**	**Kommentaar**
102	95	**Passief** Nominalisering Teksgenre = jaarverslag
103	80	**Passief** Nominalisering
104	95	**Lydende vorm** Niespreektaal Formele woordkeuse Feitelik / Saaklik
107	88	Formele verslagdoening **Passiefkonstruksie**
Teksfragment		
Een ding wat die ‘ou’ en die ‘nuwe’ Suid-Afrika gemeen het, is ’n passie vir die versin van geskiedenis. Geskiedenis word nie gesien as die onpartydige soeke na wat rustig gebeur het nie, maar eerder as deel van politieke mobilisasie om die een of ander vorm van kollektiewe eiebelang te bevorder.		

Respondent	F-telling	Kommentaar
102	85	Lang sinne Nominalisering **Passief**
103	80	Langer sin (nr.2) **Passief** Woordkeuse
Teksfragment		
’n Pakhuis-infrastruktuur word voorsien deur agt pakhuise in Port Elizabeth, Kaapstad en Durban, met ’n totale vloeroppervlak van 472 000 m^2. Die pakhuise is toegerus om wol en bokhaar tot hoë of medium digtheid te pers vir verskeping.		
Respondent	**F-telling**	**Kommentaar**
102	80	**Passief** Sintaksis Inhoud
103	80	**Passief**
106	90	**Lydende vorm** wat op poging tot onpersoonlike, formele taal dui
107	83	Feitelike beskrywing Deurgaans **passiefkonstruksie**
110	60	**Passief** bevestig **formaliteit**
Teksfragment		
Die afgelope jaar is gekenmerk deur betekenisvolle groei wat ons internasionale werksaamhede betref. Ons beskik tans oor ’n aansienlike Londense kantoor, met professionele personeel van 33, terwyl ons besig is om kantore in Zimbabwe, Namibië, Botswana en Kenia te open.		
Respondent	**F-telling**	**Kommentaar**
102	70	**Passief** – vs direkte aanspreek direk langs mekaar
103	70	**Passief** Woordkeuse

4.2.4.2 Selfstandige naamwoorde en formaliteit

Die korrelasietoets wat op die resultate van die lesergerigte toetse uitgevoer is om te bepaal of formele tekste ’n hoër selfstandigenaamwoordfrekwensie weerspieël, het ’n statisties nie beduidende positiewe korrelasie tussen die twee veranderlikes getoon (p = 0,79).

In hierdie ondersoek maak selfstandige naamwoorde deel uit van die niedeiktiese kategorie wat met formaliteit geassosieer word. Om selfstandige naamwoorde deel te maak van hierdie kategorie, sluit aan by Brown en Levinson (in Heylighen & Dewaele, 1999: par. 3.3) wat suggereer dat “... degrees of negative politeness (or at least formality) run hand in hand with the degree of nouniness. [...] formality is associated with the noun end of the continuum.”

Die resultate van hierdie korrelasie-ondersoek toon egter dat daar nie ’n veralgemening oor die teenwoordigheid van selfstandige naamwoorde in ’n teks en die teks se formaliteitsgraad gemaak behoort te word nie en dat ’n mens dus versigtig moet wees om te sê dat ’n hoë frekwensie selfstandige naamwoorde in ’n teks noodwendig gepaardgaan met ’n hoër formaliteitsgraad. Selfstandige naamwoorde is een van die woordkategorieë waarsonder kommunikasie beswaarlik kan plaasvind. Selfstandige naamwoorde (en werkwoorde byvoorbeeld) word gebruik om sinne mee te konstrueer. Om hierdie rede sou ’n mens dus kon verwag dat die selfstandigenaamwoordfrekwensie moontlik in alle tekste relatief hoog sal wees.

In hoofstuk 3 van hierdie studie is daar reeds verwys na die ooglopend onreëlmatige tellings van die kategorie selfstandige naamwoorde in die onderskeie tekste wat deel van die korpus jaarverslae uitgemaak het. Daar kan geen algemene gevolgtrekking gemaak word dat die F-indeks van tekste byvoorbeeld ooglopend hoër was as die teks ook ’n hoë frekwensie selfstandige naamwoorde bevat het nie. Nieteenstaande die feit dat Heylighen en Dewaele (1999) suggereer dat die frekwensie selfstandige naamwoorde verhoog soos wat die formaliteitsindeks van die tekste toeneem, suggereer die lesergerigte ekspert-ondersoeke egter dat daar nie so ’n algemene gevolgtrekking oor die gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde en die formaliteitsgraad van ’n teks gemaak behoort te word nie.

Wat wel afgelei kon word van die tellings wat verkry is van die korpus jaarverslae wat in die ondersoek gebruik is, is dat die teks met die hoogste frekwensie selfstandige naamwoorde (Teks *Distell*), die derde hoogste formaliteitsindeks (57,6) in die korpus het. Die teks met die laagste frekwensie selfstandige naamwoorde (Teks *Cape Joint*) is volgens die F-indekse weer deel van die informeler tekste in die korpus en het ’n F-indeks van 52,5.

Die helling van die grafiek in figuur 4.4 hieronder toon duidelik die swak positiewe korrelasie tussen die gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde en die formaliteitstelling van die teksfragmente wat deur die eksperts beoordeel is.



Fig. 4.4: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen selfstandigenaamwoordfrekwensie en formaliteit

In die lesergerigte toetse het slegs 2 eksperts uit 10 aangedui dat die aanwesigheid van selfstandige naamwoorde wel ’n teks formeler maak (vergelyk tabel 4.2 hieronder).

Wanneer die effek van die gebruik van selfstandige naamwoorde in ’n teks bestudeer word, moet die effek van nominaliserings ook oorweeg word. Twee uit tien eksperts in die steekproef het aangetoon dat nominaliserings in ’n teks geassosieer word met ’n hoër graad van formaliteit (vgl. Respondent 102 en 103 se kommentaar by die eerste teksfragment in tabel 4.1 hierbo).

In hoofstuk 3 is daar reeds daarop gewys dat nominaliserings ’n groter nie-menslikheidseffek het as selfstandige naamwoorde. Nominaliserings kan gewoonlik vervang word met ’n werkwoord (*herstrukturering* vs *herstruktureer; globalisering* vs *globaliseer*), wat ’n teks sal verlewendig. Indien die teenoorgestelde gebeur en werkwoorde met nominaliserings vervang word, sal die lewendigheidsgraad van ’n teks daal, terwyl die niemenslikheidseffek verhoog word wat deur die kombinasie [-werkwoord] + [+nominalisering] geskep word.

Dus:	[-werkwoord]	+	[+nominalisering]
=	[-lewendig]	+	[+nie-menslik]
=	[-informaliteit]	+	[+formaliteit]
=	[+formaliteit]	+	[+formaliteit]
=	↑ Formaliteit		

Tabel 4.2: Ekspertgerigte ondersoek: selfstandigenaamwoordfrekwensie en formaliteit (motiverings vir F-indekse)

Teksfragment		
Ek wil 50 wenke aan die hand doen om van jou ’n beter, of selfs uitstekende, spreker te maak. Elke voorstel handel oor ’n potensiële slaggat vir onervare sprekers en bied ’n oplossing vir die probleem. Hier gaan ons...		
Respondent	**F-telling**	**Kommentaar**
106	70	s.nwe en adj. val in meer formele register
Teksfragment		
Dit is met trots en genoegdoening dat ek ’n terugblik en vooruitskouing oor die aktiwiteite van hierdie Sirkel oor die afgelope termyn gee en konstateer ek andermaal, sonder die minste vrees van teëspraak, dat hierdie Sirkel daarin geslaag het om die vertroue wat die Transvaalse Prokureursorde in sirkels geplaas het toe dit totstand [sic] gebring is, te eer.		
Respondent	**F-telling**	**Kommentaar**
109	90	’n Oormaat naamwoorde

4.2.4.3 Objektiewe en subjektiewe adjektiewe en formaliteit

Objektiewe adjektiewe word geassosieer met formaliteit. Dit beteken dat die verwagting bestaan dat ’n teks wat ’n hoë frekwensie objektiewe adjektiewe bevat, ’n hoër graad van formaliteit sal weerspieël. Op grond hiervan, verwag ’n mens dus dat daar ’n positiewe korrelasie tussen hierdie twee veranderlikes (objektiewe adjektiewe en formaliteit) sal wees.

Figuur 4.5 hieronder bevestig wel dat daar ’n positiewe korrelasie tussen dié twee veranderlikes – objektiewe adjektiewe en formaliteit – bestaan, maar die korrelasie-ondersoek wat tussen die veranderlikes uitgevoer is, het op ’n 5%-betekenispeil nie statisties beduidende resultate gelewer nie (p = 0,10). Op ’n 10%-betekenispeil kan die resultaat wel as statisties beduidend geïnterpreteer word sodat daar dus geargumenteer kan word dat daar wel ’n tendens tussen hierdie twee veranderlikes bestaan. Op grond van die tendens word die verwagting dus versterk: hoe meer objektiewe adjektiewe in ’n teks, hoe formeler behoort die teks te wees.



Fig. 4.5: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen frekwensie objektiewe adjektiewe en formaliteit

Hoewel die verwagting uit die ontleding van die kwantitatiewe data in hoofstuk 3 ontstaan het dat subjektiewe adjektiewe die formaliteitsgraad van ’n teks negatief beïnvloed en die formaliteitsgraad van die teks dus laer behoort te wees, word die verwagting nie deur die ekspertgerigte ondersoek bevestig nie. Die korrelasietoets wat tussen dié twee veranderlikes, naamlik subjektiewe adjektiewe en formaliteit

uitgevoer is, het ’n statisties onbeduidende positiewe korrelasie getoon (p = 0,80) en geen beduidende afleiding kan van hierdie resultaat gemaak word nie. Figuur 4.6 hieronder illustreer hierdie statisties niebeduidende korrelasie.



Fig. 4.6: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen frekwensie subjektiewe adjektiewe en formaliteit

Dit is interessant dat slegs een uit die tien eksperts verwys het na die effek wat die gebruik van adjektiewe op ’n teks kan hê. Hierdie ekspert het aangedui dat adjektiewe – net soos selfstandige naamwoorde – ’n teks formeler maak (vergelyk Respondent 106 hierbo in tabel 4.2 se kommentaar oor die gebruik van adjektiewe in ’n teks).

Nog ’n ander respondent het die hoë graad van formaliteit wat hy/sy aan een van die teksfragmente toegeken het, gemotiveer met die stelling dat die teks “byna geen houdingswoorde [bevat] nie.” Onder *houdingswoorde* sou ’n mens woorde kon insluit wat emotiewe of gevoelswaarde besit, soos subjektiewe adjektiewe byvoorbeeld. Op grond van hierdie kommentaar van die ekspert, kan die afleiding tog gemaak word dat woorde wat emosies of gevoelens eksplisiet uitdruk, wel ’n invloed uitoefen op die formaliteitsgraad van ’n teks. Die verwagting bestaan dat sulke houdingswoorde die formaliteitsgraad van ’n teks behoort te verlaag. Hierdie verwagting berus op die feit

dat emotiewe woorde die menslikheidsaspek in ’n teks verhoog, die teks daardeur verlewendig word en die formaliteitsgraad van die teks dus daal.

Die afleiding dat emotiewe of houdingswoorde die formaliteitsgraad van ’n teks verlaag, word deur nog ’n ander respondent in die ekspertgroep bevestig: dié respondent motiveer sy/haar hoë formaliteitstelling van een van die teksfragmente in die vraelys met die stelling “keurige, korrekte taalgebruik” en ken ’n telling van 80 op ’n skaal van 100 aan die teks toe. Dieselfde respondent ken egter ’n telling van 70 op ’n skaal van 100 toe aan ’n ander teksfragment in die vraelys en motiveer dié telling met: “keurige taalgebruik, maar emotiewe woorde (*helse* hoogtevrees).” Die gebruik van die voegwoord *maar* ekspliseer ’n teenstellende verband: as die teksfragment net “keurige taalgebruik” weerspieël het, kon ’n mens verwag dat die respondent weer ’n telling van 80 aan die betrokke teks sou kon toeken, maar met die teenwoordigheid van die “emotiewe woorde” verlaag die respondent die formaliteitsgraad van die betrokke teks na 70.

4.2.4.4 Werkwoorde, bywoorde en formaliteit

Die gebruik van werkwoorde verlewendig ’n teks. Die verwagting is dus dat tekste met ’n hoë werkwoordfrekwensie ’n laer graad van formaliteit sal toon. Die korrelasietoets wat uitgevoer is tussen die werkwoordfrekwensie van ’n teksfragment en die gemiddelde formaliteitstelling wat eksperts aan sulke tekste toegeken het, het hierdie verwagting bevestig. Daar was ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen hierdie twee veranderlikes op ’n 5%-betekenispeil ($p = 0,05$), wat deur figuur. 4.7 hieronder bevestig word.



Fig. 4.7: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen werkwoordfrekwensie en formaliteit

Bywoorde word, soos werkwoorde, ook met informele tekste geassosieer. Die ekspertgerigte ondersoek het ook hierdie verwagting bevestig: die korrelasietoets tussen die bywoordfrekwensie in die teksfragmente wat deel uitgemaak het van die ekspertgerigte ondersoek en die gemiddelde formaliteitsgraad wat aan die tekste toegeken is, toon ook, soos in die geval van die korrelasie-ondersoek tussen werkwoordfrekwensie en die gemiddelde formaliteitsgraad, ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie (p = 0,05; vgl. figuur 4.8 hieronder).



Fig. 4.8: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen bywoordfrekwensie en formaliteit

4.2.4.5 Voornaamwoorde en formaliteit

Die gebruik van voornaamwoorde verlewendig ’n teks en het dus ’n laer formaliteitsgraad tot gevolg. Die korrelasietoets wat in die ekspertgerigte ondersoek tussen hierdie twee veranderlikes uitgevoer is, het hierdie verwagting bevestig. Figuur 4.9 hieronder weerspieël die statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen die twee veranderlikes (p = 0,02). Die resultate van hierdie ondersoek bevestig die verwagting dat ’n hoë voornaamwoordfrekwensie in ’n teks met ’n lae(r) formaliteitsgraad geassosieer word.



Fig. 4.9: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen voornaamwoordfrekwensie en formaliteit

Die voorkoms van eerste-, tweede- en derdepersoonsverwysing was laag in die teksfragmente wat in die ekspertgerigte ondersoek gebruik is, sodat die resultate van die korrelasietoetse ten opsigte van laasgenoemde drie individuele veranderlikes en die formaliteitsgraad van die teksfragmente nie in aanmerking geneem kan word nie.

Die p-waardes in die korrelasie-ondersoek tussen die eerstepersoonsverwysing en die gemiddelde F-telling van die eksperts en tweedepersoonsverwysing en die gemiddelde F-telling van die eksperts was 0,60 en 0,24 onderskeidelik. Albei hierdie resultate was statisties dus onbeduidend.

In die geval van die korrelasie-ondersoek tussen derdepersoonsverwysing en die gemiddelde F-telling van die eksperts was die resultaat wel statisties beduidend op ’n 5%-betekenispeil (p = 0,03). Dit is egter nodig om in gedagte te hou dat hierdie resultaat slegs deur ’n paar punte gedryf is, en dat daar dus nie te veel waarde hieraan geheg behoort te word nie. Dit sou inderdaad vreemd opval dat die resultate rakende eerste- en tweedepersoonsverwysing, wat as redelike sterk merkers van (in)formaliteit beskou kan word, juis onbeduidend is terwyl derdepersoonsverwysing beduidend uitkom. Die persepsies rakende formaliteit met betrekking tot die aanwending van hierdie talige veranderlikes verdien verdere ondersoek.

Ter wille van volledigheid word die grafieke van die korrelasie-ondersoeke ten opsigte van eerste-, tweede- en derdepersoonsverwysing wel hieronder aangebied.



Fig. 4.10: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen eerstepersoonsverwysing en formaliteit



Fig. 4.11: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen tweedepersoonsverwysing en formaliteit



Fig. 4.12: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen derdepersoonsverwysing en formaliteit

4.2.4.6 Tekslengte en formaliteit

Die korrelasietoets wat uitgevoer is tussen die lengte van ’n bepaalde teksfragment en die gemiddelde formaliteitstelling wat die eksperts aan die teks toegeken het, het volgens ’n 5%-betekenispeil ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie getoon (p = 0,03). Dit beteken hoe minder woorde ‘n teks dus bevat het, hoe hoër was die graad van formaliteit wat die eksperts aan die teks toegeken het. Die eksperts wat in die ondersoek gebruik is, het dus korter tekste formeler ervaar. Een moontlike

verklaring hiervoor is dat die selfstandige naamwoordfrekwensie in korter tekste dalk relatief hoër is as die van langer tekste. Selfstandige naamwoorde word met formaliteit geassosieer. Boonop is daar in hoofstuk 3 aangetoon dat ’n hoër selfstandigenaamwoordfrekwensie gepaardgaan met byvoorbeeld ’n lae bywoord-frekwensie en bywoorde word met informaliteit geassosieer. Dit beteken dat ’n teks met ’n hoë selfstandigenaamwoordfrekwensie en lae bywoordfrekwensie inderdaad as ’n formeler teks ervaar sal word. Figuur 4.13 hieronder illustreer die statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen tekslengte en formaliteit.



Fig. 4.13: Ekspertgerigte ondersoek: korrelasie tussen tekslengte en formaliteit

4.3 Samevatting: resultate van ekspertgerigte ondersoek

Op grond van die resultate wat verkry is van die korrelasie-ondersoeke wat hierbo bespreek is, is dit veral die kategorie werkwoorde, voornaamwoorde en bywoorde wat op grond van ’n 5%-betekenispeil statisties beduidende korrelasies met die formaliteitsindeks van tekste getoon het. Dit beteken dat werkwoord-, voornaam-woord- en bywoordfrekwensie wel ’n invloed het op die persepsie van die forma-liteitsgraad van tekste. Die korrelasie-ondersoeke het telkens ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen die drie woordsoortkategorieë en die F-indeks van die tekste getoon. Dit beteken hoe hoër die frekwensie van een van bogenoemde drie woordsoorte (werkwoorde, voornaamwoorde en bywoorde) in ’n teks is, hoe laer is die teks se F-indeks.

Dit maak dan ook sin dat al drie hierdie veranderlikes deel uitmaak van die deiktiese kategorie wat by die ondersoek betrek is. Veranderlikes in hierdie kategorie verteenwoordig merkers van informaliteit. Dit klop dus dat die korrelasie-ondersoeke wat tussen elkeen van hierdie veranderlikes en die gemiddelde F-telling van die teksfragmente gedoen is, ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie getoon het, wat beteken dat die teenwoordigheid van hierdie veranderlikes ’n teks informeler maak.

Op ’n 10%-betekenispeil was die korrelasie-ondersoek wat uitgevoer is tussen die frekwensie objektiewe adjektiewe en die gemiddelde F-telling van die teksfragmente ook statisties beduidend. Hierdie veranderlike is egter deel van die niedeiktiese kategorie in hierdie ondersoek en word met formaliteit geassosieer. Dit beteken hoe hoër die frekwensie objektiewe adjektiewe in ’n teks is, hoe hoër behoort die formaliteitsgraad van die teks te wees. Die korrelasie-ondersoek bevestig dan ook die positiewe verwantskap.

Die onderstaande tabel gee ’n opsomming van die korrelasie-ondersoeke wat op die data uitgevoer is wat van die lesergerigte ekspertondersoeke verkry is. Veranderlikes wat op grond van ’n 1%-, 5%- of 10%-betekenispeil statisties beduidende resultate gelewer het in die korrelasie-ondersoeke wat met die gemiddelde F-indeks uitgevoer is, is in die tabel met *, ** en *** onderskeidelik gemerk.

Tabel 4.3: Ekspertgerigte ondersoek: opsomming van korrelasie-ondersoeke

Veranderlike 1	**Veranderlike 2**	**r-waarde**	**p-waarde**
Gemiddelde F-indeks (Eksperts)	F-indeks (Meetinstrument)	0.42*	0.06
Gemiddelde F-indeks	%Passiefgebruikfrekw.	0.66***	0.00
Gemiddelde F-indeks	S.nwe	0.06	0.79
Gemiddelde F-indeks	Obj.adj.	0.38*	0.10
Gemiddelde F-indeks	Wwe	-0.45**	0.05
Gemiddelde F-indeks	Subj.adj.	-0.06	0.80

Veranderlike 1	Veranderlike 2	r-waarde	p-waarde
Gemiddelde F-indeks	1eP	-0.13	0.60
Gemiddelde F-indeks	2eP	-0.28	0.24
Gemiddelde F-indeks	3eP	-0.49**	0.03
Gemiddelde F-indeks	Bw	-0.44**	0.05
Gemiddelde F-indeks	Aantal woorde	-0.48**	0.03

* Statisties beduidend op 10%-betekenispeil

** Statisties beduidend op 5%-betekenispeil

*** Statisties beduidend op 1%-betekenispeil

4.4 Tweede lesergerigte ondersoek

Die tweede lesergerigte ondersoek is uitgevoer om te bepaal of lesers ’n teks noodwendig formeler ervaar as die teks meer passiefkonstruksies bevat. Die resultate van hierdie ondersoek kan ook gebruik word om ’n uitspraak te lewer oor die vraag of lesers oor die algemeen intuïtief kan onderskei tussen ’n meer en minder formele teks. Op grond van wat daar in die literatuur gesê word oor die gebruik van die passiefkonstruksie[27], sou ’n mens verwag dat lesers tekste waarin die passief-konstruksie in redelike getalle voorkom, noodwendig as formeler tekste sal ervaar.

4.4.1 Profiel

Die 39 respondente wat by hierdie ondersoek betrek is, het die volgende profielkenmerke:

- albei geslagte is by die ondersoek betrek: 23 mans en 16 vrouens
- hulle was tussen 30 en 70 jaar oud
- hulle besit ’n naskoolse kwalifikasie, wat nietaalkundig van aard is
- hulle beoefen professionele beroepe
- hulle is demografies verspreid.

[27] In die literatuur word die passiefkonstruksie dikwels as saai, onpersoonlik, moeilik, styf en formeel beskou. Vergelyk Onrust, M., Verhage, A & Doeve, R., 1993:90)

4.4.2 Metodologie

Ses teksfragmente uit verskillende genres is vir die ondersoek gebruik[28]. Drie teksfragmente het een of meer passiefkonstruksies bevat en drie het geen passiefkonstruksies bevat nie.

Die tekste se F-indeks is bepaal met behulp van die meetinstrument wat in hierdie studie voorgestel word. Volgens die F-indeks wat met die meetinstrument verkry is, kan al ses teksfragmente as informele tekste beskou word, want al ses tekste het volgens die meetinstrument ’n F-indeks van 50 of minder behaal (sien tabel 4.4 hieronder).

Tabel 4.4: Lesergerigte ondersoek: F-indeks van teksfragmente in dalende orde

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Teks	**Aantal woorde**	**% PK's**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
6	70	0	20	1,4	10	2,9	2,9	*0*	*1,4*	*1,4*	4,3	50,6
1	76	5,3	18,4	3,9	17,1	1,3	2,6	*0*	*2,6*	*0*	5,3	48
5	67	6	17,9	6	16,4	1,5	13,4	*3*	*10,4*	*0*	4,5	44,1
4	65	0	7,7	0	15,4	10,8	9,2	*6,2*	*3,1*	*0*	3,1	34,6
2	60	0	16,7	0	15	5	23,3	*15*	*8,3*	*0*	3,3	35,1
3	62	11,3	8,1	3,2	22,6	6,5	11,3	*11,3*	*0*	*0*	4,8	33,1

Volgens tabel 4.4 verskil Teks 3, wat die informeelste teksfragment is, met 17,5 indekspunte van Teks 6, wat die formeelste teksfragment is. Die gemiddelde F-indeks van die ses teksfragmente is 35,4. Teks 2, 3 en 4 verteenwoordig dus tekste met ’n ondergemiddelde F-indeks. Die verwagting is dus dat lesers weinig verskil behoort te ervaar in die F-indekse van hierdie tekste onderling, maar dat hulle wel ’n verskil sal ervaar tussen byvoorbeeld Teks 2 en 6, Teks 3 en 6 en Teks 4 en 6.

Soos in die geval van die eerste lesergerigte ondersoek, is die ses teksfragmente ewekansig georden, sodat die 39 respondente elkeen ’n vraelys met ’n unieke teks-volgorde ontvang het. Hierdeur word die invloed van ’n moontlike oordrageffek uitgeskakel, waar ’n leser se ervaring van ’n vorige teksfragment sy/haar beoordeling van ’n volgende beïnvloed en resultate hierdeur onbetroubaar raak.

[28] Die vraelys met teksfragmente is as Bylae F bygevoeg.

Lesers moes die teksfragmente se formaliteitsgraad op ’n skaal van 0 (informeel) tot 100 (formeel) beoordeel en kon ook ’n motivering vir hulle formaliteitstellings gee.

Twee statistiese berekeninge, naamlik ’n herhaalde metingsanalise vir variansie en ’n post hoc-analise is op die data uitgevoer. Die eerste vraag wat beantwoord moet word, is: verskil die gemiddelde F-indeks van die tekste? Indien wel, verskil dit as gevolg van normale variasie in die data self, of verskil die F-indeks van die tekste omdat die tekste self inderdaad van mekaar verskil?

Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord, is die volgende primêre nulhipotese gestel:

N U L H I P O T E S E

Die tekste se gemiddelde F-indekse is almal dieselfde.

Indien die data die nulhipotese ondersteun, beteken dit dat die 39 respondente die ses teksfragmente almal dieselfde ervaar het en dat daar by hulle geen verskil in terme van die formaliteitsgraad van die tekste was nie. Indien die data die nulhipotese nie ondersteun nie, beteken dit dat die teksfragmente wel verskillend ervaar is.

Ten einde die herhaalde metingsanalise van variansie uit te voer om daardeur die nulhipotese te ondersteun of te weerlê, is ’n gemiddelde F-indeks vir elke teks bepaal. Hierdie gemiddelde F-indeks van die ses teksfragmente word in figuur 4.14 getoon.



Fig. 4.14: Lesergerigte ondersoek: resultate van herhaalde metingsanalise vir variansie

Volgens bostaande grafiek is die gemiddelde F-indeks van Teks 1 38, die van Teks 2 ongeveer 48, ens. (sien ook tabel 4.5 hieronder wat die gemiddelde F-indeks van elke teks net onder die teksnommer aandui). Hierdie gemiddelde F-indekse van die tekste is gebruik om die p-waarde van elke teks te bereken. Die p-waarde word gebruik om die nulhipotese te ondersteun of te weerlê. ’n P-waarde nader aan 1,0 ondersteun die nulhipotese meer as ’n p-waarde verder weg van 1,0.
Figuur 4.14 hierbo toon dat die p-waarde vir hierdie ondersoek 0,00 is. Op grond van ’n 5%-betekenispeil (waar $p < 0,05$) ondersteun die data in hierdie ondersoek dus nie die nulhipotese nie en word die hipotese daardeur verwerp.

Figuur 4.14 toon verder ook ooglopend watter tekste die respondente min of meer dieselfde ervaar het en watter tekste as verskillend van die ander ervaar is. Hierdie inligting word in die grafiek aangedui met die kleinletters a, b en c, wat aan die bokant van die betroubaarheidsinterval (en bokant die gemiddelde telling) van elke teksfragment aangegee word.

Hiervolgens het respondente die formaliteitsgraad van Teks 1, 5 en 6 as dieselfde ervaar; aangedui dat die formaliteitsgraad van Teks 2 en 3 van mekaar verskil en dat dié van Teks 4 heeltemal verskil het van die formaliteitsgraad van al vyf die ander teksfragmente.

Die post hoc-analise wat op die data uitgevoer is (sien tabel 4.5 hieronder), ondersteun die data wat in figuur 4.14 getoon word.

Tabel 4.5: Lesergerigte ondersoek: resultate van die post hoc-analise

Cell No.	Tukey HSD test; variable DV_1 (Spreadsheet in resultate 2008-06-11.stw) Approximate Probabilities for Post Hoc Tests Error: Within MS = 296.74, df = 190.00						
	TEKS	{1} 38.154	{2} 48.487	{3} 35.872	{4} 67.628	{5} 45.487	{6} 41.615
1	Teks 1		0.085852	0.992050	0.000020	0.414568	0.949662
2	Teks 2	0.085852		0.015472	0.000033	0.972699	0.490850
3	Teks 3	0.992050	0.015472		0.000020	0.134634	0.682033
4	Teks 4	0.000020	0.000033	0.000020		0.000020	0.000020
5	Teks 5	0.414568	0.972699	0.134634	0.000020		0.920504
6	Teks 6	0.949662	0.490850	0.682033	0.000020	0.920504	

Die resultate van die post hoc-analise hierbo toon dat daar statisties beduidende verskille was tussen Teks 1 en Teks 4 (p = 0,00); dat Teks 2 statisties beduidend van Teks 3 (p = 0,015) en Teks 4 (p = 0,00) verskil; dat Teks 3 ook statisties beduidend van Teks 4 verskil (p = 0,00); en dat Teks 5 en 6 albei statisties beduidend van Teks 4 verskil (in albei gevalle is p = 0,00). Teks 4 is dus die enigste teks van die ses teksfragmente wat statisties beduidend as verskillend van al die ander tekste ervaar is. Die p-waardes van die vergelyking tussen hierdie teks en die ander tekste is deurgaans kleiner as 0,05. Op ’n 5%-betekenispeil beteken dit dus dat respondente Teks 4 statisties beduidend anders of verskillend van die res van die tekste ervaar het. Tabel 4.5 toon verder dat Teks 1, 5 en 6 statisties beduidend slegs van Teks 4 verskil (p = 0,00002), maar nie van mekaar of die res van die tekste nie.

Vervolgens sal bostaande kwantitatiewe resultate kwalitatief geëvalueer word, op grond van die verwagtinge wat deur die teorie ontstaan.

4.4.3 Kwalitatiewe evaluering van kwantitatiewe resultate

Die doel van hierdie lesergerigte ondersoek was om te bepaal of lesers tekste waarin een of meer passiefkonstruksies voorkom noodwendig formeler ervaar as tekste waarin daar geen passiefkonstruksie voorkom nie.

Drie van die ses teksfragmente wat in die ondersoek gebruik is, het passiefkonstruksies bevat. Teks 1 het vyf passiefkonstruksies bevat, Teks 3 het sewe gehad en Teks 5 het vier agenthebbende passiefkonstruksies bevat. Teks 2, 4 en 6 het geen passiefkonstruksies bevat nie.

Volgens dit wat in die literatuur gesê word, verhoog die aanwesigheid van een of meer passiefkonstruksies in ’n teks die formaliteitsgraad van die teks, is die teks moeiliker leesbaar, vaag en onpersoonlik. Hiervolgens word die verwagting geskep dat respondente dié teksfragmente wat wel een of meer passiefkonstruksies bevat het (Teks 1, 3 en 5) dus as formeler tekste sal ervaar en dié sonder passiefkonstruksies (Teks 2, 4 en 6) dus as informeler tekste sal beskou. Op grond hiervan behoort hulle dus ’n hoër F-indeks toe te ken aan Teks 1, 3 en 5 wat wel passiefkonstruksies bevat.

Die resultate wat in hierdie ondersoek verkry is, ondersteun egter nie hierdie teoretiese verwagting nie. Teks 4, wat geen passiefkonstruksies bevat nie, se gemiddelde F-indeks, wat gebaseer is op die F-indekse wat die 39 respondente aan die teksfragmente toegeken het, is die hoogste van die ses teksfragmente, naamlik 67 (sien figuur 4.14). Hierdie teks is ook die enigste een van die ses teksfragmente wat volgens die post hoc-analise statisties beduidend van al die ander tekste verskil het ($p < 0,05$; sien tabel 4.5 hierbo).

Indien die motiverings in ag geneem word wat respondente vir hulle formaliteitsbeoordeling gegee het, blyk die onderwerp (*aftrede*) en die genre (*bemarking*) van Teks 4 die twee algemeenste redes vir die hoër formaliteitstellings van dié passieflose teksfragment te wees.

Byna ’n derde van die respondente (12 uit 39 of 31%) het aangedui dat die onderwerp formeel en ernstig was en dat dit feitelike inligting is wat korrek aan lesers oorgedra behoort te word. Hierdie groep respondente het ’n F-indeks van tussen 69 en 100 aan die bepaalde teks op die formaliteitskaal toegeken.

Sewe uit die 39 respondente (18%) het aangedui dat die teks ’n bemarkingsteks of advertensie was en dat die teks om hierdie rede vir hulle formeel was. Die groep respondente het ’n F-indeks van tussen 62 en 90 aan die teksfragment toegeken. Slegs een van die 39 respondente het aangedui dat die teks informeel was en het ’n F-indeks van 40 aan die teks toegeken. Die respondent se motivering vir die F-indeks was dat dit ’n advertensieteks was.

Die kwalitatiewe resultate toon ook dat Teks 3, wat die meeste passiefkonstruksies bevat het (sewe in totaal), die laagste gemiddelde F-indeks, naamlik 36, van die ses teksfragmente het. Meer as die helfte van die respondente het aangevoer dat die trant van die teks die rede was waarom hulle ’n lae(r) F-indeks aan die teks toegeken het. Styl en taalgebruik en die humoristiese inslag van die teks is ook as redes aangevoer waarom die teks as informeler ervaar is.

Van die 39 respondente het 15 (38%) aangedui dat die teks ’n geselstrant weerspieël het wat tot ’n gevoel van informaliteit bygedra het. Ses uit die 39 respondente (15%) het die styl en taalgebruik van die teks as informeel ervaar. Een respondent het aangevoer dat die gebruik van eerstepersoonsverwysing ’n “praatstyl” in die teks skep en daartoe aanleiding gee dat die teks informeel ervaar word.

Verder het respondente Teks 1, 5 en 6 in terme van hulle graad van formaliteit nie anders as Teks 3 ervaar nie. Dit is veral beduidend dat daar vir respondente, teen die verwagting in, geen verskil in die formaliteitsgraad van Teks 3 en Teks 6 was nie: Teks 3 bevat sewe passiefkonstruksies en Teks 6 bevat nie een nie. Op grond van die verwagtinge wat in die literatuur oor die gebruik van die passiefkonstruksie geskep word, behoort Teks 6 informeler as Teks 3 ervaar te word, omdat dié teksfragment geen passiefkonstruksies bevat nie en Teks 3 wel sewe bevat. Die verwagting word egter nie deur die resultate in hierdie ondersoek ondersteun nie. As die gemiddelde F-indeks van die tekste in hierdie lesergerigte ondersoek in ag geneem word, het respondente Teks 6 ietwat formeler as Teks 3 ervaar: Teks 6 se gemiddelde F-indeks is 41 en dié van Teks 3 is 36.

Die graad van informaliteit wat respondente aan Teks 6 toegeken het, kan volgens die motiverings wat hulle vir hulle keuse aangevoer het, hoofsaaklik toegeskryf word aan die gebruik van Engelse woorde, soos *surf* en *girl* wat in die teksfragment gebruik word. Meer as die helfte van die respondente (23 uit 39 of 59%) het die teenwoordigheid van Engelse woorde in ’n Afrikaanse teks met informaliteit geassosieer.

Op grond van die post hoc-analise het respondente ook ’n statisties beduidende verskil tussen Teks 2 en Teks 3 in terme van hulle formaliteitsgraad ervaar (sien tabel 4.5; $p = 0,015$). Teks 2 bevat geen passiefkonstruksies nie, terwyl Teks 3 sewe bevat. Die vraag wat dus nou ontstaan, is of hierdie verskil in (formaliteits)ervaring toegeskryf kan word aan die aanwesigheid al dan nie van die passiefkonstruksie in die twee teksfragmente?

Die antwoord op laasgenoemde vraag blyk duidelik ‘nee’ te wees, want die kwalitatiewe data dui daarop dat 27 uit die 39 respondente (69%) Teks 2 formeler as Teks 3 ervaar het. Dit is teen die verwagting in want Teks 2 bevat geen passief-konstruksies nie en Teks 3 bevat sewe. Op grond van dit wat in die literatuur oor die passiefkonstruksie gesê word, behoort respondente Teks 3 formeler as Teks 2 te ervaar het omdat Teks 3 meer passiefkonstruksies as Teks 2 bevat.

Die meeste respondente het die taalgebruik in Teks 3 as “gesproke taal” geïden-tifiseer en die styl van die teks as “geselstrant” beskryf. Teks 2 is beskryf as “storieboekstyl” en “leesboekstyl”, as ’n “liefdesverhaal”, “kortverhaal” en “roman.” Respondente het gevoel dat die teks “suiwer taal” weerspieël, dat die sinne “goed gestruktureerd” was en dat die teks emosies by die leser ontlok. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat lesers tekste wat gesproke taal weerspieël, informeler ervaar as tekste wat hulle as gedrukte materiaal beskou. ’n Volgende gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat passiefgebruikfrekwensie lesers se formaliteitservaring van tekste nie beïnvloed het nie. Die algemene gevolgtrekking wat hieruit gedistilleer kan word, is dat die toon en trant van ’n teks ’n groter invloed op ’n leser se ervaring van ’n teks het, as die passiefgebruikfrekwensie in die teks.

4.5 Samevatting: resultate van lesergerigte ondersoek

Tabel 4.6 hieronder toon die ses teksfragmente wat in die lesergerigte ondersoek gebruik is. In tabel 4.7 word elke teksfragment deur sy bepaalde nommer verteenwoordig en word die gemiddelde formaliteitstelling wat die respondente aan die teksfragment toegeken het, asook die gemiddelde F-indeks van elke teks aangedui soos wat dit deur die meetinstrument bepaal is. In die laaste kolom word drie redes aangedui wat persentasiegewys die algemeenste deur die 39 respondente aangevoer is as motivering vir hulle formaliteitsaanduiding van die bepaalde teksfragment. Die syfer tussen hakies in tabel 4.7 dui die persentasie van die respondente aan wat die betrokke motivering(s) vir hulle formaliteitsgradering aangevoer het.

Tabel 4.6: Lesergerigte ondersoek: teksfragmente

Teks-nommer	Teksfragment
1	Man, jy sien: in verskeie boeke word daar vertel dat daar tóg so ’n figuur was. Wat dié dan nou ook al genoem mag word – elf, dwerg, trol, mitiese figuur – maak nie nou saak nie. Iedergeval, in een so vertelling word daar beweer dat jy moet uitkyk vir enige onnatuurlike tekens – ’n merk in die gras of grond of plantegroei wat sonder rede verniel is. Dis wat gesê word, maar of daar *evidence* is, wie weet.
2	Hy het my gesig met sy een hand opgelig, saggies met sy duim oor my mond gestreel, afgebuk en my saggies, so saggies dat ek gewonder het of hy hét, gesoen. Ekstase! Ek het nog nooit in my lewe so gevoel nie. Honderde, nee duisende skoenlappers was in my maag. Weer! Het my hart geroep. Hy het my hart gehoor.
3	Ek kan nie help ek is vet, nee effe geset nie. Daar word geëet wat daar vir my gegee word. Kyk, ek bedoel: as daar vir my ’n vet skaapboud met gebraaide aartappels gegee word, sal dit geëet word; as daar groenterepies met lae-vet jogurt bedien word, sal dit (langtand) geëet word. Punt is: ek eet wat daar vir my gegee word.
4	Elkeen moet vroeër of later aftree – ons kan nie voorgee dit gaan nie gebeur nie. By Coronation dink ons versigtig oor iets soos aftrede. Dus het ons ’n reeks beleggingsopsies vanaf so min as R500 per maand geskep. Dit is buigsaam, maklik verstaanbaar en absoluut deursigtig. En ons dink dit sal jou help om op jóú voorwaardes af te tree, nie iemand anders s’n nie.

5	Maak jou oë toe. Verbeel jou jy is van koninklike afkoms en jy word omring deur elegansie, mooiheid en weelde. Persoonlike diens is nie die woord nie, ek sê jou. Jy word bederf met die allerlekkerste kos opgetower deur uithalerkokke. Man, die Bloutrein is so ’n ervaring. Ek sê jou: koninklike behandeling wat boonop ondersteun word deur ’n veringstelsel wat g’n trein nog ooit gehad het nie.
6	Hoeveel lekkerder is dit nie om ’n karakter wat werklik lewe te veroordeel in die gemak en veiligheid van jou eie sitkamer nie? Vandag in die townships *surf* die ouens treine, ander weer tart ’n bestuurderlose BMW met ’n baksteen op die petrolpedaal soos ’n bul wat buite beheer is. Hulle doen dit om die *girls* te beïndruk. Hierdie belangstelling in die dans met die dood is nie ’n nuwe een nie.

Tabel 4.7: Lesergerigte ondersoek: motiverings vir F-indekse

Teksfragment	Gemidd. F-indeks (respondente)	F-indeks (meetinstrument)	Motiverings (respondente)
1	38,2	48	Engelse woorde maak ’n teks informeler (41,03%); Geselstrant (33,3%); Informele woordgebruik volop (23,1%)
2	48,5	35,1	Onderwerp informeel, persoonlik en wek emosies (35,9%); Genre maak dit informeel: *Mills & Boons*-tipe teks (20,5%); Taalgebruik is eenvoudig en beskrywend (15,4%)
3	35,9	33,1	Gesproke taal, geselstrant (38,5%); Woordgebruik: humoristies, ligte trant (15,4%); Direk en duidelik (10,3%)
4	67,6[29]	34,6	Goeie taalgebruik (28,2%); Ernstige, feitelike onderwerp en inhoud (25,6%); Besigheidstema (10,2%)
5	45,5	44,1	Woordgebruik en skryfstyl is informeel (33,4%); Leser word direk aangespreek (30,8%); Geselstrant en gesprekstaal (10,3%)
6	41,6	50,6	Engelse woorde maak teks informeler (51,3%); Informele taalgebruik (7,7%); Engelse woorde informeel, maar Afrikaanse woordgebruik weer formeler (7,7%)

[29] Nege uit die nege-en-dertig respondente (23,1%) het wel aangedui dat die aanspreekvorm “jou” en inklusiewe “ons” die teks ‘n informeler gevoel gee.

Uit bostaande tabel blyk dit dat respondente se formaliteitservaring van ’n teks nie berus op die passiefgebruikfrekwensie in die betrokke teks nie. Hulle ervaring berus hoofsaaklik op woordkeuse en taalgebruik, die tema of onderwerp van die betrokke teks en of hulle die teks as ’n gesproke of geskrewe teks (genre) ervaar.

’n Teksfragment wat respondente as ’n gesproke teks ervaar het, was vir hulle informeler as ’n teks wat hulle as ’n geskrewe teks geïdentifiseer het. As die tema of onderwerp van die teksfragment ernstig was (*aftrede*, Teks 4), was die teksfragment vir die respondente formeler as een wat byvoorbeeld oor *vetsug* (Teks 3) of *romanse* (Teks 2) gehandel het.

Woorde en frases soos “effe”, “kyk, ek bedoel”, “langtand” en “punt is” (Teks 3); “ouens” en “lekkerder” (Teks 6); en “man” en “iedergeval” (Teks 1) het volgens die respondente se motiverings ’n informaliteit in die betrokke tekste geskep. Woorde en frases soos “elegansie”, “weelde” en “uithalerkokke” (Teks 5); “dans van die dood” en “bestuurderlose” (Teks 6); en “aftrede”, “buigsaam” en “beleggingsopsies” het volgens die respondente die onderskeie tekste se formaliteitsgraad verhoog.

In die lig van bostaande bespreking van die resultate wat met die kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoeke verkry is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat lesers tekste met passiefkonstruksies nie noodwendig as formeler tekste ervaar nie. Teksfragment 4 wat geen passiefkonstruksies bevat het nie, was juis die teks wat lesers as heeltemal verskillend van die ander tekste ervaar het en wat die respondente ook as die formeelste teks van die ses teksfragmente beoordeel het.

Respondente het aangedui dat woord- en taalgebruik, genre, en tema of onderwerp die formaliteitsaanduiding van hulle leeservaring beïnvloed het. Dit sluit aan by wat Müller (1998:111) bevind het in haar ondersoek na die formaliteitsgraad van jaarverslae. Sy sê onder meer “...die gebruik van moeilike en formele woorde [het] ’n groter invloed op die formaliteitsgraad van ’n verslag as wat die gebruik van die passiefkonstruksie op sigself het.”

Respondente het onder meer aangedui dat advertensies, bemarkingstekste en publisiteit van produkte vir hulle noodwendig ’n formeler aanslag aan tekste gee. In hoofstuk 5 wat hierop volg, word daar juis deur middel van drie gevallestudies geïllustreer hoe die meetinstrument toegepas kan word om variasie ten opsigte van formaliteit in bedryfstekste te identifiseer en te evalueer. In hierdie studie sal die resultate van die toepassing ook gebruik kan word om ’n uitspraak te lewer of jaarverslae noodwendig formeler as bemarkingstekste, soos brosjures is. Hieraan word in die volgende hoofstuk aandag bestee.

Uiteindelik word die resultate in hierdie hoofstuk en die gevolgtrekkings wat op basis daarvan gemaak kan word, in perspektief geplaas in hoofstuk 6, waar ’n bespreking gevoer word oor die gesamentlike gevolgtrekkings wat uit hierdie studie voortvloei.

HOOFSTUK 5

GEVALLESTUDIE

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word jaarverslae en brosjuretekste vergelyk van drie instansies wat deel uitgemaak het van die ondersoek na jaarverslae. Die vergelykende studie tussen die verskillende bedryfstekstipes verteenwoordig ’n demonstratiewe loods-studie en is ’n poging om eerste, voorlopige aanwysers ten opsigte van die volgende algemene vraag te verskaf:

Hoe kan die meetinstrument gebruik word om formaliteitsverskille of formaliteits-ooreenkomste tussen verskillende tekste *of tekstipes* uit te wys?

Die resultate wat deur die toepassing van die meetinstrument verkry word, sal ook gebruik kan word om te bepaal of daar ’n verskil in formaliteitsgraad tussen die twee tekstipes, naamlik jaarverslae en brosjuretekste is wat in die ondersoek gebruik is.

5.2 Beskrywing van die korpus

Slegs drie instansies se brosjuretekste[30] is by die demonstratiewe vergelykende studie betrek.

Tekste in die kategorie jaarverslae is aanvanklik geselekteer as hulle as Afrikaanse jaarverslae op die Internet beskikbaar was. Om hierdie rede is daar aanvanklik besluit om Afrikaanse brosjuretekste van die instansies en maatskappye wie se jaarverslae by die eerste deel van die ondersoek betrek is en wat op die Internet beskikbaar was, by die ondersoek te betrek.

Webwerwe is oorwegend Engels en, net soos in die geval van die korpus jaarverslae wat by die ondersoek betrek is, moes maatskappye en instansies direk genader word om gedrukte of elektroniese weergawes van hulle bemarkingstekste te bekom.

[30] Die brosjuretekste is as Bylae C bygevoeg.

Die instansies wat eerste gereageer het en/of wie se bemarkingsmateriaal bekombaar was, is vir hierdie tweede deel van die ondersoek gebruik. Die drie instansies wie se brosjuretekste by die ondersoek betrek is, is die finansiële instelling ABSA (*Absa*), die Boere Korporasie Beperk (*BKB*) en die Universiteit van Stellenbosch (*US*).

Ten einde die algemene vraag te probeer beantwoord wat ter aanvang van hierdie hoofstuk gestel is, naamlik hoe kan die meetinstrument gebruik word om formaliteitsverskille of formaliteitsooreenkomste tussen verskillende tekste of tekstipes uit te wys, is die meetinstrument wat op die tekste in die kategorie jaarverslae in hoofstuk 3 gebruik is, ook op die drie instansies se brosjuretekste toegepas. Die resultate wat deur middel van hierdie toepassing verkry is, is gebruik om ’n vergelyking te tref met die resultate wat verkry is toe die meetinstrument op die drie instansies se jaarverslae toegepas is.

In die hoofstuk word daar nie ’n intraklasvergelyking tussen die onderskeie bemarkingstekste getref nie. Dit beteken dat, anders as in die ondersoek na jaarverslae, die bemarkingstekste nie onderling met mekaar vergelyk word nie. In hierdie ondersoek word daar slegs ’n interklasvergelyking getref tussen die bemarkingsteks van ’n instansie aan die een kant en die jaarverslag van dieselfde instansie aan die ander kant.

Die doel van hierdie interklasvergelyking is tweërlei van aard:

- dit demonstreer die toepassing van die meetinstrument op nog ’n tekstipe binne die kategorie bedryfstekste
- dit demonstreer hoe die resultate van die meetinstrument gebruik kan word om ’n antwoord te kry op die vraag of ’n jaarverslag van ’n instansie noodwendig formeler is as ’n bemarkingsteks van dieselfde instansie.

5.3 Metodologie

Ten einde die doelstellings van die vergelykende ondersoek te realiseer wat hierbo gestel is, is die volgende metode gevolg.

Eerstens is die F-indeks van die bemarkingstekste bereken volgens dieselfde metode en riglyne wat by die berekening van die F-indeks van die kategorie jaarverslae gebruik is (sien hoofstuk 3, par. 3.3).

Dieselfde woordsoortkategorieë wat vir die korpus jaarverslae gebruik is en waarmee formaliteit geoperasionaliseer is, is vir die brosjuretekste gebruik. Die woordsoort-kategorieë is op dieselfde wyse in die brosjuretekste[31] as in die korpus jaarverslae geannoteer en frekwensietellings is met die data bereken.

Bemarkingstekste, veral die wat volgens Lourens (2006) en Ommen en Van Kuppenveld (1995:58) as pamflette geklassifiseer kan word, is gewoonlik veel korter as jaarverslae. Waar bemarkingstekste wel lank was, is die eerste duisend woorde van elke teks, net soos in die geval van jaarverslae, by die ondersoek gebruik. Hierdeur is ook verseker dat wat lengte betref, vergelykbare teksdele deel van die ondersoek uitgemaak het. In gevalle waar die teks minder as duisend woorde bevat het, is die volledige teks in aanmerking geneem.

Ten einde die F-indekse van die onderskeie bemarkingstekste relatief tot die instansies se jaarverslae te kon interpreteer, was dit nodig om ’n bo- en ondergrens ten opsigte van formaliteit vas te stel op grond waarvan die verskil in die formaliteitsindekse van die onderskeie bedryfstekste (jaarverslae en brosjuretekste) relatief geïnterpreteer kon word.

Ten einde hierdie bo- en ondergrens van formaliteit te bepaal, is twee tekste gebruik wat op grond van die verwagting twee teenoorgestelde pole op die formaliteitskaal behoort te verteenwoordig. Daarom is ’n jeugroman as (meer) informele teks gebruik en daarteenoor, as verteenwoordigend van ’n (meer) formele teks, ’n teksfragment uit die 1954-Bybelvertaling[32].

Tabel 5.1 hieronder toon die F-indeks van die bogrensteks (61,6: formele teks, Bybel-vertaling) en ondergrensteks (34,2: informele teks, jeugroman) wat as relatiewe

[31] Die geannoteerde brosjuretekste is as Bylae D bygevoeg.
[32] Die twee tekste en die geannoteerde weergawes daarvan is as Bylae G bygevoeg.

maatstaf gebruik is om die F-indekse van die drie instansies se bedryfstekste (jaarverslag teenoor brosjuresteks) te interpreteer.

Tabel 5.1: Data en F-indeks van bo- en ondergrensteks

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Aantal woorde**	**Aantal PK's**	***S.nw***	***Obj.adj.***	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
Bogrens	99	1	27,3	4	6,1	0	2	0	0	2	1	61,6
Ondergrens	113	0	12,4	2,7	15,9	4,4	16,8	8,8	0	8	9,7	34,2

Volgens bostaande tabel is die formaliteitsindeks van die bogrens- of formele teks 61,6 en die ondergrensteks of informele teks 34,2. Die twee punte op die skaal verskil dus met 27,4 indekspunte en die gemiddelde indekspunt op hierdie skaal is 47,9.

Indien die F-indeks van ’n instansie se jaarverslag 58 is, sal die F-indeks relatief tot die ondergrens-bogrens-indeks as formeel geklassifiseer kan word. Indien die F-indeks van die bemarkingsteks van dieselfde instansie 50 is, sal die indeks relatief tot die ondergens-bogrens-indeks ook as formeel geklassifiseer kan word (47,9 is volgens die ondergrens-bogrens-indeks die gemiddelde indekspunt en 50 is bokant dié gemiddelde en neig dus na die formeler punt op die skaal.) Op grond hiervan sou die algemene gevolgtrekking gemaak kan word dat die bepaalde instansie se jaarverslag en bemarkingsteks albei as formele tekste geklassifiseer kan word en dat die twee tekste, teen die verwagting in, dus nie ten opsigte van hulle formaliteitsgraad verskil nie.

Wanneer die F-indeks van ’n bepaalde instansie se jaarverslag byvoorbeeld 58 is en dieselfde instansie se bemarkingsteks ’n F-indeks van 38 het, sal die indekse op grond van die ondergrens-bogrens-indeks onderskeidelik as relatief formeel (58) en relatief informeel (38) geïnterpreteer kan word. In dié geval sou die algemene gevolgtrekking gemaak kon word dat die bepaalde instansie se jaarverslag en bemarkingsteks wel ten opsigte van hulle formaliteitsgraad verskil.

Vervolgens sal die F-indekse van die drie instansies se jaarverslae en bemarkingstekste relatief tot hierdie ondergrens-bogrens-indeks geïnterpreteer word en sal ’n algemene gevolgtrekking op grond van die vergelykings gemaak word.

5.4 Vergelyking van resultate: jaarverslae teenoor bemarkingstekste

Ten einde die vergelyking uit te voer, is die data van die jaarverslag van elkeen van die drie instansies wat by hierdie demonstratiewe vergelyking betrek is – *Absa*, *BKB* en *US* – met hul onderskeie bemarkingstekste vergelyk.

Ter wille van maklike verwysing is die data van die jaarverslag van elke instansie, soos dit in tabel 3.4 vervat is, tesame met die data van die bemarkingsteks(te) van die bepaalde instansie aangebied. Die data van die jaarverslag word in elke tabel ná die data van die bemarkingstekste aan die onderkant van die tabel as grys getinte teks aangebied.

Die rou data van die onderskeie instansies se jaarverslae en bemarkingstekste word nie hier aangebied nie. Slegs die verwerkte data[33] wat in die berekening van die F-indeks gebruik is, word hier in tabelvorm aangegee.

Tabel 5.2 hieronder toon die persentasie-frekwensies asook die berekende F-indeks in dalende orde van die bemarkingstekste wat by die deel van die ondersoek gebruik is.

[33] Die verwerkte data verteenwoordig die persentasie-frekwensies van die rou data.

Tabel 5.2: Data van korpus bemarkingstekste (brosjuretekste) in dalende orde van formaliteit (formeel → informeel)

			Niedeiktiese kategorie		Deiktiese kategorie							
Naam	**Aantal woorde**	**Aantal PK's**	***S.nw***	***Obj.adj.***	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
BKB1	164	3	26,2	4,3	7,9	0,6	0,6	*0*	*0*	*0,6*	4,3	58,6
BKB4	194	1	26,8	6,7	9,8	3	1,5	*0*	*0*	*1,5*	2	58,6
BKB3	77	2,6	23,4	3,9	10,4	5,2	2,6	*0*	*0*	*2,6*	1,3	53,9
BKB2	107	0,9	25,2	3,7	13	6,5	0	*0*	*0*	*0*	1,9	53,6
US1	341	0,3	32,6	4,4	13,5	7,6	7,6	*6,5*	*0,6*	*0,6*	2,3	53
US2	550	1,2	22	6,4	13,3	0,5	7,5	*0,5*	*6,9*	*0*	2,9	52
ABSA	1113	2,2	17,8	4,8	12,1	1,6	6,1	*0,6*	*5,5*	*0*	1,5	50,7
	2546											

5.4.1 Vergelyking: jaarverslag teenoor bemarkingsteks: Teks ABSA

In onderstaande vergelykende studie is een ABSA-bemarkingsteks vergelyk met die jaarverslag van die finansiële instelling. Die bemarkingsteks wat gebruik is, kan volgens Lourens (2006) as ’n brosjure[34] geklassifiseer word. Die ABSA-brosjure is ’n volkleur, gekramde boekie wat 24 bladsye in totaal beslaan: 12 bladsye elk vir Afrikaans en Engels onderskeidelik.

Tabel 5.3 hieronder toon die data van die ABSA-bemarkingsteks en ABSA-jaarverslag, asook die F-indeks van die twee tekste.

Tabel 5.3: Data: ABSA-bemarkingsteks en ABSA-jaarverslag

			Niedeiktiese kategorie		Deiktiese kategorie							
Naam	**Aantal Woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
ABSA	1113	2,2	17,8	4,8	12,1	1,6	6,1	*0,6*	*5,5*	*0*	1,5	50,7
ABSA	1154	2,1	23,1	6,8	11,4	1,6	0,6	*0*	*0*	*0,6*	0,8	56,9

Indien die F-indeks van die ABSA-bemarkingsteks en die ABSA-jaarverslag relatief tot die ondergrens-bogrens-indeks geïnterpreteer word, val albei hierdie indekse in die boonste helfte van die skaal, m.a.w. tussen 47,9 (wat die middelpunt op die skaal verteenwoordig) en 61,6 (wat die bogrenswaarde van die skaal is). Hierdie deel van

[34] Lourens (2006) beskou ’n brosjure as “a booklet, usually 12 to 40 pages [that] provides more detailed information than a folder.”

die skaal verteenwoordig die formele punt van die skaal en albei die tekste kan dus as formele tekste geklassifiseer word.

Dit is ook noemenswaardig dat die F-indeks van die ABSA-jaarverslag met slegs 4,7 indekspunte verskil van die bogrenswaarde (61,6) wat die formeelste punt op die skaal verteenwoordig en die punt is waarteen die formaliteitsindekse van die bemarkingstekste in die deel van die studie relatief geïnterpreteer word. Dit bevestig die verwagting dat jaarverslae as tekstipe met formaliteit geassosieer word.

Die ABSA-bemarkingsteks daarenteen, verskil met 10,9 indekspunte van die bogrenswaarde en met net 2,8 indekspunte van die gemiddelde punt op die skaal (47,9) wat ’n punt aandui waar tekste na die informele kant van die skaal neig. Dit is dus duidelik dat die ABSA-bemarkingsteks heelwat nader lê aan die informele kant van die skaal as die ABSA-jaarverslag. Die verwagting is dus dat lesers die ABSA-bemarkingsteks wel informeler as die ABSA-jaarverslag sal ervaar. In ’n volwaardige wetenskaplike ondersoek kan laasgenoemde byvoorbeeld met lesergerigte toetse bevestig of weerlê word. Die deel van die ondersoek was egter nie binne die bestek van die demonstratiewe gevallestudie wat hier gedoen word nie.

Een van die redes waarom lesers die ABSA-bemarkingsteks moontlik informeler as die ABSA-jaarverslag behoort te ervaar, is te vinde in die veel hoër voornaamwoordfrekwensie van die ABSA-bemarkingsteks: dié teks bevat 10 keer meer voornaamwoorde as die jaarverslag (sien tabel 5.3). ’n Hoë voornaamwoordfrekwensie word met informaliteit geassosieer.

Wat egter hier in gedagte gehou moet word, is dat dit die *u*-aanspreekvorm is (en byvoorbeeld nie die meer informele *jy* nie) wat as tweedepersoonsvoornaamwoord in die bemarkingsteks gebruik word. Hieroor sê Ponelis (1979:67) die volgende: “Die keuse tussen *jy, u* en ook *julle* word bepaal deur die formaliteit van die gesprek-situasie. Weens die formaliteit van die skryfstyl word *u* dus baie algemeen daarin gebruik…” Dit beteken dat ’n teks waarin *u* as tweedepersoonsaanspreekvorm gebruik word, formeler ervaar behoort te word as ’n teks waarin *jy* as tweede-persoonsaanspreekvorm gebruik word.

Die meetinstrument hanteer voornaamwoorde tans asof alle voornaamwoorde dieselfde (in)formaliteitstatus besit. Dit impliseer dat daar in terme van die meetinstrument geen verskil in formaliteit tussen die tweedepersoonsaanspreekvorme *jy* en *u* bestaan nie. In terme van wat Ponelis hierbo sê is dit nie die geval nie en word die gebruik van *u* as aanspreekvorm geassosieer met ’n groter status- of sosiale afstand tussen gespreksgenote as in die geval van *jy* en die gebruik van *u* as tweedepersoonsvoornaamwoord impliseer daarom dus ook ’n hoër graad van formaliteit.

Die meetinstrument behoort dus so aangepas te word dat dit voorsiening maak vir hierdie tipe nuanseverskille ten opsigte van die formaliteitsgraad van aanspreekvorme. Dit sal byvoorbeeld nie deug om *u*-voornaamwoorde op grond van die interne formaliteit wat die voornaamwoord dra as deel van die niedeiktiese kategorie te reken wat met formaliteit geassosieer word nie. Voornaamwoorde is inherent deiktiese woorde. Heylighen en Dewaele (1999: par. 3.1) sê byvoorbeeld: “Pronouns are particularly clear examples of deictic words.” Hoewel *u* as voornaamwoord ’n groter statusafstand impliseer tussen skrywer/teks en aangesprokene as in die geval van die ander persoonlike voornaamwoorde *ek*, *jy*, *hy*, ens., deel hulle die gemeenskaplike trek dat hulle verwys na ’n saak binne ’n bepaalde konteks of situasie en dus duidelik ’n deiktiese waarde besit. Die voornaamwoord *u* sal om hierdie rede steeds as deel van die deiktiese kategorie binne die meetinstrument hanteer moet word.

Een manier om voorsiening te maak vir die nuanseverskille wat ten opsigte van formaliteit in die kategorie voornaamwoorde voorkom, is om verskillende gewigte aan die voornaamwoorde toe te ken. So byvoorbeeld kan ’n gewig van een telling toegeken word aan eerste-, tweede- en derdepersoonsvoornaamwoorde wat met ‘ware’ informaliteit geassosieer word (*ek*, *jy*, *hy*, ens.), terwyl die tweedepersoonsvoornaamwoord *u* wat met ’n mate van formaliteit geassosieer word, slegs ’n punt dra wat gelykstaande is aan die helfte van die gewig van die ‘ware’ informaliteitsdraende voornaamwoorde.

Indien hierdie voorstel op die data van die ABSA-bemarkingsteks toegepas word, het dit wel ’n invloed op die F-indeks van die teks en verhoog die F-indeks van die ABSA-bemarkingsteks van 50,7 na 52,1.

Vergelyk die data van die voornaamwoorde in tabel 5.4 hieronder. In Teks ABSA[1] verteenwoordig die data van die voornaamwoorde ’n telling waar die *u*-voornaamwoorde dieselfde gewig as die eerstepersoonsvoornaamwoorde in die teks dra (daar is geen derdepersoonsvoornaamwoorde in die teks nie). In Teks ABSA[2] verteenwoordig die data van die voornaamwoorde ’n telling waar die tweedepersoonsvoornaamwoord *u* slegs die helfte van die gewig van die eerstepersoonsvoornaamwoorde dra. Tabel 5.4 toon ook die verskil wat dié tipe toepassing van die meetinstrument op die F-indeks van die ABSA-bemarkingsteks het.

Tabel 5.4: Verfyning van die meetinstrument ten opsigte van die kategorie voornaamwoorde en die invloed daarvan op die F-indeks van die ABSA-bemarkingsteks

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Aantal woorde**	**PK’s/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
ABSA[1]	1113	2,2	17,8	4,8	12,1	1,6	**6,1**	*0,6*	***5,5***	*0*	1,5	**50,7**
ABSA[2]	1113	2,2	17,8	4,8	12,1	1,6	**3,3**	*0,6*	***2,7***	*0*	1,5	**52,1**
ABSA	1154	2,1	23,1	6,8	11,4	1,6	0,6	*0*	*0*	*0,6*	0,8	56,9

Wat egter van belang is vir die bespreking in hierdie hoofstuk, is dat die F-indeks van die ABSA-bemarkingsteks (hoe die meetinstrument dan ook al toegepas word) en die van die jaarverslag aan die kant van die ondergrens-bogrens-skaal val wat met formaliteit geassosieer word. Nieteenstaande hierdie feit is daar ook daarop gewys dat die moontlikheid bestaan dat lesers wel die ABSA-bemarkingsteks informeler as die ABSA-jaarverslag kan ervaar omdat die voornaamwoordfrekwensie soveel hoër is in die bemarkingsteks as in die jaarverslag en voornaamwoordfrekwensie met informaliteit geassosieer word.

Dit is verder interessant dat die passiefgebruikfrekwensie in die ABSA-bemarkingsteks en ABSA-jaarverslag bykans dieselfde is. Indien passiefgebruikfrekwensie die enigste maatstaf was waaraan formaliteit in ’n teks gemeet is, sou die verwagting bestaan dat die ABSA-bemarkingsteks en ABSA-jaarverslag dieselfde F-indeks sou

weerspieël. Dit is egter nie die geval nie. Die ABSA-bemarkingsteks (passiefgebruikfrekwensie is 2,2 per 100 woorde) het ’n laer F-indeks as die ABSA-jaarverslag (passiefgebruikfrekwensie is 2,1 per 100 woorde). Laasgenoemde bevestig ook wat Müller (1998:iv) oor die passiefgebruikfrekwensie van ’n teks sê, naamlik “dat dit ’n kombinasie, oftewel samespel van veranderlikes is (en waarvan die passiefkonstruksie maar één is) wat die formaliteitsgraad van ’n teks bepaal, en nie die passiefkonstruksie *per se* nie.”

5.4.2 Vergelyking: jaarverslag teenoor bemarkingsteks: Teks BKB

Tabel 5.5 hieronder toon die data van die vier bemarkingstekste van BKB en die instansie se jaarverslag wat by die vergelykende ondersoek gebruik is.

Tabel 5.5: Data: BKB-bemarkingstekste (BKB1-BKB4) en BKB-jaarverslag

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Aantal woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
BKB1	164	3	*26,2*	*4,3*	*7,9*	*0,6*	*0,6*	*0*	*0*	*0,6*	*4,3*	58,6
BKB4	194	1	*26,8*	*6,7*	*9,8*	*3*	*1,5*	*0*	*0*	*1,5*	*2*	58,6
BKB3	77	2,6	*23,4*	*3,9*	*10,4*	*5,2*	*2,6*	*0*	*0*	*2,6*	*1,3*	53,9
BKB2	107	0,9	*25,2*	*3,7*	*13*	*6,5*	*0*	*0*	*0*	*0*	*1,9*	53,6
BKB	1014	3	*22,7*	*6,9*	*9,5*	*2,7*	*0,2*	*0*	*0*	*0,2*	*1,6*	57,8

As die F-indekse van BKB se bemarkingstekste (BKB1-BKB4) relatief tot die ondergrens-bogrens-skaal geïnterpreteer word, kan al vier hierdie tekste as formele tekste geklassifiseer word. Die bogrens-indeks op grond waarvan die F-indekse in hierdie vergelyking geïnterpreteer word, is 61,6. Die gemiddelde indeks wat op grond van die onder- en bogrens-indekse gestel is, is 47,9. Die F-indekse van die bemarkingstekste val almal tussen 47,9 en 61,6 en val dus in die deel van die skaal wat met formaliteit geassosieer word.

Die F-indeks van BKB se jaarverslag is 57,8. As die indeks relatief tot die onder-grens-bogrens-skaal geïnterpreteer word, val die indeks ook tussen 47,9 en 61,6 en kan dus ook as ’n formele teks geklassifiseer word.

Die formaliteitsgraad van die bemarkingstekste *BKB1* en *BKB4* is selfs hoër as dié van die *BKB*-jaarverslag (58,6 teenoor 57,8). Bemarkingsteks *BKB1* en Jaarverslag *BKB* het dieselfde aantal passiefkonstruksies per 100 woorde, naamlik drie. Tog verskil die tekste se F-indekse met 0,8 indekspunte.

Die algemene gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die BKB-bemarkingstekste en BKB-jaarverslag nie ten opsigte van hulle formaliteitsgraad verskil nie. Die resultate bevestig dus nie die verwagting nie, naamlik dat bemarkingstekste informeler as jaarverslae behoort te wees.

As die onderskeid wat Lourens (2006) tussen pamflette en brosjures tref in gedagte gehou word, beantwoord die vier bemarkingstekste wat hier gebruik word nie aan die vereistes van een van die kategorieë nie.

Pamflette is, volgens Lourens (2006) "'n gevoude inligtingstuk wat nie langer as 8 bladsye is nie." Die BKB-bemarkingstekste wat hier gebruik is, beslaan almal slegs 'n enkel bladsy en is nie gevou nie. Hulle gee ook inligting oor slegs een diens of produk wat die maatskappy aanbied. Dat hierdie bemarkingstekste baie kort is, kan ook gesien word aan die woordtelling van die afsonderlike tekste in tabel 5.5 hierbo. Hierdie tekstipe sou moontlik eerder as biljette geklassifiseer kon word.

Dit is nie binne die bestek van hierdie studie nie, maar dit kan interessante navorsing wees om vas te stel of die kategorie bemarkingstekste (brosjure, pamflet, biljet) 'n homogene groep vorm en of daar 'n korrelasie is tussen formaliteitsgraad en bemarkingstekstipe, met ander woorde is biljette byvoorbeeld formeler as brosjures en laasgenoemde weer informeler as pamflette?

5.4.3 Vergelyking: jaarverslag teenoor bemarkingsteks: Teks US

Tabel 5.6 hieronder toon die resultate van die twee bemarkingstekste van die Universiteit van Stellenbosch (Teks US1 en US2) en die instansie se jaarverslag.

Tabel 5.6: Data: US-bemarkingstekste (US1 en US2) en US-jaarverslag

			Niedeiktiese kategorie		***Deiktiese kategorie***							
Naam	**Aantal woorde**	**PK's/100**	*S.nwe*	*Obj.adj.*	***Wwe***	***Subj.adj.***	***V.nwe***	*1eP*	*2eP*	*3eP*	***Bw.***	**F-indeks**
US1	341	0,3	32,6	4,4	13,5	7,6	7,6	*6,5*	*0,6*	*0,6*	2,3	53
US2	550	1,2	22	6,4	13,3	0,54	7,5	*0,54*	*6,9*	*0*	2,9	52
US	1018	1	22	7,1	8	3,9	0,4	*0,1*	*0,1*	*0,2*	1,7	57,6

Jaarverslag *US* se F-indeks is wel hoër as die van die twee US-bemarkingstekste, wat impliseer dat Jaarverslag *US* formeler as die US-bemarkingstekste is. Indien die F-indekse van al drie hierdie tekste egter in terme van die waardes van die ondergrens en bogrens (sien tabel 5.1) geïnterpreteer word, kan al drie die tekste – die twee bemarkingstekste *US1* en *US2*, sowel as die jaarverslag *US* as formele tekste geklassifiseer word. Die F-indekse van al drie tekste (53, 52 en 57,6) val in die boonste helfte van die skaal (tussen 47,9 wat die middelpunt van die skaal verteenwoordig en 61,6 wat die bogrenspunt van die skaal is).

Die algemene gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die US-jaarverslag en US-bemarkingstekste almal as formele tekste geklassifiseer kan word en dat daar dus nie ’n verskil in die formaliteitsgraad van die twee tekstipes – jaarverslag en bemarkingsteks – van die instansie is nie.

Dit bevestig dus weer eens nie die verwagting nie. Die algemene verwagting is dat bemarkingstekste, soos brosjures, informeler is as tekste binne die kategorie jaarverslae.

Die tweede algemene gevolgtrekking wat uit die resultate in tabel 5.6 afgelei kan word, is dat die formaliteitsgraad van ’n teks nie alleen deur die passiefgebruikfrekwensie van die teks bepaal word nie. Indien dit die geval was, behoort bemarkingsteks *US2*, wat 1,2 passiefkonstruksies per 100 woorde bevat, formeler as US se jaarverslag (Teks *US*) te wees, wat 1 passiefkonstruksie per 100 woorde het. Dit is nie die geval nie: bemarkingsteks *US2* se F-indeks is 52 en Teks *US* het ’n F-indeks van 57,6, wat dus impliseer dat bemarkingsteks *US2* informeler as Teks *US* is. Die resultate bevestig dus ook wat in paragraaf 5.4.1 hierbo gesê is oor die passiefgebruikfrekwensie in die ABSA-tekste: die F-indeks (50,7) van die ABSA-

bemarkingsteks, wat ’n passiefgebruikfrekwensie van 2,2 per 100 woorde het, was laer as die van die ABSA-jaarverslag (56,9), wat ’n passiefgebruikfrekwensie van 2,1 per 100 woorde weerspieël (vgl. tabel 5.3).

5.5 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is daar gedemonstreer hoe die meetinstrument toegepas en gebruik kan word om variasie in verskillende tekstipes te meet en te evalueer, en so te bepaal of die twee tekstipes wat deel uitgemaak het van hierdie ondersoek, soos wat daar verwag word, inderdaad ten opsigte van hulle formaliteitsgraad verskil.

Die algemene verwagting is dat bemarkingstekste, soos pamflette en brosjures, informeler behoort te wees as jaarverslae. Die rede hiervoor kan onder meer gevind word in die feit dat bemarkingstekste ’n korter lewensduur as jaarverslae het, dat hulle primêre kommunikatiewe doel – anders as by jaarverslae[35] – oorredend van aard is en ’n mens dus daarom verwag dat die afstand tussen die teks en leser kleiner behoort te wees as in ’n jaarverslag. Hierdie kleiner afstand word met informaliteit geassosieer.

Die resultate in hierdie gevallestudies het egter getoon dat die bemarkingstekste en jaarverslae van al drie die instansies wat by die vergelykende studie betrek is op grond van hulle F-indeks alleen as formele tekste beskou kan word.

Ten spyte hiervan is daar egter ook daarop gewys dat die moontlikheid bestaan dat lesers in die geval van die ABSA-bemarkingsteks en ABSA-jaarverslag wel ’n verskil in formaliteit sal ervaar as gevolg van die bemarkingsteks se veel hoër voornaam-woordfrekwensie. ’n Lesergerigte ondersoek sal uitgevoer moet word om hierdie verwagting te bevestig of te weerlê.

Die resultate wat die gevallestudies in hierdie hoofstuk opgelewer het, kan ook gebruik word om te bepaal of jaarverslae inderdaad formeler is as brosjuretekste.

[35] Volgens Müller (1998:19) is die primêre kommunikatiewe doelstelling van ’n jaarverslag motiverend en is die informatiewe en oorredende doelstellinge hierop afgestem.

Die resultate van die gevallestudies wat die deel van die ondersoek opgelewer het, het getoon dat jaarverslae nie noodwendig formeler as bemarkingstekste, soos brosjures is nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die ondersoek ’n loodsstudie verteenwoordig en slegs as demonstratiewe ondersoek gedien het om die onderskeidingsvermoë van die meetinstrument te illustreer. Ten einde ’n volwaardige wetenskaplike studie te doen wat betroubare resultate sal verseker, sal die korpus bemarkingstekste wat gebruik word onder meer vergroot moet word en sal statisties geskikte analises met die data uitgevoer moet word.

In die slothoofstuk wat volgende aan bod kom, sal daar onder meer gefokus word op die vernaamste gevolgtrekkings wat op grond van die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate van die studie gemaak kan word.

HOOFSTUK 6
SLOT

In hierdie slothoofstuk sal die bespreking afgerond word rondom formaliteit as stylveranderlike en die passiefkonstruksie as formaliteitsmerker, die twee linguistiese veranderlikes waarop die fokus in hierdie ondersoek geval het.

Daar sal gedurende die bespreking op drie aspekte gekonsentreer word. Daar sal eerstens antwoorde verskaf word op die navorsingsvrae wat ter aanvang van die ondersoek gestel is. In die bespreking hieroor sal daar ook aandag gegee word aan die belangrikste gevolgtrekkings wat gemaak kan word op grond van die kwalitatiewe en kwantitatiewe ontledings van die data in die ondersoek. Tweedens sal daar voorstelle gedoen word ter verfyning van hierdie studie. Derdens sal moontlike navorsingsonderwerpe geïdentifiseer word wat buite die bestek van die huidige ondersoek geval het. Die hoofstuk sal afgesluit word met slotopmerkings wat as riglyne kan dien vir dokumentontwerpers sodat hulle ingeligte keuses oor formaliteit in ’n teks kan maak.

6.1 Navorsingsvrae: antwoorde en gevolgtrekkings

Ter aanvang van die studie is vier navorsingsvrae gestel, naamlik:

1. Hoe word formaliteit gedefinieer?
2. Hoe word formaliteit geoperasionaliseer?
3. In welke mate beïnvloed sommige grammatikale veranderlikes die formaliteitsindeks (F-indeks) van die kategorie bedryfstekste wat ondersoek is?
4. Is daar ’n positiewe korrelasie tussen die passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n teks?

In paragraaf 6.1.1 tot 6.1.4 sal antwoorde op bostaande vier vrae verskaf word en die vernaamste gevolgtrekkings bespreek word waartoe die resultate van die onderskeie teks- en data-analises gelei het. In paragraaf 6.1.5 sal daar kommentaar gelewer word oor die meting van formaliteitsvariasie in die tekste wat in hierdie ondersoek gebruik is.

6.1.1 Vraag 1: Hoe word formaliteit gedefinieer?

In die studie is ’n uiting as formeel gedefinieer wanneer:

- die woorde waaruit die uiting bestaan merendeels konteksonafhanklik was en
- niedeiktiesverwysende woorde verteenwoordig het.

Daar is ook in die studie aangedui dat formaliteit onder meer te make het met die sosiale of statusafstand tussen gespreksgenote. Taalgebruikers grammatikaliseer hierdie afstand deur middel van die keuse wat hulle ten opsigte van hulle woordgebruik uitoefen en ekspliseer op hierdie manier die sosiale verhouding wat tussen die gespreksgenote bestaan (sien hoofstuk 2; par. 2.3). Sodoende het die afstand wat met formaliteit geassosieer word in der waarheid te make met die sosiale afstand tussen die gespreksgenote. Op grond hiervan kan die formaliteitsdefinisie hierbo soos volg verfyn word: Formaliteit in ’n teks is ’n tipe deiksis wat gemeet kan word aan die aan- of afwesigheid van niedeiktiese en deiktiese leksikale kategorieë. Die idee dat formaliteit te make het met afstand – onder andere die afstand tussen sender en ontvanger – word hiermee op behoorlike wyse geoperasionaliseer.

6.1.2 Vraag 2: Hoe word formaliteit geoperasionaliseer?

Formaliteit word in die twee bedryfstekste wat by die studie betrek is, geoperasionaliseer deur middel van ’n meetinstrument wat gebruik word om formaliteit op grond van die konteksafhanklikheid of deiksis van voorafbepaalde woordsoortkategorieë in ’n teks te bepaal. Woordsoortkategorieë wat in bedryfstekste, soos jaarverslae en brosjures funksioneer, en wat moontlik ’n rol speel in die formaliteitsgraad van bedryfstekste, is by die ondersoek betrek.

Die voorgestelde meetinstrument is gebaseer op ’n soortgelyke instrument wat deur Heylighen en Dewaele (1999) vir Engels, Frans, Italiaans en Nederlands ontwikkel is. Die meetinstrument is in hierdie studie aangepas en verfyn om spesifiek op Afrikaanse bedryfstekste van toepassing gemaak te word (sien hoofstuk 2: par. 2.4.1 en hoofstuk 3: par. 3.3).

Die woordsoortkategorieë wat in hierdie studie geïdentifiseer is selfstandige naamwoorde, objektiewe adjektiewe, werkwoorde, subjektiewe adjektiewe, persoonlike en besitlike voornaamwoorde van die eerste-, tweede- en derdepersoon en bywoorde.

Die woordsoortkategorieë is op grond van hulle konteksafhanklikheid of -onafhanklikheid in ’n teks onderskeidelik as deel van die deiktiese kategorie (wat met informaliteit geassosieer word) of niedeiktiese kategorie (wat met formaliteit verband hou) gereken. In hierdie studie was selfstandige naamwoorde en objektiewe adjektiewe deel van die niedeiktiese (konteksonafhanklike) kategorie wat met formaliteit geassosieer word. Die deiktiese kategorie het in die studie bestaan uit werkwoorde, subjektiewe adjektiewe, voornaamwoorde en bywoorde.

Die frekwensie van hierdie woordsoorte is elkeen individueel in die tekste vasgestel deur die voorkoms daarvan in elke teks handmatig te tel. Volgens die empiriese meetinstrument word die persentasie-frekwensies van die woordsoorte in die deiktiese kategorie afgetrek van die persentasie-frekwensies van die woordsoorte in die niedeiktiese kategorie. Die syfer wat so bereken word, word genormaliseer en dan deur twee verdeel. Die syfer wat deur middel van hierdie berekening verkry is, verteenwoordig die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n bepaalde teks.

Die formule vir die berekening van formaliteit in Afrikaanse bedryfstekste en wat op Heylighen en Dewaele (1999) se voorstel gebaseer is, lyk soos volg:

F-indeks = (frekwensies van s.nw. + obj. adj.) – (frekwensies van ww. + subj. adj. + v.nw. + bw.) + 100∕2

6.1.3 Vraag 3: In welke mate beïnvloed sommige grammatikale veranderlikes die formaliteitsindeks (F-indeks) van die kategorie bedryfstekste wat ondersoek is?

Die grammatikale veranderlikes wat by hierdie studie betrek is, was die volgende: selfstandige naamwoorde, objektiewe adjektiewe, werkwoorde, subjektiewe adjektiewe, persoonlike en besitlike voornaamwoorde van die eerste-, tweede- en derdepersoon en bywoorde. Ten einde ’n antwoord op hierdie vraag te verskaf, sal die

vernaamste gevolgtrekkings hier gemaak word wat op grond van die kwalitatiewe en kwantitatiewe teksanalise oor elke woordsoortkategorie afgelei kon word.

In paragraaf 6.1.3.1 en 6.1.3.2 wat hierna volg, word die gevolgtrekkings ten opsigte van die twee grammatikale veranderlikes, naamlik selfstandige naamwoorde en objektiewe adjektiewe, wat deel uitgemaak het van die konteksonafhanklike, nie-deiktiese (formele) kategorie, bespreek. Paragraaf 6.1.3.3 tot 6.1.3.6 hieronder handel oor die gevolgtrekkings wat ten opsigte van die grammatikale veranderlikes wat die konteksafhanklike, deiktiese (informele) kategorie in die ondersoek gevorm het.

6.1.3.1 Selfstandige naamwoorde en formaliteit

Die korrelasie-ondersoek tussen selfstandigenaamwoordfrekwensie en passief-gebruikfrekwensie wat met die data van die korpus jaarverslae uitgevoer is, het ’n statisties beduidende positiewe korrelasie (p = 0,00) tussen die twee veranderlikes getoon (vgl. hoofstuk 3, par. 3.5.7). Dit beteken hoe meer selfstandige naamwoorde in ’n teks voorkom, hoe meer passiefkonstruksies sal daar in die teks wees. Die kwalitatiewe vergelyking wat met die data van Teks *Distell* in die korpus jaarverslae uitgevoer is, het ook getoon dat ’n hoë frekwensie selfstandige naamwoorde geassosieer word met ’n hoë passiefgebruikfrekwensie (vgl. hoofstuk 3, par. 3.5.7).

Die korrelasie-ondersoek wat in die ekspertgerigte ondersoek tussen selfstandige naamwoordfrekwensie en die gemiddelde formaliteitsindeks van die teksfragmente uitgevoer is, het egter nie statisties beduidende resultate gelewer nie (p = 0,79; vgl. hoofstuk 4, par. 4.2.4.2). Hierdie resultate klop nie met wat Heylighen en Dewaele (1999) suggereer nie. Vir hulle word ’n hoë selfstandigenaamwoordfrekwensie met die formele kant van die formaliteitskaal geassosieer. Die kwalitatiewe analise van Teks *Cape Joint* se jaarverslag, het dit ook bevestig dat ’n laer selfstandigenaam-woordfrekwensie met ’n informeler teks geassosieer word (vgl. hoofstuk 3, par. 3.5.7).

Verder het die kwantitatiewe ontleding van die data in die korpus jaarverslae getoon dat daar op ’n 10%-betekenispeiling ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie (p

= 0,06) tussen selfstandige naamwoorde en bywoorde bestaan (vgl. hoofstuk 3, par. 3.6). Dit beteken dat ’n hoër selfstandigenaamwoordfrekwensie ’n laer bywoordfrekwensie impliseer. Op ’n 5%-betekenispeiling het die resultaat van die korrelasie-ondersoek (p = 0,06) slegs op ’n tendens tussen hierdie twee veranderlikes gewys. Nietemin is die resultate van hierdie korrelasie-ondersoek wel relevant wanneer daar binne die funksionele denkraamwerk van hierdie studie (vgl. hoofstuk 2, par. 2.2) gevolgtrekkings gemaak moet word wat in die adviesliteratuur as riglyne vir dokumentontwerpers moet dien.

Uit die resultate wat verkry is van die korrelasie-ondersoeke wat met selfstandige naamwoorde in die studie gedoen is, blyk dat selfstandigenaamwoordfrekwensie positief korreleer met passiefgebruikfrekwensie en negatief korreleer met die bywoordfrekwensie in ’n teks (of hoogstens op ’n tendens wys). Passiefgebruikfrekwensie word met formaliteit geassosieer en bywoordfrekwensie met informaliteit. Dit wil dus tog voorkom asof daar ’n formaliteitsversterkende samespel tussen selfstandigenaamwoordfrekwensie en ander formaliteitsmerkers, soos die passiefkonstruksie, in ’n teks is. Aan die ander kant wil dit weer voorkom of daar sprake is van ’n negatiewe samespel of spanning tussen selfstandigenaamwoordfrekwensie en ander informaliteitsmerkers, soos byvoorbeeld bywoordfrekwensie in ’n teks. Selfstandige naamwoorde is in die toepassing van die meetinstrument as deel van die niedeiktiese, formele kategorie gereken sodat die uitspraak van Heylighen en Dewaele (1999) tog sin maak dat selfstandige naamwoorde met formaliteit geassosieer word.

6.1.3.2 Objektiewe adjektiewe en formaliteit

In die studie is objektiewe adjektiewe as deel van die konteksonafhanklike, niedeiktiese kategorie gereken, wat met formaliteit geassosieer word. Die kwalitatiewe teksanalise wat met die data van die korpus jaarverslae gedoen is sowel as die empiriese analise wat op die data uitgevoer is wat deur middel van die ekspertgerigte ondersoek verkry is, het bevestig dat objektiewe adjektiewe inderdaad met formaliteit geassosieer word.

In paragraaf 3.5.8 is daar in die vergelyking tussen die teks met die tweede hoogste frekwensie objektiewe adjektiewe in die korpus jaarverslae (Teks *Venfin*) en die teks met die tweede laagste frekwensie objektiewe adjektiewe in die korpus jaarverslae (Teks *Prok*) aangetoon dat dit onder meer die hoë frekwensie objektiewe adjektiewe in Teks *Venfin* is wat die teks formeler as Teks *Prok* maak, ongeag die feit dat die passiefgebruikfrekwensie, wat ’n merker van formaliteit is, in Teks *Prok* hoër is as die van Teks *Venfin*.

Daar is verder in die kwalitatiewe teksanalises van Teks *Remgro* (vgl. par. 3.5.3) en Teks *Pepkor* (vgl. par. 3.5.4) aangedui dat die kombinasie van ’n hoë frekwensie objektiewe adjektiewe en ’n lae bywoordfrekwensie, en die kombinasie van ’n hoë frekwensie objektiewe adjektiewe en lae voornaamwoordfrekwensie, onder meer tot hierdie tekste se bo-gemiddelde graad[36] van formaliteit bygedra het.

Die korrelasie-ondersoek wat uitgevoer is tussen die twee veranderlikes, objektiewe adjektiewe en formaliteit op grond van die data wat van die ekspertgerigte leserondersoek verkry is, het wel ’n positiewe verwantskap tussen die veranderlikes aangedui. Hoewel die resultate van die ondersoek op ’n 5%-betekenispeiling nie statisties beduidende resultate gelewer het nie ($p = 0,10$), is die resultate wel statisties beduidend op ’n 10%-betekenispeiling. Dit beteken dat daar ten minste op grond van die resultate van hierdie ondersoek gesê kan word dat daar ’n tendens tussen die twee veranderlikes bestaan. Dit beteken dat objektiewe adjektiewe wel met formaliteit geassosieer word.

6.1.3.3 Werkwoorde en formaliteit

Die kwalitatiewe en kwantitatiewe analises wat met die data van die korpus jaarverslae gedoen is, het bevestig dat werkwoorde merkers van informaliteit is, wat beteken dat ’n hoë werkwoordfrekwensie inderdaad met informaliteit geassosieer word.

Dit is opvallend dat die informeelste teks in die korpus jaarverslae (Teks *Derebus*) ook die teks was met die hoogste werkwoordfrekwensie in die korpus, wat weer eens

[36] Die gemiddelde formaliteitsindeks van die korpus jaarverslae is 54,7.

bevestig dat werkwoorde met informaliteit geassosieer word. Laasgenoemde word ook bevestig deur die teksvergelykende analise wat tussen Teks *KNB* en Teks *Clover* gedoen is (vgl. par. 3.5.9), waar Teks *KNB* slegs op grond van sy hoër werkwoordfrekwensie informeler as Teks *Clover* was.

In paragraaf 3.5.6 is daar ook aangetoon dat die kombinasie hoë werkwoordfrekwensie, hoë bywoordfrekwensie en lae(r) voornaamwoordfrekwensie Teks *Derebus* informeler gemaak het as Teks *Mettle*, waarin die kombinasie lae(r) werkwoordfrekwensie, lae(r) bywoordfrekwensie en hoë(r) voornaamwoordfrekwensie voorgekom het. Hieruit kan afgelei word dat, in die geval van die data wat hier ondersoek is, die samespel tussen werkwoordfrekwensie en bywoordfrekwensie ’n groter invloed op die formaliteitsgraad van ’n teks gehad het as voornaamwoordfrekwensie, en in dié geval spesifiek wat eerstepersoonsverwysing betref. Hieruit kan die verdere afleiding gemaak word dat die verlewendigingseffek wat werkwoorde in ’n teks bewerkstellig, in hierdie geval, ’n groter invloed op die formaliteitsgraad van die tekste gehad het as eerstepersoonsverwysing (vgl. par. 3.5.6).

Die korrelasie-ondersoek wat uitgevoer is op die data wat deur middel van die ekspertgerigte ondersoek verkry is, het ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen die twee veranderlikes, werkwoordfrekwensie en formaliteitsgraad, getoon ($p = 0,05$). Hierdie resultate bevestig dus dat werkwoorde met informaliteit geassosieer word.

6.1.3.4 Subjektiewe adjektiewe en formaliteit

Hoewel die kwalitatiewe analise van die tekste in die ondersoek getoon het dat subjektiewe adjektiewe meehelp aan die informaliteit van ’n teks, en byvoorbeeld in Teks *Senwes* die formaliteitseffek van beide passiefgebruikfrekwensie en selfstandigenaamwoordfrekwensie as’t ware geneutraliseer het en die teks informeler gemaak het (vgl. par. 3.5.10), het die kwantitatiewe analise van die data wat deur middel van die ekspertgerigte ondersoek verkry is, nie die verwagte negatiewe verwantskap tussen subjektiewe adjektiewe en formaliteit bevestig nie (vgl. par. 4.2.4.3).

Slegs een uit die tien eksperte in die lesergerigte ondersoek het adjektiewe as kategorie geïdentifiseer wat as ’n grammatikale veranderlike ’n invloed uitoefen op die formaliteitsgraad van ’n teks. Hierdie ekspert het egter adjektiewe as formaliteitsmerkers beskou. Binne die funksionele raamwerk van hierdie studie beteken dit dat dokumentontwerpers eerstens daarvan bewus gemaak moet word dat die kategorie adjektiewe uit twee subkategorieë, naamlik objektiewe adjektiewe en subjektiewe adjektiewe bestaan en dat die adjektiewe in hierdie twee subkategorieë verskillende effekte in ’n teks bewerkstellig. Subjektiewe adjektiewe word met informaliteit geassosieer, want subjektiwiteit in ’n teks verkort die afstandelikheid in die teks en verhoog dus die informaliteit daarvan. Objektiewe adjektiewe het die teenoorgestelde uitwerking in ’n teks (sien par. 6.1.3.2).

6.1.3.5 Voornaamwoorde en formaliteit

Die kategorie voornaamwoorde is ’n eg deiktiese kategorie en word met konteksafhanklikheid en informaliteit geassosieer. In die ondersoek is persoonlike en besitlike voornaamwoorde van die eerste-, tweede- en derdepersoon by die ondersoek betrek.

Die kwalitatiewe teksanalises wat op die korpus jaarverslae en brosjuretekste gedoen is, het veral getoon dat ’n hoër voornaamwoordfrekwensie ’n hoër werkwoordfrekwensie impliseer, en dat meer voornaamwoorde in ’n teks noodwendig tot ’n laer passiefgebruikfrekwensie lei (vgl. par. 3.5.11).

Daar is ook aangetoon dat eerste- en tweedepersoonsverwysing ’n groter invloed op die afstandelikheid in ’n teks uitgeoefen het as derdepersoonsverwysing. Hoe korter die afstand in die teks, hoe informeler is die teks. Eerste- en tweedepersoonsverwysing verkort die afstand in ’n groter mate in ’n teks as derdepersoonsverwysing. Daarom sal ’n teks met eerste- en/of tweedepersoonsverwysing informeler wees as ’n teks waarin derdepersoonsverwysing figureer (vgl. par. 3.5.11).

Die empiriese ondersoek tussen voornaamwoordfrekwensie en formaliteit wat op die data uitgevoer is wat van die ekspertgerigte leserondersoek verkry is, het bevestig dat voornaamwoorde ’n merker is van informaliteit. Die korrelasie-ondersoek wat

tussen die twee veranderlikes gedoen is, het getoon dat daar ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie tussen voornaamwoordfrekwensie en formaliteit bestaan (p = 0,02).

6.1.3.6 Bywoorde en formaliteit

Bywoorde word, net soos werkwoorde, ook met informaliteit geassosieer. Daar is reeds in paragraaf 6.1.3.3 hierbo daarop gewys dat die kombinasie of samespel van bywoordfrekwensie en werkwoordfrekwensie ’n hoër graad van informaliteit in ’n teks bewerkstellig.

Die data van die ekspertgerigte leserondersoek bevestig ook hierdie negatiewe verwantskap wat tussen bywoordfrekwensie en formaliteit bestaan. Die korrelasie-ondersoek tussen hierdie twee veranderlikes het ’n statisties beduidende negatiewe korrelasie (p = 0,05) getoon, wat daarop neerkom dat ’n hoër bywoordfrekwensie ’n informeler teks tot gevolg het (vgl. par. 4.2.4.4).

6.1.3.7 Algemene gevolgtrekking

Op grond van hierdie gevolgtrekkings kan daar nou ’n antwoord verskaf word op vraag 3, wat as navorsingsvraag in die ondersoek gestel is, naamlik in welke mate beïnvloed sommige *grammatikale veranderlikes* die formaliteitsindeks (F-indeks) van die kategorie bedryfstekste wat ondersoek is?

Indien die passiefkonstruksie, ter demonstrasie, dan as grammatikale veranderlike geïsoleer word, lei die resultate van die ondersoek tot die volgende antwoord op bogenoemde navorsingsvraag: Hoewel *passiefgebruikfrekwensie* met formaliteit geassosieer kan word, behoort dit nie die enigste maatstaf te wees waaraan die formaliteitsgraad van ’n teks gemeet word nie (vgl. ook Müller 1998). *Werkwoord-*, *bywoordfrekwensie* en *voornaamwoordfrekwensie* verminder die formaliteitsgraad van ’n teks, terwyl *objektiewe adjektiewe* met ’n hoër graad van formaliteit in ’n teks geassosieer word.

Vervolgens word die laaste navorsingsvraag wat in hierdie ondersoek gestel is, beantwoord.

6.1.4 Vraag 4: Is daar ’n positiewe korrelasie tussen die passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n teks?

Die korrelasie-ondersoek wat uitgevoer is tussen passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsgraad van die tekste in die korpus jaarverslae het ’n beduidende positiewe korrelasie (p = 0,01) tussen hierdie twee veranderlikes getoon (vgl. hoofstuk 3, par. 3.6).

Daar is ook ’n korrelasie-ondersoek gedoen tussen passiefgebruikfrekwensie en die gemiddelde formaliteitstelling wat tien eksperte aan 20 teksfragmente uit verskillende genres in ’n lesergerigte ondersoek toegeken het. Hierdie korrelasie-ondersoek het die resultate van die eerste korrelasie-ondersoek tussen hierdie twee veranderlikes bevestig: die ondersoek het weer ’n hoogs statisties beduidende positiewe korrelasie (p = 0,00) tussen die twee veranderlikes getoon (sien hoofstuk 4; par. 4.2.4.1).

Die data in die ondersoek het egter ook getoon dat die teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie in die korpus jaarverslae nie die formeelste teks in die korpus was nie. Dit is teen die verwagting in: op grond van dit wat in die vakliteratuur oor passiefgebruikfrekwensie gesê word, naamlik dat die gebruik van ’n passiefkonstruksie ’n teks saai, onpersoonlik, styf, moeilik en formeel maak, sou ’n mens verwag dat die teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie ook die formeelste teks in die korpus sal wees. Teks *Prok* het 3,5 passiefkonstruksies per 100 woorde, maar ’n F-indeks van 54,5, wat die gemiddelde formaliteitsindeks vir die korpus jaarverslae verteenwoordig. Die laer formaliteitsindeks kan toegeskryf word aan die teks se hoë werkwoord- en bywoordfrekwensie, en die frekwensie van die subjektiewe adjektiewe en eerstepersoonsverwysing wat in die teks voorkom. Hierdie woordsoorte maak deel uit van die deiktiese kategorie wat met informaliteit geassosieer word. Verder is die frekwensie objektiewe adjektiewe, wat deel uitmaak van die niedeiktiese kategorie en met formaliteit geassosieer word, relatief laag in die teks. Hierdie samespel van veranderlikes neutraliseer as’t ware die invloed van passiefgebruikfrekwensie in die teks en lei daarom noodwendig tot ’n informeler teks (vgl. hoofstuk 3, par. 3.5.1).

Die resultate wat die korrelasie-ondersoek tussen passiefgebruikfrekwensie en voornaamwoordfrekwensie in die korpus jaarverslae opgelewer het, is ook noemenswaardig in die lig van die gevolgtrekkings wat in hierdie slothoofstuk bespreek word. Hierdie korrelasie-ondersoek het ’n matige negatiewe korrelasie (p = 0,01) tussen die twee veranderlikes getoon (sien hoofstuk 3; par. 3.5.11). Dit beteken hoe hoër die passiefgebruikfrekwensie in ’n teks is, hoe laer is die voornaamwoord-frekwensie in die teks.

Die resultate van hierdie korrelasie-ondersoek klop dan ook met die resultate van die korrelasie-ondersoek wat uitgevoer is tussen passiefgebruikfrekwensie en eerstepersoonsverwysing met die korpus jaarverslae. Dié korrelasie-ondersoek het ook ’n statisties beduidende negatiewe verwantskap (p = 0,00) tussen hierdie twee veranderlikes getoon (sien hoofstuk 3; par. 3.5.11).

Die resultate van die korrelasie-ondersoeke tussen passiefgebruikfrekwensie en voornaamwoorde en eerstepersoonsverwysing onderskeidelik is te verstane. Voornaamwoorde verteenwoordig dikwels die agent of doener van ’n handeling in ’n teks. Müller (1998:112) toon dat die passiefkonstruksie die demovering van die agent of doener deur middel van die tematiese verskuiwings wat die konstruksie kenmerk, slegs “*akkommodeer* en nie *bepaal* nie.” Sy verduidelik voorts dat “ánder veranderlikes soos die feit dat ’n skrywer nie hom-/haarself as mede-verantwoordelike wil ekspliseer nie en daarom die gebruik van die voornaamwoord van die eerste persoon (*ek* en/of *ons*) vermy, bepaal dat ’n skrywer dan ’n passiefkonstruksie sal gebruik” (1998:112-113). Dit gaan dus daarom dat skrywers doelbewus kies om byvoorbeeld gebruik van die eerste persoon te vermy en dat dié keuse dan aanleiding gee tot die gebruik van die passiefkonstruksie omdat hierdie konstruksie die vermyding van eerstepersoonsverwysing kan akkommodeer (Müller 1998:113). Op grond hiervan is dit dus te verstane dat voornaamwoordfrekwensie sal verlaag soos passiefgebruikfrekwensie verhoog, en dit bevestig die resultate van die korrelasie-ondersoeke in die studie waaroor daar hierbo gerapporteer is.

Die algemene gevolgtrekkings wat op grond van bostaande diskussie gemaak kan word en wat as antwoord(e) dien op vraag 4 van die navorsingsvrae in hierdie

ondersoek, naamlik of daar ’n positiewe korrelasie tussen die passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks (F-indeks) van ’n teks is, kan soos volg opgesom word: daar is ’n positiewe korrelasie tussen passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks van ’n teks. Nietemin, het die resultate van die kwalitatiewe teksanalise bewys dat die teks met die hoogste passiefgebruikfrekwensie nie die formeelste teks in die korpus was nie. Op grond hiervan moet die afleiding gemaak word dat daar nie uitsprake oor ’n teks se formaliteitsgraad alleen gemaak kan word op grond van passiefgebruikfrekwensie in die teks nie. Of om dit verder te veralgemeen: om uitsprake te maak oor die formaliteitsgraad van ’n teks met verwysing na slegs een grammatikale veranderlike is bedenklik. Daar is aangetoon dat die samespel van veranderlikes soos werkwoord- en bywoordfrekwensie, die frekwensie van subjektiewe adjektiewe en eerstepersoonsverwysing die effekte van die passiefkonstruksie in ’n teks selfs kan neutraliseer en die formaliteitsgraad van die teks afdwing (vgl. par. 3.5.1, 3.5.2 en 5.4.3).

In sommige tekstipes, soos jaarverslae byvoorbeeld, kan die passiefkonstruksie juis as gevolg van die tematiese bewerkings wat daarin plaasvind, funksioneel aangewend word. Die rede hiervoor is dat jaarverslae dikwels fokus op die handelinge en gebeure van ’n bepaalde oorsigjaar en nie op die persoon of persone wat vir die handelinge verantwoordelik was nie. Die ondersoek ten opsigte van die data van die korpus jaarverslae het juis aangetoon dat agenthebbende passiefkonstruksies die menslikheid in ’n teks verhoog (vgl. par. 3.5.11). Sodra die menslikheidsaspek van ’n teks vergroot, verlaag dit die formaliteitsgraad van ’n teks.

Advies oor die gebruik van die passiefkonstruksie moet dus in die literatuur met omsigtigheid hanteer word. Hoewel daar ’n statisties beduidende positiewe korrelasie tussen passiefgebruikfrekwensie en die formaliteitsindeks van ’n teks bestaan, het die studie getoon dat die passiefkonstruksie nie as enigste maatstaf vir die beoordeling van ’n teks se formaliteitsgraad gebruik kan word nie. Trouens, ’n lesergerigte ondersoek waaraan 39 respondente deelgeneem het, het getoon dat dit nie passiefgebruikfrekwensie is wat ’n teks vir ’n leser formeel maak nie; dit is veel eerder die toon of trant van ’n teks (vgl. par. 4.4), woordkeuse en taalgebruik, en die tema of onderwerp van die teks (vgl. par. 4.5) waarin die formaliteitsgraad van ’n teks

vir die deursnee-leser gesetel is. Boonop toon die studie dat dit die kombinasie en samespel is van grammatikale veranderlikes soos selfstandige naamwoorde, objektiewe en subjektiewe adjektiewe, werkwoorde, voornaamwoorde en bywoorde, sowel as die passiefkonstruksie, wat uiteindelik die formaliteitsindeks van ’n teks bepaal.

6.1.5 Die meting van variasie in bedryfstekste

Die vergelykende studie wat tussen die jaarverslag en brosjureteks(te) van drie instansies uitgevoer en in hoofstuk 5 bespreek is, is onder meer gedoen om te illustreer hoe variasie gemeet en geëvalueer kan word wat as gevolg van formaliteits-verskille in verskillende tekstipes voorkom. Op hierdie manier kan algemene verwagtings wat in die literatuur oor die formaliteitsgraad van verskillende tekstipes gemaak word, bevestig of weerlê word.

Die algemene verwagting is dat brosjuretekste informeler as jaarverslae behoort te wees. Hierdie verwagting is onder meer gegrond op die idee dat ’n brosjureteks ’n korter lewensduur as ’n jaarverslag het. Op grond van die teoretiese raamwerk wat in hierdie studie gevolg is, verhoog die formaliteitsgraad van ’n teks soos die tydsduur verleng vandat die teks geproduseer is en dit gelees word. Dit beteken dat daar minder sprake is van gedeelde konteks tussen die dokumentontwerper en die leser en ’n groter afstandelikheid tussen die teks en die leser ontwikkel, en afstandelikheid word met formaliteit geassosieer. Die lewensduur van ’n jaarverslag is ten minste 12 maande; die van ’n brosjureteks is gewoonlik korter. Op grond hiervan ontstaan die verwagting dat jaarverslae formeler as brosjuretekste behoort te wees.

Volgens die data wat in hierdie ondersoek gebruik is, is jaarverslae nie noodwendig formeler as bemarkingstekste, soos brosjures nie.

6.2 Voorstelle ter verfyning van die studie

In hoofstuk 5 is reeds daarop gewys dat die meetinstrument wat in hierdie studie ontwikkel is, voorlopige aanwysers bevat vir die operasionalisering van formaliteit in bedryfstekste. Volgens die empiriese ondersoek wat deur middel van ’n ekspertge-

rigte ondersoek uitgevoer is om die betroubaarheid van die meetinstrument te toets, is daar ruimte vir verfyning van die meetinstrument.

Een aspek wat in die ondersoek om verfyning vra, is die gewigte wat aan leksikale items toegeken word. In die toepassing van die meetinstrument is daar byvoorbeeld twee gewigspunte aan sommige werkwoorde, soos *gaan*, *stuur*, en *kom* toegeken omdat hierdie werkwoorde twee deiktiese momente dra, naamlik ’n tydsdeiktiese moment en ’n ruimtelike moment (vgl. par. 2.4.1). Daar behoort ook ’n onderskeid getref te word binne die kategorie voornaamwoorde. Voornaamwoordfrekwensie word met informaliteit in ’n teks geassosieer. Daar is egter ’n nuanseverskil ten opsigte van formaliteit tussen die tweedepersoonsverwysings *u* en *jy*, met *u* wat ’n groter sosiale afstand tussen gespreksgenote impliseer en dus met ’n hoër graad van formaliteit geassosieer word as *jy*, wat ’n korter statusafstand tussen gespreksgenote impliseer en dus met ’n laer graad van formaliteit geassosieer word. Nuanseverskille soos hierdie behoort deur die meetinstrument geakkommodeer te word. In paragraaf 5.4.1 van hierdie ondersoek word daar kortliks verduidelik hoe hierdie tekortkoming ten opsigte van die hantering van voornaamwoorde in die meetinstrument moontlik ondervang kan word.

In die loop van die ondersoek het dit ook duidelik geword dat die niedeiktiese kategorie selfstandige naamwoorde ’n probleemkategorie kan wees, veral omdat selfstandige naamwoorde in ieder geval in relatief groot getalle in tekste voorkom. Verder kan dit ook wees dat nominaliserings ’n sterker formaliteitswaarde in hulle omdra as die sogenaamde “gewone” selfstandige naamwoorde. Oor die uitwerking van hierdie kategorieë op die F-indeks sal nog meer navorsing gedoen moet word.

Daar sal ook verdere navorsing gedoen moet word oor die kwessie van meerfunksionaliteit, veral die feit dat adjektiewe ook bywoordelik funksioneer en daarom in terme van deiksis anders getel kan te word.

Die drie gevallestudies wat bespreek is om te demonstreer hoe die meetinstrument aangewend kan word om variasie ten opsigte van formaliteit in teksgenres te meet, verteenwoordig ’n demonstratiewe loodsondersoek. Ten einde betroubare resultate

in ’n soortgelyke volwaardige wetenskaplike vergelykende studie te verseker, sal meer brosjuretekste gebruik moet word en sal lesergerigte toetse uitgevoer moet word om die resultate empiries te bevestig of te weerlê.

6.3 Verdere moontlike navorsingsonderwerpe

In hierdie paragraaf sal navorsingsonderwerpe geïdentifiseer word wat buite die bestek van hierdie studie geval het, maar wat wel ’n eie studie regverdig en interessante navorsing kan oplewer.

In die studie is daar na ten minste drie tipes bemarkingstekste verwys, naamlik brosjures, pamflette en biljette. In die studie is daar breedweg na al drie hierdie tipe bemarkingstekste met die term *brosjures* verwys. Dit sal interessante navorsing wees om ondersoek in te stel na die kategorie bemarkingstekste om die hoof- en subkategorieë binne die tekstipe te identifiseer, om vas te stel of die subkategorieë ’n homogene groep vorm en hoe die formaliteitsgraad van tekste in die subkategorieë met mekaar verskil of ooreenkom.

In hierdie ondersoek is die annotering van die woordsoortkategorieë wat by die ondersoek betrek is, handmatig gedoen. Hieroor sê Kennedy (1998:5) die volgende: “The analysis of huge bodies of text ‘by hand’ can be prone to error and is not always exhaustive or easily replicable. Although manual analysis has made an important contribution, ...it was digital computers ... that brought about a radical change in text-based scholarship.” Op grond hiervan ontstaan die voorstel om die annotering van die woordsoortkategorieë rekenaarmatig te doen en die data so te manipuleer dat dit byvoorbeeld gebruik kan word as sagteware vir ’n Afrikaanse grammatikatoetser. Met sulke sagteware tot hulle beskikking, kan dokumentontwerpers onmiddellik terugvoer kry oor die graad van formaliteit van ’n teks, terwyl die teks geproduseer word. Só kan ingeligte besluite geneem word oor die gepastheid al dan nie van die graad van formaliteit van ’n teks.

Hierdie studie fokus op die linguistiese determinante wat moontlik ’n invloed uitoefen op die formaliteitsgraad van ’n teks. Nielinguistiese determinante wat ook formaliteit kan beïnvloed, soos die onderwerp van die teks, die konteks waarbinne die teks

funksioneer, en leserkenmerke soos geslag, ouderdom en kultuur het buite die bestek van hierdie ondersoek geval. Die kwalitatiewe analise van die lesergerigte ondersoek waarby 39 respondente in hierdie studie betrek is, het onder meer getoon dat ouer mense tekste met ’n ernstige onderwerp (soos *aftrede* byvoorbeeld) formeler ervaar het as jonger mense. Dit kan interessante navorsing wees om vas te stel in welke mate die genoemde nielinguistiese determinante formaliteit beïnvloed. Die jonger generasie van vandag word met ’n groter variasie in kommunikasie gekonfronteer – rekenaars, die televisie, elektroniese speletjies en leesstof, die Internet, sellulêre fone, webdagboeke (*blogs*), ’n verskeidenheid boeke, tydskrifte en koerante, om maar ’n paar te noem. Hierdeur ontstaan die verwagting dat jonger mense ’n fyner ingesteldheid behoort te ontwikkel en ’n groter tekstuele gevoeligheid sal toon as ouer mense en dus moontlik ’n betroubaarder intuïsie sal ontwikkel.

6.4 Slotopmerkings

Die metodologie wat in hierdie ondersoek gebruik is en die instrumentasie wat ontwikkel is om formaliteit in bedryfstekste te operasionaliseer, het nuwe insigte gebring sodat daar verstandige en ingeligte advies oor formaliteit aan dokumentontwerpers gegee kan word.

Aangesien die studie binne die vakgebied dokumentontwerp gesitueer is, speel effektiwiteit en funksionaliteit ’n rol. Dit gaan deurentyd by teksontwerpers oor keuses ten opsigte van veranderlikes soos die doelgroep, doelwit en onderwerp. Die graad van formaliteit wat ’n dokumentontwerper in ’n bepaalde teks inskryf, behoort te berus op bepaalde ingeligte keuses wat die dokumentontwerper uitoefen.

Daarom sal dit sinvol wees om binne die funksionele raamwerk waarop die studie berus, af te sluit met bepaalde riglyne ten opsigte van formaliteit aan dokumentontwerpers. Hierdie riglyne is gebaseer op die bevindings van die teksgerigte, korpusgedrewe teksanalise aan die een kant en die lesergerigte ondersoeke aan die ander kant wat in hierdie studie met Afrikaanse bedryfstekste uitgevoer is – metodes wat ook deur ’n funksionele teksanalise gedikteer word.

Dokumentontwerpers moet onthou dat formaliteit met afstandelikheid te make het en dat gespreksgenote hierdie afstand in hulle taalgebruik grammatikaliseer deur onder meer gebruik te maak van meer of minder formele aanspreekvorme en woorde. En dit is hier waar veral sosiale deiksis ’n rol speel. Daarom het formaliteit te make met deiksis. Hoe meer deiktiesverwysende woorde ’n teks bevat, hoe informeler sal die teks wees en omgekeerd.

Riglyne wat dus gegee kan word, moet van so ’n aard wees dat dokumentontwerpers hulle funksioneel kan aanwend om ingeligte keuses oor formaliteit in tekste te maak. Op grond van die bevindinge wat met die tekskohort in hierdie ondersoek verkry is, kan minstens die volgende riglyne of adviese aangebied word:

> Dokumentontwerpers wat formaliteit in ’n teks wil skep, moet meer niedeiktiesverwysende woorde, soos selfstandige naamwoorde en objektiewe adjektiewe in die teks gebruik. Indien ’n laer graad van formaliteit in ’n teks verlang word, moet meer deiktiesverwysende woordsoortkategorieë, soos werkwoorde, subjektiewe adjektiewe, voornaamwoorde en bywoorde gebruik word.
>
> Verder moet dokumentontwerpers versigtig omgaan met gewaande advies wat op intuïsie berus oor formaliteit in die algemeen. Hierdie studie het aangetoon dat lesers, anders as wat Heylighen en Dewaele (1999) suggereer, nie intuïtief ’n onderskeid tref tussen formaliteit en informaliteit nie. Selfs die tentatiewe teksanalise wat as vertrekpunt in hierdie ondersoek gedoen is, het onbetroubare indelings op die drievoudige formaliteitskaal (informeel – middelformeel – formeel) getoon, nadat die indelings vergelyk is met die resultate wat verkry is toe die meetinstrument op die korpus jaarverslae toegepas is. Die ondersoek het verder getoon dat lesers nie passiefgebruikfrekwensie in ’n teks as *die* formaliteitsmerker beskou nie, en dat ander veranderlikes soos onderwerp, toon, trant, woordkeuse en taalgebruik ’n groter rol in die beoordeling van die formaliteitsgraad van ’n teks speel.

Die verfynde F-indeks en die verstandige opweging van resultate van parallelle lesergerigte ondersoeke ter ondersteuning van die indeks skep ’n basis waarvandaan op eweneens verstandige wyse met ’n enigsins vae begrip soos formaliteit omgegaan kan word.

BRONNELYS

Brown, G. N.d. *A note on deixis, point of view, and the English verbs: depart and leave*. Research Centre for English and Applied Linguistics, University of Cambridge. [Internet] Beskikbaar: http://www.rceal.cam.ac.uk/Working %20Papers/brown.pdf. [2004, 28 Junie].

Combrink, J.G.H. 1981. Kom en gaan. In A.J.L. Sinclair. *Kongresreferate van die 17de Nasionale Kongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika.* Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Cornelis, L.H. 1997. *Passive and perspective*. Utrecht Studies in Language and Communication. Utrecht: Universiteit Utrecht.

Crystal, D. 1989. *A dictionary of linguistics and phonetics*. 2nd edition, updated and enlarged. Oxford: Basil Blackwell Ltd.

Cutts, M. 1996. *The plain English guide. How to write clearly and communicate better*. Oxford: Oxford University Press.

De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

De Stadler, L.G. 1990a. Kousatiewe deiktiese werkwoorde in Afrikaans: *bring* en *neem*. *S.A. Tydskrif vir Taalkunde*, 8(2): 59-68.

De Stadler, L.G. 1990b. Kousatiewe deiktiese werkwoorde in Afrikaans: *laat kom* en *stuur*. *S.A. Tydskrif vir Taalkunde*, 8(3): 107-115.

De Stadler, L.G. 1997. Oorganklike konstruksies. Die prototipe. Ongepubliseerde aantekeninge. Departement Afrikaans en Nederlands. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

De Villiers, M. 1976. *Die semantiek van Afrikaans*. Pretoria: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.

Du Toit, P. & Smith-Müller, W. 2003. *Stylboek: Riglyne vir paslik skryf.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Heylighen, F. 1999. Advantages and limitations of formal expressions. *Foundation of Sciences*, 4(1):25-56.

Heylighen, F. & Dewaele, J. 1999. *Formality of language: definition, measurement and behavioral determinants.* Internal report, Center "Leo Apostel", Free University of Brussels. [Internet] Adres: http://pespmc1.vub.ac. be/Papers/Formality.pdf. [2004, 16 April].

Hornikx, J. N.d. *Relative occurrence of evidence types in Dutch and French persuasive communication*. N.p. Nijmegen.

Irvine, J. 2001. Formality and informality in communicative events. In A. Duranti (ed.). *Linguistic Anthropology*. Oxford: Blackwell Publishers Ltd.

Janssens, D. 1998. Tekst in de praktijk. De wetenschapper als scrijfadviseur. *Teksblad, 98* 1(4):34-40.

Kennedy, G. 1998. *An introduction to corpus linguistics*. Edinburgh Gate, England: Pearson Education Limited.

Kidd, M. (mkidd@sun.ac.za), 12 Januarie 2009. Re: Interpretasie van p-waardes. E-pos aan W. Muller (wsmithmuller@pharos.co.za).

Langeweg, N. 2003. Een zaag zaagt beter. Analyse en revisie van een beleidsteks. *Tekstblad*. [Internet] Beskikbaar: http://www.tekstblad.nl/ archief/ 0304/analyse_-en_revisie_van_een_beleidstekst.html. [2008, 30 September].

Lentz, L. & Pander Maat, H. 2004. Functional analyses for document design. *Technical Communication*, 51:387-398.

Levinson, S.C. 1983. *Pragmatics*. Cambridge, England: Cambridge University Press.

Lourens, A. 2006. Document design in the corporate environment: Brochures. Ongepubliseerde notas. As volgstuk uitgedeel by slypskool aangebied op Stellenbosch.

Meyer, C.F. G.d. Uittreksels uit *English corpus linguistics*. [Internet] Beskikbaar: http://assets.cambridge.org/97805218/08798/excerpt/978052180878_excerpt.pdf. [2008, 30 September].

Müller, W. 1998. *Die passiefkonstruksie as stylveranderlike in jaarverslae*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Müller, W. 2000. Kwantitatief en/of kwalitatief: Die begronding van taaladvies? *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 39: 75-85.

Ommen, H. & Van Kuppenveld, E. 1995. *Professionele bedrijscommunicatie. Het handboek voor tekstschrijvers*. Groningen: Walters-Noordhoff.

Onrust, M., Verhage, A. & Doeve, R. 1993. *Formuleren*. Houten/Zaventem: Bohn Stafleu/Van Loghum.

Pander Maat, H. 1994. *Tekstanalyse, een pragmatische benadering*. Groningen: Martinus Nijhoff Uitgevers.

Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Renkema, J. 1995. *Schrijfwijzer*. Den Haag: Standaard Uitgeverij.

Schriver, K. 1997. *Dynamics of Document Design*. New York: John Wiley & Sons.

Snoek-Henkemans, A.F. 1989. *Schrijven. Handleiding voor het opstellen van zakelijke teksten.* Leiden: Martinus Nijhoff.

Steehouder, M., Jansen, C., Maat, K., Van der Staak, J. & Woudstra, E. 1992. 3de herziene druk. *Leren communiceren. Handboek voor mondelinge en schriftelijke communiceren.* Groningen: Wolters-Noordhoff.

Steehouder, M., Jansen, C., Maat, K., Van der Staak, J., De Vet, D., Witteveen, M. & Woudstra, E. 2006. 5de herziene druk. *Leren communiceren. Handboek voor mondelinge en schriftelijke communicatie.* Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van den Akker, M. 1996. De emoties van het jaarverslag. Het belang van ogenschijnlik merkwaardige combinatie. *Teksblad, 96* (2)2:37-39.

Van der Horst, P.J. 1996. *Stijlwijzer*. *Praktische handleiding voor leesbaar schrijven.* Den Haag: Sdu Uitgevers.

Wiebe, J.M. 2000. *Learning subjective adjectives from corpora*. Department of Computer Science, New Mexico State University, Las Cruces. [Internet] Beskikbaar: http://www.cs.pitt.edu/~wiebe/pubs/papers/aaai2000.pdf. [2004, 18 Junie].

BYLAE A

KORPUS JAARVERSLAE IN ALFABETIESE ORDE

Teksverwysingskode	Instansie
Absa	ABSA*
Affies	Afrikaanse Hoërseunskool
AHI	Afrikaanse Handelsinstituut
Alacrity	Alacrity
Astgroup	Astgroup
BKB	Boere Korporasie Beperk*
BoE	BoE
Cape Joint	Cape Joint
Clover	Clover
Derebus	Derebus
Distell	Distell
KNB	Wes-Kaapse Natuurbewaring
KWV	Koöperatiewe Wynmakersvereniging
Mettle	Mettle
Naspers	Naspers
Pepkor	Pepkor
Prok	Transvaalse Prokureursorde
Remgro	Remgro
Senwes	Senwes
UP	Universiteit van Pretoria
US	Universiteit van Stellenbosch*
Venfin	Venfin

BEDRYFSOORSIG
J A A R V E R S L A G 2 0 0 0

Absa

Strategiese sakeeenhede
sal beter
in staat wees om
uitstekende diens
te lewer

A b s a H a n d e l s b a n k

Die moeilike handelsomstandighede wat deur hoë rentekoerse veroorsaak is, het 'n ernstige uitwerking op die handelsbank, Absa se grootste bedryfsdivisie, gehad. Die gevolglike verhoging in nie-presterende voorskotte en stadige groei in nuwe besigheid het resultate gedemp, maar die divisie het nietemin sy bestuur van segmente, krediet en risiko, koste en diensstandaard verbeter.

Die handelsbank word tans omvorm van 'n groot verskaffer van finansiële dienste na 'n kliëntgefokusde onderneming bestaande uit 'n aantal strategiese besigheidseenhede. Dié besigheidseenhede sal beter in staat wees om uitmuntende diens op die gebied van verbandbankdienste, besigheidsmarkte, die massamark, die middelmark, klein en medium ondernemings (KMO) en leweringskanale te lewer. Dit behoort te verseker dat die regte produk en diens deur middel van die beste leweringskanaal aan die regte kliënt aangebied word.

Om te verseker dat die veranderinge op 'n bestuurde en gekoördineerde wyse ingestel word, gebruik die handelsbank 'n gestandaardiseerde projekimplementeringstrategie. Voor implementering word veranderinge deeglik getoets en saamgestel. Deur hierdie inisiatiewe vanuit 'n sentrale punt in die onderneming te bestuur, sal besigheidsmomentum tydens die transformasie gehandhaaf word.

Bedryfskoste het met minder as 7% toegeneem, hoofsaaklik weens die uitskakeling van oorverteenwoordiging en oorvleueling van dienspunte. Sedert Maart 1999 is 152 dienspunte gesluit, maar daar was geen wesenlike verandering in die getal kassierswerkstasies nie, wat die handelsbank in staat gestel het om sy dienskapasiteit te handhaaf.

Die klem op beter dienslewering word deur 'n 18 maande lange interne diensbewustheidsveldtog, wat in Oktober 1999 begin het, gerugsteun. Die veldtog spoor deur middel van 'n erkenning- en vergoedingstrategie 'n kliëntfokus deur die hele Groep aan. Om die voordele hiervan te bepaal, is 'n diensmonitor ingestel om kliënttevredenheid per afsonderlike marksegment te meet en 'n loodsprojek om kliënttevredenheid daagliks te monitor is met uitstekende resultate ingestel. 'n Sentrale kliëntoproepsentrum met multivaardige personeel is sedert Julie 1999 beskikbaar om aandag aan kliënte se navrae en klagtes te gee. 'n Spesialisspan behartig alle skriftelike klagtes, asook dié wat na die bankberegter verwys is.

Verbandlenings bly een van die handelsbank se kernsakebedrywighede. Marktoestande vir residensiële verbande het verbeter en kopers toon tans meer vertroue. Daar was ook intense mededingeraktiwiteit, veral van die kleiner verbandleners.

In ooreenstemming met wêreldtendense, veral in Australië, Engeland en die Verenigde State, ontstaan huisleningsaansoeke in Suid-Afrika ook toenemend by verbandmakelaars. As 'n belangrike deelnemer in hierdie mark maak Absa seker dat hy die hele spektrum van verbandmakelaars kan benut. Die "verbandbank" sal hom op residensiële verbande toelê en kliëntediens, markaandeel en winsgewendheid sal na verwagting verbeter.

Die herorganisasie van die krediet- en risikobestuursproses het goed gevorder. As gevolg daarvan word 'n

gedifferensieerde diens nou aan kliëntsegmente deur 'n prosesgedrewe kredietorganisasie gelewer en uitsette kan gemeet en vergoed word. Die standaardisering en sentralisering van krediet in gespesialiseerde keurings- en beheereenhede maak konsekwentheid in besluitneming en kliëntediens moontlik. Die gevolg is 'n verbetering in die gehalte van die voorskotteportefeulje.
Voorsiening vir slegte en twyfelagtige skuld, wat sedert September 1998 hoog was, behoort af te neem omdat inspeksieverslae daarop dui dat die gehalte van die voorskotteboek beduidend verbeter het.
Kredietkeuring vir huislenings, tjekrekenings en lenings in die persoonlike mark word geoutomatiseer. In die kommersiële segment, wat die landbou-, besigheids-, handelseiendomsfinansiering- en openbaresektormark insluit, is spesiale eenhede verantwoordelik vir keuring en beheer. Kredietbesluitneming vir nie-stedelike gebiede sal teen Maart 2001 gesentraliseer, gestandaardiseer en geoutomatiseer wees.
Absa het 'n markleier in die landbousektor gebly en het erkenning van verskeie landbou- en produktiwiteitsgerigte instansies ontvang, terwyl die Groep ook sy toonaangewende posisie in die verskaffing van bankdienste aan die openbare sektor verstewig het.
Absa is tans die bankier van vyf van die nege provinsiale regerings en die handelsbank bestuur ook 'n aansienlike portefeulje rekenings vir plaaslike rade, universiteite, technikons en waterrade. 'n Tender vir die rekening van die betaalmeestergeneraal van Noordwes is gedurende die jaar aan Absa se ALLPAY divisie toegeken, asook die vir maatskaplike welsynbetalings in die Wes-Kaap en Gauteng.
Die herafbakening van munisipaliteite ingevolge die Wet op Munisipale Afbakening, 1998, sal munisipale grense in Suid-Afrika drasties beïnvloed. Dit sal na verwagting verreikende finansiële implikasies vir munisipaliteite inhou, veral in bepaalde gemeenskappe en gebiede wat landbougrond insluit. Die handelsbank het die invloed van hierdie ontwikkelinge op die finansiële lewensvatbaarheid van die beplande entiteite en op sy toekomstige teenwoordigheid in die verskillende geografiese gebiede deeglik ondersoek.

A b s a D i r e k

Kliënttransaksies per Internet en telefoon het die jaar 'n uitstekende toename getoon. Registrasies vir Absa Direk het in die 2000 finansiële jaar met 72% toegeneem, waartydens Internet kliënte tot 98 569 en telefoondienskliënte tot 91 632 gegroei het. Die nuwe Absa webwerf, wat in Oktober 1999 bekend gestel is, is goed ontvang. 'n Eenvormige webraamwerk is gevestig, wat Absa Direk help vorder het op die pad na e-besigheid en die skepping van 'n geïntegreerde elektroniese markplek. Die Internet diens sal verder verbeter word om die hele reeks kliëntedienste aan te bied en volledige individuele kliënteprofiele te ontwikkel. Gekoppelde produktoepassings het sterk gegroei en Internet-hokkies sal eersdaags in uitgesoekte Absa takke beskikbaar wees.
Die gebruik van telefoonbankdienste het bly toeneem. Teen die einde van 1999 is 'n nuwe interaktiewe spraakresponsstelsel (ISR) ingevoer wat dit onnodig maak dat telefoonadviseurs basiese transaksies behartig. Kliënte het goed op die instelling van ISR gereageer en die gebruik daarvan sal na verwagting personeelkoste in oproepsentrums besnoei.
Ten einde die kliëntebasis te vergroot, word inisiatiewe onderneem om nuwe kliënte telefonies te registreer.
Mobieletelefoon-loodsprojekte gaan saam met netwerkverskaffers onderneem word en 'n projek is aan die gang om alle geregistreerde Internet en telefoonbankdiens gebruikers in staat te stel om banktransaksies van 'n selfoon met WIG (draadlose

internet-portaal) af te doen. In die volgende fase sal dit na ongeregistreerde gebruikers uitgebrei word. Sodra die mark WAP-selfone (selfoon met draadlose toepassingsprotokol) goed aanvaar het, sal die diens vir geregistreerde en ongeregistreerde WAPselfoongebruikers beskikbaar wees. Daarbenewens sal 'n spesiale telefoonverkoopseenheid hom op die bemarking van persoonlike lenings, tjekrekeninge en verbande toespits om kruisbemarking te verbeter.
Elektroniese Bankdienste bedien sowel die korporatiewe as die kommersiële mark met kontantbestuurs-, betalings- en invorderingsdienste. Kliënte wat van kontantbestuurstelsels gebruik maak, het die afgelope finansiële jaar met 30% toegeneem.
Elektroniese Bankdienste het in besigheid-tot-besigheid e-handel en in die ontwikkeling van 'n Internet kontantbestuur- en betalingstelsel belê wat na verwagting in die volgende finansiële jaar in werking sal tree.
OTM-transaksies het jaar op jaar met 14,95% toegeneem en die totale getal selfdiensterminale het aan die einde van die finansiële jaar 2000 2 136 beloop. Banktellersentrums, waar elektroniese lewering by veilige persele met menslike betrokkenheid gekombineer word om kliënte by te staan, het geblyk die korrekte strategie te wees vir gebruikers se oorskakeling na elektroniese leweringskanale. 1154 WOORDE

A b s a K a a r t D i v i s i e

Kaart Divisie het weer eens uitmuntende resultate behaal. Die gedragkeuringstelsel wat in Julie 1999 in gebruik geneem is, het positief tot die divisie se resultate en die vlak van kliënttevredenheid bygedra, terwyl die persentasie agterstalligheid op die hele kaartboek 'n ongekende laagtepunt bereik en die persentasie limietoorskrydings afgeneem het.
Inisiatiewe wat die vorige jaar begin is, is uitgebrei en 'n suite handels- en korporatiewe kaartprodukte is ontwikkel en beskikbaar gestel. Dit het die bestaande reeks produkte van wêreldgehalte wat reeds in hierdie marksegment aangebied word verder verbeter. Die koopkaart was die eerste in sy soort in Suid-Afrika.
Absa was die eerste bank in Suid-Afrika wat die Visa Platinum kaart aan topkliënte uitgereik het, terwyl die houers van affiniteitkaarte in 12 maande met 50% gegroei het.
Handelaarwerwing hou groot belofte vir die komende jaar in. Die NuPay stelsel, 'n betalingsmeganisme vir mikroleners, het groter stukrag aan die Groep se fokus op die laer segment van die mark verleen.

B a n k f i n

Bankfin het wesenlik tot die Groep se inkomste bygedra deur sy markaandeel die afgelope jaar van 23,48% tot 24,71% te verhoog.
Sy fokus op gehaltebesigheid en vinnige diens het die omvang en gehalte van die boek verhoog. Gemiddelde produksie van meer as R1 miljard per maand is in die laaste ses maande van die jaar gehandhaaf en agterstalligheid is die grootste deel van die jaar laag gehou.
Planne is in werking gestel om diensstandaarde te verhoog en sodoende groter lojaliteit en herhalende besigheid in die hand te werk. Verskeie samewerkingsooreenkomste met motorgroepe het daartoe bygedra dat Bankfin sy markaandeel in 'n mededingende mark vergroot het. Die strategie om gewaarborgde finansiering direk aan kliënte te bied, was suksesvol.

M L S B a n k

MLS Bank het goed gevaar en suksesvol sake in die mediese mark gedoen in 'n jaar wat deur die transformasie van die Board of Health Care Funders en die Mediese Vereniging van Suid-Afrika gekenmerk is en waarin veranderinge in die befondsing van mediese diensteverskaffers, progressiewe wetgewing en deurlopende konsolidasie in die sektor voortgesit is.

id:affies

Voorsitter verslag 2000
Hier volg die Voorsitterverslag van Professor Tian van der Merwe soos gelewer op die algemene Jaarvergadering op 8 Maart 2000:
Inleiding
Dame en Here, lede van die AHS Oudleerlinglingbond. Dit was vir my 'n besondere voorreg om die Bond se aktiwiteite gedurende hierdie historiese jaar te kom lei. Ek sou ook graag reg aan die begin van my verslag my dank en waardering wou uitspreek tenoor my Bestuur en veral die Dagbestuur vir hulle insette gedurende die afgelope jaar..

Die Klubhuis
Soos ek in die laaste Alumni geskryf het, was 1999 inderdaad die Bond se triomfjaar in die 22 jaar van sy bestaan.
Die droom van 'n eie "plek" was een van die hoof motiewe van die Stigters van die Bond in 1978. Baie Besture in die verlede het in mindere of meerdere mateiets daaraan probeer doen.Die "Scoutsaal" was altyd maar die mikpunt en inderdaad was dit twee Oud-Affies wat twee jaar gelede, toe die tyd uiteindelik ryp was, daarin geslaag het om die laaste veldslag van die Boere-oorlog te wen. Dr. Mark Röscher en prokureur Louw Gerber het daarin geslaag dat die eiendom wat die Scouts in "bruikleen" van die Stadsraad gehad het, uiteindelik oorgedra kon word aan 'n Trust van Affies.

Hierdie proses is tans in sy finale fase. Ons behoort binnekort die uitslag van die Stadsraad se beslissing te verneem. Die Trust het die perseel se gebruik oorgedra aan die Bond sowel as Klub 600, die Ondersteuningsklub van die Skool. Hierdie twee liggame het elk reeds R 50 000 bewillig om die gebou tot so 'n mate op te knap en te verander dat dit kan dien as Klubhuis/Onthaalriumte vir funksies en Raadsaal vir die Bond. Die planne is alreeds in 'n vorige Alumni aan u voorgelê.
As alles volgens plan verloop behoort die Bestuur die opening van die Kompleks later vanjaar te kan aankondig.

Die huidige Bestuur was verkies op die Algemene Jaarvergadering wat gehou was op 10 Februarie verlede Jaar. Die name van die verkose lede is sopas tydens die behandeling van die vorige Jaaar se Jaarverslag aan u genoem. As Ouditeure van die Bond was die Firma Geyser en du Plessis aangestel en as regsverteenwoordigers Prokureur Louw Gerber en Advokaat du Roelof du Plessis.

Skoolskakeling
Die Bestuur het hom egter nie alleen met die Klubhuis besig gehou nie. Ander aktiwiteite was onder meer Skakeling met die Skool. Daar dien een van die Onderwysers van Affies Ex officio op die Bestuur om hierdie skakeling te bevorder. Meer hieroor later. U Voorsitter en sy gade was gedurende die afgelope jaar eregaste by twee gesamentlike Skoolgeleenthede. Die eerste was die Operette wat 'n heel besondere geleentheid en 'n groot sukses was, en die tweede was An die Musiek, 'n uiters geslaagde musiekaand waartydens nie net Affies se kore en orkesteopgetree het nie maar ook Boys en Girls High se kore en orkeste. Enkele dae gelede was die ondervoorsiter en sy gade eregaste by die offisiële Opening van Affies se Mediasentrum. U kan binnekort hieroor op die Webblad lees.

Die Bestuur van 1999 het 'n dringende behoefte gehad om die lang bestaande onbekendheid van die Bondsbestuur en sy aktiwiteite te beindig. Die Oudleerlingbond was altyd Affies se besbewaarde geheim. Ons probeer om via die Alumni en op die Webwerf ons aktiwiteite bekend te stel en so hopelik belangstelling in die aktiwiteite van die Bond te bevorder. Ons poog ook om name te plaas by aktiwiteite sodat u as lede weet wie wat doen en so dus uself beter met ons aktiwiteite kan vereenselwig.

Vanweë 'n druk program van ons Sekretaris het Komiteelede nie altyd betyds kennis van vergaderinge gekry nie en was hulle dus nie altyd in staat om al die vergaderings by te woon nie. Ek wil graag hier, in die openbaar my verontskuldiging hiervoor aanbied en versoek die nuwe Bestuur om hier aandag aan te skenk. Wees verseker dat daar geen sinistere bedoelings agter was nie. Die feit dat daar nou 'n Sekretaresse is wat notules hou en administreer, behoort hierdie probleem uit te skakel. Daar was 6 bestuursver-gaderinge gedurende die jaar gehou.

Die Nuusbrief
Die Bestuur beskou hierdie aktiwiteit nog steeds as 'n prioriteit. Dit is dan ook jaarliks ons grootste uitgawe. Daarmee saam gaan die op datum hou van ons adreslys. Hiervoor het die Bestuur gedurende die afgelope jaar die dienste bekom van 'n deeltydse Sekretaresse, Mevr Collete van der Veen om hiermee te help. Daar het in die afgelope jaar twee Alumni verskyn.

Dit is Oud-Affies se plig om te sorg dat ons julle adresse het. Van die Bestuur se kant beloof hulle om die lys nie kommersiëel beskikbaar te maak nie. Dar is tans 3 260 adresse op ons lys (10 % meer as verlede jaar) maar na die versending van elke Alumni kry ons talle onbestelde briewe terug. Die Bestuur hoop om via die Webblad en die Alumni die name van "verlore Affies" te publiseeer om hulle so te probeer opspoor.

Ek wil voorstel dat die Bondsvoorsitter aaan die einde van elke jaar die Matrieks toespreek om hulle aan te moedig om lede van die Bond te word. Daar moet ook aandag geskenk word aan 'n moontlike "Junior Ledegeld Kategorie" vir byvoorbeeld die eerste 4 jaar post-Matriek.

Die praktiese uitvoering van die Nuusbrief is nie altyd sonder probleme nie en die Bestuur het in die afgelope jaar ook probleme ondervind om die Brief betyds te laat verskyn. Omdat almal hierdie taak vrywillig en gratis lewer is dit soms moeilik om "deadlines" af te forseer en bydraes van verskeie bronne word ook nie altyd betyds ingedien nie. Die werwing van advertensies ten einde kostes te besnoei, soos deur die vorige Bestuur aan ons opgedra, het om verskeie redes dan ook nie plaasgevind nie. Die Bestuur hoop egter om via die Webwerf besparings te kan bewerkstellig Om te slaag as Mondstuk van die Bond het ons egter die medewerking van alle oud-Affies nodig om ons te voorsien van raad, kritiek, nuus, briewe en enigiets wat op Affies betrekking het.

Die Webblad
Hierdie aktiwiteit het verlede jaar en dan veral gedurende die laaste twee maande, die meeste tyd van die Bestuur in beslag geneem. Die afgelope Bestuur was van mening dat hierdie aspek van ons bestaan die allerbelangrikste aktiwiteit behoort te wees. U sou, indien u onlangs op die Webblad was, gesien het dat daar heelwat besig is om te gebeur. Die Webblad was vir 'n geruime tyd rustend maar is tans uiters aktief en indien die Bestuur die geleentheid gegun word om aan te gaan word beoog om nog veel meer tot stand te bring.

1001 WOORDE

Daar is naamlik begin om 'n Affiewebblad te skep wat nie net die Oudleerlingbond sal dien nie maar ook die Skool, Klub 600 en dan verkeerdelik of nie, ook AHMP en haar Oudleerlingbond. Ons is van mening dat die leuse "Eendrag Maak Mag" ook hier behoort te geld." Ons stel prys op menings van oud-Affies in hierdie verband.

Daar word beoog om ook 'n briewerubriek daar te stel, 'n winkelrubriek waar Affie sakemanne teen betaling onder Affies kan adverteer, 'n "in Memoriam" rubriek om ontslape Affies te vermeld, 'n rubriek "Uit Herinnering se Dae" waar Affies aan ons staaltjies uit hulle skooldae kan meld en nog veel meer. Die Bestuur beoog om meer Nuus van beide Skole asook nuus en aktiwiteite van Klub 600 en die AHMP Old Ladies Bond op die Web te plaas sodat die Affie Eenheid

id: ahi
Van Internet gekry - 22 Februarie 2002: www.ahi.co.za

AHI

AHI JAAROORSIG VANUIT UITVOERENDE OOGPUNT
Min het ons kon weet hoe fyn die aanvoeling van die AHI Kongres is vir die regte ding om te doen! Die 1999 AHI Kongres het die President gemagtig om 'n taakgroep byeen te bring om oor sakesektorverteenwoordiging te besin. Die taakgroep het 'n belangrike deel van die jaar se werksaamhede geword juis omdat die ander kamerorganisasies woelig was! Tydens die 2000 AHI Kongres sal die verslag van die taakgroep oorweeg word. Die taakgroep beveel 'n federale model aan met behoud van die AHI as 'n trilogie van strukture (plaaslik, provinsiaal en nasionaal) sodat die AHI steeds 'n sterk eie stem sal laat hoor. Die behoefte aan 'n effektiewe sakestem is van eweveel belang sodat die oorkoepelende federale sakesektororganisasie instaat gestel moet word om dit te kan doen. Die sleutel wat die AHI provinsiekomitees bied om sakediens nader aan grondvlak te lewer, maak dit alles moontlik. Die voorstel bied die geleentheid om die energie te rig op die doelwitte van die sakesektor: om Suid-Afrika te help om die mees aantreklike ontwikkelende land vir beleggings en werkskepping te word.
Die AHI President, dr Willem Barnard, het sy visie vir 1999/2000 in vyf punte saamgevat. Dit het die AHI-aktiwiteite die afgelope jaar as't ware doelgerigtheid help verleen. Die fokus van die land was die jaar op die inwerkingstelling van die Vaardigheidsontwikkelingswet. Die AHI fokuspunt van ondersteuning vir en leiding in goeie en bekostigbare opleiding in onderwys en alle vlakke van opleiding het relevansie gebring. Die besondere bydrae wat sakekamerlede doen in beheerrade was ook in die besoeke erken en verken. Tegelykertyd is die rol van korporatiewe- en sakelede om boonop te help met die lewering van beter onderwys en opleiding oral hoog aangeslaan. Dit stel ons jongmense instaat om oor tyd hul potensiaal te ontwikkel en die land te herbou. Die AHI struktuur is op nasionale vlak uitgebou om ook effektiewe aandag aan onderwys te kan verleen.
Die fokuspunt om weerstand teen verandering af te breek het die AHI nasionale struktuur gedwing om pro-aktief te onderskei aan welke waardes verandering te meet is. Dit het die beïnvloeding van wetgewing onder andere oor mededinging, belastinghervorming, munisipale stelsels, die surplusse in pensioenfondse, hoër onderwys, eiendomsbelasting en arbeidsmark gerig en gelei. Die taak wat AHI lede namens die lede en die land op soveel terreine verrig help ons te vorder. Die tyd was egter nie ryp om enige konstruktiewe vordering met diskriminerende wetgewing te maak nie.
In die vestiging van internasionale netwerke om die agterstand op die mededingingsveld in te haal was die AHI ook baie bedrywig. Ons het in medewerking met die Departement van Handel en Nywerheid ses EU/RSA werkswinkels vir AHI lede en ander belangstellendes aangebied. Ons het 'n verskeidenheid ministers en sake-afvaardigings uit al die wêreldddele ontvang en geleentheid vir AHI lede geskep om hul betrokkenheid op internasionale handelsterrein te verhoog. Die Turks/SA Besigheidsraad werk fluks. Planne is op tafel om ook 'n RSA/EU Besigheidsraad te vestig.
Die fokus was ook getrek op die ontwikkeling van bedryfsleiers. In ons besoeke by sakekamers kon ons terugval op die waardevolle bydraes wat Universiteit-, Technikon- en Tegniese Kollege-lede vir lede en die land maak. Die besondere ondersteuning wat Ou Mutual en Business Partners aan die AHI verleen in die jaarlikse kompetisie om uitnemende diens te erken en te beloon trek landwyd die aandag. Dit help om bestaande bedryfsleiers aan te moedig. Die kostelike werk wat me Theresa van der Merwe en dr Richard Chernis met die sterk ondersteuning van Sanlam by Hoërskole ook in medewerking met die plaaslike sakekamers, doen om entrepreneurskap te bevorder en bedryfsleiers te identifiseer was kragtig voortgesit. Die erkennings tydens die Handel- en Nywerheidskongres asook in die platinum erepenning en die MS Louw toekenning by die AHI kongres is hierdie jaar aangevul met 'n spesiale adres aan dr Anton Rupert: elkeen rolmodel vir die AHI.
Die AHI se vergaderings is hierdie afgelope jaar spesiaal daarop ingestel om telkens 'n dinkskrum vir lede oor sake van aktuele belang te wees. Dit voed die krag en relevansie van die AHI. Boonop help dit om lede met aptyt en energie te

mobiliseer om die regte dinge aan te pak en 'n verskil te maak vir die lede en die land. 663 WOORDE

id: alacrity

Alacrity

Kommentaar

Herstrukturering sprogram

Die finale stadium van Alacrity se herstrukturering sprogram is gedurende Maart vanjaar voltooi met die uitreiking van 26 862 500 aflosbare kumulatiewe voorkeuraandele van 1 sent elk aan Gensec Bank en die verkryging deur Pamodzi Beleggings Beherend Beperk van 34.99% van die uitgereikte aandelekapitaal van Alacrity. Daarby het die herinstelling van die Groep se Intermediêre Waarborgfasiliteit in Februarie 2001 Alacrity se finansiële bestendigheid verstewig. Die vordering van bykomende kapitaal deur die uitreiking van voorkeuraandele laat Alacrity toe om sy groeistrategie aktief na te streef en om deur strategiese verkrygings te gedy. Die beduidendheid van Pamodzi as ons grootste enkele aandeelhouer plaas Alacrity aan die front van swart bemagtiging in die korttermynversekeringsbedryf en as sodanig gee dit aan ons 'n unieke markvoorsprong in ons pad vorentoe. Ons neem toenemend die waarde en voordele van hierdie verbintenis waar.

Winsgewendheid

Dit is vir Alacrity aangenaam om te kan meld dat 'n noemenswaardige styging in wins vir die ses maande geëindig 30 Junie 2001 aangeteken is. Die wins vir die ses maande beloop R 1.1 miljoen of 0.82 sent per aandeel, wat aansienlik beter is as die wins van R 0.1 miljoen of 0.09 sent per aandeel wat in dieselfde tydperk verlede jaar behaal is. Die gevolge is besonder bevredigend gegewe die uiters moeilike handelstoestande wat geheers het, insluitende 'n duur verskuiwing van 'n wesenlike gedeelte van die maatskappy se persoonlike lyne-bank van een versekeraar na 'n ander. Die maatskappy het hierdie beweging geïnisieer nadat ontdek is dat 'n ernstige vertroulikheidskending deur die oorspronklike verskaffer gepleeg is. Die gevolglike ontwrigting wat dit vir die bedrywighede ingehou het was die hoofrede vir die beskeie 5%-styging in handelsinkomste. Die verbeterde winsgewendheid spruit hoofsaaklik daaruit voort dat die bedrywighede as deel van die herstrukturering meer vaartbelyn gemaak is en 'n verskerpte bestuursfokus op kostebeheer.

Wesensverdienste

Nà die aanpassing vir die amortisasie van Klandisiewaarde voortspruitend uit verkrygings, het wesensverdienste van 'n verlies van R 1.5 miljoen verlede jaar tot 'n wins van R 1.6 miljoen vanjaar gestyg. Die styging in wesensverdienste wat gedurende die tydperk onder oorsig behaal is, spreek daarvan dat die herstrukturering sprogram meegebring het dat die oorspronklike teikens behaal kon word.

Netto Batewaarde

Die netto batewaarde het van 8.15 sent per aandeel tot 13.91 sent per aandeel gestyg, 'n verbetering van 71%.

Vooruitsigte

Met die ondersteuning van Pamodzi en die onlangs aangekondigde verkryging van 'n maatskappy wat werknemersvoordele en adviesdienste verskaf, is die Groep nou goed geplaas om die volledige reeks finansiëledienste-oplossings aan 'n breër klantebasis te bied. Dit, tesame met etlike ander inisiatiewe wat tans nagestreef word, behoort die Groep in staat te stel om in die toekoms 'n beduidende groei en verhoogde winsgewendheid te behaal.

Op las van die direksie 415 WOORDE

Ndaba Ntsele Jan Erasmus
Voorsitter Uitvoerende Hoof
Johannesburg
26 Julie 2001

Direkteure

N A Ntsele (Voorsitter), J M D Erasmus* (Groep Uitvoerende Hoof), D Masson, M H Muller*
B D James*, S D Levitt* (Brits), A Hayward, J J du Plooy, S A Msibi, A D Dixon*, L Keel (Switsers),
Z B H Nkosi*.
* Uitvoerend

Van Internet gekry: 22 Februarie 2002 - www.ast.co.za

Voorsittersverslag - February 2002

OORSIG

Dit is vir my 'n voorreg om weer eens uitstekende resultate aan te kondig. Die IT industrie in geheel het 'n moeilike 2001 beleef en slegs teen 9 % gegroei. Dit is vererger deur die gebeure van 11 September asook die val van die Rand teen einde van 2001. Ons het ten spyte van die negatiewe marktoestande 'n hoë groeikoers gehandhaaf. 'n Merkwaardige patroon het duidelik na vore gekom - die omset wat tydens die eerste ses maande van dié finansiële jaar bereik is, is gelykstaande aan die omset wat tydens die volle finansiële jaar van 2000 behaal is. 'n Prestasie vir die derde agtereenvolgende jaar.

Ons 46% groei in omset kan aan die toename in markaandeel en die opbrengs uit historiese beleggings, toegeskryf word - dit is 'n duidelike aanduiding van ons vermoë om suksesvol op geleenthede in die mark te reageer en die potensiaal van ons besigheidsmodel. Dit is 'n uitstekende prestasie, veral omdat 'n bedryfswinsmarge bo 11% gehandhaaf is. Daar moet verder in aanmerking geneem word dat ons reeds R14 miljoen aan 'n aantal groot, nuwe projekte, wat meer as R400 miljoen werd is, bestee het. Die winste wat uit hierdie projekte voortspruit het, sal eers in die tweede helfte, begin deurkom. Ons gaan voort om in nuwe wêreldse tegnologie te belê. Dit word gedoen deur gesamentlike ondernemings waar risiko en opbrengs gebalanseer word. Ons knapkaart- en biometriese inisiatiewe het alreeds 'n substansiële kliënte basis, met noemenswaardige projekte wat in Februarie 2002 reeds inkomste genereer.

Ons het kritieke massa in elkeen van ons tegnologie besigheidseenhede bereik, wat 'n strategiese doelwit was voor ons in 1998 beurs toe gegaan het. AST is reeds 'n vooraanstaande IT diensverskaffer in Suid Afrika, terwyl onafhanklike navorsing al AST se individuele besigheidseenhede ook as leiers in hul onderskeie markte beskou. 'n Verdere kompeterende voordeel is ons vermoë om vinnig by die veranderinge in marktoestande aan te pas.

Waar ons voorheen in IT Dienste en Verspreide Verwerking 'n positiewe stukrag ervaar het, kan ons nou aankondig dat ons dieselfde in Netwerke ervaar. Ons leierskap in die IT Dienste en Uitkontrakterings- omgewings is gedurende hierdie periode met 'n aantal merkwaardige nuwe kontrakte versterk. Ons sien uit daarna om in die volgende periode dieselfde prestasie in die Netwerke omgewing te bereik. Al hoe meer Suid-Afrikaanse korporatiewe kliënte erken die bydrae wat uitkontraktering kan maak tot verhoogde effektiwiteit en verlaagde kostes. Ons onlangse sukses in Besigheidsdienste dui aan dat die aanvaarding van uitkontraktering in dié segment ook sterker na vore kom.

Ons is tevrede met ons groei in Australië. Die besigheid is gesond, maar resultate is in lyn met die swakker marktoestande wat wêreldwyd ervaar is. Ons merk egter reeds tekens van herstel. Europa word al hoe belangriker in ons internasionale strategie. Die val van die rand plaas 'n mate van beperking op ons internationaliseringsprogram.

DIVIDENDE BELEID

Die huidige beleid van die Groep is om nie dividende te betaal nie. Die Dividend Beleidkomitee het aanbeveel dat die raad hierdie beleid hersien.

KAPITAAL UITGAWE Die kapitaalspandering van die Groep gedurende die oorsigperiode was R29 miljoen wat aan beleggings in tegnologie infrastruktuur bestee is. Verbintenisse tot kapitaaluitgawe van R12,5 miljoen is in dié periode gemaak.

EKONOMIESE BEMAGTIGING (BEE)

Die aantal nuwe kontrakte wat ons in die regeringsomgewing gewen het is 'n verdere bewys dat ons model vir swart bemagtiging positief ontvang word. Gesamentlike ondernemings waar die swart vennoot sy eie afleweringsvermoë het en op gelyke voet met AST saamwerk skep kundigheid sowel as bestuursvermoëns. Ons model het verskeie benaderings, van direkte projek betrokkenheid tot gelyke vennootskappe en eindelik groter deelname in die genoteerde AST.

Ons besef dat die uitbreiding van ons BEE aandeelhouding met aktiewe vennote 'n groot geleentheid is. Die plasing van die Kumba-aandele, wat deur verskeie marksituasies vertraag is, is steeds in proses. Die BEE vennote is bereid om die aandele in kleiner blokke op te neem. Die uitkoms van die plasing van die aandele is 'n hoër prioriteit as die spoed waarteen dit gedoen word.

VOORUITSIGTE

Ek is opgewonde oor AST se vooruitsigte. Die jaar doelwitte is afgedek. Die Groep is sterk op pad om in die medium termyn sy markaandeel verder uit te brei met toenemende winsgroei.

Vir en namens die direksie 675 WOORDE

Gerrie J de Klerk
Uitvoerende Voorsitter
19 Februarie 2002

id:bkb

BKB se voorsittersverslag: bkb.co.za

BKB

Van die Internet afgelaai: 21 Februarie 2002

VOORSITTERSVERSLAG
Vir die jaar geëindig 30 Junie 2001

INLEIDING
Die maatskappy het vir die 2001-finansiële jaar met 'n verbeterde positiewe finansiële resultaat in vergelyking met die voorafgaande jaar afgesluit. Hierdie verbetering word toegeskryf aan die volgende faktore:
Verminderde mannekraguitgawes.
Laer rentekoerse.
Verbeterde resultate deur filiaalmaatskappye.
Gunstige produksietoestande.
Toename in veselpryse.
Gedurende hierdie finansiële jaar het Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk (OVK) 'n aanslag geloods om deur middel van 'n vyandige oorname beheer oor die maatskappy te verkry.
Tydens 'n Buitengewone Algemene Vergadering wat op 28 Junie 2001 gehou is, is die voorgestelde besluite wat ten doel gehad het om die OVK-oorname moontlik te maak, met 99,98 persent teenstem verwerp en het OVK op 26 Julie 2001 aandeelhouers meegedeel dat die aanbod en alternatiewe aanbod aan BKB-aandeelhouers, gedateer 6 Junie 2001, verval het.
Dit is die Direksie van BKB se ervaring van hierdie vyandige oornamepoging dat dit aangestig is deur opportuniste wat op arrogante, amateuragtige wyse en sonder behoorlike voorafondersoek op BKB toegesak het. Die Suid-Afrikaanse Landbou het nie plek vir hierdie element nie en kan dit nie bekostig dat miljoene rand van landbouers se fondse op dié manier verkwis word nie.
BKB-aandeelhouers word hiermee bedank vir hul lojaliteit jeens BKB en die steun wat hulle aan die beleid van die Direksie illustreer het deur die ondubbelsinnige verwerping van hierdie ongevraagde poging om op die wol- en sybokhaarprodusente van BKB se bates beslag te probeer lê.
Die skakeling en nouer kontak met BKB-aandeelhouers wat weereens op Direksie- en Hoofbestuursvlak gedurende die bevegting van hierdie oornamepoging gemaak is, sal in die toekoms op 'n deurlopende grondslag in stand gehou word.
Die effek op die maatskappy van hierdie aangeleentheid behels die volgende:
Onnodige uitgawes wat substansieel negatief op die maatskappy se inkomstestaat impakteer het.
Verkwisting van direksie- en bestuurstyd.
Vertraging met die uitvoering van die maatskappy se herstruktureringsbeplanning.
Ten einde die eiesoortige omstandighede van die besigheidsomgewing waarbinne die maatskappy optree langtermyn effektief te hanteer, word strategieë nagevolg wat onder andere die volgende elemente huisves:
Die optimalisering van veselhantering.
Verbeterde winsgewendheid.
Verskansing teen potensiële oornames.
Implementering van die maatskappy se herstruktureringstruktuur.
PRODUKSIETOESTANDE
Nasionaal beskou was dieselfde gunstige produksietoestande as die vorige finansiële jaar van toepassing. Die volgende streeksverskille het egter voorgekom:
Die Suid-Westelike Distrikte beleef 'n herhalende rampdroogte. Verkoop van aanteelvee is aan die orde en wintergrane is oor die algemeen 'n mislukking. Voer van diere of verskuiwing daarvan na distrikte met beter weiding word gedoen om die vee te red.

Die winterreënvalgebied van die Boland het 'n besonder warm somerdroogte deurgemaak en winterreëns het relatief laat geval. Daarna het die situasie grootliks gestabiliseer.
Die somerreënvalgebiede van veral die Karoo en die Suid-Vrystaat het besonder goeie weidingstoestande na goeie somer- en selfs winterreëns voorgekom het. Die somersaaigebiede het egter eers oormatige nat toestande tot aan die einde van Desember 2000 gehad waarna heelwat graan vanweë 'n seisoenale droogte verdroog het. In sekere distrikte is baie laat gestroop vanweë die nat lande na die somerreëns.

EKONOMIE

Verswakkende ekonomiese toestande teenoor die vorige finansiële jaar was van toepassing. Dit word illustreer deur die onderstaande ekonomiese aanwysers:
Gedurende 2000 is 'n groeikoers van 3,1 persent aangeteken terwyl die vooruitskatting vir 2001 op 'n syfer van tussen 2,0 en 2,8 persent gestel word.
Die prima-bankkoers wat gedurende Julie 2000 op 14,5 persent gestaan het, het gedaal tot 13,75 persent gedurende Junie 2001.
Die inflasiekoers (soos gemeet aan die algehele verbruikersprysindeks) het vanaf 7,9 persent gedurende Julie 2000 gestyg tot 8,1 persent gedurende September 2000, waarna dit basies sywaarts beweeg het op 7,7 persent tot Februarie 2001 en toe stelselmatig gedaal het tot 6,3 persent gedurende Junie 2001.
Die rand/dollar wisselkoers het vanaf R6,89 in Julie 2000 verswak tot R8,05 in Junie 2001.
Die dramatiese verswakking van die rand/dollar wisselkoers hou egter die korttermynvoordeel in dat meer in randterme opgelewer word vir uitvoerprodukte. Die gekoppelde hoër invoerpryse kanselleer hierdie voordeel egter oor die mediumtermyn uit.

WOL

Die volgende statistiese besonderhede hou verband met BKB se wolhanteringsaksies gedurende die 2001-finansiële jaar:
Wolhantering het met 11,2 persent vanaf 35,6 miljoen kilogram vir die 1999/2000-wolseisoen tot 31,6 miljoen kilogram in die 2000/2001-wolseisoen gedaal.
BKB het 75,8 persent van die wol wat deur die Beursveilingstelsel aangebied is, hanteer.
Die gemiddelde wolpryse het vanaf R11,44 per kilogram vir die 1999/2000-wolseisoen tot R14,28 per kilogram vir die 2000/2001-wolseisoen gestyg. Dit verteenwoordig 'n styging van 24,8 persent.
Die waarde van die wol wat deur BKB bemark is, het vanaf R405,4 miljoen vir die 2000-finansiële jaar tot R445,9 miljoen vir die 2001-finansiële jaar toegeneem. Dit verteenwoordig 'n styging van 10,0 persent.
Die volgende oorsigtelike kommentaar en gebeure vir die 2001-finansiële jaar is op BKB se Wolhanteringsafdeling van toepassing:
Die na-veiling uitbetalingsperiode aan produsente is van veertien dae na vyf werksdae verminder.
Daar is oorgeskakel na totale voor-veiling hoëdigtheidspersing van bale ter verbetering van hantering en bergingsruimte.
'n Kleiner makelaar op die gebied van veselsortering het tot die mark toegetree.
Ondersoeke na en keuse van 'n nuwe rekenaarstelsel vir die veselmakelaarsfunksie is afgehandel en is besluit om die Talman-makelaarstelsel in Australië aan te koop.
Opleiding van die implementeringspan vir die Talman-makelaarstelsel is in Australië gedoen.
Meganisasie van wolhanteringsfasiliteite ter aansluiting by die Talman-makelaarstelsel is deurgevoer.
Inkorting van veselhanteringsmannekrag is in Kaapstad en Port Elizabeth gefinaliseer.
Die sekuriteitstelsels in Kaapstad en Port Elizabeth is opgradeer.

SYBOKHAAR

Die volgende statistiese besonderhede hou verband met BKB se sybokhaarhanteringsaksie gedurende die 2001-finansiële jaar.

Sybokhaarhantering het met 13,3 persent vanaf 924 000 kilogram gedurende die 1999/2000-winter- en somerseisoene tot 801 000 kilogram gedurende die 2000/2001-winter- en somerseisoene afgeneem.
Die waarde van sybokhaar verhandel het met 9,9 persent van R40,0 miljoen gedurende die 2000-finansiële jaar tot R36,1 miljoen gedurende die 2001-finansiële jaar gedaal.
Gedurende die 2001-finansiële jaar is 793 000 kilogram sybokhaar verkoop teenoor 1,0 miljoen kilogram gedurende die 2000-finansiële jaar, wat 'n daling van 22,0 persent verteenwoordig.
Die gemiddelde prys van sybokhaar het met 17,1 persent vanaf R39,66 per kilogram gedurende die 2000-finansiële jaar tot R46,45 per kilogram vir die 2001-finansiële jaar gestyg.
BKB het 20,6 persent van die sybokhaar wat deur beursveilings aangebied is, hanteer.
Ten opsigte van sybokhaarprysbewegings hou die volgende verband:
Skerp prysstygings oor alle tipes het gedurende die eerste helfte van die jaar voorgekom wat op hoë vlakke gehandhaaf is.
Gedurende die laaste drie maande was die prys van jong- en veral kleinbokkiehaar onder druk en is skerp dalings aangeteken.
Die toestroming van bokhaar gedurende Januarie/Februarie 2001 het 'n negatiewe uitwerking op sybokhaarpryse gehad.
Die volgende oorsigtelike kommentaar en gebeure vir die 2001-finansiële jaar is op BKB se Sybokhaarafdeling van toepassing:
Die aanslag op die sybokhaarmarkaandeel van BKB deur nuwer toetreders het voortgeduur. 1014 WOORDE

Produksievolumes van veral klein- en jongbokhaar is erg benadeel deur koue vrektes van nagenoeg 25 000 diere gedurende Januarie 2001.
Die Kamdeboo kwaliteitsmerk soos in die vorige jaar geloods, het die ondersteuning verkry van ongeveer sestig van die grootste sybokhaarprodusente.
'n Oormatige toevloei van sybokhaar gedurende Januarie/Februarie 2001 het aanleiding gegee tot rantsoenering oor twee veilings in 'n poging om prysdalings teen te werk.

LEWENDE HAWE

Die volgende statistiese besonderhede hou verband met BKB se lewende hawe-aksie gedurende die 2001-finansiële jaar.
Die aantal grootvee bemark het met 10,3 persent vanaf 44 046 eenhede gedurende die 2000-finansiële jaar na 39 520 eenhede gedurende 2001-finansiële jaar gedaal.
Die aantal kleinvee bemark het met 10,0 persent vanaf 515 562 eenhede gedurende die 2000-finansiële jaar na 463 772 eenhede gedurende 2001-finansiële jaar gedaal.
Die waarde van lewende hawe deur BKB bemark het vanaf R206,4 miljoen vir die 2000-finansiële jaar tot R245,1 miljoen vir die 2001-finansiële jaar toegeneem.
In globale konteks het die volgende betrekking teenoor die Lewende Hawe-afdeling van BKB:
Beide in die geval van groot- en kleinvee het vleispryse gedurende die 2001-finansiële jaar gestyg.
Hierdie stygings behels ongeveer vyf persent tot 10 persent. Die pryse van C-graad beeste het ook noemenswaardige stygings getoon, soveel so dat ekonomiese aankope vir vleisbemarking daardeur bemoeilik was. Die stygings was egter wisselvallig van aard en het nie deurgaans gegeld nie.
Gedurende die jaar is weer toegetree tot lewende hawe bemarking in die ex-Veesentraal gebiede. 'n Bemarkingskantoor is vir dié doel op Bethlehem gestig en is 'n beperkte aantal lewende hawe beamptes, asook 'n gespesialiseerde eiendomsbemarker, in diens geneem.

HANDEL

Die BKB-groep se omset met sy handelsaktiwiteite, intragroep omset uitgesluit, het vanaf R177,6 miljoen vir die 2000-finansiële jaar tot R175,8 miljoen vir die 2001-finansiële jaar gedaal. Dit verteenwoordig 'n daling van 1,0 persent.
Die volgende opmerkings het op die Handelsafdeling betrekking:

id: BoE

BOE

GEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG
30 SEPTEMBER 2001

- Wesenverdienste per aandeel styg met 15%
- Dividend per per aandeel styg met 19%
- Opbrengs op ekwiteit styg tot 18%
- Koste-tot-inkomste-verhouding verbeter tot 50%

'N JAAR GEKENMERK AAN DIE VERFYNING VAN STRATEGIE, VERBETERING VAN KAPITAALBESTUUR EN VERHOGING VAN BEDRYFSDOELTREFFENDHEID

Ná die Groep se herstrukturering in 2000 is daar in 2001 op drie sleutelareas gefokus:

- Die verfyning van strategie en die herstrukturering van die Groep se sake in pas met hierdie strategie;
- Die verbetering van kapitaalbestuur en die verhoging van kapitaalopbrengste vir aandeelhouers; en
- Die verhoging van bedryfsdoeltreffendheid binne die raamwerk van die groepstrategie.

Die Groep se wensensverdienste vir die jaar was R1 192 miljoen en die wesensverdienste per aandeel het met 15% gestyg van 45,3 sent tot 52,1 sent. Wat NBS betref, het residensiële eiendomsontwikkeling en klein kommersiële eiendomslenings 'n swak jaar beleef vanweë groter voorsienings vir slegte skulde. Dit is egter verreken deur 'n stewige vertoning deur korporatiewe banksake.

- Totale inkomste het met 15% gestyg, waarvan 24% toegeskryf kan word aan 'n styging in ander bedryfsinkomste en 7% aan 'n styging in netto rente-inkomste (marge). Die marge is negatief geraak deur die vermindering in kontant wat vir aandeleterugkope gebruik is en laer rente verdien op vryvloeikapitaal as gevolg van dalende rentekoerse. Indien hierdie uitwerking nie in ag geneem word nie, sou die marge met 13% gestyg het. Terugkope het egter 'n positiewe impak op groepsverdienste per aandeel en ekwiteitsopbrengs gehad.
- Danksy streng beheer oor uitgawes het oorhoofse kostes met slegs 2% gestyg ná 'n aanpassing vir nuwe besighede verkry. BoE se koste-tot-inkomste-verhouding was 50%, 'n verbetering op die vorige jaar se 54%.
- Sterk bategroei is deur die kernafdelings, naamlik korporatiewe en besigheidsbanksake, behaal. Die beleggingsbestuursake het begin om 'n positiewe ommeswaai in bategroei te ervaar.
- Die Groep het sy voorsienings vir eiendomme in besit (EiB's) en nie-presterende lenings (NPL's) aggressief verhoog. Die NBS-afdeling het lenings in die residensiële ontwikkelings- en kommersiële eiendomsmarkte opgeskort. Slegteskulduitgawes het 1,4% van voorskotte bedra teenoor 1,0% die vorige jaar. Van die totale slegteskuldkoste van R671 miljoen het R418 miljoen op NBS betrekking. EIB's en NPL's is onder die huidige omstandighede redelik gewaardeer. EiB's word tans bevredigend verminder.
- Die Groep het sy likiditeit verbeter en die jaar in 'n stewige posisie afgesluit. Die termyn en diversiteit van BoE se finansiering is verleng deur 'n een-jaar, valuta-verskansde, VSA$130 miljoen buitelandse gesindikeerde lening en die uitreiking van 'n R1 750 miljoen drie-jaar onondergeskikte verband. Kleinhandeldeposito's het met 13% gegroei en verteenwoordig tans 37% van totale deposito's.

Strategie

BoE se strategie is om die Groep as een van Suid-Afrika se voorste spesialis bank- en beleggingsbestuursgroepe te posisioneer. Die kern van die strategie is om 'n spesialis verskaffer van finansiële oplossings aan besighede,en deur besighede aan individue, te wees. Die Groep gaan op marksegmente fokus wat die potensiaal het om vinniger as die ekonomie as 'n geheel te groei, waarin BoE 'n betekenisvolle markaandeel kan verkry en waar die risiko/opbrengs-verhouding aanvaarbaar is. BoE het:

- Op drie kernsakegebiede gefokus:
- Aksep-, Korporatiewe en Besigheidsbanksake;

• Beleggingsbestuur; en
• Kleinhandelbanksake met die primêre fokus op die lae tot middelinkomstemark.
- Sy aandeel in African Bank Investments Limited (ABIL) verkoop by wyse van 'n spesifieke aandeleterugkoop deur ABIL. BoE het as gevolg hiervan 'n nie-wesensafskrywing van R716 miljoen opgeteken, waardeur 'n gedeelte van voorheen gerapporteerde herwaardasiewinste omgekeer is.
- Nuwe besighede verkry om sy bestaande sake te komplementeer:
• Credcor, 'n vooraanstaande verskaffer van krediet, via kleinhandelaars aan verbruikers, hoofsaaklik in die opkomende markte;
• Cashbank, 'n spesialis verskaffer van behuisingsfinansiering aan die opkomende markte (Oktober 2001);
• Edge Investments, 'n multibestuurder en versekeringsmakelaar wat beleggingsoplossings aan die individuele en werknemervoordelemarkte verskaf; en
• Stenham Gestinor, 'n internasionale batebestuurs- en trustmaatskappy vir privaat kliënte.
- Die uitvoerende span versterk om te verseker dat die sake-eenhede die nodige bestuursdiepte het om doeltreffende opvolgerskap te verseker.

Verbeterde kapitaalbestuur

BoE het ná die herstrukturering in 2000 steeds surplus kapitaal op hande gehad. Verdere kapitaal is vanjaar aangewend vir verkrygings en die voortsetting van die aandeleterugkoopprogram. BoE het 74 miljoen aandele ter waarde van R317 miljoen teruggekoop. Ekwiteitsopbrengs het tot 18% verbeter. Verdere verbetering is nodig BoE het ná die herstrukturering in 2000 steeds surplus kapitaal op hande gehad. Verdere kapitaal is vanjaar aangewend vir verkrygings en die voortsetting van die aandeleterugkoopprogram. BoE het 74 miljoen aandele ter waarde van R317 miljoen teruggekoop. Ekwiteitsopbrengs het tot 18% verbeter. Verdere verbetering is nodig en in die jaar vorentoe gaan dit 'n fokus bly.

Bedryfsprestasie

BoE Merchant Bank het sterk verdienstegroei behaal met 'n besonder goeie vertoning deur sy privaat ekwiteitsbeleggings portefeulje. Die mededinging in hierdie sektor bly straf maar BoE glo dat die Groep uitstekend geplaas is om die goeie resultate voort te sit. BoE Corporate en BoE Bank Besigheidsafdeling het albei goeie groei en ekwiteitsopbrengste aangeteken. Die Groep se kleinhandelbankinisiatiewe wat op die laer tot middelinkomstemarkte gemik is, word oorwegend deur die handel bemark. Die strategie is veronderstel om in vyf basiese behoeftes te voorsien: 'n toeganklike, laekoste fisiese verspreidingsnetwerk; beskostigbare transaksiekostes; 'n eenvoudige, enkele spaarrekening; mededingende persoonlike leningsprodukte; en 'n gesekureerde, laerente huisleningsproduk. Die Beleggingsbestuursafdelings het onder verwagting presteer. Die Groep het nou hierdie afdelings in pas met BoE se verklaarde strategie geïntegreer. Danksy volgehoue beleggingsprestasie word bategroei behaal wat saam met 'n verlaging in die kostebasis die fondament gelê het vir verdienstegroei in die komende boekjaar.

Die verkryging van Edge Investments laat die Groep toe om die werknemervoordelemark daadwerklik te ontgin deur 'n meer omvattende produkaanbieding. Die verkryging van Stenham Gestinor versterk BoE se buitelandse platform en bring bykomende produkte en 'n wyer verspreidingsbasis. Die buitelandse sake is nou by die Beleggingsbestuursake geïntegreer en gevolglik het BoE valutawinste van R80 miljoen by inkomste in berekening gebring ooreenkomstig Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

Nie-kern-besigheidsbeleggings

Goeie vordering is gemaak met die hantering van nie-kern-besigheidsbeleggings en om die Groep op sy kernbesigheid, naamlik banksake en beleggingsbestuur, te fokus. BoE het in die 2000 finansiële jaar sy besitkostes ten opsigte van Monex en Century City, die enigste twee groot nie-kern-besigheidsbeleggings wat die Groep nog oor beskik, afwaarts herwaardeer. Die herkapitalisering van Monex en die aanbod om minderheidsaandeelhouers uit te koop, sal BoE in staat stel om te gelegener tyd aan hierdie belegging aandag te gee. Century City gaan voort om in pas met aanvanklike verwagtings te presteer en lewer 'n positiewe bydrae tot die Groep.

Die toekoms

1004 WOORDE

Dit was 'n uitdaging om die Groep se oorgang die afgelope agttien maande te bestuur. Die snelveranderende werêld en die onlangse gebeure in Amerika het tot onsekerheid oor die jaar vorentoe bygedra. Teen hierdie agtergrond het BoE as 'n sterker Groep na vore getree. Die Groep het teruggekeer tot sy kernfokus as 'n spesialis bank- en beleggingsbestuursgroep.

Die Groep gaan in 2002:

• Die Korporatiewe en Besigheidsbanksake se stewige fondament gebruik as afskop vir die uitbreiding van ons Beleggingsbestuurs- en Kleinhandelbanksake;

• Kapitaal aktief bestuur ten einde te verseker dat ekwiteitsopbrengs tot bevredigende vlakke verhoog word;

en

• Die inisiatief vir verhoogde bedryfsdoeltreffendheid voortsit. Die Groep gaan voort om sinergieë te ontwikkel, om koştes in toom te hou en om kruisverkoopsgeleenthede te ontgin.

Die Groep begroot vir volgehoue verdienstegroei.

Goedkeuring

Die jaarresultate wat hiernaas verskyn is op 15 November 2001 deur die direksie goedgekeur en word namens die direksie onderteken deur:

WJ McAdam TA Boardman

Voorsitter Uitvoerende Hoof

248950 AFR 54x10 BoE 19/11/2001 4:48 PM Page 1 (2,2)

Voorsitterverslag AJV 2001

Cape Joint

INLEIDING
DAMES EN HERE
Dit is vir my 'n voorreg om u by die vierde Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds welkom te heet. Ek vertrou dat u die vergadering insiggewend sal vind en vra dat u almal asseblief sal deelneem aan die verrigtinge wat gaan volg. U kry slegs eenmaal 'n jaar die kans om u mening te lug by so 'n forum, en daarom vra ons u om ten volle van hierdie geleentheid gebruik te
DIE STAND VAN DIE FONDS
AKTIEWE LEDE
Die Fonds het gedurende die afgelope jaar sterk groei getoon. Daar was 'n styging in die getal lede binne die Fonds en die batewaarde het ook groei getoon. Die getal lede het van 19190 aktiewe lede soos op 30 Junie 1999 gegroei tot 19875 lede soos op 30 Junie 2000 en het sedertdien verder vermeerder tot 20129 soos op 31 Desember 2000
Die volgende grafiek reflekteer die geografiese verdeling van ons lede volgens provinsie:
PENSIOENARISSE
Die hoofdoel van die Fonds bly steeds om aan lede aftreevoordele te voorsien met die klem op aftrede. Die Raad van Trustees by die Aftreefonds voel dat hulle in hierdie opsig hulself baie goed van hul taak gekwyt het. Die aantal pensioenarisse het vermeerder van 463 soos op 30 Junie 1999 tot 663 soos op 30 Junie 2000. Die volgende grafiek dui die huidige stand van pensioenarisse aan
PERSONE WAT PENSIOENE ONTVANG
Die relatiewe klein getal lede wat 'n pensioen ontvang is nie 'n aanduiding van ons totale getal lede wat eers in die Fonds was en nou afgetree het nie, omdat 'n groot getal van ons lede steeds verkies om ten volle te kommuteer (dit wil sê hulle volle lidbelang te neem0. As gevolg hiervan kan die groei in die getal pensioenarisse dus nie net toegeskryf word aan normale aftredes nie, maar eerder as gevolg van swak gesondheid (71 gevalle), asook die afsterwe van aktiewe lede wat 126 afhanklikes nagelaat het, waarvan 85 kinders is. Die gemiddelde ouderdom van kinderafhanklikes is 12 jaar, wat dui op aanspreeklikheid vir ongeveer ses jaar tot die kind agtien-jarige ouderdom bereik. Die pensioenarisverpligtinge het soos op 30 Junie 2000 R123 186 396,00 beloop en word deur die aktuaris as volg bereken
Ongeskiktheidsgevalle R64 897 526. Afgetredenes R7 038 246.00
Eggenote R42 801 689.00
WeeskindersR8 448 934.00Dit is nog nie duidelik of die groei in die getal lede wat ongeskik verklaar word asook die sterftesyfer vir aktiewe lede, toegeskryf kan word aan die Vigspandemie nie. Die Fonds is in die bevoorregte posisie waar die meerderheid van die aktiewe lede in die Wes-Kaap Provinsie is, waar die voorkoms van Vigs die laagste van al nege provinsies is. Die koste van herversekering van risiko-voordele vir ons lede is nog relatief laag, maar die Fonds moet nie te gerus raak nie. Dit mag dalk in die toekoms nodig wees om voorsorg te tref om die verhoogde risiko-koste wat deur Vigs veroorsaak word, te beheer.
FINANSIëLE SAKEAlhoewel die finansiële state van die Fonds in meer diepte bespreek sal word as 'n aparte item op die agenda, is dit nog steeds met trots dat ons daarop wys dat die Fonds met ongeveer R424 miljoen gegroei het van 30 Junie 1999 tot soos op 30 Junie 2000. Die totale beleggingsinkomste van die Fonds (R317 miljoen) het ook die totale bydraes van lede en owerhede oorskry (R295 miljoen). Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die Fonds dat dit gebeur het
FINALE BONUSVERKLARING VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2000
Alle aktiewe lede behoort teen dié tyd al hulle jaarlikse voordele state ontvang het waarop hul eie lidbelang soos op 30 Junie 2000 aangedui word. Bogemiddelde beleggingsopbrengste het dit vir die Raad van Trustees moontlik gemaak om 'n

effektiewe bonusverklaring van 18% vir die jaar te maak. Lede moet asseblief nie onder die indruk verkeer dat hierdie bonusverklaring definitief weer in die toekoms herhaal gaan word nie. 'n Faktor wat bygedra het tot hierdie uitstekende bonusverklaring waaruit alle lede voordeel getrek het, was die toekenning van Old Mutual en Sanlam aandele wat met hulle demutualisering plaasgevind het. Dit het 'n bedrag van R40 miljoen beloop.

BONUSVERKLARING / OPBRENGSGELYKMAKINGSBELEID
Iets wat baie prominent na vore gekom het in die Pensioenfondsbedryf die afgelope jaar is die sogenaamde oorskotte in die pensioen- en aftreefondse. Daar word dikwels gevra dat hierdie oorskotte aan die lede toegeken moet word omdat hulle 'verloor' indien hulle uit die Fonds tree voordat dit verdeel word.
Hierdie Fonds en sy Raad van Trustees was ook al daarvan 'beskuldig' dat hulle vashou aan 'onverdeelde winste' tot nadeel van die lede
Grafiek - opbrengsgelykmakingsbeleid
Ek wil graag aan u meedeel dat die Fonds 'n beleggingsreserwe het wat wissel tussen 14% en 20 van die totale bates. U moet onthou dat die meerderheid van die Fondsbates verteenwoordig word deur aandele soos genoteer op die Johannesburgse Effektebeurs. Om hierdie rede is die waarde van hierdie bates onderhewig aan drastiese skommelinge op die Effektebeurs, en daarom kan die waarde van bates wat vandag R2 biljoen beloop, oor twee maande R1.7 biljoen werd wees. Dit is dus die beleid van die Raad van Trustees om 'n beleggingsreserwe te hê as buffer tydens drastiese dalings in die waarde van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs. Dit het daartoe gelei dat die Raad van Trustees, desnieteenstaande drastiese skommelinge op die Johannesburgse Effektebeurs, altyd daartoe in staat was om positiewe bonusse te verklaar. Dit is natuurlik moontlik om bonusverklarings sodoende te verhoog sodat daar geen beleggingsreserwe oorbly nie. In hierdie geval moet lede onthou dat 'n drastiese daling op die effektebeurs negatiewe bonusverklarings te weeg kan bring en wat dus 'n vermindering in lede se belang sal veroorsaak, want die Fonds kan nie fondse uitbetaal wat nie bestaan nieDie Raad van Trustees was nog altyd van mening dat lede nie van negatiewe bonusverklarings hou nie en dat stabiele en geleidelike bonusverklarings lede toelaat om sinvoller en meer betroubare finansiële beplanning te doen.

SALGA INISIATIEF OOR EEN NASIONALE FONDS
Lede sal onthou dat kort na verlede jaar se AJV het SALGA 'n inisiatief geloods vir die stigting van een nasionale fonds vir alle plaaslike owerheidswerknemers. Hierdie besluit was gebaseer op die sogenaamde NBC-verslag wat deur SALGA geïnisieer was. Die Fonds het onmiddellik stappe geneem om hierdie inisiatief teen te staan. 'n Reeks vergaderings was met lede belê om hulle oor die SALGA voorstelle in te lig en hulle menings daaroor te kry. Lede het eenparig die SALGA voorstelle afgekeur asook teenstand gebied teen die veldtog wat die NBC-verslag voorafgegaan het.
Hierdie saak was reeds vanaf Maart 2000 die onderwerp van bespreking by die Vereniging van Aftreefondse vir Plaaslike Owerhede (LGRFA), 'n vereniging wat die prominentste Plaaslike Owerheidspensioenfondse verteenwoordig en waarvan die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds 'n lid is. Die LGRFA het 'n maatskappy van aktuarisse aangestel om 'n onafhanklike ondersoek in te stel na plaaslike owerheidspensioen/aftreefondse. Die gevolgtrekking waartoe die onafhanklike verslag van die aktuarisse wat deur die LGRFA aangestel is, gekom het, het bykans al die stellings en gevolgtrekkings wat in die NBC-verslag gemaak is en wat die basis van die SALGA bewerings was, aan die kaak gestel.
Die inisiatief by SALGA om een nasionale fonds te stig, het op hierdie stadium doodgeloop. Die Raad van Trustees en LGRFA sal nietemin waaksaam wees en enige vyandige pogings tot oorname van hierdie Fonds onmiddellik probeer stu.

VOORGESTELDE BELASTING OP KAPITALE WINSGedurende die Minister van Finansies se begrotingstoespraak in Februarie 2000 het hy aangekondig dat hy van plan is om

effektiewe bonusverklaring van 18% vir die jaar te maak. Lede moet asseblief nie onder die indruk verkeer dat hierdie bonusverklaring definitief weer in die toekoms herhaal gaan word nie. 'n Faktor wat bygedra het tot hierdie uitstekende bonusverklaring waaruit alle lede voordeel getrek het, was die toekenning van Old Mutual en Sanlam aandele wat met hulle demutualisering plaasgevind het. Dit het 'n bedrag van R40 miljoen beloop.

BONUSVERKLARING / OPBRENGSGELYKMAKINGSBELEID
Iets wat baie prominent na vore gekom het in die Pensioenfondsbedryf die afgelope jaar is die sogenaamde oorskotte in die pensioen- en aftreefondse. Daar word dikwels gevra dat hierdie oorskotte aan die lede toegeken moet word omdat hulle 'verloor' indien hulle uit die Fonds tree voordat dit verdeel word. Hierdie Fonds en sy Raad van Trustees was ook al daarvan 'beskuldig' dat hulle vashou aan 'onverdeelde winste' tot nadeel van die lede
Grafiek - opbrengsgelykmakingsbeleid
Ek wil graag aan u meedeel dat die Fonds 'n beleggingsreserwe het wat wissel tussen 14% en 20 van die totale bates. U moet onthou dat die meerderheid van die Fondsbates verteenwoordig word deur aandele soos genoteer op die Johannesburgse Effektebeurs. Om hierdie rede is die waarde van hierdie bates onderhewig aan drastiese skommelinge op die Effektebeurs, en daarom kan die waarde van bates wat vandag R2 biljoen beloop, oor twee maande R1.7 biljoen werd wees. Dit is dus die beleid van die Raad van Trustees om 'n beleggingsreserwe te hê as buffer tydens drastiese dalings in die waarde van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs. Dit het daartoe gelei dat die Raad van Trustees, desnieteenstaande drastiese skommelinge op die Johannesburgse Effektebeurs, altyd daartoe in staat was om positiewe bonusse te verklaar. Dit is natuurlik moontlik om bonusverklarings sodoende te verhoog sodat daar geen beleggingsreserwe oorbly nie. In hierdie geval moet lede onthou dat 'n drastiese daling op die effektebeurs negatiewe bonusverklarings te weeg kan bring en wat dus 'n vermindering in lede se belang sal veroorsaak, want die Fonds kan nie fondse uitbetaal wat nie bestaan nieDie Raad van Trustees was nog altyd van mening dat lede nie van negatiewe bonusverklarings hou nie en dat stabiele en geleidelike bonusverklarings lede toelaat om sinvoller en meer betroubare finansiële beplanning te doen.

SALGA INISIATIEF OOR EEN NASIONALE FONDS
Lede sal onthou dat kort na verlede jaar se AJV het SALGA 'n inisiatief geloods vir die stigting van een nasionale fonds vir alle plaaslike owerheidswerknemers. Hierdie besluit was gebaseer op die sogenaamde NBC-verslag wat deur SALGA geïnisieer was. Die Fonds het onmiddellik stappe geneem om hierdie inisiatief teen te staan. 'n Reeks vergaderings was met lede belê om hulle oor die SALGA voorstelle in te lig en hulle menings daaroor te kry. Lede het eenparig die SALGA voorstelle afgekeur asook teenstand gebied teen die veldtog wat die NBC-verslag voorafgegaan het. 1007 WOORDE
Hierdie saak was reeds vanaf Maart 2000 die onderwerp van bespreking by die Vereniging van Aftreefondse vir Plaaslike Owerhede (LGRFA), 'n vereniging wat die prominentste Plaaslike Owerheidspensioenfondse verteenwoordig en waarvan die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds 'n lid is. Die LGRFA het 'n maatskappy van aktuarisse aangestel om 'n onafhanklike ondersoek in te stel na plaaslike owerheidspensioen/aftreefondse. Die gevolgtrekking waartoe die onafhanklike verslag van die aktuarisse wat deur die LGRFA aangestel is, gekom het, het bykans al die stellings en gevolgtrekkings wat in die NBC-verslag gemaak is en wat die basis van die SALGA bewerings was, aan die kaak gestel.
Die inisiatief by SALGA om een nasionale fonds te stig, het op hierdie stadium doodgeloop. Die Raad van Trustees en LGRFA sal nietemin waaksaam wees en enige vyandige pogings tot oorname van hierdie Fonds onmiddellik probeer stu.

VOORGESTELDE BELASTING OP KAPITALE WINSGedurende die Minister van Finansies se begrotingstoespraak in Februarie 2000 het hy aangekondig dat hy van plan is om

id: clover

clover se jaarverslag - van die Internet gehaal 21 Februarie 2002:
www.clover.co.za

Voorsittersverslag
N C D J a a r v e r s l a g 2000
Die afgelope finansiële jaar het afgeskop met lae produsentepryse, 'n surplus melk en 'n swak vraag na suiwelprodukte. Hewige mededinging as gevolg van die toetrede van meer melkerye tot die kleinhandel het grotendeels tot die lae kleinhandelspryse vir suiwelprodukte bygedra. Gedurende die afgelope ses maande het melkproduksie egter afgeneem en is produsentepryse oor 'n breë front opwaarts aangepas.
Finansiële resultate
Die Groep se omset was R2,9 miljard in vergelyking met R2,7 miljard in 1999. Dit verteenwoordig 'n groei van 6,8% teenoor die vorige jaar. Hierdie jaar is 'n wins van R0,3 miljoen gerealiseer, teenoor 'n verlies van R52,8 miljoen die vorige jaar sal wees en dat die finansiële vrugte daarvan in die toekoms gepluk sal kan word.
Met die oog op dr M N Hermann se aftrede volgende jaar, is die bestuurstruktuur aangepas. Vanaf 1 Julie 2000 is mnr Robert Wesseloo vir die oorhoofse verantwoordelikheid aangestel, mnr Danie Human neem die verantwoordelikheid vir Produksie, Distribusie en Kommersieel oor en mnr Marius Nel is in beheer van Lededienste en Vervoer aangestel. Die NCD Direksie het hul volle vertroue in bogenoemde Direkteure gestel en wens hulle sterkte toe met hulle nuwe verantwoordelikhede.
Veranderings aan die Raad
Gedurende die jaar het twee Direkteure bedank, naamlik mnre C J Smit en S P Nel. Die Direkteurswyk in die Wesselsbron-gebied was 'n geruime tyd vakant en mnr J P M Bosman is nou vir die wyk genomineer. Mnr C Starke van die Wes-Kaap wat as waarnemer in die Raad gedien het, is ook as Direkteur genomineer.
Dankbetuigings
Hiermee my dank aan my mede-direkteure vir hulle waardevolle bydrae in die Raad en daarbuite. Ook 'n woord van dank aan alle produsentelede vir hulle lojale ondersteuning wat lei tot die uitbouing van NCD. My dank aan dr M N Hermann, sy bestuurspan en personeel vir nog 'n jaar se harde werk. Die NCD Raad van Direkteure wil hiermee die bestuur en personeel sterkte toewens vir die nuwe finansiële jaar en ons vertrou dat verdere vordering in die nuwe jaar vir ons voorlê.
Dr J H Grey
Voorsitter
Die Raad het 'n bonus goedgekeur van 0,25% (1999: 0%) op handelsbesigheid gedoen met lede vir die jaar. Rente op aandelekapitaal teen 2,0% (1999: 0%) sal in die vorm van volopbetaalde bonusaandele betaal word.
Melkproduksie en -pryse
Die hoë voorraadvlakke van afgeroomde melkpoeier en botter aan die begin van die finansiële jaar is gedurende die jaar binnelands verkoop. Teen die einde van die jaar was melkproduksie en -verbruik redelik in balans. Vooruitskattings toon dat melkproduksie 'n laagtepunt bereik het en gedurende die nuwe finansiële jaarweer 'n stygende fase sal bereik.
Gedurende die jaar het ons addisionele melk in die Oos-Kaap begin aankoop. Afgesien van die feit dat NCD die melk vir sy markvoorsiening nodig gehad het, val dit ook in by die langtermynstrategie om verder nasionaal uit te brei. Die stap was ook daarop gemik om lae produsentepryse in die Kaap na meer normale vlakke te bring, wat wel na ons toetrede gebeur het. As gevolg van die feit dat suiwelvoorrade nasionaal en internasionaal laag is, het markpryse van sommige suiwelprodukte begin styg. Verder kan die devaluasie van die rand ook 'n positiewe invloed op produsentepryse op die medium termyn hê.
Belangrike gebeurtenisse in die Groep

Die Milkrite besigheid is gedurende die jaar aan Alfa Laval verkoop. Die transaksie sal 'n positiewe finansiële uitwerking op NCD hê. Tydens die jare toe internasionale handel vir ons 'n probleem was, het Milkrite 'n groot rol vir sowel produsent as NCD gespeel. Met die daling in die aantal melkprodusente is die voortbestaan van twee groepe in Suid-Afrika nie meer regverdigbaar nie. Kaasuitvoere ooreenkomstig die Europese Unie se handelsooreenkoms het 'n aanvang geneem. Kwaliteit en aanvaarding van ons produk is goed. Ons vertrou dat dit die begin van 'n volgehoue uitvoerprogram. 572 WOORDE

id: derebus

1. Inleiding
Die formaat van hierdie jaarverslag gaan wesenlik verskil van die tradisionele formaat. Die doel hiervan is drie-ledig:
1.1 'n Daadwerklike poging om alle kollegas en ander belanghebbendes te stimuleer om dit te lees. Die verslag gaan dus konsentreer op dit wat ek glo vir my kollegas van belang behoort te wees;
1.2 Ter voltooing van die bestuursbemagtigingsproses waarmee ek twee jaar gelede begin het, gaan ek in hierdie verslag geleentheid gee aan die Uitvoerende Direkteure om deel te hê aan hierdie verslag;
1.3 'n Daadwerklike poging om uitgebreide finansiële verslae en eindelose vervelige statistiese gegewens, soos in vorige verslae, te vervang met eenvoudige grafieke en opgesomde eindresultate wat konsentreer op dit wat uniek en/of interessant was gedurende die verslagjaar. Hierdie doelstelling word baie vergemaklik deurdat ons nou oor 'n uitstekende webtuiste beskik waar lede wat gedetaileerde inligting verlang, kan gaan kers opsteek. Vir diegene wat nie toegang het tot die web nie, sal ons op versoek 'n volledige skriftelike kopie van die webtuiste of enige spesifieke inligting wat verlang word, verskaf. Ek glo werklik dàt die jaar 2000 in vele opsigte 'n betekenisvolle en opwindende jaar vir die Fonds was. Ons het daarin geslaag om in vele opsigte die daad by die woord te voeg en talle voorgenome ontwikkelings, verbeterings en vernuwings het 'n werklikheid geword gedurende 2000. Voor my ampsaanvaarding as Voorsitter in Maart 1999 en in my eerste tussentydse verslag in September 1999, het ek 'n aantal voornemens en ideale gelys en is dit vir my aangenaam om met my tweede Voorsittersverslag te kan rapporteer dat dit verwesenlik is. Ek meld kortliks die belangrikste vernuwings.
2. 'n Nuwe verteenwoordigende beheerraad
Uiteindelik, na baie gepraat, het ons hierdie jaar daarin geslaag om effektief 'n Beheerraad daar te stel wat alle belangegroepe behoorlik verteenwoordig in dieselfde verhouding as wat dit gebeur by die LSSA. Ook by die Dagbestuur is 'n lid van BLA asook 'n lid van NADEL gekoopteer en alhoewel hulle ten opsigte van hierdie verslagjaar nog slegs twee Dagbestuursvergaderings bygewoon het, is ek seker dat hulle teenwoordigheid in die jaar wat voorlê, van groot waarde gaan wees.
3. Rentekoerse betaalbaar deur banke
Dit het dramaties verbeter. In 1999 het ek gerapporteer dat 21% van alle kollegas minder as 5% rente ontvang op hulle trust bankrekeninge. Ons het toestemming vanaf die Beheerraad ontvang om met groter aggressie die banke te benader en is dit met groot vreugde dat ek kan rapporteer dat alle banke nou daadwerklike samewerking verleen en dat innoverende nuwe produkte en metodes om behoorlike rente te verseker, met die banke beding is en dat alles nou in plek is om te verseker dat in 2001 alle prokureurs se trustrekeninge nie minder rente sal ontvang as sekere ooreengekome koerse nie. [SIEN WEBTUISTE EN MAART 2001 UITGAWE VAN DE REBUS]
4. Nuwe rente en bankkoste formules vanaf 1 Maart 2001
Uiteindelik sal prokureurs wat hulself verryk ten koste van die Fonds met rente wat aan die publiek behoort, nou gepenaliseer word. Die nuwe formules wat in werking tree vanaf 1 Maart 2001 sal verseker dat dié prokureurs wat tesame met hulle bankiers die Getrouheidsfonds benadeel met onbillike lae rentekoerse of onbillike hoë bankkoste, nie langer voordele vanaf die Fonds sal ontvang nie. [SIEN WEBTUISTE]
5. Ons nuwe webtuiste: www.fidfund.law.za
Einde 1999 het 'n nuwe moderne webblad die lig gesien en kan niemand die onbillike beskuldiging rig dat die Fonds in enige opsig ondeursigtig is of enigiets wegsteek nie. Besoek asseblief ons webblad.
6. Trustbanksertifikate: Nagmerrie is verby
Die verkryging van banksertifikate ten opsigte van trustrentes verdien vanaf banke het eindelose frustrasies vir kollegas veroorsaak. Gedurende hierdie jaar het ons besluit dat dit nie langer geverg word nie.
7. Te veel prokureurs, te min mense (geld?)

Ons het in samewerking met NADEL 'n navorsingsprojek van stapel gestuur waaroor ek baie opgewonde is en het ek min twyfel dat die resultate uiters waardevol gaan wees vir die toekoms van die beroep en die Fonds. [SIEN PARAGRAAF 19.7]

8. Regsfakulteite: Nuwe befondsingsmetode werk

Ek het verlede jaar berig dat ons die Regsfakulteite op 'n heel nuwe wyse gaan befonds en het hierdie verslagjaar getoon dat dit uiters suksesvol was. (Sien paragraaf 19.5). Tydens die Algemene Jaarvergadering in 2001 sal ek rapporteer oor 'n nuwe voorstel vir die befondsing van Regsklinieke wat ten doel het om ook maksimum voordeel vir die Fonds en die Prokureursberoep uit die nuwe voorgestelde befondsingsmetode te verseker.

9. Verpligte praktyksbestuuropleiding

Die Fonds is reeds 'n geruime tyd 'n voorstander van verpligte opleiding en het ons veral oor die laaste twee jaar ons daarvoor beywer. Die Fonds het dan ook aangedui dat ons bereid is om finansies beskikbaar te stel vir 'n beursskema ten einde veral nuwe jong praktisyns in staat te stel om die opleiding te ondergaan. Ek het gevolglik met groot vreugde kennis geneem van die LSSA se besluit wat geneem is in Februarie 2000, wat verpligte opleiding voorsien vir enige nuwe praktisyn wat vir sy/haar eie rekening wil praktiseer en hopelik sal hierdie besluit praktiese toepassing vind in die jaar 2001. Ek hoop van harte dat die LSSA dit spoedig sal implimenteer, aangesien dit werklik in belang van die Fonds is.

10.Nuwe risiko-beheer model

Gedurende hierdie verslagjaar het ek ons Uitvoerende Direkteur, Mnr John Moorhouse, versoek om voorkeuraandag te geen aan die daarstelling van 'n behoorlike model vir die risiko-beheer van die Fonds met die hoofdoel om diefstal deur prokureurs te minimaliseer. Gedurende die IBA-kongres in Amsterdam in September 2000 was dit duidelik dat ander Fondse oor die wêreld heen hierdie saak as hoë prioriteit beskou. Gedurende hierdie verslagjaar het die waarde van die Fonds se gebeurlikheidseise gestyg met 184%!!!!! Die bestuurstrukture is gedurende hierdie jaar aangepas om dit moontlik te maak vir ons Uitvoerende Direkteur om 'n groot deel van sy tyd aan hierdie uiters belangrike funksie te vervul. (SIEN SY VERSLAG HIEROOR - PARAGRAAF 16.4).

11. Besigheidsontwikkelingsbestuurders: Eenvormigheid

Die ontwikkeling op hierdie gebied gedurende die afgelope jaar was dramaties en beskik al vier provinsiale ordes nou oor die dienste van 'n Besigheidsontwikkelingsbestuurder wat deur die Fonds gefinansier word. Daar is duidelik 'n groot behoefte om eenvormigheid in die werksmetodes asook die kontraktuele verhouding tussen die Fonds en die Provinsiale Ordes te bewerkstelling en is daar die afgelope jaar heelwat aandag hieraan gegee. Met die hulp van Andries Landman ('n vorige Voorsitter en ook 'n vorige Besigheidsontwikkelingsbestuurder), is 'n uitstekende gids opgestel deur Andrew Stansfield wat van groot waarde gaan wees vir alle Besigheidsontwikkelingsbestuurders huidig en in die toekoms. My dank aan die opstellers. (SIEN PARAGRAAF 18.4).

1024 WOOR-DE

12.Geregtelike vervolging teen dieftige prokureurs

Sommige Provinsiale Ordes neem stappe om die kriminele proses te probeer monitor, terwyl ander Ordes weer van mening is dat dit nie werklik hulle taak is nie. Ek is van mening dat dit vir die Fonds van die uiterste belang is dat prokureurs op 'n spoedeisende en effektiewe manier vervolg moet word onmiddellik nadat diefstal aan die lig gekom het. Dit het vir my duidelik geword dat die Fonds uit 'n risiko-beheer oogpunt en ook in publieke belang, 'n plig in hierdie verband het en dat dit nie 'n funksie is wat ons bloot kan oorlaat aan die georganiseerde beroep nie. Ek het gevolglik gedurende 2000 in gesprek getree met die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings en ook persoonlike samesprekings met hom gevoer. Mnr Bulelani Ngcuka asook Mnr Willie Hofmeyer (Spesiale Eenheid) het hulle volle samewerking in hierdie verband belowe en het ek reeds bewyse aan hulle oorhandig van 'n aantal prokureurs in die voormalige Transvaal-provinsie wat vir 'n hele aantal jare na beweerde diefstal, nie vervolg is nie of ten opsigte waarvan die proses net nie vordering maak nie. Ek wil die vertroue uitspreek dat my opvolger en die nuwe Dagbestuur volgehoue

Distell

Verslag van die besturende direkteur

Bedryfsoorsig

Die afgelope finansiële jaar was ongetwyfeld een van die mees gebeurtenisvolle en uitdagende tydperke in die lang geskiedenis van Distillers en SBW.

Die aandeelhouers van albei maatskappye het die samesmelting op hul onderskeie algemene vergaderings op 10 November 2000 goedgekeur en die samesmelting het op 1 Julie 2000 in werking getree. Die gekombineerde groep se naam is in Maart 2001 tot Distell Groep Beperk verander.

In die oorsigtydperk het die nuwe bestuur hoofsaaklik op die samesmelting en verwante aspekte gekonsentreer. Die uitdagings vir die nuwe bestuur is om deur middel van skaalvoordele kostes te verminder en marges te verbeter, terwyl daar in sterk handelsmerke belê word en wat deur toepaslike prysstrukture ondersteun word.

Ná die aankondiging van die voorgenomé samesmelting in April 2000 is 12 werkgroepe saamgestel om op voltydse grondslag alle sleutelprestasieareas te ontleed en geleenthede vir kwantifiseerbare waardeskepping te identifiseer. Hul aanbevelings is deur 'n reëlingskomitee oorweeg en het die volgende ingesluit:

Geleenthede wat inkomste voort bring;

Geleenthede wat doeltreffendheid in bedryfs- en diensafdelings verbeter; en

Geleenthede om belegging in vaste en bedryfskapitaal te verminder.

Aangesien hierdie maatreëls tans nog geïmplementeer word, is die meeste voordele nog nie in die oorsigjaar waarneembaar nie. Dit sal in toekomstige begrotings vervat word.

Geleenthede wat inkomste genereer

Die sinergieë wat deur die samesmelting geskep is, is gemik op konsolidasie en uitbouing van die plaaslike mark sowel as internasionale uitbreiding en winsgroei.

'n Belangrike studie oor verbruikersegmentering in die drankmark is gedoen om handelsmerke prioriteite te identifiseer.

Op grond van die bevindings is bemarkings- en verkoopsinisiatiewe opnuut gefokus. Handelsmerke en bemarkingskostes is in heroorweging geneem om handelsmerke nog sterker uit te bou. Die herstrukturering van die verkoopsmag is veral betekenisvol om klante meer doeltreffend te bedien, ten einde winsgewendheid van klante te optimaliseer. Dit word onder meer bereik deur gespesialiseerde verkoopspersoneel aan te stel om sleutelrekeninge te bedien en op spesifieke sakekategorieë te fokus.

Die gevolglike duidelikheid oor verbruikersegmentering laat Distell ook toe om voorkeurhandelsmerke meer doeltreffend aan elke segment te bemark.

Na verwagting sal dit binne die volgende jaar 'n betekenisvolle impak hê.

Internasionale strukture en fokus is aansienlik uitgebrei aangesien dié markte die vernaamste geleenthede vir inkomstegroei inhou. Weereens is voorkeur-handelsmerke geïdentifiseer en besteding sal dienooreenkomstig aangegaan word om mikpunte vir aggressiewe groei te behaal. Uitstekende geleenthede bestaan vir Distell se wyne en handelsmerke soos Amarula. Daar is toenemende belangstelling in Suid-Afrikaanse handelsmerke en sekere groot, winsgewende markte is nog nie ontgin nie.

'n Strategie is ontwikkel om die handelsmerkportefeulje te verklein en op bepaalde toonaangewende handelsmerke te fokus. Dit sal bykomende voordele bied om die produkportefeulje te vereenvoudig, byvoorbeeld die verlaging van kompleksiteitskoste, wat tans deur veelvoudige kort produksielopies veroorsaak word, gefragmenteerde uitgawe op reklame, duplisering van verkoopstrukture en onnodige promosionele uitgawe op handelsmerke wat nie deel van die kern vorm nie.

Geleenthede om doeltreffendheid te verhoog

Om winsgewendheid te optimaliseer, moet Distell 'n volhoubare mededingende kostevoordeel behaal en vestig. Werksgroepe wat vir bedryfsaktiwiteite verantwoordelik is, het bedryfstelsels ontwerp om by markgeleenthede, die dryfkragte van winsgewendheid en prestasievereistes, aan te sluit. Hulle het ook 'n tweeledige doelwit gestel, naamlik om die laagste koste-produsent in elke

produkkategorie te wees, asook om die veranderlike koste komponent te maksimaliseer, ten einde blootstelling aan wisselvalligheid van die markte te verminder.
Dit beteken die klem moet val op kwessies soos minimalisering van produkkompleksiteit, optimalisering van lynkonfigurasies in aanlegte, bevordering van doeltreffendheid in die voorste linie, vestiging van beste-praktyk-prosesse wat betref verkryging, en uitkontraktering van take wat nie deel van die kernaktiwiteite vorm nie.
Belegging in vaste en bedryfskapitaal
'n Aansienlike vermindering in bedryfskoste en belegging in bedryfskapitaal word in die vooruitsig gestel, namate die groep voordeel trek uit verhoogde doeltreffendheid as gevolg van:
Vermindering van werksverliese en herdeurwerk danksy bestuursfokus en verbeterde stelsels in rapportering;
verbeterde stelsels in vraag, grondstof vereiste en produksiebeplanning;
Beperking van onbeplande staantyd in produksie deur voorkomende instandhoudingstelsels; en
Verhoogde deurset deur middel van standardisering en meer ekonomiese produksielopies.
Primêre produksie
Die primêre produksie-afdeling is verantwoordelik vir prosesse soos aktiwiteite in die parskelder, gisting, stabilisering, filtrering, veroudering en distillering. 'n Bestekopname van beskikbare kapasiteit het getoon dat groot voordele behaal kon word deur verskeie prosesse te konsolideer en te verfyn. Gevolglik word 'n rasionaliseringsprogram tans in werking gestel om te verseker dat spesifieke produkte by toegewysde vervaardigingsaanlegte geproduseer word en dat produksieprosesse vereenvoudig word.
Na verwagting sal 'n aansienlike verbetering in bedryfskoste per eenheid en 'n vermindering van bedryfskapitaal uit hierdie inisiatiewe voortvloei. Die bestuur is vol vertroue dat bestaande kapasiteit, met die uitsondering van parskeldergeriewe, voldoende is om in die afsienbare toekoms aan die vraag te voldoen.
Die groep se langtermynplan maak voorsiening vir verdere belegging om die vermoens van die parskelder geriewe uit te brei sodat wêreldwye wynhandelsmerke ontwikkel kan word.
Sekondêre produksie
Sekondêre produksie sluit in aktiwiteite soos versnyding, bottelering en pakhuisberging van stortmaat produkte. 'n Ontleding van die gekombineerde geriewe van Distillers en SBW en 'n omvattende ontleding van produksieprosesse van die nuwe organisasie het getoon dat vervaardigingsaanlegte oor die algemeen onderbenut was en dat duplisering in verskeie produksieprosesse voorgekom het. Gevolglik is drie botteleringsaanlegte gesluit en die aantal botteleringslyne van 54 tot 36 verminder. Terselfdertyd is die oorblywende aanlegte en botteleringslyne te Stellenbosch, Wadeville, Epping en Port
Elizabeth opgegradeer, deur die beste beskikbare en mees geskikte toerusting, tegnologieë en prosesse te kies.
Logistieke beplanning en verkryging
Daar word verwag dat maatreëls om logistieke beplanning en verkryging te sentraliseer 'n betroubare en doeltreffende aanvoerketting sal skep. Deur opnuut te fokus, is aankoopprosesse verbeter, en stelsels vir logistieke beplanning, inventarisbestuur en vervoer tussen kelders verbeter.
Die klem het ook op wingerdboukundige en wynboukundige voorligtingsdienste aan primêre produsente geval sodat die groep 'n mededingende voordeel in die verkryging van druiwe en wyn kon verkry. Dit versterk vorige inisiatiewe om te verseker dat gehalte druiwe oor die lang termyn verkry sal word.
Pakhuise en distribusie
Inisiatiewe vir verbeterings en rasionalisering het op die konsolidering en herorganisasie van geriewe gefokus ten einde die aantal distribusiesentrums van 37 tot 20 te verminder.
Daar was 'n konsolidering van handelsmerke, en bemarkingsbesteding is aangepas om selfs sterker handelsmerke te bou. Die verkoopskrag is

geherstruktureer om die klant meer doeltreffend te dien, terwyl klantwinsgewendheid uitgebou word.
Die rasionaliseringsprogram maak voorsiening vir verbeterde stelsels wat pakhuisbestuur, opgedateerde roetering van vervoer en skeduleringstelsels vir aflewering betref. Die klem val daarop om dubbele hantering uit te skakel deur aflewering direk vanaf vervaardigingsaanlegte se pakhuise na groot klante te laat geskied. Hierdie maatreëls sal oorhoofse koste aansienlik verminder en genoegsame buigsaamheid wat koste betref, verskaf om seisoenale veranderinge en wisselvalligheid in die markte makliker die hoof te bied.

1013 WOORDE

Die groep beoog ook om die suksesvolle "eienaar-bestuurder" konsep uit te brei en die sortering van bottels en ander nie-kern aktiwiteite, uit te kontrakteer.
Internasionale werksaamhede
Die herstrukturering en hernieude fokus van internasionale werksaamhede is daarop gemik om betekenisvolle, reële inkomstegroei in geïdentifiseerde teikenmarkte te bewerkstellig.
Die groep is besig om sy teenwoordigheid in die uiters belangrike markte waarin sake gedoen word, uit te brei. Gevolglik moes die organisatoriese strukture in die internasionale divisie opnuut ontwerp word.
Daarbenewens is herevaluering van internasionale agentskapstrukture, portefeuljes en winsgewendheid van produkte, asook verbeterings in bemarking, logistieke ondersteuning en bestuur van die aanvoerketting genoodsaak. Die groep het tans 36 mense in nege verkoopskantore in die Amerikas, Europa, Australasië en Afrika in diens. Daar is ook 154 agente wat die firma in 72 lande verteenwoordig. Daarbenewens het Distell in verskeie vennootskappe belê om sy produksie- en distribusiekapasiteit in belangrike Afrika-markte te vergroot.
Inligtingstelsels
Voor die samesmelting het Distillers sowel as SBW in geïntegreerde stelseloplossings belê (SAP R/3). Die samesmelting het 'n geleentheid gebied om besigheidsprosesse en -prosedures te herontwerp. Dit het op sy beurt vereis dat stelsels opnuut gekonfigureer en opgegradeer word tot die nuutste weergawe van die SAP-sagteware.
Hierdie ontwikkelings, insluitend die konsolidasie en migrasie van stelseldata, is suksesvol voor die finansiële jaareinde afgehandel. Die span fokus nou daarop om inligtingstelsels te verbeter ten einde besluitnemingsprosesse te ondersteun.
E-handel
Die groep se IT-strategie is ontwerp om die nuwe inisiatief vir e-handel te ondersteun, wat tans deur 'n toegewyde projekspan in samewerking met verskaffers, klante en agente ontwikkel word.
Bedryfsprestasie
Resultate
Soos elders in hierdie verslag verweld, was plaaslike sowel as internasionale handelsomstandighede onder druk weens 'n afname in binnelandse besteding op alkoholiese drank en 'n ekonomiese verlangsaming in uitvoermarkte.
Verkoopsinkomste vir die jaar was onveranderd. Na 'n teleurstellende eerste ses maande, waartydens verkoopsvolumes met ongeveer 8% gedaal het, is bemoedigende groei gedurende die tweede helfte van die finansiële jaar ervaar, wat die afname in verkoopsvolumes vir die jaar tot 6% verminder het.
Dit is 'n aanduiding dat die nuwe fokus van bemarkings- en verkoopsinisiatiewe begin om vrugte af te werp. Hoewel verkoopsinkomste gedurende die tweede helfte van die jaar tradisioneel laer is as gedurende die eerste ses maande, het verbeterde verkoopsprestasie in die tweede helfte van die jaar die groep in staat gestel om verkoopsinkomste op dieselfde vlakke as die vorige jaar te hou.
Die groep het daarin geslaag om sy binnelandse markaandeel in alle belangrike produkkategorieë te behou, met die uitsondering van alkoholiese vrugtedrankies, waar markaandeel onder druk van verhoogde mededinging gekom het.
Die Suid-Afrikaanse brandewynmark het vir die grootste deel van die jaar weinig gegroei, maar daar is bemoedigende tekens dat hierdie mark op pad is om te herstel. Die groep het markaandeel gewen en daarin geslaag om sy volumes in die tweede helfte van die jaar te handhaaf.

Oorsig van die Voorsitter

Die stigting van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad in April 2000, as die organisasie wat natuurbewaring in die Wes-Kaap moet bestuur, het 'n uitdaging gebied wat 'n tydperk van aanpassing sal verg voordat die vrugte daarvan sigbaar sal wees. Gedurende die eerste jaar was die transformasie van die organisasie die hooffokus. Om as 'n effektiewe besigheid te kan funksioneer, is sterk klem geplaas op die daarstelling van inligtingstelsels waardeur die verskillende dissiplines en die bestuurskorps kon rapporteer. Hierdie proses is nou bykans voltooi en sal die organisasie help om in die regte rigting voorwaarts te beweeg. Dit is vir my 'n plesier om te kan rapporteer dat die Raad in hierdie eerste jaar die volle samewerking en ondersteuning van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap geniet het.

Alhoewel bewaring die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad se hooffokus is, is dit noodsaaklik dat die organisasie soos 'n suksesvolle besigheid funksioneer. Daar bestaan egter 'n inherente spanning in so 'n benadering, aangesien daar 'n balans moet wees tussen die generering van fondse en die eise van gesonde biodiversiteit- bewaring. Om so 'n balans te verseker, moet 'n organisasie ook in 'n gesonde finansiële posisie wees. Indien die Raad daarin sou kon slaag om beduidende addisionele inkomste binne die volgende vyf jaar te genereer, dan sou die bewaring van biodiversiteit in hierdie provinsie op 'n gesonde basis wees. Dit is egter onderhewig aan belangrike voorbehoude.

Oor die wêreld heen is gevind dat die sukses van sulke statutêre bewaringsinstansies in 'n groot mate afhanklik is van die ononderbroke, langtermyn samewerking tussen sodanige instansies en die provinsiale en nasionale regerings. Met hierdie feit in gedagte aanvaar die Raad die uitdaging om na finansiële selfonderhouding te beweeg, terwyl hulle nog steeds erken dat die Regering se volgehoue finansiële ondersteuning 'n onontbeerlike vereiste vir sukses is. As die Regering se hulp sou afneem soos wat die Raad al meer daarin slaag om sy eie finansiële bronne te ontwikkel, sal die hele onderneming tot mislukking gedoem wees. Die Raad verstaan egter dat dit nie die bedoeling van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap is nie. Die Regering sien in dat hulle nie die organisasie finansieel moet straf as hulle daarin slaag om self aan hulle onderhoubaarheid te bou nie.

In die jaar wat voorlê, sal konsessiehouers uit die privaat sektor genooi word om sekere toeristemoontlikhede, wat deel uitmaak van die Raad se portfolio van bates, te ontwikkel. Die Raad voorspel dat hierdie strategie, asook die daarstelling van 'n poel vir die fondse van donateurs - bestaande uit borgskappe, skenkings, erflatings en donasies - 'n merkbare verbetering in hulle finansiële posisie te weeg sal bring. Ongelukkig is daar nog 'n aantal sake rondom hierdie strategie waaroor die Provinsiale en Nasionale Regerings en hulle onderskeie departemente uitsluitsel moet bereik. Hierdie sake hou verband met die kontrole oor en bestuur van grond wat potensiaal het vir die ontwikkeling van kommersiële toerisme. Ongelukkig is die kans om kommersiële konsessiehouers te lok klein indien medium- of langtermyn eiendomsreg nie gewaarborg kan word nie. Dit is van die grootste belang dat hierdie sake spoedig opgelos word.

Die Raad is geïdentifiseer as die hoofrolspeler om die Kaapse Aksieplan vir die Omgewing (Cape Action Plan for the Environment - CAPE) te implementeer; die plan verteenwoordig 'n twintig-jaar-strategie om die biodiversiteit van die Kaapse Blommeryk te bewaar. Die praktiese implementering van hierdie aksieplan kan eers begin word wanneer die gesamentlike fondsinsamelingsaktiwiteite van al die deelnemers realiseer. Om dit te bereik, is die personeel van die Raad besig met 'n reeks koöperatiewe inisiatiewe om fondse vir CAPE in te samel. Dit sluit samewerking met die Globale Omgewingsfasiliteit, Bewaring Internasionaal, Fauna en Flora Internasionaal en die Wêreldnatuurfonds, Suid-Afrika (WWF-SA) in.

Gedurende die afgelope jaar is heelwat energie nasionaal en internasionaal gebruik om na 'n enkele groot korporatiewe borg vir die Raad te soek. Hierdie soektog was onsuksesvol en die Raad sal dus nou probeer om kleiner borgskappe te bekom.

Gedurende die oorsigperiode was die inkomste beduidend meer as die begroting -maar tog vanaf 'n baie lae inkomstebasis. Alhoewel uitgawes goed beheer is, moet die Raad erken dat dit ten koste van hulle verantwoordelikhede ten opsigte van biodiversiviteit-bewaring was. Hierdie neiging het 'n vaste patroon geword, met as hoofoorsaak die onaanvaarbare hoë uitgawe aan menslike hulpbronne in vergelyking met die totale beskikbare begroting. Hierdie stand van sake sal voortduur totdat die koste van menslike hulpbronne van die huidige 70 persent van die totale beskikbare begroting verlaag word tot 50 persent. Die situasie kan alleenlik verander word deur die verbetering en die uitbreiding van die organisasie se inkomstebasis. Die Raad is optimisties dat hulle dit wel in die medium- en langtermyn sal regkry.

Ek glo dat daar twee sake van strategiese belang is wat hier genoem moet word. In die eerste plek, in 'n langtermynbedryf soos bewaring, is die beïnvloeding van die gesindhede van die toekomstige generasies 'n uiters belangrike strategie en die Raad is reeds ten volle daartoe verbind. Tot op hede het ons nog nie genoeg gedoen nie, maar ons is vas van plan om vennootskappe te sluit waardeur ons ons omgewingsopvoedingsaktiwiteite grootliks kan uitbrei.

Tweedens word dit algemeen aanvaar dat toerisme die grootste groeipotensiaal vir die ekonomiese ontwikkeling van die Wes-Kaap, asook die hele Suid-Afrika, bied. Daar is min twyfel dat die ekonomiese gesondheid en welstand van die Wes-Kaap in 'n groot mate daarop berus dat die Provinsiale Regering hierdie geleentheid ten volle aangryp. Op internasionale gebied is ons groot voordeel die kwaliteit en die diversiteit van ons asemrowende natuurlike omgewing. 'n Aktiewe en bekwame bewaringsektor in die privaat en die publieke sektor sal 'n vaste fondament lê vir ekonomiese volhoubaarheid. Ons kan nie bekostig om hierdie kans te laat verbygaan nie.

Ek bedank met groot graagte my mede-raadslede vir hulle ondersteuning van die afgelope jaar en ek wil die personeel, spesifiek die bestuurspan onder leiding van mnr. David Daitz, gelukwens met hulle toewyding en hulle prestasies onder moeilike omstandighede. Ons innige dank aan die Regering van die Wes-Kaap en spesifiek die Minister van Omgewings- en Kultuursake, mnr. Glen Adams, en die hoof van die Departement, mnr. Theo Tolmay, vir hulle volgehoue ondersteuning. 961 WOORDE

Bill McAdam
VOORSITTER VAN DIE RAAD

id: kwv

Die groep het sy wesensverdienste in die jaar onder oorsig met 22,4 persent verhoog. Met voortgesette groei in sy wyn-uitvoere en verskerpte beheer oor uitgawes is meer as daarin geslaag om die sleur-effek van die trae plaaslike brandewynmark en lae buitelandse konsentraatpryse teen te werk. Omvattende fiskale dissipline het onder meer die ingreep van personeelbesnoeiing teen die einde van die finansi%le jaar ingesluit. Die trog waarin veral die brandewynmark homself bevind, het soos die paar voorafgaande jare nadelig op die bedryf en dus ook op die groep se resultate ingewerk. Boonop was pryse van ongedifferensieerde produkte soos neutrale wynspiritus en druiwesap-konsentraat deurlopend onder druk weens oorproduksie in ander lande en gesubsidieerde produkte wat in KWV se markte gestort is. Die vestiging van kundigheid, ontwikkeling van markte en bemagtigingsprojekte is deur middel van die Wynbedryftrust voortgesit wat deur KWV befonds word. Die Trust is in sy derde bestaansjaar en is 'n beduidende belegging in KWV se strategiese plan.
KWV-produkte het, soos in die verlede, weer goed in internasionale kompetisies gevaar en gehalte sowel as diens het positiewe reaksie uit markte ontlok. Die regulatoriese omgewing staan aan die vooraand van verandering. Na verwagting gaan die nasionale- en provinsiale drankwetgewing in die volgende jaar gepromulgeer word en word elke geleentheid benut om 'n sake-vriendelike omgewing te bewerkstellig. Verdere ho%r as proporsionele belastingverhogings sal beide die wynbedryf en die staat benadeel. Strukturele veranderinge in die Suid-Afrikaanse mark weens toetrede deur groot multinasionale groepe, die samesmelting wat tot Distell gelei het en verskeie ander inisiatiewe raak KWV regstreeks, aangesien hy grondstof aan die meeste groothandelaars voorsien. Na verwagting sal die veranderinge - wat aan die begin ongetwyfeld 'n mate van onsekerheid veroorsaak het - egter ook tot verskerpte kompetisie in die verbruikersmark lei. Dit behoort tot KWV se voordeel te wees. KWV gaan in die volgende jaar sy groei in internasionale besigheid versnel. Die fokus is op wyn en met voorsiening daarvoor in die langtermynbegroting, word 'n wynplan aangepak wat groei in al sy handelsmerke sal meebring.
VinPro (SA), KWV se divisie vir produsente-dienste, het gedurende die jaar sy dienste tot voordeel van die groep en dus ook die bre% produsente-gemeenskap, voortgesit. VinPro dien ook as skakel tussen die groep en die Wynbedryftrust.
FINANSIEEL
Die groep het in die jaar onder oorsig sy wesensverdienste met 22,4 persent tot R51,5 miljoen verhoog, vergeleke met R42 miljoen in 2000. Die bevredigende groei in wesensverdienste is regstreeks te danke aan die groei in uitvoeromset, asook 'n verdere verbetering in produksiedoeltreffendheid en omvattende beheer oor uitgawes. By die beoordeling van die toeskryfbare verlies van R3,7 miljoen (vergeleke met 2000 se wins van R47,7 miljoen) moet buiten die afname van R25,0 miljoen in inkomste toeskryfbaar aan die groep se assosiaat-maatskappy, Distell Beperk, ook die volgende in ag geneem word:
Gedurende 2000 is 'n eenmalige wins van R25,4 miljoen uit die verkoop van beleggings gemaak.
Die bedrag waarvoor in die inkomstestaat vir die Suid-Afrikaanse Wynbedryftrust voorsien moes word, het met R12,7 miljoen toegeneem. Dit was hoofsaaklik te wyte aan 'n daling in die rentekoers op die RSA 153-effek, waarteen die uitstaande verpligting aan die Trust verdiskonteer word. (Verwys ook na aantekening 1.18 onder "Rekeningkundige Beleid".)
Gedurende die tydperk onder oorsig het die groep se kapitaalbesteding R39,7 miljoen beloop. Die uitgawe was grootliks vir die vervanging van verouderingsvate en vir die opgradering van wynmaak- en botteleringstoerusting. Volumegroei in sy wynmark en fiskale dissipline het die groep onder moeilike toestande gehelp om sy wesensverdienste met 'n stewige 22,4 persent op te stoot.
KONTANTVLOEI
Soos uit die gekonsolideerde kontantvloeistaat blyk, was die netto kontant invloei uit bedryfsaktiwiteite R36,0 miljoen (vergeleke met die uitvloei van R19,4 miljoen in 2000). Di, verbetering was hoofsaaklik te danke aan 'n afname in voorraad ter waarde van R39,6 miljoen (vergeleke met 'n toename van R7,7

miljoen in 2000), asook 'n afname in inkomstebelasting betaal. Kontant invloei uit bedryfsaktiwiteite was egter nie heeltemal voldoende om die vaste bate besteding vir die jaar te finansier nie. Laasgenoemde het gevolglik bygedra tot 'n geringe afname vir die jaar in kontant en kontantekwivalente van R3,3 miljoen. Die groep beskik oor 'n aansienlike inkomstebelastinglas, wat grotendeels as uitgestelde belasting voorsien is. Die las word hoofsaaklik deur die herwaardasie van vloeibare voorraad teweeggebring, wat teen die beraamde kosprys gewaardeer is, pleks van teen die nominale waarde soos v¢¢r Januarie 1998. Die kosprys word vir inkomstebelastingdoeleindes ingefaseer. Met herwaardasie is die betrokke inkomstebelasting ten volle as uitgestelde belasting voorsien. Soos infasering plaasvind, word 'n oordrag vanaf uitgestelde na lopende belasting gemaak, met die gevolg dat belastingpligtigheid weens die herwaardasie van voorraad nie 'n invloed op verdienste het nie, maar w,l op toekomstige kontantvloei. Die verpligting jeens die Wynbedryftrust het eweneens 'n negatiewe invloed op die groep se kontantvloei, ondanks die feit dat rekeningkundig ten volle vir die teenswoordige waarde van die verpligting voorsien is. Oor die volgende 7,5 jaar gaan di, verpligting verdere kontant uitvloei van R273,7 miljoen meebring.

DIVIDENDE

Teen die agtergrond van die kontantvloei-situasie het die direksie besluit om nie 'n dividend vir die jaar te verklaar nie.

GEWONE KLAS A AANDELE

Altesame 390,5 miljoen van die maatskappy se gemagtigde 600 miljoen klas A aandele is uitgereik. Teen die einde van die finansi%le jaar was 76 persent van die aandele in die besit van wynboere wat lede van KWV Ko"peratief Bpk is. 'n Totaal van 1 600 miljoen klas B aandele, wat per aandeel gelyke stemreg met 'n klas A aandeel geniet, was teen jaareinde aan KWV Ko"peratief Bpk uitgereik. Op 30 Junie 2001 was die markprys van 'n klas A aandeel 42 sent. 'n Ontleding van klas A aandeelhouers en verhandelingstatistiek verskyn op bladsy 14 van die verslag.

KWV SUID-AFRIKA (EIENDOMS) BEPERK

KWV Suid-Afrika, die produksiefiliaal van die KWV groep, het hom as 'n produksiesentrum van uitnemendheid vir wyn, brandewyn, druifkonsentraat en plantmateriaal gevestig. Buiten die voorsiening van die hele handelsmerkportefeulje en konsentraat aan KWV Internasionaal, wat dit buitelands bemark, was KWV Suid-Afrika (Edms) Bpk in die oorsigjaar ook verantwoordelik vir die verhandeling van alle stortmaat-produkte, insluitende brandewyn en druifkonsentraat, op die plaaslike mark. Die produksie en verkoop van wingerdplantmateriaal is ook deur die maatskappy behartig.

In die oorsigjaar is op die volgende gefokus:

- Voldoening aan markbehoeftes
- Bestuur van bedryfskapitaal, veral voorraad
- Produksie-doeltreffendheid en doelmatigheid
- Finansi%le dissipline
- Vennootskappe met verskaffers

WYN

1005 WOORDE

Met betrekking tot die wynportefeulje was die uitdaging om voorsiening in lyn met markbehoefte te bring, met behoud van gehalte, en om gehalte in sekere gevalle selfs te verbeter. Om d¡t te bereik, is vennootskappe met verskaffers verstewig. Hierdie verhoudinge is nou grootliks gevestig en sal as stewige fondament vir die verlangde groei en gehalteverbetering dien. Die aanskaffing van grondstof en produksie van wyn ooreenkomstig die kort- en langtermyn-verkopeplan het in die oorsigjaar sodanig verloop dat aan alle sigbare markbehoeftes vir nou en in die toekoms voldoen sal kan word. Hierdie sterk steun vir KWV se besigheidsplan is veral te danke aan 'n herstel in die voorsiening van gehalte rooi- en Sauvignon Blanc-wyne. Hiermee kan lewendige volumegroei in hierdie kernbelangrike produkportefeulje behaal en volgehou word.

BRANDEWYN

Brandewynafset het onder druk gebly en die klem het dus geval op die balansering van voorraad met die oog op huidige afset en die geskatte medium- en langtermyn-behoeftes. Omdat deurset en skaalekonomie in hierdie produksieproses so 'n groot

id: mettle

METTLE BEPERK 2001 JAARLIKSE FINANSIËLE AANKONDIGING

BESTURENDE DIREKTEUR SE VERSLAG
Mettle se sukses hang af van die voortgesette vermoë van ons mense om oorspronklike, gesofistikeerde en suksesvolle finansiële oplossings in 'n verskeidenheid dissiplines te genereer. Die Mettle-handelsnaam staan vir skeppende en oorspronklike denke, gekoppel aan 'n helder begrip van die werklikhede en tegniese besonderhede van die markte waarin ons werksaam is. Hierdie eienskappe het ons vinnige groei oor die afgelope ses jaar gerugsteun en ons in 'n stewige posisie geplaas om daardie groei in die toekoms vol te hou.

FINANSIËLE STAAT
Mettle se prestasie gedurende die oorsigjaar toon steeds hoe sterk die maatskappy en ons kliëntebasis is. Gedurende die ses jaar van ons bestaan, het Mettle se verdienste per aandeel deurlopend sterk gegroei. Dit geld ook vir die oorsigjaar. Ons kernverdienste van R66,53 miljoen beteken 'n kernverdienste van 13,10 sent per aandeel, 'n styging van 50,4%. Die 31,62% groei in organiese inkomste en 39,6% groei in ekwiteitsopbrengste was veral ook bevredigend. Dit is een van die beste vertonings deur 'n maatskappy in ons sektor; 'n prestasie waarop die Mettle-span met reg kan trots wees.

MAKRO-OMGEWING
Talle van Suid-Afrika se kleiner finansiële instansies het moeilike handelstoestande oor die afgelope jaar ondervind. Ons ondervinding het egter hiervan verskil, hoofsaaklik te danke aan ons besluit om daarop te konsentreer om 'n aantal gekose nisse te domineer. Verskeie van ons voormalige mededingers het klaarblyklik besluit om weg te beweeg van die areas van gestruktureerde finansiële oplossings en produkte waarin ons spesialiseer. Hulle het hulself toegespits op oorvol markte, soos batebestuur, waar hulle hoop om annuïteits-inkomstestrome te vind.

Mettle konsentreer egter steeds op die generering en verkoop van puik produkte. Dit is noodsaaklik dat ons 'n markleier bly wat ons produkte betref en dat ons die nodige volume genereer om hierdie kundigheid ten volle te benut. Ons sukses op hierdie belangrike gebiede, het gelei tot die vergroting van ons markaandeel die afgelope jaar.

Ons het die mark in ons kern-kundigheidsveld lewendig gevind, sonder enige teken van die verlangsaming wat sommige druk verhandelde sektore gekenmerk het. Die gesofistikeerdheid van die produk wat ons bied, tesame met ons groeiende profiel en markaandeel het 'n immer-groeiende korporatiewe kliëntelys tot gevolg gehad, asook 'n betekenisvolle verskuiwing van ons kliëntebasis na die top-100 genoteerde entiteite op die JE.

Ons is nou in die ideale posisie om op ons kundigheit te kapitaliseer deur gestruktureerde produkte aan die institusionele mark bekend te stel. Die produk wat in die verlede hoofsaaklik aan korporatiewe instansies verkoop is, sal nou ook op die spaarbedryf gemik word. Ons verwag betekenisvolle groei in hierdie nuwe mark in die jaar wat voorlê.

Ons was verheug oor die spoed waarmee ons samesmelting met Greenwich geïmplementeer is, en dis aangenaam om te kan berig dat dit besonder goed afgeloop het.

INTERNASIONAAL
Die afgelope jaar is gekenmerk deur betekenisvolle groei wat ons internasionale werksaamhede betref. Ons beskik tans oor 'n aansienlike Londense kantoor, met 'n professionele personeel van 33, terwyl ons besig is om kantore in Zimbabwe,

Namibië, Botswana en Kenia te open. 'n Klein adviserende teenwoordigheid is verlede jaar in New York, met die verkryging van Oxbridge Inc., gevestig.

Alhoewel risiko in 'n afsonderlike verslag volledig gedek word, wil ek graag hier reeds bevestig dat ons nie die herhaling van ons model in ander markte as 'n betekenisvolle verhoging in die risiko van ons besigheid beskou nie. Die risiko waaraan ons blootgestel is, is in wese dié van bedryfskoste en die verskuiwing van bestuursfokus van 'n kragtige binnelandse mark.
Ons glo egter dat hierdie markte aansienlike potensiaal het. Ons beskik oor 'n unieke mededingende voorsprong wat die gesofistikeerdheid van ons produk binne die konteks van 'n opkomende mark betref. Dit skep 'n buitengewone kombinasie van vaardighede wat na ons mening reuse potensiaal in enige opkomende mark het.

Dit is nie ons besigheid om bates in ander opkomende markte op te bou nie. Nog minder sal ons ons eie balansstaat aan risiko onderwerp. Ons fokus daarop om inkomstebane op te bou en terwyl ons so wel gevaar loop om winste te repatrieer, glo ons dat die opbrengste wat ons geniet, reeds die potensiaal van hierdie besighede bewys.

BEMAGTIGING

Alhoewel die sakewêreld die afgelope paar jaar reeds heelwat verandering ondergaan het, bestaan die dringende behoefte steeds vir Suid-Afrikaanse besighede om 'n daadwerklike bydrae tot die vinniger ontwikkeling van mense uit agtergeblewe gemeenskappe te lewer.

Gegewe die hoë vlakke van vaardigheid en kundigheid wat Mettle se personeelprofiel kenmerk, erken en aanvaar ons die langtermyn-verbintenis wat benodig word om talentvolle mense aan te moedig.

Ons gelykeindiensnemingsplanne is derhalwe kwantitatief sowel as kwalitatief met die doel om te verseker dat Mettle op die medium termyn verteenwoordigend is van die Suid-Afrikaanse gemeenskap

Op aandeelhouersvlak besit HCI 32,8% van Mettle. Dit is een van die grootste bemagtigingsaandeelhoudings van enige genoteerde Suid-Afrikaanse finansiële dienste-maatskappy, en ons bedank HCI vir hul ondersteuning.

TOEKOMS

Ek het verlede jaar hierdie tyd gesê dat Mettle na verwagting by die dreigende uitdrywing van die kleiner bankbedryf sal baat. Soos hierbo vermeld, het ons indirek gebaat deur betekenisvolle markaandeel te verkry. Meer direk, het ons die Greenwich-transaksie beklink. Ons sal ook verdere transaksies oorweeg, indien hulle die waardes van skeppendheid en onafhanklikheid rugsteun waarop ons sukses gebaseer is.

Ek wil graag die direksie van Mettle bedank vir hul ondersteuning die afgelope jaar, asook ons bestuur en personeel vir nog 'n puik vertoning. 'n Onderneming soos Mettle is afhanklik van spangees, en met die span tot ons beskikking glo ek vas dat ons ons puik rekord van utnemendheid, vernuwing en uitstekende opbrengste in die toekoms sal volhou. 902 WOORDE

GAVIN O'CONNOR - Besturende Direkteur

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE
Mettle se 2001 finansiële jaar was oor 'n wye front van die groep se werksaamhede merkwaardig suksesvol. Die volgehoue verdienstegroei sit die tendens voor wat met die groep se oprigting op 1 November 1995 begin is. Toeskryfbare verdienste het in hierdie tyd van R1,1 miljoen tot R66,5 miljoen toegeneem.

Naspers

NASPERS BEPERK
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
("Naspers")

TUSSENTYDSE VERSLAG

Die ongeouditeerde resultate van die Naspers-groep vir die ses maande geëindig 30 September 2001 is as volg:

GROEPOORSIG
Die oorsigtydperk is gekenmerk deur onstuimige ekonomiese toestande en die dramatiese nadraai van die gebeure van 11 September. Mediamaatskappye wêreldwyd is hard geslaan, veral wat inkomste uit advertensies betref. Verskeie groot internasionale mediasake het die laaste ruk winswaarskuwings uitgereik of skraler vooruitsigte gerapporteer.

Ondanks dié marktoestande het ons op die meeste terreine bestendig vordering gemaak. Dit blyk uit die groepsomset wat met 16% toegeneem het. Bedryfswins voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (Ebitda) uit voortgesette bedrywighede het van 'n verlies van R22 miljoen verlede jaar omgeswaai na 'n positiewe R77 miljoen nou.

As 'n breedgebaseerde mediagroep wat in verskeie wêrelddele heen sake doen, was die ekonomiese makro-gebeure ook vir ons 'n uitdaging. Veral die onlangse afswaai in die tegnologiesektor in die VSA het 'n impak gehad.

In soverre 'n groot deel van ons omset egter bestaan uit inkomste van intekengelde, was ons beter as die meeste ander media-sake verskans teen die uitwerking van gebeure in die afgelope ses maande. Inkomste uit hierdie bron is gedurende resessies geneig om meer stabiel te wees as inkomste uit advertensies of verkoop van produkte en tegnologie.

Vooruitskouend is die resultate vir die res van hierdie boekjaar moeiliker as gewoonlik om te voorspel. Nietemin is ons van mening dat die groep 'n reële groei in omset en Ebitda vir die hele jaar kan toon.

FINANSIëLE OORSIG
Die groepsomset het oor die tydperk met 16% tot R4,7 miljard gestyg. Positiewe Ebitda van R77 miljoen is aangeteken, vergeleke met 'n Ebitda-verlies van R22 miljoen in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

Waardevermindering het met 48% tot R332 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van transpondeerder-kapasiteit en die belegging deur Media24 in drukkery-infrastruktuur. Ook word 'n bedrag vir die amortisasie van klandisiewaarde en ontasbare bates van R983 miljoen getoon, wat grootliks toe te skryf is aan die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde wat ontstaan het met die destydse samesmelting van OpenTV en SpyGlass.

Die netto wesensverlies per N- gewone aandeel uit voortgesette bedrywighede beloop gevolglik 141 sent, teenoor die 131 sent verlede jaar.

Op 30 September 2001 het die groep netto gekonsolideerde kontantbronne van R846 miljoen gehad. Rentedraende verpligtinge het met uitsluiting van satelliethuur R900 miljoen bedra.

Sakebedrywighede in twee sub-eenhede, Mindport Breëband en Lyceum Kollege, is beëindig om redes wat hier onder bespreek word. Volgens Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk word die uitwerking van dié bedrywighede afsonderlik op die inkomstestaat getoon en is die vergelykende syfers aangepas om 'n akkurate vergelyking te verseker. Die verlies uit sake wat beëindig word beloop R73 miljoen in die oorsigtydperk. 'n Voorsiening van R144 miljoen, wat 'n R75 miljoen klandisiewaarde-afskrywing insluit, word opsy gesit vir verdere koste wat met die beëindiging van hierdie bedrywighede verband hou.

INTEKENAREPLATFORMS

Betaaltelevisie

Die betaaltelevisie-sakeondernemings het daarin geslaag om Ebitda, selfs ná aanpassings vir die effek van satellietbruikhuur en transaksies in buitelandse valuta, op te stoot met 51%. Groei is hoofsaaklik bewerkstellig deur die voortgesette migrasie van die analoog- na die digitale diens. Die betaaltelevisie-intekenarebasis is sowat twee miljoen, waarvan 55% op die digitale diens ingeskryf is.

Internet
Oor die algemeen het die groep in die periode aansienlik minder kontant vir internetbedrywighede aangewend, omdat sommige ondernemings die gelykbreek-stadium nader en ander afgeskaal is. Die gevolg is dat Ebitda-verliese met 24% tot R220 miljoen gedaal het - 'n tendens wat na verwagting in die res van die jaar sal voortduur.

In Suid-Afrika het M-Web se intekenarebasis gestabiliseer op net bo 240 000, terwyl Ebitda-verliese met meer as die helfte verminder is tot R61 miljoen (2000: R136 miljoen). Dit is bewerkstellig deur middel van rasionalisasie, integrasie en 'n heronderhandeling van insetkoste. M-Web se finansiële vertoning behoort verder te verbeter in die tweede helfte van die jaar.

In China het die groep 'n 46,5%-aandeel in QQ, 'n kitsboodskap-onderneming, en hy spits hom op die uitbouing hiervan toe. Kitsboodskappe is reeds wêreldwyd 'n belangrike middel om mee te kommunikeer en gemeenskappe te bemagtig. QQ, wat tans die voorste kitsboodskapdiens in China is, hanteer daagliks byna 'n halwe miljard boodskappe.

M-Web Thailand is 'n inhoud- en toegangsdiensverskaffer met meer as 220 000 voorafbetaalde aktiewe intekenare en 3,5 miljoen bladbesoeke daagliks.

In Indonesië het M-Web sy inhoudbedrywighede uitgebrei en sodoende nagenoeg 60% van die mark bekom. Kontantaanwending is laag en die fokus is op bedryfsdoeltreffendheid.

DRUKMEDIA
Ons drukmedia-sakeondernemings is geraak deur die gedempte ekonomiese toestande in Suid-Afrika. Dit is vererger deur die depresiasie van die rand, wat gelei het tot 'n styging in die prys van sowel buitelandse as plaaslik-vervaardigde papier. Oor die geheel was die sirkulasievlakke van die onderskeie koerante en tydskrifte taamlik stabiel, terwyl advertensie-inkomste onder druk verkeer. Ten spyte van hierdie moeilike omstandighede is 'n omsetgroei van 8% aangeteken, terwyl Ebitda met 6% toegeneem het.

Van die nuwe titels wat in die tydperk bekend gestel is, sluit in Sunday Sun, 'n poniekoerant wat op Sondae verskyn, en dit, 'n maandtydskrif vir vroue. Albei het groeiverwagtinge oortref.

TEGNOLOGIE
OpenTV het in die tydperk nóg vier miljoen dekodeerders met sy programmatuur sien uitrol, wat die totale ontplooiing wêreldwyd op meer as 20 miljoen dekodeerders te staan bring. Sy omset het met 60% tot $48 miljoen (R398 miljoen) gegroei. In Julie het OpenTV vir Static aangeskaf, die skepper van PlayJam, die suksesvolle iTV-vermaak- en speletjieskanaal wat tans nege miljoen huishoudings op digitale televisienetwerke bereik. Dit sal OpenTV mettertyd van 'n standhoudende inkomstestroom help voorsien.

Mindport wou die verwagte groei in die breëbandmark in die VSA ontgin. Die terugsny in tegnologiebesteding, wat dramaties vererger is deur die terreuraanvalle op 11 September, het die uitbreiding van breëbanddienste in veral die VSA ernstig aan bande gelê. Hoewel dit duidelik is dat breëbandstelsels sal ontwikkel, het die tydraamwerk uitgeskuif. Gevolglik het Mindport dadelik drastiese stappe gedoen om sy werk op hierdie terrein in te kort.

Dié afskaling van breëband-bedrywighede word afsonderlik op die inkomstestaat getoon as 'n bedryf wat beëindig word en die vergelykende syfers is aangepas om 'n akkurate vergelyking moontlik te maak. Vorentoe gaan Mindport hom toespits op die ondersteuning van sy bestaande kliëntebasis, terwyl hy steeds nuwe tegnologieë sal ontwikkel.

In mindere mate het die globale verlangsaming in tegnologieverkope ook sy invloed laat geld op ons sakeondernemings wat hulle op voorwaardelike toegang toespits. Irdeto Access se omset het met sowat 10% gedaal en 'n Ebitda-verlies van $6 miljoen is aangeteken vergeleke met 'n wins van $6 miljoen in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Vooruitsigte is egter positief om hierdie saak vorentoe winsgewend te bedryf. 1022 WOORDE

BOEKUITGEWERYE
Ons boekuitgewerye sit hul herstel voort en het 'n gesonde groei in omset van 25% gerapporteer. Die mark vir handboeke vir staatskole bly egter onvoorspelbaar en dit is moeilik om vooruit te beplan. Ons e-handelaar, Kalahari.net, het mooi gegroei en is nou een van die leiers in the land. Die nuwe verspreidingseenheid, On the Dot, is reeds die doeltreffendste in sy bedryf.

PRIVATE ONDERWYS
Vanweë die samesmelting tussen Nasionale Private Kolleges en Educor verlede jaar is 'n vergelyking met syfers van die vorige boekjaar sinloos. Omset vir die tydperk beloop R246 miljoen en Ebitda R25 miljoen.

Die bedryf het onstuimige toestande belewe, veral weens die regulerende proses. Die besluit om aftrekkings volgens die staat se salarisbetalingstelsel, Persal, te weier, het veral Lyceum Kollege geraak. Derhalwe is besluit om hierdie onderneming te beëindig. Voorsiening is gemaak vir die volledige koste wat daaraan verbonde is om die onderrig van bestaande studente binne die volgende paar jare te voltooi. Hierdie koste word afsonderlik as 'n beëindigde onderneming op die inkomstestaat aangedui.

Ons verwag dat sowel omset as Ebitda in die tweede helfte van die jaar positiewe groei sal toon.

STRATE
Naspers-aandele het op 12 November 2001 begin oorskakel na "Share Transactions Totally Electronic" (STRATE), 'n elektroniese vereffeningsplatform vir aandeletransaksies op die JSE. Transaksies onderworpe aan elektroniese vereffening begin op 3 Desember 2001. Vyf besigheidsdae later, op 10 Desember 2001, sal die elektroniese vereffening van transaksies vir die eerste keer plaasvind.

Voorsittersrede en verslag van die besturende direkteur

Herstrukturering

Hierdie verslag oor die resultate vir die jaar tot 30 Junie 2001 is die eerste vir 'n volle verslagperiode sedert die omvattende herstrukturering van Pepkor wat op 31 Oktober 2000 deur aandeelhouers goedgekeur is. Die hoofkomponente van hierdie herstrukturering was die verdwyning van Pepkor se beheermaatskappy, Pepgro, en die uitkeer aan aandeelhouers van Pepkor se belang in Shoprite en in die Britse kleinhandelgroep Brown & Jackson plc.

Pepkor het die drie volfiliale Pep en Ackermans in Afrika en Best & Less in Australi‰ behou. Al drie hierdie filiale is klerekleinhandelkettings wat op die kontantafslagmark toegespits is, die tradisionele mark waarin Pepkor sedert sy ontstaan sake doen en waarin ook die meeste van sy kundigheid gekonsentreer is.

Finansi‰le resultate Pepkor se Suid-Afrikaanse bedrywighede het besonder goed gevaar in die jaar tot 30 Junie 2001. Die groep se resultate is egter nadelig geraak deur sy Australiese belange wat, weens uiters moeilike handelstoestande, 'n veel laer wins getoon het as in die vorige jaar.

Weens die herstrukturering van die groep is dit uiters moeilik om sinvolle vergelykings met die resultate van die vorige jaar te kan maak. Die eerste nege maande van die 2000 boekjaar het ook nog die resultate ingesluit van Stuttafords en Cashbuild, wat eers teen die einde van daardie periode verkoop is. Die enigste werklik vergelykbare syfers in die finansi‰le state is daarom di, vir omset en bedryfswins. Uitgereken die resultate van Stuttafords en Cashbuild in die vorige jaar, het omset met 14% tot R4,762 miljard toegeneem maar bedryfswins was op R200,9 miljoen 4% laer as in die ooreenstemmende tydperk aangesien die stewige toenames in Pep en Ackermans grootliks deur die laer winsgewendheid van Best & Less geneutraliseer is.

Die herstrukturering het bestuur ook genoop om transaksies betreffende aandele-opsies en aandele-aansporingskemas aan te spreek wat tot stand gekom het toe Shoprite en Brown & Jackson nog deel van Pepkor was, asook transaksies wat uit die herstrukturering voortgevloei het. Onder hierdie transaksies is die waarborg wat Pepkor in 1997 ten tyde van Shoprite se oorname van OK Bazaars verskaf het aan die swart bemagtigingsonderneming Uhuru-Saccawu vir die koop van 20,2 miljoen Shoprite-aandele. Uhuru-Saccawu het in gebreke gebly om hierdie lening te delg. Die verkoopsopsie ten opsigte van hierdie aandele het op 2 Julie vanjaar verval en die aandele is vir R287 miljoen gekoop.

Die netto verlies ten opsigte van die transaksies waarna hierbo verwys is, het R253 miljoen beloop. Daar is in die 2001 finansi‰le state volledig daarvoor voorsien.

Die inkomstestaat toon gevolglik 'n netto verlies van R139,1 miljoen in vergelyking met 'n wins van R206,4 miljoen die vorige jaar. Kernverdienste was 59% laer op 52,0 sent (2000: 126,4 sent) en 'n dividend van 18 sent (2000: 80 sent) per aandeel is verklaar. Die vorige jaar se dividend het betrekking op die groter groep wat in daardie stadium ook die beleggings in Shoprite en Brown & Jackson besit het.

Handelsomgewing

Ondanks 'n mate van belastingverligting en 'n verlaging in rentekoerse in beide Suid-Afrika en Australi‰, het ander faktore soos die algemene verhoging in petrolpryse, 'n verdere verswakking van geldeenhede teen die Amerikaanse dollar, die instelling van 'n 10% goedere- en dienstebelasting in Australi‰, groter werkloosheid en die toename van MIV/VIGS in Afrika asook verhoogde uitgawe aan skoolgelde, huur, elektrisiteit en munisipale belasting in Suid-Afrika almal bygedra tot verdere erodering van die besteebare inkomste in die massakleinhandelmark, 'n mark waarin verbruikers uiters kwesbaar vir enige inkrimping in die ekonomie is.

Al drie filiale is klerasiekleinhandelkettings wat op die kontantafslagmark toegespits is, die tradisionele mark waarin Pepkor sedert sy ontstaan sake doen en waarin ook die meeste van sy kundigheid gekonsentreer is.

Soos baie ander kleinhandelgroepe, moes Pepkor dus ook maniere vind om

verdienste te verhoog ondanks voortdurende gedempte omsetgroei. Trae groei in verkope het 'n kenmerk van die klerekleinhandel geword en daar is geen teken dat dit binne die afsienbare tyd dramaties sal verander nie. Trouens, leinhandelbesteding se bydrae tot die nasionale jaarlikse verbruikersbesteding in Suid-Afrika is al aan die daal sedert 1999, toe dit 29,1% van die totaal uitgemaak het. In 2000 het dit tot 27,4% gedaal en na verwagting sal dit vanjaar tot 25% verswak. Dit is dus glad nie verbasend nie dat baie klerekleinhandelaars in Afrika sowel as Australi‰ besluit het om na laer marksegmente te beweeg namate hulle in die meeste inkomstegroepe met dalende besteding aan klerasie te kampe het. Dit het daartoe gelei dat meer kleinhandelaars as ooit tevore in die massamark meeding. Na verwagting sal di, neiging voortduur namate werkgeleenthede in die formele sektor verder afneem. Waarnemers in Suid-Afrika raam dat die openbare sektor in 2000 sy werknemerbasis met 4% verklein het en die private sektor met 2%.

Die grense tussen handelsware in die klerekleinhandel is aan die vervaag. Die onderskeid tussen wat verskillende kleinhandelaars in inkopie-ervaring en handelsware bied, is minder opvallend as tevore en prys het die oorheersende maatstaf geword. Wie die beste waarde skyn te bied, geniet die grootste steun. In 'n omgewing van dalende inflasie sal kleinhandelaars wat nie stygende koste in bedwang hou nie, dit al hoe moeiliker vind om prysmededingend te bly. Daarby moet klerekleinhandelaars baie noukeurig let op die veranderende behoeftes van verbruikers wat modieusheid asook waarde en prys betref as hulle nie hul getroue klante wil verloor nie.

Op mededingendheid ingestel Pepkor geniet 'n besliste mededingende voordeel bo baie van sy mededingers. Ons bedryfsmaatskappye is wat kultuur, infrastruktuur, bedryfstelsels, formaat en bemarking betref, toegerus om op grond van prys en waarde-vir-geld handel te dryf. Boonop was die groep nog altyd op die kontantmark ingestel terwyl baie ander kleinhandelaars taamlik swaar getref is deur die afname in besteding op krediet. Daarby is ons handelsware sterk op die gesin gerig, waar besteding aan kinderklere meer bestendig is. Consumerscope 2000 se navorsing toon dat Pep in Suid-Afrika daarin geslaag het om in 2000 sy aandeel van die klerekleinhandelmark te verhoog tot 7% van die 6 totaal (hoewel sy totale handelsruimte in onlangse jare byna staties gebly het) terwyl Ackermans sy aandeel van 2% in 1996 tot 5% in 2000 vergroot het. Om teen sterker mededinging te oorleef, moet Pepkor se bedryfsmaatskappye klaarblyklik 'n duidelike en eiesoortige posisie handhaaf afgesien daarvan om hul belofte gestand te doen dat "jy kan bekostig wat jy begeer". Dat hulle daarin geslaag het om vir hulle klante relevant en aantreklik te bly, is in groot mate te danke aan die voortdurende modernisering van produkreekse en die groter inkopiegerief wat klante gebied word danksy 'n aggressiewer winkelopknappingsbeleid in onlangse jare. 1028 WOORDE

Verstedeliking verlangsaam

Die verstedeliking van arm landelike gemeenskappe geskied vandag stadiger as wat tien jaar gelede voorspel is weens beperkte werkgeleenthede, oorbevolking en ho‰ misdaad in stede. Tans is byna 90% van Suid-Afrika se blankes en 50% van sy swartes verstedelik. Na raming sal 60% van swartes teen 2010 verstedelik wees. In teenstelling met vroe‰re projeksies word nou verwag dat swartes eers teen 2070 90% verstedelik sal wees. Pepkor is goed verteenwoordig in landelike ,n stedelike gebiede. Ackermans dryf landwyd hoofsaaklik in metropolitaanse gebiede handel. Die Pep-formaat werk steeds suksesvol in albei, maar hel al meer oor na stedelike handel, gegewe dat in die volgende vyf jaar 2,5 miljoen swart volwassenes van landelike na stedelike gebiede sal verhuis. Waar die winkels ook al gele‰ is, hulle kompakte kleinhandelformate is ideaal geskik vir pendelende verbruikers met klein begrotings.

Terselfdertyd lok kleinhandelaars wat landelike kopers aan die onderkant van die mark bedien, klandisie van duurder formate weg, namate landelike verbruikers, wat armer raak, op prys koop om met hulle beskikbare geld te kan uitkom.

Reaksie op verlies van besteebare inkomste

Om te kla oor die daling in besteebare inkomste weens die instelling van die lotery, dobbelary en die beskikbaarheid van selfone is bewys van 'n onvermo‰ om

id: prok

Van Internet gehaal: 21 Februarie 2002 - www.mplaw.co.za
VOORSITTERSVERSLAG

('n Uittreksel uit die voorsittersverslag gelewer tydens die Algemene Jaarvergadering 2000)
"Dit is met trots en genoegdoening dat ek 'n terugblik en vooruitskouing oor die aktiwiteite van hierdie Sirkel oor die afgelope termyn gee en konstateer ek andermaal, sonder die minste vrees van te%spraak, dat hierdie Airkel daarin geslaag het om die vertroue wat die Transvaalse Prokureursorde in sirkels geplaas het toe dit totstand gebring is, te eer.
Entoesiasme en strewe na samewerking, samehorigheid en betrokkenheid in die bevordering van die belange van die beroep, was weer eens kenmerkend.
Ek beklemtoon hierna kortliks aktiwiteite van die Raad en vordering wat gemaak is met besluite wat geneem is tydens maandvergaderings en die bosberaad te Standerton gedurende November 1999."
1. LEDETAL
Die provinsie se ledetal staan tans op 414. Die gesindheid teenoor die Raad is vriendelik, genaakbaar ondersteunend en begripvol en betrokkenheid en samewerking van lede neem steeds toe en is bemoedigend.
2. FINANSIES
Die finansi%le posisie van hierdie provinsie is gesond en is die bestuur daarvan deur die Raad en Raadslede wat daarmee getaak is nougeset en in die toekomsbelang van die beroep in hierdie provinsie.
Die finansi%le bydraes wat die Prokureursorde van Transvaal tot die skatkis gemaak het was vanjaar weer dieselfde beperkte bydrae soos die vorige jaar, maar is daarin geslaag om deur knap begroting en finansi%le beplanning en dissipline in een opsig die aktiwiteite wat die Raad vir sy lede in die verlede aangebied het, en steeds aanbied, te beperk nie. Daarbenewens het die Transvaalse Prokureursorde die Sirkelkonferensie gedurende Maart 2000 te Nelspruit as spesiale projek gesubsidieer.
Die Raad het weer eens besluit om die heffing van R250.00 per lid in stand te hou ter stywing van fondse en word dit andermaal grootliks vir die volgende doeleindes aangewend:
* die kostelose aanbieding van seminare aan lede;
* die subsidi%ring van lede tydens die Algemene Jaarvergadering;
* die finansi%le ondersteuning van alle aktiwiteite van prokureursverenigings wat hulle begrotings aan die Raad voorl^;
* die verspreiding van die nuusbrief (Mpumalanga Ordenuus) asook reklame vir die beroep in die provinsie met die media SABC/TV deur middel van die Kommunikasiebeampte Mev Constanze van der Walt wat hierdie taak steeds met groot entoesiasme en bekwaamheid volvoer.
Die verslag oor aktiwiteite, kommunikasie en bemarking wat hierna meer in besonderhede behandel word, gee 'n vollediger beeld van die suksesse wat behaal is.
3. AKTIWITEITE INLEIDING
Tydens die jaarlikse bosberaad word 'n kommunikasiestrategie aan die Raad voorgel^ waar sekere prioriteite geidentifiseer word en uiteindelik goedgekeur word. Sekere doelwitte word dan ook vir die jaar gestel wat dan deur die loop van die jaar nagestreef word. Daar word tydens die raadsvergadering vorderingsverslae gelewer ten einde te monitor of die strategie op koers bly. Veranderings word ook aangebring indien nodig. Die hooftaak van die Kommunikasiebeampte is basies om die Raad en die professie in Mpumalanga te bemark en met die lede te skakel soos deur die Raad bepaal. Hier word veral na die re%lings rondom die seminare verwys. Tydens die afgelope jaar is daar aandag aan die volgende gegee:
NUUSBRIEWE
Sedert die vorige jaarvergadering het daar ses nuusbriewe verskyn. Die nuusbrief is een van die Raad se metodes om met die lede te kommunikeeren word daar gepoog om noodsaaklike en nuttige inligting in die nuusbrief te vervat. Dit is ook vir

die Raad belangrik om 'n forum daar te stel waar lede ook hulle mening kan lug en word daar van tyd tot tyd ook briewe gepubliseer. Die nuusbrief dien ook die doel om aan die lede 'n blik op die Raad se aktiwiteite te gee.

MEDIA

Die media is naas die lede van die Raad, een van die Raad se belangrikste teikengroepe. Daar word gepoog om 'n goeie verhouding met die media te handhaaf. Inligting oor die Raad se aktiwiteite word ook aan die media deurgegee. Daar word op verskeie metodes met die media gekommunikeer.

Gedrukte Media

Regsbylae in gemeenskapskoerante

Sedert verlede jaar word daar met al die gemeenskapskoerante geskakel om in elke dorp waar daar 'n gemeenskapskoerant is, 'n regsbylae oor die professie en die plaaslike prokurerusvereniging en sy lede die lig te laat sien. Daar word be-oog om die projek op 'n jaarlikse basis aan te pak. Firmas word gevra om per advertensie deel te neem terwyl die Raad dan redaksionele kopie verskaf.

Artikels

Die groen lig is nou deur die meeste van die gemeenskapskoerante gegee om op 'n maandelikse basis 'n regsartikel oor een of ander onderwerp te plaas. Daar sal eersdaags met hierdie projek begin word.

SKAKELING MET DIE MEDIA

Media-ete

Die Raad poog om op 'n jaarlikse basis die media te onthaal en hulle op 'n informele manier te leer ken. Die Raad glo die aksie help om die kommunikasie tussen die media en die professie in Mpumalanga te bevorder. Twee uiters geslaagde media-etes is onlangs in Bethal en Nelspruit gehou en is daar goed gevorder om verhoudinge met die media te verbeter. Tydens die etes het die lede van die media die Raad genader om hulle behulpsaam te wees met die kontrolering van beriggewing ten einde die korrektheid en perspektief daarvan te verbeter. Die Raad het so pas tydens die laaste vergadering 'n verslag oorweeg hoe om die media behulpsaam te wees. Die projek sal ook eersdaags aandag kry. Medialede wat die etes bygewoon het, was van die volgende instansies afkomstig:

Die Laevelder (Nelspruit en omgewing), Gazelle Nuus (Lydenburg), Ligwalagwala, Barberton Community Radio, die SABC, Echoridge (Bethal/Secunda), Middelburg Observer, Streeknuus (Delmas) en Mpumalanga Advertiser (Standerton).

SEMINARE

Alle registrasies en adminstratiewe re%lings word deur die Kommunikasiebeampte hanteer. Die Raad verkry terugvoering oor elke seminar deur middle van vraelyste wat deur die lede by die seminare ingevul word. 288 lede het die seminare bygewoon wat die Raad aangebied het.

Skakeling met lede word bewerkstellig deur gereelde kontak met die voorsitters van die prokureursverenigings. Die Raad sal ook vanjaar vir die tweede keer 'n toekenning aan die Prokureursvereniging van die Jaar maak. Samewerking deur die lede met verwysing na die projekte van die Raad is van kardinale belang. Hier word veral verwys na die regsbylae en artikels in die gemeenskapskoerante en die regsprogramme oor die radio. Dit is projekte wat met minimale koste, goeie bemarkingswaarde vir die Raad bied. Dit behoort goed ondersteun te word.

4. DISSIPLIN^RE AANGELEENTHEDE Daar is 18 dissiplin^re komiteevergaderings vir Mpumalanga gehou vanaf 1 Julie 1999 tot 30 Junie 2000.

In totaal is daar 482 klagtes ontvang teen lede wat praktiseer in Mpumalanga waarvan 319 l^ers reeds gesluit is. 1014 WOORDE

5. GETROUHEIDSFONDSBYDRAES: Dit is met teleurstelling dat ek vanjaar rapporteer dat slegs 40% van die firmas in Mpumalanga 'n bydrae gemaak het tot die Getrouheidsfonds vir Prokureurs en dat lede, persentasiegewys, nie meer die hoogste bydrae per vennoot lewer nie, maar nou 'n tweede plek beklee in die jurisdiksie van die Prokureursorde van Transvaal.

6. WISSELTROFEE Dit is vanjaar die tweede keer dat so 'n toekenning gemaak word en ek wil graag die instansie wat die wisseltrofee geborg het naamlik NBS bedank vir hulle positiewe gesindheid asook raadslid Lukas Louw wat die gedagte ge<nisieer het.

ALGEMENE OORSIG
Wesensverdienste per aandeel het met 28.0%, van 480.5 sent tot 615.1 sent, gestyg.
HERSTRUKTURERING
Die afgelope finansiële jaar is gekenmerk deur die herstrukturering van die voormalige Rembrandt groep. Dié herstrukturering is deur die betrokke aandeelhouers goedgekeur op algemene jaarvergaderings gehou op 21 September 2000. Die gevolg van die herstrukturering was dat die onderliggende belange van Rembrandt Groep Beperk (Rembrandt) met ingang van 1 April 2000 in twee afsonderlike groepe, naamlik Remgro Beperk (Remgro) en VenFin Beperk (VenFin), herstruktureer is. Aandeelhouers in Rembrandt Beherende Beleggings Beperk (RBB), Tegniese Beleggingskorporasie Beperk (Tegkor) en Tegniese en Industriële Beleggings Beperk (TIB) het Remgro- en VenFin-aandele ontvang in ruil vir hul aandele in daardie maatskappye. Vanaf dié datum verteenwoordig Remgro al die gevestigde tabak-, nywerheids-, myn- en finansiële belange van die voormalige Rembrandt. Die telekommunikasie en tegnologie belange word nou in VenFin gehuisves.
Die noterings van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB is op 22 September 2000 beëindig. Die aandelekapitaal van Remgro is herskik om ook ongenoteerde B-aandele te skep wat aan Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk uitgereik is. Remgro se uitgereikte gewone aandele is op 26 September 2000 op die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika genoteer.
GROEPRESULTATE
Wesensverdienste per aandeel het met 28.0%, van 480.5 sent tot 615.1 sent, gestyg. Die hoofredes vir die toename was die styging in verdienste van die tabakbelange, met 'n toename van 31.5%, waarvan 11.2% deur die swakker rand bygedra is, en mynbelange, met 'n toename van 66.3%. Nywerheidsbelange se bydrae tot die wesensverdienste was 1% laer as die vorige jaar ten spyte van Rainbow Chicken Beperk se verbeterde bydrae tot die groep se wesensverdienste, vanaf R7.7 miljoen tot R63.3 miljoen. Dorbyl Beperk en Malbak Beperk het afnames in verdienste getoon. Basiese verdienste, ná uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, het met 203.6% van 415.9 sent tot 1 262.5 sent per aandeel toegeneem, danksy twee wesenlike gunstige uitsonderlike items. 'n Surplus van R1 371 miljoen is te boek gestel met die verkoop van Remgro se belange in Billiton Plc en Gold Fields Beperk aan Anglo American Plc en De Beers Consolidated Mines Limited in ruil vir die grootste gedeelte van hul aandeelhoudings in FirstRand Beperk. 'n Verdere surplus van R2 202 miljoen is verantwoord deurdat R&R Holdings, waarin Remgro 'n belang van een-derde het, sy verkoopopsie ten opsigte van een helfte van die British American Tobacco Plc (BAT) omskepbare aflosbare voorkeuraandele in Junie 2000 uitgeoefen het. Die belasting in die inkomstestaat toon 'n netto belastinginkomste van R14 miljoen. Dit word verteenwoordig deur 'n belastinguitgawe van R109 miljoen vir Remgro se filiale en 'n positiewe belastinguitwerking van R123 miljoen met betrekking tot uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye. Toeskryfbare kontantverdienste (wat die groep se belang in die netto wins deur geassosieerde maatskappye behou, uitsluit) het voor uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde met 63.7% toegeneem, van R865 miljoen tot R1 416 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in kontantdividende van geassosieerde maatskappye ontvang. Laasgenoemde het R1 127 miljoen bedra, vergeleke met R635 miljoen in 1999/2000, hoofsaaklik as gevolg van hoër dividende vanaf R&R Holdings. Soos in verlede jaar se oorsig genoem, verskil die dividendpatrone en betalingsiklusse van BAT van dié van Rothmans International wat veroorsaak het dat dividende vanaf R&R Holdings in die vorige jaar laer was. Dit het geen invloed op die gerapporteerde verdienste van Remgro gehad nie aangesien die ekwiteitsaansuiwering in die inkomstestaat beide die dividendgedeelte en die behoue inkomste gedeelte van die belang in die netto wins van geassosieerde maatskappye insluit. Dividende van 162.00 sent per aandeel is vir die jaar verklaar, teenoor 'n vergelykbare 120.00 sent van Rembrandt Groep Beperk vir die 1999/2000 jaar. Dit verteenwoordig 'n styging van 35%. Die dividende is 3.8 keer

deur wesensverdienste en 1.7 keer deur kontantverdienste gedek, teenoor 4.0 keer en 1.4 keer onderskeidelik op 'n pro forma-grondslag die vorige jaar.
HANDELSMERKBELANGE
Bydrae tot wesensverdienste:
R1 599 miljoen (2000: R1 247 miljoen)
Styging 28.2%
Persentasie van wesensverdienste:
50% (2000: 50%)
TABAK
R&R Holdings: Effektiewe belang 331/3% (2000: 331/3%) Remgro se tabakbelange word verteenwoordig deur 'n een-derde aandeelhouding in R&R Holdings, Luxembourg, (R&R). Die ander twee-derdes word deur Compagnie Financière Richemont AG (Richemont) gehou. As gevolg van die samesmelting van Rothmans International en British American Tobacco Plc (BAT) in Junie 1999, het R&R 'n belang van 35% in die vergrote BAT gekry. Die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2001 is dus R&R se eerste volle jaar van besit van die belegging in BAT. R&R het sy belang in BAT geëkwiteer in die finansiële jaar onder oorsig. In die wins-en-verliesrekening van die vorige jaar het R&R die belegging in BAT vir 'n tienmaande-tydperk geëkwiteer en sy belang in die resultate van Rothmans International vir die eerste twee maande van daardie jaar op 'n ekwiteitsgrondslag ingesluit. Buiten die uitwerking van die samesmelting, word 'n vergelyking van die onderskeie jare se resultate verder bemoeilik deur die vermindering in R&R se effektiewe belang in BAT vanweë die uitoefening van die verkoopopsie ten opsigte van die helfte van die belang in BAT se voorkeuraandele in Junie 2000. Die aflossing hiervan het R&R se effektiewe belang in BAT tot 31.6% verminder in die laaste tien maande van die jaar onder oorsig. Ingevolge die Rembrandt-herstrukturering is die nietabakbates van R&R, waaronder die opbrengs van die aflossing van 'n gedeelte van die BAT-voorkeuraandele, oorgedra na R&V Holdings Limited, Jersey (R&V), waarin VenFin Beperk een-derde en Richemont tweederdes hou. In die aangesuiwerde resultate van beide jare is die inkomste toeskryfbaar aan die BATvoorkeuraandele, en ander nie-tabakbates, aan R&V toegedeel. Soos verlede jaar, pas R&R die resultate van BAT aan aangesien BAT se finansiële jaareinde in Desember is en omdat daar verskille in die rekeningkundige beleid van die twee maatskappye voorkom. 'n Volledige uiteensetting van R&R se aangesuiwerde resultate verskyn hieronder:
Aantekening - Verwys meegaande uiteensetting In die jaar geëindig 31 Maart 2001, het BAT voorsiening gemaak vir uitgestelde belasting op die omvattende grondslag, terwyl dit in die vorige jaar op die gedeeltelike grondslag bereken is. In die rekonsiliasie vir 2001, sluit die inkomste van £75 miljoen vir die kwartaal tot 31 Maart 2000 'n uitgestelde belastingaansuiwering van £20 miljoen in. Dit vergelyk met die £55 miljoen in die 2000-kolom, met die £20 miljoen wat ingesluit is in die uitgestelde belastingaansuiwering van £112 miljoen in daardie jaar. BAT is die tweede grootste genoteerde tabakgroep ter wêreld, met 'n wêreldmarkaandeel van meer as 15% en jaarlikse versendings van meer as 800 miljard sigarette. Dit het meer as 'n 50%-markaandeel in Latyns-Amerika en staan ook sterk in ander streke. Met 'n sterk en wydverspreide portefeulje van internasionale-, streeks- en plaaslike handelsmerke streef BAT daarna om globale leierskap in die tabakbedryf te bekom deur sy aandeel in die premie- en ligte segmente van die mark te verhoog.
In die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2000 het BAT 'n toename van 7% in verkoopsvolumes aangekondig, wat die effek van die samesmelting in ag geneem
024 het. Hoewel die wêreldmark betreklik stabiel was, het BAT se internasionale
NOORDE handelsmerke meer as 1% volumegroei getoon. Die samesmelting met Rothmans International het die aandeel van internasionale premie-handelsmerke in BAT se portefeulje tot meer as 20% verhoog, wat 'n verbetering in winsgewendheid tot gevolg gehad het. Die samesmeltingsproses is glad en doeltreffend afgehandel. Besparings in bedryfskoste wat deur die samesmelting teweeggebring is, het £230 miljoen in BAT se 2000-boekjaar beloop. Algehele besparings sal groter wees as wat ten tye van die samesmelting in die vooruitsig gestel is en dit wat reeds gerealiseer het, het vinniger geskied as wat verwag is. Buiten kostebesparings,

id: senwes

Senwes se voorsittersverslag - Van Internet gehaal: 21 Februarie 2002
www.senwes.co.za

VOORSITTERSVERSLAG
* Inleiding
* Finansiële Prestasie
* Verbeteringsgeleenthede in die Kernbesigheid
* Uitbestuur van Nie-kernbesigheid
* Korporatiewe Dienste
* Korporatiewe Bestuur en Leierskap
* Sosiale Verantwoordelikheid en Personeelontwikkeling
* Tegnologie
* Vooruitsigte
* Bedankings

INLEIDING

Die aard en omvang van Senwes is sodanig dat dit groot momentum opwek ongeag die rigting wat geneem word. Hierdie momentum het dit die gerespekteerde speler gemaak waarvoor bekendheid verwerf is. Daar is reeds gerapporteer dat die koers wat geneem is om sodanig te diversifiseer, nie die gewenste resultate gelewer het nie. Hierdie afdwaling het ook sy momentum ontwikkel en die probleme wat daaruit voortspruit, verg baie energie om te stuit.

Die Direksie het hulself getaak om dié probleme aan te spreek sonder om die gang van die kernbesigheid nadelig te raak. Dit bring ongelukkig die realiteit mee dat die voortgesette kernbesighede belaai word met die oorblywende skuldlas van die ander beleggings wat nie suksesvol was nie. Ek glo dat die nodige insig nou binne Senwes ontwikkel is, om hierdie groot skip finaal in rustige vaarwaters te kry. Heelwat verstellings, veranderinge en vernuwings is reeds geïmplementeer. Baie daarvan gaan met groot koste gepaard, maar ek kan met dankbaarheid sê dat die omvang daarvan nie die voortbestaan van Senwes bedreig nie.

'n Volledige en deurdagte sakeplan is ontwikkel vir die omdraaiproses oor die volgende vyf jaar. Die kontantvloeiprojeksies daarvan beloof om die finansiële ratverhouding op 'n gesonde basis te kry na die eerste drie jaar. Die besluite wat die afgelope jaar geneem is - hoewel sommige ongewild - begin reeds vrugte afwerp en ek kan met die nodige erns en vertroue sê dat Senwes se koers korrek verstel is. Die gedissiplineerde implementering van die sakeplan wat aggressiewe omdraai-aksies insluit, asook verdere ontwikkeling van die kernbesigheid, word met groot erns aangepak.

Die somergraanlewerings het vanjaar bykans alle vorige rekords oortref en kon dit in der waarheid produsente in 'n baie gesonde finansiële posisie geplaas het. In samehang hiermee het laat reëns ook tot gevolg gehad dat graangehalte noemenswaardig swakker as die normale was en dit het, tesame met teleurstellende lae pryse, produsente se kontantvloei en gevolglik hulle vermoë om skuldverpligtinge na te kom, baie nadelig getref.

Die groot styging in pryse van die wye reeks insette wat aan invoere gekoppel is, het voortgesette finansiële druk op produsente verder verhoog. Hierdie dalende koopkrag het 'n negatiewe impak gehad op omsette in die algemeen. Stram landbou- en ekonomiese toestande is besig om alle landboubesighede te noop om baie streng te kyk na kredietverlening en die opskerping van sekuriteite. Die grondonteiening en -besettingsproses in Zimbabwe asook ontevredenheid met die tempo van grondhervorming in Suid-Afrika, plaas nuwe denke op die waarde van landbougrond as primêre sekuriteit vir krediet.

Senwes neem deeglik kennis van die dinamika van die plaaslike en internasionale ekonomiese toestande wat sy besigheidsomgewing en dié van sy klantebasis beïnvloed. Dit kom egter saam met die besef dat ongeag dit, die besigheid steeds suksesvol bedryf moet word. Die onlosmaaklike afhanklikheid van produsente se sukses is 'n gegewe, maar so ook die toepassing van gesonde sakebeginsels. Die inkorting van krediet en vordering van agterstallige skulde het ten spyte van die negatiewe impak op sommige klante, 'n onafwendbare realiteit geword.

FINANSIËLE PRESTASIE

Oorsig

Die bedryfsresultate het in die algemeen redelik in pas gebly met dié van die vorige jaar. Daar word egter nog nie oral aan bestuursverwagtinge voldoen nie, beide wat winsgewendheid en klantediensvlakke betref.

Die Graandienstedepartement het puik presteer terwyl Country Bird en Continental Oil Mills beter as die vorige jaar gevaar het. Die Handeldepartement het 'n moeilike jaar beleef en het nie aan verwagtinge voldoen nie.

Die groot verlies wat vanjaar gerapporteer word, is primêr te wyte aan die swak prestasie van Kolosus asook die verrekening van verliese met betrekking tot die voorsiening vir oninbare skuld. Kolosus se swak prestasie het daartoe gelei dat die koste van die belegging vanjaar in geheel afgeskryf word.

Die groot addisionele voorsiening vir swak skuld is hoofsaaklik die gevolg van finansiële agteruitgang van produsente, die verlaging in sekuriteitswaarde van grond en die lae invorderbaarheid van notariële verbande.

Voorsienings is ook gemaak vir moontlike verliese met betrekking tot die verkoop van bates en besighede buite die kernfokus, asook die drawaardes van bates in die algemeen gemeet teenoor hul winsgewendheid.

Die netto resultate vir die jaar, ná die koste van finansiering, kan opsommend soos volg uitgedruk word:

	Groep R'm	Maatskappy R'm
Wins/(verlies) uit die normale bedryf	(124)	35
Voorsiening vir oninbare skuld	(226)	(219)
Voorsiening vir waardedaling van beleggings	(118)	(225)
Netto resultate	(468)	(409)

Ten spyte van die negatiewe resultaat het bestuursaksies 'n positiewe kontantvloei bewerkstellig wat rentedraende skuld met R199 miljoen by die Groep en R161 miljoen by die Maatskappy, verlaag het.

Agtergrond tot die resultate

Die Direksie het Senwes se visie, missie en doelwitte heroorweeg in die lig van veranderende plaaslike en internasionale mededinging, die veranderings wat landbou geraak het sedert deregulering vanaf 1995 momentum gekry het, asook die daaropvolgende verslapping van tariefbeskermingsmaatreëls en invoerheffings.

Dit was duidelik uit die afname in die Senwes Groep se winsgewendheid sedert 1997, dat daar nie genoegsaam aangepas is om die veranderings in die besigheidsomgewing suksesvol aan te spreek nie. Dit het gebiedend noodsaaklik geword om weer mededingend te raak in die nuwe vrye mark en om sodoende waarde te kan toevoeg vir ons aandeelhouers en klante. Lojaliteit van klante moet verwerf word deur goeie prestasie en is nie 'n outomatiese uitvloeisel van eienaarskap en die inspraak van die klant/aandeelhouer nie.
Die Herstruktureringskomitee van die Direksie het gedurende die jaar indringend oor al bogenoemde faktore besin. Die insette van onafhanklike konsultante is ook aanvullend hiertoe verkry, wat gelei het tot die aanvaarding van 'n rigtinggewende besigheidsplan. Dit het duidelik geword dat Senwes op sy tradisionele kernbesigheid sal moet fokus, dit wil sê Graandienste, Algemene Handel, Meganisasie, Versekering en Landbouontwikkeling. Kredietverskaffing gaan so bestuur word dat dit slegs as 'n hulpmiddel dien om eie omsette te finansier, en wel op 'n basis wat die risiko van swak skuld wesenlik sal beperk.
Daar sal dus op berekende, spoedige maar verantwoordelike wyse uit die nie-kernbesigheid, dit wil sê Nywerheidsaktiwiteite, Motorhandel en ander beleggings, getree word ten einde alle hulpbronne op die kernbesighede te fokus. Die integrasie van die waardeketting met produsente wat gelei het tot die ontstaan van Senwes, word steeds gesien as die lewensaar van die besigheid. Kundigheid en ervaring is hierin ontwikkel en diep gevestig wat die basis sal vorm vir die uitdaging om waarde toe te voeg vir beide aandeelhouers en klante. Die herontwerp van die besigheidseenhede sal spesifiek fokus op die direkte afstemming op klante se primêre behoeftes binne die huidige en verwagte toekomstige omgewing. 1014 WOORDE

Ten einde 'n gesonde kapitaalstruktuur te kan vestig wat vrye toegang tot effektiewe finansieringsopsies sal verleen, moet die balansstaat herstruktureer word ten einde vertroue by finansierders en ander besigheidsvennote te skep. Die aanvanklike koste is hoog soos getoon in vanjaar se finansiële verslag. Die potensiaal van gefokusde balansstaatbestuur om dit tot optimale vlakke te bring, is egter groot en beloof om wesenlike positiewe kontantvloei voort te bring wat die rentelas sal verlig.
Die grootte van Senwes se debiteureboek asook die wisselvalligheid van die landbou-omgewing waarbinne sekuriteite vir krediettransaksies verkry moet word, het 'n verskerping in kredietvereistes genoodsaak. Kredietaansoeke word strenger geëvalueer ten einde te verseker dat risiko's so ver moontlik beperk word om te voorkom dat onsuksesvolle produsente deur andere gesubsidieer word.
Finansiële posisie
Die hoë afskrywings op die balansstaat het 'n daling in die finansiële ratverhouding tot op 'n laagtepunt gebring. Die nuwe sakeplan vereis spesifieke aandag op die bestuur en herstrukturering van die balansstaat ten einde dit wesenlik oor die mediumtermyn te verbeter. Sukses daarmee is 'n voorvereiste vir die herstel van vertroue en die normalisering van sakeverhoudings met ons bankiers, verskaffers en uiteindelik ook die aandeelhouers.
Spesifieke aksies word geloods met die realisering van onproduktiewe en nie-kern bates, uitplasing van sekere finansieringsaktiwiteite en die verlaging van bedryfskapitaal wat tans heelwat bo optimum vlakke verkeer. Hierdie aksies moet uiteraard gerugsteun word deur fundamentele winsgewendheid ten einde die positiewe kontantvloei 'n verdere hupstoot te gee.
Die sukses van die genoemde aksies word as realisties en haalbaar beskou. Die onderstaande grafiek toon die daling in finansiële ratverhouding oor die jongste aantal jare:

Die Direksie het besluit om die verlore waarde wat oor tyd geakkumuleer het, finaal te boek te stel sodat 'n skoon basis gelê word waarteen die sukses van die kernbesigheid in toekomstige jare gemeet kan word.
Verliese van nie-kernbesighede het 'n groot waardedaling tot gevolg gehad. Die batewaarde van aandele is hierdeur beïnvloed en die tendens daarvan word in die onderstaande grafiek getoon.

VERBETERINGSGELEENTHEDE IN DIE KERNBESIGHEID

id:up

Oorsig deur die Visekanselier en Rektor

DIT WAS REEDS AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR duidelik dat die Universiteit voor talle en uiteenlopende uitdagings te staan sou kom en verskeie aanpassings sou moes maak. 'n Terugblik oor die jaar 2000 toon dat dit inderdaad vir die Universiteit van Pretoria 'n tydperk van verandering aan talle fronte was. Daar was met die eeuwisseling kragtige faktore in verskeie omgewings aan die werk wat 'n verreikende effek op die uitvoering van die Universiteit se primêre take van onderrig en navorsing sou hê. Dit sou ook die Universiteit se betrokkenheid in die gemeenskap beïnvloed. Hierdie faktore het die volgende ingesluit: Nuwe wetgewing oor onderwys en opleiding; die ondersoek na die herstrukturering van die tersiêre onderwysstelsel; 'n toename in die bedrywighede van private verskaffers van tersiêre onderwys, van sowel plaaslike as buitelandse oorsprong; die noodsaaklikheid om die persepsies en verwagtinge wat uit die nuwe politieke bedeling voortspruit, te akkommodeer; die aandrang van die mark dat tersiêre opleidingsinstansies voorrang moet verleen aan die opleiding van studente wat aan die eise van 'n kennisgedrewe samelewing kan voldoen; en die wesenlike behoefte van universiteite om strategieë te ontwikkel waarmee hulle fondse kan verdien om sodoende hulle afhanklikheid van die staatsubsidie te verminder.

Alhoewel die Universiteit van Pretoria steeds met sommige van bogenoemde faktore worstel, het die wye aanvaarding van sy visie grootliks daartoe bygedra dat sterk gemeenskaplike aksies in 2000 geloods is waarmee die uitdagings die hoof gebied is. Daar kan derhalwe gesê word dat die jaar van die eeuwisseling veral gekenmerk is deur 'n kampuswye poging om die Universiteit stewig op die pad na groter plaaslike relevansie en internasionale mededingendheid te plaas.

'n Beduidende deel van die inisiatiewe wat gedurende die jaar van stapel gestuur is, spruit voort uit die identifikasie van 'n aantal vraagstukke wat besondere aandag verg. Die Hoofbestuur van die Universiteit het in hierdie verband die leiding geneem. Dit het egter weer eens duidelik geword dat akademici en ondersteunende personeellede die noodsaaklikheid van verandering en aanpassing besef. Hulle geesdrif en kundigheid het die suksesvolle loodsing en deurvoering van projekte verseker. In 'n aantal gevalle is konsultante betrek om ondersoeke te onderneem en aanbevelings te doen. Dit is aan al die bogenoemde insette te danke dat in hierdie oorsig van die jaar 2000 gerapporteer kan word dat goeie vordering gemaak is met die onderskeie inisiatiewe wat aangepak is. Die onderstaande aangeleenthede is enkele van die vraagstukke en aksies wat in die verslagjaar besondere aandag ontvang het.

Studentetal

Die studentetal aan die Universiteit het, in teenstelling met die algemene tendens in die land, met sowat 5% toegeneem. Die toename was egter nie eweredig oor die fakulteite versprei nie. Dit is veral verblydend dat die grootste toename juis in die natuurwetenskappe, ingenieurswese en inligtingwetenskappe plaasgevind het.

Voortgesette herstrukturering

Die kritiese ondersoek van akademiese en ondersteuningstrukture wat 'n aantal jare gelede begin het, is in 2000 voortgesit. Die nuwe Fakulteit Veeartsenykunde, wat voortaan ook die veeartsenykundige opleiding sal behartig wat voorheen deur Medunsa aangebied is, het sy nuwe taak met bekwaamheid uitgevoer. Die integrasie van enkele aspekte van sy bedrywighede ontvang egter steeds aandag.

Die opleiding wat voorheen deur die Fakulteit Natuurwetenskappe verskaf is, is in twee ander fakulteite geïntegreer, naamlik die nuwe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe en die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie. Die twee Fakulteite het vanjaar hierdie opdragte onder hulle nuwe name uitgevoer. Die vorige twee Teologie fakulteite het ook vanjaar as 'n enkele Fakulteit begin funksioneer. 'n Beginselbesluit is ook geneem om die Fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde in 'n nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe saam te groepeer. Departemente in alle fakulteite is in

funksionele eenhede binne fakulteite ingedeel en funksioneer as skole onder voorsitters.
Ondersoeke na die herstrukturering van verskeie ondersteuningsdienste is onderneem. Veranderings is reeds in die Departement Finansies teweeggebring en die herstrukturering van die Departement Personeel het 'n gevorderde stadium bereik.

Samewerking

Die nastrewing van die gelyklopende doelstellings van plaaslike relevansie en internasionale mededingendheid vereis uitgebreide samewerking met ander instansies en die sluiting van vennootskappe op vele terreine.Die strategiese alliansie wat tussen die Universiteit van Pretoria en die WNNR tot stand gekom het, is een sodanige vorm van samewerking wat waarskynlik verreikende gevolge sal hê. 'n Kernelement van die samewerking is die steun wat die Gautengse Provinsiale Regering ten opsigte van die vestiging van 'n innovasienaaf op die terrein tussen die UP en die WNNR verleen.
Hierdie projek is 'n konkrete demonstrasie van 'n bestaande kultuur om kundigheid van internasionale gehalte ten bate van plaaslike gemeenskappe aan te wend. Daar is reeds sowat 20 gemeenskaplike navorsingstemas deur die twee organisasies onderskei. Dit sluit in waterbenutting, misdaadvoorkoming, volhoubare plattelandse ontwikkeling, mededingende vervaardiging en inheemse kennissisteme.
Die beklemtoning van samewerking en vennootskappe is ook duidelik op ander gebiede waarby die Universiteit betrokke is. Hierby ingesluit is die sluiting van samewerkings-ooreenkomste met vooraanstaande buitelandse universiteite en die akkreditasie van die Universiteit se professionele kwalifikasies deur liggame van internasionale statuur. Daarbenewens is samesprekings oor die inlywing van bepaalde kolleges by die Universiteit van Pretoria gevoer.

Kwaliteitversekering

Besondere aandag is die afgelope jaar aan kwaliteitversekering geskenk. Deurlopende monitering van kwaliteit is van deurslaggewende belang vir die statuur van die Universiteit sowel as vir die gehalte van die gegradueerdes wat gelewer word. Die Eenheid vir Kwaliteitversekering, wat sedert Maart 2000 die proses van kwaliteitversekering aan die Universiteit koördineer, het met 'n grootse poging - en met die welwillende deelname van alle betrokkenes - daarin geslaag om die akademiese aanbod van die Universiteit te herstruktureer en by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid te registreer.
Dié herformulering van die UP se akademiese aanbod in 'n uitkomsgerigte formaat het die Universiteit op 'n nuwe baan geplaas. Die Universiteit het in geheel omgeskakel na 'n modulêre programbenadering wat onder meer kwaliteitversekering vergemaklik, relevansie en toeganklikheid verhoog en multidissiplinêre opleiding en navorsing bevorder.

Fokusgebiede

Die Eenheid vir Kwaliteitversekering is ook betrokke by 'n projek oor die bepaling van huidige en toekomstige fokusgebiede aan die Universiteit. Daar is vroeër reeds vasgestel dat 'n gedetailleerde ontleding van die huidige en moontlike toekomstige fokusgebiede strategies noodsaaklik is. Die behoefte daaraan is in die strategiese plan geïdentifiseer en word ook deur verskeie onlangse gebeurtenisse en oorwegings bevestig. Dit sluit in die internasionale tendens vir topuniversiteite om hulle toe te spits op duidelik gedefinieerde fokusgebiede wat rigting aan hulle bedrywighede gee, die noodsaaklikheid van beslaggewing aan die rol wat universiteite in 'n groeiende ekonomie kan vervul, en die identifisering deur die Nasionale Navorsingstigting van fokusgebiede wat hoë prioriteite vir navorsing is. 1024 WOORDE

Billike diensbetrekkinge

In Junie vanjaar is die Universiteit se Plan vir Billike Diensbetrekkinge deur die Raad goedgekeur en aan die Departement van Arbeid voorgelê. Die senior bestuurders van die Universiteit was by die opstel van die Plan betrokke. Hulle het aan die bepaling van numeriese teikens en van strategieë ter bereiking daarvan meegedoen.

Kliëntediens

Verslag
Die Voorsitter van die Raad en die Rektor en Visekanselier se verslag
Twee tendense het in die jaar 2000 die hoër onderwys, en dus ook die Universiteit Stellenbosch, beïnvloed: 'n steeds versnellende tempo van verandering en onsekerheid in afwagting van die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys wat die rigting vir die toekoms moet aandui. In weerwil van hierdie en ander spanningsvelde wat die Universiteit voor groot uitdagings gestel het, is die jaar 2000 gekenmerk deur voortgesette bestendigheid, die behoud van hoë standaarde en 'n volgehoue toename in studentegetalle. Die landswye bekendstelling vroeg in September van die Universiteit se Strategiese Raamwerk vir die eeuwisseling en daarna was ongetwyfeld die hoogtepunt van die jaar. Ons toekomsvisie kom daarop neer dat die Universiteit Stellenbosch geposisioneer is om 'n omvattende navorsingsgerigte universiteit van wêreldgehalte te wees. Die Strategiese Raamwerk skep die ruimte om dié toekomsvisie binne bepaalde riglyne te verwesenlik. Terselfdertyd is die Universiteit se nuwe logo en die slagspreuk - Jou kennisvennoot - bekendgestel. Die logo en slagspreuk weerspieël die Universiteit se nuwe identiteit as meer korporatief en sakegerig - 'n moderne instelling maar met statuur en diepte. Hierdie statuur en diepte is ook nou verbonde aan 'n Afrikaanse tradisie. In Maart 2000 is die eerste Afrikaanse Woordfees op Stellenbosch aangebied. Dit is 'n inklusiewe fees waar Afrikaans binne die konteks van kontaktale soos Nederlands, Engels en Xhosa 'n waardevolle bydrae lewer tot multikulturele samewerking en versoening op taalgebied. Verskeie veranderinge het op die Universiteit se hoogste bestuursvlakke ingetree. In Maart 2000 het dr Julian Smith, voorheen registrateur van die Universiteit van Wes-Kaapland, by die Universiteit aangesluit om as Viserektor (Bedryf) met die instelling van nuwe beroepsgerigte onderrigprogramme. 'n Toename in eerstejaarstudente, veral in die fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe, is 'n aanduiding dat die nuwe akademiese aanbod voldoen aan die behoeftes van die arbeidsmark. Die Universiteit maak nie uitsluitlik staat op hoogstaande navorsing en uitmuntende onderrig om sy visie te verwesenlik nie. Om erkenning te gee aan die onontbeerlike ondersteunende rol van die personeel in die nie-akademiese omgewings, is die Rektorstoekenning vir Voortreflike Dienslewering in 2000 vir die eerste keer ingestel. 'n Ander belangrike ontwikkeling was die diensbillikheidsproses wat onder leiding van die Viserektor (Bedryf) begin is. Deur die diensbillikheidsplan is die Universiteit verbind tot die verwydering van alle vorme van oorblywende onbillike diskriminasie en om 'n meer gebalanseerde personeel- en studentekorps te skep. Die toenemende misdaad in die algemeen is kommerwekkend. Dit spoel ook oor na Stellenbosch en aan die einde van 2000 het die Universiteitsbestuur internasionale kundigheid begin inwin met die doel om die sekuriteitsituasie op die kampus op 'n omvattende wyse aan te spreek. Weens die groeiende politieke en ekonomiese bande met lande in Suid-Oos Asië word hierdie lande ook van toenemende akademiese belang vir Suid-Afrikaanse universiteite. In hierdie verband neem die Universiteit Stellenbosch die leiding. Ses van die Universiteit se 24 breë samewerkingsooreenkomste met akademiese oor te neem by prof Rolf Stumpf wat die nuwe viserektorspos vir Onderrig beklee. Die viserektorsportefeulje wat deur prof Walter Claassen behartig word, het terselfdertyd van Akademies na Navorsing verander. Goeie vordering is gemaak met die herstrukturering van die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde in een Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die nuwe Fakulteit, wat met ingang 2001 in werking tree, sal bestaan uit vyf skole: die Skool vir Aanvullende Gesondheidswetenskappe, Skool vir Basiese en Toegepaste Gesondheidswetenskappe, Skool vir Geneeskunde, Skool vir Mondheelkunde en die Skool vir Publieke en Primêre Gesondheidswetenskappe. Die proses om 'n dekaan aan die hoof van die nuwe fakulteit aan te stel, is aan die einde van die jaar met die aanstelling van prof Wynand van der Merwe afgehandel. Die nuwe akademiese aanbod van die Universiteit het in die jaar 2000 beslag gekry
MNR DESMOND SMITH (regs), voorsitter van die Universiteitsraad, en PROF ANDREAS VAN WYK, Rektor en Visekanselier instellings in die buiteland is met universiteite in China, Maleisië en Korea. 'n Uitgebreide reis deur die Rektor

na China in 2000 het gelei tot samewerkingsooreenkomste met die Universiteite van Henan en Nankai. Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys, no. 101 van 1997 (soos gewysig deur Wet no. 54 van 2000), is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die Departement van Onderwys voor te lê, wat voldoen aan Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. In Januarie 2001 is 'n Finansiële Handleiding vir Hoër Onderwysinstellings deur die Departement van Onderwys uitgereik, wat die rekeningkundige grondslae, praktyke en beleid, asook die formaat van verslagdoening voorskryf. Hierdie nuwe vereistes moet reeds toegepas word vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2000. Die belangrikste verskil tussen die nuwe verslagdoeningsvereistes en die vorige Suid-Afrikaanse Na-Sekondêre Opvoeding (SANSO)-vereistes, is die toepassing van die toevallingsbeginsel ingevolge Suid Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, teenoor die vorige benadering van fondsboekhouding wat hoofsaaklik op kontantvloei gebaseer was. Die nuwe verslagdoeningsvereistes verseker dat hoër onderwysinstellings se finansiële state meer bruikbaar is vir die verskillende belangegroepe en vergelykbaar is met privaatsektor-instellings. Die netto toename van R120,506 miljoen in kapitaal en reserwes verteenwoordig 'n afname van R10,708 miljoen in onbeperkte fondse, wat diskresionêr deur die Raad aangewend kan word, en 'n toename van R131,214 miljoen in beperkte fondse, wat nie diskresionêr deur die Raad aangewend kan word nie. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vaste batefondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Die afname van R10,708 miljoen tot R3,579 miljoen by onbeperkte fondse is hoofsaaklik as gevolg van die stygende voorsiening vir die na-aftrede mediese voordele vir pensioenarisse, wat van R196,220 miljoen toegeneem het tot R224,420 miljoen op 31 Desember 2000. Bestuur is tans besig om die voortdurende toename in en omvang van hierdie toekomstige verpligting aan te spreek. Totale inkomste van 'n herhalende aard het met slegs 8,4% toegeneem tot R836,989 miljoen, terwyl totale uitgawes met 11,0% toegeneem het tot R785,733 miljoen, wat steeds druk plaas op bestuur se pogings om die tradisionele inkomstebronne (owerheidstoekennings en studentegelde) toenemend aan te vul en uitgawes te beheer. Die sukses met hierdie doelwitte blyk egter reeds uit die toename in die persentasie van totale inkomste vir privaat toekennings en kontrakte, wat met drie persentasiepunte toegeneem het vanaf 19,9% vir 1998 tot 22,9% vir 2000 en die afname in die persentasie van totale uitgawes vir personeelkoste, wat met ongeveer vier persentasiepunte afgeneem het vanaf 54,7% vir 1998 tot 50,8% vir 2000. Besigheidsprosesse word ook voortdurend geëvalueer om te verseker dat die Universiteit optimaal funksioneer teen die laagste moontlike koste.

Die Universiteit het die volgende belegging in ongenoteerde filiale op 31 Desember 2000:

NAAM VAN MAATSKAPPY: Unistel Groep Beherend (Edms) Bpk

AARD VAN BESIGHEID: Ontgin intellektuele eiendom en bronne van die Universiteit Stellenbosch vir navorsing, opleiding en kommersiële dienste

EFFEKTIEWE AANDEELHOUDING: 100%

BOEKWAARDE VAN BELANG:

- Aandele R1 000
- Lening R35 659 157

Verdere uitdagings in die komende jaar sal grotendeels uit die verwagte besluite in die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys vloei. Die Universiteit sal 'n strategiese besluit oor die fokus van sy afstandsonderwysaksie moet neem, en ook oor die toekomstige benutting van die Bellvilleparkkampus. 'n Moontlike aanbeveling oor die taalbeleid in Suid-Afrika se hoër onderwys aan die Minister deur die Raad op Hoër Onderwys mag ook reaksie van die Universiteit Stellenbosch verg.

1018 WOORDE

Die lang verwagte hersiening van die Universiteit se interne finansiële verdelingsformule, wat telkemale in afwagting van 'n nuwe befondsingsformule van die Staat uitgestel moes word, sal na verwagting in 2001 afgehandel kan word. Dit sal gepaardgaan met 'n betekenisvolle verdere desentralisering van besluitneming aan fakulteite en administratiewe afdelings. Hierdie is die laaste jaarverslag onder die handtekening van prof Andreas van Wyk as Rektor en Visekanselier. Dit was vir hom 'n vreugde en 'n geestesverrykende ervaring om sy

VOORSITTERSOORSIG
VENFIN STREEF DAARNA OM HOMSELF AS 'N WERELDWAAGKAPITAAL ONDERNEMING MET SUID-AFRIKAANSE KUNDIGHEID TE VESTIG - TEENOOR OM BLOOT BELANGE IN PLAASLIKE MAATSKAPPYE TE BEKOM.

Die finansi%le jaar onder oorsig, die eerste finansi%le jaar van die nuutgevormde VenFin-groep, het bevredigende resultate gelewer. Vodacom het van krag tot krag gegaan en VenFin in staat gestel om 'n wesensverdienste van R586.3 miljoen in sy eerste jaar van bedrywighede te behaal. Hierdie resultate moet beoordeel word teen die agtergrond van 'n jaar van woeste skommelinge in die w^reld se IT- en telekommunikasiebedryf. Na die Jaar 2000-beroeringe en die bars van die "dot.com"-seepbel, was IT-aandele op die NASDAQ erg onbestendig. Reuse bedrae is aan derdegeslag-lisensies in die mobiele telefoonbedryf betaal. Die gevolg hiervan is in waardasies op w^reld-effektebeurse gesien. Die krag van die dollar was nog 'n faktor wat die vertoning van globale maatskappye be<nvloed het. Ondanks hierdie moeilike mark, het Vodacom 'n groei van 37.4% in wesensverdienste behaal. Dit het sowat 41.2% van VenFin se wesensverdienste verteenwoordig.
VenFin streef daarna om homself as 'n w^reldwaagkapitaalonderneming met Suid-Afrikaanse kundigheid te vestig - teenoor om bloot belange in plaaslike maatskappye te bekom. Goeie vordering is reeds gemaak in die bereiking van hierdie doelwit. Naas 'n omskepbare aflosbare obligasie ten bedrae van œ100 miljoen vir Alexander Forbes, is 'n omskepbare lening van $50 miljoen aan Intervid International beskikbaar gestel om sy internasionale strategie te ontwikkel. Beleggings in die buiteland is in Camus Beperk en Certus International Soci,t, Anonyme gemaak. Die eerste ses maande van die nuwe VenFin-groep is gewy aan die konsolidering en implementering van die herstrukturering van die voormalige Rembrandt Groep, soos goedgekeur deur die aandeelhouers van Rembrandt op 21 September 2000. Na die herstrukturering is VenFin en Remgro twee afsonderlike genoteerde maatskappye, elk met sy eie direksie en uitvoerende bestuur. Dit kon gelei het tot die duplisering van oorhoofse kostes soos rekeningkundige en regsdienste, menslike hulpbronne-administrasie, intellektuele eiendom en ander ondersteunende dienste. Om dit te vermy, is 'n ooreenkoms met 'n afsonderlike dienstemaatskappy, M&I Bestuursdienste (Edms) Beperk (M&I), aangegaan waarvolgens alle bestuurs- en ondersteunende dienste aan beide maatskappye verskaf word. Rembrandt Trust (Edms) Beperk (Rembrandt Trust) het 'n belang in M&I om kontinu<teit te verseker. Dit het egter geen reg ten opsigte van die inkomste of bates van M&I nie. Al die gewone aandele van M&I word gehou deur M&I werknemers. M&I word befonds deur diensfooie wat VenFin en Remgro betaal. Die fooie dek alle oorhoofse kostes wat aangegaan word in die bestuur van elkeen van die maatskappye en word jaarliks bereken teen 'n maksimum van 0.463% van markkapitalisasie, op 'n maandelikse grondslag bereken. Hierdie persentasie mag nie verhoog of oorskry word sonder die toestemming van 75% van alle klasse van die onderskeie maatskappye se aandeelhouers nie. Die fooie word maandeliks agterna betaal. Die bestuurspanne van die twee maatskappye is dus verskillend en afsonderlik om die vereiste sakefokus te verseker, maar sonder die duplisering van oorhoofse kostes. Rembrandt Trust, die beherende aandeelhouer, het ook 'n onderneming aan die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika gegee dat indien 'n verandering in die beheer van VenFin of Rembrandt Trust plaasvind, laasgenoemde sal toesien dat 'n aanbod aan al die aandeelhouers van VenFin gemaak word. Rembrandt Trust beheer sowat 42% van die stemme in VenFin. Bestuur is vol vertroue dat hy 'n bogemiddelde opbrengs oor die langer termyn kan handhaaf. Die potensiaal van die bestaande beleggingsbasis is aansienlik en nuwe geleenthede waarna tans gekyk word, kan dit verder verhoog. Om die belange van bestuur in ooreenstemming met di, van die maatskappy te bring, het die direksie van VenFin besluit om 'n medebeleggingsbeleid te implementeer. Dit behels dat bestuur verplig word om saam met die maatskappy te bel^ waar nuwe beleggings na 21 September 2000 gemaak word (die datum van die

aandeelhouersvergadering waarop die herstrukturering goedgekeur is) of waar die maatskappy sy aandeelhouding verhoog in beleggings wat voor 21 September 2000 gemaak is. Ten opsigte van feitlik al sy beleggings is VenFin 'n party tot 'n aandeelhouersooreenkoms, wat al die belangrike aspekte van die belegging dek. Sodoende is VenFin in staat om strategiese besluite, en ander belangrike kwessies rakende sy beleggings, te be<nvloed. Vodacom is 'n gevestigde besigheid met 'n uitstekende groeirekord en is besig om sy belange binne en buite Suid-Afrika uit te brei deur die benutting van die jongste beskikbare tegnologie. Die verwagting is dat Vodacom sal voortgaan om bogemiddelde groei te behaal. VenFin se ander beleggings, hoewel heelwat kleiner, behoort binne die afsienbare toekoms 'n betekenisvolle bydrae te lewer. Tegnologie en intellektuele eiendom is die skakel tussen VenFin se onderskeie beleggings. VenFin voeg waarde toe tot die onderliggende beleggings en is nie bloot 'n finansi%le belegger nie. Dit is dan ook die voorvereiste vir enige nuwe belegging. VenFin voel homself nie gebonde om net in een spesifieke tegnologie sektor te belˆ nie. Dit is steeds die voorneme van die direkteure om alle beskikbare kontant wat deur sakebedrywighede gegenereer word in die volgehoue groei van die groep te belˆ. Graag bedank ek al my kollegas in die direksie en bestuur vir hul volgehoue ondersteuning in die strewe om VenFin na nuwe uitdagings te lei.
Johann Rupert
Voorsitter

VERSLAG VAN DIE HOOFUITVOERENDE BEAMPTE VENFIN BELE IN TEGNOLOGIE ONDERNEMINGS WAT INTELLEKTUELE EIENDOM BESIT EN WAAR DIE MOONTLIKHEID BESTAAN OM DIT TE INTERNASIONALISEER.
Die verhandeling van VenFin-aandele op die JSE Sekuriteitebeurs het op 26 September 2000 begin na afloop van die verdeling van Rembrandt Groep Beperk in twee afsonderlike genoteerde entiteite. In Desember 2000 het VenFin sy kantore na die Tegnopark buite Stellenbosch geskuif en sy eie identiteit begin vestig as 'n belegger in tegnologiegerigte besighede.
VenFin belˆ in tegnologie ondernemings wat kennisbates besit en waar die moontlikheid bestaan om dit te internasionaliseer. VenFin se doel is om oor die lang termyn bogemiddelde opbrengste aan aandeelhouers te lewer. VenFin voeg waarde toe tot bestaande beleggings deur sy kennis en ondervinding van daardie bedrywe en deur die verskaffing van advies oor internasionalisering en korporatiewe strukturering. Verdere waarde word toegevoeg waar die tegnologie% van ondernemings waarin belˆ word, deur VenFin en sy geassosieerdes toegepas kan word. Dit sluit geleenthede in mobiele telekommunikasie, intelligente interrogasie van inligting, voorraadkettingbestuur en elektroniese handel- en mediategnologie in. VenFin bestuur sy beleggings aktief deur gereelde dialoog met ander aandeelhouers en die besture van ondernemings. Aandeelhouers verskaf strategiese insette deur middel van direksieverteenwoordiging en aandeelhouerskomitees, terwyl die daaglikse bestuur die verantwoordelikheid is van die uitvoerende bestuur wat deur die direksie aangestel word. Ten opsigte van feitlik al sy beleggings is VenFin 'n deelnemer op direksievlak en is hy 'n party tot 'n aandeelhouersooreenkoms wat die belangrike strategiese kwessies reguleer.
ONLANGSE ONTWIKKELINGE
1014 WOOR-DE
VenFin het $50 miljoen in 'n omskepbare skuldbrief van Intervid International belˆ om Intervid Beperk te help met die internasionalisering van sy kennistegnologie deur strategiese verkrygings. CommsCo, 'n maatskappy wat die bestuur, administrasie en aankope van alle kommunikasieen tegnologie behoeftes van VenFin en sy geassosieerde maatskappye gaan behartig, is gestig. VenFin het ook sy belegging in Camus, die eienaar van digitale kompressietegnologie, verhoog en 'n belang verkry in Certus, 'n internet waarmerk tegnologie. Die belegging in e-tv, Suid-Afrika se grootste onafhanklike oopkanaal televisie-uitsender, is met die regulerende owerhede bespreek en die bestuur is vol vertroue dat die posisie van di, belegging binne afsienbare tyd uitgeklaar sal word.
In 'n volgehoue poging om waarde tot sy beleggings te voeg, het VenFin in Maart 2001 sy eerste beleggingskonferensie gehou. Die doel daarvan was om maatskappye

BYLAE B

GEANNOTEERDE KORPUS JAARVERSLAE IN ALFABETIESE VOLGORDE

Teksverwysingskode	Instansie
Absa	ABSA*
Affies	Afrikaanse Hoërseunskool
AHI	Afrikaanse Handelsinstituut
Alacrity	Alacrity
Astgroup	Astgroup
BKB	Boere Korporasie Beperk*
BoE	BoE
Cape Joint	Cape Joint
Clover	Clover
Derebus	Derebus
Distell	Distell
KNB	Wes-Kaapse Natuurbewaring
KWV	Koöperatiewe Wynmakersvereniging
Mettle	Mettle
Naspers	Naspers
Pepkor	Pepkor
Prok	Transvaalse Prokureursorde
Remgro	Remgro
Senwes	Senwes
UP	Universiteit van Pretoria
US	Universiteit van Stellenbosch*
Venfin	Venfin

id: absa

Absa

BEDRYFSOORSIG
J A A R V E R S L A G 2 0 0 0
Strategiese sakeeenhede
sal beter
in staat wees om
uitstekende diens
te lewer
A b s a H a n d e l s b a n k

PK1

Die moeilike handelsomstandighede wat deur hoë rentekoerse veroorsaak is, het 'n ernstige uitwerking op die handelsbank, Absa se grootste bedryfsdivisie, gehad. Die gevolglike verhoging in nie-presterende voorskotte en stadige groei in nuwe besigheid het resultate gedemp, maar die divisie het nietemin sy bestuur van segmente, krediet en risiko, koste en diensstandaard verbeter.

PK2

Die handelsbank word tans omvorm van 'n groot verskaffer van finansiële dienste na 'n kliëntgefokusde onderneming bestaande uit 'n aantal strategiese besigheidseenhede. Dié besigheidseenhede sal beter in staat wees om uitmuntende diens op die gebied van verbandbankdienste, besigheidsmarkte, die massamark, die middelmark, klein en medium ondernemings (KMO) en leweringskanale te lewer. Dit behoort te verseker dat die regte produk en diens deur middel van die beste leweringskanaal aan die regte kliënt aangebied word.

PK3

PK4

Om te verseker dat die veranderinge op 'n bestuurde en gekoördineerde wyse ingestel word, gebruik die handelsbank 'n gestandaardiseerde projekimplementeringstrategie. Voor implementering word veranderinge deeglik getoets en saamgestel. Deur hierdie inisiatiewe vanuit 'n sentrale punt in die onderneming te bestuur, sal besigheidsmomentum tydens die transformasie gehandhaaf word.

PK5

PK6

Bedryfskoste het met minder as 7% toegeneem, hoofsaaklik weens die uitskakeling van oorverteenwoordiging en oorvleueling van dienspunte. Sedert Maart 1999 is 152 dienspunte gesluit, maar daar was geen wesenlike verandering in die getal kassierswerkstasies nie, wat die handelsbank in staat gestel het om sy dienskapasiteit te handhaaf.

PK7

PK8

Die klem op beter dienslewering word deur 'n 18 maande lange interne diensbewustheidsveldtog, wat in Oktober 1999 begin het, gerugsteun. Die veldtog spoor deur middel van 'n erkenning- en vergoedingstrategie 'n kliëntfokus deur die hele Groep aan. Om die voordele hiervan te bepaal, is 'n diensmonitor ingestel om kliënttevredenheid per afsonderlike marksegment te meet en 'n loodsprojek om kliënttevredenheid daagliks te monitor is met uitstekende resultate ingestel. 'n Sentrale kliëntoproepsentrum met multivaardige personeel is sedert Julie 1999 beskikbaar om aandag aan kliënte se navrae en klagtes te gee. 'n Spesialisspan behartig alle skriftelike klagtes, asook dié wat na die bankberegter verwys is.

PK9

PK10

PK11

Verbandlenings bly een van die handelsbank se kernsakebedrywighede. Marktoestande vir residensiële verbande het verbeter en kopers toon tans meer vertroue. Daar was ook intense mededingeraktiwiteit, veral van die kleiner verbandleners.
In ooreenstemming met wêreldtendense, veral in Australië, Engeland en die Verenigde State, ontstaan huisleningsaansoeke in Suid-Afrika ook toenemend by verbandmakelaars. As 'n belangrike deelnemer in hierdie mark maak Absa seker dat hy die hele spektrum van verbandmakelaars kan benut. Die "verbandbank" sal hom op residensiële verbande toelê en kliëntediens, markaandeel en winsgewendheid sal na verwagting verbeter.
Die herorganisasie van die krediet- en risikobestuursproses het goed gevorder. As gevolg daarvan word 'n

PK12

gedifferensieerde diens nou aan kliëntsegmente deur 'n prosesgedrewe
PK13 kredietorganisasie gelewer en uitsette kan gemeet en
vergoed word. Die standaardisering en sentralisering van krediet in
gespesialiseerde keurings- en beheereenhede maak
konsekwentheid in besluitneming en kliëntediens moontlik. Die gevolg is 'n
verbetering in die gehalte van die voorskotteportefeulje.
Voorsiening vir slegte en twyfelagtige skuld, wat sedert September 1998 hoog
was, behoort af te neem omdat inspeksieverslae
PK14 daarop dui dat die gehalte van die voorskotteboek beduidend verbeter het.
Kredietkeuring vir huislenings, tjekrekenings en lenings in die persoonlike mark
word geoutomatiseer. In die kommersiële
segment, wat die landbou-, besigheids-, handelseiendomsfinansiering- en
openbaresektormark insluit, is spesiale eenhede
verantwoordelik vir keuring en beheer. Kredietbesluitneming vir die-stedelike
gebiede sal teen Maart 2001 gesentraliseer,
gestandaardiseer en geoutomatiseer wees.
Absa het 'n markleier in die landbousektor gebly en het erkenning van verskeie
landbou- en produktiwiteitsgerigte instansies
ontvang, terwyl die Groep ook sy toonaangewende posisie in die verskaffing van
bankdienste aan die openbare sektor verstewig het.
Absa is tans die bankier van vyf van die nege provinsiale regerings en die
handelsbank bestuur ook 'n aansienlike
portefeulje rekenings vir plaaslike rade, universiteite, technikons en
waterrade. 'n Tender vir die rekening van die betaalmeestergeneraal
van Noordwes is gedurende die jaar aan Absa se ALLPAY divisie toegeken, asook PK15
die vir maatskaplike welsynbetalings in
die Wes-Kaap en Gauteng.
Die herafbakening van munisipaliteite ingevolge die Wet op Munisipale
Afbakening, 1998, sal munisipale grense in Suid-
Afrika drastiese beïnvloed. Dit sal na verwagting verreikende finansiële
implikasies vir munisipaliteite inhou, veral in bepaalde
gemeenskappe en gebiede wat landbougrond insluit. Die handelsbank het die
invloed van hierdie ontwikkelinge op die finansiële
lewensvatbaarheid van die beplande entiteite en op sy toekomstige
teenwoordigheid in die verskillende geografiese gebiede
deeglik ondersoek.

A b s a D i r e k

Kliënttransaksies per Internet en telefoon het die jaar 'n uitstekende toename
getoon. Registrasies vir Absa Direk het in die 2000
finansiële jaar met 72% toegeneem, waartydens Internet kliënte tot 98 569 en
telefoondienskliënte tot 91 632 gegroei het. Die PK16 PK17
nuwe Absa webwerf, wat in Oktober 1999 bekend gestel is, is goed ontvang. 'n
Eenvormige webraamwerk is gevestig, wat Absa PK18
Direk help vorder het op die pad na e-besigheid en die skepping van 'n
geïntegreerde elektroniese markplek. Die Internet diens sal PK19
verder verbeter word om die hele reeks kliëntedienste aan te bied en volledige
individuele kliënteprofiele te ontwikkel. Gekoppelde
produktoepassings het sterk gegroei en Internet-hokkies sal eersdaags in
uitgesoekte Absa takke beskikbaar wees.
Die gebruik van telefoonbankdienste het bly toeneem. Teen die einde van 1999 is
'n nuwe interaktiewe PK20
spraakresponsstelsel (ISR) ingevoer wat dit onnodig maak dat telefoonadviseurs
basiese transaksies behartig. Kliënte het goed op
die instelling van ISR gereageer en die gebruik daarvan sal na verwagting
personeelkoste in oproepsentrums besnoei. PK21
Ten einde die kliëntebasis te vergroot, word inisiatiewe onderneem om nuwe
kliënte telefonies te registreer. PK22
Mobiele telefoon-loodsprojekte gaan saam met netwerkverskaffers onderneem word en
'n projek is aan die gang om alle
geregistreerde Internet en telefoonbankdiens gebruikers in staat te stel om
banktransaksies van 'n selfoon met WIG (draadlose

PK23

internet-portaal) af te doen. In die volgende fase sal dit na ongeregistreerde gebruikers uitgebrei word. Sodra die mark WAP-selfone (selfoon met draadlose toepassingsprotokol) goed aanvaar het, sal die diens vir geregistreerde en ongeregistreerde WAPselfoongebruikers beskikbaar wees. Daarbenewens sal 'n spesiale telefoonverkoopseenheid hom op die bemarking van persoonlike lenings, tjekrekeninge en verbande toespits om kruisbemarking te verbeter.
Elektroniese Bankdienste bedien sowel die korporatiewe as die kommersiële mark met kontantbestuurs-, betalings- en invorderingsdienste. Kliënte wat van kontantbestuurstelsels gebruik maak, het die afgelope finansiële jaar met 30% toegeneem.
Elektroniese Bankdienste het in besigheid-tot-besigheid e-handel en in die ontwikkeling van 'n Internet kontantbestuur- en betalingstelsel belê wat na verwagting in die volgende finansiële jaar in werking sal tree.
OTM-transaksies het jaar op jaar met 14,95% toegeneem en die totale getal selfdiensterminale het aan die einde van die finansiële jaar 2000 2 136 beloop. Banktellersentrums, waar elektroniese lewering by veilige persele met menslike betrokkenheid gekombineer PK24 word om kliënte by te staan, het geblyk die korrekte strategie te wees vir gebruikers se oorskakeling na elektroniese leweringskanale.

1154 WOORDE

A b s a K a a r t D i v i s i e

Kaart Divisie het weer eens uitmuntende resultate behaal. Die gedragkeuringstelsel wat in Julie 1999 in gebruik geneem is, het positief tot die divisie se resultate en die vlak van kliënttevredenheid bygedra, terwyl die persentasie agterstalligheid op die hele kaartboek 'n ongekende laagtepunt bereik en die persentasie limietoorskrydings afgeneem het.
Inisiatiewe wat die vorige jaar begin is, is uitgebrei en 'n suite handels- en korporatiewe kaartprodukte is ontwikkel en beskikbaar gestel. Dit het die bestaande reeks produkte van wêreldgehalte wat reeds in hierdie marksegment aangebied word verder verbeter. Die koopkaart was die eerste in sy soort in Suid-Afrika. Absa was die eerste bank in Suid-Afrika wat die Visa Platinum kaart aan topkliënte uitgereik het, terwyl die houers van affiniteitkaarte in 12 maande met 50% gegroei het.
Handelaarwerwing hou groot belofte vir die komende jaar in. Die NuPay stelsel, 'n betalingsmeganisme vir mikroleners, het groter stukrag aan die Groep se fokus op die laer segment van die mark verleen.

B a n k f i n

Bankfin het wesenlik tot die Groep se inkomste bygedra deur sy markaandeel die afgelope jaar van 23,48% tot 24,71% te verhoog.
Sy fokus op gehaltebesigheid en vinnige diens het die omvang en gehalte van die boek verhoog. Gemiddelde produksie van meer as R1 miljard per maand is in die laaste ses maande van die jaar gehandhaaf en agterstalligheid is die grootste deel van die jaar laag gehou.
Planne is in werking gestel om diensstandaarde te verhoog en sodoende groter lojaliteit en herhalende besigheid in die hand te werk. Verskeie samewerkingsooreenkomste met motorgroepe het daartoe bygedra dat Bankfin sy markaandeel in 'n mededingende mark vergroot het. Die strategie om gewaarborgde finansiering direk aan kliënte te bied, was suksesvol.

M L S B a n k

MLS Bank het goed gevaar en suksesvol sake in die mediese mark gedoen in 'n jaar wat deur die transformasie van die Board of Health Care Funders en die Mediese Vereniging van Suid-Afrika gekenmerk is en waarin veranderinge in die befondsing van mediese diensteverskaffers, progressiewe wetgewing en deurlopende konsolidasie in die sektor voortgesit is.

Affies

id:affies

Voorsitter verslag 2000
Hier volg die Voorsitterverslag van Professor Tian van der Merwe soos gelewer op die algemene Jaarvergadering op 8 Maart 2000:
Inleiding
Dame en Here, lede van die AHS Oudleerlinglingbond. Dit was vir my 'n besondere voorreg om die Bond se aktiwiteite gedurende hierdie historiese jaar te kom lei. Ek sou ook graag reg aan die begin van my verslag my dank en waardering wou uitspreek tenoor my Bestuur en veral die Dagbestuur vir hulle insette gedurende die afgelope jaar..

Die Klubhuis
Soos ek in die laaste Alumni geskryf het, was 1999 inderdaad die Bond se triomfjaar in die 22 jaar van sy bestaan.
Die droom van 'n eie "plek" was een van die hoof motiewe van die Stigters van die Bond in 1978. Baie Besture in die verlede het in mindere of meerdere mateiets daaraan probeer doen.Die "Scoutsaal" was altyd maar die mikpunt en inderdaad was dit twee Oud-Affies wat twee jaar gelede, toe die tyd uiteindelik ryp was, daarin geslaag het om die laaste veldslag van die Boere-oorlog te wen. Dr. Mark Röscher en prokureur Louw Gerber het daarin geslaag dat die eiendom wat die Scouts in "bruikleen" van die Stadsraad gehad het, uiteindelik oorgedra kon word aan 'n Trust van Affies. PK1

Hierdie proses is tans in sy finale fase. Ons behoort binnekort die uitslag van die Stadsraad se beslissing te verneem. Die Trust het die perseel se gebruik oorgedra aan die Bond sowel as Klub 600, die Ondersteuningsklub van die Skool. Hierdie twee liggame het elk reeds R 50 000 bewillig om die gebou tot so 'n mate op te knap en te verander dat dit kan dien as Klubhuis/Onthaalriumte vir funksies en Raadsaal vir die Bond. Die planne is alreeds in 'n vorige Alumni aan u voorgelê. PK2
As alles volgens plan verloop behoort die Bestuur die opening van die Kompleks later vanjaar te kan aankondig.

PK3 Die huidige Bestuur was verkies op die Algemene Jaarvergadering wat gehou was op 10 Februarie verlede Jaar. Die name van die verkose lede is sopas tydens die behandeling van die vorige Jaaar se Jaarverslag aan u genoem. As Ouditeure van die Bond was die Firma Geyser en du Plessis aangestel en as regsverteenwoordigers Prokureur Louw Gerber en Advokaat du Roelof du Plessis. PK4 PK5 PK6

Skoolskakeling
Die Bestuur het hom egter nie alleen met die Klubhuis besig gehou nie. Ander aktiwiteite was onder meer Skakeling met die Skool. Daar dien een van die Onderwysers van Affies Ex officio op die Bestuur om hierdie skakeling te bevorder. Meer hieroor later. U Voorsitter en sy gade was gedurende die afgelope jaar eregaste by twee gesamentlike Skoolgeleenthede. Die eerste was die Operette wat 'n heel besondere geleentheid en 'n groot sukses was, en die tweede was An die Musiek, 'n uiters geslaagde musiekaand waartydens nie net Affies se kore en orkesteopgetree het nie maar ook Boys en Girls High se kore en orkeste. Enkele dae gelede was die ondervoorsiter en sy gade eregaste by die offisiële Opening van Affies se Mediasentrum. U kan binnekort hieroor op die Webblad lees.

Die Bestuur van 1999 het 'n dringende behoefte gehad om die lang bestaande onbekendheid van die Bondsbestuur en sy aktiwiteite te beindig. Die Oudleerlingbond was altyd Affies se besbewaarde geheim. Ons probeer om via die Alumni en op die Webwerf ons aktiwiteite bekend te stel en so hopelik belangstelling in die aktiwiteite van die Bond te bevorder. Ons poog ook om name te plaas by aktiwiteite sodat u as lede weet wie wat doen en so dus uself beter met ons aktiwiteite kan vereenselwig.

Vanwaë 'n druk program van ons Sekretaris het Komiteelede nie altyd betyds kennis van vergaderinge gekry nie en was hulle dus nie altyd in staat om al die vergaderings by te woon nie. Ek wil graag hier, in die openbaar my verontskuldiging hiervoor aanbied en versoek die nuwe Bestuur om hier aandag aan te skenk. Wees verseker dat daar geen sinistere bedoelings agter was nie. Die feit dat daar nou 'n Sekretaresse is wat notules hou en administreer, behoort hierdie probleem uit te skakel. Daar was 6 bestuursver-gaderinge gedurende die jaar gehou. PK7

Die Nuusbrief
Die Bestuur beskou hierdie aktiwiteit nog steeds as 'n prioriteit. Dit is dan ook jaarliks ons grootste uitgawe. Daarmee saam gaan die op datum hou van ons adreslys. Hiervoor het die Bestuur gedurende die afgelope jaar die dienste bekom van 'n deeltydse Sekretaresse, Mevr Collete van der Veen om hiermee te help. Daar het in die afgelope jaar twee Alumni verskyn.

Dit is Oud-Affies se plig om te sorg dat ons julle adresse het. Van die Bestuur se kant beloof hulle om die lys nie kommersiëel beskikbaar te maak nie. Dar is tans 3 260 adresse op ons lys (10 % meer as verlede jaar) maar na die versending van elke Alumni kry ons talle onbestelde briewe terug. Die Bestuur hoop om via die Webblad en die Alumni die name van "verlore Affies" te publiseeer om hulle so te probeer opspoor.

Ek wil voorstel dat die Bondsvoorsitter aan die einde van elke jaar die Matrieks toespreek om hulle aan te moedig om lede van die Bond te word. Daar PK8 moet ook aandag geskenk word aan 'n moontlike "Junior Ledegeld Kategorie" vir byvoorbeeld die eerste 4 jaar post-Matriek.

Die praktiese uitvoering van die Nuusbrief is nie altyd sonder probleme nie en die Bestuur het in die afgelope jaar ook probleme ondervind om die Brief betyds te laat verskyn. Omdat almal hierdie taak vrywillig en gratis lewer is dit soms moeilik om "deadlines" af te forseer en bydraes van verskeie bronne word ook nie PK9 altyd betyds ingedien nie. Die werwing van advertensies ten einde kostes te PK10 besnoei, soos deur die vorige Bestuur aan ons opgedra, het om verskeie redes dan ook nie plaasgevind nie. Die Bestuur hoop egter om via die Webwerf besparings te kan bewerkstellig Om te slaag as Mondstuk van die Bond het ons egter die medewerking van alle oud-Affies nodig om ons te voorsien van raad, kritiek, nuus, briewe en enigiets wat op Affies betrekking het.

Die Webblad
Hierdie aktiwiteit het verlede jaar en dan veral gedurende die laaste twee maande, die meeste tyd van die Bestuur in beslag geneem. Die afgelope Bestuur was van mening dat hierdie aspek van ons bestaan die allerbelangrikste aktiwiteit behoort te wees. U sou, indien u onlangs op die Webblad was, gesien het dat daar heelwat besig is om te gebeur. Die Webblad was vir 'n geruime tyd rustend maar is tans uiters aktief en indien die Bestuur die geleentheid gegun word om aan te gaan word beoog om nog veel meer tot stand te bring.

Daar is naamlik begin om 'n Affiewebblad te skep wat nie net die Oudleerlingbond sal dien nie maar ook die Skool, Klub 600 en dan verkeerdelik of nie, ook AHMP en haar Oudleerlingbond. Ons is van mening dat die leuse "Eendrag Maak Mag" ook hier behoort te geld." Ons stel prys op menings van oud-Affies in hierdie verband.

Daar word beoog om ook 'n briewerubriek daar te stel, 'n winkelrubriek waar Affie sakemanne teen betaling onder Affies kan adverteer, 'n "in Memoriam" rubriek om ontslape Affies te vermeld, 'n rubriek "Uit Herinnering se Dae" waar Affies aan ons staaltjies uit hulle skooldae kan meld en nog veel meer. Die Bestuur beoog om meer Nuus van beide Skole asook nuus en aktiwiteite van Klub 600 en die AHMP Old Ladies Bond op die Web te plaas sodat die Affie Eenheid

1001 WOORDE

id: ahi
Van Internet gekry - 22 Februarie 2002: www.ahi.co.za

AHI

AHI JAAROORSIG VANUIT UITVOERENDE OOGPUNT

Min het ons kon weet hoe fyn die aanvoeling van die AHI Kongres is vir die regte ding om te doen! Die 1999 AHI Kongres het die President gemagtig om 'n taakgroep byeen te bring om oor sakesektorverteenwoordiging te besin. Die taakgroep het 'n belangrike deel van die jaar se werksaamhede geword juis omdat die ander kamerorganisasies woelig was! Tydens die 2000 AHI Kongres sal die verslag van die taakgroep oorweeg word. Die taakgroep beveel 'n federale model aan met behoud van die AHI as 'n trilogie van strukture (plaaslik, provinsiaal en nasionaal) sodat die AHI steeds 'n sterk eie stem sal laat hoor. Die behoefte aan 'n effektiewe sakestem is van eweveel belang sodat die oorkoepelende federale sakesektororganisasie instaat gestel moet word om dit te kan doen. Die sleutel wat die AHI provinsiekomitees bied om sakediens nader aan grondvlak te lewer, maak dit alles moontlik. Die voorstel bied die geleentheid om die energie te rig op die doelwitte van die sakesektor: om Suid-Afrika te help om die mees aantreklike ontwikkelende land vir beleggings en werkskepping te word.

Die AHI President, dr Willem Barnard, het sy visie vir 1999/2000 in vyf punte saamgevat. Dit het die AHI-aktiwiteite die afgelope jaar as't ware doelgerigtheid help verleen. Die fokus van die land was die jaar op die inwerkingstelling van die Vaardigheidsontwikkelingswet. Die AHI fokuspunt van ondersteuning vir en leiding in goeie en bekostigbare opleiding in onderwys en alle vlakke van opleiding het relevansie gebring. Die besondere bydrae wat sakekamerlede doen in beheerrade was ook in die besoeke erken en verken. Tegelykertyd is die rol van korporatiewe- en sakelede om boonop te help met die lewering van beter onderwys en opleiding oral hoog aangeslaan. Dit stel ons jongmense instaat om oor tyd hul potensiaal te ontwikkel en die land te herbou. Die AHI struktuur is op nasionale vlak uitgebou om ook effektiewe aandag aan onderwys te kan verleen.

Die fokuspunt om weerstand teen verandering af te breek het die AHI nasionale struktuur gedwing om pro-aktief te onderskei aan welke waardes verandering te meet is. Dit het die beïnvloeding van wetgewing onder andere oor mededinging, belastinghervorming, munisipale stelsels, die surplusse in pensioenfondse, hoër onderwys, eiendomsbelasting en arbeidsmark gerig en gelei. Die taak wat AHI lede namens die lede en die land op soveel terreine verrig help ons te vorder. Die tyd was egter nie ryp om enige konstruktiewe vordering met diskriminerende wetgewing te maak nie.

In die vestiging van internasionale netwerke om die agterstand op die mededingingsveld in te haal was die AHI ook baie bedrywig. Ons het in medewerking met die Departement van Handel en Nywerheid ses EU/RSA werkswinkels vir AHI lede en ander belangstellendes aangebied. Ons het 'n verskeidenheid ministers en sake-afvaardigings uit al die wêreldele ontvang en geleentheid vir AHI lede geskep om hul betrokkenheid op internasionale handelsterrein te verhoog. Die Turks/SA Besigheidsraad werk fluks. Planne is op tafel om ook 'n RSA/EU Besigheidsraad te vestig.

Die fokus was ook getrek op die ontwikkeling van bedryfsleiers. In ons besoeke by sakekamers kon ons terugval op die waardevolle bydraes wat Universiteit-, Technikon- en Tegniese Kollege-lede vir lede en die land maak. Die besondere ondersteuning wat Ou Mutual en Business Partners aan die AHI verleen in die jaarlikse kompetisie om uitnemende diens te erken en te beloon trek landwyd die aandag. Dit help om bestaande bedryfsleiers aan te moedig. Die kostelike werk wat me Theresa van der Merwe en dr Richard Chernis met die sterk ondersteuning van Sanlam by Hoërskole ook in medewerking met die plaaslike sakekamers, doen om entrepreneurskap te bevorder en bedryfsleiers te identifiseer was kragtig voortgesit. Die erkennings tydens die Handel- en Nywerheidskongres asook in die platinum erepenning en die MS Louw toekenning by die AHI kongres is hierdie jaar aangevul met 'n spesiale adres aan dr Anton Rupert: elkeen rolmodel vir die AHI.

Die AHI se vergaderings is hierdie afgelope jaar spesiaal daarop ingestel om telkens 'n dinkskrum vir lede oor sake van aktuele belang te wees. Dit voed die krag en relevansie van die AHI. Boonop help dit om lede met aptyt en energie te

mobiliseer om die regte dinge aan te pak en 'n verskil te maak vir die lede en die land.

663 WOORDE

id: alacrity

Kommentaar

Herstrukturering sprogram

PK1

Die finale stadium van Alacrity se herstrukturering sprogram is gedurende Maart vanjaar voltooi met die uitreiking van 26 862 500 aflosbare kumulatiewe voorkeuraandele van 1 sent elk aan Gensec Bank en die verkryging deur Pamodzi Beleggings Beherend Beperk van 34.99% van die uitgereikte aandelekapitaal van Alacrity. Daarby het die herinstelling van die Groep se Intermediêre Waarborgfasiliteit in Februarie 2001 Alacrity se finansiële bestendigheid verstewig. Die vordering van bykomende kapitaal deur die uitreiking van voorkeuraandele laat Alacrity toe om sy groeistrategie aktief na te streef en om deur strategiese verkrygings te gedy. Die beduidendheid van Pamodzi as ons grootste enkele aandeelhouer plaas Alacrity aan die front van swart bemagtiging in die korttermynversekeringsbedryf en as sodanig gee dit aan ons 'n unieke markvoorsprong in ons pad vorentoe. Ons neem toenemend die waarde en voordele van hierdie verbintenis waar.

Winsgewendheid

PK2

Dit is vir Alacrity aangenaam om te kan meld dat 'n noemenswaardige styging in wins vir die ses maande geëindig 30 Junie 2001 aangeteken is. Die wins vir die ses maande beloop R 1.1 miljoen of 0.82 sent per aandeel, wat aansienlik beter is as die wins van R 0.1 miljoen of 0.09 sent per aandeel wat in dieselfde tydperk verlede jaar behaal is. Die gevolge is besonder bevredigend gegewe die uiters moeilike handelstoestande wat geheers het, insluitende 'n duur verskuiwing van 'n wesenlike gedeelte van die maatskappy se persoonlike lyne-bank van een versekeraar na 'n ander. Die maatskappy het hierdie beweging geïnisieer nadat ontdek is dat 'n ernstige vertroulikheidskending deur die oorspronklike verskaffer gepleeg is. Die gevolglike ontwrigting wat dit vir die bedrywighede ingehou het was die hoofrede vir die beskeie 5%-styging in handelsinkomste. Die verbeterde winsgewendheid spruit hoofsaaklik daaruit voort dat die bedrywighede as deel van die herstrukturering meer vaartbelyn gemaak is en 'n verskerpte bestuursfokus op kostebeheer.

PK3 PK4 PK5 PK6

Wesensverdienste

Nà die aanpassing vir die amortisasie van Klandisiewaarde voortspruitend uit verkrygings, het wesensverdienste van 'n verlies van R 1.5 miljoen verlede jaar tot 'n wins van R 1.6 miljoen vanjaar gestyg. Die styging in wesensverdienste wat gedurende die tydperk onder oorsig behaal is, spreek daarvan dat die herstrukturering sprogram meegebring het dat die oorspronklike teikens behaal kon word.

PK7

Netto Batewaarde

Die netto batewaarde het van 8.15 sent per aandeel tot 13.91 sent per aandeel gestyg, 'n verbetering van 71%.

Vooruitsigte

Met die ondersteuning van Pamodzi en die onlangs aangekondigde verkryging van 'n maatskappy wat werknemersvoordele en adviesdienste verskaf, is die Groep nou goed geplaas om die volledige reeks finansiële dienste-oplossings aan 'n breër klantebasis te bied. Dit, tesame met etlike ander inisiatiewe wat tans nagestreef word, behoort die Groep in staat te stel om in die toekoms 'n beduidende groei en verhoogde winsgewendheid te behaal.

PK8

Op las van die direksie

415 WOORDE

Ndaba Ntsele Jan Erasmus
Voorsitter Uitvoerende Hoof
Johannesburg
26 Julie 2001

Direkteure

N A Ntsele (Voorsitter), J M D Erasmus* (Groep Uitvoerende Hoof), D Masson, M H Muller*
B D James*, S D Levitt* (Brits), A Hayward, J J du Plooy, S A Msibi, A D Dixon*, L Keel (Switsers),
Z B H Nkosi*.
* Uitvoerend

Van Internet gekry: 22 Februarie 2002 - www.ast.co.za

Voorsittersverslag - February 2002

OORSIG

PK1 Dit is vir my 'n voorreg om weer eens uitstekende resultate aan te kondig. Die IT industrie in geheel het 'n moeilike 2001 beleef en slegs teen 9 % gegroei. Dit is vererger deur die gebeure van 11 September asook die val van die Rand teen einde van 2001. Ons het ten spyte van die negatiewe marktoestande 'n hoë groeikoers gehandhaaf. 'n Merkwaardige patroon het duidelik na vore gekom - die omset wat tydens die eerste ses maande van dié finansiële jaar bereik is, is PK2 gelykstaande aan die omset wat tydens die volle finansiële jaar van 2000 behaal PK3 is. 'n Prestasie vir die derde agtereenvolgende jaar.

PK4 Ons 46% groei in omset kan aan die toename in markaandeel en die opbrengs uit historiese beleggings, toegeskryf word - dit is 'n duidelike aanduiding van ons vermoë om suksesvol op geleentheede in die mark te reageer en die potensiaal van ons besigheidsmodel. Dit is 'n uitstekende prestasie, veral omdat 'n

PK5 bedryfswinsmarge bo 11% gehandhaaf is. Daar moet verder in aanmerking geneem PK6 word dat ons reeds R14 miljoen aan 'n aantal groot nuwe projekte, wat meer as R400 miljoen werd is, bestee het. Die winste wat uit hierdie projekte voortspruit het, sal eers in die tweede helfte, begin deurkom. Ons gaan voort om in nuwe wêreldse tegnologie te belê. Dit word gedoen deur gesamentlike PK7 ondernemings waar risiko en opbrengs gebalanseer word. Ons knapkaart- en PK8 biometriese inisiatiewe het alreeds 'n substansiële kliënte basis, met noemenswaardige projekte wat in Februarie 2002 reeds inkomste genereer.

Ons het kritieke massa in elkeen van ons tegnologie besigheidseenhede bereik, wat 'n strategiese doelwit was voor ons in 1998 beurs toe gegaan het. AST is reeds 'n vooraanstaande IT diensverskaffer in Suid Afrika, terwyl onafhanklike navorsing al AST se individuele besigheidseenhede ook as leiers in hul onderskeie markte beskou. 'n Verdere kompeterende voordeel is ons vermoë om vinnig by die veranderinge in marktoestande aan te pas.

Waar ons voorheen in IT Dienste en Verspreide Verwerking 'n positiewe stukrag ervaar het, kan ons nou aankondig dat ons dieselfde in Netwerke ervaar. Ons leierskap in die IT Dienste en Uitkontrakterings- omgewings is gedurende hierdie periode met 'n aantal merkwaardige nuwe kontrakte versterk. Ons sien uit daarna om in die volgende periode dieselfde prestasie in die Netwerke omgewing te bereik. Al hoe meer Suid-Afrikaanse korporatiewe kliënte erken die bydrae wat uitkontraktering kan maak tot verhoogde effektiwiteit en verlaagde kostes. Ons onlangse sukses in Besigheidsdienste dui aan dat die aanvaarding van uitkontraktering in dié segment ook sterker na vore kom.

Ons is tevrede met ons groei in Australie. Die besigheid is gesond maar resultate is in lyn met die swakker marktoestande wat wêreldwyd ervaar is. Ons merk egter reeds tekens van herstel. Europa word al hoe belangriker in ons internasionale strategie. Die val van die rand plaas 'n mate van beperking op ons internationaliseringsprogram.

DIVIDENDE BELEID

Die huidige beleid van die Groep is om nie dividende te betaal nie. Die Dividend Beleidkomitee het aanbeveel dat die raad hierdie beleid hersien.

KAPITAAL UITGAWE Die kapitaalspandering van die Groep gedurende die

PK9 oorsigperiode was R29 miljoen wat aan beleggings in tegnologie infrastruktuur bestee is. Verbintenisse tot kapitaaluitgawe van R12,5 miljoen is in dié periode gemaak. PK10

EKONOMIESE BEMAGTIGING (BEE)

Die aantal nuwe kontrakte wat ons in die regeringsomgewing gewen het is 'n verdere bewys dat ons model vir swart bemagtiging positief ontvang word. PK11 Gesamentlike ondernemings waar die swart vennoot sy eie aflewerings vermoë het en op gelyke voet met AST saamwerk skep kundigheid sowel as bestuursvermoëns. Ons model het verskeie benaderings, van direkte projek betrokkenheid tot gelyke vennootskappe en eindelik groter deelname in die genoteerde AST.

Ons besef dat die uitbreiding van ons BEE aandeelhouding met aktiewe vennote 'n groot geleentheid is. Die plasing van die Kumba-aandele, wat deur verskeie marksituasies vertraag is, is steeds in proses. Die BEE vennote is bereid om die aandele in kleiner blokke op te neem. Die uitkoms van die plasing van die aandele is 'n hoër prioriteit as die spoed waarteen dit gedoen word. PK12 PK13

VOORUITSIGTE

Ek is opgewonde oor AST se vooruitsigte. Die jaar doelwitte is afgedek. Die Groep is sterk op pad om in die medium termyn sy markaandeel verder uit te brei met toenemende winsgroei. PK14

Vir en namens die direksie

675 WOORDE

Gerrie J de Klerk
Uitvoerende Voorsitter
19 Februarie 2002

id:bkb

BKB

BKB se voorsittersverslag: bkb.co.za

Van die Internet afgelaai: 21 Februarie 2002

VOORSITTERSVERSLAG
Vir die jaar geëindig 30 Junie 2001

INLEIDING
Die maatskappy het vir die 2001-finansiële jaar met 'n verbeterde positiewe finansiële resultaat in vergelyking met die voorafgaande jaar afgesluit. Hierdie verbetering word toegeskryf aan die volgende faktore:
PK1 Verminderde mannekraguitgawes.
Laer rentekoerse.
Verbeterde resultate deur filiaalmaatskappye. PK2
Gunstige produksietoestande.
Toename in veselpryse.
Gedurende hierdie finansiële jaar het Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk (OVK) 'n aanslag geloods om deur middel van 'n vyandige oorname beheer oor die maatskappy te verkry.
Tydens 'n Buitengewone Algemene Vergadering wat op 28 Junie 2001 gehou is, is PK3 PK4 die voorgestelde besluite wat ten doel gehad het om die OVK-oorname moontlik te maak, met 99,98 persent teenstem verwerp en het OVK op 26 Julie 2001 aandeelhouers meegedeel dat die aanbod en alternatiewe aanbod aan BKB-aandeelhouers, gedateer 6 Junie 2001, verval het.
PK5 Dit is die Direksie van BKB se ervaring van hierdie vyandige oornamepoging dat dit aangestig is deur opportuniste wat op arrogante amateuragtige wyse en sonder behoorlike voorafondersoek op BKB toegesak het. Die Suid-Afrikaanse Landbou het nie plek vir hierdie element nie en kan dit nie bekostig dat
PK7 miljoene rand van landbouers se fondse op dié manier verkwis word nie. PK6
BKB-aandeelhouers word hiermee bedank vir hul lojaliteit jeens BKB en die steun wat hulle aan die beleid van die Direksie illustreer het deur die ondubbelsinnige verwerping van hierdie ongevraagde poging om op die wol- en sybokhaarprodusente van BKB se bates beslag te probeer lê.
Die skakeling en nouer kontak met BKB-aandeelhouers wat weereens op Direksie- en Hoofbestuursvlak gedurende die bevegting van hierdie oornamepoging gemaak is, PK8 sal in die toekoms op 'n deurlopende grondslag in stand gehou word. PK9
Die effek op die maatskappy van hierdie aangeleentheid behels die volgende:
Onnodige uitgawes wat substansieel negatief op die maatskappy se inkomstestaat impakteer het.
Verkwisting van direksie- en bestuurstyd.
Vertraging met die uitvoering van die maatskappy se herstrukturering sbeplanning.
Ten einde die eiesoortige omstandighede van die besigheidsomgewing waarbinne die maatskappy optree langtermyn effektief te hanteer, word strategieë nagevolg wat onder andere die volgende elemente huisves: PK10
Die optimalisering van veselhantering.
Verbeterde winsgewendheid.
Verskansing teen potensiële oornames.
Implementering van die maatskappy se herstrukturering struktuur.
PRODUKSIETOESTANDE
Nasionaal beskou was dieselfde gunstige produksietoestande as die vorige finansiële jaar van toepassing. Die volgende streeksverskille het egter voorgekom:
Die Suid-Westelike Distrikte beleef 'n herhalende rampdroogte. Verkoop van aanteelvee is aan die orde en wintergrane is oor die algemeen 'n mislukking. Voer van diere of verskuiwing daarvan na distrikte met beter weiding word gedoen om die vee te red. PK11

Die winterreënvalgebied van die Boland het 'n besonder warm somerdroogte deurgemaak en winterreëns het relatief laat geval. Daarna het die situasie grootliks gestabiliseer.
Die somerreënvalgebiede van veral die Karoo en die Suid-Vrystaat het besonder goeie weidingstoestande na goeie somer- en selfs winterreëns voorgekom het. Die somersaaigebiede het egter eers oormatige nat toestande tot aan die einde van Desember 2000 gehad waarna heelwat graan vanweë 'n seisoenale droogte verdroog het. In sekere distrikte is baie laat gestroop vanweë die nat lande na die somerreëns. PK12

EKONOMIE PK13

PK14 Verswakkende ekonomiese toestande teenoor die vorige finansiële jaar was van toepassing. Dit word illustreer deur die onderstaande ekonomiese aanwysers:
Gedurende 2000 is 'n groeikoers van 3,1 persent aangeteken terwyl die vooruitskatting vir 2001 op 'n syfer van tussen 2,0 en 2,8 persent gestel word. PK15
Die prima-bankkoers wat gedurende Julie 2000 op 14,5 persent gestaan het, het gedaal tot 13,75 persent gedurende Junie 2001.
Die inflasiekoers (soos gemeet aan die algehele verbruikersprysindeks) het vanaf 7,9 persent gedurende Julie 2000 gestyg tot 8,1 persent gedurende September 2000, waarna dit basies sywaarts beweeg het op 7,7 persent tot Februarie 2001 en toe stelselmatig gedaal het tot 6,3 persent gedurende Junie 2001.
Die rand/dollar wisselkoers het vanaf R6,89 in Julie 2000 verswak tot R8,05 in Junie 2001.
Die dramatiese verswakking van die rand/dollar wisselkoers hou egter die korttermynvoordeel in dat meer in randterme opgelewer word vir uitvoerprodukte. PK16
Die gekoppelde hoër invoerpryse kanselleer hierdie voordeel egter oor die mediumtermyn uit.

WOL
Die volgende statistiese besonderhede hou verband met BKB se wolhanteringsaksies gedurende die 2001-finansiële jaar:
Wolhantering het met 11,2 persent vanaf 35,6 miljoen kilogram vir die 1999/2000-wolseisoen tot 31,6 miljoen kilogram in die 2000/2001-wolseisoen gedaal.
BKB het 75,8 persent van die wol wat deur die Beursveilingstelsel aangebied is, hanteer. PK17
Die gemiddelde wolpryse het vanaf R11,44 per kilogram vir die 1999/2000-
PK18 wolseisoen tot R14,28 per kilogram vir die 2000/2001-wolseisoen gestyg. Dit verteenwoordig 'n styging van 24,8 persent.
Die waarde van die wol wat deur BKB bemark is, het vanaf R405,4 miljoen vir die 2000-finansiële jaar tot R445,9 miljoen vir die 2001-finansiële jaar toegeneem. Dit verteenwoordig 'n styging van 10,0 persent.
Die volgende oorsigtelike kommentaar en gebeure vir die 2001-finansiële jaar is op BKB se Wolhanteringsafdeling van toepassing:
PK19 Die na-veiling uitbetalingsperiode aan produsente is van veertien dae na vyf werksdae verminder.
Daar is oorgeskakel na totale voor-veiling hoëdigtheidspersing van bale ter verbetering van hantering en bergingsruimte.
PK20 'n Kleiner makelaar op die gebied van veselsortering het tot die mark toegetree. Ondersoeke na en keuse van 'n nuwe rekenaarstelsel vir die veselmakelaarsfunksie is afgehandel en is besluit om die Talman-makelaarstelsel in Australië aan te koop. PK21
Opleiding van die implementeringspan vir die Talman-makelaarstelsel is in Australië gedoen. PK22
Meganisasie van wolhanteringsfasiliteite ter aansluiting by die Talman-makelaarstelsel is deurgevoer. PK23
Inkorting van veselhanteringsmannekrag is in Kaapstad en Port Elizabeth gefinaliseer. PK24
Die sekuriteitstelsels in Kaapstad en Port Elizabeth is opgradeer. PK25

SYBOKHAAR
Die volgende statistiese besonderhede hou verband met BKB se sybokhaarhanteringsaksie gedurende die 2001-finansiële jaar.

Sybokhaarhantering het met 13,3 persent vanaf 924 000 kilogram gedurende die 1999/2000-winter- en somerseisoene tot 801 000 kilogram gedurende die 2000/2001-winter- en somerseisoene afgeneem.
Die waarde van sybokhaar verhandel het met 9,9 persent van R40,0 miljoen gedurende die 2000-finansiële jaar tot R36,1 miljoen gedurende die 2001-finansiële jaar gedaal. PK26
Gedurende die 2001-finansiële jaar is 793 000 kilogram sybokhaar verkoop teenoor 1,0 miljoen kilogram gedurende die 2000-finansiële jaar, wat 'n daling van 22,0 persent verteenwoordig.
Die gemiddelde prys van sybokhaar het met 17,1 persent vanaf R39,66 per kilogram gedurende die 2000-finansiële jaar tot R46,45 per kilogram vir die 2001-finansiële jaar gestyg.
BKB het 20,6 persent van die sybokhaar wat deur beursveilings aangebied is, PK27 hanteer.
Ten opsigte van sybokhaarprysbewegings hou die volgende verband:
Skerp prysstygings oor alle tipes het gedurende die eerste helfte van die jaar voorgekom wat op hoë vlakke gehandhaaf is. PK28
PK29 Gedurende die laaste drie maande was die prys van jong- en veral kleinbokkiehaar onder druk en is skerp dalings aangeteken.
Die toestroming van bokhaar gedurende Januarie/Februarie 2001 het 'n negatiewe uitwerking op sybokhaarpryse gehad.
Die volgende oorsigtelike kommentaar en gebeure vir die 2001-finansiële jaar is op BKB se Sybokhaarafdeling van toepassing:
Die aanslag op die sybokhaarmarkaandeel van BKB deur nuwer toetreders het PK30 voortgeduur. 1014 WOORDE

Produksievolumes van veral klein- en jongbokhaar is erg benadeel deur koue vrektes van nagenoeg 25 000 diere gedurende Januarie 2001.
Die Kamdeboo kwaliteitsmerk soos in die vorige jaar geloods, het die ondersteuning verkry van ongeveer sestig van die grootste sybokhaarprodusente.
'n Oormatige toevloei van sybokhaar gedurende Januarie/Februarie 2001 het aanleiding gegee tot rantsoenering oor twee veilings in 'n poging om prysdalings teen te werk.

LEWENDE HAWE

Die volgende statistiese besonderhede hou verband met BKB se lewende hawe-aksie gedurende die 2001-finansiële jaar.
Die aantal grootvee bemark het met 10,3 persent vanaf 44 046 eenhede gedurende die 2000-finansiële jaar na 39 520 eenhede gedurende 2001-finansiële jaar gedaal.
Die aantal kleinvee bemark het met 10,0 persent vanaf 515 562 eenhede gedurende die 2000-finansiële jaar na 463 772 eenhede gedurende 2001-finansiële jaar gedaal.
Die waarde van lewende hawe deur BKB bemark het vanaf R206,4 miljoen vir die 2000-finansiële jaar tot R245,1 miljoen vir die 2001-finansiële jaar toegeneem.
In globale konteks het die volgende betrekking teenoor die Lewende Hawe-afdeling van BKB:
Beide in die geval van groot- en kleinvee het vleispryse gedurende die 2001-finansiële jaar gestyg.
Hierdie stygings behels ongeveer vyf persent tot 10 persent. Die pryse van C-graad beeste het ook noemenswaardige stygings getoon, soveel so dat ekonomiese aankope vir vleisbemarking daardeur bemoeilik was. Die stygings was egter wisselvallig van aard en het nie deurgaans gegeld nie.
Gedurende die jaar is weer toegetree tot lewende hawe bemarking in die ex-Veesentraal gebiede. 'n Bemarkingskantoor is vir dié doel op Bethlehem gestig en is 'n beperkte aantal lewende hawe beamptes, asook 'n gespesialiseerde eiendomsbemarker, in diens geneem.

HANDEL

Die BKB-groep se omset met sy handelsaktiwiteite, intragroep omset uitgesluit, het vanaf R177,6 miljoen vir die 2000-finansiële jaar tot R175,8 miljoen vir die 2001-finansiële jaar gedaal. Dit verteenwoordig 'n daling van 1,0 persent.
Die volgende opmerkings het op die Handelsafdeling betrekking:

id: BoE

GEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG
30 SEPTEMBER 2001

- Wesenverdienste per aandeel styg met 15%
- Dividend per per aandeel styg met 19%
- Opbrengs op ekwiteit styg tot 18%
- Koste-tot-inkomste-verhouding verbeter tot 50%

'N JAAR GEKENMERK AAN DIE VERFYNING VAN STRATEGIE, VERBETERING VAN KAPITAALBESTUUR EN VERHOGING VAN BEDRYFSDOELTREFFENDHEID

Ná die Groep se herstrukturering in 2000 is daar in 2001 op drie sleutelareas gefokus: PK1

- Die verfyning van strategie en die herstrukturering van die Groep se sake in pas met hierdie strategie;
- Die verbetering van kapitaalbestuur en die verhoging van kapitaalopbrengste vir aandeelhouers; en
- Die verhoging van bedryfsdoeltreffendheid binne die raamwerk van die groepstrategie.

Die Groep se wensensverdienste vir die jaar was R1 192 miljoen en die wesensverdienste per aandeel het met 15% gestyg van 45,3 sent tot 52,1 sent. Wat NBS betref, het residensiële eiendomsontwikkeling en klein kommersiële eiendomslenings 'n swak jaar beleef vanweë groter voorsienings vir slegte skulde. Dit is egter verreken deur 'n stewige vertoning deur korporatiewe banksake. PK2

- Totale inkomste het met 15% gestyg, waarvan 24% toegeskryf kan word aan 'n PK3 styging in ander bedryfsinkomste en 7% aan 'n styging in netto rente-inkomste (marge). Die marge is negatief geraak deur die vermindering in kontant wat vir aandeleterugkope gebruik is en laer rente verdien op vryvloeikapitaal as gevolg van dalende rentekoerse. Indien hierdie uitwerking nie in ag geneem word PK6 nie, sou die marge met 13% gestyg het. Terugkope het egter 'n positiewe impak op groepsverdienste per aandeel en ekwiteitsopbrengs gehad.

PK4 PK5

- Danksy streng beheer oor uitgawes het oorhoofse kostes met slegs 2% gestyg ná 'n aanpassing vir nuwe besighede verkry. BoE se koste-tot-inkomste-verhouding was 50%, 'n verbetering op die vorige jaar se 54%.

PK7

- Sterk bategroei is deur die kernafdelings, naamlik korporatiewe en besigheidsbanksake, behaal. Die beleggingsbestuursake het begin om 'n positiewe ommeswaai in bategroei te ervaar.
- Die Groep het sy voorsienings vir eiendomme in besit (EiB's) en nie-presterende lenings (NPL's) aggressief verhoog. Die NBS-afdeling het lenings in die residensiële ontwikkelings- en kommersiële eiendomsmarkte opgeskort. Slegteskulduitgawes het 1,4% van voorskotte bedra teenoor 1,0% die vorige jaar. Van die totale slegteskuldkoste van R671 miljoen het R418 miljoen op NBS betrekking. EIB's en NPL's is onder die huidige omstandighede redelik gewaardeer. PK8 EiB's word tans bevredigend verminder. PK9
- Die Groep het sy likiditeit verbeter en die jaar in 'n stewige posisie afgesluit. Die termyn en diversiteit van BoE se finansiering is verleng deur 'n PK10 een-jaar, valuta-verskansde, VSA$130 miljoen buitelandse gesindikeerde lening en die uitreiking van 'n R1 750 miljoen drie-jaar onondergeskikte verband. Kleinhandeldeposito's het met 13% gegroei en verteenwoordig tans 37% van totale deposito's.

Strategie

BoE se strategie is om die Groep as een van Suid-Afrika se voorste spesialis bank- en beleggingsbestuursgroepe te posisioneer. Die kern van die strategie is om 'n spesialis verskaffer van finansiële oplossings aan besighede, en deur besighede aan individue, te wees. Die Groep gaan op marksegmente fokus wat die potensiaal het om vinniger as die ekonomie as 'n geheel te groei, waarin BoE 'n betekenisvolle markaandeel kan verkry en waar die risiko/opbrengs-verhouding aanvaarbaar is. BoE het:

- Op drie kernsakegebiede gefokus:
- Aksep-, Korporatiewe en Besigheidsbanksake;

• Beleggingsbestuur; en
• Kleinhandelbanksake met die primêre fokus op die lae tot middelinkomstemark.
- Sy aandeel in African Bank Investments Limited (ABIL) verkoop by wyse van 'n spesifieke aandeleterugkoop deur ABIL. BoE het as gevolg hiervan 'n nie-wesensafskrywing van R716 miljoen opgeteken, waardeur 'n gedeelte van voorheen gerapporteerde herwaardasiewinste omgekeer is.
- Nuwe besighede verkry om sy bestaande sake te komplementeer:
• Credcor, 'n vooraanstaande verskaffer van krediet, via kleinhandelaars aan verbruikers, hoofsaaklik in die opkomende markte;
• Cashbank, 'n spesialis verskaffer van behuisingsfinansiering aan die opkomende markte (Oktober 2001);
• Edge Investments, 'n multibestuurder en versekeringsmakelaar wat beleggingsoplossings aan die individuele en werknemervoordelemarkte verskaf; en
• Stenham Gestinor, 'n internasionale batebestuurs- en trustmaatskappy vir privaat kliënte.
- Die uitvoerende span versterk om te verseker dat die sake-eenhede die nodige bestuursdiepte het om doeltreffende opvolgerskap te verseker.

Verbeterde kapitaalbestuur PK11

BoE het ná die herstrukturering in 2000 steeds surplus kapitaal op hande gehad. Verdere kapitaal is vanjaar aangewend vir verkrygings en die voortsetting van die aandeleterugkoopprogram. BoE het 74 miljoen aandele ter waarde van R317 miljoen teruggekoop. Ekwiteitsopbrengs het tot 18% verbeter. Verdere verbetering is nodig BoE het ná die herstrukturering in 2000 steeds surplus kapitaal op hande gehad. Verdere kapitaal is vanjaar aangewend vir verkrygings en die PK12 voortsetting van die aandeleterugkoopprogram. BoE het 74 miljoen aandele ter waarde van R317 miljoen teruggekoop. Ekwiteitsopbrengs het tot 18% verbeter. Verdere verbetering is nodig en in die jaar vorentoe gaan dit 'n fokus bly. PK13

Bedryfsprestasie

BoE Merchant Bank het sterk verdienstegroei behaal met 'n besonder goeie vertoning deur sy privaat ekwiteitsbeleggings portefeulje. Die mededinging in hierdie sektor bly straf maar BoE glo dat die Groep uitstekend geplaas is om die goeie resultate voort te sit. BoE Corporate en BoE Bank Besigheidsafdeling het albei goeie groei en ekwiteitsopbrengste aangeteken. Die Groep se PK14 kleinhandelbankinisiatiewe wat op die laer tot middelinkomstemarkte gemik is, word oorwegend deur die handel bemark. Die strategie is veronderstel om in vyf basiese behoeftes te voorsien: 'n toeganklike, laekoste fisiese verspreidingsnetwerk; beskostigbare transaksiekostes; 'n eenvoudige, enkele spaarrekening; mededingende persoonlike leningsprodukte; en 'n gesekureerde, laerente huisleningsproduk. Die Beleggingsbestuursafdelings het onder verwagting presteer. Die Groep het nou hierdie afdelings in pas met BoE se verklaarde strategie geïntegreer. Danksy volgehoue beleggingsprestasie word bategroei PK15 behaal wat saam met 'n verlaging in die kostebasis die fondament gelê het vir verdienstegroei in die komende boekjaar.

Die verkryging van Edge Investments laat die Groep toe om die werknemervoordelemark daadwerklik te ontgin deur 'n meer omvattende produkaanbieding. Die verkryging van Stenham Gestinor versterk BoE se PK16 buitelandse platform en bring bykomende produkte en 'n wyer verspreidingsbasis. Die buitelandse sake is nou by die Beleggingsbestuursake geïntegreer en gevolglik het BoE valutawinste van R80 miljoen by inkomste in berekening gebring ooreenkomstig Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

PK17 Nie-kern-besigheidsbeleggings

Goeie vordering is gemaak met die hantering van nie-kern-besigheidsbeleggings en om die Groep op sy kernbesigheid, naamlik banksake en beleggingsbestuur, te fokus. BoE het in die 2000 finansiële jaar sy besitkostes ten opsigte van Monex en Century City, die enigste twee groot nie-kern-besigheidsbeleggings wat die Groep nog oor beskik, afwaarts herwaardeer. Die herkapitalisering van Monex en die aanbod om minderheidsaandeelhouers uit te koop, sal BoE in staat stel om te gelegener tyd aan hierdie belegging aandag te gee. Century City gaan voort om in pas met aanvanklike verwagtings te presteer en lewer 'n positiewe bydrae tot die Groep.

Die toekoms

Dit was 'n uitdaging om die Groep se oorgang die afgelope agttien maande te bestuur. Die snelveranderende werêld en die onlangse gebeure in Amerika het tot onsekerheid oor die jaar vorentoe bygedra. Teen hierdie agtergrond het BoE as 'n sterker Groep na vore getree. Die Groep het teruggekeer tot sy kernfokus as 'n spesialis bank- en beleggingsbestuursgroep.

Die Groep gaan in 2002:

• Die Korporatiewe en Besigheidsbanksake se stewige fondament gebruik as afskop vir die uitbreiding van ons Beleggingsbestuurs- en Kleinhandelbanksake;

• Kapitaal aktief bestuur ten einde te verseker dat ekwiteitsopbrengs tot bevredigende vlakke verhoog word;

en

• Die inisiatief vir verhoogde bedryfsdoeltreffendheid voortsit. Die Groep gaan voort om sinergieë te ontwikkel, om kostes in toom te hou en om kruisverkoopsgeleenthede te ontgin.

Die Groep begroot vir volgehoue verdienstegroei.

Goedkeuring

Die jaarresultate wat hiernaas verskyn is op 15 November 2001 deur die direksie goedgekeur en word namens die direksie onderteken deur:

WJ McAdam TA Boardman

Voorsitter Uitvoerende Hoof

248950 AFR 54x10 BoE 19/11/2001 4:48 PM Page 1 (2,2)

1004 WOORDE

id: capejoint

Cape Joint

Voorsitterverslag AJV 2001

INLEIDING
DAMES EN HERE
Dit is vir my 'n voorreg om u by die vierde Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds welkom te heet. Ek vertrou dat u die vergadering insiggewend sal vind en vra dat u almal asseblief sal deelneem aan die verrigtinge wat gaan volg. U kry slegs eenmaal 'n jaar die kans om u mening te lug by so 'n forum, en daarom vra ons u om ten volle van hierdie geleentheid gebruik te maak.
DIE STAND VAN DIE FONDS
AKTIEWE LEDE
Die Fonds het gedurende die afgelope jaar sterk groei getoon. Daar was 'n styging in die getal lede binne die Fonds en die batewaarde het ook groei getoon. Die getal lede het van 19190 aktiewe lede soos op 30 Junie 1999 gegroei tot 19875 lede soos op 30 Junie 2000 en het sedertdien verder vermeerder tot 20129 soos op 31 Desember 2000
Die volgende grafiek reflekteer die geografiese verdeling van ons lede volgens provinsie:
PENSIOENARISSE
Die hoofdoel van die Fonds bly steeds om aan lede aftreevoordele te voorsien met die klem op aftrede. Die Raad van Trustees by die Aftreefonds voel dat hulle in hierdie opsig hulself baie goed van hul taak gekwyt het. Die aantal pensioenarisse het vermeerder van 463 soos op 30 Junie 1999 tot 663 soos op 30 Junie 2000. Die volgende grafiek dui die huidige stand van pensioenarisse aan
PERSONE WAT PENSIOENE ONTVANG
Die relatiewe klein getal lede wat 'n pensioen ontvang is nie 'n aanduiding van ons totale getal lede wat eers in die Fonds was en nou afgetree het nie, omdat 'n groot getal van ons lede steeds verkies om ten volle te kommuteer (dit wil sê hulle volle lidbelang te neem0. As gevolg hiervan kan die groei in die getal pensioenarisse dus nie net toegeskryf word aan normale aftredes nie, maar eerder as gevolg van swak gesondheid (71 gevalle), asook die afsterwe van aktiewe lede wat 126 afhanklikes nagelaat het, waarvan 85 kinders is. Die gemiddelde ouderdom van kinderafhanklikes is 12 jaar, wat dui op aanspreeklikheid vir ongeveer ses jaar tot die kind agtien-jarige ouderdom bereik. Die pensioenarisverpligtinge het soos op 30 Junie 2000 R123 186 396,00 beloop en word deur die aktuaris as volg bereken PK1
Ongeskiktheidsgevalle R64 897 526. Afgetredenes R7 038 246.00
Eggenote R42 801 689.00
PK2 WeeskindersR8 448 934.00Dit is nog nie duidelik of die groei in die getal lede wat ongeskik verklaar word asook die sterftesyfer vir aktiewe lede, toegeskryf PK3 kan word aan die Vigspandemie nie. Die Fonds is in die bevoorregte posisie waar die meerderheid van die aktiewe lede in die Wes-Kaap Provinsie is, waar die voorkoms van Vigs die laagste van al nege provinsies is. Die koste van herversekering van risiko-voordele vir ons lede is nog relatief laag, maar die Fonds moet nie te gerus raak nie. Dit mag dalk in die toekoms nodig wees om voorsorg te tref om die verhoogde risiko-koste wat deur Vigs veroorsaak word, te beheer. PK4
PK5 FINANSIëLE SAKEAlhoewel die finansiële state van die Fonds in meer diepte bespreek sal word as 'n aparte item op die agenda, is dit nog steeds met trots dat ons daarop wys dat die Fonds met ongeveer R424 miljoen gegroei het van 30 Junie 1999 tot soos op 30 Junie 2000. Die totale beleggingsinkomste van die Fonds (R317 miljoen) het ook die totale bydraes van lede en owerhede oorskry (R295 miljoen). Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die Fonds dat dit gebeur het
FINALE BONUSVERKLARING VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2000
Alle aktiewe lede behoort teen dié tyd al hulle jaarlikse voordele state ontvang het waarop hul eie lidbelang soos op 30 Junie 2000 aangedui word. Bogemiddelde beleggingsopbrengste het dit vir die Raad van Trustees moontlik gemaak om 'n

PK6

effektiewe bonusverklaring van 18% vir die jaar te maak. Lede moet asseblief nie onder die indruk verkeer dat hierdie bonusverklaring definitief weer in die toekoms herhaal gaan word nie. 'n Faktor wat bygedra het tot hierdie uitstekende bonusverklaring waaruit alle lede voordeel getrek het, was die toekenning van Old Mutual en Sanlam aandele wat met hulle demutualisering plaasgevind het. Dit het 'n bedrag van R40 miljoen beloop.

BONUSVERKLARING / OPBRENGSGELYKMAKINGSBELEID

Iets wat baie prominent na vore gekom het in die Pensioenfondsbedryf die afgelope jaar is die sogenaamde oorskotte in die pensioen- en aftreefondse. Daar word dikwels gevra dat hierdie oorskotte aan die lede toegeken moet word omdat hulle 'verloor' indien hulle uit die Fonds tree voordat dit verdeel word. Hierdie Fonds en sy Raad van Trustees was ook al daarvan 'beskuldig' dat hulle vashou aan 'onverdeelde winste' tot nadeel van die lede

Grafiek - opbrengsgelykmakingsbeleid

Ek wil graag aan u meedeel dat die Fonds 'n beleggingsreserwe het wat wissel tussen 14% en 20 van die totale bates. U moet onthou dat die meerderheid van die Fondsbates verteenwoordig word deur aandele soos genoteer op die Johannesburgse Effektebeurs. Om hierdie rede is die waarde van hierdie bates onderhewig aan drastiese skommelinge op die Effektebeurs, en daarom kan die waarde van bates wat vandag R2 biljoen beloop, oor twee maande R1.7 biljoen werd wees. Dit is dus die beleid van die Raad van Trustees om 'n beleggingsreserwe te hê as buffer tydens drastiese dalings in die waarde van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs. Dit het daartoe gelei dat die Raad van Trustees, desnieteenstaande drastiese skommelinge op die Johannesburgse Effektebeurs, altyd daartoe in staat was om positiewe bonusse te verklaar. Dit is natuurlik moontlik om bonusverklarings sodoende te verhoog sodat daar geen beleggingsreserwe oorbly nie. In hierdie geval moet lede onthou dat 'n drastiese daling op die effektebeurs negatiewe bonusverklarings te weeg kan bring en wat dus 'n vermindering in lede se belang sal veroorsaak, want die Fonds kan nie fondse uitbetaal wat nie bestaan nieDie Raad van Trustees was nog altyd van mening dat lede nie van negatiewe bonusverklarings hou nie en dat stabiele en geleidelike bonusverklarings lede toelaat om sinvoller en meer betroubare finansiële beplanning te doen.

SALGA INISIATIEF OOR EEN NASIONALE FONDS

Lede sal onthou dat kort na verlede jaar se AJV het SALGA 'n inisiatief geloods vir die stigting van een nasionale fonds vir alle plaaslike owerheidswerknemers. Hierdie besluit was gebaseer op die sogenaamde NBC-verslag wat deur SALGA geïnisieer was. Die Fonds het onmiddellik stappe geneem om hierdie inisiatief teen te staan. 'n Reeks vergaderings was met lede belê om hulle oor die SALGA voorstelle in te lig en hulle menings daaroor te kry. Lede het eenparig die SALGA voorstelle afgekeur asook teenstand gebied teen die veldtog wat die NBC-verslag voorafgegaan het. 1007 WOORDE

Hierdie saak was reeds vanaf Maart 2000 die onderwerp van bespreking by die Vereniging van Aftreefondse vir Plaaslike Owerhede (LGRFA), 'n vereniging wat die prominentste Plaaslike Owerheidspensioenfondse verteenwoordig en waarvan die Kaapse Gemeenskaplike Aftreefonds 'n lid is. Die LGRFA het 'n maatskappy van aktuarisse aangestel om 'n onafhanklike ondersoek in te stel na plaaslike owerheidspensioen/aftreefondse. Die gevolgtrekking waartoe die onafhanklike verslag van die aktuarisse wat deur die LGRFA aangestel is, gekom het, het bykans al die stellings en gevolgtrekkings wat in die NBC-verslag gemaak is en wat die basis van die SALGA bewerings was, aan die kaak gestel.

Die inisiatief by SALGA om een nasionale fonds te stig, het op hierdie stadium doodgeloop. Die Raad van Trustees en LGRFA sal nietemin waaksaam wees en enige vyandige pogings tot oorname van hierdie Fonds onmiddellik probeer stu.

VOORGESTELDE BELASTING OP KAPITALE WINSGedurende die Minister van Finansies se begrotingstoespraak in Februarie 2000 het hy aangekondig dat hy van plan is om

id: clover

clover se jaarverslag - van die Internet gehaal 21 Februarie 2002:
www.clover.co.za

Voorsittersverslag
N C D J a a r v e r s l a g 2000
Die afgelope finansiële jaar het afgeskop met lae produsentepryse, 'n surplus melk en 'n swak vraag na suiwelprodukte. Hewige mededinging as gevolg van die toetrede van meer melkerye tot die kleinhandel het grotendeels tot die lae kleinhandelspryse vir suiwelprodukte bygedra. Gedurende die afgelope ses maande het melkproduksie egter afgeneem en is produsentepryse oor 'n breë front opwaarts aangepas. PK1
Finansiële resultate
Die Groep se omset was R2,9 miljard in vergelyking met R2,7 miljard in 1999. Dit verteenwoordig 'n groei van 6,8% teenoor die vorige jaar. Hierdie jaar is 'n wins van R0,3 miljoen gerealiseer, teenoor 'n verlies van R52,8 miljoen die vorige jaar sal wees en dat die finansiële vrugte daarvan in die toekoms gepluk sal kan word. PK2
Met die ooq op dr M N Hermann se aftrede volgende jaar, is die bestuurstruktuur aangepas. PK3 Vanaf 1 Julie 2000 is mnr Robert Wesseloo vir die oorhoofse verantwoordelikheid aangestel PK4 mnr Danie Human neem die verantwoordelikheid vir Produksie, Distribusie en Kommersieel oor en mnr Marius Nel is in beheer van Lededienste en Vervoer aangestel. PK5 Die NCD Direksie het hul volle vertroue in bogenoemde Direkteure gestel en wens hulle sterkte toe met hulle nuwe verantwoordelikhede.
Veranderings aan die Raad
Gedurende die jaar het twee Direkteure bedank, naamlik mnre C J Smit en S P Nel. Die Direkteurswyk in die Wesselsbron-gebied was 'n geruime tyd vakant en mnr J P M Bosman is nou vir die wyk genomineer. PK6 Mnr C Starke van die Wes-Kaap wat as waarnemer in die Raad gedien het, is ook as Direkteur genomineer. PK7
Dankbetuigings
Hiermee my dank aan my mede-direkteure vir hulle waardevolle bydrae in die Raad en daarbuite. Ook 'n woord van dank aan alle produsentelede vir hulle lojale ondersteuning wat lei tot die uitbouing van NCD. My dank aan dr M N Hermann, sy bestuurspan en personeel vir nog 'n jaar se harde werk. Die NCD Raad van Direkteure wil hiermee die bestuur en personeel sterkte toewens vir die nuwe finansiële jaar en ons vertrou dat verdere vordering in die nuwe jaar vir ons voorlê.
Dr J H Grey
Voorsitter
Die Raad het 'n bonus goedgekeur van 0,25% (1999: 0%) op handelsbesigheid gedoen met lede vir die jaar. Rente op aandelekapitaal teen 2,0% (1999: 0%) sal in die vorm van volopbetaalde bonusaandele betaal word. PK8
Melkproduksie en -pryse
PK9 Die hoë voorraadvlakke van afgeroomde melkpoeier en botter aan die begin van die finansiële jaar is gedurende die jaar binnelands verkoop. Teen die einde van die jaar was melkproduksie en -verbruik redelik in balans. Vooruitskattings toon dat melkproduksie 'n laagtepunt bereik het en gedurende die nuwe finansiële jaar weer 'n stygende fase sal bereik.
Gedurende die jaar het ons addisionele melk in die Oos-Kaap begin aankoop. Afgesien van die feit dat NCD die melk vir sy markvoorsiening nodig gehad het, val dit ook in by die langtermynstrategie om verder nasionaal uit te brei. Die stap was ook daarop gemik om lae produsentepryse in die Kaap na meer normale vlakke te bring, wat wel na ons toetrede gebeur het. As gevolg van die feit dat suiwelvoorrade nasionaal en internasionaal laag is, het markpryse van sommige suiwelprodukte begin styg. Verder kan die devaluasie van die rand ook 'n positiewe invloed op produsentepryse op die medium termyn hê.
Belangrike gebeurtenisse in die Groep

PK10

Die Milkrite besigheid is gedurende die jaar aan Alfa Laval verkoop. Die transaksie sal 'n positiewe finansiële uitwerking op NCD hê. Tydens die jare toe internasionale handel vir ons 'n probleem was, het Milkrite 'n groot rol vir sowel produsent as NCD gespeel. Met die daling in die aantal melkprodusente is die voortbestaan van twee groepe in Suid-Afrika nie meer regverdigbaar nie. Kaasuitvoere ooreenkomstig die Europese Unie se handelsooreenkoms het 'n aanvang geneem. Kwaliteit en aanvaarding van ons produk is goed. Ons vertrou dat dit die begin van 'n volgehoue uitvoerprogram. 572 WOORDE

id: derebus

1. Inleiding
Die formaat van hierdie jaarverslag gaan wesenlik verskil van die tradisionele formaat. Die doel hiervan is drie-ledig:
1.1 'n daadwerklike poging om alle kollegas en ander belanghebbendes te stimuleer om dit te lees. Die verslag gaan dus konsentreer op dit wat ek glo vir my kollegas van belang behoort te wees;
1.2 Ter voltooing van die bestuursbemagtigingsproses waarmee ek twee jaar gelede begin het, gaan ek in hierdie verslag geleentheid gee aan die Uitvoerende Direkteure om deel te hê aan hierdie verslag;
1.3 'n daadwerklike poging om uitgebreide finansiële verslae en eindelose vervelige statistiese gegewens, soos in vorige verslae, te vervang met eenvoudige grafieke en opgesomde eindresultate wat konsentreer op dit wat uniek en/of interessant was gedurende die verslagjaar. Hierdie doelstelling word baie PK1
vergemaklik deurdat ons nou oor 'n uitstekende webtuiste beskik waar lede wat gedetaileerde inligting verlang, kan gaan kers opsteek. Vir diegene wat nie toegang het tot die web nie, sal ons op versoek 'n volledige skriftelike kopie van die webtuiste of enige spesifieke inligting wat verlang word, verskaf. Ek PK2
glo werklik dàt die jaar 2000 in vele opsigte 'n betekenisvolle en opwindende jaar vir die Fonds was. Ons het daarin geslaag om in vele opsigte die daad by die woord te voeg en talle voorgenome ontwikkelings, verbeterings en vernuwings het 'n werklikheid geword gedurende 2000. Voor my ampsaanvaarding as Voorsitter in Maart 1999 en in my eerste tussentydse verslag in September 1999, het ek 'n aantal voornemens en ideale gelys en is dit vir my aangenaam om met my tweede Voorsittersverslag te kan rapporteer dat dit verwesenlik is. Ek meld kortliks die belangrikste vernuwings.
2. 'n Nuwe verteenwoordigende beheerraad
Uiteindelik, na baie gepraat, het ons hierdie jaar daarin geslaag om effektief 'n Beheerraad daar te stel wat alle belangegroepe behoorlik verteenwoordig in dieselfde verhouding as wat dit gebeur by die LSSA. Ook by die Dagbestuur is 'n PK3
lid van BLA asook 'n lid van NADEL gekoopteer en alhoewel hulle ten opsigte van hierdie verslagjaar nog slegs twee Dagbestuursvergaderings bygewoon het, is ek seker dat hulle teenwoordigheid in die jaar wat voorlê, van groot waarde gaan wees.
3. Rentekoerse betaalbaar deur banke
Dit het dramaties verbeter. In 1999 het ek gerapporteer dat 21% van alle kollegas minder as 5% rente ontvang op hulle trust bankrekeninge. Ons het toestemming vanaf die Beheerraad ontvang om met groter aggressie die banke te benader en is dit met groot vreugde dat ek kan rapporteer dat alle banke nou daadwerklike samewerking verleen en dat innoverende nuwe produkte en metodes om behoorlike rente te verseker, met die banke beding is en dat alles nou in plek PK4
is om te verseker dat in 2001 alle prokureurs se trustrekeninge nie minder rente sal ontvang as sekere ooreengekome koerse nie. [SIEN WEBTUISTE EN MAART 2001 UITGAWE VAN DE REBUS]
4. Nuwe rente en bankkoste formules vanaf 1 Maart 2001 PK5
Uiteindelik sal prokureurs wat hulself verryk ten koste van die Fonds met rente wat aan die publiek behoort, nou gepenaliseer word. Die nuwe formules wat in werking tree vanaf 1 Maart 2001 sal verseker dat dié prokureurs wat tesame met hulle bankiers die Getrouheidsfonds benadeel met onbillike lae rentekoerse of onbillike hoë bankkoste, nie langer voordele vanaf die Fonds sal ontvang nie. [SIEN WEBTUISTE]
5. Ons nuwe webtuiste: www.fidfund.law.za
Einde 1999 het 'n nuwe moderne webblad die lig gesien en kan niemand die onbillike beskuldiging rig dat die Fonds in enige opsig ondeursigtig is of enigiets wegsteek nie. Besoek asseblief ons webblad.
6. Trustbanksertifikate: Nagmerrie is verby
Die verkryging van banksertifikate ten opsigte van trustrentes verdien vanaf banke het eindelose frustrasies vir kollegas veroorsaak. Gedurende hierdie jaar het ons besluit dat dit nie langer geverg word nie.
7. Te veel prokureurs, te min mense (geld?) PK6

Ons het in samewerking met NADEL 'n navorsingsprojek van stapel gestuur waaroor ek baie opgewonde is en het ek min twyfel dat die resultate uiters waardevol gaan wees vir die toekoms van die beroep en die Fonds. [SIEN PARAGRAAF 19.7]

8. Regsfakulteite: Nuwe befondsingsmetode werk

Ek het verlede jaar berig dat ons die Regsfakulteite op 'n heel nuwe wyse gaan befonds en het hierdie verslagjaar getoon dat dit uiters suksesvol was. (Sien paragraaf 19.5). Tydens die Algemene Jaarvergadering in 2001 sal ek rapporteer oor 'n nuwe voorstel vir die befondsing van Regsklinieke wat ten doel het om ook maksimum voordeel vir die Fonds en die Prokureursberoep uit die nuwe voorgestelde befondsingsmetode te verseker.

9. Verpligte praktyksbestuuropleiding

Die Fonds is reeds 'n geruime tyd 'n voorstander van verpligte opleiding en het ons veral oor die laaste twee jaar ons daarvoor beywer. Die Fonds het dan ook aangedui dat ons bereid is om finansies beskikbaar te stel vir 'n beursskema ten einde veral nuwe jong praktisyns in staat te stel om die opleiding te ondergaan. Ek het gevolglik met groot vreugde kennis geneem van die LSSA se besluit wat geneem is in Februarie 2000, wat verpligte opleiding voorsien vir enige nuwe praktisyn wat vir sy/haar eie rekening wil praktiseer en hopelik sal hierdie besluit praktiese toepassing vind in die jaar 2001. Ek hoop van harte dat die LSSA dit spoedig sal implimenteer, aangesien dit werklik in belang van die Fonds is.

PK7

10. Nuwe risiko-beheer model

Gedurende hierdie verslagjaar het ek ons Uitvoerende Direkteur, Mnr John Moorhouse, versoek om voorkeuraandag te gee aan die daarstelling van 'n behoorlike model vir die risiko-beheer van die Fonds met die hoofdoel om diefstal deur prokureurs te minimaliseer. Gedurende die IBA-kongres in Amsterdam in September 2000 was dit duidelik dat ander Fondse oor die wêreld heen hierdie saak as hoë prioriteit beskou. Gedurende hierdie verslagjaar het die waarde van die Fonds se gebeurlikheidseise gestyg met 184%!!!!! Die bestuurstrukture is gedurende hierdie jaar aangepas om dit moontlik te maak vir ons Uitvoerende Direkteur om 'n groot deel van sy tyd aan hierdie uiters belangrike funksie te vervul. (SIEN SY VERSLAG HIEROOR - PARAGRAAF 16.4).

PK8

11. Besigheidsontwikkelingsbestuurders: Eenvormigheid

Die ontwikkeling op hierdie gebied gedurende die afgelope jaar was dramaties en beskik al vier provinsiale ordes nou oor die dienste van 'n Besigheidsontwikkelingsbestuurder wat deur die Fonds gefinansier word. Daar is duidelik 'n groot behoefte om eenvormigheid in die werksmetodes asook die kontraktuele verhouding tussen die Fonds en die Provinsiale Ordes te bewerkstelling en is daar die afgelope jaar heelwat aandag hieraan gegee. Met die hulp van Andries Landman ('n vorige Voorsitter en ook 'n vorige Besigheidsontwikkelingsbestuurder), is 'n uitstekende gids opgestel deur Andrew Stansfield wat van groot waarde gaan wees vir alle Besigheidsontwikkelingsbestuurders huidig en in die toekoms. My dank aan die opstellers. (SIEN PARAGRAAF 18.4).

PK9

PK10

12. Geregtelike vervolging teen dieftige prokureurs

Sommige Provinsiale Ordes neem stappe om die kriminele proses te probeer monitor, terwyl ander Ordes weer van mening is dat dit nie werklik hulle taak is nie. Ek is van mening dat dit vir die Fonds van die uiterste belang is dat prokureurs op 'n spoedeisende en effektiewe manier vervolg moet word onmiddellik nadat diefstal aan die lig gekom het. Dit het vir my duidelik geword dat die Fonds uit 'n risiko-beheer oogpunt en ook in publieke belang, 'n plig in hierdie verband het en dat dit nie 'n funksie is wat ons bloot kan oorlaat aan die georganiseerde beroep nie. Ek het gevolglik gedurende 2000 in gesprek getree met die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings en ook persoonlike samesprekings met hom gevoer. Mnr Bulelani Ngcuka asook Mnr Willie Hofmeyer (Spesiale Eenheid) het hulle volle samewerking in hierdie verband belowe en het ek reeds bewyse aan hulle oorhandig van 'n aantal prokureurs in die voormalige Transvaal-provinsie wat vir 'n hele aantal jare na beweerde diefstal, nie vervolg is nie of ten opsigte waarvan die proses net nie vordering maak nie. Ek wil die vertroue uitspreek dat my opvolger en die nuwe Dagbestuur volgehoue

1024 WOORDE

id: distell

Distell

Verslag van die besturende direkteur

Bedryfsoorsig

Die afgelope finansiële jaar was ongetwyfeld een van die mees gebeurtenisvolle en uitdagende tydperke in die lang geskiedenis van Distillers en SBW.

Die aandeelhouers van albei maatskappye het die samesmelting op hul onderskeie algemene vergaderings op 10 November 2000 goedgekeur en die samesmelting het op 1 Julie 2000 in werking getree. Die gekombineerde groep se naam is in Maart 2001 PK1 tot Distell Groep Beperk verander.

In die oorsigtydperk het die nuwe bestuur hoofsaaklik op die samesmelting en verwante aspekte gekonsentreer. Die uitdagings vir die nuwe bestuur is om deur middel van skaalvoordele kostes te verminder en marges te verbeter, terwyl daar in sterk handelsmerke belê word en wat deur toepaslike prysstrukture ondersteun PK3 word. PK2

Ná die aankondiging van die voorgenome samesmelting in April 2000 is 12 PK4 werkgroepe saamgestel om op voltydse grondslag alle sleutelprestasieareas te ontleed en geleenthede vir kwantifiseerbare waardeskepping te identifiseer. Hul PK5 aanbevelings is deur 'n reëlingskomitee oorweeg en het die volgende ingesluit:

Geleenthede wat inkomste voort bring;

Geleenthede wat doeltreffendheid in bedryfs- en diensafdelings verbeter; en

PK6 Geleenthede om belegging in vaste en bedryfskapitaal te verminder.

Aangesien hierdie maatreëls tans nog geïmplementeer word, is die meeste voordele nog nie in die oorsigjaar waarneembaar nie. Dit sal in toekomstige begrotings vervat word. PK7

Geleenthede wat inkomste genereer PK8

Die sinergieë wat deur die samesmelting geskep is, is gemik op konsolidasie en uitbouing van die plaaslike mark sowel as internasionale uitbreiding en winsgroei. PK9

'n Belangrike studie oor verbruikersegmentering in die drankmark is gedoen om PK10 handelsmerk prioriteite te identifiseer.

Op grond van die bevindings is bemarkings- en verkoopsinisiatiewe opnuut gefokus. Handelsmerke en bemarkingskostes is in heroorweging geneem om PK11 handelsmerke nog sterker uit te bou. Die herstrukturering van die verkoopsmag is veral betekenisvol om klante meer doeltreffend te bedien, ten einde winsgewendheid van klante te optimaliseer. Dit word onder meer bereik deur gespesialiseerde verkoopspersoneel aan te stel om sleutelrekeninge te bedien en op spesifieke sakekategorieë te fokus.

Die gevolglike duidelikheid oor verbruikersegmentering laat Distell ook toe om voorkeurhandelsmerke meer doeltreffend aan elke segment te bemark.

PK12 Na verwagting sal dit binne die volgende jaar 'n betekenisvolle impak hê.

Internasionale strukture en fokus is aansienlik uitgebrei aangesien dié markte die vernaamste geleenthede vir inkomstegroei inhou. Weereens is voorkeur- PK13 handelsmerke geïdentifiseer en besteding sal dienooreenkomstig aangegaan word om PK14 mikpunte vir aggressiewe groei te behaal. Uitstekende geleenthede bestaan vir Distell se wyne en handelsmerke soos Amarula. Daar is toenemende belangstelling in Suid-Afrikaanse handelsmerke en sekere groot, winsgewende markte is nog nie PK15 ontgin nie. PK16

'n Strategie is ontwikkel om die handelsmerkportefeulje te verklein en op bepaalde toonaangewende handelsmerke te fokus. Dit sal bykomende voordele bied om die produkportefeulje te vereenvoudig, byvoorbeeld die verlaging van kompleksiteitskoste, wat tans deur veelvoudige kort produksielopies veroorsaak word, gefragmenteerde uitgawe op reklame, duplisering van verkoopstrukture en onnodige promosionele uitgawe op handelsmerke wat nie deel van die kern vorm nie.

Geleenthede om doeltreffendheid te verhoog

Om winsgewendheid te optimaliseer, moet Distell 'n volhoubare mededingende kostevoordeel behaal en vestig. Werksgroepe wat vir bedryfsaktiwiteite verantwoordelik is, het bedryfstelsels ontwerp om by markgeleenthede, die dryfkragte van winsgewendheid en prestasievereistes, aan te sluit. Hulle het ook 'n tweeledige doelwit gestel, naamlik om die laagste koste-produsent in elke

produkkategorie te wees, asook om die veranderlike koste komponent te maksimaliseer, ten einde blootstelling aan wisselvalligheid van die markte te verminder.
Dit beteken die klem moet val op kwessies soos minimalisering van produkkompleksiteit, optimalisering van lynkonfigurasies in aanlegte, bevordering van doeltreffendheid in die voorste linie, vestiging van beste-praktyk-prosesse wat betref verkryging, en uitkontraktering van take wat nie deel van die kernaktiwiteite vorm nie.

Belegging in vaste en bedryfskapitaal

'n Aansienlike vermindering in bedryfskoste en belegging in bedryfskapitaal word PK17
in die vooruitsig gestel, namate die groep voordeel trek uit verhoogde doeltreffendheid as gevolg van:
Vermindering van werksverliese en herdeurwerk danksy bestuursfokus en verbeterde stelsels in rapportering;
verbeterde stelsels in vraag, grondstof vereiste en produksiebeplanning;
Beperking van onbeplande staantyd in produksie deur voorkomende instandhoudingstelsels; en
Verhoogde deurset deur middel van standardisering en meer ekonomiese produksielopies.

Primêre produksie

Die primêre produksie-afdeling is verantwoordelik vir prosesse soos aktiwiteite
PK18 in die parskelder, gisting, stabilisering, filtrering, veroudering en distillering. 'n Bestekopname van beskikbare kapasiteit het getoon dat groot voordele behaal kon word deur verskeie prosesse te konsolideer en te verfyn.
PK19 Gevolglik word 'n rasionaliseringsprogram tans in werking gestel om te verseker dat spesifieke produkte by toegewysde vervaardigingsaanlegte geproduseer word en PK20
dat produksieprosesse vereenvoudig word. PK21
Na verwagting sal 'n aansienlike verbetering in bedryfskoste per eenheid en 'n vermindering van bedryfskapitaal uit hierdie inisiatiewe voortvloei. Die bestuur is vol vertroue dat bestaande kapasiteit, met die uitsondering van parskeldergeriewe, voldoende is om in die afsienbare toekoms aan die vraag te voldoen.
Die groep se langtermynplan maak voorsiening vir verdere belegging om die vermoens van die parskelder geriewe uit te brei sodat wêreldwye wynhandelsmerke ontwikkel kan word.

Sekondêre produksie

Sekondêre produksie sluit in aktiwiteite soos versnyding, bottelering en pakhuisberging van stortmaat produkte. 'n Ontleding van die gekombineerde
PK22 geriewe van Distillers en SBW en 'n omvattende ontleding van produksieprosesse van die nuwe organisasie het getoon dat vervaardigingsaanlegte oor die algemeen onderbenut was en dat duplisering in verskeie produksieprosesse voorgekom het.
PK23 Gevolglik is drie botteleringsaanlegte gesluit en die aantal botteleringslyne van 54 tot 36 verminder. Terselfdertyd is die oorblywende aanlegte en PK24
botteleringslyne te Stellenbosch, Wadeville, Epping en Port Elizabeth opgegradeer, deur die beste beskikbare en mees geskikte toerusting, tegnologieë en prosesse te kies.

Logistieke beplanning en verkryging PK25 PK26

Daar word verwag dat maatreëls om logistieke beplanning en verkryging te sentraliseer 'n betroubare en doeltreffende aanvoerketting sal skep. Deur opnuut te fokus, is aankoopprosesse verbeter, en stelsels vir logistieke beplanning, inventarisbestuur en vervoer tussen kelders verbeter.
Die klem het ook op wingerdboukundige en wynboukundige voorligtingsdienste aan primêre produsente geval sodat die groep 'n mededingende voordeel in die verkryging van druiwe en wyn kon verkry. Dit versterk vorige inisiatiewe om te verseker dat gehalte druiwe oor die lang termyn verkry sal word. PK27

Pakhuise en distribusie

Inisiatiewe vir verbeterings en rasionalisering het op die konsolidering en herorganisasie van geriewe gefokus ten einde die aantal distribusiesentrums van 37 tot 20 te verminder.
Daar was 'n konsolidering van handelsmerke, en bemarkingsbesteding is aangepas om selfs sterker handelsmerke te bou. Die verkoopskrag is PK29
PK28

geherstruktureer om die klant meer doeltreffend te dien, terwyl klantwinsgewendheid uitgebou word. PK30
Die rasionaliseringsprogram maak voorsiening vir verbeterde stelsels wat pakhuisbestuur, opgedateerde roetering van vervoer en skeduleringstelsels vir aflewering betref. Die klem val daarop om dubbele hantering uit te skakel deur aflewering direk vanaf vervaardigingsaanlegte se pakhuise na groot klante te laat geskied. Hierdie maatreëls sal oorhoofse koste aansienlik verminder en genoegsame buigsaamheid wat koste betref, verskaf om seisoenale veranderinge en wisselvalligheid in die markte makliker die hoof te bied.
Die groep beoog ook om die suksesvolle "eienaar-bestuurder" konsep uit te brei en die sortering van bottels en ander nie-kern aktiwiteite, uit te kontrakteer.

Internasionale werksaamhede 1013 WOORDE

Die herstrukturering en hernieude fokus van internasionale werksaamhede is daarop gemik om betekenisvolle, reële inkomstegroei in geïdentifiseerde teikenmarkte te bewerkstellig.
Die groep is besig om sy teenwoordigheid in die uiters belangrike markte waarin sake gedoen word, uit te brei. Gevolglik moes die organisatoriese strukture in die internasionale divisie opnuut ontwerp word.
Daarbenewens is herevaluering van internasionale agentskapstrukture, portefeuljes en winsgewendheid van produkte, asook verbeterings in bemarking, logistieke ondersteuning en bestuur van die aanvoerketting genoodsaak. Die groep het tans 36 mense in nege verkoopskantore in die Amerikas, Europa, Australasië en Afrika in diens. Daar is ook 154 agente wat die firma in 72 lande verteenwoordig. Daarbenewens het Distell in verskeie vennootskappe belê om sy produksie- en distribusiekapasiteit in belangrike Afrika-markte te vergroot.

Inligtingstelsels

Voor die samesmelting het Distillers sowel as SBW in geïntegreerde stelseloplossings belê (SAP R/3). Die samesmelting het 'n geleentheid gebied om besigheidsprosesse en -prosedures te herontwerp. Dit het op sy beurt vereis dat stelsels opnuut gekonfigureer en opgegradeer word tot die nuutste weergawe van die SAP-sagteware.
Hierdie ontwikkelings, insluitend die konsolidasie en migrasie van stelseldata, is suksesvol voor die finansiële jaareinde afgehandel. Die span fokus nou daarop om inligtingstelsels te verbeter ten einde besluitnemingsprosesse te ondersteun.

E-handel

Die groep se IT-strategie is ontwerp om die nuwe inisiatief vir e-handel te ondersteun, wat tans deur 'n toegewyde projekspan in samewerking met verskaffers, klante en agente ontwikkel word.

Bedryfsprestasie

Resultate

Soos elders in hierdie verslag verweld, was plaaslike sowel as internasionale handelsomstandighede onder druk weens 'n afname in binnelandse besteding op alkoholiese drank en 'n ekonomiese verlangsaming in uitvoermarkte.
Verkoopsinkomste vir die jaar was onveranderd. Na 'n teleurstellende eerste ses maande, waartydens verkoopsvolumes met ongeveer 8% gedaal het, is bemoedigende groei gedurende die tweede helfte van die finansiële jaar ervaar, wat die afname in verkoopsvolumes vir die jaar tot 6% verminder het.
Dit is 'n aanduiding dat die nuwe fokus van bemarkings- en verkoopsinisiatiewe begin om vrugte af te werp. Hoewel verkoopsinkomste gedurende die tweede helfte van die jaar tradisioneel laer is as gedurende die eerste ses maande, het verbeterde verkoopsprestasie in die tweede helfte van die jaar die groep in staat gestel om verkoopsinkomste op dieselfde vlakke as die vorige jaar te hou.
Die groep het daarin geslaag om sy binnelandse markaandeel in alle belangrike produkkategorieë te behou, met die uitsondering van alkoholiese vrugtedrankies, waar markaandeel onder druk van verhoogde mededinging gekom het.
Die Suid-Afrikaanse brandewynmark het vir die grootste deel van die jaar weinig gegroei, maar daar is bemoedigende tekens dat hierdie mark op pad is om te herstel. Die groep het markaandeel gewen en daarin geslaag om sy volumes in die tweede helfte van die jaar te handhaaf.

id: KNB

Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad
Jaarverslag 2000/2001 Van die Internet gekry: 21 Februarie 2002

KNB

Oorsig van die Voorsitter

Die stigting van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad in April 2000, as die organisasie wat natuurbewaring in die Wes-Kaap moet bestuur, het 'n uitdaging gebied wat 'n tydperk van aanpassing sal verg voordat die vrugte daarvan sigbaar sal wees. Gedurende die eerste jaar was die transformasie van die organisasie die hooffokus. Om as 'n effektiewe besigheid te kan funksioneer, is sterk klem geplaas op die daarstelling van inligtingstelsels waardeur die verskillende dissiplines en die bestuurskorps kon rapporteer. Hierdie proses is nou bykans voltooi en sal die organisasie help om in die regte rigting voorwaarts te beweeg. Dit is vir my 'n plesier om te kan rapporteer dat die Raad in hierdie eerste jaar die volle samewerking en ondersteuning van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap geniet het.

Alhoewel bewaring die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad se hooffokus is, is dit noodsaaklik dat die organisasie soos 'n suksesvolle besigheid funksioneer. Daar bestaan egter 'n inherente spanning in so 'n benadering, aangesien daar 'n balans moet wees tussen die generering van fondse en die eise van gesonde biodiversiteit- bewaring. Om so 'n balans te verseker, moet 'n organisasie ook in 'n gesonde finansiële posisie wees. Indien die Raad daarin sou kon slaag om beduidende addisionele inkomste binne die volgende vyf jaar te genereer, dan sou die bewaring van biodiversiteit in hierdie provinsie op 'n gesonde basis wees. Dit is egter onderhewig aan belangrike voorbehoude.

Oor die wêreld heen is gevind dat die sukses van sulke statutêre bewaringsinstansies in 'n groot mate afhanklik is van die ononderbroke, langtermyn samewerking tussen sodanige instansies en die provinsiale en nasionale regerings. Met hierdie feit in gedagte aanvaar die Raad die uitdaging om na finansiële selfonderhouding te beweeg, terwyl hulle nog steeds erken dat die Regering se volgehoue finansiële ondersteuning 'n onontbeerlike vereiste vir sukses is. As die Regering se hulp sou afneem soos wat die Raad al meer daarin slaag om sy eie finansiële bronne te ontwikkel, sal die hele onderneming tot mislukking gedoem wees. Die Raad verstaan egter dat dit nie die bedoeling van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap is nie. Die Regering sien in dat hulle nie die organisasie finansieel moet straf as hulle daarin slaag om self aan hulle onderhoubaarheid te bou nie.

In die jaar wat voorlê, sal konsessiehouers uit die privaat sektor genooi word om sekere toeristemoontlikhede, wat deel uitmaak van die Raad se portfolio van bates, te ontwikkel. Die Raad voorspel dat hierdie strategie, asook die daarstelling van 'n poel vir die fondse van donateurs - bestaande uit borgskappe, skenkings, erflatings en donasies - 'n merkbare verbetering in hulle finansiële posisie te weeg sal bring. Ongelukkig is daar nog 'n aantal sake rondom hierdie strategie waaroor die Provinsiale en Nasionale Regerings en hulle onderskeie departemente uitsluitsel moet bereik. Hierdie sake hou verband met die kontrole oor en bestuur van grond wat potensiaal het vir die ontwikkeling van kommersiële toerisme. Ongelukkig is die kans om kommersiële konsessiehouers te lok klein indien medium- of langtermyn eiendomsreg nie gewaarborg kan word nie. Dit is van die grootste belang dat hierdie sake spoedig opgelos word.

Die Raad is geïdentifiseer as die hoofrolspeler om die Kaapse Aksieplan vir die Omgewing (Cape Action Plan for the Environment - CAPE) te implementeer; die plan verteenwoordig 'n twintig-jaar strategie om die biodiversiteit van die Kaapse Blommeryk te bewaar. Die praktiese implementering van hierdie aksieplan kan eers begin word wanneer die gesamentlike fondsinsamelingsaktiwiteite van al die deelnemers realiseer. Om dit te bereik, is die personeel van die Raad besig met 'n reeks kooperatiewe inisiatiewe om fondse vir CAPE in te samel. Dit sluit samewerking met die Globale Omgewingsfasiliteit, Bewaring Internasionaal, Fauna en Flora Internasionaal en die Wêreldnatuurfonds, Suid-Afrika (WWF-SA) in.

Gedurende die afgelope jaar is heelwat energie nasionaal en internasionaal gebruik om na 'n enkele groot korporatiewe borg vir die Raad te soek. Hierdie soektog was onsuksesvol en die Raad sal dus nou probeer om kleiner borgskappe te bekom.

Gedurende die oorsigperiode was die inkomste beduidend meer as die begroting -maar tog vanaf 'n baie lae inkomstebasis. Alhoewel uitgawes goed beheer is, moet die Raad erken dat dit ten koste van hulle verantwoordelikhede ten opsigte van biodiversiviteit-bewaring was. Hierdie neiging het 'n vaste patroon geword, met as hoofoorsaak die onaanvaarbare hoë uitgawe aan menslike hulpbronne in vergelyking met die totale beskikbare begroting. Hierdie stand van sake sal voortduur totdat die koste van menslike hulpbronne van die huidige 70 persent van die totale beskikbare begroting verlaag word tot 50 persent. Die situasie kan alleenlik verander word deur die verbetering en die uitbreiding van die organisasie se inkomstebasis. Die Raad is optimisties dat hulle dit wel in die medium- en langtermyn sal regkry.

Ek glo dat daar twee sake van strategiese belang is wat hier genoem moet word. In die eerste plek, in 'n langtermynbedryf soos bewaring, is die beïnvloeding van die gesindhede van die toekomstige generasies 'n uiters belangrike strategie en die Raad is reeds ten volle daartoe verbind. Tot op hede het ons nog nie genoeg gedoen nie, maar ons is vas van plan om vennootskappe te sluit waardeur ons ons omgewingsopvoedingsaktiwiteite grootliks kan uitbrei.

Tweedens word dit algemeen aanvaar dat toerisme die grootste groeipotensiaal vir die ekonomiese ontwikkeling van die Wes-Kaap, asook die hele Suid-Afrika, bied. Daar is min twyfel dat die ekonomiese gesondheid en welstand van die Wes-Kaap in 'n groot mate daarop berus dat die Provinsiale Regering hierdie geleentheid ten volle aangryp. Op internasionale gebied is ons groot voordeel die kwaliteit en die diversiteit van ons asemrowende natuurlike omgewing. 'n Aktiewe en bekwame bewaringsektor in die privaat en die publieke sektor sal 'n vaste fondament lê vir ekonomiese volhoubaarheid. Ons kan nie bekostig om hierdie kans te laat verbygaan nie.

Ek bedank met groot graagte my mede-raadslede vir hulle ondersteuning van die afgelope jaar en ek wil die personeel, spesifiek die bestuurspan onder leiding van mnr. David Daitz, gelukwens met hulle toewyding en hulle prestasies onder moeilike omstandighede. Ons innige dank aan die Regering van die Wes-Kaap en spesifiek die Minister van Omgewings- en Kultuursake, mnr. Glen Adams, en die hoof van die Departement, mnr. Theo Tolmay, vir hulle volgehoue ondersteuning.

Bill McAdam
VOORSITTER VAN DIE RAAD

961 WOORDE

KWV

id: kwv

Die groep het sy wesensverdienste in die jaar onder oorsig met 22,4 persent verhoog. Met voortgesette groei in sy wyn-uitvoere en verskerpte beheer oor uitgawes is meer as daarin geslaag om die sleur-effek van die trae plaaslike brandewynmark en lae buitelandse konsentraatpryse teen te werk. Omvattende fiskale dissipline het onder meer die ingreep van personeelbesnoeiing teen die einde van die finansiële jaar ingesluit. Die trog waarin veral die brandewynmark homself bevind, het soos die paar voorafgaande jare nadelig op die bedryf en dus ook op die groep se resultate ingewerk. Boonop was pryse van ongedifferensieerde produkte soos neutrale wynspiritus en druiwesap-konsentraat deurlopend onder druk weens oorproduksie in ander lande en gesubsidieerde produkte wat in KWV se markte gestort is. Die vestiging van kundigheid, ontwikkeling van markte en bemagtigingsprojekte is deur middel van die Wynbedryftrust voortgesit wat deur KWV befonds word. Die Trust is in sy derde bestaansjaar en is 'n beduidende belegging in KWV se strategiese plan.

KWV-produkte het, soos in die verlede, weer goed in internasionale kompetisies gevaar en gehalte sowel as diens het positiewe reaksie uit markte ontlok. Die regulatoriese omgewing staan aan die vooraand van verandering. Na verwagting gaan die nasionale en provinsiale drankwetgewing in die volgende jaar gepromulgeer word en word elke geleentheid benut om 'n sake-vriendelike omgewing te bewerkstellig. Verdere hoër as proporsionele belastingverhogings sal beide die wynbedryf en die staat benadeel. Strukturele veranderinge in die Suid-Afrikaanse mark weens toetrede deur groot multinasionale groepe, die samesmelting wat tot Distell gelei het en verskeie ander inisiatiewe raak KWV regstreeks, aangesien hy grondstof aan die meeste groothandelaars voorsien. Na verwagting sal die veranderinge - wat aan die begin ongetwyfeld 'n mate van onsekerheid veroorsaak het - egter ook tot verskerpte kompetisie in die verbruikersmark lei. Dit behoort tot KWV se voordeel te wees. KWV gaan in die volgende jaar sy groei in internasionale besigheid versnel. Die fokus is op wyn en met voorsiening daarvoor in die langtermynbegroting, word 'n wynplan aangepak wat groei in al sy handelsmerke sal meebring.

VinPro (SA), KWV se divisie vir produsente-dienste, het gedurende die jaar sy dienste tot voordeel van die groep en dus ook die breë produsente-gemeenskap, voortgesit. VinPro dien ook as skakel tussen die groep en die Wynbedryftrust.

FINANSIEEL

Die groep het in die jaar onder oorsig sy wesensverdienste met 22,4 persent tot R51,5 miljoen verhoog, vergeleke met R42 miljoen in 2000. Die bevredigende groei in wesensverdienste is regstreeks te danke aan die groei in uitvoeromset, asook 'n verdere verbetering in produksiedoeltreffendheid en omvattende beheer oor uitgawes. By die beoordeling van die toeskryfbare verlies van R3,7 miljoen (vergeleke met 2000 se wins van R47,7 miljoen) moet buiten die afname van R25,0 miljoen in inkomste toeskryfbaar aan die groep se assosiaat-maatskappy, Distell Beperk, ook die volgende in ag geneem word:

Gedurende 2000 is 'n eenmalige wins van R25,4 miljoen uit die verkoop van beleggings gemaak.

Die bedrag waarvoor in die inkomstestaat vir die Suid-Afrikaanse Wynbedryftrust voorsien moes word, het met R12,7 miljoen toegeneem. Dit was hoofsaaklik te wyte aan 'n daling in die rentekoers op die RSA 153-effek, waarteen die uitstaande verpligting aan die Trust verdiskonteer word. (Verwys ook na aantekening 1.18 onder "Rekeningkundige Beleid".)

Gedurende die tydperk onder oorsig het die groep se kapitaalbesteding R39,7 miljoen beloop. Die uitgawe was grootliks vir die vervanging van verouderingsvate en vir die opgradering van wynmaak- en botteleringstoerusting. Volumegroei in sy wynmark en fiskale dissipline het die groep onder moeilike toestande gehelp om sy wesensverdienste met 'n stewige 22,4 persent op te stoot.

KONTANTVLOEI

Soos uit die gekonsolideerde kontantvloeistaat blyk, was die netto kontant invloei uit bedryfsaktiwiteite R36,0 miljoen (vergeleke met die uitvloei van R19,4 miljoen in 2000). Di, verbetering was hoofsaaklik te danke aan 'n afname in voorraad ter waarde van R39,6 miljoen (vergeleke met 'n toename van R7,7

PK13

miljoen in 2000), asook 'n afname in inkomstebelasting betaal. Kontant invloei uit bedryfsaktiwiteite was egter nie heeltemal voldoende om die vaste bate besteding vir die jaar te finansier nie. Laasgenoemde het gevolglik bygedra tot 'n geringe afname vir die jaar in kontant en kontantekwivalente van R3,3 miljoen. Die groep beskik oor 'n aansienlike inkomstebelastinglas, wat grotendeels as uitgestelde belasting voorsien is. Die las word hoofsaaklik deur PK14 die herwaardasie van vloeibare voorraad teweeggebring, wat teen die beraamde kosprys gewaardeer is, pleks van teen die nominale waarde soos v¢¢r Januarie 1998. Die kosprys word vir inkomstebelastingdoeleindes ingefaseer. Met PK16 herwaardasie is die betrokke inkomstebelasting ten volle as uitgestelde belasting voorsien. Soos infasering plaasvind, word 'n oordrag vanaf uitgestelde PK18 na lopende belasting gemaak, met die gevolg dat belastingpligtigheid weens die herwaardasie van voorraad nie 'n invloed op verdienste het nie, maar w,l op toekomstige kontantvloei. Die verpligting jeens die Wynbedryftrust het eweneens 'n negatiewe invloed op die groep se kontantvloei, ondanks die feit dat rekeningkundig ten volle vir die teenswoordige waarde van die verpligting voorsien is. Oor die volgende 7,5 jaar gaan di, verpligting verdere kontant uitvloei van R273,7 miljoen meebring.

PK15 PK17 PK19

DIVIDENDE

Teen die agtergrond van die kontantvloei-situasie het die direksie besluit om nie 'n dividend vir die jaar te verklaar nie.

GEWONE KLAS A AANDELE

PK20

Altesame 390,5 miljoen van die maatskappy se gemagtigde 600 miljoen klas A aandele is uitgereik. Teen die einde van die finansi%le jaar was 76 persent van die aandele in die besit van wynboere wat lede van KWV Ko"peratief Bpk is. 'n Totaal van 1 600 miljoen klas B aandele, wat per aandeel gelyke stemreg met 'n klas A aandeel geniet, was teen jaareinde aan KWV Ko"peratief Bpk uitgereik. PK21 Op 30 Junie 2001 was die markprys van 'n klas A aandeel 42 sent. 'n Ontleding van klas A aandeelhouers en verhandelingstatistiek verskyn op bladsy 14 van die verslag.

KWV SUID-AFRIKA (EIENDOMS) BEPERK

KWV Suid-Afrika, die produksiefiliaal van die KWV groep, het hom as 'n produksiesentrum van uitnemendheid vir wyn, brandewyn, druifkonsentraat en plantmateriaal gevestig. Buiten die voorsiening van die hele handelsmerkportefeulje en konsentraat aan KWV Internasionaal, wat dit buitelands bemark, was KWV Suid-Afrika (Edms) Bpk in die oorsigjaar ook verantwoordelik vir die verhandeling van alle stortmaat-produkte, insluitende brandewyn en druifkonsentraat, op die plaaslike mark. Die produksie en verkoop van wingerdplantmateriaal is ook deur die maatskappy behartig. PK22

In die oorsigjaar is op die volgende gefokus: PK23

Voldoening aan markbehoeftes
Bestuur van bedryfskapitaal, veral voorraad
Produksie-doeltreffendheid en doelmatigheid
Finansi%le dissipline
Vennootskappe met verskaffers

WYN

Met betrekking tot die wynportefeulje was die uitdaging om voorsiening in lyn met markbehoefte te bring, met behoud van gehalte, en om gehalte in sekere gevalle selfs te verbeter. Om d¡t te bereik, is vennootskappe met verskaffers verstewig. Hierdie verhoudinge is nou grootliks gevestig en sal as stewige fondament vir die verlangde groei en gehalteverbetering dien. Die aanskaffing van grondstof en produksie van wyn ooreenkomstig die kort- en langtermyn-verkopeplan het in die oorsigjaar sodanig verloop dat aan alle sigbare markbehoeftes vir nou en in die toekoms voldoen sal kan word. Hierdie sterk steun vir KWV se besigheidsplan is veral te danke aan 'n herstel in die voorsiening van gehalte rooi- en Sauvignon Blanc-wyne. Hiermee kan lewendige volumegroei in hierdie kernbelangrike produkportefeulje behaal en volgehou word.

BRANDEWYN

Brandewynafset het onder druk gebly en die klem het dus geval op die balansering van voorraad met die oog op huidige afset en die geskatte medium- en langtermyn-behoeftes. Omdat deurset en skaalekonomie in hierdie produksieproses so 'n groot

1005 WOORDE

id: mettle

METTLE BEPERK 2001 JAARLIKSE FINANSIËLE AANKONDIGING

BESTURENDE DIREKTEUR SE VERSLAG

Mettle se sukses hang af van die voortgesette vermoë van ons mense om oorspronklike, gesofistikeerde en suksesvolle finansiële oplossings in 'n verskeidenheid dissiplines te genereer. Die Mettle-handelsnaam staan vir skeppende en oorspronklike denke, gekoppel aan 'n helder begrip van die werklikhede en tegniese besonderhede van die markte waarin ons werksaam is. Hierdie eienskappe het ons vinnige groei oor die afgelope ses jaar gerugsteun en ons in 'n stewige posisie geplaas om daardie groei in die toekoms vol te hou.

FINANSIËLE STAAT

Mettle se prestasie gedurende die oorsigjaar toon steeds hoe sterk die maatskappy en ons kliëntebasis is. Gedurende die ses jaar van ons bestaan, het Mettle se verdienste per aandeel deurlopend sterk gegroei. Dit geld ook vir die oorsigjaar. Ons kernverdienste van R66,53 miljoen beteken 'n kernverdienste van 13,10 sent per aandeel, 'n styging van 50,4%. Die 31,62% groei in organiese inkomste en 39,6% groei in ekwiteitsopbrengste was veral ook bevredigend. Dit is een van die beste vertonings deur 'n maatskappy in ons sektor; 'n prestasie waarop die Mettle-span met reg kan trots wees.

MAKRO-OMGEWING

Talle van Suid-Afrika se kleiner finansiële instansies het moeilike handelstoestande oor die afgelope jaar ondervind. Ons ondervinding het egter hiervan verskil, hoofsaaklik te danke aan ons besluit om daarop te konsentreer om 'n aantal gekose nisse te domineer. Verskeie van ons voormalige mededingers het klaarblyklik besluit om weg te beweeg van die areas van gestruktureerde finansiële oplossings en produkte waarin ons spesialiseer. Hulle het hulself toegespits op oorvol markte, soos batebestuur, waar hulle hoop om annuïteits-inkomstestrome te vind.

Mettle konsentreer egter steeds op die generering en verkoop van puik produkte. Dit is noodsaaklik dat ons 'n markleier bly wat ons produkte betref en dat ons die nodige volume genereer om hierdie kundigheid ten volle te benut. Ons sukses op hierdie belangrike gebiede, het gelei tot die vergroting van ons markaandeel die afgelope jaar.

Ons het die mark in ons kern-kundigheidsveld lewendig gevind, sonder enige teken van die verlangsaming wat sommige druk verhandelde sektore gekenmerk het. Die gesofistikeerdheid van die produk wat ons bied, tesame met ons groeiende profiel en markaandeel het 'n immer-groeiende korporatiewe kliëntelys tot gevolg gehad, asook 'n betekenisvolle verskuiwing van ons kliëntebasis na die top-100 genoteerde entiteite op die JE.

Ons is nou in die ideale posisie om op ons kundigheit te kapitaliseer deur gestruktureerde produkte aan die institusionele mark bekend te stel. Die produk PK1 wat in die verlede hoofsaaklik aan korporatiewe instansies verkoop is, sal nou PK2 ook op die spaarbedryf gemik word. Ons verwag betekenisvolle groei in hierdie nuwe mark in die jaar wat voorlê.

PK3 Ons was verheug oor die spoed waarmee ons samesmelting met Greenwich geïmplementeer is, en dis aangenaam om te kan berig dat dit besonder goed afgeloop het.

INTERNASIONAAL

PK4

Die afgelope jaar is gekenmerk deur betekenisvolle groei wat ons internasionale werksaamhede betref. Ons beskik tans oor 'n aansienlike Londense kantoor, met 'n professionele personeel van 33, terwyl ons besig is om kantore in Zimbabwe,

Namibië, Botswana en Kenia te open. 'n Klein adviserende teenwoordigheid is verlede jaar in New York, met die verkryging van Oxbridge Inc., gevestig. PK5

Alhoewel risiko in 'n afsonderlike verslag volledig gedek word, wil ek graag hier reeds bevestig dat ons nie die herhaling van ons model in ander markte as 'n betekenisvolle verhoging in die risiko van ons besigheid beskou nie. Die risiko waaraan ons blootgestel is, is in wese dié van bedryfskoste en die verskuiwing van bestuursfokus van 'n kragtige binnelandse mark. PK6
Ons glo egter dat hierdie markte aansienlike potensiaal het. Ons beskik oor 'n unieke mededingende voorsprong wat die gesofistikeerdheid van ons produk binne die konteks van 'n opkomende mark betref. Dit skep 'n buitengewone kombinasie van vaardighede wat na ons mening reusé potensiaal in enige opkomende mark het.

Dit is nie ons besigheid om bates in ander opkomende markte op te bou nie. Nog minder sal ons ons eie balansstaat aan risiko onderwerp. Ons fokus daarop om inkomstebane op te bou en terwyl ons so wel gevaar loop om winste te repatrieer, glo ons dat die opbrengste wat ons geniet, reeds die potensiaal van hierdie besighede bewys.

BEMAGTIGING

Alhoewel die sakewêreld die afgelope paar jaar reeds heelwat verandering ondergaan het, bestaan die dringende behoefte steeds vir Suid-Afrikaanse besighede om 'n daadwerklike bydrae tot die vinniger ontwikkeling van mense uit agtergeblewe gemeenskappe te lewer.

Gegewe die hoë vlakke van vaardigheid en kundigheid wat Mettle se personeelprofiel kenmerk, erken en aanvaar ons die langtermyn-verbintenis wat benodig word om talentvolle mense aan te moedig. PK7

Ons gelykeindiensnemingsplanne is derhalwe kwantitatief sowel as kwalitatief met die doel om te verseker dat Mettle op die medium termyn verteenwoordigend is van die Suid-Afrikaanse gemeenskap

Op aandeelhouersvlak besit HCI 32,8% van Mettle. Dit is een van die grootste bemagtigingsaandeelhoudings van enige genoteerde Suid-Afrikaanse finansiële dienste-maatskappy, en ons bedank HCI vir hul ondersteuning.

TOEKOMS

Ek het verlede jaar hierdie tyd gesê dat Mettle na verwagting by die dreigende uitdrywing van die kleiner bankbedryf sal baat. Soos hierbo vermeld, het ons indirek gebaat deur betekenisvolle markaandeel te verkry. Meer direk, het ons die Greenwich-transaksie beklink. Ons sal ook verdere transaksies oorweeg, indien hulle die waardes van skeppendheid en onafhanklikheid rugsteun waarop ons sukses gebaseer is. PK8

Ek wil graag die direksie van Mettle bedank vir hul ondersteuning die afgelope jaar, asook ons bestuur en personeel vir nog 'n puik vertoning. 'n Onderneming soos Mettle is afhanklik van spangees, en met die span tot ons beskikking glo ek vas dat ons ons puik rekord van utnemendheid, vernuwing en uitstekende opbrengste in die toekoms sal volhou.

902 WOORDE

GAVIN O'CONNOR - Besturende Direkteur

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE
Mettle se 2001 finansiële jaar was oor 'n wye front van die groep se werksaamhede merkwaardig suksesvol. Die volgehoue verdienstegroei sit die tendens voor wat met die groep se oprigting op 1 November 1995 begin is. Toeskryfbare verdienste het in hierdie tyd van R1,1 miljoen tot R66,5 miljoen toegeneem.

NASPERS BEPERK
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
("Naspers")

TUSSENTYDSE VERSLAG

Die ongeouditeerde resultate van die Naspers-groep vir die ses maande geëindig 30 September 2001 is as volg:

GROEPOORSIG

Die oorsigtydperk is gekenmerk deur onstuimige ekonomiese toestande en die dramatiese hadraai van die gebeure van 11 September. Mediamaatskappye wêreldwyd is hard geslaan, veral wat inkomste uit advertensies betref. Verskeie groot internasionale mediasake het die laaste ruk winswaarskuwings uitgereik of skraler vooruitsigte gerapporteer.

Ondanks dié marktoestande het ons op die meeste terreine bestendig vordering gemaak. Dit blyk uit die groepsomset wat met 16% toegeneem het. Bedryfswins voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (Ebitda) uit voortgesette bedrywighede het van 'n verlies van R22 miljoen verlede jaar omgeswaai na 'n positiewe R77 miljoen nou.

As 'n breedgebaseerde mediagroep wat in verskeie wêrelddele heen sake doen, was die ekonomiese makro-gebeure ook vir ons 'n uitdaging. Veral die onlangse afswaai in die tegnologiesektor in die VSA het 'n impak gehad.

In soverre 'n groot deel van ons omset egter bestaan uit inkomste van intekengelde, was ons beter as die meeste ander media-sake verskans teen die uitwerking van gebeure in die afgelope ses maande. Inkomste uit hierdie bron is gedurende resessies geneig om meer stabiel te wees as inkomste uit advertensies of verkoop van produkte en tegnologie.

Vooruitskouend is die resultate vir die res van hierdie boekjaar moeiliker as gewoonlik om te voorspel. Nietemin is ons van mening dat die groep 'n reële groei in omset en Ebitda vir die hele jaar kan toon.

FINANSIëLE OORSIG

Die groepsomset het oor die tydperk met 16% tot R4,7 miljard gestyg. Positiewe Ebitda van R77 miljoen is aangeteken, vergeleke met 'n Ebitda-verlies van R22 miljoen in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

Waardevermindering het met 48% tot R332 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van transpondeerder-kapasiteit en die belegging deur Media24 in drukkery-infrastruktuur. Ook word 'n bedrag vir die amortisasie van klandisiewaarde en ontasbare bates van R983 miljoen getoon, wat grootliks toe te skryf is aan die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde wat ontstaan het met die destydse samesmelting van OpenTV en SpyGlass.

Die netto wesensverlies per N- gewone aandeel uit voortgesette bedrywighede beloop gevolglik 141 sent, teenoor die 131 sent verlede jaar.

Op 30 September 2001 het die groep netto gekonsolideerde kontantbronne van R846 miljoen gehad. Rentedraende verpligtinge het met uitsluiting van satelliethuur R900 miljoen bedra.

Sakebedrywighede in twee sub-eenhede, Mindport Breëband en Lyceum Kollege, is beëindig om redes wat hier onder bespreek word. Volgens Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk word die uitwerking van dié bedrywighede afsonderlik op die inkomstestaat getoon en is die vergelykende syfers aangepas om 'n akkurate vergelyking te verseker. Die verlies uit sake wat beëindig word beloop R73 miljoen in die oorsigtydperk. 'n Voorsiening van R144 miljoen, wat 'n R75 miljoen klandisiewaarde-afskrywing insluit, word opsy gesit vir verdere koste wat met die beëindiging van hierdie bedrywighede verband hou.

INTEKENAREPLATFORMS

Betaaltelevisie

Die betaaltelevisie-sakeondernemings het daarin geslaag om Ebitda, selfs ná aanpassings vir die effek van satellietbruikhuur en transaksies in buitelandse valuta, op te stoot met 51%. Groei is hoofsaaklik bewerkstellig deur die voortgesette migrasie van die analoog- na die digitale diens. Die betaaltelevisie-intekenarebasis is sowat twee miljoen, waarvan 55% op die digitale diens ingeskryf is.

Internet

Oor die algemeen het die groep in die periode aansienlik minder kontant vir internetbedrywighede aangewend, omdat sommige ondernemings die gelykbreek-stadium nader en ander afgeskaal is. Die gevolg is dat Ebitda-verliese met 24% tot R220 miljoen gedaal het - 'n tendens wat na verwagting in die res van die jaar sal voortduur.

In Suid-Afrika het M-Web se intekenarebasis gestabiliseer op net bo 240 000, terwyl Ebitda-verliese met meer as die helfte verminder is tot R61 miljoen (2000: R136 miljoen). Dit is bewerkstellig deur middel van rasionalisasie, integrasie en 'n heronderhandeling van insetkoste. M-Web se finansiële vertoning behoort verder te verbeter in die tweede helfte van die jaar.

In China het die groep 'n 46,5%-aandeel in QQ, 'n kitsboodskap-onderneming, en hy spits hom op die uitbouing hiervan toe. Kitsboodskappe is reeds wêreldwyd 'n belangrike middel om mee te kommunikeer en gemeenskappe te bemagtig. QQ, wat tans die voorste kitsboodskapdiens in China is, hanteer daagliks byna 'n halwe miljard boodskappe.

M-Web Thailand is 'n inhoud- en toegangsdiensverskaffer met meer as 220 000 voorafbetaalde aktiewe intekenare en 3,5 miljoen bladbesoeke daagliks.

In Indonesië het M-Web sy inhoudbedrywighede uitgebrei en sodoende nagenoeg 60% van die mark bekom. Kontantaanwending is laag en die fokus is op bedryfsdoeltreffendheid.

DRUKMEDIA

Ons drukmedia-sakeondernemings is geraak deur die gedempte ekonomiese toestande in Suid-Afrika. Dit is vererger deur die depresiasie van die rand, wat gelei het tot 'n styging in die prys van sowel buitelandse as plaaslik vervaardigde papier. Oor die geheel was die sirkulasievlakke van die onderskeie koerante en tydskrifte taamlik stabiel terwyl advertensie-inkomste onder druk verkeer. Ten spyte van hierdie moeilike omstandighede is 'n omsetgroei van 8% aangeteken, terwyl Ebitda met 6% toegeneem het.

Van die nuwe titels wat in die tydperk bekend gestel is, sluit in Sunday Sun, 'n poniekoerant wat op Sondae verskyn, en dit, 'n maandtydskrif vir vroue. Albei het groeiverwagtinge oortref.

TEGNOLOGIE

OpenTV het in die tydperk nóg vier miljoen dekodeerders met sy programmatuur sien uitrol, wat die totale ontplooiing wêreldwyd op meer as 20 miljoen dekodeerders te staan bring. Sy omset het met 60% tot $48 miljoen (R398 miljoen) gegroei. In Julie het OpenTV vir Static aangeskaf, die skepper van PlayJam, die suksesvolle iTV-vermaak- en speletjieskanaal wat tans nege miljoen huishoudings op digitale televisienetwerke bereik. Dit sal OpenTV mettertyd van 'n standhoudende inkomstestroom help voorsien.

Mindport wou die verwagte groei in die breëbandmark in die VSA ontgin. Die terugsny in tegnologiebesteding, wat dramaties vererger is deur die terreuraanvalle op 11 September, het die uitbreiding van breëbanddienste in veral die VSA ernstig aan bande gelê. Hoewel dit duidelik is dat breëbandstelsels sal ontwikkel, het die tydraamwerk uitgeskuif. Gevolglik het Mindport dadelik drastiese stappe gedoen om sy werk op hierdie terrein in te kort. PK19

PK21 PK20

Dié afskaling van breëband-bedrywighede word afsonderlik op die inkomstestaat getoon as 'n bedryf wat beëindig word en die vergelykende syfers is aangepas om 'n akkurate vergelyking moontlik te maak. Vorentoe gaan Mindport hom toespits op die ondersteuning van sy bestaande kliëntebasis, terwyl hy steeds nuwe tegnologieë sal ontwikkel. PK22

PK23

In mindere mate het die globale verlangsaming in tegnologieverkope ook sy invloed laat geld op ons sakeondernemings wat hulle op voorwaardelike toegang toespits. Irdeto Access se omset het met sowat 10% gedaal en 'n Ebitda-verlies van $6 miljoen is aangeteken vergeleke met 'n wins van $6 miljoen in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Vooruitsigte is egter positief om hierdie saak vorentoe winsgewend te bedryf. 1022 WOORDE

BOEKUITGEWERYE

Ons boekuitgewerye sit hul herstel voort en het 'n gesonde groei in omset van 25% gerapporteer. Die mark vir handboeke vir staatskole bly egter onvoorspelbaar en dit is moeilik om vooruit te beplan. Ons e-handelaar, Kalahari.net, het mooi gegroei en is nou een van die leiers in the land. Die nuwe verspreidingseenheid, On the Dot, is reeds die doeltreffendste in sy bedryf.

PRIVATE ONDERWYS

Vanweë die samesmelting tussen Nasionale Private Kolleges en Educor verlede jaar is 'n vergelyking met syfers van die vorige boekjaar sinloos. Omset vir die tydperk beloop R246 miljoen en Ebitda R25 miljoen.

Die bedryf het onstuimige toestande belewe, veral weens die regulerende proses. Die besluit om aftrekkings volgens die staat se salarisbetalingstelsel, Persal, te weier, het veral Lyceum Kollege geraak. Derhalwe is besluit om hierdie onderneming te beëindig. Voorsiening is gemaak vir die volledige koste wat daaraan verbonde is om die onderrig van bestaande studente binne die volgende paar jare te voltooi. Hierdie koste word afsonderlik as 'n beëindigde onderneming op die inkomstestaat aangedui.

Ons verwag dat sowel omset as Ebitda in die tweede helfte van die jaar positiewe groei sal toon.

STRATE

Naspers-aandele het op 12 November 2001 begin oorskakel na "Share Transactions Totally Electronic" (STRATE), 'n elektroniese vereffeningsplatform vir aandeletransaksies op die JSE. Transaksies onderworpe aan elektroniese vereffening begin op 3 Desember 2001. Vyf besigheidsdae later, op 10 Desember 2001, sal die elektroniese vereffening van transaksies vir die eerste keer plaasvind.

Voorsittersrede en verslag van die besturende direkteur

Herstrukturering PK1

Hierdie verslag oor die resultate vir die jaar tot 30 Junie 2001 is die eerste vir 'n volle verslagperiode sedert die omvattende herstrukturering van Pepkor wat op 31 Oktober 2000 deur aandeelhouers goedgekeur is. Die hoofkomponente van hierdie herstrukturering was die verdwyning van Pepkor se beheermaatskappy, Pepgro, en die uitkeer aan aandeelhouers van Pepkor se belang in Shoprite en in die Britse kleinhandelgroep Brown & Jackson plc.

Pepkor het die drie volfiliale Pep en Ackermans in Afrika en Best & Less in Australi% behou. Al drie hierdie filiale is klerekleinhandelkettings wat op die kontantafslagmark toegespits is, die tradisionele mark waarin Pepkor sedert sy ontstaan sake doen en waarin ook die meeste van sy kundigheid gekonsentreer is.

Finansi%le resultate Pepkor se Suid-Afrikaanse bedrywighede het besonder goed gevaar in die jaar tot 30 Junie 2001. Die groep se resultate is egter nadelig geraak deur sy Australiese belange wat, weens uiters moeilike handelstoestande, 'n veel laer wins getoon het as in die vorige jaar. PK2

Weens die herstrukturering van die groep is dit uiters moeilik om sinvolle vergelykings met die resultate van die vorige jaar te kan maak. Die eerste nege maande van die 2000 boekjaar het ook nog die resultate ingesluit van Stuttafords en Cashbuild, wat eers teen die einde van daardie periode verkoop is. Die enigste werklik vergelykbare syfers in die finansi%le state is daarom di, vir omset en bedryfswins. Uitgereken die resultate van Stuttafords en Cashbuild in die vorige jaar, het omset met 14% tot R4,762 miljard toegeneem maar bedryfswins was op R200,9 miljoen 4% laer as in die ooreenstemmende tydperk aangesien die stewige toenames in Pep en Ackermans grootliks deur die laer winsgewendheid van Best & Less geneutraliseer is. PK3 PK4

Die herstrukturering het bestuur ook genoop om transaksies betreffende aandele-opsies en aandele-aansporingskemas aan te spreek wat tot stand gekom het toe Shoprite en Brown & Jackson nog deel van Pepkor was, asook transaksies wat uit die herstrukturering voortgevloei het. Onder hierdie transaksies is die waarborg wat Pepkor in 1997 ten tyde van Shoprite se oorname van OK Bazaars verskaf het aan die swart bemagtigingsonderneming Uhuru-Saccawu vir die koop van 20,2 miljoen Shoprite-aandele. Uhuru-Saccawu het in gebreke gebly om hierdie lening te delg. Die verkoopsopsie ten opsigte van hierdie aandele het op 2 Julie vanjaar verval en die aandele is vir R287 miljoen gekoop. PK5

Die netto verlies ten opsigte van die transaksies waarna hierbo verwys is, het R253 miljoen beloop. Daar is in die 2001 finansi%le state volledig daarvoor voorsien. PK6 PK7

Die inkomstestaat toon gevolglik 'n netto verlies van R139,1 miljoen in vergelyking met 'n wins van R206,4 miljoen die vorige jaar. Kernverdienste was 59% laer op 52,0 sent (2000: 126,4 sent) en 'n dividend van 18 sent (2000: 80 sent) per aandeel is verklaar. Die vorige jaar se dividend het betrekking op die groter groep wat in daardie stadium ook die beleggings in Shoprite en Brown & Jackson besit het. PK8

Handelsomgewing

Ondanks 'n mate van belastingverligting en 'n verlaging in rentekoerse in beide Suid-Afrika en Australi%, het ander faktore soos die algemene verhoging in petrolpryse, 'n verdere verswakking van geldeenhede teen die Amerikaanse dollar, die instelling van 'n 10% goedere- en dienstebelasting in Australi%, groter werkloosheid en die toename van MIV/VIGS in Afrika asook verhoogde uitgawe aan skoolgelde, huur, elektrisiteit en munisipale belasting in Suid-Afrika almal bygedra tot verdere erodering van die besteebare inkomste in die massakleinhandelmark, 'n mark waarin verbruikers uiters kwesbaar vir enige inkrimping in die ekonomie is.

Al drie filiale is klerasiekleinhandelkettings wat op die kontantafslagmark toegespits is, die tradisionele mark waarin Pepkor sedert sy ontstaan sake doen en waarin ook die meeste van sy kundigheid gekonsentreer is.

Soos baie ander kleinhandelgroepe, moes Pepkor dus ook maniere vind om

verdienste te verhoog ondanks voortdurende gedempte omsetgroei. Trae groei in verkope het 'n kenmerk van die klerekleinhandel geword en daar is geen teken dat dit binne die afsienbare tyd dramaties sal verander nie. Trouens, leinhandelbesteding se bydrae tot die nasionale jaarlikse verbruikersbesteding in Suid-Afrika is al aan die daal sedert 1999, toe dit 29,1% van die totaal uitgemaak het. In 2000 het dit tot 27,4% gedaal en na verwagting sal dit vanjaar tot 25% verswak. Dit is dus glad nie verbasend nie dat baie klerekleinhandelaars in Afrika sowel as Australi% besluit het om na laer marksegmente te beweeg namate hulle in die meeste inkomstegroepe met dalende besteding aan klerasie te kampe het. Dit het daartoe gelei dat meer kleinhandelaars as ooit tevore in die massamark meeding. Na verwagting sal di, heiging voortduur namate werkgeleenthede in die formele sektor verder afneem. Waarnemers in Suid-Afrika raam dat die openbare sektor in 2000 sy werknemerbasis met 4% verklein het en die private sektor met 2%.

Die grense tussen handelsware in die klerekleinhandel is aan die vervaag. Die onderskeid tussen wat verskillende kleinhandelaars in inkopie-ervaring en handelsware bied, is minder opvallend as tevore en prys het die oorheersende maatstaf geword. Wie die beste waarde skyn te bied, geniet die grootste steun. In 'n omgewing van dalende inflasie sal kleinhandelaars wat nie stygende koste in bedwang hou nie, dit al hoe moeiliker vind om prysmededingend te bly. Daarby moet klerekleinhandelaars baie noukeurig let op die veranderende behoeftes van verbruikers wat modieusheid asook waarde en prys betref as hulle nie hul getroue klante wil verloor nie.

~~Op mededingendheid ingestel~~ Pepkor geniet 'n besliste mededingende voordeel bo baie van sy mededingers. Ons bedryfsmaatskappye is wat kultuur, infrastruktuur, bedryfstelsels, formaat en bemarking betref, toegerus om op grond van prys en waarde-vir-geld handel te dryf. Boonop was die groep nog altyd op die kontantmark ingestel terwyl baie ander kleinhandelaars taamlik swaar getref is deur die afname in besteding op krediet. Daarby is ons handelsware sterk op die gesin gerig, waar besteding aan kinderklere meer bestendig is. Consumerscope 2000 se navorsing toon dat Pep in Suid-Afrika daarin geslaag het om in 2000 sy aandeel van die klerekleinhandelmark te verhoog tot 7% van die 6 totaal (hoewel sy totale handelsruimte in onlangse jare byna statiese gebly het) terwyl Ackermans sy aandeel van 2% in 1996 tot 5% in 2000 vergroot het. Om teen sterker mededinging te oorleef, moet Pepkor se bedryfsmaatskappye klaarblyklik 'n duidelike en eiesoortige posisie handhaaf afgesien daarvan om hul belofte gestand te doen dat "jy kan bekostig wat jy begeer". Dat hulle daarin geslaag het om vir hulle klante relevant en aantreklik te bly, is in groot mate te danke aan die voortdurende modernisering van produkreekse en die groter inkopiegerief wat klante gebied word danksy 'n aggressiewer winkelopknappingsbeleid in onlangse jare. 1028 WOORDE

PK9

PK10

Verstedeliking verlangsaam

Die verstedeliking van arm landelike gemeenskappe geskied vandag stadiger as wat tien jaar gelede voorspel is weens beperkte werkgeleenthede, oorbevolking en ho% misdaad in stede. Tans is byna 90% van Suid-Afrika se blankes en 50% van sy swartes verstedelik. Na raming sal 60% van swartes teen 2010 verstedelik wees. In teenstelling met vroe%re projeksies word nou verwag dat swartes eers teen 2070 90% verstedelik sal wees. Pepkor is goed verteenwoordig in landelike ,n stedelike gebiede. Ackermans dryf landwyd hoofsaaklik in metropolitaanse gebiede handel. Die Pep-formaat werk steeds suksesvol in albei, maar hel al meer oor na stedelike handel, gegewe dat in die volgende vyf jaar 2,5 miljoen swart volwassenes van landelike na stedelike gebiede sal verhuis. Waar die winkels ook al gele% is, hulle kompakte kleinhandelformate is ideaal geskik vir pendelende verbruikers met klein begrotings.

Terselfdertyd lok kleinhandelaars wat landelike kopers aan die onderkant van die mark bedien, klandisie van duurder formate weg, namate landelike verbruikers, wat armer raak, op prys koop om met hulle beskikbare geld te kan uitkom.

Reaksie op verlies van besteebare inkomste

Om te kla oor die daling in besteebare inkomste weens die instelling van die lotery, dobbelary en die beskikbaarheid van selfone is bewys van 'n onvermo% om

id: prok

Van Internet gehaal: 21 Februarie 2002 - www.mplaw.co.za
VOORSITTERSVERSLAG

('n Uittreksel uit die voorsittersverslag gelewer tydens die Algemene Jaarvergadering 2000)
"Dit is met trots en genoegdoening dat ek 'n terugblik en vooruitskouing oor die aktiwiteite van hierdie Sirkel oor die afgelope termyn gee en konstateer ek andermaal, sonder die minste vrees van te%spraak, dat hierdie Airkel daarin geslaag het om die vertroue wat die Transvaalse Prokureursorde in sirkels geplaas het toe dit totstand gebring is, te eer.
Entoesiasme en strewe na samewerking, samehorigheid en betrokkenheid in die bevordering van die belange van die beroep, was weer eens kenmerkend.
Ek beklemtoon hierna kortliks aktiwiteite van die Raad en vordering wat gemaak is met besluite wat geneem is tydens maandvergaderings en die bosberaad te Standerton gedurende November 1999."
1. LEDETAL
Die provinsie se ledetal staan tans op 414. Die gesindheid teenoor die Raad is vriendelik, genaakbaar, ondersteunend en begripvol en betrokkenheid en samewerking van lede neem steeds toe en is bemoedigend.
2. FINANSIES
Die finansi%le posisie van hierdie provinsie is gesond en is die bestuur daarvan deur die Raad en Raadslede wat daarmee getaak is nougeset en in die toekomsbelang van die beroep in hierdie provinsie.
Die finansi%le bydraes wat die Prokureursorde van Transvaal tot die skatkis gemaak het was vanjaar weer dieselfde beperkte bydrae soos die vorige jaar, maar is daarin geslaag om deur knap begroting en finansi%le beplanning en dissipline in een opsig die aktiwiteite wat die Raad vir sy lede in die verlede aangebied het, en steeds aanbied, te beperk nie. Daarbenewens het die Transvaalse Prokureursorde die Sirkelkonferensie gedurende Maart 2000 te Nelspruit as spesiale projek gesubsidieer.
Die Raad het weer eens besluit om die heffing van R250.00 per lid in stand te hou ter stywing van fondse en word dit andermaal grootliks vir die volgende doeleindes aangewend:
* die kostelose aanbieding van seminare aan lede;
* die subsidi%ring van lede tydens die Algemene Jaarvergadering;
* die finansi%le ondersteuning van alle aktiwiteite van prokureursverenigings wat hulle begrotings aan die Raad voorl^;
* die verspreiding van die nuusbrief (Mpumalanga Ordenuus) asook reklame vir die beroep in die provinsie met die media SABC/TV deur middel van die Kommunikasiebeampte Mev Constanze van der Walt wat hierdie taak steeds met groot entoesiasme en bekwaamheid volvoer.
Die verslag oor aktiwiteite, kommunikasie en bemarking wat hierna meer in besonderhede behandel word, gee 'n vollediger beeld van die suksesse wat behaal is.
3. AKTIWITEITE INLEIDING
Tydens die jaarlikse bosberaad word 'n kommunikasiestrategie aan die Raad voorgel^ waar sekere prioriteite geidentifiseer word en uiteindelik goedgekeur word. Sekere doelwitte word dan ook vir die jaar gestel wat dan deur die loop van die jaar nagestreef word. Daar word tydens die raadsvergadering vorderingsverslae gelewer ten einde te monitor of die strategie op koers bly. Veranderings word ook aangebring indien nodig. Die hooftaak van die Kommunikasiebeampte is basies om die Raad en die professie in Mpumalanga te bemark en met die lede te skakel soos deur die Raad bepaal. Hier word veral na die re%lings rondom die seminare verwys. Tydens die afgelope jaar is daar aandag aan die volgende gegee:
NUUSBRIEWE
Sedert die vorige jaarvergadering het daar ses nuusbriewe verskyn. Die nuusbrief is een van die Raad se metodes om met die lede te kommunikeeren word daar gepoog om noodsaaklike en nuttige inligting in die nuusbrief te vervat. Dit is ook vir

PK18
die Raad belangrik om 'n forum daar te stel waar lede ook hulle mening kan lug en word daar van tyd tot tyd ook briewe gepubliseer. Die nuusbrief dien ook die doel om aan die lede 'n blik op die Raad se aktiwiteite te gee.

MEDIA

PK19
Die media is naas die lede van die Raad, een van die Raad se belangrikste teikengroepe. Daar word gepoog om 'n goeie verhouding met die media te handhaaf. Inligting oor die Raad se aktiwiteite word ook aan die media deurgegee. Daar word op verskeie metodes met die media gekommunikeer. PK20 PK21

Gedrukte Media

Regsbylae in gemeenskapskoerante PK22
Sedert verlede jaar word daar met al die gemeenskapskoerante geskakel om in elke dorp waar daar 'n gemeenskapskoerant is, 'n regsbylae oor die professie en die plaaslike prokurerusvereniging en sy lede die lig te laat sien. Daar word be-oog om die projek op 'n jaarlikse basis aan te pak. Firmas word gevra om per advertensie deel te neem terwyl die Raad dan redaksionele kopie verskaf. PK23 PK24

Artikels

PK25
Die groen lig is nou deur die meeste van die gemeenskapskoerante gegee om op 'n maandelikse basis 'n regsartikel oor een of ander onderwerp te plaas. Daar sal eersdaags met hierdie projek begin word. PK26

SKAKELING MET DIE MEDIA

Media-ete

Die Raad poog om op 'n jaarlikse basis die media te onthaal en hulle op 'n informele manier te leer ken. Die Raad glo die aksie help om die kommunikasie tussen die media en die professie in Mpumalanga te bevorder. Twee uiters geslaagde media-etes is onlangs in Bethal en Nelspruit gehou en is daar goed gevorder om verhoudinge met die media te verbeter. Tydens die etes het die lede van die media die Raad genader om hulle behulpsaam te wees met die kontrolering van beriggewing ten einde die korrektheid en perspektief daarvan te verbeter. Die Raad het so pas tydens die laaste vergadering 'n verslag oorweeg hoe om die media behulpsaam te wees. Die projek sal ook eersdaags aandag kry. Medialede wat die etes bygewoon het, was van die volgende instansies afkomstig: PK27 PK28

Die Laevelder (Nelspruit en omgewing), Gazelle Nuus (Lydenburg), Ligwalagwala, Barberton Community Radio, die SABC, Echoridge (Bethal/Secunda), Middelburg Observer, Streeknuus (Delmas) en Mpumalanga Advertiser (Standerton).

SEMINARE

PK29
Alle registrasies en adminstratiewe re%lings word deur die Kommunikasiebeampte hanteer. Die Raad verkry terugvoering oor elke seminar deur middle van vraelyste wat deur die lede by die seminare ingevul word. 288 lede het die seminare bygewoon wat die Raad aangebied het. PK30

PK31
Skakeling met lede word bewerkstellig deur gereelde kontak met die voorsitters van die prokureursverenigings. Die Raad sal ook vanjaar vir die tweede keer 'n toekenning aan die Prokureursvereniging van die Jaar maak. Samewerking deur die lede met verwysing na die projekte van die Raad is van kardinale belang. Hier word veral verwys na die regsbylae en artikels in die gemeenskapskoerante en die regsprogramme oor die radio. Dit is projekte wat met minimale koste, goeie bemarkingswaarde vir die Raad bied. Dit behoort goed ondersteun te word. PK32

4. DISSIPLIN^RE AANGELEENTHEDE Daar is 18 dissiplin^re komiteevergaderings vir Mpumalanga gehou vanaf 1 Julie 1999 tot 30 Junie 2000. PK33 PK34

In totaal is daar 482 klagtes ontvang teen lede wat praktiseer in Mpumalanga waarvan 319 l^ers reeds gesluit is. PK35

5. GETROUHEIDSFONDSBYDRAES: Dit is met teleurstelling dat ek vanjaar rapporteer dat slegs 40% van die firmas in Mpumalanga 'n bydrae gemaak het tot die Getrouheidsfonds vir Prokureurs en dat lede, persentasiegewys, nie meer die hoogste bydrae per vennoot lewer nie, maar nou 'n tweede plek beklee in die jurisdiksie van die Prokureursorde van Transvaal.

6. WISSELTROFEE Dit is vanjaar die tweede keer dat so 'n toekenning gemaak word en ek wil graag die instansie wat die wisseltrofee geborg het naamlik NBS bedank vir hulle positiewe gesindheid asook raadslid Lukas Louw wat die gedagte ge<nisieer het.

1014 WOORDE

id: remgro

ALGEMENE OORSIG

Wesensverdienste per aandeel het met 28.0%, van 480.5 sent tot 615.1 sent, gestyg.

HERSTRUKTURERING

Die afgelope finansiële jaar is gekenmerk deur die herstrukturering van die voormalige Rembrandt groep. Dié herstrukturering is deur die betrokke aandeelhouers goedgekeur op algemene jaarvergaderings gehou op 21 September 2000. Die gevolg van die herstrukturering was dat die onderliggende belange van Rembrandt Groep Beperk (Rembrandt) met ingang van 1 April 2000 in twee afsonderlike groepe, naamlik Remgro Beperk (Remgro) en VenFin Beperk (VenFin), herstruktureer is. Aandeelhouers in Rembrandt Beherende Beleggings Beperk (RBB), Tegniese Beleggingskorporasie Beperk (Tegkor) en Tegniese en Industriële Beleggings Beperk (TIB) het Remgro- en VenFin-aandele ontvang in ruil vir hul aandele in daardie maatskappye. Vanaf dié datum verteenwoordig Remgro al die gevestigde tabak-, nywerheids-, myn- en finansiële belange van die voormalige Rembrandt. Die telekommunikasie en tegnologie belange word nou in VenFin gehuisves.

Die noterings van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB is op 22 September 2000 beëindig. Die aandelekapitaal van Remgro is herskik om ook ongenoteerde B-aandele te skep wat aan Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk uitgereik is. Remgro se uitgereikte gewone aandele is op 26 September 2000 op die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika genoteer.

GROEPRESULTATE

Wesensverdienste per aandeel het met 28.0%, van 480.5 sent tot 615.1 sent, gestyg. Die hoofredes vir die toename was die styging in verdienste van die tabakbelange, met 'n toename van 31.5%, waarvan 11.2% deur die swakker rand bygedra is, en mynbelange, met 'n toename van 66.3%. Nywerheidsbelange se bydrae tot die wesensverdienste was 1% laer as die vorige jaar ten spyte van Rainbow Chicken Beperk se verbeterde bydrae tot die groep se wesensverdienste, vanaf R7.7 miljoen tot R63.3 miljoen. Dorbyl Beperk en Malbak Beperk het afnames in verdienste getoon. Basiese verdienste, ná uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, het met 203.6% van 415.9 sent tot 1 262.5 sent per aandeel toegeneem, danksy twee wesenlike gunstige uitsonderlike items. 'n Surplus van R1 371 miljoen is te boek gestel met die verkoop van Remgro se belange in Billiton Plc en Gold Fields Beperk aan Anglo American Plc en De Beers Consolidated Mines Limited in ruil vir die grootste gedeelte van hul aandeelhoudings in FirstRand Beperk. 'n Verdere surplus van R2 202 miljoen is verantwoord deurdat R&R Holdings, waarin Remgro 'n belang van een-derde het, sy verkoopopsie ten opsigte van een helfte van die British American Tobacco Plc (BAT) omskepbare aflosbare voorkeuraandele in Junie 2000 uitgeoefen het. Die belasting in die inkomstestaat toon 'n netto belastinginkomste van R14 miljoen. Dit word verteenwoordig deur 'n belastinguitgawe van R109 miljoen vir Remgro se filiale en 'n positiewe belastinguitwerking van R123 miljoen met betrekking tot uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye. Toeskryfbare kontantverdienste (wat die groep se belang in die netto wins deur geassosieerde maatskappye behou, uitsluit) het voor uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde met 63.7% toegeneem, van R865 miljoen tot R1 416 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in kontantdividende van geassosieerde maatskappye ontvang. Laasgenoemde het R1 127 miljoen bedra, vergeleke met R635 miljoen in 1999/2000, hoofsaaklik as gevolg van hoër dividende vanaf R&R Holdings. Soos in verlede jaar se oorsig genoem, verskil die dividendpatrone en betalingsiklusse van BAT van dié van Rothmans International wat veroorsaak het dat dividende vanaf R&R Holdings in die vorige jaar laer was. Dit het geen invloed op die gerapporteerde verdienste van Remgro gehad nie aangesien die ekwiteitsaansuiwering in die inkomstestaat beide die dividendgedeelte en die behoue inkomste gedeelte van die belang in die netto wins van geassosieerde maatskappye insluit. Dividende van 162.00 sent per aandeel is vir die jaar verklaar, teenoor 'n vergelykbare 120.00 sent van Rembrandt Groep Beperk vir die 1999/2000 jaar. Dit verteenwoordig 'n styging van 35%. Die dividende is 3.8 keer

PK13 PK14
deur wesensverdienste en 1.7 keer deur kontantverdienste gedek, teenoor 4.0 keer en 1.4 keer onderskeidelik op 'n pro forma-grondslag die vorige jaar.
HANDELSMERKBELANGE
Bydrae tot wesensverdienste:
R1 599 miljoen (2000: R1 247 miljoen)
Styging 28.2%
Persentasie van wesensverdienste:
50% (2000: 50%)
TABAK
PK15 R&R Holdings: Effektiewe belang 331/3% (2000: 331/3%) Remgro se tabakbelange word verteenwoordig deur 'n een-derde aandeelhouding in R&R Holdings, Luxembourg, (R&R). Die ander twee-derdes word deur Compagnie Financière PK16 Richemont AG (Richemont) gehou. As gevolg van die samesmelting van Rothmans International en British American Tobacco Plc (BAT) in Junie 1999, het R&R 'n belang van 35% in die vergrote BAT gekry. Die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2001 is dus R&R se eerste volle jaar van besit van die belegging in BAT. R&R het sy belang in BAT geëkwiteer in die finansiële jaar onder oorsig. In die wins-en-verliesrekening van die vorige jaar het R&R die belegging in BAT vir 'n tienmaande-tydperk geëkwiteer en sy belang in die resultate van Rothmans International vir die eerste twee maande van daardie jaar op 'n ekwiteitsgrondslag ingesluit. Buiten die uitwerking van die samesmelting, word PK17 'n vergelyking van die onderskeie jare se resultate verder bemoeilik deur die vermindering in R&R se effektiewe belang in BAT vanweë die uitoefening van die verkoopopsie ten opsigte van die helfte van die belang in BAT se voorkeuraandele in Junie 2000. Die aflossing hiervan het R&R se effektiewe belang in BAT tot 31.6% verminder in die laaste tien maande van die jaar onder oorsig. Ingevolge die Rembrandt-herstrukturering is die nietabakbates PK18 van R&R, waaronder die opbrengs van die aflossing van 'n gedeelte van die BAT-voorkeuraandele, oorgedra na R&V Holdings Limited, Jersey (R&V), waarin VenFin Beperk een-derde en Richemont twee-derdes hou. In die aangesuiwerde resultate van PK19 beide jare is die inkomste toeskryfbaar aan die BATvoorkeuraandele, en ander nie-tabakbates, aan R&V toegedeel. Soos verlede jaar, pas R&R die resultate van BAT aan aangesien BAT se finansiële jaareinde in Desember is en omdat daar verskille in die rekeningkundige beleid van die twee maatskappye voorkom. 'n Volledige uiteensetting van R&R se aangesuiwerde resultate verskyn hieronder:
~~Aantekening - Verwys meegaande uiteensetting~~ In die jaar geëindig 31 Maart 2001, het BAT voorsiening gemaak vir uitgestelde belasting op die omvattende grondslag, terwyl dit in die vorige jaar op die gedeeltelike grondslag bereken PK20 is. In die rekonsiliasie vir 2001, sluit die inkomste van £75 miljoen vir die kwartaal tot 31 Maart 2000 'n uitgestelde belastingaansuiwering van £20 miljoen PK21 in. Dit vergelyk met die £55 miljoen in die 2000-kolom, met die £20 miljoen wat ingesluit is in die uitgestelde belastingaansuiwering van £112 miljoen in daardie jaar. BAT is die tweede grootste genoteerde tabakgroep ter wêreld, met 'n wêreldmarkaandeel van meer as 15% en jaarlikse versendings van meer as 800 miljard sigarette. Dit het meer as 'n 50%-markaandeel in Latyns-Amerika en staan ook sterk in ander streke. Met 'n sterk en wydverspreide portefeulje van internasionale-, streeks- en plaaslike handelsmerke streef BAT daarna om globale leierskap in die tabakbedryf te bekom deur sy aandeel in die premie- en ligte segmente van die mark te verhoog.
In die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2000 het BAT 'n toename van 7% in verkoopsvolumes aangekondig, wat die effek van die samesmelting in ag geneem het. Hoewel die wêreldmark betreklik stabiel was, het BAT se internasionale handelsmerke meer as 1% volumegroei getoon. Die samesmelting met Rothmans International het die aandeel van internasionale premie-handelsmerke in BAT se portefeulje tot meer as 20% verhoog, wat 'n verbetering in winsgewendheid tot gevolg gehad het. Die samesmeltingsproses is glad en doeltreffend afgehandel. Besparings in bedryfskoste wat deur die samesmelting teweeggebring is, het £230 miljoen in BAT se 2000-boekjaar beloop. Algehele besparings sal groter wees as wat ten tye van die samesmelting in die vooruitsig gestel is en dit wat reeds gerealiseer het, het vinniger geskied as wat verwag is. Buiten kostebesparings,

1024 WOORDE

id: senwes

Senwes se voorsittersverslag - Van Internet gehaal: 21 Februarie 2002
www.senwes.co.za

VOORSITTERSVERSLAG
* Inleiding
* Finansiële Prestasie
* Verbeteringsgeleenthede in die Kernbesigheid
* Uitbestuur van Nie-kernbesigheid
* Korporatiewe Dienste
* Korporatiewe Bestuur en Leierskap
* Sosiale Verantwoordelikheid en Personeelontwikkeling
* Tegnologie
* Vooruitsigte
* Bedankings

INLEIDING

Die aard en omvang van Senwes is sodanig dat dit groot momentum opwek ongeag die rigting wat geneem word. Hierdie momentum het dit die gerespekteerde speler gemaak waarvoor bekendheid verwerf is. Daar is reeds gerapporteer dat die koers wat geneem is om sodanig te diversifiseer, nie die gewenste resultate gelewer het nie. Hierdie afdwaling het ook sy momentum ontwikkel en die probleme wat daaruit voortspruit, verg baie energie om te stuit. PK1 PK2

Die Direksie het hulself getaak om dié probleme aan te spreek sonder om die gang van die kernbesigheid nadelig te raak. Dit bring ongelukkig die realiteit mee dat die voortgesette kernbesighede belaai word met die oorblywende skuldlas van die ander beleggings wat nie suksesvol was nie. Ek glo dat die nodige insig nou binne Senwes ontwikkel is, om hierdie groot skip finaal in rustige vaarwaters te kry. Heelwat verstellings, veranderinge en vernuwings is reeds geïmplementeer. Baie daarvan gaan met groot koste gepaard, maar ek kan met dankbaarheid sê dat die omvang daarvan nie die voortbestaan van Senwes bedreig nie. PK3 PK4 PK5 PK6

'n Volledige en deurdagte sakeplan is ontwikkel vir die omdraaiproses oor die volgende vyf jaar. Die kontantvloeiprojeksies daarvan beloof om die finansiële ratverhouding op 'n gesonde basis te kry na die eerste drie jaar. Die besluite wat die afgelope jaar geneem is - hoewel sommige ongewild - begin reeds vrugte afwerp en ek kan met die nodige erns en vertroue sê dat Senwes se koers korrek verstel is. Die gedissiplineerde implementering van die sakeplan wat aggressiewe omdraai-aksies insluit, asook verdere ontwikkeling van die kernbesigheid, word met groot erns aangepak. PK7 PK8 PK9

Die somergraanlewerings het vanjaar bykans alle vorige rekords oortref en kon dit in der waarheid produsente in 'n baie gesonde finansiële posisie geplaas het. In samehang hiermee het laat reëns ook tot gevolg gehad dat graangehalte noemenswaardig swakker as die normale was en dit het, tesame met teleurstellende lae pryse, produsente se kontantvloei en gevolglik hulle vermoë om skuldverpligtinge na te kom, baie nadelig getref.

Die groot styging in pryse van die wye reeks insette wat aan invoere gekoppel is, het voortgesette finansiële druk op produsente verder verhoog. Hierdie dalende koopkrag het 'n negatiewe impak gehad op omsette in die algemeen. Stram landbou- en ekonomiese toestande is besig om alle landboubesighede te noop om baie streng te kyk na kredietverlening en die opskerping van sekuriteite. Die grondonteiening en -besettingsproses in Zimbabwe asook ontevredenheid met die tempo van grondhervorming in Suid-Afrika, plaas nuwe denke op die waarde van landbougrond as primêre sekuriteit vir krediet.

Senwes neem deeglik kennis van die dinamika van die plaaslike en internasionale ekonomiese toestande wat sy besigheidsomgewing en dié van sy klantebasis beïnvloed. Dit kom egter saam met die besef dat ongeag dit, die besigheid steeds suksesvol bedryf moet word. Die onlosmaaklike afhanklikheid van produsente se sukses is 'n gegewe, maar so ook die toepassing van gesonde sakebeginsels. Die inkorting van krediet en vordering van agterstallige skulde het ten spyte van die negatiewe impak op sommige klante, 'n onafwendbare realiteit geword. PK10

FINANSIËLE PRESTASIE

Oorsig

Die bedryfsresultate het in die algemeen redelik in pas gebly met dié van die vorige jaar. Daar word egter nog nie oral aan bestuursverwagtinge voldoen nie, beide wat winsgewendheid en klantediensvlakke betref.

Die Graandienstedepartement het piek presteer terwyl Country Bird en Continental Oil Mills beter as die vorige jaar gevaar het. Die Handeldepartement het 'n moeilike jaar beleef en het nie aan verwagtinge voldoen nie.

Die groot verlies wat vanjaar gerapporteer word, is primêr te wyte aan die swak prestasie van Kolosus asook die verrekening van verliese met betrekking tot die voorsiening vir oninbare skuld. Kolosus se swak prestasie het daartoe gelei dat die koste van die belegging vanjaar in geheel afgeskryf word.

Die groot addisionele voorsiening vir swak skuld is hoofsaaklik die gevolg van finansiële agteruitgang van produsente, die verlaging in sekuriteitswaarde van grond en die lae invorderbaarheid van notariële verbande.

Voorsienings is ook gemaak vir moontlike verliese met betrekking tot die verkoop van bates en besighede buite die kernfokus, asook die drawaardes van bates in die algemeen gemeet teenoor hul winsgewendheid.

Die netto resultate vir die jaar, ná die koste van finansiering, kan opsommend soos volg uitgedruk word:

Groep
R'm

Maatskappy
R'm
Wins/(verlies) uit die normale bedryf

(124)

35
Voorsiening vir oninbare skuld

(226)

(219)
Voorsiening vir waardedaling van beleggings

(118)

(225)
Netto resultate

(468)

(409)

Ten spyte van die negatiewe resultaat het bestuursaksies 'n positiewe kontantvloei bewerkstellig wat rentedraende skuld met R199 miljoen by die Groep en R161 miljoen by die Maatskappy, verlaag het.

Agtergrond tot die resultate

Die Direksie het Senwes se visie, missie en doelwitte heroorweeg in die lig van veranderende plaaslike en internasionale mededinging, die veranderings wat landbou geraak het sedert deregulering vanaf 1995 momentum gekry het, asook die daaropvolgende verslapping van tariefbeskermingsmaatreëls en invoerheffings.

PK15

Dit was duidelik uit die afname in die Senwes Groep se winsgewendheid sedert 1997, dat daar nie genoegsaam aangepas is om die veranderings in die besigheidsomgewing suksesvol aan te spreek nie. Dit het gebiedend noodsaaklik geword om weer mededingend te raak in die nuwe vrye mark en om sodoende waarde te kan toevoeg vir ons aandeelhouers en klante. Lojaliteit van klante moet verwerf word deur goeie prestasie en is nie 'n outomatiese uitvloeisel van eienaarskap en die inspraak van die klant/aandeelhouer nie. PK16

Die Herstrukturering skomitee van die Direksie het gedurende die jaar indringend oor al bogenoemde faktore besin. Die insette van onafhanklike konsultante is ook aanvullend hiertoe verkry, wat gelei het tot die aanvaarding van 'n rigtinggewende besigheidsplan. Dit het duidelik geword dat Senwes op sy tradisionele kernbesigheid sal moet fokus, dit wil sê Graandienste, Algemene Handel, Meganisasie, Versekering en Landbouontwikkeling. Kredietverskaffing gaan so bestuur word dat dit slegs as 'n hulpmiddel dien om eie omsette te finansier, en wel op 'n basis wat die risiko van swak skuld wesenlik sal beperk. PK17 PK18

Daar sal dus op berekende spoedige maar verantwoordelike wyse uit die nie-kernbesigheid, dit wil sê Nywerheidsaktiwiteite, Motorhandel en ander beleggings, getree word ten einde alle hulpbronne op die kernbesighede te fokus. PK19

Die integrasie van die waardeketting met produsente wat gelei het tot die ontstaan van Senwes, word steeds gesien as die lewensaar van die besigheid. Kundigheid en ervaring is hierin ontwikkel en diep gevestig wat die basis sal vorm vir die uitdaging om waarde toe te voeg vir beide aandeelhouers en klante. PK20

Die herontwerp van die besigheidseenhede sal spesifiek fokus op die direkte afstemming op klante se primêre behoeftes binne die huidige en verwagte toekomstige omgewing. 1014 WOORDE

Ten einde 'n gesonde kapitaalstruktuur te kan vestig wat vrye toegang tot effektiewe finansieringsopsies sal verleen, moet die balansstaat herstruktureer word ten einde vertroue by finansierders en ander besigheidsvennote te skep. Die aanvanklike koste is hoog soos getoon in vanjaar se finansiële verslag. Die potensiaal van gefokusde balansstaatbestuur om dit tot optimale vlakke te bring, is egter groot en beloof om wesenlike positiewe kontantvloei voort te bring wat die rentelas sal verlig.

Die grootte van Senwes se debiteureboek asook die wisselvalligheid van die landbou-omgewing waarbinne sekuriteite vir krediettransaksies verkry moet word, het 'n verskerping in kredietvereistes genoodsaak. Kredietaansoeke word strenger geëvalueer ten einde te verseker dat risiko's so ver moontlik beperk word om te voorkom dat onsuksesvolle produsente deur andere gesubsidieer word.

Finansiële posisie

Die hoë afskrywings op die balansstaat het 'n daling in die finansiële ratverhouding tot op 'n laagtepunt gebring. Die nuwe sakeplan vereis spesifieke aandag op die bestuur en herstrukturering van die balansstaat ten einde dit wesenlik oor die mediumtermyn te verbeter. Sukses daarmee is 'n voorvereiste vir die herstel van vertroue en die normalisering van sakeverhoudings met ons bankiers, verskaffers en uiteindelik ook die aandeelhouers.

Spesifieke aksies word geloods met die realisering van onproduktiewe en nie-kern bates, uitplasing van sekere finansieringsaktiwiteite en die verlaging van bedryfskapitaal wat tans heelwat bo optimum vlakke verkeer. Hierdie aksies moet uiteraard gerugsteun word deur fundamentele winsgewendheid ten einde die positiewe kontantvloei 'n verdere hupstoot te gee.

Die sukses van die genoemde aksies word as realisties en haalbaar beskou. Die onderstaande grafiek toon die daling in finansiële ratverhouding oor die jongste aantal jare:

Die Direksie het besluit om die verlore waarde wat oor tyd geakkumuleer het, finaal te boek te stel sodat 'n skoon basis gelê word waarteen die sukses van die kernbesigheid in toekomstige jare gemeet kan word.

Verliese van nie-kernbesighede het 'n groot waardedaling tot gevolg gehad. Die batewaarde van aandele is hierdeur beïnvloed en die tendens daarvan word in die onderstaande grafiek getoon.

VERBETERINGSGELEENTHEDE IN DIE KERNBESIGHEID

id:up

Oorsig deur die Visekanselier en Rektor

DIT WAS REEDS AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR duidelik dat die Universiteit voor talle en uiteenlopende uitdagings te staan sou kom en verskeie aanpassings sou moes maak. 'n Terugblik oor die jaar 2000 toon dat dit inderdaad vir die Universiteit van Pretoria 'n tydperk van verandering aan talle fronte was. Daar was met die eeuwisseling krachtige faktore in verskeie omgewings aan die werk wat 'n verreikende effek op die uitvoering van die Universiteit se primêre take van onderrig en navorsing sou hê. Dit sou ook die Universiteit se betrokkenheid in die gemeenskap beïnvloed. Hierdie faktore het die volgende ingesluit: Nuwe wetgewing oor onderwys en opleiding; die ondersoek na die herstrukturering van die tersiêre onderwysstelsel; 'n toename in die bedrywighede van private verskaffers van tersiêre onderwys, van sowel plaaslike as buitelandse oorsprong; die noodsaaklikheid om die persepsies en verwagtinge wat uit die nuwe politieke bedeling voortspruit, te akkommodeer; die aandrang van die mark dat tersiêre opleidingsinstansies voorrang moet verleen aan die opleiding van studente wat aan die eise van 'n kennisgedrewe samelewing kan voldoen; en die wesenlike behoefte van universiteite om strategieë te ontwikkel waarmee hulle fondse kan verdien om sodoende hulle afhanklikheid van die staatsubsidie te verminder.

PK1

Alhoewel die Universiteit van Pretoria steeds met sommige van bogenoemde faktore worstel, het die wye aanvaarding van sy visie grootliks daartoe bygedra dat sterk gemeenskaplike aksies in 2000 geloods is waarmee die uitdagings die hoof gebied is. Daar kan derhalwe gesê word dat die jaar van die eeuwisseling veral gekenmerk is deur 'n kampuswye poging om die Universiteit stewig op die pad na groter plaaslike relevansie en internasionale mededingendheid te plaas. 'n Beduidende deel van die inisiatiewe wat gedurende die jaar van stapel gestuur is, spruit voort uit die identifikasie van 'n aantal vraagstukke wat besondere aandag verg. Die Hoofbestuur van die Universiteit het in hierdie verband die leiding geneem. Dit het egter weer eens duidelik geword dat akademici en ondersteunende personeellede die noodsaaklikheid van verandering en aanpassing besef. Hulle geesdrif en kundigheid het die suksesvolle loodsing en deurvoering van projekte verseker. In 'n aantal gevalle is konsultante betrek om ondersoeke te onderneem en aanbevelings te doen. Dit is aan al die bogenoemde insette te danke dat in hierdie oorsig van die jaar 2000 gerapporteer kan word dat goeie vordering gemaak is met die onderskeie inisiatiewe wat aangepak is. Die onderstaande aangeleenthede is enkele van die vraagstukke en aksies wat in die verslagjaar besondere aandag ontvang het.

PK3 PK2 PK4 PK5 PK6 PK7 PK9

Studentetal

Die studentetal aan die Universiteit het, in teenstelling met die algemene tendens in die land, met sowat 5% toegeneem. Die toename was egter nie eweredig oor die fakulteite versprei nie. Dit is veral verblydend dat die grootste toename juis in die natuurwetenskappe, ingenieurswese en inligtingwetenskappe plaasgevind het.

Voortgesette herstrukturering

Die kritiese ondersoek van akademiese en ondersteuningstrukture wat 'n aantal jare gelede begin het, is in 2000 voortgesit. Die nuwe Fakulteit Veeartsenykunde, wat voortaan ook die veeartsenykundige opleiding sal behartig wat voorheen deur Medunsa aangebied is, het sy nuwe taak met bekwaamheid uitgevoer. Die integrasie van enkele aspekte van sy bedrywighede ontvang egter steeds aandag.

PK10

Die opleiding wat voorheen deur die Fakulteit Natuurwetenskappe verskaf is, is in twee ander fakulteite geïntegreer, naamlik die nuwe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe en die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie. Die twee Fakulteite het vanjaar hierdie opdragte onder hulle nuwe name uitgevoer. Die vorige twee Teologie fakulteite het ook vanjaar as 'n enkele Fakulteit begin funksioneer. 'n Beginselbesluit is ook geneem om die Fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde in 'n nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe saam te groepeer. Departemente in alle fakulteite is in

PK11 PK12

funksionele eenhede binne fakulteite ingedeel en funksioneer as skole onder voorsitters.
Ondersoeke na die herstrukturering van verskeie ondersteuningsdienste is onderneem. Veranderings is reeds in die Departement Finansies teweeggebring en die herstrukturering van die Departement Personeel het 'n gevorderde stadium bereik.

Samewerking

Die nastrewing van die gelyklopende doelstellings van plaaslike relevansie en internasionale mededingendheid vereis uitgebreide samewerking met ander instansies en die sluiting van vennootskappe op vele terreine. Die strategiese alliansie wat tussen die Universiteit van Pretoria en die WNNR tot stand gekom het, is een sodanige vorm van samewerking wat waarskynlik verreikende gevolge sal hê. 'n Kernelement van die samewerking is die steun wat die Gautengse Provinsiale Regering ten opsigte van die vestiging van 'n innovasienaaf op die terrein tussen die UP en die WNNR verleen.
Hierdie projek is 'n konkrete demonstrasie van 'n bestaande kultuur om kundigheid van internasionale gehalte ten bate van plaaslike gemeenskappe aan te wend. Daar is reeds sowat 20 gemeenskaplike navorsingstemas deur die twee organisasies onderskei. Dit sluit in waterbenutting, misdaadvoorkoming, volhoubare plattelandse ontwikkeling, mededingende vervaardiging en inheemse kennissisteme.
Die beklemtoning van samewerking en vennootskappe is ook duidelik op ander gebiede waarby die Universiteit betrokke is. Hierby ingesluit is die sluiting van samewerkings-ooreenkomste met vooraanstaande buitelandse universiteite en die akkreditasie van die Universiteit se professionele kwalifikasies deur liggame van internasionale statuur. Daarbenewens is samesprekings oor die inlywing van bepaalde kolleges by die Universiteit van Pretoria gevoer.

Kwaliteitversekering

Besondere aandag is die afgelope jaar aan kwaliteitversekering geskenk. Deurlopende monitering van kwaliteit is van deurslaggewende belang vir die statuur van die Universiteit sowel as vir die gehalte van die gegradueerdes wat gelewer word. Die Eenheid vir Kwaliteitversekering, wat sedert Maart 2000 die proses van kwaliteitversekering aan die Universiteit koördineer, het met 'n grootse poging - en met die welwillende deelname van alle betrokkenes - daarin geslaag om die akademiese aanbod van die Universiteit te herstruktureer en by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid te registreer.
Dié herformulering van die UP se akademiese aanbod in 'n uitkomsgerigte formaat het die Universiteit op 'n nuwe baan geplaas. Die Universiteit het in geheel omgeskakel na 'n modulêre programbenadering wat onder meer kwaliteitversekering vergemaklik, relevansie en toeganklikheid verhoog en multidissiplinêre opleiding en navorsing bevorder.

Fokusgebiede

Die Eenheid vir Kwaliteitversekering is ook betrokke by 'n projek oor die bepaling van huidige en toekomstige fokusgebiede aan die Universiteit. Daar is vroeër reeds vasgestel dat 'n gedetailleerde ontleding van die huidige en moontlike toekomstige fokusgebiede strategies noodsaaklik is. Die behoefte daaraan is in die strategiese plan geïdentifiseer en word ook deur verskeie onlangse gebeurtenisse en oorwegings bevestig. Dit sluit in die internasionale tendens vir topuniversiteite om hulle toe te spits op duidelik gedefinieerde fokusgebiede wat rigting aan hulle bedrywighede gee, die noodsaaklikheid van beslaggewing aan die rol wat universiteite in 'n groeiende ekonomie kan vervul, en die identifisering deur die Nasionale Navorsingstigting van fokusgebiede wat hoë prioriteite vir navorsing is.

1024 WOORDE

Billike diensbetrekkinge

In Junie vanjaar is die Universiteit se Plan vir Billike Diensbetrekkinge deur die Raad goedgekeur en aan die Departement van Arbeid voorgelê. Die senior bestuurders van die Universiteit was by die opstel van die Plan betrokke. Hulle het aan die bepaling van numeriese teikens en van strategieë ter bereiking daarvan meegedoen.

Kliëntediens

id: US

US

Verslag

Die Voorsitter van die Raad en die Rektor en Visekanselier se verslag

Twee tendense het in die jaar 2000 die hoër onderwys, en dus ook die Universiteit Stellenbosch, beïnvloed: 'n steeds versnellende tempo van verandering en onsekerheid in afwagting van die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys wat die rigting vir die toekoms moet aandui. In weerwil van hierdie en ander spanningsvelde wat die Universiteit voor groot uitdagings gestel het, is die jaar 2000 gekenmerk deur voortgesette bestendigheid, die behoud van hoë standaarde en 'n volgehoue toename in studentegetalle. Die landswye bekendstelling vroeg in September van die Universiteit se Strategiese Raamwerk vir die eeuwisseling en daarna was ongetwyfeld die hoogtepunt van die jaar. Ons toekomsvisie kom daarop neer dat die Universiteit Stellenbosch geposisioneer is om 'n omvattende navorsingsgerigte universiteit van wêreldgehalte te wees. Die Strategiese Raamwerk skep die ruimte om dié toekomsvisie binne bepaalde riglyne te verwesenlik. Terselfdertyd is die Universiteit se nuwe logo en die slagspreuk - Jou kennisvennoot - bekendgestel. Die logo en slagspreuk weerspieël die Universiteit se nuwe identiteit as meer korporatief en sakegerig - 'n moderne instelling maar met statuur en diepte. Hierdie statuur en diepte is ook nou verbonde aan 'n Afrikaanse tradisie. In Maart 2000 is die eerste Afrikaanse Woordfees op Stellenbosch aangebied. Dit is 'n inklusiewe fees waar Afrikaans binne die konteks van kontaktale soos Nederlands, Engels en Xhosa 'n waardevolle bydrae lewer tot multikulturele samewerking en versoening op taalgebied.

Verskeie veranderinge het op die Universiteit se hoogste bestuursvlakke ingetree. In Maart 2000 het dr Julian Smith, voorheen registrateur van die Universiteit van Wes-Kaapland, by die Universiteit aangesluit om as Viserektor (Bedryf) met die instelling van nuwe beroepsgerigte onderrigprogramme. 'n Toename in eerstejaarstudente, veral in die fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe, is 'n aanduiding dat die nuwe akademiese aanbod voldoen aan die behoeftes van die arbeidsmark. Die Universiteit maak nie uitsluitlik staat op hoogstaande navorsing en uitmuntende onderrig om sy visie te verwesenlik nie. Om erkenning te gee aan die onontbeerlike ondersteunende rol van die personeel in die nie-akademiese omgewings, is die Rektorstoekenning vir Voortreflike Dienslewering in 2000 vir die eerste keer ingestel. 'n Ander belangrike ontwikkeling was die diensbillikheidsproses wat onder leiding van die Viserektor (Bedryf) begin is. Deur die diensbillikheidsplan is die Universiteit verbind tot die verwydering van alle vorme van oorblywende onbillike diskriminasie en om 'n meer gebalanseerde personeel- en studentekorps te skep. Die toenemende misdaad in die algemeen is kommerwekkend. Dit spoel ook oor na Stellenbosch en aan die einde van 2000 het die Universiteitsbestuur internasionale kundigheid begin inwin met die doel om die sekuriteitsituasie op die kampus op 'n omvattende wyse aan te spreek. Weens die groeiende politieke en ekonomiese bande met lande in Suid-Oos Asië word hierdie lande ook van toenemende akademiese belang vir Suid-Afrikaanse universiteite. In hierdie verband neem die Universiteit Stellenbosch die leiding. Ses van die Universiteit se 24 breë samewerkingsooreenkomste met akademiese oor te neem by prof Rolf Stumpf wat die nuwe viserektorspos vir Onderrig beklee. Die viserektorsportefeulje wat deur prof Walter Claasson behartig word, het terselfdertyd van Akademies na Navorsing verander. Goeie vordering is gemaak met die herstrukturering van die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde in een Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die nuwe Fakulteit, wat met ingang 2001 in werking tree, sal bestaan uit vyf skole: die Skool vir Aanvullende Gesondheidswetenskappe, Skool vir Basiese en Toegepaste Gesondheidswetenskappe, Skool vir Geneeskunde, Skool vir Mondheelkunde en die Skool vir Publieke en Primêre Gesondheidswetenskappe. Die proses om 'n dekaan aan die hoof van die nuwe fakulteit aan te stel, is aan die einde van die jaar met die aanstelling van prof Wynand van der Merwe afgehandel. Die nuwe akademiese aanbod van die Universiteit het in die jaar 2000 beslag gekry

MNR DESMOND SMITH (regs), voorsitter van die Universiteitsraad, en PROF ANDREAS VAN WYK, Rektor en Visekanselier

instellings in die buiteland is met universiteite in China, Maleisië en Korea. 'n Uitgebreide reis deur die Rektor

na China in 2000 het gelei tot samewerkingsooreenkomste met die Universiteite van Henan en Nankai. Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys, no. 101 van 1997 (soos gewysig deur Wet no. 54 van 2000), is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die Departement van Onderwys voor te lê, wat voldoen aan Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. PK5

In Januarie 2001 is 'n Finansiële Handleiding vir Hoër Onderwysinstellings deur die Departement van Onderwys uitgereik, wat die rekeningkundige grondslae, praktyke en beleid, asook die formaat van verslagdoening voorskryf. Hierdie nuwe vereistes moet reeds toegepas word vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2000. Die belangrikste verskil tussen die nuwe verslagdoeningsvereistes en die vorige Suid-Afrikaanse Na-Sekondêre Opvoeding (SANSO)-vereistes, is die toepassing van die toevallingsbeginsel ingevolge Suid Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, teenoor die vorige benadering van fondsboekhouding wat hoofsaaklik op kontantvloei gebaseer was. Die nuwe verslagdoeningsvereistes verseker dat hoër onderwysinstellings se finansiële state meer bruikbaar is vir die verskillende belangegroepe en vergelykbaar is met privaatsektor-instellings. Die netto toename van R120,506 miljoen in kapitaal en reserwes verteenwoordig 'n afname van R10,708 miljoen in onbeperkte fondse, wat diskresionêr deur die Raad aangewend kan word, en 'n toename van R131,214 miljoen in beperkte fondse, wat nie diskresionêr deur die Raad aangewend kan word nie. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vaste batefondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Die afname van R10,708 miljoen tot R3,579 miljoen by onbeperkte fondse is hoofsaaklik as gevolg van die stygende voorsiening vir die na-aftrede mediese voordele vir pensioenarisse, wat van R196,220 miljoen toegeneem het tot R224,420 miljoen op 31 Desember 2000. Bestuur is tans besig om die voortdurende toename in en omvang van hierdie toekomstige verpligting aan te spreek. Totale inkomste van 'n herhalende aard het met sregs 8,4% toegeneem tot R836,989 miljoen, terwyl totale uitgawes met 11,0% toegeneem het tot R785,733 miljoen, wat steeds druk plaas op bestuur se pogings om die tradisionele inkomstebronne (owerheidstoekennings en studentegelde) toenemend aan te vul en uitgawes te beheer. Die sukses met hierdie doelwitte blyk egter reeds uit die toename in die persentasie van totale inkomste vir privaat toekennings en kontrakte, wat met drie persentasiepunte toegeneem het vanaf 19,9% vir 1998 tot 22,9% vir 2000 en die afname in die persentasie van totale uitgawes vir personeelkoste, wat met ongeveer vier persentasiepunte afgeneem het vanaf 54,7% vir 1998 tot 50,8% vir 2000. Besigheidsprosesse word ook voortdurend geëvalueer om te verseker dat die Universiteit optimaal funksioneer teen die laagste moontlike koste. PK6 PK7 PK8 PK9 PK10 PK11

Die Universiteit het die volgende belegging in ongenoteerde filiale op 31 Desember 2000:

NAAM VAN MAATSKAPPY: Unistel Groep Beherend (Edms) Bpk

AARD VAN BESIGHEID: Ontgin intellektuele eiendom en bronne van die Universiteit Stellenbosch vir navorsing, opleiding en kommersiële dienste

EFFEKTIEWE AANDEELHOUDING: 100%

BOEKWAARDE VAN BELANG:

- Aandele R1 000
- Lening R35 659 157

Verdere uitdagings in die komende jaar sal grotendeels uit die verwagte besluite in die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys vloei. Die Universiteit sal 'n strategiese besluit oor die fokus van sy afstandsonderwysaksie moet neem, en ook oor die toekomstige benutting van die Bellvilleparkkampus. 'n Moontlike aanbeveling oor die taalbeleid in Suid-Afrika se hoër onderwys aan die Minister deur die Raad op Hoër Onderwys mag ook reaksie van die Universiteit Stellenbosch verg.

Die lang verwagte hersiening van die Universiteit se interne finansiële verdelingsformule, wat telkemale in afwagting van 'n nuwe befondsingsformule van die Staat uitgestel moes word, sal na verwagting in 2001 afgehandel kan word. Dit sal gepaardgaan met 'n betekenisvolle verdere desentralisering van besluitneming aan fakulteite en administratiewe afdelings. Hierdie is die laaste jaarverslag onder die handtekening van prof Andreas van Wyk as Rektor en Visekanselier. Dit was vir hom 'n vreugde en 'n geestesverrykende ervaring om sy

1018 WOORDE

id: venfin

Venfin

VOORSITTERSOORSIG
VENFIN STREEF DAARNA OM HOMSELF AS 'N WERELDWAAGKAPITAAL ONDERNEMING MET SUID-AFRIKAANSE KUNDIGHEID TE VESTIG - TEENOOR OM BLOOT BELANGE IN PLAASLIKE MAATSKAPPYE TE BEKOM.

Die finansi%le jaar onder oorsig, die eerste finansi%le jaar van die nuutgevormde VenFin-groep, het bevredigende resultate gelewer. Vodacom het van krag tot krag gegaan en VenFin in staat gestel om 'n wesensverdienste van R586.3 PK1 miljoen in sy eerste jaar van bedrywighede te behaal. Hierdie resultate moet beoordeel word teen die agtergrond van 'n jaar van woeste skommelinge in die w^reld se IT- en telekommunikasiebedryf. Na die Jaar 2000-beroeringe en die bars PK2 van die "dot.com"-seepbel, was IT-aandele op die NASDAQ erg onbestendig. Reuse bedrae is aan derdegeslag-lisensies in die mobiele telefoonbedryf betaal. Die PK3 gevolg hiervan is in waardasies op w^reld-effektebeurse gesien. Die krag van die dollar was nog 'n faktor wat die vertoning van globale maatskappye be<nvloed het. Ondanks hierdie moeilike mark, het Vodacom 'n groei van 37.4% in wesensverdienste behaal. Dit het sowat 41.2% van VenFin se wesensverdienste verteenwoordig.
VenFin streef daarna om homself as 'n w^reldwaagkapitaalonderneming met Suid-Afrikaanse kundigheid te vestig - teenoor om bloot belange in plaaslike maatskappye te bekom. Goeie vordering is reeds gemaak in die bereiking van PK4 hierdie doelwit. Naas 'n omskepbare aflosbare obligasie ten bedrae van œ100 miljoen vir Alexander Forbes, is 'n omskepbare lening van $50 miljoen aan PK5 PK6 Intervid International beskikbaar gestel om sy internasionale strategie te ontwikkel. Beleggings in die buiteland is in Camus Beperk en Certus International Soci,t, Anonyme gemaak. Die eerste ses maande van die nuwe VenFin-groep is gewy aan die konsolidering en implementering van die herstrukturering PK7 van die voormalige Rembrandt Groep, soos goedgekeur deur die aandeelhouers van PK8 Rembrandt op 21 September 2000. Na die herstrukturering is VenFin en Remgro twee PK9 afsonderlike genoteerde maatskappye, elk met sy eie direksie en uitvoerende bestuur. Dit kon gelei het tot die duplisering van oorhoofse kostes soos rekeningkundige en regsdienste, menslike hulpbronne-administrasie, intellektuele eiendom en ander ondersteunende dienste. Om dit te vermy, is 'n ooreenkoms met PK10 'n afsonderlike dienstemaatskappy, M&I Bestuursdienste (Edms) Beperk (M&I), aangegaan waarvolgens alle bestuurs- en ondersteunende dienste aan beide maatskappye verskaf word. Rembrandt Trust (Edms) Beperk (Rembrandt Trust) het 'n belang in M&I om kontinu<teit te verseker. Dit het egter geen reg ten opsigte PK12 van die inkomste of bates van M&I nie. Al die gewone aandele van M&I word gehou PK11 deur M&I werknemers. M&I word befonds deur diensfooie wat VenFin en Remgro betaal. Die fooie dek alle oorhoofse kostes wat aangegaan word in die bestuur PK13 van elkeen van die maatskappye en word jaarliks bereken teen 'n maksimum van PK14 0.463% van markkapitalisasie, op 'n maandelikse grondslag bereken. Hierdie persentasie mag nie verhoog of oorskry word sonder die toestemming van 75% van PK15 alle klasse van die onderskeie maatskappye se aandeelhouers nie. Die fooie word PK16 maandeliks agterna betaal. Die bestuurspanne van die twee maatskappye is dus verskillend en afsonderlik om die vereiste sakefokus te verseker, maar sonder die duplisering van oorhoofse kostes. Rembrandt Trust, die beherende aandeelhouer, het ook 'n onderneming aan die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika gegee dat indien 'n verandering in die beheer van VenFin of Rembrandt Trust PK17 plaasvind, laasgenoemde sal toesien dat 'n aanbod aan al die aandeelhouers van VenFin gemaak word. Rembrandt Trust beheer sowat 42% van die stemme in VenFin. Bestuur is vol vertroue dat hy 'n oogemiddelde opbrengs oor die langer termyn PK18 kan handhaaf. Die potensiaal van die bestaande beleggingsbasis is aansienlik en nuwe geleenthede waarna tans gekyk word, kan dit verder verhoog. Om die belange van bestuur in ooreenstemming met di, van die maatskappy te bring, het die direksie van VenFin besluit om 'n medebeleggingsbeleid te implementeer. Dit behels dat bestuur verplig word om saam met die maatskappy te bel^ waar nuwe beleggings na 21 September 2000 gemaak word (die datum van die

PK19 PK20

PK22 PK21

aandeelhouersvergadering waarop die herstrukturering goedgekeur is) of waar die maatskappy sy aandeelhouding verhoog in beleggings wat voor 21 September 2000 gemaak is. Ten opsigte van feitlik al sy beleggings is VenFin 'n party tot 'n aandeelhouersooreenkoms, wat al die belangrike aspekte van die belegging dek. Sodoende is VenFin in staat om strategiese besluite, en ander belangrike kwessies rakende sy beleggings, te beïnvloed. Vodacom is 'n gevestigde besigheid met 'n uitstekende groeirekord en is besig om sy belange binne en buite Suid-Afrika uit te brei deur die benutting van die jongste beskikbare tegnologie. Die verwagting is dat Vodacom sal voortgaan om bogemiddelde groei te behaal. VenFin se ander beleggings, hoewel heelwat kleiner, behoort binne die afsienbare toekoms 'n betekenisvolle bydrae te lewer. Tegnologie en intellektuele eiendom is die skakel tussen VenFin se onderskeie beleggings. VenFin voeg waarde toe tot die onderliggende beleggings en is nie bloot 'n finansiële belegger nie. Dit is dan ook die voorvereiste vir enige nuwe belegging. VenFin voel homself nie gebonde om net in een spesifieke tegnologie sektor te belê nie. Dit is steeds die voorneme van die direkteure om alle beskikbare kontant wat deur sakebedrywighede gegenereer word in die volgehoue groei van die groep te belê. Graag bedank ek al my kollegas in die direksie en bestuur vir hul volgehoue ondersteuning in die strewe om VenFin na nuwe uitdagings te lei.

PK23

Johann Rupert
Voorsitter

VERSLAG VAN DIE HOOFUITVOERENDE BEAMPTE VENFIN BELE IN TEGNOLOGIE ONDERNEMINGS WAT INTELLEKTUELE EIENDOM BESIT EN WAAR DIE MOONTLIKHEID BESTAAN OM DIT TE INTERNASIONALISEER.

Die verhandeling van VenFin-aandele op die JSE Sekuriteitebeurs het op 26 September 2000 begin na afloop van die verdeling van Rembrandt Groep Beperk in twee afsonderlike genoteerde entiteite. In Desember 2000 het VenFin sy kantore na die Tegnopark buite Stellenbosch geskuif en sy eie identiteit begin vestig as 'n belegger in tegnologiegerigte besighede.

VenFin belê in tegnologie ondernemings wat kennisbates besit en waar die moontlikheid bestaan om dit te internasionaliseer. VenFin se doel is om oor die lang termyn bogemiddelde opbrengste aan aandeelhouers te lewer. VenFin voeg waarde toe tot bestaande beleggings deur sy kennis en ondervinding van daardie bedrywe en deur die verskaffing van advies oor internasionalisering en korporatiewe strukturering. Verdere waarde word toegevoeg waar die tegnologie van ondernemings waarin belê word, deur VenFin en sy geassosieerdes toegepas kan word. Dit sluit geleenthede in mobiele telekommunikasie, intelligente interrogasie van inligting, voorraadkettingbestuur en elektroniese handel- en mediategnologie in. VenFin bestuur sy beleggings aktief deur gereelde dialoog met ander aandeelhouers en die besture van ondernemings. Aandeelhouers verskaf strategiese insette deur middel van direksieverteenwoordiging en aandeelhouerskomitees, terwyl die daaglikse bestuur die verantwoordelikheid is van die uitvoerende bestuur wat deur die direksie aangestel word. Ten opsigte van feitlik al sy beleggings is VenFin 'n deelnemer op direksievlak en is hy 'n party tot 'n aandeelhouersooreenkoms wat die belangrike strategiese kwessies reguleer.

PK25 PK24 PK26 PK27

ONLANGSE ONTWIKKELINGE

VenFin het $50 miljoen in 'n omskepbare skuldbrief van Intervid International belê om Intervid Beperk te help met die internasionalisering van sy kennistegnologie deur strategiese verkrygings. CommsCo, 'n maatskappy wat die bestuur, administrasie en aankope van alle kommunikasieen tegnologie behoeftes van VenFin en sy geassosieerde maatskappye gaan behartig, is gestig. VenFin het ook sy belegging in Camus, die eienaar van digitale kompressietegnologie, verhoog en 'n belang verkry in Certus, 'n internet waarmerk tegnologie. Die belegging in e-tv, Suid-Afrika se grootste onafhanklike oopkanaal televisie-uitsender, is met die regulerende owerhede bespreek en die bestuur is vol vertroue dat die posisie van di, belegging binne afsienbare tyd uitgeklaar sal word.

In 'n volgehoue poging om waarde tot sy beleggings te voeg, het VenFin in Maart 2001 sy eerste beleggingskonferensie gehou. Die doel daarvan was om maatskappye

1014 WOORDE

BYLAE C

KORPUS BROSJURE-TEKSTE IN ALFABETIESE VOLGORDE

Teksverwysingskode	Instansie
Absa	ABSA
BKB1, BKB2, BKB3, BKB4	Boere Korporasie Beperk
US1, US2	Universiteit van Stellenbsoch

Baie geluk
en hartlik welkom.

Ja, dis nie elke dag dat 'n mens waar finansiële vryheid kan vir nie. En met u Absa-kredietkaart is dit presies waarna u kan uitsien.

In u kaart is 'n reuse verskeidenheid voordele en besondere eienskappe opgesluit, elkeen so uniek soos u. Ons vertroue dat u die vryheid wat u Absa-kredietkaart u bied, sal geniet en ons wens u talle gerieflike koopure, moeitevry banksake en volkome gemoedsrus toe. Die kaart wat regoor die wêreld deure vir u oopsluit.

Het u geweet dat u Absa-kredietkaart u meer as net krediet bied?

Dis waar – u kan nie net u kaart gebruik by Visa- en MasterCard-handelaars regoor die wêreld waar u ook al die MasterCard- of Visa-logo's sien nie, maar u kan ook:

- **Kontantonttrekkings doen:** By uitgesoekte OTM'e en banktoonbanke regoor die wêreld – waar u ook al die Visa-/Plus- of MasterCard-/Maestro-/Cirrus-logo's sien. Om hierdie fasiliteit te kan gebruik, moet u enige Absa-tak besoek sodat u 'n Persoonlike Identifikasienommer (PIN) kan kry. U kredietkaart kan ook gebruik word om toegang tot ander Absa-rekenings, bv. spaar- en/of tjekrekening, te verkry.

- **Elektroniese staataflewering:** U kan toegang tot u maandstaat verkry indien u 'n e-posadres het.

- **Geniet gratis reisversekering.**
  U geniet basiese gratis reisversekering indien u u retoerreiskaartjie met u Absa kredietkaart koop. U kan u dekking teen 'n bykomende fooi opgradeer.
  Vir meer inligting:
  - Kry 'n afsrif van die Reisversekeringsbrosjure by enige Absa-tak, of
  - Skakel Absa Makelaars by 011 289 0694, of
  - Skakel die Inbelsentrum by 0861 141 141, of

Absa Kaart

Posadres:
Die Bestuurder: Korrespondensie
Posbus 3915
Pretoria 0001
Telefoon: 012 317 3000
Faksnommer: 012 317 3411
E-pos: contactcard@absa.co.za

- Besoek ons webwerf by www.absa.co.za indien u die meesterpolis wil lees, of
- Faks u versoek aan Absa Makelaars by 011 345 5313.

- **Geniet die voordele van 'n Global Calling-kaart**
  Met hierdie gratis kaart kan u huis toe bel van byna enige plek in die wêreld terwyl u oorsee reis. Oproepe word teen u Absa-kredietkaart in rand gedebiteer en u bespaar tot 50% op die koste van internasionale sellulêre swerftariewe. Ons vennoot, Global One, verskaf 'n volledige, gespesifiseerde staat aan die einde van elke rekeningtydperk. Vir meer inligting of om aansoek te doen, skakel 0800 440 001 gedurende kantoorure.

- **Geniet spesiale aanbiedinge.**
  Ons stuur u 'n nuusbrief waarin alle spesiale aanbiedinge en ander belangrike kredietkaartverwante inligting vervat is.

- **Neem 'n opsionele Kaartlewensplan uit.**
  Teen 'n geringe maandelikse premie kan u kredietlewensversekering geniet. Dit dek die uitstaande debietsaldo op u krediet- en garage-kaart tot 'n maksimum van R30 000 indien u sterf as gevolg van natuurlike of onnatuurlike oorsake of in geval van algehele en permanente ongeskiktheid as gevolg van 'n ongeluk. U dekking strek tot die ouderdom van 70 jaar vir sterfte tensy dit vroeër gekanselleer word. U kan ook aansoek doen vir ongeskiktheid om net tot die ouderdom van 65 jaar gedek te word. Elke kaarthouer word afsonderlik gedek. Indien bykomende dekking verlang word moet dekking vir elke individu wat 'n kaart op u rekening het, aangevra word. Vir meer inligting skakel ons kundige konsultante by 012 317 3000.

- **Geniet die plesier van elektroniese bankdienste. Absa bied ook verskeie wyses om geld elektronies oor te plaas:**

  Selfoonbankdienste: Plaas fondse vinnig en gerieflik via SMS oor – enige tyd, enige plek. Skakel net 0860 111 123, besoek www.absa.co.za of doen by enige Absa-tak aansoek.

  Telefoonbankdienste: Plaas geld oor met behulp van die outomatiese of persoonlike Telefoonbankdiens – 24 uur per dag, 7 dae per week. Om te registreer, hoef u net 08600 08600 te skakel vir die "basiese diens" waarmee u binne u portefeulje rekenings transaksies kan doen. In die tak kan u registreer vir die "totale diens" waarmee u betalings na derdepartyrekenings kan doen.

  Internetbankdienste: Plaas geld maklik en gerieflik 24 uur per dag, 7 dae per week oor via die Internet. Skakel net 08600 08600, besoek of doen aansoek by enige Absa-tak.

  OTM: Plaas geld tussen gekoppelde rekenings met behulp van u PIN oor by enige Absa OTM regoor die land. Vra u tak om hierdie fasiliteit vir u by die OTM op te stel.

  Let wel: Indien u van voorneme is om geldtransaksies deur Selfoon-, Telefoon- of Internetbankdienste te doen (d.i. om 'n betaling te doen of voorafbetaalde lugtyd aan te vul), moet u eers na u Absa-tak gaan om transaksielimiete vas te stel en om skakels met derde partye te skep.

Ons speel oop kaarte.
Kom ons beskou die verskillende Absa-kredietkaarte van nader.

Absa Persoonlike kredietkaart - die oorspronklike kredietkaart.
Dis ons Electron-, Silwer-, Goue- en Platinum kredietkaart.

Absa Rewards-kredietkaart - waar U die krediet kry
Hierdie kaarte is aan die Absa Rewards-program gekoppel waar u een punt verdien vir elke R5 wat op kwalifiserende aankope bestee word. Absa Rewards-kredietkaarthouers sal kwartaalliks 'n staat van die Absa Rewards-program ontvang waarop opgehoopte punte wat in daardie tydperk verdien is, aangedui word.

Hierdie punte kan vir 'n groot verskeidenheid belonings, waaronder handelsware, reisaanbiedinge en geskenkbewyse, geruil word. 'n Jaarlikse lidmaatskapfooi sal teen u kredietkaart gedebiteer word (geen fooi vir Platinum-kaarte nie). Skakel gerus 0800 600 059 vir meer inligting oor die welverdiende plesiere waarna u kan uitsien.

Affiniteitskredietkaart - waarmee elke aankoop fondse vir 'n goeie saak insamel.

Dit is 'n volwaardige kredietkaart wat plaaslik en internasionaal aanvaar word. Met elke aankoop wat u met u Absa Affiniteitskredietkaart doen, maak ons 'n geldbydrae tot u gekose affiniteitsvennoot, bv. 'n universiteit, Radio Kansel, die Fietstoertrust, provinsiale en nasionale sport, ens. – teen geen ekstra koste vir u nie.

Absa garage-kaart - met die toegevoegde gerief van die BP FuelMaster Express Tag

Ons garage-kaart is beskikbaar as 'n toevoeging tot alle bogenoemde kredietkaarte. Dit kan vir brandstofaankope, dienste, onderdele, bande en tolhek-betalings gebruik word. Met die BP FuelMaster Express Tag kan u veiligheid en gerief tot u Absa garage-kaart toevoeg – teen geen ekstra koste nie – en tenk volmaak by BP-diensstasies nog makliker maak. Die elektroniese sleutelhouerhegstuk bevat 'n mikroskyfie waarmee petrol in opdrag ingegooi kan word en waarmee u Absa garage-kaartrekening terselfdertyd gedebiteer word. Die hegstuk is gratis en om dit in werking te stel, moet u net die BP-hulplyn by 0860 222 144 skakel.

Die volgende Absa garagekaart produkte is beskikbaar:

- **Koppel dit aan u kredietkaartrekening** - alle garage-kaarttransaksies sal op u kredietkaartstaat met 'n somtotaal van die bedrag op u garage-kaart vir maklike verwysing, verskyn. Garage- kaarttransaksies sal dan by die uitstaande debietsaldo gevoeg word, of van die kredietsaldo afgetrek word.
  Let daarop dat rente op garage-kaarttransaksies gehef sal word van die transaksiedatum totdat dit ten volle betaal is, behalwe as die kredietkaartrekening 'n kredietsaldo toon.
- **Alleenstaande garage-kaart** - hierdie kaart is nie aan enige rekening gekoppel nie en kaartstate word opgestel wat binne 27 dae van staatdatum op welke wyse ook al betaal moet word. Let daarop dat rente vanaf die transaksiedatum gehef sal word, behalwe as die rekening op 'n kredietsaldo bedryf word.
- **Koppel dit aan u Absa-tjekrekening** - elke keer wat u die garage- kaart gebruik, word die transaksie teen u tjekrekening gedebiteer. Die garage-kaarttransaksies word by u tjekrekeningstaat en –saldo ingesluit.

Gedeelde gerief

Wil u om sekondêre kaarte aansoek doen?

As 'n kredietkaarthouer kan u aansoek doen om bykomende (sekondêre) kaarte op u rekening te laat uitreik. Hierdie is volwaardige kredietkaarte wat nie hul eie kredietkaartlimiete het nie en die van die primêre kaart deel. Dit maak eenvoudig sin om vir sekondêre kaarte vir u gesinslede aansoek te doen. Sodoende kan u op 'n gerieflike wyse 'n oog oor u huishouding se uitgawes hou, omdat u 'n gekonsolideerde staat ontvang. Maar onthou, dit bly u verantwoordelikheid om vir alle transaksies op hierdie kaarte te betaal.

U kaart.
U gemoedsrus.

Tref die volgende voorsorgsmaatreëls om u kredietkaart en rekening te beveilig. Die eerste ding wat u moet doen, is om u kaart te teken. Daar is 'n wit handtekeningpaneel op die rugkant van die kaart. Teken sodra u die kaart ontvang u volle handtekening met 'n balpuntpen daarop. Onthou, nét die persoon wie se naam op die kaart verskyn, kan die kaart teken en gebruik. Om bedrog uit te skakel, sal die winkels waar u koop hulle vergewis daarvan dat die handtekening op hul koopbewys dieselfde is as die een op u kaart.

Nog 'n gerusstellende voordeel van u Absa-kaart is Verlorekaartbeskerming wat teen 'n geringe fooi tot alle kaarthouers (kosteloos vir Goue en Platinum-kaarthouers) se beskikking is. Dit sal u beskerming bied teen iemand anders wat u kaart gebruik ingeval dit wegraak of gesteel word.

U is gedek van die oomblik dat u die verlies of diefstal daarvan aanmeld. U kan dit doen deur ons 24 uur per dag, tolvry by 0800 11 11 55 te skakel indien u dink u kaart is weg of gesteel.

WOL- & BOKHAARMAKELAARSDIENSTE

BKB1

BKB is die produk van 'n groot aantal wol- en bokhaarmakelaars, wat oor die afgelope honderd-en-vyftig jaar in een organisasie saamgesmelt het.

BKB bemark meer as 85% van die Suid-Afrikaanse wolskeersel en meer as 35% van die bokhaar-opbrengs.

BKB voer gesentraliseerde verkope uit vir sowel wol as bokhaar in Port Elizabeth. Gedurende die verkoopseisoen word verkope vir wol weekliks en vir bokhaar tweeweekliks aangebied.

'n Pakhuis-infrastruktuur word voorsien deur agt pakhuise in Port Elizabeth, Kaapstad en Durban, met 'n totale vloeroppervlak van 472 000m^2.

BKB se pakhuise is voorsien van toerusting om sowel wol- as bokhaarmonsters te neem vir objektiewe meting deur die Suid-Afrikaanse Woltoetsburo.

Die pakhuise is toegerus om wol en bokhaar tot hoë of medium digtheid te pers vir verskeping.



Gesofistikeerde rekenaarinstallasies veseker 'n gehaltediens aan produsente en kopers vir die hantering van wol en bokhaar vanaf die ontvangspunt tot die dag van aflewering.

Deur middel van sy FIBRE CARE skeerselvoorbereidingsprogram strewe BKB na besmettingsvrye wol en bokhaar - vanaf die skeerskuur tot die verkooplokaal.

BKB onderskryf die Suid-Afrikaanse Nasionale Wolkwekersvereniging se wolklasstandaarde.

PLATTELANDSE BEMARKING

BKB2

BKB plattelandse bemarking is die produksieverbeteringarm van BKB. Dit word ondersteun deur 90 hoogsopgeleide landbou-kundige adviseurs wat jaarliks namens produsente

- 1,5 miljoen woldraende skape klas/selekteer
- Die skeerskure van 6500 produsente besoek om hoë klasstandaarde te verseker
- Skeerdienste vir die skeer van 5 miljoen skape voorsien
- Teelkudde bemark
- Landbou-eiendom bemark
- Teelkwaliteit verseker deur inspeksies namens alle belangrike wolproduserende teelverenigings.



Die afdeling hou die besoedelingsbestrydingsprogram FIBRE CARE in stand en hou toesig daaroor om produkte van die hoogste gehalte te verseker.

Deur noue kontak en gespesialiseerde advies verseker die afdeling 'n konstante voorsiening van meer as 80% van die Suid-Afrikaanse wol- en 35% van die bokhaarskeersel aan die makelaarsarm van BKB.

BKB3

BKB kan beskou word as die mees verteenwoordigende handelsorganisasie wat die veeboer in Suid-Afrika bedien - daar is 51 handelstakke landswyd.

'n Omvattende reeks produkte word aangebied.

BKB is die grootste verskaffer van skeertoerusting en dieregesondheidsprodukte in Suid-Afrika.





BILLSONS COUTTS

Billsons Coutts (Edms) Bpk verteenwoordig die BKB-groep se groothandel met ander verspreiders m.b.t. 'n omvattende reeks skeertoerusting en dieregesondheidsprodukte.

Deur sy filiaalmaatskappy Farcominis Trading (Edms) Bpk tree die groep op in die sentrale deel van Oos- en Noord-Kaap namens Shell SA Bpk as hoofverspreider van hulle petroleum-gebaseerde produkte.

E I E N D O M M E

BKB4

BKB Eiendomme (Edms) Bpk is in 1972 gestig as volfiliaal deur een van die stigterslede van die Boeremakelaarskoöperasie Beperk (BKB). Die oogmerk was 'n aanvullende eiendomsbemarkingsdiens by die reeds goedontwikkelde wol-, bokhaar- en lewendehawebemarkings-aktiwiteite en die onskatbare diens om boerderybenodigdhede in die plattelandse gebiede te lewer. Die totstandkoming van die Boeremakelaarskoöperasie Beperk (BKB) in 1975 het daartoe gelei dat die vaste eiendomsbedryf aktief begin uitbrei in baie plattelandse distrikte in die Republiek van Suid-Afrika.





AKTIWITEITE

BKB Eiendomme (Edms) Bpk konsentreer op die bemarking van landbougrond, en is goed gekwalifiseer op hierdie terrein van die eiendomsmark. Die meerderheid van sy nege-en-vyftig eiendomsagente besit landboudiplomas van landboukolleges, of universiteitslandbougrade. Die meeste van hierdie agente is woonagtig in die plattelandse gebiede en het 'n diepgaande kennis van plaaslike boerderyomstandighede in hulle tuisarea.

Transaksies word onderhandel deur private ooreenkoms, openbare veiling of tenders. Die opveiling van bates maak 'n belangrike deel uit van die eiendomsmaatskappy se sakebedrywighede.

BKB Eiendomme (Edms) Bpk het 'n noue verbintenis met finansiële instellings en tree in baie gevalle namens hulle op wanneer eiendomsake ter sprake kom. Die verbintenis is van groot waarde vir kliënte m.b.t. finansiële aangeleenthede.

Die hoofstroom van BKB Eiendomme (Edms) Bpk se besigheid is landbougrond, maar stedelike residensiële en sake-eiendomme maak ook deel uit van die maatskappy se praktyk.





Wie is ons?

Die Taaldiens is een van die eenhede by die Universiteit Stellenbosch se Taalsentrum. Ons lewer dienste soos vertaling, redigering en tolking aan kliënte wat wissel van korporatiewe maatskappye tot dosente en eerstejaarstudente. Die kernspan op kantoor hanteer die projekkoördinering, gehaltebeheer en opleiding, en ons maak van 'n uitgebreide span taalpraktisyns se professionele dienste gebruik.

Wat maak ons uniek?

Ons waarborg taaldienste van hoë gehalte deur van professionele taalpraktisyns gebruik te maak en gehaltebeheer te doen vóór die eindproduk aan die kliënt gelewer word. Ons tariewe is hoogs mededingend en ons hou uiters streng by die ooreengekome leweringsdatums.

Wat kan ons jou bied?

Vertaling in en uit Afrikaans, Engels, Xhosa, ander Afrikatale en talle Europese tale van dokumente wat wissel van hoogs tegniese verslae tot eenvoudige leerdergidse.

Beëdigde vertaling *(sworn translation)* word gedoen deur 'n persoon wat 'n vereiste vertaaleksamen geslaag het en by die hooggeregshof van Suid-Afrika beëdig is. Dit behels amptelike dokumentasie soos sertifikate, egskeidingsbevele en testamente.

Redigering is die taalversorging van dokumente sodat die skrywer se boodskap duidelik oorgedra word. Ons fokus op die mikrovlak (bv. spelling, tikfoute en grammatika) asook op die makrovlak (bv. samehang, uitleg, logiese vloei van argumentasie en verwysings).

'n **Tolkdiens** is beskikbaar vir gebruik tydens byeenkomste soos vergaderings, verhore en lesings.

Die Taaldiens beskik oor talentvolle **kopieskrywers** wat rou inligting in onder andere CV's, webbladsye, toesprake en tydskrifartikels kan omskep.

Verder doen ons ook die **transkribering** van byvoorbeeld onderhoude wat op band of CD opgeneem is.









Wat sê ons kliënte?

"Vir alle aspekte van ons besigheid is die Taaldiens se diens van onskatbare waarde. Met professionele en kundige diens is hulle 'n betroubare vennoot in ons strewe om uitmuntend te wees in 'n baie mededingende mark. My taak as produkontwikkelaar is soveel makliker omdat ek kan staatmaak daarop dat die taal van hoogstaande gehalte sal wees. Vir ons kliënte en aandeelhouers is hierdie kwaliteit van kritieke belang."
– **Dr. JP Bosman**, Direkteur: Leaf Educational Designs

"Die Taaldiens is verantwoordelik vir die kopie-redigering van al ons navorsing- en oorsigartikels. Ek vind hulle diens vinnig en doeltreffend, en dit voldoen aan die hoogste professionele standaarde wat ons as geakkrediteerde mediese vaktydskrif stel."
– **Prof. Pierre de Villiers**, Redakteur: *South African Family Practice*

"In 'n omgewing wat dikwels vasgevang is in die modderput van burokrasie, was my ervaring met die Taaldiens net 'n plesier. My versoek is onmiddellik aanvaar, met 'n belofte van flinke diens. Ek het stilweg besluit dat ek ná twee weke my navraag sal opvolg. Groot was my verbasing en plesier toe ek twee dae later 'n volledige vertaling ontvang. Baie dankie vir die flinke EN vriendelike diens."
– **Dr. Juanita Bezuidenhout**, Departement Geneeskunde, Universiteit Stellenbosch

Kontak ons gerus

e-pos:	taaldiens@sun.ac.za
telefoon:	021 808 3096 of 021 808 2761
faks:	021 808 2863
straatadres:	Crozierstraat 18, Stellenbosch
webtuiste:	www.sun.ac.za/taalsentrum/taaldiens

Taaldiens

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

TAALSENTRUM
LANGUAGE CENTRE
IZIKO LEELWIMI

US2

Welkom in Matieland, waar die e-Kampusinisiatief die gebruik van tegnologie aanmoedig om onderrig, leer en navorsing te verbeter. Jy sal aan 'n wêreldwye web van tersaaklike inligting gekoppel word en 'n magdom voordele word met die klik van 'n muis ontsluit. Lees die antwoorde op 'n paar vrae wat jy dalk mag hê en maak seker jy word deel van die **e-Kampuservaring**.

Wat kan ek verwag?

Betree die e-Kampus-wêreld deur jou eie persoonlike webportaal, **www.MyMaties.com**, deur gebruik te maak van jou toegekende gebruikersnaam en wagwoord. Alle studente het toegang tot 'n persoonlike e-posrekening, die Internet en elektroniese inligtingsbronne soos biblioteek- en navorsingsdatabasisse, asook WebCT, die webgebaseerde e-leerhulpmiddel waarop reeds meer as 2 000 kursusmodules beskikbaar is.

Hoe kan ek aan die netwerk gekoppel word?

(Maak seker dat jy die gebruikersnaam wat aan jou toegeken is, sowel as jou wagwoord byderhand het.)

- **Vanaf rekenaargebruikersareas (RGA's)**
  Elke fakulteit het toegang tot 'n RGA waar ongeveer een rekenaar vir elke tien studente beskikbaar is. Alle geregistreerde studente kan een aangewese RGA gebruik.

- **Vanaf universiteitskoshuise:**
  Ons universitsitskoshuise bied nie net uitstekende leef- en leeromgewings nie, maar elke kamer is toegerus met 'n netwerkpunt - 6 000 in totaal - wat regstreekse toegang tot die universiteit se netwerk en ook tot die Internet aan jou bied. Bring jou eie rekenaar saam en ons IT Studente dienssentrum (SDS) sal jou help om dit te registreer, te beveilig en op te stel vir kampusgebruik.

- **Vanaf huise of studentehuise:**
  Skakel in by die kampus se studente webportaal, **www.MyMaties.com** via die internet, 3G/GPRS selfoon, of Telenet-inskakeldienste, ongeag hoe laat dit is of waar jy jou bevind.

- **Vanaf verskillende WiFi "hot spots" op kampus:**
  Deur middel van Maties WiFi koordlose tegnologie, kan jy jou eie skootrekenaar of PDA gebruik.

Is dit nodig dat ek my eie rekenaar besit?

Nee, jy staan onder geen verpligting om jou eie rekenaar te besit nie. Indien jy egter wel een het, sal dit beslis jou e-Kampuservaring versterk.

Hoe kan ek my eie rekenaar aankoop?

As jy dit oorweeg om wel jou eie rekenaar (of skootrekenaar) aan te koop voordat jy jou Matieland-reis begin, kyk gerus na die rekenaar spesifikasies en spesiale afslagpryse op **www.MyMaties.com.**

Waartoe bied dit my toegang?

Teken aan op **www.MyMaties.com** waar jy toegang tot die volgende sal kry

- WebCT, waarop dosente kursusmateriaal plaas en elektronies met studente kommunikeer
- elektroniese biblioteekhulpbronne vir navorsingsdoeleindes
- persoonlike inligting wat jy kan bywerk
- finansiële status van jou studenterekening en studentelening, indien van toepassing
- jou akademiese geskiedenis en resultate
- bestuur jou drukwerkkwotas en bespreek koshuismaaltye
- jou persoonlike biblioteekrekord - hernu en vra boeke en ander inligtingsbronne aan
- 'n posbus vir jou e-pos (webpos) en kalender
- daaglikse nuus en kampusgebeure
- elektroniese verkiesing vir SR en HK
- e-winkels

Die lys van beskikbare dienste op **www.MyMaties.com** brei gereelc uit.

Watter ander geriewe is beskikbaar?

- 'n Studentekaart met 'n magnetiese strokie sal aan jou uitgereik word vir identifikasiedoeleindes en om toegang tot alle universiteitsgeboue te bied. Hierdie kaart kan ook as 'n debletkaar gebruik word om vir fotokopieë, koshuismaaltye en wasgoed te betaal.
- RGA's verskaf netwerkspasie waar jy persoonlike data in 'n veilige omgewing kan berg. Jy kan USB-geheuestokkies / flitsaandrywers teen baie redelike pryse by jou RGA aankoop.

Bogenoemde geriewe is ook almal by ons Tygerberg- en Bellville Parkkampusse beskikbaar.

Met regstreekse toegang tot die wêreldwye web en tersaaklike inligting met die druk van 'n knoppie, jou eie e-posadres en netwerkspasie, asook ondersteuning, kan die voorbereiding vir eksamens en uitvoering van opdragte net 'n plesier wees!

Kwotas vir drukwerk, fotokopieëring en Internettoegang word op 'n gebruiksgrondslag aangekoop. Alles word op jou studenterekening gedebiteer. Daar word ook van jou verwag om die universiteit se Elektroniesekommunikasiebeleid (EKB) te aanvaar, voordat jy toegang tot die e-Kampusdiens kan verkry.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

BYLAE D

GEANNOTEERDE KORPUS BROSJURE-TEKSTE IN ALFABETIESE VOLGORDE

Teksverwysingskode	Instansie
Absa	ABSA
BKB1, BKB2, BKB3, BKB4	Boere Korporasie Beperk
US1, US2	Universiteit van Stellenbsoch

Absa Kaart

Posadres:
Die Bestuurder: Korrespondensie
Posbus 3915
Pretoria 0001
Telefoon: 012 317 3000
Faksnommer: 012 317 3411
E-pos: contactcard@absa.co.za

Baie geluk en hartlik welkom.

Ja, dis nie elke dag dat 'n mens ware finansiële vryheid kan vier nie! En met u Absa-kredietkaart is dit presies waarna u kan uitsien.

In u kaart is 'n reuse verskeidenheid voordele en besondere eienskappe opgesluit, elkeen so uniek soos u. Ons vertroue dat u die vryheid wat u Absa-kredietkaart u bied, sal geniet en ons wens u talle gerieflike koopure, moeitevrye banksake en volkome gemoedsrus toe. Die kaart wat regoor die wêreld deure vir u oopsluit.

Het u geweet dat u Absa-kredietkaart u meer as net krediet bied?

Dis waar – u kan nie net u kaart gebruik by Visa- en MasterCard-handelaars regoor die wêreld waar u ook al die MasterCard- of Visa-logo's sien nie, maar u kan ook:

- **Kontantonttrekkings doen:** By uitgesoekte OTM'e en banktoonbanke regoor die wêreld – waar u ook al die Visa-/Plus- of MasterCard-/Maestro-/Cirrus-logo's sien. Om hierdie fasiliteit te kan gebruik, moet u enige Absa-tak besoek sodat u 'n Persoonlike Identifikasienommer (PIN) kan kry. U kredietkaart kan ook gebruik word om toegang tot ander Absa-rekenings, bv. spaar- en/of tjekrekening te verkry.

- **Elektroniese staataflewering:** U kan toegang tot u maandstaat verkry indien u 'n e-posadres het.

- **Geniet gratis reisversekering.**
  U geniet basiese gratis reisversekering indien u u retoerreiskaartjie met u Absa kredietkaart koop. U kan u dekking teen 'n bykomende fooi opgradeer.
  Vir meer inligting:
  - Kry 'n afsrif van die Reisversekeringsbrosjure by enige Absa-tak, of
  - Skakel Absa Makelaars by 011 289 0694, of
  - Skakel die Inbelsentrum by 0861 141 141, of

PK1

- Besoek ons webwerf by www.absa.co.za indien u die meesterpolis wil lees, of
- Faks u versoek aan Absa Makelaars by 011 345 5313.

- **Geniet die voordele van 'n Global Calling-kaart**
Met hierdie gratis kaart kan u huis toe bel van byna enige plek in die wêreld terwyl u oorsee reis. Oproepe word teen u Absa-kredietkaart in rand gedebiteer en u bespaar tot 50% op die koste van internasionale sellulêre swerftariewe. Ons vennoot, Global One, verskaf 'n volledige, gespesifiseerde staat aan die einde van elke rekeningtydperk. Vir meer inligting of om aansoek te doen, skakel 0800 440 001 gedurende kantoorure. PK2

- **Geniet spesiale aanbiedinge.**
Ons stuur u 'n nuusbrief waarin alle spesiale aanbiedinge en ander belangrike kredietkaartverwante inligting vervat is.

- **Neem 'n opsionele Kaartlewensplan uit.**
Teen 'n geringe maandelikse premie kan u kredietlewensversekering geniet. Dit dek die uitstaande debietsaldo op u krediet- en garage-kaart tot 'n maksimum van R30 000 indien u sterf as gevolg van natuurlike of onnatuurlike oorsake of in geval van algehele en permanente ongeskiktheid as gevolg van 'n ongeluk. U dekking strek tot die ouderdom van 70 jaar vir sterfte tensy dit vroeër gekanselleer word. U kan ook aansoek doen vir ongeskiktheid om net tot die ouderdom van 65 jaar gedek te word. Elke kaarthouer word afsonderlik gedek. Indien bykomende dekking verlang word moet dekking vir elke individu wat 'n kaart op u rekening het, aangevra word. Vir meer inligting skakel ons kundige konsultante by 012 317 3000. PK3 PK4 5 6 7

- **Geniet die plesier van elektroniese bankdienste. Absa bied ook verskeie wyses om geld elektronies oor te plaas:**

Selfoonbankdienste: Plaas fondse vinnig en gerieflik via SMS oor – enige tyd, enige plek. Skakel net 0860 111 123, besoek www.absa.co.za of doen by enige Absa-tak aansoek.

Telefoonbankdienste: Plaas geld oor met behulp van die outomatiese of persoonlike Telefoonbankdiens – 24 uur per dag, 7 dae per week. Om te registreer, hoef u net 08600 08600 te skakel vir die "basiese diens" waarmee u binne u portefeulje rekenings transaksies kan doen. In die tak kan u registreer vir die "totale diens" waarmee u betalings na derdepartyrekenings kan doen.

Internetbankdienste: Plaas geld maklik en gerieflik 24 uur per dag, 7 dae per week oor via die Internet. Skakel net 08600 08600, besoek of doen aansoek by enige Absa-tak.

OTM: Plaas geld tussen gekoppelde rekenings met behulp van u PIN oor by enige Absa OTM regoor die land. Vra u tak om hierdie fasiliteit vir u by die OTM op te stel.

Let wel: Indien u van voorneme is om geldtransaksies deur Selfoon-, Telefoon- of Internetbankdienste te doen (d.i. om 'n betaling te doen of voorafbetaalde tugtyd aan te vul), moet u eers na u Absa-tak gaan om transaksielimiete vas te stel en om skakels met derde partye te skep.

Ons speel oop kaarte.
Kom ons beskou die verskillende Absa-kredietkaarte van nader.

Absa Persoonlike kredietkaart - die oorspronklike kredietkaart.
Dis ons Electron-, Silwer-, Goue- en Platinum kredietkaart.

Absa Rewards-kredietkaart - waar U die krediet kry
Hierdie kaarte is aan die Absa Rewards-program gekoppel waar u een punt verdien vir elke R5 wat op kwalifiserende aankope bestee word. Absa Rewards-kredietkaarthouers sal kwartaalliks 'n staat van die Absa Rewards-program ontvang waarop opgehoopte punte wat in daardie tydperk verdien is, aangedui word. PK8 PK9 PK10

Hierdie punte kan vir 'n groot verskeidenheid belonings, waaronder handelsware, reisaanbiedinge en geskenkbewyse, geruil word. 'n Jaarlikse lidmaatskapfooi sal teen u kredietkaart gedebiteer word (geen fooi vir Platinum-kaarte nie). Skakel gerus 0800 600 059 vir meer inligting oor die welverdiende plesiere waarna u kan uitsien. PK11 PK12

Affiniteitskredietkaart - waarmee elke aankoop fondse vir 'n goeie saak insamel.

Dit is 'n volwaardige kredietkaart wat plaaslik en internasionaal aanvaar word. Met elke aankoop wat u met u Absa Affiniteitskredietkaart doen, maak ons 'n geldbydrae tot 'n gekose affiniteitsvennoot, bv. 'n universiteit, Radio Kansel, die Fietstoertrust, provinsiale en nasionale sport, ens. – teen geen ekstra koste vir u nie.

Absa garage-kaart - met die toegevoegde gerief van die BP FuelMaster Express Tag

Ons garage-kaart is beskikbaar as 'n toevoeging tot alle bogenoemde kredietkaarte. Dit kan vir brandstofaankope, dienste, onderdele, bande en tolhek-betalings gebruik word. Met die BP FuelMaster Express Tag kan u veiligheid en gerief tot u Absa garage-kaart toevoeg – teen geen ekstra koste nie – en tenk volmaak by BP-diensstasies nog makliker maak. Die elektroniese sleutelhouerhegstuk bevat 'n mikroskyfie waarmee petrol in opdrag ingegooi kan word en waarmee u Absa garage-kaartrekening terselfdertyd gedebiteer word. Die hegstuk is gratis en om dit in werking te stel, moet u net die BP-hulplyn by 0860 222 144 skakel.

- **Die volgende Absa garagekaart produkte is beskikbaar:**
- **Koppel dit aan u kredietkaartrekening** - alle garage-kaarttransaksies sal op u kredietkaartstaat met 'n somtotaal van die bedrag op u garage-kaart vir maklike verwysing, verskyn. Garage- kaarttransaksies sal dan by die uitstaande debietsaldo gevoeg word, of van die kredietsaldo afgetrek word.
  Let daarop dat rente op garage-kaarttransaksies gehef sal word van die transaksiedatum totdat dit ten volle betaal is, behalwe as die kredietkaartrekening 'n kredietsaldo toon.
- **Alleenstaande garage-kaart** - hierdie kaart is nie aan enige rekening gekoppel nie en kaartstate word opgestel wat binne 27 dae van staatdatum op welke wyse ook al betaal moet word. Let daarop dat rente vanaf die transaksiedatum gehef sal word, behalwe as die rekening op 'n kredietsaldo bedryf word.
- **Koppel dit aan u Absa-tjekrekening** - elke keer wat u die garage- kaart gebruik, word die transaksie teen u tjekrekening gedebiteer. Die garage-kaarttransaksies word by u tjekrekeningstaat en –saldo ingesluit.

Gedeelde gerief

Wil u om sekondêre kaarte aansoek doen?

As 'n kredietkaarthouer kan u aansoek doen om bykomende (sekondêre) kaarte op u rekening te laat uitreik. Hierdie is volwaardige kredietkaarte wat nie hul eie kredietkaartlimiete het nie en dié van die primêre kaart deel. Dit maak eenvoudig sin om vir sekondêre kaarte vir u gesinslede aansoek te doen. Sodoende kan u op 'n gerieflike wyse 'n oog oor u huishouding se uitgawes hou, omdat u 'n gekonsolideerde staat ontvang. Maar onthou, dit bly u verantwoordelikheid om vir alle transaksies op hierdie kaarte te betaal!

U kaart.
U gemoedsrus.

Tref die volgende voorsorgsmaatreëls om u kredietkaart en rekening te beveilig. Die eerste ding wat u moet doen, is om u kaart te teken. Daar is 'n wit handtekeningpaneel op die rugkant van die kaart. Teken sodra u die kaart ontvang u volle handtekening met 'n balpuntpen daarop. Onthou, net die persoon wie se naam op die kaart verskyn, kan die kaart teken en gebruik. Om bedrog uit te skakel, sal die winkels waar u koop hulle vergewis daarvan dat die handtekening op hul koopbewys dieselfde is as die een op u kaart.

Nog 'n gerusstellende voordeel van u Absa-kaart is Verlorekaartbeskerming wat teen 'n geringe fooi tot alle kaarthouers (kosteloos vir Goue en Platinum-kaarthouers) se beskikking is. Dit sal u beskerming bied teen iemand anders wat u kaart gebruik ingeval dit wegraak of gesteel word.

U is gedek van die oomblik dat u die verlies of diefstal daarvan aanmeld. U kan dit doen deur ons 24 uur per dag, tolvry by 0800 11 11 55 te skakel indien u dink u kaart is weg of gesteel.

1113 WOORDE

WOL- & BOKHAARMAKELAARSDIENSTE

BKB1

BKB is die produk van 'n groot aantal wol- en bokhaarmakelaars, wat oor die afgelope honderd-en-vyftig jaar in een organisasie saamgesmelt het.

BKB bemark meer as 85% van die Suid-Afrikaanse wolskeersel en meer as 35% van die bokhaar-opbrengs.

BKB voer gesentraliseerde verkope uit vir sowel wol as bokhaar in Port Elizabeth. Gedurende die verkoopseisoen word verkope vir wol weekliks en vir bokhaar tweeweekliks aangebied. PK1

PK2

'n Pakhuis-infrastruktuur word voorsien deur agt pakhuise in Port Elizabeth, Kaapstad en Durban, met 'n totale vloeroppervlak van 472 000m^2.

PK3

BKB se pakhuise is voorsien van toerusting om sowel wol- as bokhaarmonsters te neem vir objektiewe meting deur die Suid- PK4 Afrikaanse Woltoetsburo.

PK5

Die pakhuise is toegerus om wol en bokhaar tot hoë of medium digtheid te pers vir verskeping.

Gesofistikeerde rekenaarinstallasies veseker 'n gehaltediens aan produsente en kopers vir die hantering van wol en bokhaar vanaf die ontvangspunt tot die dag van aflewering.

Deur middel van sy FIBRE CARE skeerselvoorbereidingsprogram strewe BKB na besmettingsvrye wol en bokhaar - vanaf die skeerskuur tot die verkooplokaal.

BKB onderskryf die Suid-Afrikaanse Nasionale Wolkwekersvereniging se wolklasstandaarde.

164 WOORDE

PLATTELANDSE BEMARKING

BKB2

BKB plattelandse bemarking is die produksieverbeteringarm van BKB. Dit word ondersteun deur 90 hoogsopgeleide landbou-kundige adviseurs wat jaarliks namens produsente

- 1,5 miljoen woldraende skape klas/selekteer
- Die skeerskure van 6500 produsente besoek om hoë klasstandaarde te verseker
- Skeerdienste vir die skeer van 5 miljoen skape voorsien
- Teelkudde bemark
- Landbou-eiendom bemark
- Teelkwaliteit verseker deur inspeksies namens alle belangrike wolproduserende teelverenigings.

PKI

Die afdeling hou die besoedelingsbestrydingsprogram FIBRE CARE in stand en hou toesig daaroor om produkte van die hoogste gehalte te verseker.

Deur noue kontak en gespesialiseerde advies verseker die afdeling 'n konstante voorsiening van meer as 80% van die Suid-Afrikaanse wol- en 35% van die bokhaarskeersel aan die makelaarsarm van BKB.

107 WOORDE

BKB3

BKB kan beskou word as die mees verteenwoordigende handelsorganisasie wat die veeboer in Suid-Afrika bedien - daar is 51 handelstakke landswyd. PK1

'n Omvattende reeks produkte word aangebied. PK2

BKB is die grootste verskaffer van skeertoerusting en dieregesondheidsprodukte in Suid-Afrika.

BILLSONS COUTTS

Billsons Coutts (Edms) Bpk verteenwoordig die BKB-groep se groothandel met ander verspreiders m.b.t. 'n omvattende reeks skeertoerusting en dieregesondheidsprodukte.

Deur sy filiaalmaatskappy Farcominis Trading (Edms) Bpk tree die groep op in die sentrale deel van Oos- en Noord-Kaap namens Shell SA Bpk as hoofverspreider van hulle petroleum-gebaseerde produkte.

77 WOORDE

[redacted] E I E N D O M M E

BKB4

BKB Eiendomme (Edms) Bpk is in 1972 gestig as volfiliaal deur een van die stigterslede van die Boeremakelaarskoöperasie Beperk (BKB). Die oogmerk was 'n aanvullende eiendomsbemarkingsdiens by die reeds goedontwikkelde wol-, bokhaar- en lewendehawebemarkings-aktiwiteite en die onskatbare diens om boerderybenodigdhede in die plattelandse gebiede te lewer. Die totstandkoming van die Boeremakelaarskoöperasie Beperk (BKB) in 1975 het daartoe gelei dat die vaste eiendomsbedryf aktief begin uitbrei in baie plattelandse distrikte in die Republiek van Suid-Afrika.

AKTIWITEITE

BKB Eiendomme (Edms) Bpk konsentreer op die bemarking van landbougrond, en is goed gekwalifiseer op hierdie terrein van die eiendomsmark. Die meerderheid van sy nege-en-vyftig eiendomsagente besit landboudiplomas van landboukolleges, of universiteitslandbougrade. Die meeste van hierdie agente is woonagtig in die plattelandse gebiede en het 'n diepgaande kennis van plaaslike boerderyomstandighede in hulle tuisarea.

Transaksies word onderhandel deur private ooreenkoms, openbare veiling of tenders. Die opveiling van bates maak 'n belangrike deel uit van die eiendomsmaatskappy se sakebedrywighede.

BKB Eiendomme (Edms) Bpk het 'n noue verbintenis met finansiële instellings en tree in baie gevalle namens hulle op wanneer eiendomsake ter sprake kom. Die verbintenis is van groot waarde vir kliënte m.b.t. finansiële aangeleenthede.

Die hoofstroom van BKB Eiendomme (Edms) Bpk se besigheid is landbougrond, maar stedelike residensiële en sake-eiendomme maak ook deel uit van die maatskappy se praktyk.

US Taaldienste AFR 2.pdf 8/30/07 9:09:23 AM

Wie is ons?

Die Taaldiens is een van die eenhede by die Universiteit Stellenbosch se Taalsentrum. Ons lewer dienste soos vertaling, redigering en tolking aan kliënte wat wissel van korporatiewe maatskappye tot dosente en eerstejaarstudente. Die kernspan op kantoor hanteer die projekkoördinering, gehaltebeheer en opleiding, en ons maak van 'n uitgebreide span taalpraktisyns se professionele dienste gebruik.

Wat maak ons uniek?

Ons waarborg taaldienste van hoë gehalte deur van professionele taalpraktisyns gebruik te maak en gehaltebeheer te doen vóór die eindproduk aan die kliënt gelewer word. Ons tariewe is hoogs mededingend en ons hou uiters streng by die ooreengekome leweringsdatums.

Wat kan ons jou bied?

Vertaling in en uit Afrikaans, Engels, Xhosa, ander Afrikatale en talle Europese tale van dokumente wat wissel van hoogs tegniese verslae tot eenvoudige leerdergidse.

Beëdigde vertaling *(sworn translation)* word gedoen deur 'n persoon wat 'n vereiste vertaaleksamen geslaag het en by die hooggeregshof van Suid-Afrika beëdig is. Dit behels amptelike dokumentasie soos sertifikate, egskeidingsbevele en testamente.

Redigering is die taalversorging van dokumente sodat die skrywer se boodskap duidelik oorgedra word. Ons fokus op die mikrovlak (bv. spelling, tikfoute en grammatika) asook op die makrovlak (bv. samehang, uitleg, logiese vloei van argumentasie en verwysings).

'n **Tolkdiens** is beskikbaar vir gebruik tydens byeenkomste soos vergaderings, verhore en lesings.

Die Taaldiens beskik oor talentvolle **kopieskrywers** wat rou inligting in onder andere CV's, webbladsye, toesprake en tydskrifartikels kan omskep.

Verder doen ons ook die **transkribering** van byvoorbeeld onderhoude wat op band of CD opgeneem is.

US Taaldienste AFR 1.pdf 8/30/07 9:02:23 AM



Wat sê ons kliënte?

"Vir alle aspekte van ons besigheid is die Taaldiens se diens van onskatbare waarde. Met professionele en kundige diens is hulle 'n betroubare vennoot in ons strewe om uitmuntend te wees in 'n baie mededingende mark. My taak as produkontwikkelaar is soveel makliker omdat ek kan staatmaak daarop dat die taal van hoogstaande gehalte sal wees. Vir ons kliënte en aandeelhouers is hierdie kwaliteit van kritieke belang."
– **Dr. JP Bosman**, Direkteur: Leaf Educational Designs

"Die Taaldiens is verantwoordelik vir die kopie-redigering van al ons navorsing- en oorsigartikels. Ek vind hulle diens vinnig en doeltreffend en dit voldoen aan die hoogste professionele standaarde wat ons as geakkrediteerde mediese vaktydskrif stel."
– **Prof. Pierre de Villiers**, Redakteur: *South African Family Practice*

"In 'n omgewing wat dikwels vasgevang is in die modderput van burokrasie, was my ervaring met die Taaldiens net 'n plesier. My versoek is onmiddellik aanvaar, met 'n belofte van flinke diens. Ek het stilweg besluit dat ek ná twee weke my navraag sal opvolg. Groot was my verbasing en plesier toe ek twee dae later 'n volledige vertaling ontvang. Baie dankie vir die flinke EN vriendelike diens."
– **Dr. Juanita Bezuidenhout**, Departement Geneeskunde, Universiteit Stellenbosch

PKI

Kontak ons gerus

e-pos:	taaldiens@sun.ac.za
telefoon:	021 808 3096 of 021 808 2761
faks:	021 808 2863
straatadres:	Crozierstraat 18, Stellenbosch
webtuiste:	www.sun.ac.za/taalsentrum/taaldiens

Taaldiens

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

TAALSENTRUM
LANGUAGE CENTRE
IZIKO LEELWIMI

341 WOORDE

US2

Welkom in Matieland, waar die e-Kampusinisiatief die gebruik van tegnologie aanmoedig om onderrig, leer en navorsing te verbeter. Jy sal aan 'n wêreldwye web van tersaaklike inligting gekoppel word en 'n magdom voordele word met die klik van 'n muis ontsluit. Lees die antwoorde op 'n paar vrae wat jy dalk mag hê en maak seker jy word deel van die e-Kampuservaring. PK1+2

Wat kan ek verwag?

Betree die e-Kampus-wêreld deur jou eie persoonlike webportaal, **www.MyMaties.com**, deur gebruik te maak van jou toegekende gebruikersnaam en wagwoord. Alle studente het toegang tot 'n persoonlike e-posrekening, die Internet en elektroniese inligtingsbronne soos biblioteek- en navorsingsdatabasisse, asook WebCT, die webgebaseerde e-leerhulpmiddel waarop reeds meer as 2 000 kursusmodules beskikbaar is.

Hoe kan ek aan die netwerk gekoppel word?

(Maak seker dat jy die gebruikersnaam wat aan jou toegeken is, sowel as jou wagwoord byderhand het.)

- **Vanaf rekenaargebruikersareas (RGA's)**
  Elke fakulteit het toegang tot 'n RGA waar ongeveer een rekenaar vir elke tien studente beskikbaar is. Alle geregistreerde studente kan een aangewese RGA gebruik.

- **Vanaf universiteitskoshuise:**
  Ons universitsitskoshuise bied nie net uitstekende leef- en leeromgewings nie, maar elke kamer is toegerus met 'n netwerkpunt - 6 000 in totaal - wat regstreekse toegang tot die universiteit se netwerk en ook tot die Internet aan jou bied. Bring jou eie rekenaar saam en ons IT Studente dienssentrum (SDS) sal jou help om dit te registreer, te beveilig en op te stel vir kampusgebruik.

- **Vanaf huise of studentehuise:**
  Skakel in by die kampus se studente webportaal, **www.MyMaties.com** via die internet, 3G/GPRS selfoon, of Telenet-inskakeldienste, ongeag hoe laat dit is of waar jy jou bevind.

- **Vanaf verskillende WiFi "hot spots" op kampus:**
  Deur middel van Maties WiFi koordlose tegnologie, kan jy jou eie skootrekenaar of PDA gebruik.

Is dit nodig dat ek my eie rekenaar besit?

Nee, jy staan onder geen verpligting om jou eie rekenaar te besit nie. Indien jy egter wel een het, sal dit beslis jou e-Kampuservaring versterk.

Hoe kan ek my eie rekenaar aankoop?

As jy dit oorweeg om wel jou eie rekenaar (of skootrekenaar) aan te koop voordat jy jou Matieland-reis begin, kyk gerus na die rekenaar-spesifikasies en spesiale afslagpryse op **www.MyMaties.com.**

Waartoe bied dit my toegang?

Teken aan op **www.MyMaties.com** waar jy toegang tot die volgende sal kry:

- WebCT, waarop dosente kursusmateriaal plaas en elektronies met studente kommunikeer
- elektroniese biblioteekhulpbronne vir navorsingsdoeleindes
- persoonlike inligting wat jy kan bywerk
- finansiële status van jou studenterekening en studentelening, indien van toepassing
- jou akademiese geskiedenis en resultate
- bestuur jou drukwerkkwotas en bespreek koshuismaaltye
- jou persoonlike biblioteekrekord - hernu en vra boeke en ander inligtingsbronne aan
- 'n posbus vir jou e-pos (webpos) en kalender
- daaglikse nuus en kampusgebeure
- elektroniese verkiesing vir SR en HK
- e-winkels

Die lys van beskikbare dienste op **www.MyMaties.com** brei gereeld uit.

Watter ander geriewe is beskikbaar? PK3

- 'n Studentekaart met 'n magnetiese strokie sal aan jou uitgereik word vir identifikasiedoeleindes en om toegang tot alle universiteitsgeboue te bied. Hierdie kaart kan ook as 'n debietkaart gebruik word om vir fotokopieë, koshuismaaltye en wasgoed te betaal. PK4
- RGA's verskaf netwerkspasie waar jy persoonlike data in 'n veilige omgewing kan berg. Jy kan USB-geheuestokkies / flitsaandrywers teen baie redelike pryse by jou RGA aankoop.
  Bogenoemde geriewe is ook almal by ons Tygerberg- en Bellville Parkkampusse beskikbaar.

Met regstreekse toegang tot die wêreldwye web en tersaaklike inligting met die druk van 'n knoppie, jou eie e-posadres en netwerkspasie, asook ondersteuning, kan die voorbereiding vir eksamens en uitvoering van opdragte net 'n plesier wees!

PK5

Kwotas vir drukwerk, fotokopieëring en Internettoegang word op 'n gebruiksgrondslag aangekoop. Alles word op jou studenterekening gedebiteer. Daar word ook van jou verwag om die universiteit se Elektroniesekommunikasiebeleid (EKB) te aanvaar, voordat jy toegang tot die e-Kampusdiens kan verkry. PK6 PK7

550 WOORDE

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

BYLAE E

VRAELYS: EKSPERTGERIGTE ONDERSOEK

Instruksies:

1. Hierdie eksperiment bevat 20 teksfragmente.
2. Aan die regterkant van elke teksfragment is daar 'n formaliteitskaal. **Let Wel:** Die onderpunt (0-punt) van die skaal verteenwoordig informaliteit (Infml); die bopunt (100-punt) van die skaal verteenwoordig formaliteit (Fml).
3. Lees een teksfragment op 'n keer en dui daarna met 'n regaf merkie op die formaliteitskaal aan hoe informeel (Infml) of formeel (Fml) u die teks ervaar het.
4. Motiveer daarna kortliks waarom u die graad van informaliteit of formaliteit aan die teksfragment op die skaal toegeken het in die spasie wat daarvoor gelaat is.

1

Daar is 'n stadium in mens se lewe, so net ná skoolverlating, wanneer jy nie baie omgee vir ontbyt nie. Die uur of so wat jy aan brekfis moet afstaan, kan jy mos baie goed spandeer aan laat slaap.

Maar meeste mense kry een of ander tyd verstand. Volgens my eie ondervinding so drie, vier jaar ná skoolverlating, wanneer jy begin agterkom wat energievlakke en bloedsuiker en praktiese implikasie is. Dán ontwikkel jy respek vir ontbyt.

0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100

Infml **Fml**

Motivering:

.....

.....

.....

.....

2 Die afgelope jaar is gekenmerk deur betekenisvolle groei wat ons internasionale werksaamhede betref. Ons beskik tans oor 'n aansienlike Londense kantoor, met professionele personeel van 33, terywl ons besig is om kantore in Zimbabwe, Namibië, Botswana en Kenia te open.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
3 Een ding wat die 'ou' en die 'nuwe' Suid-Afrika gemeen het, is 'n passie vir die versin van geskiedenis. Geskiedenis word nie gesien as die onpartydige soeke na wat rustig gebeur het nie, maar eerder as deel van politieke mobilisasie om die een of ander vorm van kollektiewe eiebelang te bevorder.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

4 Watson is die stigter van die website Crime Expo South Africa wat glo hand om die blaas is met ultra-regse groepe en wat hell-bent is om Suid-Afrika se toerismebedryf in sy moer te stuur.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
5 Die afgelope finansiële jaar is gekenmerk deur die herstrukturering van die voormalige Rembrandt-groep. Dié herstrukturering is deur die betrokke aandeelhouers goedgekeur op 'n algemene jaarvergadering gehou op 21 September 2000.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

6 Dit is met trots en genoegdoening dat ek 'n terugblik en vooruitskouing oor die aktiwiteite van hierdie Sirkel oor die afgelope termyn gee en konstateer ek andermaal, sonder die minste vrees van teëspraak, dat hierdie Sirkel daarin geslaag het om die vertroue wat die Transvaalse Prokureursorde in sirkels geplaas het toe dit totstand gebring is, te eer.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
7 Einde 1999 het 'n nuwe moderne webblad die lig gesien en kan niemand die onbillike beskuldiging rig dat die Fonds in enige opsig ondeursigtig is of enigiets wegsteek nie. Besoek asseblief ons webblad.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

8 Sy skouers is al kromgetrek deur sy 93 mensejare op aarde, maar binne-in sy borskas brul 'n leeu. Só hard dat mnr. Mohr Keet, inwoner van George, gister wêreldrekordhouer geword het vir die oudste man wat die wêreld se hoogste reksprong op 216 m by die Bloukransbrug aangedurf het. Die hemelse hoogte van die brug het 'n helse hoogtevrees by talle lede van die geselskappie ingeboesem, maar Keet was koersvas.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
9 Hierom is meertaligheid die antwoord. En die student moet steeds die keuse kan uitoefen om in Afrikaans te mág studeer. Nie kán nie. Mág. Terug na Giliomee en Schlemmer: vir enige leser wat hom/haar besig hou met taalpraktyke, is hierdie boek 'n aanbevole studie, 'n kundige verslag waarin waar en wolhaar met 'n luiskammetjie geskei word. Die taalstryd word in 'n wyer verband geplaas; dan word transformasie bespreek; en die probleem van voertaalopsies en veeltalige universiteite en die verskillende benaderings wat hieroor gevolg word.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

10 Hulle het alles gehad: roem, rykdom, die bewondering van miljoene en magtige ateljeebase wat toustaan om hulle rolle in rolprente met mega-begrotings aan te bied. Maar nou lyk dit of van Hollywood se supersterre net so min onmisbaar is as ons "gewone" sterflinge" – veral as hulle goed aanvang wat die res van die wêreld se wenkbroue laat lig.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
11 Dis heerlike lente! Net soos jy van rommel ontslae kan raak, kan jy ook jou lewe skoon maak. Maak tyd daarvoor om jou lewe van negatiewe dinge te suiwer en dit terselfdertyd met positiewe en ondersteunende dinge te vervang. Dit is noodsaaklik om jou lewe van tyd tot tyd te ondersoek en te bepaal waarheen jy op pad is. Kry jou lewe so op koers die lente!	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

12 Die probleem was duidelik: Daar was 'n muis/rot/knaagdier in my huis, maar daar is verskillende maniere om dit te verwoord. As ek saaklik wil wees, kan ek sê ek was opgeskeep met 'n knaagdierprobleem. As ek sentimenteel wou wees, kon ek sê ek het my woonstel met 'n muis gedeel. As my ma krities wou wees, sou sy kon sê ek het 'n knaagdierpes.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
13 Ek moet my kop nie te veel beweeg nie. Dalk help dit om van die hoofpyn ontslae te raak. Ek het 'n paar hoofpynpille gedrink. Ek weet nie hoeveel nie. Net die botteltjie in my mond omgekeer en gesluk. Toe dit nie alles wou af nie, het ek sommer water uit die kraan se bek gedrink. En nou is daar 'n brandpyn in my maag ook. Maar dis oukei.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

14 'n Pakhuis-infrastruktuur word voorsien deur agt pakhuise in Port Elizabeth, Kaapstad en Durban, met 'n totale vloeroppervlak van 472 000 m^2. Die pakhuise is toegerus om wol en bokhaar tot hoë of medium digtheid te pers vir verskeping.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
15 Met regstreekse toegang tot die wêreldwye web en tersaaklike inligting met die druk van 'n knoppie, jou eie eposadres en netwerkspasie, asook ondersteuning, kan die voorbereiding vir die eksamens en uitvoering van opdragte net 'n plesier wees!	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

16 Indien jy die gerief en gemak verkies om jou banksake tuis, op kantoor of wanneer jy aan die gang is, te doen, dan is Internet-, Telefoon- en/of Selfoonbankdienste vir jou. Met dié dienste kan jy jou banksake doen wanneer en waar jy ook al wil. Internet-, Telefoon- en Selfoonbankdienste bied koste-effektiewe transaksiekanale vir kliënte wat elektroniese bo takgebaseerde bankdienste verkies.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
17 Hei, die skool het pas uitgekom. En as jy is soos wat ek is, dan sal jy graag 'n rukkie op die rusbank wil lê en die geleentheid vier. **Bestanddele:** Een kat (as sy daar is), 'n bietjie TV om die brein skoon te maak (noodsaaklik voor huiswerk) en iets fantasties om te eet of drink. **Metode:** Snuffel deur die koekblikke en yskas om te sien wat daar is. Hang 'n bietjie in die kombuis rond om alles bymekaar te gooi. Vermy vrae soos "So, wat het jy vandag by die skool gedoen?"	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

18 Wat sou jy bereid wees om te betaal om slimmer te wees as wat jy op die oomblik is? Klink vier uur van jou tyd na 'n billike prys? Gestel jy kon 'n skakelaar kry om jou brein aan te skakel sodat jy skielik vinniger en beter kon leer? Gestel ek sê vir jou jy beskik op hierdie oomblik oor daardie skakelaar en dat jy dit kan gebruik om jou drome te begin verwesenlik?	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
19 Ons kan die sin van ons lewe eers werklik ontdek wanneer ons iets ervaar van dit wat groter is as onsself. "Spiritualiteit" gaan oor die manier waarop ons só 'n ervaring tot uitdrukking bring – op verskillende plekke en verskillende maniere. Deesdae is daar dwarsoor die wêreld ook 'n groeiende verlange, 'n diepe hunkering, na 'n eg "aardse" spiritualiteit.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

20 Ek wil 50 wenke aan die hand doen om van jou 'n beter, of selfs uitstekende, spreker te maak. Elke voorstel handel oor 'n potensiële slaggat vir onervare sprekers en bied 'n oplossing vir die probleem. Hier gaan ons...	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

Let wel: Die bibliografiese besonderhede van die teksfragmente wat hieronder volg, het nie deel uitgemaak van die vraelys wat aan die eksperte gegee is nie. Dit word slegs hier ter wille van volledigheid aangegee.

1. Breytenbach, C. T., 2005. *Die lekkerste lekker.* Human & Rousseau: Kaapstad (p.9).
2. Jaarverslag: Teks *Mettle*
3. Slabbert, Frederik Van Zyl. 2006. *Duskant die geskiedenis. 'n Persoonlike terugblik op die politieke oorgang in Suid-Afrika.* Tafelberg-Uitgewers: Kaapstad (p.21).
4. Jason, Eldridge. 25 Augustus 2006. *Crime expo[sé] SA.* Son, Kaap. (p.8.)
5. Jaarverslag: Teks *Remgro*
6. Jaarverslag: Transvaalse Prokureursorde [Teks *Prok*]
7. Jaarverslag: Teks *Derebus*
8. Spoormaker, Mariska. 2006. Oupa se tweede sprong word rekord. *Die Burger (internet):* http://www.dieburger.com/Stories/News/11.0.1174560786.aspx.: 21 September 2006

9. Hambridge, Joan. O moenie huil nie, o moenie treur nie, die Stellenbosse boys kom weer! *Litnet:* http://www.litnet.co.za: 20 September 2006
10. Baker, Nicole. Supersterre aan die verdof. *Huisgenoot:* http://www.huisgenoot.com: 21 September 2006
11. Maak jou lewe skoon die lente! *Mense:* 8 September 2006. Vol 1 No 15: 29
12. Ogada, J. Oorlog sonder soldate. *Insig.* September 2006: 41
13. Viljoen, Fanie. *Breinbliksem.* Tafelberg: Kaapstad. p.94
14. Brosjure: Teks *BKB1*
15. Brosjure: Teks *US1*
16. Brosjure: Teks *Absa1* p.9
17. Stern , S. 2005. *Kook 'n storm los.* Human & Rousseau: Kaapstad.
18. Leaf, Caroline. 2005. *Skakel jou brein aan.* Tafelberg: Kaapstad.
19. Conradie, E. 2006. *Waar op dees aarde vind mens God?* Lux Verbi.BM: Wellington.
20. Kruger, D. 2006. *Praat maklik voor mense.* Human & Rousseau: Kaapstad.

BYLAE F

VRAELYS: LESERGERIGTE ONDERSOEK

Instruksies:

1. Hierdie eksperiment bevat 6 teksfragmente.
2. Aan die regterkant van elke teksfragment is daar 'n formaliteitskaal. **Let Wel**: Die onderpunt (0-punt) van die skaal verteenwoordig informaliteit (Infml); die bopunt (100-punt) van die skaal verteenwoordig formaliteit (Fml).
3. Lees een teksfragment op 'n keer en dui daarna met 'n regaf strepie op die formaliteitskaal aan hoe informeel (Infml) of formeel (Fml) u die teks ervaar het. **Let Wel**: U kan u keuse wysig deur die regaf strepie met 'n kruis deur te trek en daarna u nuwe keuse weer met 'n regaf strepie aan te dui.
4. Motiveer daarna kortliks waarom u die graad van informaliteit of formaliteit aan die teksfragment op die skaal toegeken het in die spasie wat daarvoor gelaat is.

1

Man, jy sien: in verskeie boeke word daar vertel dat daar tóg so 'n figuur was. Wat dié dan nou ook al genoem mag word – elf, dwerg, trol, mitiese figuur – maak nie nou saak nie. Iedergeval, in een so vertelling word daar beweer dat jy moet uitkyk vir enige onnatuurlike tekens – 'n merk in die gras of grond of plantegroei wat sonder rede verniel is. Dis wat gesê word, maar of daar *evidence* is, wie weet.



Infml **Fml**

Motivering:

.....

.....

.....

2 Hy het my gesig met sy een hand opgelig, saggies met sy duim oor my mond gestreel, afgebuk en my saggies, so saggies dat ek gewonder het of hy hét, gesoen. Ekstase! Ek het nog nooit in my lewe so gevoel nie. Honderde, nee duisende skoenlappers was in my maag. Weer! Het my hart geroep. Hy het my hart gehoor.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
3 Ek kan nie help ek is vet, nee effe geset nie. Daar word geëet wat daar vir my gegee word. Kyk, ek bedoel: as daar vir my 'n vet skaapboud met gebraaide aartappels gegee word, sal dit geëet word; as daar groenterepies met lae-vet jogurt bedien word, sal dit (langtand) geëet word. Punt is: ek eet wat daar vir my gegee word.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

4 Elkeen moet vroeër of later aftree – ons kan nie voorgee dit gaan nie gebeur nie. By Coronation dink ons versigtig oor iets soos aftrede. Dus het ons 'n reeks beleggingsopsies vanaf so min as R500 per maand geskep. Dit is buigsaam, maklik verstaanbaar en absoluut deursigtig. En ons dink dit sal jou help om op jóú voorwaardes af te tree, nie iemand anders s'n nie.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....
5 Maak jou oë toe. Verbeel jou jy is van koninklike afkoms en jy word omring deur elegansie, mooiheid en weelde. Persoonlike diens is nie die woord nie, ek sê jou. Jy word bederf met die allerlekkerste kos opgetower deur uithalerkokke. Man, die Bloutrein is so 'n ervaring. Ek sê jou: koninklike behandeling wat boonop ondersteun word deur 'n veringstelsel wat g'n trein nog ooit gehad het nie.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

6 Hoeveel lekkerder is dit nie om'n karakter wat werklik lewe te veroordeel in die gemak en veiligheid van jou eie sitkamer nie? Vandag in die townships *surf* die ouens treine, ander weer tart 'n bestuurderlose BMW met 'n baksteen op die petrolpedaal soos 'n bul wat buite beheer is. Hulle doen dit om die *girls* te beïndruk. Hierdie belangstelling in die dans met die dood is nie 'n nuwe een nie.	0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100 **Infml** **Fml** Motivering: ....

Let wel: Die bibliografiese besonderhede van die teksfragmente wat hieronder volg, het nie deel uitgemaak van die vraelys wat aan die eksperte gegee is nie. Dit word slegs hier ter wille van volledigheid aangegee.

1. Geïmproviseerde teks
2. Lötter, E. 2004. *Dis ek, Anna*. Tafelberg: Kaapstad. p.87.
3. Geïmproviseerde teks
4. "Ek beplan om af te tree oor 19 jaar, 4 maande en omtrent 22 dae. En jy?" 2007. Advertensie in *Insig,* Maart 2007. p.2.
5. Die Bloutrein. Luuksheid op sy beste. 2007. Advertensie in *Insig*, Maart 2007. p.39. [Teks gemanipuleer.]
6. Dans met die dood nie 'n nuutjie. 2008. JIP-bylaag tot *Die Burger*, 4 Februarie 2008. p. 2.

BYLAE G

BOGRENS- EN ONDERGRENSTEKS

Louisa lyk so nors soos 'n woedende jong bul en sy kyk na my asof ek haar 'n pyn op die maag gee. Wie dink sy is sy? dink ek, en sit meer regop en kyk ook vies na haar. Sy het dít nie verwag nnie, dit kan ek sommer sien. Ek lig my kop op. My oë kan ook soos 'n swaard blits hier in die koelte van die klas. Sy kan mos nie haar gewig sommer hier kom rondgooi nie. Sy gluur my aan en ek gluur terug. Ek skruk nie vir koue pampoene nie. Dis nou die kleur van Louisa se krulhare. Rooibruin, pampoenkleur hare met sulke goue strepe in.

[Strydom, I. 2008. *Louisa & ek en die celeb.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.]

Julle het met julle leuens mense wat my wil wou doen, laat moed verloor; Ek het hulle nie smart aangedoen nie. Julle het goddelose mense aangemoedig om hulle nie van hulle verkeerde lewe te bekeer en so hulle lewens te behou nie. Daarom sal julle nie meer gesigte sien wat nie daar is nie en sal julle nie met julle waarsêery aangaan nie. Ek sal my volk red uit julle mag. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.

[Esegiël 13: 22-23. *Die Bybel.* 1984. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.]

Louisa lyk so nors soos 'n woedende jong bul en sy kyk na my asof ek haar 'n pyn op die maag gee. Wie dink sy is sy? dink ek, en sit meer regop en kyk ook vies na haar. Sy het dít nie verwag nie, dit kan ek sommer sien. Ek lig my kop op. My oë kan ook soos 'n swaard blits hier in die koelte van die klas. Sy kan mos nie haar gewig sommer hier kom rondgooi nie. Sy gluur my aan en ek gluur terug. Ek skrik nie vir koue pampoene nie. Dis nou die kleur van Louisa se krulhare. Rooibruin pampoenkleur hare met sulke goue strepe in.

[Strydom, I. 2008. *Louisa & ek en die celeb.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.]

Julle het met julle leuens mense wat my wil wou doen, laat moed verloor; Ek het hulle nie smart aangedoen nie. Julle het goddelose mense aangemoedig om hulle nie van hulle verkeerde lewe te bekeer en so hulle lewens te behou nie. Daarom sal julle nie meer gesigte sien wat nie daar is nie en sal julle nie met julle waarsêery aangaan nie. Ek sal my volk red uit julle mag. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.

[Esegiël 13: 22-23. *Die Bybel*. 1984. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.]